1995 014 680 01

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK
199501768001220000018

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

# 'N HISTORIESE ANALISE VAN DIE BETEKENIS VAN EN DIE GESKILPUNTE RONDOM DIE CRAVENWEEK VIR HOëRSKOLE AS INTERPROVINSIALE RUGBYKOMPETISIE


deur

IGNATIUS PHILIPPUS WILHELM PRETORIUS


Voorgelê luidens die vereistes vir die graad Philosophiae Doctor in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Departement Geskiedenis, aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat


November 1994



Promotor: Professor A.H. Marais, Departement Geskiedenis

Medepromotor: Doktor R. van der Merwe, Departement Didaktiek

"Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad PHILOSOPHIAE DOCTOR aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit in 'n ander fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat."

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
16 MAY 1995
UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 796.3330968 PRE

# INHOUDSOPGAWE


| | Pagina |
|---|---|
| VOORWOORD | viii |
| PUNTETELLING | xxiv |
| HOOFSTUK 1 | |
| DIE ONTSTAAN EN VESTIGING VAN SKOLERUGBY IN SUID-AFRIKA | 1 |
| INLEIDING | 1 |
| BISHOPS AS VAANDELDRAER | 2 |
| SACS WAS REEDS IN VORIGE EEU GEDUG | 5 |
| WP SKOLERUGBY SPREI SY VLERKE | 6 |
| PAUL ROOS GIMNASIUM PRESTEER | 7 |
| PAARL-WINGERD LEWER 'N RYK RUGBY-OES | 9 |
| HJS-LEGENDES | 11 |
| WP SKOLERUGBY STAAN STERK | 12 |
| DIE EERSTE SKOLEWEDSTRYD IN NATAL | 13 |
| HILTON COLLEGE - RUGBYBAANBREKER | 15 |
| MICHAELHOUSE SPEEL EERSTE TEEN SY OUDSKOLIERE | 18 |
| MARITZBURG COLLEGE SE BYDRAE | 19 |
| A.S. LANGLEY - RUGBYPIONIER | 22 |
| GLENWOOD HIGH SCHOOL | 24 |
| DIE NATALSE SKOLE MAAK GESKIEDENIS | 24 |
| ST. ANDREW'S COLLEGE - PIONIER VAN DIE OOS-KAAP | 26 |
| GREY HIGH SCHOOL - RUGBYBAKEN IN PORT ELIZABETH | 30 |
| SKOLERUGBY IN DIE OP | 32 |
| DALE COLLEGE NEEM DIE VOORTOU | 32 |
| DUKE METCALF BEGIN MET RUGBY AAN SELBORNE COLLEGE | 36 |
| QUEEN'S COLLEGE IS VAN MEET AF 'N FAKTOR | 40 |
| GRENS SE SKOLESPAN | 42 |
| KIMBERLEY SE SKOLEDIAMANT | 42 |
| 'N MOEILIKE BEGIN VIR GRIEKWAS | 44 |
| ST. ANDREW'S SCHOOL - KORTSTONDIGE TOULEIER IN DIE OVS | 46 |
| KRAGTIGE GREY-KOLLEGE | 48 |
| GOUD VIR RUGBY | 53 |
| PRETORIA BOYS' HIGH NEEM DIE VOORTOU | 55 |
| DIE LIG VAN PRETORIA | 59 |

Pagina

NOORD-TRANSVAAL SE SKOLERUGBY 61
TRANSVAALSE SKOLE 63
HELPMEKAAR - TRADISIONELE RUGBYKRAG 65
'N MONUMENT VIR RUGBY IN KRUGERSDORP 67
HOëR VOLKSKOOL POTCHEFSTROOM - PRONKSKOOL VAN WES-TRANSVAAL 68
HEIDELBERG HOëR VOLKSKOOL - PIONIER VAN DIE ADMINISTRATEURSBEKER 69
SAMEVATTING 71

HOOFSTUK 2

DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE CRAVENWEEK VIR HOëRSKOLE 75
AANLOOP 75
'N UITSTAPPIE WAT ONTHOU MOET WORD 81
DIE FORMAAT VAN DIE CRAVENWEEK 82
DIE CRAVENWEEK WORD 'N JAARLIKSE INSTELLING 85
DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLERUGBYVERENIGING KOM TOT STAND 86
DIE GRONDWET VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLERUGBYVERENIGING 87
DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLE-RUGBYVERENIGING 90
DIE WITSKRIF 90
BEGROTING 94
POLEMIEK OOR DIE CRAVENWEEK SE BESTAANSREG 95
DIE VERKORTE DUUR VAN DIE CRAVENWEEK 103
WERWINGSTURKSVY 105

HOOFSTUK 3

DIE CRAVENWEEK SE AFSKOP (1964-1978) 111
UNIEKE RUGBYFEES WORD IN 1964 'N WERKLIKHEID 111
NATAL GEE DIE TOON AAN GEDURENDE 1965-1966 116
KWIKSILWER VRYSTAAT OP DIE VOORGROND IN 1967-1968 122

Pagina

NOORDOOS-KAAP BULT SY SPIERE IN 1969 130

NATAL VOER IN 1970 TUSSEN 'N REKORDGETAL SPANNE DIE BOTOON 135

WESTELIKE PROVINSIE IS DIE ROOM VAN DIE SKOLE-OES IN 1971-1972 139

DIE MODDERVELDE VAN COETZENBURG BEVOORDEEL DIE KAPENAARS IN 1973 147

DIE STREEPTRUIE SORG OP ELLISPARK VIR 'N REKORDOES IN 1974 137

DIE SKOLE SE SWAARTEKRAG SKUIF NA DIE OOS-KAAP TE MIDDE VAN GROOT VERANDERINGE 153

NAAS BOTHA GEE IN DIE TRANSVAALSE CRAVENWEEK 'N VOORSMAAK VAN WAT IN DIE TOEKOMS WAG 156

BOLAND IS DIE MOOISTE LOOT IN KROONSTAD SE WINGERD 159

DIE SWANESANG VAN DIE TRANSVAALSE CRAVENWEEK IN 1976 OP WOLMARANSSTAD 161

DANIE GERBER VERTOON WINDMAKERIG IN 1977 OP OUDTSHOORN 163

GRIEKWAS STUIT OP SE OPMARS IN 1978 167

SAMEVATTING 170

HOOFSTUK 4

<u>DIE CRAVENWEEK BEREIK WASDOM (1979-1993)</u> 173

'N GOUE TOERNOOI VIR NOORD-VRYSTAAT IN 1979 173

STELLENBOSCH IN 1980 'N UITSONDERING OP DIE REëL 177

VRYSTAAT SE BRILJANTE AGTERLYN SORG VIR VREUGDE IN DIE BOLAND 181

WINDHOEK SIT SY BESTE VOET VOOR 183

VRYSTAAT EN SUIDOOS-TRANSVAAL SE SPOGSTRYD OP UPINGTON IN 1983 187

DIE ROOIBONTES IS IN 1984 BOBAAS IN BLOEMFONTEIN 190

NOMMER TIEN BAAS BY NOMMER 22 194

Pagina

SUIDOOS-TRANSVAAL IS DIE GROOT KANON IN DIE KAROO 198
PAARL SE WINGERD LEWER 183 DRIEë OP 201
DIE SEUNS VAN VALSBAAI SEëVIER IN DELAGOABAAI 206
EEUFEESPLESIER OP ELLISPARK 209
KING'S PARK BRING PIESANGVREUGDE IN 1990 212
DIE LIGBLOUES MAAK GESKIEDENIS IN 1991 216
HERCELLE GIBBS TROON UIT OP LOFTUS VERSFELD IN 1992 220
REKORDS SPAT OP SECUNDA 225
SAMEVATTING 230

HOOFSTUK 5

DIE SA-SKOLESPAN (1974-1993) 238
DIE AANLOOP 238
DOELSTELLING VAN DIE SA-SKOLESPAN 246
WYSE VAN KEURING 248
LEEFWYSE VAN DIE KEURDERS 250
DIE JUNIOR BOKKIES MAAK HUL BUIGING 250
'N EUROPESE SEGETOG 252
KEURDERS SE GEDUGTE TAAK IN 1975 258
SKOOLSEUNS DELF IN 1976 WEER DIE ONDERSPIT 261
DANIE GERBER SE BULSPAN VAN 1977 264
GEBREK AAN VASTE VYF KELDER SKOOLSEUNS IN 1978 266
DIE BLITSE VAN 1979 267
IN 1980 WORD DIE BORDJIES VERHANG 268
GREY-KOLLEGE SE SPOGJAAR 269
DIE WENSPAN VAN 1982 271
DIE 1983-TOER NA WALLIS 272
'N NUWE BLAADJIE IN 1984 282
SA-SKOLESPAN BUIG IN 1985 WEER DIE KNIE 283

Pagina

ONMIN OOR SPANKEUSES IN 1986 285

DIE FELBRIDGE JUNIORS TROEF DIE SA-SKOLESPAN IN 1987 286

IN 1988 WEER OP DIE WENPAD 289

SPIERE IN DIE SPERVUUR IN 1989 290

SA-SKOLESPAN KRAAI IN 1990 WEER KONING 293

ANDRé VENTER SORG VIR 'N SONDERLINGE DRIEKUNS 295

DIE SA-SKOLE KOU HARDE BENE TEEN DIE NAMPAKKERS IN 1992 297

EENHEID BRING VERANDERING IN 1993 299

SAMEVATTING 301

HOOFSTUK 6

DIE POLITIEKE IMPLIKASIES VAN DIE CRAVENWEEK 304

INLEIDING 304

DIE NASIONALE PARTY SE SPORTBELEID 1956-1966 306

DIE LOSKOPDAM-TOESPRAAK 308

B.J. VORSTER BAAN NUWE WEë 309

'N VERKRAMPTE AANSLAG 310

DR. ANDRIES TREURNICHT OP DIE VOORGROND 315

AFFILIASIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE RUGBYVOETBALFEDERASIE EN DIE SUID-AFRIKAANSE RUGBYASSOSIASIE 317

KRISIS RONDOM DIE SUID-AFRIKAANSE RUGBYVOETBALFEDERASIE SE DEELNAME 318

PREUYT STEEK VIERVOET VAS 320

DIE POLEMIEK OOR DIE CRAVENWEEK KRING WYER 324

DR. TREURNICHT SORG OP JEPPE VIR DIE VONK IN DIE VUUR 325

P.W. BOTHA SE PERSVERKLARING VAN 7 MAART 1980 327

DIE NASIONALE PARTY BY BREEKPUNT TYDENS DIE NAWEEK VAN 7 TOT 9 MAART 1980 329

EMOSIONELE WROEGING SORG VIR TRANE OP 10 MAART 334

DIE KABINETSVERGADERING VAN 11 MAART 336

Pagina

WOELINGE AAN DIE OOS-RAND 340

DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT DUI IN OKTOBER 1991 DIE PAD AAN 345

'N REGSE SKOLEWEEK KRY BESLAG 350

GEVOLGTREKKING 355

HOOFSTUK 7

DIE OPVOEDKUNDIGE WAARDE VAN DIE CRAVENWEEK 359

SPEL AS OPVOEDINGSMOONTLIKHEID 359

DIE OPVOEDKUNDIGE GRONDSLAE VAN SPORT 362

SPORT SE ROL IN DIE KIND SE SOSIALE ONTWIKKELING 365

SPORT EN PERSOONLIKHEID 367

DIE BYDRAE VAN SPORT TOT DIE PSIGIESE ONTWIKKELING VAN DIE KIND 369

SPORT EN DIE MORELE ONTWIKKELING VAN DIE KIND 371

SPORT EN AKADEMIESE PRESTASIE 373

SPORT EN LEIERSKAP 375

RELIGIE EN SPORT 376

DIE OPVOEDKUNDIGE WAARDE VAN DIE CRAVENWEEK 379

DIE WENMOTIEF IN OPVOEDKUNDIGE PERSPEKTIEF 383

MIKRO-ANALISE VAN RUGBY AS SPORTSOORT 387

HOOFSTUK 8

SLOTSOM 391

DIE CRAVENWEEK AS VOEDINGSBRON VIR DIE SPRINGBOKSPAN 391

GEVOLGTREKKING 399

EENHEID OP SKOLEVLAK 401

ONMIN DREIG WEER OP SKOLEVLAK 403

DIE ONTWIKKELING VAN SKOLERUGBY 407

POGING OM DIE CRAVENWEEK SE NAAM TE VERANDER 413

Pagina

VERWESENLIKING VAN DOELSTELLINGS 416

DIE BEHEER VAN DIE CRAVENWEEK 420

SKOLERUGBY KRY INTERNASIONALE BLOOTSTELLING 423

SAMEVATTING 426

BRONNELYS 428

BYLAE 457

OPSOMMING 475

# VOORWOORD

## NOODSAAKLIKHEID EN DOEL VAN DIE STUDIE

Wetenskaplike sportgeskiedskrywing vorm 'n integrale deel van die historikus se aktiwiteite, of anders gestel, is 'n erkende genre van die geskiedenis-wetenskap. Tog het sportgeskiedskrywing tot nog toe min erkenning geniet en bestaan daar 'n groot leemte in dié verband. Georganiseerde sportaktiwiteite word al meer as 'n eeu lank in Suid-Afrika beoefen en roep om opgeteken te word.

Wat rugby, die nasionale spel van blanke Suid-Afrikaners betref, ontbreek 'n volledige gesistematiseerde dokumentasie van dié sport se geskiedenis. Rugby word wyd beoefen en speel 'n belangrike rol in die sport- en sosiale kultuur van die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit vorm in daardie sin 'n deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Skolerugby vorm die ruggraat van die Suid-Afrikaanse rugby-opset. Juis daarom het die Suid-Afrikaanse Rugbyraad in 1964 besluit om skolerugby 'n deel van die Jubileumfees ter viering van sy 75ste bestaansjaar te maak. Die Cravenweek vir Hoërskole wat uit hierdie besluit gebore is, het rugby onder die skoolseuns bevorder en aan die spelers die geleentheid gebied om op georganiseerde wyse in provinsiale skolespanne onderling mee te ding.

Die Cravenweek vir Hoërskole is absoluut uniek en pogings om dit in ander rugbyspelende lande in te voer het tot nog toe misluk. Net om dié rede is 'n wetenskaplike geskiedenis van die Cravenweek geregverdig.

'n Belangrike doelstelling van die studie is om aan te toon dat die Cravenweek vir Hoërskole veel meer as net 'n sportgebeurtenis is wat jaarliks binne een week afgehandel word. Die instelling van die Rugbyweek was omstrede en het sedertdien omstrede gebly. Verskeie geskilpunte het gedurende die eerste drie dekades van die toernooi op die voorgrond getree omdat dit as belangrike skoolaktiwiteit ook deel van rugby as nasionale spel is wat die speler, ouer, skool en die breër gemeenskap betrek. Die instelling weerspieël die fasette, denke en gevoelens van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Die Cravenweek kan dus as mikrokosmos van dié samelewing beskou word en het dus nie ontdaan gebly van die politieke, sosiale, kulturele en ekonomiese strominge wat in die land geheers het nie.

Die studie wil aantoon dat die Cravenweek nie alleen net deel van die strominge is nie, maar dat die toernooi en in 'n breër sin rugby, 'n rigtingwyser is vir die vernuwende tendense in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Die problematiek van so 'n grootskaalse onderneming en die bevraagtekening uit sekere onderwyskringe na die wenslikheid van dié toernooi word in die studie bespreek. Spel as opvoedingsmoontlikheid en die opvoedkundige waarde van die Cravenweek en in breër verband ook sport, is nagevors en ontleed.

'n Verdere doelstelling is om die Cravenweek se rol in die Suid-Afrikaanse rugby-opset grondig na te vors en te ontleed. Eerstens word die ontstaan, vestiging en groei van skolerugby in Suid-Afrika aan die hand van 24 bekende hoërskole beskryf. Hier word

aangetoon dat skolerugby nie alleen die pionier van Suid-Afrikaanse rugby is nie, maar ook in die onderskeie provinsies meestal die weg vir rugby aldaar gebaan het. Verder word die behoefte aan 'n nasionale rugbyweek, die voorstelle oor die vorm daarvan en die Witskrif wat as handleiding oor die toepassing daarvan sou dien, ook onder die loep geneem.

Die vertoning van die spanne en spelers gedurende die eerste drie dekades van die Cravenweek vir Hoërskole word onder die soeklig geplaas. Die SA-skolespan, as uitvloeisel van die Cravenweek, is 'n verdere doelstelling. Die behoefte aan en wel en weë van dié span is beskryf. Verder word die aanvanklike teenkanting van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad teen die samestelling van so 'n span ontleed.

'n Analise van die Cravenweek se rol as voedingsbron vir Suid-Afrikaanse rugby is 'n vername rede vir die studie. Verder word die navorsingsprobleem ondersoek of die Cravenweek aan die doelstellings, soos in 1964 deur dr. Danie Craven verwoord, voldoen het.

Na aanleiding van bogenoemde behoort die studie dus 'n bydrae tot die historiografie van sport in Suid-Afrika te lewer. Om klaarblyklike redes word 1993 as afsnypunt gebruik. Benewens die "Federation Internationale de Rugby Amateur" se toernooi en die verwikkelinge rondom die eenheidsproses figureer 1994 nie in hierdie werk nie.

NAVORSINGSMETODES EN -BRONNE

Tydens die studie is gebruik gemaak van die beproefde histories-wetenskaplike metode. Hierdie metode sluit kwalitatiewe en kwantitatiewe beskrywing, analise van historiese feite en onderhoudvoering aan die hand van gestruktureerde vrae in.

Aangesien die studie skoolaktiwiteite insluit, is dit noodsaaklik dat die metodes van navorsing in die Opvoedkunde ook gebruik word. Volgens J.J. de Wet, J.L. de K. Monteith, H.S. Steyn en P.A. Venter is navorsing in die Opvoedkunde dus "navorsing wat bydra tot enige wetenskaplike kennis van die opvoedingsverskynsel (wat die opvoeder, die opvoedeling en die inhoud van opvoeding insluit). In die Opvoedkunde wil ons die verskynsel opvoeding uit die werklikheid neem en dit beskryf, orden, registreer, verklaar en ons kennis in teorieë struktureer."[1]

In histories-opvoedkundige navorsing word opvoeding soos dit in die verlede voorgekom het, verklaar en beskryf. Die doel daarvan is om kennis te verkry ter wille van die kennis self en/of om bepaalde hedendaagse opvoedingsverskynsels beter te verklaar.

Bogenoemde metodes stel die navorser in staat om gebeure so noukeurig en volledig as moontlik te rekonstrueer. Ten grondslag van die rekonstruksie berus die kwaliteit van die gegewens. Die oorspronklike gebeure in die verlede kan nooit tot sy volheid herbou word nie, maar die ideaal bly steeds om so na as moontlik daaraan te kom. Vanweë die ideaal word 'n hoë premie op primêre bronne geplaas.

---

1 J.J. de Wet, J.L. de K. Monteith, H.S. Steyn en P.A. Venter, Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde, 'n inleiding tot empiriese navorsing, p. 10.

PRIMêRE BRONNE

Primêre bronne vorm die ruggraat van dié studie. Onder dié bronne sorteer onder andere die jaarverslae, voorsittersverslae, notules, toerverslae en korrespondensie van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad en sy opvolger, die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie. Dié primêre dokumente is by die Suid-Afrikaanse Sportdokumentasie en Inligtingsentrum se argief in Pretoria sowel as by die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se argief in Kaapstad bestudeer.

Die onderskeie provinsies se argiewe is ook fyngekam en primêre bronne van belang is in die vorm van notules, korrespondensie en jaarverslae gevind.

Verder is die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging en Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging se Witskrif, grondwet, notules, jaarverslae, toer- en voorsittersverslae sowel as die korrespondensie onder oë geneem. Die dokumente word in die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se argief in Kaapstad bewaar. Dié argief is in 1993 en 1994 geleidelik van Kaapstad na Stellenbosch oorgeplaas. Tydens die navorser se laaste besoek aan die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (toe bekend as die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie) in Junie 1994 was die meeste van die argiefstukke egter steeds in die Millhouse in Kaapstad.

Die navorser se besoeke aan dié argief het vrugte afgewerp want die primêre dokumente aldaar het 'n duidelike beeld van die Cravenweek geskep. Die debat oor die totstandkoming van die toernooi is ook deeglik nagevors.

In samehang met bogenoemde dokumente het veral die privaatversameling van Jan Preuyt waardevolle inligting opgelewer. Preuyt kan as die vader van die Cravenweek beskou word en het 'n deurslaggewende rol in die totstandkoming van die toernooi gespeel. Sedert 1964 het hy vir die volgende drie dekades 'n leiersrol vervul. Preuyt het sy privaatversameling opgebou uit drie dekades se primêre dokumente. Verskeie ander privaatversamelings was ook vir die navorser van nut gewees.

Vanuit onderwysgeledere werp die Federale Onderwysraad, Departement van Onderwys en Kultuur en die Transvaalse Onderwysdepartement se argiewe, wat primêre bronne soos korrespondensie, omsendminute, notules en voorsittersverslae bevat, lig op verskeie vraagstukke. Die staatsargief wat onder andere die debatte van die Volksraad insluit, het ook tot die studie meegehelp. Die Departement van Nasionale Opvoeding se argief het belangrike beleidsuitsprake ten opsigte van sport in sy versameling.

Die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat was ook 'n skatkis van primêre inligting. Veral die privaatversamelings van politici en hul naasbestaandes was vir die studie van onskatbare waarde.

Die navorser het verder van mondelinge onderhoude as primêre bron gebruik gemaak. Die waarde van mondelinge getuienisse as historiese bron word dikwels onderskat. Jan Vansina meld in hierdie verband: "Oral traditions have a part to play in the reconstruction of the past. The importance of this part varies according to place and time. It is a part similar to that played by written sources because both are messages from the past to the

present, and messages are key elements in historical reconstruction ... Wherever oral traditions are extant they remain an indispensable source for reconstruction. They correct other perspectives just as much as other perspectives correct it."[2]

Paul Thompson sluit so hierby aan: "Oral history helps to create a truer picture of the past, documenting the lives and feelings of all kinds of people, many otherwise hidden from history, and connecting public and private experience. At the same time it can bring courage to the old, meaning to the communities and contact between generations. Without it the history of our time would be poor and narrow."[3]

Mondelinge getuienisse kan ook 'n invloed op die toekoms uitoefen: "Oral history gives history back to the people in their own words. And in giving a past, it also helps them towards a future of their own making."[4]

Die navorser is dit eens dat mondelinge getuienisse "are irreplaceable, ... because they are sources from the inside."[5] Mondelinge getuienisse deur leiersfigure het die navorser in staat gestel om gedagterigtings en motiverings vir optredes bloot te lê wat in geen amptelike dokument vermeld is nie.

Mondelinge getuienisse kan dus 'n deurslaggewende rol in die rekonstruksie van die verlede speel indien die beperkinge van dié

---

2 Jan Vansina, Oral Tradition As History, p. 199.

3 Paul Thompson, The Voice of the Past, Oral History, p. 5.

4 Ibid, p. 265.

5 Ibid.

getuienisse in ag geneem word. Die eerste beperking is: "Chronology and lack of independence"[6] maar kan "be overcome or alleviated in some cases by outside evidence."[7] Die navorser het in aansluiting by die stelling daarin gepoog om mondelinge getuienisse deur ander primêre bronne te bevestig. Dit geld ook vir die ander beperkinge van mondelinge getuienisse soos geselekteerdheid, subjektiwiteit en interpretasie.

Ondanks die beperkinge het die navorser gevind dat mondelinge getuienisse 'n deurslaggewende rol in die rekonstruksie van die verlede te speel het en: "Its evidence intrinsically combines the objective with the subjective, and leads us between the public and private worlds."[8]

Die navorser was in die bevoorregte posisie dat hy met feitlik al die vernaamste Cravenweekrolspelers van die afgelope drie dekades mondelinge onderhoude kon voer. Dié onderhoude met Jan Preuyt staan uit. Verder het die onderhoud met Piet Malan, saam met Preuyt die inisieerders van die Cravenweek, ook meegehelp om onsekerhede oor die ontstaan van die Cravenweek uit die weg te ruim.

Die onderhoude met ander vooraanstaande skole-administrateurs, -afrigters, sameroepers van skolekeurkomitees, -keurders, -bestuurders en -spelers het aan die navorser die geleentheid gebied om die gebeure agter die skerms beter te kan ontleed en 'n gebalanseerde siening oor geskilpunte te kan vorm.

---

6 Vansina, p. 190.

7 Ibid.

8 Thompson, p. 262.

Bogenoemde persone, skoolhoofde en onderwysers was ook behulpsaam met gegewens oor hul skole en hul siening oor die opvoedkundige waarde van die Cravenweek.

Onderhoude met bestuurslui van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad en die latere Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie was ook leersaam. Hier moet veral Ebrahim Patel uitgesonder word. Patel, wat dr. Danie Craven as uitvoerende president van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie opgevolg het, se insig as opvoedkundige, rugbykenner en politieke ontleder het 'n sterk indruk op die navorser gemaak.

Tydens die navorser se besoek aan Brittanje in Januarie 1994 is mondelinge onderhoude met die voorste rugbylui van al vier die Britse Tuisunies gevoer. Hul getuienisse oor die standaard, rol en vorm wat skolerugby aldaar aanneem kon met vrug gebruik word en vergelykings met die Suid-Afrikaanse skole-opset kon getref word. Verder is besoeke aan sportlaboratoriums gebring waarvan Loughborough Universiteit in Engeland die grootste indruk op die navorser gemaak het. Hier is veral insiggewende inligting van Martin Dewson, fiksheidsadviseur van die Engelse seniorrugbyspan, verkry.

Verdere mondelinge getuienisse deur opvoedkundiges, joernaliste, historici, personeellede van sportburo's by tersiêre inrigtings en werwingsoffisiere verbonde aan die magte het tot die studie bygedra.

In aansluiting by die mondelinge onderhoude het die navorser ook verskeie skriftelike mededelings van kundiges op hul onderskeie gebiede ontvang.

Die navorser het ook besoeke aan die 24 vermelde hoërskole gebring. Hier is museums en argiewe gevind wat primêre inligting bevat wat menige Curriebekerbond sal laat bloos. Hilton College se argief en museum bevat onder andere die 1877-dagboek van Sir Duncan McKenzie wat lig op rugby aan Hilton College en in Natal gedurende die vorige eeu werp. Eweneens was die argiefstukke van C.B. Newmarch (1880), M.C. Fannin (1880), William Orde Newnham (1893-manuskrip van Hilton College se eerste skoolhoof) en J.V. Hart-Davis (1824-1959) van nut.

Die skoolsale het ook 'n verhaal van hul eie vertel en primêre bronne soos spanfoto's, aksiefoto's enererolle het ook gehelp om die gebeure so noukeurig as moontlik te rekonstrueer. Verder beskou die navorser ook die promosieblaaie van skole as 'n primêre bron. Hier word daar nie op subjektiewe beriggewing staatgemaak nie, maar is die gegewens klinies en van korrekte aard.

Verskeie ondersoeke na sport is ook geloods waarvan die belangrikste die verslag Sport in South Africa, Report of the Sport Council's Fact-Finding Delegation van Januarie 1980 was. Verskeie primêre dokumente oor die sportboikot teen Suid-Afrika is ook geraadpleeg. Hier het veral Report of the Ad Hoc Committee: United Nations - General Assembly, on the Drafting of an International Convention Against Apartheid in Sports, die georkestreerde isolasie van Suid-Afrikaanse sport noukeurig beskryf.

Toesprake was ook 'n waardevolle primêre bron van inligting. Die gewese Eerste Minister, B.J. Vorster, se openingsrede by geleentheid van die agtste kongres van die Suid-Afrikaanse

Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie het sy houding jeens die interaksie tussen sport en opvoeding duidelik uitgestippel. Onder redakteurskap van O. Geyser is Vorster se toesprake onder die titel Geredigeerde toesprake van die sewende eerste minister van Suid-Afrika boeiende leesstof. Vorster se voorganger, dr. H.F. Verwoerd, se toesprake is onder redakteurskap van prof. A.N. Pelzer saamgevat in Verwoerd aan die woord, toesprake 1948-1966. Dr. Danie Craven het ook verskeie toesprake van belang gelewer.

In aansluiting by die toesprake beskou die navorser ook onderhoude wat met belanghebbendes oor die radio en televisie gevoer is, as primêre bronne.

SEKONDêRE BRONNE

Benewens die primêre bronne het die navorser ook van sekondêre bronne gebruik gemaak. Sorg is gedra om by dié bronne, net soos by die primêre bronne, subjektiwiteit en onjuisthede uit te skakel. Selfs die primêre bronne bevat foute, soos in die proefskrif aangedui. Die sekondêre bronne is ook waar moontlik aan deeglike toetsing onderwerp om sodoende die mees getroue rekonstruksie te verkry.

Wetenskaplike artikels het bygedra tot die verkryging van data vir die studie. Hier het veral Vigor, Sportbulletin, Die Unie, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Opvoedkunde en Tydskrif vir Christelike Wetenskap waardevolle inligting bevat. Verder het sporttydskrifte soos Rugby, SA Atleet en Rugby 15 insiggewende artikels bevat.

Rugbygeskiedenisse van die onderskeie provinsies het ook inligting oor die ontstaan en ontwikkeling van skolerugby aldaar bevat. Hier was veral die Transvaalse Rugbyvoetbalunie 100 jaar, History of Natal Rugby, 1870-1964, 'n Eeu van OP Rugby, A Century of EP Rugby, 1888-1988, Border Rugby History, 1891-1991, W.P. Rugby, Centenary 1883-1983, Natal 100, Centenary of Natal Rugby Union, G.W. Rugby, Die ontstaan en geskiedenis van Griekwaland-Wes-Rugby, Noord-Transvaalrugby 50, van nut, hoewel elkeen van die bronne foute bevat het en dit deur ander bronne geverifieer moes word. J.C. Vlok se ongepubliseerde Rugbygeskiedenis van Noord-Transvaal, is verder 'n bron van puik gehalte. Ander sekondêre werke soos Die Ligbloues is egter te populêr geskrywe en wek die indruk van 'n aantal los staaltjies wat bymekaar gevoeg is.

Publikasies oor die geskiedenis van Suid-Afrikaanse rugby wat uittroon is T. Shnaps se uitstekende A Statistical History of Springbok Rugby, Players, Tours and Matches, I.V. Difford, The History of South African Rugby Football, 1875-1931, dr. Danie Craven (red.), Rugby in Suid-Afrika, Chris Greyvenstein, Springbok Saga, 100 Years of Springbok Rugby en Paul Dobson, Rugby in Suid-Afrika, 'n Geskiedenis 1861-1988. Meestal het die boeke ook 'n beskrywing van skolerugby bevat.

Verder is 'n wyd uiteenlopende reeks boeke oor rugbyspelers, Springboktoere, en die filosofie, beginsels, tegnieke en afrigtingsmetodes sowel as die sielkundige, sosiale en opvoedkundige waarde van rugby en sport in 'n breër verband, geraadpleeg.

Rugbygeskiedenisse van skole en provinsies het ook die navorser se taak vergemaklik. Werke van belang is Paul Dobson, Bishops Rugby, A History, Syd Dugmore, Rugby down the years, An Eastern Cape and Border Schools' Rugby History, en Skonk Nicholson en Tony Wiblin se geskiedenis oor Maritzburg College se rugby Jimeloyo-Ji!!.

Skolegeskiedenisse wat uiteraard stewige dekking aan rugby verleen, was van groot nut. Hier het veral R.F. Currey, St. Andrew's College Grahamstown, 1855-1955, Neil Emslie and Trevor Webster, Bearers of the Palm, A History of the Selborne Schools' (Selborne College and Selborne Primary), die werke oor Grey-kollege, Grey-kollege, 'n Parallelmediumskool vir Seuns, 1955-1980, en Grey-kollege, 'n Suid-Afrikaanse skool, Alan F. Hattersley, Hilton Portrait, South African Public School 1872-1945, S. Haw en R. Frame, For Hearth and Home, The Story of Martizburg College, Peter Hawthorne en Barry Bristow Historic Schools of South Africa, An Ethos of Excellence, Hubert D. Jennings, The D.H.S. Story, 1866-1966, John Linnegar, SACS-150, A History of the South African College School, Neville Nuttall, Lift Up Your Hearts, The Story of Hilton College, 1872-1972, M.A. Peacock (ed.), Some famous Schools in South Africa, Volume 1, English-Medium Boys' High Schools, G.J. Potgieter, Afrikaanse Hoër Seunskool en sy mense, en Donald McIntyre, A Century of Bishops vir die navorser gehelp om die skole se geskiedenisse te rekonstrueer.

Verder is verskeie bronne oor die wisselwerking tussen sport en politiek geraadpleeg. Publikasies en toesprake van politici is ook nagegaan om hul rol in die uitbouing van Suid-Afrika se sportbeleid vas te stel. Werke van anti-apartheidsaktiviste is

ook bestudeer om 'n ewewigtige siening te vorm. Hier was Sam Ramsamy, Apartheid, the real hurdle. Sport in South Africa and the International boycott die uitstaande werk.

Alf Ries en Ebbe Dommisse se Broedertwis - Die verhaal van die 1982-skeuring in die Nasionale Party het meegehelp om die gebeure (wat die Kleurlinge se deelname aan die Cravenweek insluit) wat tot bogenoemde skeuring aanleiding gegee het, te rekonstrueer. Dr. A.P. Treurnicht, Noodlottige Hervorming, J.H.P. Serfontein, Die verkampte aanslag, J.J.J. Scholz, Vegter en Hervormer. Grepe uit die toesprake van P.W. Botha, T.E.W. Schoeman, Treurnicht aan die woord: Koers in die krisis, Dirk en Johanna de Villiers, PW, en dr. Daan Prinsloo se ongepubliseerde manuskrip 'n Stem uit die Wildernis (P.W. Botha - 'n dokumentêre biografie) het verdere hulp in dié verband verleen.

By die opvoedkundige waarde van die Cravenweek en sport in 'n breër verband het die reeds vermelde tydskrifte 'n groot bydrae gelewer. Hier het veral proff. N.A.J. Coetzee en R.G. MacMillan sowel as dr. R. van der Merwe hulself onderskei. Die ongepubliseerde proefskrif van dr. J.G.U. van Wyk, 'n Bewegingspedagogiese begronding van die prestasiemotief in sportdeelname binne die lewensopvatlike perspektief, het relevante inligting bevat. So ook het die ongepubliseerde M.A.-verhandelinge van V.H. von Solms, 'n Evaluering van prestasiesport vanuit 'n gereformeerde etiek, B.F. Calitz, Die plek van sportdeelname in kinderontwikkeling met spesifieke verwysing na die senior primêre skoolseun, 'n Opvoedkundig-sielkundige erkenningstudie en dr. Danie Craven, Sportdeelname en persoonlikheidseienskappe 'n bydrae gelewer.

Die amptelike programme van die Cravenweek was veral van nut sover dit die name van spelers en hul herkoms aanbetref. Interessanthede rondom die geskiedenis van die Cravenweek is ook hierin gevind. Ander skolerugbyprogamme het waardevolle inligting bevat. Gedenkuitgawes van skole sowel as skooljaarblaaie, -kwartaalblaaie en -koerante, hoewel uiteraard subjektief ingestel, het ook daartoe bygedra dat die skole se rugbygeskiedenisse beskryf kon word.

Quintus van Rooyen (red.) se uitstaande SA Rugbyskrywersjaarboek, wat die eerste keer in 1971 gepubliseer is, was van groot hulp. In hierdie omvangryke bron (1994 se jaarboek het 436 bladsye bevat) is weinig foute gevind. Die skole-afdeling wat die afgelope 23 jaar deur Frikkie van Rensburg, Georg van Eck, Henk Steenkamp en Morris Gilbert hanteer is, was 'n droom vir enige navorser.

Die hoë prioriteit wat skolerugby beklee, word weerspieël deur die wye dekking wat dit in die pers geniet. Beeld het sedert sy totstandkoming in 1974 deurentyd puik dekking aan skolerugby verleen. Morris Gilbert het hom veral sedert 1987 op hierdie terrein onderskei. Daarvoor is hy beloon met die Suid-Afrikaanse Brouerye se Merietetoekenning vir uitnemende beriggewing oor skolerugby en hy is in 1993 deur die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging genooi om op hulle onkoste die Suid-Afrikaanse O/19-span na die "Federation Internationale de Rugby Amateur" (FIRA) se toernooi in Lyon in Frankryk te vergesel.

Die navorser het benewens Beeld verder op veral die Cape Times, Daily Dispatch, Die Burger, Die Oosterlig (voordat by Die Burger ingeskakel is), Die Volksblad, Hoofstad, Natal Mercury, Pretoria

News, Rapport, Sunday Times, The Argus, The Citizen, The Daily News, en die Transvaler staatgemaak.

DANKBETUIGINGS

Besondere waardering word teenoor prof. A.H. Marais, onder wie se leiding die studie voltooi is, uitgespreek. Ondanks 'n terugslag in gesondheid het sy leiding deurentyd gespreek van kundigheid, doelgerigtheid en vriendelikheid. Ook my dank aan die medepromotor, dr. R. van der Merwe, vir sy nuttige wenke. Verder wil ek graag dank teenoor al die instansies uitspreek wat hul argiewe tot my beskikking gestel het en al die persone wat bereid was om met mondelinge en skriftelike mededelings 'n bydrae tot die studie te maak. Aan mev. M.D. Pretorius, seniordosent verbonde aan die Onderwyskollege van Suid-Afrika en mej. A. Geyer van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, my dank vir hul taalkundige versorging. Mev. P. Read se keurige tikwerk was ook 'n riem onder die hart. Laastens ook dank aan my familie vir hul aanmoediging en ondersteuning en aan die Skepper vir die geleentheid om die studie te kon onderneem.

# PUNTETELLING

Hieronder volg die verskillende puntetellings in Suid-Afrika vanaf 1891 - die eerste jaar waarin Suid-Afrika aan internasionale rugby deelgeneem het.

| | Drie | Doelskop | Strafdoel | Skepdoel | Skepdoel vanaf 'n merk |
|---|---|---|---|---|---|
| 1891 | 1 punt | 2 punte | 2 punte | 3 punte | 3 punte |
| 1892-1893 | 2 punte | 3 punte | 3 punte | 4 punte | 4 punte |
| 1894-1905 | 3 punte | 2 punte | 3 punte | 4 punte | 4 punte |
| 1906-1947 | 3 punte | 2 punte | 3 punte | 4 punte | 3 punte |
| 1948-1971 | 3 punte | 2 punte | 3 punte | 3 punte | 3 punte |
| 1972-1992 | 4 punte | 2 punte | 3 punte | 3 punte | - |
| 1992- | 5 punte | 2 punte | 3 punte | 3 punte | - |

# HOOFSTUK 1

# DIE ONTSTAAN EN VESTIGING VAN SKOLERUGBY IN SUID-AFRIKA

## INLEIDING

Die oorsprong van rugby in Suid-Afrika kan nie met sekerheid bepaal word nie. Na bewering is rugby deur die Britse regiment aan die Oos-Kaap in die middel van die vorige eeu bekend gestel. Op die strand is met vark- en beesblase gespeel.[1] Kannunik George Ogilvie het die baanbrekersrol in die vestiging van die spel aan die Kaap gespeel. Ogilvie het sy skoolloopbaan aan die beroemde Winchester in Hampshire voltooi. Die skool het volgens sy eie reëls gespeel, wat as die Winchesterkode bekend gestaan het.[2] In die spel is met 'n ronde bal gespeel en die doelpale, sonder 'n dwarspaal, was 150 treë (136 meter) van mekaar. Die kode het elemente van rugby sowel as sokker bevat.[3] Swak gesondheid het Ogilvie genoop om sy skrede suidwaarts na 'n warmer klimaat te wend. Hy arriveer in 1858 aan die Kaap en word in 1861 as hoof van Bishops, van 1874 af bekend as Diocesan College, aangestel.[4] Ogilvie het die Winchesterspel aanbeveel as 'n gesonde vorm van winteroefening vir die jong sakemanne van die Kaap. Verskeie wedstryde tussen die "Home vs Colonial born", "Civil Servants vs All Comers" en "Town vs Suburbs" is gespeel.[5]

---

1 G.J.L. Scholtz en F.J.G. Van der Merwe (reds.), Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Verslag no. 15, Sportgeskiedenis en -dokumentasie, 1982, p. 218.

2 Paul Dobson, Rugby in Suid-Afrika, 'n Geskiedenis 1861-1988, p. 16.

3 A.C. Parker, W.P. Rugby, Centenary 1883-1983, p. 10.

4 Paul Dobson, Bishops Rugby, A History, p. 3. Ter wille van kontinuïteit sal deurgaans na Bishops verwys word.

5 I.V. Difford, The History of South African Rugby Football, 1875-1931, p. 49.

Die eerste wedstryd was tussen 'n militêre span en 'n burgerlike span. Die historiese wedstryd het op Saterdag 23 Augustus 1862 op die Groenpuntse Meent in Kaapstad plaasgevind.[6] 'n Groot groep van die spelers het hul rugby aan die beroemde Engelse skole Eton, Rugby, Winchester en Marlborough geleer.[7] Adriaan van der Bijl het die eerste afskop behartig. Hy was die grootvader van die Springbokrugbyspeler, Pieter van der Bijl, en die oupagrootjie van die Springbokkrieketspeler, Vincent van der Bijl.[8] Die wedstryd het om 15:00 begin en tot 16:45 geduur toe die wind van rigting verander het. Die rigtingverandering sou die militêre span onbillik bevoordeel en as ware sportmanne wou hulle dit nie toelaat nie. Die eerste rugbywedstryd in Suid-Afrika het dus gelykop geëindig sonder dat enige punte aangeteken is.[9] Volgens The Argus het 'n groot skare, waaronder goewerneur Wodehouse en sy vrou, die wedstryd bygewoon.[10] Die latere premier van die Kaapkolonie, John X. Merriman, het onder andere ook vir die burgerlike span gespeel.[11]

## BISHOPS AS VAANDELDRAER

Hoewel wedstryde van bogenoemde aard belangstelling onder die Kaapse sakelui wakker gemaak het, was Ogilvie se Bishops die vaandeldraer van die spel rugby. Voor Ogilvie se aanstelling as hoof was krieket die vernaamste sport en die versameling van sywurms en die vang van voëls van die vernaamste stokperdjies.

---

6 A.C. Parker, Rugby Jubilee Souvenir (Personality supplement, 14 May 1964).

7 D.H. Craven (red.), Rugby in Suid-Afrika, p. 10.

8 Dobson, Bishops Rugby, A History, p. 252.

9 Frikkie van Rensburg, G.W. Rugby, Die ontstaan en geskiedenis van Griekwaland-Wes-Rugby, p. 11.

10 The Argus, 25 August 1862.

11 Dobson, Rugby in Suid-Afrika, 'n Geskiedenis 1861-1988, p. 17.

Van enige vorm van voetbal word geen melding gemaak nie.[12] Danksy Ogilvie se inset het Bishops reeds in 1861 die Winchesterkode begin speel. In die eerste jaar is net onderling meegeding. Bishops het hul spel in 1862 aan hul latere groot teenstander, die South African College School (SACS), bekend gestel. Volgens Paul Dobson, rugbyhistorikus wat vanaf 1966 aan die personeel van Bishops verbonde is, het Bishops en SACS na bewering reeds in 1862 hul eerste wedstryd gespeel. Indien dit wel so is, moet die wedstryd tussen bogenoemde twee skolespanne een van die eerste rugbywedstryde in die wêreld wees.[13] Die eerste bevestigde wedstryd tussen Bishops en SACS het in 1873 plaasgevind. Volgens P.F. Smith se skrywe in die Diocesan College Magazine van 1893 het Bishops in die jare 1861 tot 1875, toe die eerste klub gestig is, meestal teen militêre spanne gespeel. Enkele wedstryde teen burgerlike spanne van Kaapstad het ook plaasgevind.[14]

Die stigting van Hamiltons en Villagers in 1875, het aan Bishops se spanne nuwe uitdagings gebied. Die eerste Diocesan College Magazine van Oktober 1886, vermeld juis puik seges gedurende hierdie jaar oor albei bogenoemde klubspanne.[15] 'n Driehoekige kollege-kompetisie is sedert 1879 ook gehou tussen Bishops, Victoria College (die latere Universiteit van Stellenbosch) en die South African College (vandag die Universiteit van Kaapstad). Bishops was in dié jare ook 'n setel vir na-skoolse onderrig. Bishops se eerste span het dus uit leerkragte, studente en

---

12 Donald McIntrye, A Century of Bishops, p. 31; Dobson, Bishops Rugby, A History, p. 21.

13 Mondelinge onderhoud met Paul Dobson, 27 Julie 1992; Dobson, Bishops Rugby, A History, p. 21.

14 Diocesan College Magazine, vol. 14, no. 2, October 1899, p. 7; Dobson, Bishops Rugby, A History, pp. 275 and 22.

15 Diocesan College Magazine, vol. 1, no. 1, 16 October 1886, p. 5.

skoliere bestaan. In 1910 het Bishops sy na-matrikulasie klasse gestaak en hom aan die kollege-kompetisie onttrek.[16]

Bishops het in hierdie tydperk verskeie gloriejare beleef en was in die jare 1875 en 1876 onoorwonne. Die span se segetog is eers in 1877 deur Villagers, wat meestal uit sy oudskoliere bestaan het, beëindig. Bishops was in die jare 1881 tot 1896 ook onoorwonne. In 1891 het vier oudskoliere teen die eerste Britse toerspan uitgedraf terwyl drie skoliere vir Kaapstad teen die Britte gespeel het. Een van die redes vir dié sukses was die puik afrigting van Herbert Hayton Castens, Suid-Afrika se eerste rugbykaptein.[17]

Verder het die beroemde Springbok, Barry Heatlie, Bishops in die seisoene 1893 en 1894 aangevoer. Heatlie, met die onvanpaste bynaam, Fairy, was die kaptein van die Suid-Afrikaanse span in die historiese vierde toets teen Wally Hammond se Britse toerspan van 1896. In die toets het die Suid-Afrikaanse span sy eerste toetssege behaal. Verder het Heatlie in dié toets die Suid-Afrikaanse span van Bishops se oudskoliere se groen truie voorsien. Die groen truie sou die grondslag van die latere Springbokrugbytruie vorm.[18]

Benewens Heatlie het Paddy Carolin (1906) en Stephen Fry (1955) ook die Springbokke aangevoer. Altesame 37 oudskoliere van Bishops, meer as enige ander skool in Suid-Afrika, het later Springbokkleure in rugby verwerf.[19] Bishops het deur die jare sy

---

16 Craven (red.), Rugby in Suid-Afrika, pp. 10-11; Dobson, Bishops Rugby, A History, p. 252.

17 Diocesan College Magazine, vol. 5, no. 4, August 1891, p. 7; Difford, p. 551.

18 T. Shnaps, A Statistical History of Springbok Rugby, Players, Tours and Matches, p. 158; Chris Greyvenstein, Springbok Saga - 100 Years of Springbok Rugby, p. 26.

19 Diocesan College, Mallett Centre - Honorary Script; Dobson, Bishops Rugby, A History, p. 238; Shnaps, pp. 378-379.

toonaangewende posisie in skolerugby behou. In 1991 het dr. D.H. (Danie) Craven, president van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, die Heatlie Rugby Pavilion ingehuldig. In 1992 het vyf van dié skool se spelers, waaronder die briljante Hercelle Gibbs, losskakel van die SA-skolespan, vir Westelike Provinsie (WP) se onoorwonne Cravenweekspan uitgedraf.[20]

SACS WAS REEDS IN DIE VORIGE EEU GEDUG

In WP se skolespan van 1992 het Percy Montgomery van SACS in die heelagterposisie uitgeblink en ook die SA-skolespan gehaal.[21] Montgomery is egter net die jongste van die lang lys indrukwekkende rugbyspelers en -spanne wat SACS opgelewer het. In 1829 het SACS of 'Anthenaeum', soos hy destyds bekend gestaan het, sy deure geopen. Soos reeds vermeld, het die skool sedert 1862 Gog se spel beoefen en was dit saam met krieket in die 19de eeu die vernaamste sportsoorte.[22] In die South African College School Magazine van Augustus 1907 word daar gejubel oor die O/16 A-span wat die eerste span van die skool was wat 'n liga gewen het.[23] Verder was SACS in 1883 die eerste skoolspan om aan die WP se seniorliga, naamlik die Grootuitdaagkompetisie, deel te neem.[24]

---

20 Diocesan College Magazine, vol. 115, no. 3, September 1991, p. 43; Amptelike program van die 29e Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 13-18 Julie 1992, p. 47.

21 Sunday Times, 19 July 1992; The South African College School Magazine, vol. 85, no. 1, August 1992, p. 7.

22 John Linnegar, SACS-150, A History of the South African College School, pp. 1-12 and 53.

23 The South African College School Magazine, vol. 2, no. 1, August 1907, p. 19.

24 Linnegar, p. 73; Parker, W.P. Rugby, Centenary 1883-1983, p. 13.

WP SKOLERUGBY SPREI SY VLERKE

Die Grootuitdaagkompetisie, tot op hede die belangrikste klubkompetisie in die WP, was 'n uitvloeisel van die stigting van die Westelike Provinsie Rugbyunie (WPRU) in 1883. In die eerste seisoen het twaalf spanne aan die kompetisie deelgeneem en 'n jaar later sluit Bishops ook by hulle aan.[25] Die spelkode in die Grootuitdaagbeker was die rugbykode wat in die middel 1870's deur die twee Britte, William Milton en Billy Simkins, aan die Kaap bekend gestel is. Nadat al die klubspanne aan die Kaap van die Winchesterkode na die rugbykode oorgeslaan het, was Bishops ondanks teenkanting van Ogilvie, gedwing om ook die rugbykode aan te neem.[26] Hoewel Bishops en SACS tevrede was met hul deelname aan die Grootuitdaagbeker het die totstandkoming van nuwe skole in Kaapstad en omgewing die WPRU verplig om skolerugby in dié area op 'n meer formele wyse te administreer.[27]

Benewens Bishops en SACS het St. George Grammar School, Wynberg, Green and Sea Point High School en Normal College School in 1898 rugby gespeel. Van interskoolwedstryde was daar nie veel sprake nie. S. Pinchin, die hoof van St. George Grammar School, het in 1898 die WPRU genader oor die inkorporering van skolerugby by dié Unie. Hy het daarop gewys dat daar ten nadele van rugby vir skoolseuns veel meer geleenthede geskep word om sokker as rugby te speel. Die WPRU het flink gereageer en tydens die Unie se jaarvergadering in 1898, is 'n subkomitee met L.B. Smuts, H.C. Wood en J.G. Heyneman aangewys om met die skole te onderhandel ten einde groter geleentheid vir die speel van rugby te bied. Die uitvloeisel was 'n skole O/16-liga.[28]

---

25 Parker, W.P. Rugby, Centenary 1883-1993, p. 13.

26 Dobson, Bishops Rugby, A History, pp. 25 and 31.

27 Difford, p. 541; Dobson, Bishops Rugby, A History, p. 272.

28 Difford, p. 541.

Bishops het die bogenoemde liga, waaraan die ses reeds vermelde skole deelgeneem het, in 1898 ingepalm.[29] Ander Kaapse skole het ook aan die skolekompetisie begin deelneem en so het Paarl Gimnasium en Hoërskool Wellington die kompetisie onderskeidelik in 1902 en 1903 ingepalm. Benewens die O/16-liga is 'n O/14-liga in 1902 ingestel. Die WPRU het in 1905 besluit dat die skole na hul eie sake moes omsien. Die gevolg was dat 'n skolekomitee op 24 Maart 1905 gestig is met F.P. Hoogenhout van Wynberg as die eerste voorsitter.[30] In 1906 het Stellenbosch Gimnasium (die latere Paul Roos Gimnasium) en Rondebosch die skole se rugby-geledere aangevul.

## PAUL ROOS GIMNASIUM PRESTEER

Van die twee skole is veral Paul Roos Gimnasium, wat 27 Springbokke tot 1993 opgelewer het, 'n waardevolle voedingsbron vir Suid-Afrikaanse rugby. Van al die skole in die land, het slegs Bishops meer Springbokke opgelewer. Daarbenewens het drie Springbok-kapteins, naamlik Paul Roos, Pierre Albertyn en Phil Mostert hulle skoolloopbaan aan Paul Roos Gimnasium voltooi.[31] Dié skool het in 1928 'n rekord opgestel wat moeilik verbeter kan word, toe sewe van sy oudskoliere vir die Springbokke in die toetsreeks teen die Nieu-Seelandse toerspan, die All Blacks, uitgedraf het.[32] Phil Mostert se puik spel in hierdie reeks het Mark Markotter, een van die beroemdste afrigters nog, genoop om hom in sy beste Springbokspan, tot 1938, in te sluit.[33]

---

29 Dobson, Bishops Rugby, A History, p. 272.

30 WPRU argief: Third Committee Meeting W.P. Rugby F.U., held at the Royal Hotel, 21 March 1905.

31 George Gerber, Ons Skole: Paul Roos: Kweekplek van Springbokke. (Rugby, Junie 1974, pp. 34-35).

32 Charles Knipe (red.), Paul Roos Gimnasium 125, p. 122; Shnaps, pp. 54-62.

33 Hennie Gerber, Danie Craven se top-Springbokke, p. 98.

Die skool se geskiedenis begin op 1 Maart 1866 toe die Stellenbosch Gimnasium gestig is. Die eerste skoolhoof (rektor genoem) was eerw. W.E.W. Braid en die inwydingsplegtigheid is voor 'n aansienlike skare en 88 leerlinge gehou. Die Gimnasium was in 'n onopsigtelike geboutjie in Dorpstraat gehuisves.[34] Presies wanneer die eerste rugby op die Gimnasium gespeel is, is onseker, maar ons weet dat dit wel daar gespeel is. Op 18 Mei 1877 word geskryf: "Winter, so longed for by us, has at length come round ... The exciting game Football has now superseded her dull sister Cricket."[35] Tot ongeveer 1907 het die beste spelers van Gimnasium vir die Victoria College Rugby Football Club gespeel. Met die stigting van 'n tweede rugbyklub, die Stellenbosch Rugby Football Club, het die ampsdraers van die twee klubs ooreengekom dat slegs studente vir die Victoria College Rugby Football Club kon speel, terwyl van die skoolseuns vir Stellenbosch Rugby Football Club kon uitdraf. Die rede vir die ooreenkoms was die groei van studentegetalle aan Victoria College en die gevolglike uitbreiding van hierdie inrigting se rugbyklub.[36]

Na 1910 was daar by die Stellenbosch Gimnasium 'n klemverskuiwing weg van klubrugby na skoleligas en die vrugte hiervan word in 1911 gepluk toe die O/16-span die eerste keer die WP-skoleliga se O/16-trofee inpalm.[37] In die skool se geskiedenis was twee eerstespanne, dié van 1959 en 1990, onoorwonne. Verder spog hy reeds met 63 Cravenweekspelers waarvan twee spelers dié span aangevoer het. Die ses SA-skolespelers word ook deur min ander

[34] O.C. van Wyk, Die geskiedenis van Paul Roos Gimnasium en sy voorgangers (1866-1978), pp. 42-44; Paul Roos Gimnasium argief: Paul Roos Gimnasium: Sy Geskiedenis, p. 1.

[35] H.B. Thom (samest.), Stellenbosch 1866-1966, Honderd Jaar Hoër Onderwys, p. 407; Van Wyk, p. 90.

[36] Calender of the Victoria College and Boys' High School, 1908, p. 180.

[37] Ibid., p. 231.

skole geëwenaar.[38] Tydens die vormingsjare van dié skool se rugby, vanaf 1909 tot 1940, was Paul Roos die rektor. Geen wonder dat die skoolraad besluit het dat die skool na die beroemde Springbokkaptein vernoem moet word nie. Roos was die kaptein van die eerste Springbokspan wat in 1906 in Brittanje getoer het.[39]

Tydens hierdie toer het Roos in gesprekke met verslaggewers die eerste keer na die Suid-Afrikaners as die Springbokke verwys.[40] Die naam het bly vassteek en so het Roos se benaming gegeld vir al 604 spelers wat Suid-Afrika tot die einde van 1993 op die rugbyveld verteenwoordig het.[41] Dr. Danie Craven verwys na Roos se onbesproke integriteit en ingebore leierskap en noem hom die mees geliefde Springbokkaptein nog.[42] Met Fairy Heatlie wat die groen trui van Bishops se oudleerlinge as die Springboktrui geïnisieer het en Paul Roos wat 'n naam vir die Springbokspan gegee het, kan die Kaapse skole en hul oudskoliere as die grondleggers van ons nasionale span beskou word.

## PAARL-WINGERD LEWER 'N RYK RUGBY-OES

Benewens Stellenbosch het nog 'n Bolandse dorp, Paarl, se rugby-wingerd ook 'n ryk oes opgelewer. Paarl Gimnasium, gestig in 1858, het naas die Hoër Jongenskool Paarl (HJS) die meeste

---

38 Knipe (red.), pp. 122-124; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 59.

39 Paul Roos Gimnasium Argief: Paul Roos Gimnasium: Sy Geskiedenis, pp. 1-2; L.B. Potgieter, Springbok-Rugby-Prestasies, p. 23.

40 Greyvenstein, Springbok Saga, 100 Years of Springbok rugby, p. 38.

41 Shnaps, p. 148; Beeld, 14 September 1992.

42 George Gerber, Ons Skole: Paul Roos: Kweekplek van Springbokke, (Rugby, vol. 1, Junie 1974, p. 34).

Cravenweekspelers (81) vir die WP-skolespan opgelewer.[43] Oor die presiese begin van rugby in Gimnasium bestaan daar weinig stawende bewyse. In 1895 het die leerlinge 'n versoek tot die skoolhoof gerig om 'n rugbyklub te stig. Die reaksie was ongunstig met die antwoord dat hulle in die tuin kan werk as hulle behoefte aan oefening het. Een van die versoeke van die skoolseuns moes suksesvol gewees het, want in 1902 palm die O/19-span die WP-skild in. Die skool se rugbyspelers het vinnig hulle kleim afgesteek, want in 1906 het vier oudleerlinge, Boy de Villiers, Pietie le Roux, Jannie le Roux en Steve Joubert, vir die eerste Springboktoerspan in Brittanje uitgedraf.[44]

In 1910 se jaarblad word die eerste keer melding gemaak van die tradisionele jaarlikse kragmeting teen HJS. Nadat Gimnasium die vorige drie jaar die botoon gevoer het, seëvier HJS in 1910 met 10-3.[45] In 1927 tree die eerstespan onoorwonne uit sy kragmetings en in 1928 speel vier oudskoliere vir die Springbokspan teen die All Blacks.[46] Gimnasium het reeds sestien Springbokrugbyspelers opgelewer, waaronder die Springbokkaptein Jan Pickard tel.[47] Die eerste kaptein van die SA-skolespan (1974), Bernard Pienaar, het ook sy passies op Gimnasium geleer.[48] Die hoogtepunt vir elke Gimnasium rugbyspeler is egter om in die groot kragmeting teen HJS te speel.

---

43 J.P. Smit (red.), Gimnasium, 1858-1983, pp. 65-66; Amptelike program van die 29ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 13-18 Julie 1992, p. 47; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 59.

44 Smit (red.), pp. 56-58.

45 Annual of the Gymnasium High School, Lower Paarl, November 1910, p. 69.

46 Jaarblad van Hoërskool Gimnasium Paarl, Desember 1927, p. 59; Smit (red.), p. 60.

47 Hoërskool Gimnasium Paarl, Pickard-sentrum: Gedenkrol; Smit (red.), p. 62.

48 Jaarblad van Hoërskool Gimnasium Paarl, Desember 1974, p. 21.

HJS-LEGENDES

Die parallelmedium Hoër Jongenskool/Boys' High School is in 1868 gestig met eerw. George Jeffries as die eerste skoolhoof.[49] Die eerste verwysing na rugby aan HJS verskyn in die eerste jaarblad van hierdie skool, gedateer 1908. Hierin word vermeld dat: "Of all the games, however, Football ... is the game of the school, and nearly every boy takes part in it."[50] HJS het reeds 17 Springbokrugbyspelers opgelewer waaronder legendes soos Boy Louw (1928-1937), Ryk van Schoor (1949-1953), Spiere du Toit (1956-1961), Mannetjies Roux (1960-1970) en Carel du Plessis (1981-1989) tel. Du Plessis het vir 1978 se bulspan elf drieë gedruk en altesaam 53 punte aangeteken. Die Galpil, kwartaalblad van HJS, beskryf Du Plessis so: "As fly-half he has tremendous acceleration and sidestep."[51] Sestig oudskoliere van HJS het ook al vir WP se seniorspan uitgedraf.[52]

Volgens die amptelike program van die 1992 Cravenweek in Pretoria, het HJS reeds 73 Cravenweekspelers opgelewer. Pieter Warnich, argivaris en departementshoof van geskiedenis aan HJS, meld egter dat HJS reeds 84 Cravenweekspelers opgelewer het.[53]

---

49 Hoër Jongenskool Paarl, Eeufees 1868-1968, p. 7.

50 Boys' High School Annual, Upper Paarl, No. 1, December 1908, p. 21. Die afkorting HJS word deurgaans gebruik.

51 T. Brand (red.), Hoër Jongenskool Paarl, Die eerste 120 jaar (1868-1988), pp. 12-13; Hoër Jongenskool Paarl, Eeufees 1868-1968, pp. 16-17; Hoër Jongenskool Paarl, Jaarblad, Desember 1978, p. 23; Die Galpil, Kwartaalblad van die Hoër Jongenskool Paarl, Mei 1970 tot Desember 1991; Neil Steyn, Weer Wêreldkampioene, p. 211; Lionel Wilson, Springboks on trial, p. 106; Parker, The Springboks, 1891-1970, p. 150.

52 Official programme, Dale College Rugby Centenary Festival, 1891-1991, p. 25.

53 Mondelinge onderhoud met Pieter Warnich, 28 Julie 1992; Brand (red.), p. 11; Amptelike program van die 29ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 13-18 Julie, 1992, p. 47.

Die ererol in die skoolsaal van HJS bevestig die 84 spelers en saam met die vier Cravenweekspelers van 1993 wat die totaal op 88 te staan bring, het dié skool die meeste Cravenweekspelers vir die WP voorsien.[54] HJS het deur die jare verskeie puik spanne opgelewer en so onlangs as in 1992 is HJS se eerstespan deur die Sunday Times as die sterkste in die land beskou.[55] In dieselfde jaar het HJS sewe Cravenweekspelers opgelewer, 'n prestasie wat voorheen in 1978 en 1987 behaal is.[56] Volgens Richard Visagie, Bolandse haker van die 1980's en mede-afrigter van die eerstespan, lê HJS se sukses in die gedetailleerde afrigting en die klem wat ten alle tye op sportmangees geplaas word.[57]

WP SKOLERUGBY STAAN STERK

Met bogenoemde skole as basis en met die toetrede van St. Joseph's College, Marist Brothers en Somerset-Wes Hoërskool (die latere Hoërskool Hottentots-Holland)(almal 1919), Observatory (1923), die opleidingskip Generaal Botha (1924), Bellville (1924) en die hoërskole Jan van Riebeeck, Parow, Lansdowne Public School en Muizenberg Secondary School (1920's en 1930's) het skolerugby in die WP sterk gestaan.[58] Die WPRU het deurgaans ook gepoog om skolerugby te bevorder. Die poging word ondermeer weerspieël in sy aanbieding van 'n jaarlikse skoledag, wat op 20 September 1913 'n aanvang geneem het.[59]

---

[54] Hoër Jongenskool Paarl, Skoolsaal: Gedenkrol - Tandem Survulus Arbor Fit; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 59.

[55] Sunday Times, 26 July 1992.

[56] Die Burger, 7 Julie 1992; Die Boishaaier, Augustus 1992, p. 23.

[57] Mondelinge onderhoud met Richard Visagie, 28 Julie 1992.

[58] Difford, pp. 543-545.

[59] Parker, W.P. Rugby, Centenary 1883-1983, p. 31.

Die WPRU, in samewerking met die skolekomitee, se beleid was verder om aan soveel as moontlik skoolkinders die geleentheid te bied om aan rugby te kan deelneem, selfs al was daar 'n tekort aan velde. Die gevolg was dat die 23 spanne in 1922 tot 100 spanne in 1932 gegroei het.[60] Die konstante groei in skolegeledere het tot in 1991 voortgeduur, toe 5 820 hoërskoolseuns rugby in die WP gespeel het.[61] Die Kaapse skole was dus van 1862 af nie net alleen die inisieerders van rugby in die streek nie, maar het ook met die geweldige toename van spelers die vernaamste voedingsbron gevorm. Net soos wat Bishops die baanbreker van rugby aan die Kaap was, so het die Natalse skole ook die baanbrekersrol vir rugby aldaar vertolk.

## DIE EERSTE SKOLEWEDSTRYD IN NATAL

Hilton College het volgens sy skoolhoof, R.G. Slater, in die 100-jarige gedenkuitgawe van dié skool, wat in die Natal Witness van 27 Januarie 1972 verskyn het, rugby in Natal begin.[62] Die mening word gedeel deur C.O. Medworth in sy The History of Natal Rugby, 1870-1964 en Ivor V. Difford in sy gesaghebbende werk The History of South African Rugby Football, 1875-1932.[63] Voor Hilton College se stigting in 1872 berig die Natal Witness van 11 Oktober 1870 egter oor die volgende wedstryd: "This match, the best of three games between the boys of City High School and the Hermannsburg School, was played on Saturday afternoon, commencing shortly after two o'clock. There were fifteen players on each side. The lower end of the market square was the ground chosen,

---

60 Difford, p. 543.

61 Suid-Afrikaanse Rugbyraad Argief: Finansiële jaarstate op 30 November 1991 en oorsig van die Raad se werksaamhede gedurende 1991, p. 94.

62 Natal Witness (Supplement), 29 January 1972.

63 C.O. Medworth (ed.), History of Natal Rugby, 1870-1964, pp. 88-90; Difford, p. 667.

the former taking the end close to the Dutch church, and the latter the upper end."[64]

Die Natal Witness vermeld verder dat: "After playing for nearly two hours with varying success, the High School kicked what ought to be a goal, but which the umpire did not give as such, the ball striking a by-stander in the goal space and bouncing off into play before touching the ground. If the Hermannsburg players had kept the goal clear this would not have happened, but as it was, it only served to make the victory of the High School more complete. The play recommenced and in about an hour the High School succeeded after many struggles in kicking a deciding goal. The wind had been much against the Hermannsburg players during the last spell, and now they hoped on changing their goal to reverse their first defeat, on obtaining the advantage in this respect. Fortune however was against them, for in less than half an hour the second and the deciding goal was kicked by High School."[65]

Die 'High School' ter sprake was Pietermaritzburg High School, die voorloper van die huidige Maritzburg College. Die huidige rugby-organiseerder van Maritzburg College, Tony Wiblin, het bogenoemde koerantartikel na dr. Craven gestuur om te bepaal of die spel ter sprake 'n soort rugby of sokker was. Dr. Craven antwoord soos volg: "There is not the slightest doubt in my mind that this was a rugby match, for only goals counted in those days. The try was merely a means of kicking a goal and did not count any points. A try at goal is still found in our laws. In the days that the above game was played it was necessary to score a try before a kick at goal could be attempted. If the goal was not obtained, the game went on."[66]

---

[64] Natal Witness, 11 October 1870.

[65] Ibid.

[66] Mondelinge onderhoud met Tony Wiblin, 9 April 1992; Skriftelike mededeling deur D.H. Craven, 22 April 1989, pp. 1-2.

Dr. Craven brei so verder uit: "It was only later that the try was given points, first one, then three and from 1972, four points. The by-stander referred to was used to load the goals when the kick was taken, for players and spectators alike tried to stop the ball from going through the goal-posts. At one time goal-posts were used without a cross-bar, or, if a cross-bar was used, it was low and the ball could be stopped from going either under or over it, for it did not matter where it went through."[67] Indien dr. Craven se bevinding aanvaar word, was bogenoemde kragmeting die eerste gedokumenteerde skolewedstryd in Suid-Afrika, sowel as die eerste rugbywedstryd in Natal. Die kode was waarskynlik 'n aangepaste weergawe van die Winchester-spel. Die twee skole in die wedstryd sou egter nie hul pioniersrol voortsit nie. Hermannsburg het kort hierna ontbind terwyl Maritzburg College sokker verkies het en sy eerste rugbywedstryd hierna het eers in 1892 plaasgevind.[68]

## HILTON COLLEGE - RUGBYBAANBREKER

Hoewel Hilton College dus nie rugby in Natal begin het nie, het die skool 'n baanbrekersrol vertolk en die vaandel van rugby in die sewentiger- en die tagtigerjare van die vorige eeu gedra nadat die ander Natalse skole sokker verkies het. William Orde Newnham, 'n Anglikaanse predikant, het in Januarie 1872 op die plaas Upper Hilton, wat aan George Lucas behoort het, dié skool geopen. Newnham was die eerste skoolhoof en volgens 'n brief aan sy vrou het die skool begin met "about fifty boys who came from all parts of the Transvaal, Free State and Natal."[69] Newnham het die Engelse publieke skoolstelsel hier geïmplementeer met rugby en krieket as die vernaamste sportsoorte. In sy manuskrip meld

---

67 Skriftelike mededeling deur D.H. Craven, 22 April 1989, pp. 1-2.

68 Skonk Nicholson and Tony Wiblin, Jimeloyo-Ji!!, p. 10.

69 Neville Nuttall, Lift Up Your Hearts, The Story of Hilton College 1872-1972, p. 6.

Newnham dat die skool "became equally notable for three things - learning, gentlemanly behaviour and football."[70]

Volgens Sir Duncan McKenzie, leerling aan Hilton College van 1872 tot 1876, het die eerste rugbywedstryde aan Hilton College die volgende aanloop gehad: "At meals we used to occupy three long tables; the first and second being occupied by boys of about equal size and age, so we often used to compete against each other at football."[71] Die wedstryde het die seuns se aptyt vir die spel so gewek dat 'n span, met onderwysers ingesluit, saamgestel is en die militêre span van Pietermaritzburg uitgedaag is vir 'n wedstryd. Die wedstryd is deur Hilton College gewen en volgens M.C. Fannin, een van die spelers in dié wedstryd, was hulle enigste nadeel die teenstanders se harde baard en "the overpowerly strong smell of rum emanating from the scrums."[72] Hilton College se krag in dié jare word verder onderstreep in die maklike sege wat in 1877 behaal is oor 'n gekombineerde span van Maritzburg College en Bishop's College, die latere Michaelhouse. Newnham verwys as volg na dié wedstryd in sy manuskrip: "After their first match, in which of course they were victorious, they came galloping home, shouting and yelling."[73]

Newnham het in 1877 na Engeland teruggekeer en Henry Vaughan Ellis is in 1878 as die nuwe skoolhoof aangestel. Ellis het 'n uitstekende rugby-agtergrond gehad aangesien hy 'n oudskolier was van die skool, Rugby, in Engeland waar die legendariese William Webb Ellis na bewering die spel, rugby, geïnisieer het, deur die sokkerbal op te tel en daarmee te hardloop. Hoewel naamgenote,

---

70 Hilton College Archive: <u>Manuscript of William Orde Newnham</u>, 1893, p. 1.

71 Hilton College Archive: <u>Diary of Duncan McKenzie</u>, 1877, unnumbered.

72 Hilton College Archive: <u>Reminiscences - M.C. Fannin</u>, 1880, unnumbered.

73 Hilton College Archive: <u>Manuscript of William Orde Newnham</u>, 1893, p. 2.

was daar geen familieband tussen Henry Vaughan Ellis en William Webb Ellis nie. Henry Vaughan Ellis het die skoliere van Hilton aangemoedig om rugby te speel, terwyl die ander skole sokker verkies het.[74] In sy herinneringe skryf M.C. Fannin dat danksy 'Cave', Ellis se bynaam, "we always were rugby enthusiasts and kept the flag flying until Michaelhouse, Weston, Maritzburg College and Durban High School entered Rugby Union."[75]

Ellis was die stukrag agter die opstel van Hilton College se rugbygrondwet in Julie 1878. 'n Belangrike bepaling in die grondwet lees: "The football fifteen ... shall be entitled to wear the distinguishing badge of the fifteen, the fleur-de-lys crest in black on a white jersey."[76] Natal se wit en swart kleure is vermoedelik van Hilton College se kleure, wat hierbo beskryf is, afkomstig. Weens die tekort aan skolewedstryde het Hilton College in Ellis se tydperk volgens 'n oudskolier, C.B. Newmarch, meestal teen 'n klubspan van Pietermaritzburg genaamd 'Enemo' gespeel.[77] Hierdie wedstryde het Hilton College voorberei vir sy deelname in 1890 aan die Murray Cup-kompetisie. Die Natal Rugbyunie (NRU) is in dié jaar gestig en die Murray Cup is geskenk om die wenner van die eersteliga te kroon. Hilton College het in 1898 die eerste skoolspan geword, om met behulp van onderwysers, die Murray Cup in te palm.[78] Die NRU meld verkeerdelik in sy notules dat Maritzburg College die eerste skool was om die Murray Cup te verower.[79]

---

74 Hilton College Archive: Reminiscences - M.C. Fannin, 1880, unnumbered.

75 Alan F. Hattersley, Hilton Portray, South African Public School 1872-1945, pp. 51-52.

76 Medworth (ed.), pp. 89-90.

77 Hilton College Archive: Rugby at Hilton in my time, by C.B. Newmarch, 1880, p. 1.

78 Supplement to the Natal Witness, 29 January 1972.

79 Medworth (ed.), p. 92.

Hilton College het in die twintigste eeu op sy stewige fondament voortgebou.[80] Veral in die twintigerjare het Piet Lombard, wat as een van die beste skole-afrigters in die land beskou is, sukses behaal. Na 1948 was die skool vanweë sy dalende leerlingtal, nie meer so 'n dominante krag nie hoewel sy rugbykultuur ongeskonde gebly het.[81] Hierdie skool het vyf Springbokke opgelewer, naamlik in Ebbo Bastard (1937-1938), Paul Johnstone (1951-1956), Clive Ulyate (1955-1956), Brian Pfaff (1956) en Hentie Martens (1993). Verder het Hilton College verskeie provinsiale spelers opgelewer.[82] Hilton College hou verskeie jaarlikse derby's waarvan die kragmetings teen Michaelhouse, wat in 1904 begin het, een van die glansrykstes is.[83]

MICHAELHOUSE SPEEL EERSTE TEEN SY OUDSKOLIERE

Michaelhouse, wat in 1872 gestig is, spog met die onderskeiding dat hy die eerste skool in Suid-Afrika was om 'n wedstryd teen sy oudskoliere te speel. Dié geleentheid was in 1878 toe Bishop's College, soos vroeër vermeld die voorloper van Michaelhouse, sy oudskoliere deeglik die loef afgesteek het.[84] Rugby aan Michaelhouse het in 1886 nuwe stukrag gekry met die Kannunik Todd se aanstelling as hoof. Hy was 'n rugbyliefhebber en het die seuns aangemoedig om dié spel te beoefen. Jock Rigby, latere Engelse internasionale speler, het as afrigter welslae behaal en so het Michaelhouse die 1906-seisoen onoorwonne afgesluit.[85]

---

80 The Hiltonian, no. 1, September 1901, - The Hiltonian, no. 126, March 1991; Hilton College Archive: J.V. Hart-Davis - My 35 years connected with Hilton rugby, 1924-1959, pp. 1-8.

81 Supplement to The Daily News, 22 March 1972.

82 The Hiltonian, no. 126, March 1991, p. 78.

83 Ibid., no. 7, December 1904, p. 88.

84 Dobson, Rugby in Suid-Afrika, 'n Geskiedenis 1861-1988, p. 22.

85 Medworth (ed.), p. 92.

Michaelhouse het 'n belangrike rol in 1921 gespeel in die aanbieding van die eerste skoletoernooi in Natal. Die toernooi is op die ou Lords Ground in Durban gespeel en die vier tradisionele sterk rugbyskole, naamlik Maritzburg College, Hilton, Durban High School en Michaelhouse het deelgeneem. Michaelhouse het as die wenner van die toernooi uit die stryd getree met 105 punte en slegs vyf punte teen hulle.[86] Hoewel Michaelhouse geen Springbokke opgelewer het nie, het verskeie oudskoliere vir Natal gespeel. Een van die bekendstes was Peter Taylor, wat as Junior Springbokkaptein en kaptein van Natal, die spel met onderskeiding gedien het.[87] Michaelhouse het verskeie puik spanne opgelewer en het veral in die veertigerjare uitgeblink toe drie oorwinnings oor die kragtige Maritzburg College behaal is en ses wedstryde in dié dekade tussen hierdie skole gelykop geëindig het.[88]

MARITZBURG COLLEGE SE BYDRAE

Wanneer die slagkreet, Jimeloyo-Ji, van Maritzburg College se eersterugbyspan teen die hange van Pietermaritzburg weergalm, weet dié span se teenstanders dat 'n besonder harde wedstryd voorlê. Maritzburg College se reputasie as een van die voorste rugbyskole in die land kan kwantitatief regverdig word deur die 30 spanne wat hy Saterdae in die veld kan stoot. Kwalitatief het dié skool ook die grootste bydrae, twaalf spelers, van al die Natalse skole tot die Springbokspan gemaak.[89] Hierdie skool spog ook met die prestasie dat hy die meeste wedstryde teen enige ander Natalse skool gewen het. Maritzburg College het in die jare 1870 tot 1990 in 1012 wedstryde gespeel waarvan hy 724 gewen en

---

86 Peter Hawthorne and Barry Bristow, Historic Schools of South Africa, An Ethos of Excellence, pp. 59-62.

87 Medworth (ed.), pp. 92-94.

88 Nicholson and Wiblin, pp. 113-114.

89 Nicholson and Wiblin, p. 110; Reg Sweet, Our Schools: "College"-unnumbered but not unsung, (Rugby, vol. 1, September 1974, pp. 26-27).

201 verloor het, terwyl 87 wedstryde gelykop geëindig het.[90] Die indrukwekkende vertoningslys beteken dat Maritzburg College in 80,18% van sy wedstryde onoorwonne was.

Maritzburg College se verhaal begin op 16 Februarie 1863 met die Natalse regeringskrywe no. 30: "Notice is hereby given that a High School under the Government Superintendent of Education will be opened on Tuesday, March 2nd."[91] Die amptelike opening van die skool wat met 33 leerlinge begin het op 2 Maart 1863, is deur die skoolhoof, William Calder, behartig.[92] Die eerste rugbywedstryd het in 1870 teen Hermannsburg plaasgevind.[93] Volgens Tiger Kent, oudskoolhoof van Maritzburg College, wat dié skool se eeufeesgedenkboek (1863 tot 1963) geskryf het, was A.S. Langley die hoeksteenlegger van Maritzburg College se suksesverhaal. Hy het nou wel nie die spel aan dié skool begin nie, maar het as eerstespankaptein in 1887 en as afrigter tot in 1909, van Maritzburg College 'n rugbyskool gemaak. Maritzburg College se spanne het op Langley se fondament in die eerste twee dekades van die nuwe eeu voortgebou deur in ses seisoene sy bepalings onoorwonne af te sluit. Dié skool se rugbykrag is in 1919 duidelik geïllustreer toe twee skoliere en ses oudskoliere vir Natal teen die besoekende Nieu-Seelandse militêre span uitgedraf het.[94]

Die totstandkoming van hoërskole in Ladysmith, Dundee en Vryheid in die twintigerjare het egter Maritzburg College se aantal koshuisgangers drasties gesnoei en in die tydperk 1923-1942 het hierdie skool 90 van sy 198 wedstryde verloor. Ondanks die

---

90 Maritzburg College Magazine, no. 125, April 1991, pp. 81-86; Nicholson and Wiblin, p. 119.

91 S. Haw and R. Frame, For Hearth and Home. The story of Maritzburg College, p. 18.

92 Ibid., pp. 15 and 456.

93 Natal Witness, 11 October 1870.

94 R. Kent, College 1863-1963, p. 40; Nicholson and Wiblin, pp. 11-13; Medworth (ed.), p. 96.

insinking het dié skool nog die Springbokke W.A. Clarkson, C. Payn, B.E. Vanderplank en Philip Nel (kaptein in 1937) opgelewer.[95] Die gloriejare vir Maritzburg College is ingelui met die aanstelling van Skonk Nicholson as afrigter in 1948. Nicholson, wat in 1945 ook die span afgerig het tydens die siekte van Pup Udal, het dié span tot 1982 afgerig en onder sy leiding spog Maritzburg College met 403 seges in 504 wedstryde. In die 35 jaar is slegs 52 nederlae gely terwyl 49 wedstryde gelykop geëindig het.[96]

Nicholson, wat in 1935 die Natalse skolespan as leerling van Durban High School aangevoer het, se spanne het in 1948, 1954, 1955, 1959, 1962, 1963, 1974, 1978, 1981 en 1982 die seisoene onoorwonne afgesluit. Nicholson se suksesresep was wetenskaplike oefensessies gebaseer op totale fiksheid, inoefening van individuele- en spanvaardighede en verder die ontleding van sy teenstander se spel.[97] Verskeie van Maritzburg College se spelers het in die Nicholsontydperk vir Natal gespeel. In 1951-1952 was die uitblinker die beroemde Springboklosskakel van 1960-1965, Keith Oxlee. Andrew van der Watt, die latere Springbokvleuel, het in 1963 sy skool se rekord vir die meeste drieë in 'n seisoen verbeter deur 22 keer agter die doellyn te gaan kuier, terwyl sy 59 drieë van 1962-1965 ook 'n skoolrekord is. Die latere Noord-Transvaalse en Natalse vleuel, Toffee Sharpe, het in 1972 'n rekord van 279 punte vir sy skoolspan aangeteken, terwyl sy broer, B.A. Sharpe, die rekord hou vir die meeste punte, 511, van 1962-1964.[98]

---

95 Nicholson and Wiblin, p. 5; Haw and Frame, pp. 468-469.

96 Nicholson and Wiblin, pp. 78-80.

97 Reg Sweet, Natal 100, Centenary of Natal Rugby Union, p. 230; Nicholson and Wiblin, pp. 79 and 113-117; Skriftelike mededeling deur Skonk Nicholson, 28 Julie 1993, pp. 1-3.

98 Medworth (ed.), p. 101; J. Gainsford, Nice Guys Come Second, p. 72; Haw and Frame, pp. 479-480.

Maritzburg College se bydrae tot skolerugby in Natal word duidelik weerspieël deur die 267 spelers, waaronder 25 kapteins, wat vir Natal se skolespan in die jare 1923 tot 1993 gespeel het. Sedert 1974 het dertien spelers van hierdie skool (slegs Grey-kollege het meer spelers opgelewer), vir die SA-skolespan uitgedraf. Verder het 107 oudskoliere al vir Natal op die rugbyveld verteenwoordig, terwyl vyf spelers van 1990 se Curriebekerwenspan, Craig Jamieson, Joel Stransky, Jeremy Thompson, Henry Coxwell en Andrew Blakeway, hulle rugby op Maritzburg College geleer het.[99] Soos A.S. Langley as die vader van rugby aan Maritzburg College beskou word, so het hy ook die bal vir rugby aan Durban High School aan die rol gesit.

## A.S. LANGLEY - RUGBYPIONIER

Durban High School (DHS) is op 1 Junie 1866 gestig met 'n jong Skot, Robert Russell, as die skoolhoof.[100] Krieket was die belangrikste sport aan dié skool terwyl sokker die vernaamste wintersport was. Die reeds vermelde Langley is in 1910 as die nuwe skoolhoof van DHS aangewys. Die rugbypionier het onmiddellik gesorg dat sokker deur rugby as die wintersport by die skool vervang word. DHS het die eerste wedstryd in dieselfde jaar teen Maritzburg College met 0-5 verloor. DHS se gedenkuitgawe, Rugby 1990, maak 'n fout deur te vermeld dat DHS vir Maritzburg College in 1911 verslaan het. In werklikheid het Maritzburg College die kragmeting met 29-0 gewen. DHS het Maritzburg College die eerste keer in 1914 met 5-0 verslaan.[101] In Jimeloyo-Ji!!, die rugby-geskiedenis van Maritzburg College, beweer Skonk Nicholson en Tony Wiblin dat slegs Hilton College in 1898 en Maritzburg

---

99 Nicholson and Wiblin, pp. 106-109; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 52.

100 Hubert D. Jennings, The D.H.S. Story, 1866-1966, pp. 23-24.

101 Durban High School Archive: Rugby 1990, p. 5; Durban High School Magazine, vol. 2, December 1914, unnumbered; Nicholson and Wiblin, pp, 111.

College in 1900 die Murray Cup ingeoes het.[102] Dit is egter 'n foutiewe aanname, want DHS het in 1919 onder kapteinskap van H.G. Deane, ook bogenoemde beker ingepalm.[103]

Puik afrigters het gesorg dat die skool in die jare daarna 'n beduidende faktor bly. Die beroemde Springbokslot, Bill Payne, 'n oudskolier van Maritzburg College, het DHS in die twintigerjare afgerig. Daarna het Izak van Heerden, die befaamde Natalse afrigter, die eerstespan van 1946-1950 afgerig. DHS se hoofrugbyveld is vernoem na Van Heerden, wat van 1934-1973 aan die personeel van dié skool verbonde was.[104] Danksy die kundige afrigting het DHS se eerstespanne in die jare 1910-1990, met die uitsondering van die kragmetings teen Maritzburg College, meer wedstryde gewen as verloor teen enige van die ander Natalse skole.[105]

'n Hoogtepunt in DHS se bestaan was die toer in 1990 na die Verenigde State van Amerika. DHS het vier van sy vyf wedstryde gewen en slegs teen San Diego State University Juniors die onderspit gedelf.[106] Hoewel DHS talle provinsiale spelers opgelewer het, kan dié skool slegs met Neville Tod as Springbokrugbyspeler spog.[107] Benewens die vier bogenoemde skole het veral Glenwood High School in die latere jare bygedra om die ruggraat van rugby in Natal te vorm.

---

102 Nicholson and Wiblin, p. 12.

103 Difford, p. 673.

104 Reg Sweet, <u>Our Schools: Durban High School</u>, (<u>Rugby</u>, vol. 1, December 1974, pp. 25-27); Durban High School Archive: <u>Rugby 1990</u>, p. 23.

105 <u>Durban High School Magazine</u>, vol. 125, March 1992, p. 112; Durban High School Archive: <u>Rugby 1990</u>, p. 11.

106 Durban High School Archive: <u>Rugby 1990</u>, pp. 2-4.

107 Jennings, p. 288; Medworth (ed.), p. 104.

## GLENWOOD HIGH SCHOOL

Glenwood High School se voorloper, The Day Continuation School for Boys, is in 1910 gestig. In 1916 is dié skool herdoop na Technical High School en in 1934 is die naam verander na die huidige Glenwood High School. Hierdie skool het al vier Springbokrugbyspelers, te wete Roger Sheriff, Mauritz van den Berg, Don Walton en Rodney Gould, opgelewer. Verder het Glenwood High School 102 spelers aan die Natalse skolespan voorsien, waarvan vyf spelers die span aangevoer het. Meer as 30 oudskoliere het vir Natal se seniorspan uitgedraf. Een van die hoekstene vir die sukses voor die Tweede Wêreldoorlog was die knap afrigting van die Nieu-Seelander, J.R. Sullivan.[108] Met sulke sterk voedingsbronne soos die vermelde skole is dit dan geen verrassing dat die Natalse skolespan oor die jare sy man deeglik gestaan het nie.

## DIE NATALSE SKOLE MAAK GESKIEDENIS

Die verhaal van die Natalse skolespan begin in 1919 toe 'n span van die publieke skole gekies is om teen 'n gekombineerde seniorspan van Durban uit te draf. Hiermee is geskiedenis gemaak, want dit was die eerste gekombineerde skolespan in die geskiedenis van Suid-Afrika. Die span van die publieke skole is gekies uit Hilton, Maritzburg College, Michaelhouse en Durban High School. Hoewel nie-amptelik, was die span die voorloper van die latere Natalse skolespan.[109] Vier jaar later het 'n Natalse skolespan aan 'n driehoekige skoletoernooi in Kimberley deelgeneem.[110] Natal het op 4 Julie 1923 in die eerste interprovinsiale skolewedstryd in Suid-Afrika met 3-11 teen

---

108 Reg Sweet, Glenwood High School, (Rugby 15, vol. 1, May 1991, p. 44).

109 Sweet, p. 230.

110 Medworth (ed.), p. 105.

Griekwas verloor.[111] Die Natalse span was egter weer 'n nie-amptelike span omdat daar in dié jare nog geen doelgerigte poging was om skolerugby te koördineer nie.

Die eerste poging om 'n Natalse skolespan op 'n meer gereelde basis te verkies, was deur Bill Payne in 1933 aangewend. Payne het 'n Natalse skolespan in hierdie jaar gekies om teen die Natalse Universiteit te speel. Dié wedstryd, 'n jaarlikse instelling tot 1948, was 'n doeltreffende maatstaf waaraan die vordering van skolerugby in Natal gemeet kon word. Bill Payne was die dryfkrag agter die Natalse skolespan totdat hy tydens die Tweede Wêreldoorlog die klaskamer vir die gevegsfront verruil het.[112] In 1944 het die Natalse skoolhoofde 'n geallieerde oorwinning in dié oorlog voorsien en het met die na-oorlogse beplanning begin, soos byvoorbeeld om 'n verteenwoordigende skolevereniging te stig. Onder die voorsitterskap van J.W. Hudson stig sestien skole in 1944 in Pietermaritzburg die Natalse Skolevereniging. Die skole teenwoordig was Maritzburg College, St. Charles, Voortrekker, Maritzburg Tech, Greytown, Hilton College, Michaelhouse, Estcourt, Dundee, Ladysmith, Newcastle, Vryheid, Kearsney College, Technical High School, Durban High School en Glenwood High. Later sou Mooi River Agricultural College, St. Henry's, Port Natal, Harward, Ixopo, Mansfield High en Weston Agricultural College die skolegeledere aanvul.[113]

Payne is, nadat hy van die oorlog teruggekeer het, in 1945 as die voorsitter van dié Vereniging gekies. Hy het Natal in vier sones verdeel met die doel om die beste spelers na uitgebreide proewe te kies. Die vier sones was die Kusgebied, wat die Durbanse skole en Kearsney College ingesluit het, Pietermaritzburg en distrikte, die Noordelike distrikte (al die skole noord van Estcourt) en die

---

111 Van Rensburg, p. 300.

112 Sweet, p. 230.

113 Medworth (ed.), p. 105.

Natalse middellande wat Michaelhouse, Hilton College en Mooi River Agricultural College ingesluit het.[114]

Die sonestelsel is in 1946 vir die eerste keer gebruik toe 'n Natalse skolespan vir 'n wedstryd teen Noord-Transvaal gekies is. Dit was die Natallers se eerste volwaardige provinsiale kragmeting en wat die geleentheid gedenkwaardig gemaak het, was dat twee van die Natalse spelers, Paul Johnstone en Brian Pfaff, later vir die Springbokspan uitgedraf het. Die Natalse skolespan sou voortbou op hierdie prestasie. In die jare tot 1963 het die Springbokke Clive Ulyate (1951), Keith Oxlee (1952), Ormond Taylor (1954), Trix Truter (1956 en 1957), Rodney Gould (1960) en Martin van Jaarsveld (1962 en 1963) vir dié skole uitgedraf. Nic Labuschagne, latere haker vir Natal, Junior Springbokke en Engeland, asook latere president van die Natalse Rugbyunie, het in 1948 en 1949 vir die Natalse skolespan uitgedraf.[115]

Die snelle ontwikkeling van skolerugby in Natal in dié jare kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die inset van Bill Payne as administrateur, keurder en afrigter tot met sy dood in 1960. Na Payne se dood het die ander administrateurs op dié stewige grondslag voortgebou en so het in 1964, in Durban alleen, reeds 98 skoolspanne, ten tye van die eerste Cravenweek vir Hoërskole, die spel beoefen.[116] Die Natalse skole kan dus tereg as die ruggraat van rugby in dié provinsie beskou word. Soos in die geval van Natal en die WP, het skole ook die baanbrekersrol vir rugby in die Oostelike Provinsie (OP) gespeel.

ST. ANDREW'S COLLEGE - PIONIER VAN DIE OOS-KAAP

In Augustus 1855 skryf John Armstrong, eerste biskop van Grahamstad, dat: "The last event I have to record was the laying

---

114 Sweet, p. 230.

115 Shnaps, pp. 91-112; Sweet, p. 231.

116 Medworth (ed.), p. 108.

of the foundation stone of our infant College, which I dedicated to St. Andrew, ... It was altogether a bright day in our annals."[117] Twintig jaar na die stigting, in 1875, is 'n rugbyspan vir die eerste keer tot stand gebring. R.F. Curry vermeld in dié skool se gedenkboek dat T.L. Graham die kaptein van dié geskiedkundige rugbyspan was.[118] Hierdie span was die eerste rugbyspan wat in die OP te voorskyn getree het.[119]

Die eerste wedstrydverslag verskyn op 27 April 1878 in die skoolblad, die St. Andrew's Chronicle, toe die skool vir die Drosdyskool met 'n doel teen 'n drie geklop het. Dit was waarskynlik die eerste rugbywedstryd aan die Oos-Kaap.[120] In dieselfde jaar het die tweedespan ook vir St. Aidans verslaan. As gevolg van die gebrek aan skolekompetisie in die 1880's is benewens die wedstryde tussen bogenoemde skole, meestal kragmetings teen seniorklubspanne soos Albany, Crusaders, Olympics en Swifts gespeel.[121] In dié dekade het rugby aan St. Andrew's 'n bloeitydperk beleef en is die seisoene van 1879, 1880, 1884, en 1886, onoorwonne afgesluit. Van die 44 wedstryde in die dekade tot 1888 is 28 wedstryde gewen, nege verloor en sewe kragmetings het gelykop geëindig.[122] Die goeie prestasies is behaal danksy die inset van families soos Moffat, Mullins en Norton. So het

---

117 M.A. Peacock (ed.), Some Famous Schools In South Africa, Volume One, English-Medium Boys' High Schools, p. 260.

118 R.F. Curry, St. Andrew's College Grahamstown, 1855-1955, p. 34.

119 Dobson, Rugby in Suid-Afrika, 'n Geskiedenis 1861-1988, p. 22.

120 St. Andrew's Chronicle, 27 April 1878, p. 22; Terry Stevens, The Time of our Lives - St. Andrew's College 1855-1991, p. 41.

121 W. Muller (red.), 'n Eeu van OP Rugby, A Century of EP Rugby, 1888-1988, p. 148.

122 Syd Dugmore, Rugby down the years, An Eastern Cape and Border Schools' History, p. 221.

R.V. Moffat (kaptein in 1886) en R.G. Mullins albei vir vier agtereenvolgende jare vir die eerstespan uitgedraf.[123]

St. Andrew's College se rugbyspanne het in die twintigste eeu op sy vertonings van die vorige dekades voortgebou en het in 1926, 1927, 1951 en 1959 al sy bepalings gewen.[124] Die span van 1906 was weer nie bekend vir sy onoorwonne vertoningslys nie, maar eerder vir die aantal puik spelers wat hy opgelewer het. S.N. Cronje het in 1912 Springbokkleure verwerf, Mog Williamson het vir Engeland as losskakel uitgedraf, terwyl Sport Pienaar (OP), H.J. Ford (OP) en S. Parry (Grens) later Curriebekerrugby gespeel het.[125] Hoewel internasionale spelers dus nie 'n onbekende vir dié skool is nie, was die diensaanvaarding van dr. Danie Craven in 1936 een van die groot rugbyhoogtepunte.[126]

Dr. Craven het as afrigter belangrike insette in St. Andrew's se rugby gelewer, maar terselfdertyd is sy rugby-agtergrond met dié verbintenis verryk, soos hy in die voorwoord van The History of Rugby Football at St. Andrew's te kenne gee: "St. Andrew's has always been famous for the type of rugby they have tried to play and the boys who played the game. What has made them more famous is the fact that the game has always been played in the right spirit and that everybody has been struck by this approach. I myself have only the most pleasant memories of my association with the College and if I may sound a personal note, I would like to say that my career as a coach actually started at St. Andrew's, for it was there that I took the Under 16's and learned

---

123 Difford, p. 601.

124 St. Andrew's College Archive: The History of Rugby Football at St. Andrew's, pp. 67, 109 and 114.

125 Dugmore, p. 223.

126 Hennie Gerber, Craven, p. 75.

so much about the art of coaching. If it were not for that foundation I may never have been in the game so long."[127]

Verder was dr. Craven so beïndruk met St. Andrew's se koshuis-rugbystelsel dat hy dit in latere jare by Stellenbosch ingevoer het, vanwaar dit na die ander universiteite versprei het. St. Andrew's College het dus 'n merkwaardige invloed gehad op die wyse waarop rugby aan die groter universiteite gespeel word.[128] Met die oorlogswolke wat in die laat 1930's in Europa saamgepak het, was uitbreiding in die SA-Leër noodsaaklik. Dr. Craven het gevolglik die pos as Direkteur van Liggaamlike Opvoeding in die SA-Leër aanvaar.[129] Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog sou nog verdere verliese vir St. Andrew's College meebring. Die oorlogtydse beperking op reise het wedstryde moeilik gemaak. Tog is wedstryde teen Queen's College, Dale College, Grey High School en Selbourne College gespeel.[130]

Na die oorlog sou veral die aanstelling van Eric Norton, Springbokkrieketspeler en Junior Springbokrugbyspeler, rugby aan St. Andrew's College stimuleer. Gedurende die sestien jaar tussen 1950 en 1965 het hy die skool se eersterugbyspan afgerig en vir drie seisoene het die span al sy wedstryde gewen.[131] St. Andrew's se bydrae tot rugby in die OP en in groter omvang in Suid-Afrika word weerspieël deur die nege Springbokke, ses Junior Springbokke en talryke OP-spelers wat hy al opgelewer het.[132] Slegs Grey High School van al die skole in die OP het St. Andrew's oortref.

---

127 St. Andrew's College Archive: <u>The History of Rugby Football at St. Andrew's</u>, Foreword.

128 Dobson, <u>Rugby in Suid-Afrika, 'n Geskiedenis 1861-1988</u>, p. 23.

129 Gerber, p. 104.

130 Muller (red.), p. 147.

131 Dugmore, pp. 229-241.

132 Stevens, pp. 311-314.

GREY HIGH SCHOOL - RUGBYBAKEN IN PORT ELIZABETH

Grey High School is op 4 Junie 1856 gestig en is vernoem na Sir George Grey, die destydse Kaapse goewerneur, omdat hy 'n besondere belangstelling in die totstandkoming van dié skool getoon het.[133] Die vroegste skriftelike bewys van rugby aan Grey High School handel oor R.R. Dowers se span se wedstryd in 1893 teen Muir Academy. Sedertdien het die skool 'n trotse rugbytradisie opgebou en het in 1924, 1925 en 1976 die seisoen onoorwonne afgesluit.[134] Die tydskrif, Rugby, beweer verkeerdelik dat die spanne van 1911 en 1923 ook onoorwonne was.[135] Die 1911-span het die eerste wedstryd teen Swifts met 0-12 verloor. Daarna het die span egter al sy wedstryde gewen, met die hoogtepunt 'n 50-0 sege oor Olympics.[136] Die 1923-span se enigste nederlaag was teen Gill College.[137]

Die glorierykste jare in Grey High School se rugbygeskiedenis was waarskynlik 1976 en 1977. In 1976 het die span 20 van sy 21 wedstryde gewen, terwyl die kragmeting teen Kingswood College met 12-elk gelykop geëindig het.[138] In 1977 is slegs een wedstryd verloor. Grey-kollege van Bloemfontein het wraak geneem vir die vorige jaar se nederlaag. Hierdie 1977-span het egter Grey High School se rugbyrekords herskryf deur 631 punte aan te teken en 112 drieë te druk. Verder was Rob Logan met sy 268 punte, wat 32

---

133 J.J. Redgrave, A.M. Pollock, James Hattle, 'Neath the Tower, The Story of the Grey High School, Port Elizabeth, 1856-1956, p. 3.

134 Dugmore, pp. 112, 138 and 139.

135 Les Barnes, Ons Skole: Hoërskool Grey - Spog met Springbokke, (Rugby, vol. 1, Maart 1975, p. 16).

136 The Grey, September 1911, pp. 18-20.

137 Ibid., October 1923, pp. 12-19.

138 The Grey, November 1976, pp. 77-90.

drieë ingesluit het, ook die grootste puntemaker wat Grey High School nog opgelewer het.[139]

Voor 1918 het Grey High School meestal teen seniorklubspanne gespeel. Van 1918 af is begin met die jaarlikse wedstryde teen Dale College, St. Andrew's College, Kingswood College, Victoria High School, Selborne College, Graeme College, Gill College en Grey-kollege.[140] Die kompetisie tussen die skole was straf en opwindend. So beskryf die beroemde Springboklosskakel en -kaptein, Bennie Osler, sy skool Kingswood College, se sege oor Grey High School in 1918 as die bevredigendste wedstryd in sy lang rugbyloopbaan. Osler verwys ook in sy biografie na die hoë gehalte skolerugby wat in die OP opgedis is.[141]

Grey High School het reeds nege Springbokke, opgelewer.[142] 'n Hoogtepunt was toe drie oudskoliere, Freddie Turner, Fred Smollan en Bunny Reid, in 1933 vir die Springbokspan teen die Australiese Wallabies gespeel het.[143] Die negentienjarige Turner, een van die jongste Springbokke nog, het in hierdie reeks en in 1937 in Nieu-Seeland uitgeblink.[144] Roy Dryburgh is die enigste oudskolier wat die Springbokspan aangevoer het. Die vyf ander Springbokke wat Grey High School opgelewer het, was B.C. Reid, P. Allen, Ian Kirkpatrick, Mickey Gerber en Wilf Rosenberg. Verder was daar sedert die Tweede Wêreldoorlog meer as 70 oudskoliere wat seniorprovinsiale rugby gespeel het.[145] Grey High School het

---

139 James Hattle, 'Neath the Tower, Part Two, The Story of the Grey High School, Port Elizabeth, 1856-1981, pp. 113-137.

140 Difford, p. 602; Dugmore, pp. 113-137.

141 Chris Greyvenstein, The Bennie Osler Story, p. 41.

142 Muller (red.), p. 44.

143 Les Barnes, Ons Skole: Hoërskool Grey - Spog met Springbokke, (Rugby, vol. 2, Maart 1975, p. 16); Parker, The Springboks 1891-1970, pp. 86-88.

144 Hattle, p. 40.

145 Dugmore, pp. 140-141.

High School het benewens sy groot bydrae tot Suid-Afrikaanse rugby ook die meeste spelers (86) vir die OP se Cravenweekspan voorsien.[146]

SKOLERUGBY IN DIE OP

Skolerugby in die OP het in die vroeëre jare op 'n losse basis geskied. Eers in 1963 is tot die stigting van die OP-Hoërskole Rugby Subunie oorgegaan. Dié Subunie wat by die OP-Rugbyunie (OPRU) geaffilieer is, het uit vyf afsonderlike streke bestaan naamlik Karoo, Middellande, Grahamstad, Uitenhage en distrikte en Port Elizabeth.[147] Die Karoo en Middellande sou later in die nuwe Unie, Noordoos-Kaapland, gehuisves word.[148] Die Springbok-voorspeler, Amos du Plooy, was die eerste voorsitter van dié Subunie. Die eerste verteenwoordigende OP-Hoërskolewedstryd het reeds in 1955, agt jaar voor die stigting van dié Subunie, plaasgevind toe die OP die O/19-skolespan van Wallis met 19-11 op die Crusaderveld geklop het. 'n OP-skolespan is slegs by uitsonderlike geleenthede saamgestel, hoofsaaklik in die laat 1950's en vroeë 1960's teen Grens se skolespan.[149]

DALE COLLEGE NEEM DIE VOORTOU

Anders as in die geval met die drie unies wat reeds bespreek is, het skole nie die pioniersrol in Grens se rugby gespeel nie. Dié eer kom Buffalo Football Club van Oos-Londen toe. Hierdie klub se stigting in 1877 is deur die East Kent Regiment, wat in Oos-Londen gestasioneer was, geïnisieer. Met uitsondering van Hamiltons (1875) en Villagers (1876), is Buffalo die oudste klub

---

[146] Amptelike program van die 29ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 13-18 Julie 1992, p. 37; Grey High School, Port Elizabeth, Cape Schools' Week, Sat. 23 June, Mon. 25 June and Wed. 27 June 1990, p. 12.

[147] Muller (red.), p. 144.

[148] Q. van Rooyen, SA Rugbyskrywersjaarboek 1988, p. 210.

[149] Muller (red.), p. 144.

in die land en het ook 'n leidende rol in die stigting van die Grens Rugbyunie (GRU) in 1891 gespeel. Die stigting van die GRU het Dale College aangevuur om in hierdie jaar sy eerste rugbykomitee te stig. N. Hodgson is as kaptein van Dale College se span aangewys vir die eerste wedstryd teen die Queenstown Public School, wat van 1910 af as Queen's College bekend staan.[150]

Die rugbygeskiedenis van Dale College strek egter verder terug as die amptelike begin in 1891. Dié skool is reeds in 1861 gestig en is van 1877 af bekend as Dale College. Vir die eerste rugbywedstryd op 31 Julie 1880 het die huidige en oudskoliere saam 'n span gevorm, wat voor die Ever Ready Club die knie moes buig. Dié wedstryd toon dat Dale College saam met Selborne College en Queen's College 'n belangrike fondament vir rugby in die Grens was.[151]

Dale College se rugbydraadjie is in 1892 tydelik kortgeknip. Die soet van die sege oor East London Public School, sedert 1907 bekend as Selborne College, het bitter geword toe die skoolhoof, Bob Sutton, rugby as sportsoort verbied het en voorrang aan sokker gegee het.[152] Ware rugbyentoesiaste se geesdrif kan egter nie gedemp word nie en volgens Jack Blaine stig 'n groepie skoolseuns in 1906 'n rebellespan, die Shamrocks. Blaine is as sekretaris van die rebellegroep verkies en skryf die gebrek aan enige skriftelike getuienis van die geskiedkundige vergadering, aan sy eie laksheid toe![153] Die Shamrocks het teen seniorklubspanne gespeel en ondanks verskeie dragte slae oor die onwettige

---

[150] P. Owen (ed.), Border Rugby History 1891-1991, p. 47; Dale College Archive: Dale College Rugby History, p. 3.

[151] Percy Owen, Our Schools: Dale College, (Rugby, vol. 2, September 1975, p. 12); Dugmore, p. 24.

[152] Dale College Archive: Dale College Rugby History, pp. 3-4; The Dale College Magazine, November 1892, p. 3.

[153] Dale College Football Club, Golden Jubilee Brochure, unnumbered.

rugbyspelery, kon die seuns se entoesiasme vir die spel nie gedemp word nie en in 1910 moes Sutton sy verbod op rugby ophef.[154]

Dale College se amptelike hertoetrede tot rugby het op 'n hoë noot begin toe dié span die eerste skolespan van Grens geword het om in 'n voorwedstryd vir 'n internasionale span te speel. Die geleentheid was Grens se wedstryd teen die Britse toerspan in 1901 en hoewel Dale College teen Stars in die O/19-liga verloor het, was die blootstelling reeds vir die skoolseuns beloning genoeg.[155] In 1912 het dié skool by die GRU geaffilieer en in 1913 is die Gordon Cup, vir die wenner van die derdeliga, ingepalm. In 1919 is Dale College na die tweedeliga gepromoveer en het in 1923 die enigste skolespan geword om hierdie liga te verower. Dié skool het in 1927 egter besluit om in die toekoms net teen skolespanne te speel.[156]

Hoewel Dale College oor die beste rekord van al die skole in Grens beskik, het die sterk skolekompetisie in Grens en die Oos-Kaap gesorg dat Dale College in slegs vier seisoene naamlik 1934, 1938, 1964 en 1990, sy bepalings onoorwonne kon afsluit.[157] Cyril Bruce (C.B.) Jennings was die kaptein van Dale College se span in sy eerste onoorwonne seisoen in 1934. Jennings word in 1934 se The Dale College Magazine beskryf as 'n: "Brilliant forward. Very resourceful, a born leader and tactician. Possesses that rare quality in a player - intuition ... most of the success of the team due to his able leadership."[158] Die merkwaardige

---

[154] Dugmore, p. 24; Dale College Archive: Dale College Rugby History, p. 5.

[155] Dugmore, pp. 24-25; Dale College Archive: Dale College Rugby History, pp. 5-7; Dale College Football Club, Golden Jubilee Brochure, unnumbered.

[156] Owen (ed.), p. 65; Difford, p. 576.

[157] Dale College Archive: Dale College Rugby History, p. 48; The Dale College Magazine, December 1990, p. 61.

[158] The Dale College Magazine, November 1934, pp. 6-20.

Jennings het as veertienjarige sy debuut in 1929 vir Dale College se eerstespan gemaak en in die volgende vyf seisoene was hy 'n staatmaker. In 1934 was Jennings as skoolseun lid van Grens se span wat die Curriebeker met WP gedeel het.[159]

Na sy twee onoorwonne seisoene in 1934 en 1938 het Dale College in die dekade 1959-1968 'n glorietydperk beleef. Die eerstespan het 183 wedstryde gespeel, 151 gewen, in slegs negentien wedstryde die onderspit gedelf en in dertien kragmetings die louere gedeel.[160] Veral 1963 en 1964 kan as goue jare bestempel word. In 1963 was die enigste nederlaag (0-3) teen Grey High School. H.O. de Villiers, een van die beroemdste Springbokke, het in dié jaar Dale College aangevoer en The Dale College Magazine beweer dat "the success of this team was due to the outstanding captaincy of H.O. de Villiers who was, himself, a fullback of the highest class."[161] De Villiers het 'n destydse rekord van 97 punte aangeteken. Van 1967-1970 was dié opwindende heelagter in veertien toetse die liefling van die Suid-Afrikaanse rugbypubliek.[162]

Benewens De Villiers het nog 'n latere Springbok, Mike Jennings, in die 1963-spogspan gespeel.[163] Jennings is die seun van C.B. Jennings. Hulle is slegs een van die vyf pa-seunkombinasies wat al vir die Springbokke uitgedraf het.[164] Benewens bogenoemde

---

159 Percy Owen, Our Schools: Dale College, (Rugby, vol. 2, September 1975, pp. 12-13); Greyvenstein, 20 Great Springboks, pp. 177-189; Gerhard Viviers, Rugby agter die Doringdraad, p. 115.

160 Dale College Archive: Dale College Rugby History, p. 48.

161 The Dale College Magazine, November 1963, p. 109.

162 Percy Owen, Our Schools: Dale College, (Rugby, vol. 2, September 1975, p. 12); Greyvenstein, 20 Great Springboks, pp. 177-189; Viviers, p. 115.

163 Dale College 1891-1991, Rugby Centenary Festival, p. 4; The Dale College Magazine, November 1963, p. 110.

164 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek, 1991, p. 335.

drie spelers het nog vier ander oudskoliere, W.S. Faberer (1896), W.A. Neil en H.D. Brooks (1906-1907) en B.F. Howe (1956) vir die Springbokspan uitgedraf.[165] Daarby het Dale College ook twee Junior Springbokke opgelewer en meer as 100 oudskoliere het al vir sestien seniorprovinsiale spanne gespeel.[166] Dale College het ook al 115 spelers vir Grens se Cavenweekspan opgelewer.[167] In 1991 het Dale College ses spelers, waaronder die kaptein, Steven Hadley, vir Grens se span voorsien, terwyl tien spelers in 1993 vir Grens gespeel het.[168] Slegs Selborne College het meer spelers vir Grens se skolespan opgelewer.[169]

DUKE METCALF BEGIN MET RUGBY AAN SELBORNE COLLEGE

"There is a School that's good at rugby, There is a school that always tries, There is a school that pulls together, And now you'll hear that Selborne cry, Opponents all just quake with fear, So they should for Selborne's here."[170] Dié bravade in Selborne College se rugbylied is nie onvanpas nie, want die skool het oor die jare 'n trotse rugbygeskiedenis opgebou. Selborne College, met 122 spelers, het tot dusver die meeste Cravenweek-

---

165 Dale College Archive: Dale College Rugby History, pp. 41-44.

166 Dale College Rugby Football Club, Golden Jubilee Brochure, unnumbered.

167 Dale College Archive: Dale College Rugby History, pp. 51-52; Amptelike program van die 29ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 13-18 Julie 1992, p. 28; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 44.

168 The Dale College Magazine, December 1991, pp. 61-62; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 45.

169 Amptelike program van die 29ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 13-18 Julie 1992, p. 28.

170 Selborne College Rugby Songs, The longest day, p. 2.

spelers van enige skool in Grens opgelewer.[171] Verder spog dié Oos-Londense skool met ses Springbokke, Bernard Duffy (1928), Fronie Froneman (1933), André de Wet (1969-1970), Ray Carlson (1972), Keith Andrews (1992-1993) en Mark Andrews (1993) en met Chick Cheshire, Ronnie Cornell, Bill Seymour en Brian Harrison wat vir die Junior Springbokke gespeel het.[172]

Selborne College se verhaal begin in 1872 toe die Panmure Public School gestig is. In 1883 word dié skool herdoop na die East London Public School en in 1907 na die teenswoordige Selborne College.[173] Die skool se kennismaking met rugby het in die vroeë 1890's plaasgevind.[174] Volgens Neil Emslie en Trevor Webster het die skool, soos bevestig deur Dale College se bronne, in 1892 sy eerste wedstryd teen laasgenoemde skool gespeel. Verder het Selborne College in 1892 en 1893 in Grens se tweedeseniorliga meegeding.[175] Aan die einde van 1893 is 'n stokkie egter voor die rugbyspelery gesteek en is die spel deur sokker as die amptelike wintersport vervang.[176] Duke Metcalf, Springbokrugbyspeler van 1906, se ywer as onderwyser, het gesorg dat sokker se

---

171 Dugmore, pp. 281-282; Amptelike program van die 29ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 13-18 Julie, 1992, p. 28; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie, 1993, p. 45.

172 Percy Owen, Our Schools: Selborne College, (Rugby, vol. 1, July 1974, pp. 50-51); The Selbornian, The Magazine of Selborne College, Centenary Edition 1872-1972, December 1972, unnumbered.

173 Neil Emslie and Trevor Webster, Bearers of the Palm, A History of the Selborne Schools (Selborne College and Selborne Primary), p. 22; Selborne College, Centenary Honours Board.

174 Selborne Schools' Official Programme, International Schoolboy Rugby Festival, p. 4.

175 Emslie and Webster, p. 191.

176 Percy Owen, Our Schools: Selborne College, (Rugby, vol. 1, July 1974, pp. 50-51).

wurggreep afgeskud word en dat die Selborne College Rugbyklub in 1912 gestig word.[177]

Dale College was Selborne College se eerste teenstander en eersgenoemde skool sou steeds die maatstaf wees waaraan die nuwe rugbyklub gemeet word. Die agterstand teen Dale College word deur slegs twee seges (1913 en 1921) in die dekade, 1912-1921, beklemtoon.[178] Die aanstelling van die oud-Matie, H.J. van Aarde, in 1921 sou egter die agterstand vinnig laat krimp. Van Aarde het in hardlooprugby geglo en in die 1920's het Selborne College se opwindende spel die toeskouers na sy wedstryde laat stroom.[179] Van Aarde se goeie werk is van 1928 af deur Eddie Bartel, kaptein van 1921 se wenspan teen Dale College, voortgesit. Onder Bartel, wat ook 'n oud-Matie was, het Selborne College die Oakshott Cup, vir die wenner van die derdeseniorliga, in 1930 ingepalm. In 1931 het dié skool egter besluit om voortaan net teen skole te speel.[180]

Na die Tweede Wêreldoorlog het afrigters soos Sam Horn, George Pearson, Neil Emslie, Basil Blumrick, Roy Simpson, Owen Cronje, Peter Gordon en Peter Reed gesorg dat Selborne College in die skolewedstryde uitblink.[181] Die belangrikste van dié afrigters was Neil Emslie, wat die eerstespan van 1956-1972 en in 1982-1983, afgerig het.[182] Veral in Emslie se eerste vyf seisoene het die eerstespan uitsonderlik presteer deur slegs vyf wedstryde te

---

177 Dugmore, pp. 254-255; Difford, p. 578.

178 Percy Owen, Our Schools: Selborne College, (Rugby, vol. 1, July 1974, pp. 50-51).

179 Emslie and Webster, p. 193.

180 Dugmore, p. 256.

181 Emslie and Webster, p. 193.

182 Selborne Schools' Official Programme, International Schoolboy Rugby Festival, p. 4.

verloor.[183] In 1956 en 1958 het die span al sy wedstryde gewen. Benewens hulle onoorwonne rekord het kaptein, R. Elliot, se 1958-bulspan ook nege spelers vir Grens se skolespan opgelewer.[184] Die rekord is in 1960 verbeter toe elf van Selborne se spelers die Grensskoletrui oor die kop getrek het.[185]

Tydens die eerste Cravenweek in 1964 het sewe van Selborne College se spelers in die onoorwonne Grensspan gespeel.[186] Onder die sewe spelers tel André de Wet, een van die eerste Cravenweek-spelers om Springbokrugbyspelers te word.[187] Sedertdien het dié skool puik spanne en spelers bly oplewer. So het Luke Smith, latere losskakel van OP, Natal en Noord-Transvaal, in 1988 vir Selborne 'n rekord van 201 punte in agttien wedstryde aangeteken.[188] In 1989 het Bradley Taljaard se span 'n rekord van 467 punte aangeteken, terwyl 1990 se uitsoekspan die trofee vir die meeste drieë, naamlik twaalf, by die Kaapse skoleweek in Port Elizabeth ontvang het.[189] In 1992 is 'n internasionale skolerugbyfees ter viering van 'n eeu se rugby, by Selborne College aangebied, waarby verskeie buitelandse spanne betrek is.[190] Benewens Dale College en Selborne College was Queen's College ook vir Grens se skolerugby 'n ryk voedingsbron.

---

183 Peacock (ed.), p. 262.

184 <u>The Selbornian, The Magazine of Selborne College</u>, December 1956, pp. 52-55 and December 1958, pp. 70-84.

185 Dugmore, p. 281.

186 <u>The Selbornian, The Magazine of Selborne College</u>, December 1964, p. 81.

187 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1991</u>, pp. 229-230.

188 <u>The Selbornian, The Magazine of Selborne College</u>, December 1988, p. 87.

189 <u>Selborne Schools' Official Programme, International Schoolboy Rugby Festival</u>, p. 3.

190 <u>In Black and White, Paper of the Boys of Selborne College</u>, vol. 18, no. 2, p. 4.

## QUEEN'S COLLEGE IS VAN MEET AF 'N FAKTOR

Hoewel Queen's College reeds in 1858 gestig is, het die skool se rugbyklub eers in 1924 tot stand gekom. Die rede was dat sokker Queen's College se amptelike wintersport was. Die gebrek aan teenstand - al die meer prominente skole aan die Oos-Kaap het rugby bo sokker verkies - en die entoesiasme van die seuns het die stigting van dié rugbyklub genoodsaak. Hoewel stadig uit die blokke het dié skool onmiddellik sy stempel op die rugbyveld afgedruk.[191] In die eerste wedstryd het Queen's met 3-12 teen Gill College die spit afgebyt, maar het daarna in die Frontier Junior League alle teenstand voor hom weggevee deur al agt ligawedstryde te wen, 254 punte aan teken en slegs veertien punte af te staan.[192] Die Queen's Quire, jaarblad van die skool, beskryf die 1924 seisoen so: "At first it was tentative, but so rapidly did the team come under the able coaching of Mr. Naude, that it soon monopolised all the enthusiasm of the boys and the association (soccer) fixtures became almost perfunctory."[193]

Die aanvanklike sukses het Queen's College aangespoor en in 1926 berig die Queen's Quire dat: "By the victories over Selborne College and Dale College, Queen's has gained the Border Schools Championship and it is upon firm foundations like these that the school's rugby foundation is to be built."[194] Die profetiese woorde is bewaarheid toe die Gassonbeker vir die plattelandse seniortweedeliga vir vyf jaar agtereenvolgens tussen 1926 en 1930 ingepalm is.[195] Nie so profeties nie, was die skrywer van die rugbyhoofstuk in die Queen's Quire van 1927 met sy opsomming van:

---

[191] Sandy Greig, History of Queen's, unnumbered.

[192] Dugmore, p. 197.

[193] Queen's Quire, The Magazine of Queen's College, December 1927, p. 19.

[194] Queen's Quire, The Magazine of Queen's College, December 1926, p. 15.

[195] Difford, p. 577.

"J. White, at centre, played consistently well throughout the season but lacks the final dash to make him a first class three quarter."[196] Dieselfde White het later die Springbokke in tien toetse as heelagter, vleuel en senter verteenwoordig.[197]

Hoewel White in slegs een van sy vier interskolewedstryde aan die wenkant was, het Queen's College daarna in 1935, 1940, 1945 en 1950 al sy bepalings gewen. Verder het Queen's College in sy eerste halfeeu (1924-1974) meer wedstryde gewen as verloor teen al sy vernaamste teenstanders, naamlik Selborne College, Grey-kollege, Dale College en St. Andrew's College.[198] Johan Volsteedt, hoof van Grey-kollege, meld ook dat Queen's College op Queenstown sy span se moeilikste teenstander oor al die jare was.[199] In die laaste dekade het die skool effens teruggesak weens die ontvolking van die platteland.

Een van die vernaamste redes vir Queen's College se sukses was die bekwame afrigters wat by die skool afgerig het. Die bekendste van hulle was Rosie Rossensky (1930-1941), wie se spanne slegs 22 uit 93 wedstryde verloor het en Dummy Taylor (1947-1961), wat die span in 186 kragmetings met onderskeiding afgerig het.[200] Queen's College het vanweë die gespesialiseerde afrigting reeds 86 Cravenweekspelers opgelewer.[201] Dié skool speel saam met Dale College en Selborne College die hoofrol en met Cambridge High, Hoërskool Grens, Port Rex, Excelsior, Hoërskool De Vos Malan,

---

196 Queen's Quire, The Magazine of Queen's College, December 1927, p. 19.

197 Shnaps, p. 63.

198 Greig, unnumbered.

199 Mondelinge onderhoud met Johan Volsteedt, 4 Mei 1992.

200 Greig, unnumbered.

201 Amptelike program van die 29ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 13-18 Julie 1992, p. 28; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 45.

Hoërskool Transkei, Hoërskool Hangklip, Hudson Park High, Stirling High en West Bank High in ondersteunende rolle, om van Grens se skolespan 'n gedugte teenstander te maak.[202]

GRENS SE SKOLESPAN

Grens se skolespan het in 1948 sy eerste wedstryd teen Natal in Oos-Londen gespeel. Die span was 'n uitvloeisel van die Grens Hoërskole Rugbyunie (GHRU) wat in 1947 gestig is. Die inisieerders van die GHRU was Dummy Taylor (Queen's College), Reus Marais (Dale College) en Sam Horn (Selborne College). Voor 1947 het die skole deur hulle onderskeie subunies by die GRU geaffilieer. Een van die mikpunte van die GHRU was om sy gekombineerde skolespan voldoende geleentheid te gun om saam te speel. Die gevolg was dat verskeie wedstryde in die 1950's teen OP, Natal en Vrystaat gespeel is.[203] Op administratiewe terrein het veral Dummy Taylor as president van die GHRU waardevolle werk verrig. In 1962 het Jan Preuyt, hoof van Port Rex, as president oorgeneem en dié amp vir die volgende 25 jaar bekleë. Preuyt het gesorg dat Grens se skolespan in die vroeë 1960's meer provinsiale wedstryde speel en een van sy gereelde teenstanders was Griekwas.[204]

KIMBERLEY SE SKOLEDIAMANT

Anders as in die geval met die vorige provinsies het Griekwas nie 'n skool gehad wat as pionier en as sterk voedingsbron vir rugby kon optree nie. Hoërskool Diamantveld het eers van 1947 af na vore getree as die vernaamste skolekrag waaruit Griekwarugby kon put. Dié skool het reeds in 1935 die eerste Afrikaanse skool

---

202 Owen (ed.), p. 64.

203 Dugmore, pp. 207-209; Owen (ed.), pp. 61-63.

204 Owen (ed.), pp. 61-63; Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 17 Julie 1992.

geword om tot die Griekwaskoleliga toegelaat te word.[205] In 1947 palm Hoërskool Diamantveld dié skoleliga vir die eerste keer in en spog in die jare daarna met die beste vertoningslys van die Griekwaskole. Verskeie puik spanne het Hoërskool Diamantveld op die rugbyveld verteenwoordig waarvan die 1969-span waarskynlik die beste was. In dié jaar lewer dié skool twaalf Griekwaspelers op, waarvan elf spelers in die span was wat die besoekende Australiese O/17-span met 19-10 geklop het. Dit was die jong Wallabies se enigste nederlaag.[206]

Hoërskool Diamantveld het op nasionale vlak ook reeds sy merk gemaak deur twee Springbokke, Mannetjies Gericke en Flippie van der Merwe, op te lewer.[207] Wessel Lightfoot het in 1985 vir die Springbokke op die binnelandse toer gespeel. Die spelers het egter nie Springbokkleure ontvang nie.[208] Verder het Jannie van Aswegen, as kaptein, die Junior Springbokke op die veld gelei.[209] Die sterspeler van 1974, André Markgraaf met 149 punte vir sy skool, het eers as speler vir die SA-Barbarians uitgedraf, daarna Griekwas se seniorspan afgerig en is tans president van Griekwaland-Wes Rugbyunie (GWRU).[210] Verder het vier oudskoliere, Tos Smith, Peet Smith, Jannie van Aswegen en Koos Waldeck, Griekwas in 1970 gehelp om Noord-Transvaal in die Curriebeker-eindstryd te klop.[211] Dié skool het in die dekade

---

205 Van Rensburg, p. 302.

206 L.H. Wiid, Ons Skole: Die Hoërskool Diamandveld - Kimberley, (Rugby, vol. 1, Mei 1974, p. 28).

207 Shnaps, pp. 97 and 143.

208 Van Rooyen, SA Rugbyskrywersjaarboek 1986, p. 67.

209 L.H. Wiid, Ons Skole: Die Hoërskool Diamantveld - Kimberley, (Rugby, vol. 1, Mei 1974, p. 28).

210 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1986, p. 68; L.H. Wiid, Ons Skole: Die Hoërskool Diamantveld - Kimberley, (Rugby, vol. 1, Mei 1974, p. 28).

211 L.H. Wiid, Ons Skole: Die Hoërskool Diamantveld - Kimberley, (Rugby, vol. 1, Mei 1974, pp. 28-29).

1964-1974 ook 61 Cravenweekspelers opgelewer. Dit verteenwoordig meer as 30% van die spelers wat Griekwas gehelp het om op die Cravenweek sy man te staan.[212]

## 'N MOEILIKE BEGIN VIR GRIEKWAS

Die voorspoed wat Griekwas se skolerugby nou beleef, is in skerp kontras met die huiwerige begin toe rugby in 1897 vir die eerste keer hier op skolevlak beoefen is. Aanvanklik kon die skole nie die robuuste spel vereenselwig met akademiese en geestelike opvoeding nie. Met die aanstelling van onderwysers wat die rugby-atmosfeer aan die Kaapse tersiêre instellings ingeadem het, is die prorugby geledere versterk en is daar op 2 Junie 1897 besluit om 'n skoleliga, met spelers nie ouer as sewentien jaar nie, te begin. Percy Ross Frames, die president van die GWRU en ook die derde president van die SARR het 'n trofee vir dié kompetisie geskenk. Vele probleme soos die gebrek aan toerusting, geriewe en die vervalsing van ouderdomme is ondervind en so het die skole in 1911 besluit om nie langer aan die liga deel te neem nie. Deur die bemoeienis van H.C. Benett, bestuurslid van die GWRU, is skolerugby in Griekwas van 1921 af op 'n meer georganiseerde grondslag bedryf. Waar leerlinge in die vorige dekade vir klubs moes speel, kon die spelers nou vir hul eie skole uitdraf. St. Cyprians, CBC, School of Mines, Beaconsfield Public School, Boy's High en Central Boy's High, Newton West End, Kenilworth en Stockdale het aan O/18-, O/16-, O/14- en O/13-ligas deelgeneem.[213]

Met die skoleliga op 'n vaste grondslag kon Kenneth Watts en sy nuutgestigte Griekwaskolekomitee hulle werksaamhede in 1921 uitbrei en was die samestelling van 'n Griekwaskolespan hoog op die prioriteitslys. Die gevolg was dat die eerste inter-

---

212 <u>Amptelike program van die 29ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole</u>, 13-18 Julie 1992, p. 29.

213 Van Rensburg, pp. 297-299; Craven (red.), <u>Rugby in Suid-Afrika</u>, p. 19.

provinsiale skolekragmeting in Suid-Afrika, op 4 Julie 1923 in Kimberley in 'n 11-3 sege vir die tuisspan oor Natal gekulmineer het.[214] Dié wedstryd is opgevolg met kragmetings in 1923 teen Transvaal (verloor 0-8) en in 1924 teen Vrystaat (wen 3-0) Griekwas het in 1928 ook die voortou geneem in 'n poging om 'n landswye skolereeks in te stel.[215] Die belangstelling in skolerugby het so toegeneem dat die GWRU in 1948 besluit het om skolewedstryde as voorwedstryde vir kragmetings in die seniorliga te laat plaasvind. In dieselfde jaar is 'n O/19-liga vir die eerste keer ingestel en as uitvloeisel van die besluit het 'n Griekwa O/19-span op 15 Julie 1950 teen Vrystaat in Bloemfontein gespeel en met 3-8 die onderspit gedelf.[216]

Griekwas se skolespan het in 1958 'n pluimpie gekry toe hy as een van die provinsies uitgesonder is om teen Wallis te speel. Laasgenoemde se onoorwonne skolespan het op 27 Augustus voor 5 498 toeskouers met 14-3 geseëvier. In persverslae word Griekwas se verdediging as sy sterkpunt uitgesonder.[217] Griekwas sou egter sy volgende wedstryd teen 'n internasionale skolespan deeglik aangryp. Die jong Griekwas het die Australiese O/17-span in 1969 met 19-10 geklop en sy enigste nederlaag toegedien. Mangaan van der Walt, latere bekende provinsiale senter, het die span aangevoer en ook 'n drie gaan druk.[218] Intussen het Griekwas in 1964 aan die eerste Cravenweek deelgeneem en 'n blink diamant aan Springbokrugby gegee in die persoon van Joggie Jansen. Die plettervatter het in 1970 'n groot rol in die Springbokke se reeksoorwinning oor die Nieu-Seelandse All Blacks

---

214 Van Rensburg, p. 300.

215 Ibid., pp. 300-301.

216 Ibid., pp. 301-308.

217 Transvaler, 28 Augustus 1956.

218 L.H. Wiid, Ons Skole: Die Hoërskool Diamantveld - Kimberley, (Rugby, vol. 1, Mei 1974, p. 28).

gespeel.[219] Griekwas se skolespan het veral in die eerste paar Cravenweke uitgeblink en in 1965 en 1969 die toernooi onoorwonne afgesluit. 'n Hoogtepunt vir Griekwas was toe hy in 1971 die Cravenweek aangebied het. In sy B-span dié jaar was Eben Jansen wat later jare ook Springbokkleure sou verwerf.[220] Eben en Joggie Jansen is een van die 26 pare broers wat al vir Suid-Afrika gespeel het.[221] Joggie en Eben sou later Vrystaat se rugbyfontein, wat reeds deur sterk skole gevoed is, verder aanvul.

## ST. ANDREW'S SCHOOL - KORTSTONDIGE TOULEIER IN DIE OVS

Die ontdekking van diamante het vir rugby in die Vrystaat, net soos in die geval van Griekwas, 'n hupstoot gegee. Die gevolg van die ontdekking van diamante was dat talle Engelssprekendes, wat die inisieerders van georganiseerde sport in Suid-Afrika was, na die Vrystaat gestroom het. Die uitvloeisel van die groei in bevolking was dat die kinders skole nodig gehad het vir hulle opvoeding. Die skole sou, soos in die geval met die meeste ander provinsies, vir rugby die baanbrekersrol vervul.[222] Paul Dobson beweer dat Diocesan Grammar School, wat in 1863 deur biskop Twellis in Bloemfontein gestig is, die eerste keer rugby in die Vrystaat gespeel het en nie soos algemeen verwag, die magtige Grey-kollege nie. Volgens Dobson het die skool, wat later St. Andrew's College en toe St. Andrew's School geword het, in 1877 in een of ander soort voetbalwedstryd, na 'n gespook van byna twee uur, teen Catheral School gelykop gespeel. Bevestiging vir

---

[219] Steyn, pp. 157, 158, 170 en 211; Van Rensburg, p. 309.

[220] Van Rensburg, p. 311.

[221] Shnaps, p. 376.

[222] <u>Grey-kollege, 'n Suid-Afrikaanse skool</u>, p. 59.

bogenoemde bewering kon egter nie in die Eeufeesuitgawe van St. Andrew's School of in die koerante gevind word nie.[223]

Die eerste gedokumenteerde rugbywedstryd in die Vrystaat tussen Grey-kollege en St. Andrew's School het op 4 Junie 1881 plaasgevind. Die Bloemfonteinse koerant The Friend berig soos volg oor dié wedstryd: "All the youth and beauty of Bloemfontein assembled on the Cricket ground for this match. Grey College who possessed more weight than their opponents, played with great skill and we imagined at one time that they would gain the victory. The St. Andrew's boys, although outweighted, played with great tenacity of purpose. The game was most exciting and elicited frequent outbursts of applause from the partisans of both sides. After nearly two hours of play the match ended in a draw, neither side being able to obtain a goal."[224]

St. Andrew's School se pioniersrol vir rugby aldaar word verder weerspieël deurdat albei skeidsregters, eerwaarde N.A.B. Borton (eerste helfte) en J. Maxwell-Lyle (tweede helfde), personeellede verbonde aan dié skool was. Hierdie wedstryd, sowel as die kragmeting in 1882 waarin Grey-kollege met 2-0 geseëvier het, is volgens die Winchesterreëls gespeel. Benewens die periodieke wedstryde teen Grey-kollege het St. Andrew's School nie sy pioniersrol vir rugby voortgesit nie en was sokker die vernaamste sportsoort in die winter. Dié skool het volgens Daan de Wet, voorsitter van die Vrystaatse Skolerugbyvereniging en rugby-organiseerder aan St. Andrew's School, ook nie 'n vername rol in die toekomstige skolerugby-aktiwiteite in die Vrystaat gespeel

---

223 Dobson, Rugby in Suid-Afrika, 'n Geskiedenis 1861-1988, p. 24; Derek Damant, A Centenary History of St. Andrew's School, pp. 20-28.

224 Damant, pp. 22-23.

nie.[225] Die mantel om skolerugby in die Vrystaat te bevorder sou eerder op die bekwame skouers van Grey-kollege val.

KRAGTIGE GREY-KOLLEGE

Grey-kollege se verhaal begin op 17 Oktober 1855 toe Sir George Grey, destydse goewerneur van die Kaapkolonie, 'n skenking van £2 000 vir die oprigting van 'n seminarie (kweekskool) te Bloemfontein gemaak het. Hy het die voorlopige organisasie aan die NG-Kerk toevertrou en die Ring het 'n kommissie bestaande uit president J.N. Boshoff, ds. Andrew Murray en J.D. Griessel, 'n ouderling van die Bloemfontein NG-Kerk, aangestel om hom te steun met die oprigting van dié skool. Die £2 000 is in die rekening van ds. Murray gedeponeer en drie erwe is in Douglasstraat gekoop, waar die eerste skoolgebou opgerig is. Die fondasiesteen is op 13 Oktober 1858 gelê en net meer as twee jaar daarna, in Januarie 1859, het dié skool, met ds. Murray as die eerste rektor, amptelik geopen.[226]

Die "Bloemfonteinsche Kweekschool", op verskillende tydperke ook genoem "die Seminarie", "die Bloemfonteinse Kollege", "die Kollege van Sir George Grey", en uiteindelik vanaf 1868, Grey-kollege, het 'n parallelmediumkarakter aangeneem. Grey-kollege was in hierdie tydperk ook 'n setel van na-skoolse onderrig. Dr. Johannes Brill, rektor sedert 1873, het Grey-kollege uit sy kinderskoene laat groei.[227] Dr. Brill was die inisieerder van sport aan Grey-kollege en kort na sy diensaanvaarding vra hy vir die aankoop van sporttoerusting want: "Not only will this enable the boarders to occupy their free time but it will also

---

225 Damant, p. 23; Mondelinge onderhoud met Daan de Wet, 4 Mei 1992.

226 Grey-kollege, 'n Suid-Afrikaanse skool, pp. 4-5; Grey-kollege, 'n Parallelmediumskool vir seuns, 1855-1980, p. 8.

227 Grey-kollege, 'n Parallelmediumskool vir seuns, 1855-1980, p. 8

strengthen the bonds between those who play together." In 1881 bou hy op dié versoek voort deur verpligte deelname aan sport voor te stel as wyse vir die ontwikkeling van "a fresh, manly attitude, a sound competitive spirit and self-control."[228]

Nog voordat dr. Brill deelname aan sportaktiwiteite verpligtend gemaak het, is die eerste sportbyeenkoms, 'n krieketwedstryd teen St. Andrew's, op 25 Januarie 1880 gespeel. Rugby het in die volgende jaar sy buiging gemaak. In die 1890's het veral twee faktore bygedra tot die groei van rugby aldaar. Eerstens het die getal koshuisleerlinge na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand en in die Vrystaat drasties tot 100 in 1894 gestyg. Hierdeur het Grey-kollege eerder 'n nasionale as provinsiale karakter verkry en die groter leerlingtal het ook meer rugbyspelers in die hand gewerk.[229] Tweedens het twee bekwame afrigters, E.J. Spurway van Queenstown en D. Pyne-Mercier van Ierland in 1894 voldoen aan die wekroep van Grey-kollege se jaarblad van die vorige jaar dat: "Grey badly needs a man who understands the game thoroughly to teach us the rules and the principal points in playing."[230]

Spurway en Pyne-Mercier het die standaard van rugby aan Grey-kollege so opgehef dat dié skool op gelyke voet met die klubspanne van Bloemfontein kon meeding. Dié twee here het ook 'n leidende rol gespeel in die stigting van die Vrystaatse Rugbyunie (OVSRU) in 1895. Die OVSRU het in 1895 'n uitdaagbeker daargestel vir die wenner van die eersteliga. Grey-kollege het dié beker in 1896 ingepalm.[231] In dieselfde jaar het Grey-

---

[228] Grey-kollege, 'n Suid-Afrikaanse skool, pp. 58-59.

[229] Grey-kollege, 'n Parallelmediumskool vir seuns, 1855-1980, p. 9; Grey-kollege, 'n Suid-Afrikaanse skool, pp. 59-60; Damant, pp. 22-23.

[230] Grey-kollege, 'n Suid-Afrikaanse skool, p. 60.

[231] Ibid.

kollege sy eerste Springbokrugbyspeler, Herman Dirk van Broekhuizen, opgelewer.[232] Daarna het sestien jaar verloop voor dié skool in 1912 weer 'n Springbokrugbyspeler, E.E. (Boetie) McHardy, sou oplewer. McHardy, 'n vleuel, was die eerste Springbok wat 'n driekuns van drieë in 'n toets kon behaal en die Grey-kollege jaarblad van 1908 maak die volgende profetiese voorspelling: "McHardy ... as anticipated has proved a worthy successor to Van Reenen as full-back ... Will make an excellent three-quarter."[233]

In dieselfde jaar, 1912, het Grey-kollege en Grey Universiteitskollege, die latere Universiteit van die Oranje-Vrystaat, se paaie op die sportveld geskei. Die rede was dat die onderwysers nie beheer kon uitoefen oor die universiteitstudente wat nie meer onder dié skool se gesag gestaan het nie. In 1905 het die twee inrigtings reeds amptelik geskei, Grey het Grey Universiteitskollege geword terwyl Grey-kollege na die huidige terrein verskuif het.[234]

Die verlies van die universiteitstudente het Grey-kollege se rugbyprestasies egter nie nadelig beïnvloed nie en hierdie skool het die rugbytoneel in die Vrystaat oorheers. Verskeie puik spanne en spelers is opgelewer. So het die 1924-span se twee senters, Jim Wansbury en Sarel Marais, vir Vrystaat se seniorspan teen die Britse Leeus van 1924 gespeel, in die nasionale proewe

---

232 Shnaps, p. 26; Grey-kollege, Reüniesaal: C.C. Bornman Ererol.

233 Grey College School Magazine, vol. 1, no. 1, September 1908, p. 22; Shnaps, p. 44.

234 Grey College School Magazine, vol. 5, no. 18, September 1912, p. 40; Grey-kollege, 'n Suid-Afrikaanse skool, pp. 62-63: Grey-kollege, 'n Parallelmediumskool vir seuns, 1855-1980, p. 9.

uitgeblink en so byna as skoolseuns die Springbokspan gehaal.[235] Nog 'n besondere span was die eeufeespan van 1955, wat al twintig sy wedstryde gewen het. Steve Strydom, gewese president van die OVSRU was een van die uitblinkers in dié span.[236]

In die jare daarna het Grey-kollege se spanne bly presteer en so het die skool se eerstespan onder die afrigter, Stonie Steenkamp, tussen 1966-1981 slegs nege wedstryde in vyftien jaar verloor.[237] Van die bestes onder die goeie spanne in dié tydperk was die van 1966, 1967 en 1981. In 1966 en 1967 was Dawie Snyman, latere Springbokagterspeler, 'n uitblinker terwyl Morné du Plessis, latere Springbokkaptein, wat eers in sy matriekjaar deur Steenkamp van heelagter na slot verskuif is, as ongelukkig beskou was om nie in 1966 die Cravenweekspan te haal nie.[238] In 1981 het Grey-kollege die unieke prestasie behaal deur ses van die sewe agterspelers vir die SA-skolespan op te lewer. Dié span van Grey-kollege het in dertien onoorwonne wedstryde 661 punte aangeteken met slegs 58 punte teen hulle.[239]

Grey-kollege het egter nie net in spanverband uitgeblink nie. Hierdie skool het reeds 25 Springbokrugbyspelers waaronder twee Springbokkapteins, Morné du Plessis en Theuns Stofberg, opgelewer. 'n Hoogtepunt was in 1977 toe vier oudskoliere, Morné du Plessis (kaptein), Dawie Snyman (onderkaptein), Robbie Blair

---

235 Frikkie van Rensburg, Ons skole: Grey-kollege, (Rugby, vol. 1, April 1974 p. 43); Grey-kollege: 'n Suid-Afrikaanse skool, p. 64.

236 Grey-kollege Skoolblad, vol. 36, no. 52, Desember 1955, p. 54.

237 Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 4 Mei 1992.

238 Grey-kollege Skoolblad, vol. 47, no. 94, Desember 1966, p. 47, en vol. 48, no. 95, Desember 1967, p. 44; Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 4 Mei 1992.

239 Grey-kollege Skoolblad, vol. 62, no. 109, Desember 1981, p. 47.

U.O.V.S. UNIVERSITEIT
BIBLIOTEEK
1995 017 680 01

en Theuns Stofberg, vir die Springbokspan teen die Wêreldspan uitgedraf het.[240] Sedert Suid-Afrika se hertoetrede tot internasionale rugby in 1992 het hierdie skool sewe nuwe Springbokke, Heinrich Fuls, Andries Truscott, Ruben Kruger, Ollie le Roux, Naka Droske, Pieter Müller en Johan Styger, opgelewer.[241] Grey-kollege se toonaangewende rol in skolerugby word bevestig deur die 48 spelers wat tot 1993 vir die SA-skolespan opgelewer is. Die tweede beste skool is Maritzburg College met dertien spelers.[242]

Daar is verskeie redes vir Grey-kollege se sukses. Een van die belangrikste redes is die puik afrigters. Flip (Tomix) van Aarde, na wie Grey-kollege se rugbymascot, Tomix, vernoem is, A.K. Volsteedt (latere president van die OVSRU), Blou-Koos Laubscher, Stonie Steenkamp, Jos Labuschagne en Dries van der Wal het die skool se pronkspanne met onderskeiding afgerig.[243] Van der Wal wat in 1992 saam met André Swanepoel, die eerstespan se afrigter was, meld dat die eerstespan vyf dae per week twee-uurlange oefensessies het. Die aanskoulike hardlooprugby, wat 'n kenmerk van Grey-kollege se spanne is, is 'n gevolg van individuele vaardigheidsinoefening, waar hanteringsvaardighede 'n belangrike rol speel.[244] Verder het al die skool se spanne, volgens Stonie Steenkamp, 'n eenvormige spelpatroon, naamlik

---

240 Grey-kollege, Reüniesaal, C.C. Bornman Ererol; Grey-kollege argief, Grey-kollege Reünie, 1884-1984, p. 108; Beeld, 14 September 1992.

241 Sunday Times, 13 September 1992; Quintus van Rooyen, South African Rugby Review 1993, (Rugby 15, vol. 3, December 1993, pp. 62-63)

242 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 230-238; Rapport, 11 Julie 1993; Sunday Times, 11 July 1993.

243 Frikkie van Rensburg, Ons skole: Grey-kollege, (Rugby, vol. 1, April 1974, p. 43); Mondelinge onderhoude met Johan Volsteedt, 4 Mei 1992; Stonie Steenkamp, 4 Mei 1992 en Dries van der Wal, 4 Mei 1992.

244 Mondelinge onderhoud met Dries van der Wal, 4 Mei 1992.

hardlooprugby, wat voorkom dat die spelers aanpassingsprobleme in 'n nuwe span ondervind.[245]

Toekomsbeplanning speel ook volgens Van der Wal 'n belangrike rol. Die Cherries, Grey-kollege se tweedespan wat ook in die Bloemfonteinse eersteliga meeding, is die teelaarde waar jonger spelers vir die volgende jaar se eerstespan voorberei word.[246] Volgens Johan Volsteedt doen Grey-kollege geen werwing om puik rugbyspelers by die skool te betrek nie. By die keuring van skoliere, waar die aansoeke die toelatingskwota ver oorskry, word voorkeur verleen aan kinders van oudskoliere, terwyl die kinders in die voedingsarea in Bloemfontein ook betrek moet word. Verder mag nie meer as 20% van Grey-kollege se leerlinge van buite die Vrystaat se grens afkomstig wees nie. Die strewe by Grey-kollege is na 'n gebalanseerde opvoeding met 'n fyn balans tussen akademie en sport.[247] Grey-kollege het ook 'n belangrike rol gespeel in die totstandkoming van die eerste Vrystaatse skolespan in 1924.[248] Die Vrystaters het op 'n gereelde basis teen sy bure, Griekwas, deelgeneem en van die 1950's af is verskeie wedstryde teen van die Transvaalse skolespanne ook gespeel.

GOUD VIR RUGBY

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in die 1870's het talle mynwerkers na die gebied laat stroom en die gevolg was dat Johannesburg in 1886 gestig is. Sowel die mynwerkers, wat van Kimberley na Johannesburg verhuis het, as ander Britse immigrante het die Pirates Rugbyklub in 1888 gestig.[249] In dieselfde jaar

---

245 Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 4 Mei 1992.

246 Mondelinge onderhoud met Dries van der Wal, 4 Mei 1992.

247 Mondelinge onderhoud met Johan Volsteedt, 4 Mei 1992.

248 Van Rensburg, p. 301.

249 Dobson, Rugby in Suid-Afrika, 'n Geskiedenis 1861-1988, p. 24.

is Wanderers (Johannesburg) en Pretoria Rugbyklub gestig.[250] Die immigrante van Johannesburg het in 1886-1888 wedstryde teen 'n span van Pretoria gespeel.[251] Die eerste rugbywedstryd in Transvaal het juis op Maandagmiddag 29 Augustus 1873 in Pretoria plaasgevind.[252] Jan F.E. Celliers, die beroemde digter en redakteur van De Volksstem, berig dat "vele spelers er met blauwe schene afkwamen spreekte vanzelf."[253]

Dit wil blyk of die spelers na die harde wedstryde sku was vir die harde spel, want vir die volgende ses jaar is daar geen verwysing na enige rugby in dié geweste nie. In dié tydperk was krieket, perderesies en atletiek die gewilde sportsoorte. Eers met die koms van Eerwaarde Adrian Roberts in 1879 het rugby in Pretoria weer 'n hupstoot gekry met die stigting van sy Pretoria Football and Cricket Club.[254] Die stigting van die Transvaalse Rugbyunie (TRU), met die vyf klubs, Pretoria Rugbyklub, Pirates, Potchefstroom Rugbyklub, Wanderers en Kaffrarians, het rugby aldaar op 'n vaster grondslag geplaas.[255]

Die inligting oor rugby in die vroeë jare is bra skraps. Die koerante berig nie veel oor dié spel nie, terwyl J.C. Vlok, in sy gesaghebbende Rugbygeskiedenis van Noord-Transvaal, meld dat notuleboeke vroeër soos kladpapier gebruik en dan weggegooi is. Hoewel die Pretoriase Subunie reeds in 1908 gestig is, kan notules van dié Subunie eers van 1933 af nagevors word. Dié van

---

250 J. Steenkamp, Die geskiedenis van Pretoria Rugbyklub, p. 45.

251 J.T. Ferreira, J.P. Blignaut, P.J. Landman en J.F. du Toit, Transvaal Rugbyvoetbalunie - 100 jaar, p. 7.

252 J.P. Blignaut, Die Geskiedenis van die Transvaalse Rugbyvoetbalunie, p. 181.

253 De Volksstem, 4 September 1873.

254 M.C. van Zyl (red.), Noord-Transvaalrugby 50, pp. 7-8.

255 Ferreira, Blignaut, Landman en Du Toit, p. 7.

die ander jare het almal verlore gegaan.[256] Nic Putter, sekretaris van die Noord-Transvaalse Hoërskolevereniging, meld dat al dié Vereniging se verslae en notules voor 1980 verlore geraak het.[257]

Om die rede moet meestal van koerante gebruik gemaak word. Die Pretoriase Engelstalige middagblad, Pretoria News, het byvoorbeeld na die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, puik dekking aan rugby verleen. Die eerste vermelding van enige skolewedstryd in Transvaal word dan ook in die Pretoria News van 15 Junie 1903 gemaak toe Pretoria Boys' College vir Diocesan College, ook van Pretoria, met 14-0 geklop het.[258] Daar was geen skolekompetisie in Transvaal voor 1922 aangebied nie en daarom het skole meestal in die klubligas teen seniorspanne meegeding. Pretoria Boys' College, Hoërskool Eendracht, Trades School en Diocesan College, almal Pretoriase skole, het dus in die jare 1903-1908 aan die Transvaalse vierdeliga deelgeneem, met Pretoria Boys' College, wat elke keer koning gekraai het.[259]

PRETORIA BOYS' HIGH NEEM DIE VOORTOU

Skolerugby in Pretoria het 'n hupstoot gekry toe Hoërskool Eendracht en Pretoria Boys' College in 1910 saamgesmelt het om Pretoria Boys' High (PBH) te vorm. PBH was die baanbreker vir skolerugby in Transvaal. Dié skool het jaar na jaar oor 'n gedugte span beskik en het in 1910 selfs vir Tukkies se eerstespan met 6-0 die loef afgesteek. In The Pretorian, die eerste jaarboek van dié skool, word deelname aan rugby aangemoedig, want behalwe vir die bevordering "of health and development, the

---

256 J.C. Vlok, Rugbygeskiedenis van Noord-Transvaal, p. 1.

257 Mondelinge onderhoud met Nic Putter, 20 Mei 1992.

258 Pretoria News, 15 June 1903.

259 Ibid., 25 May 1908.

formation of character must be considered."[260] In 1910 het twee spanne reeds aan die Transvaalse derdeliga deelgeneem. Die eerstespan het sy bepalings onoorwonne afgesluit en het dus dié liga ingepalm.[261] 'n Verdere vyf spanne het aan die koshuisliga deelgeneem.[262]

In 1914 behaal PBH weer 'n "glorious and well deserved win" oor Tukkies, terwyl Eugene Marais, die seun van die beroemde Afrikaanse digter met dieselfde naam, met 'n skepdoel in die doodsnikke sorg dat PBH ook die Onderwyskollege Pretoria verslaan. Die twee seges het daartoe bygedra dat PBH in 1914 die derdeliga inpalm en na die tweedeliga opgeskuif is.[263] Om die toonaangewende rol van PBH in skolerugby te onderstreep het dié skool se O/16-span 'n gekombineerde O/16-span van sewentien Randse skole in 1920 met 14-3 verslaan.[264] Benewens die ses spanne wat PBH in 1921 in die liga ingeskryf het, het 'n verdere negentien spanne aan die interhuiswedstryde deelgeneem. Met 25 spanne tot sy beskikking het PBH by verre oor meer spelers as enige klub of skool in Transvaal beskik.[265]

Kwalitatief en kwantitatief dus goed toegerus, was PBH in 1922 oorgehaal om puik prestasies te behaal. Die geleentheid vir die prestasie is geskep deur die Administrateur van Transvaal, A.E.

---

260 The Pretorian, Pretoria Boys' High Magazine, no. 1, July 1910, p. 13.

261 Vlok, p. 98.

262 The Pretorian, Pretoria Boys' High Magazine, no. 1, July 1910, p. 13.

263 Tom Roy, Our Schools: First winners of the Administrator's Cup - 1922 - PBH, (Rugby, vol. 2, June 1975, p. 26); The Pretorian, Pretoria Boys' High Magazine, no. 9, July 1914, p. 12.

264 Pretoria News, 23 August 1920.

265 The Pretorian, Pretoria Boys' High Magazine, no. 21, December 1921, p. 14.

Robertson. Hy het in 1922 'n beker geskenk, die Administrateursbeker, wat elke jaar aan die beste skolespan in Transvaal toegeken sou word.[266] Onder aanvoering van I.D.W. Ecksteen het PBH in 1922 die eerste skool geword om die trofee in te palm.[267] In skerp kontras met 1922 het skolerugby in 1923 meer publisiteit in die koerante geniet terwyl meer spanne ook aan dié kompetisie deelgeneem het. Op Vrydag 24 en Saterdag 25 Augustus het die wenners van die onderskeie streke op die Wanderersveld in Johannesburg kragte gemeet. Die volgende skole het deelgeneem: die wenners van die oostelike streek, Bethal, die westelike streek, Klerksdorp, Johannesburg en omliggende gebiede, Voortrekker van Boksburg, en die noordelike streek, PBH. Laasgenoemde het vir Voortrekker in die eindronde met 17-0 geklop.[268]

Onder aanvoering van Sam Smith, Junior Springbokrugbyspeler van 1933, het PBH in 1924 vir die derde agtereenvolgende jaar die Administrateursbeker ingepalm deur Zeerust in die eindstryd met 3-0 te verslaan.[269] Na twee minder suksesvolle seisoene het PBH in 1927 die Administrateursbeker met Hoërskool Swartruggens gedeel. In 'n uitsonderlike harde eindstryd op die Wanderersveld was daar na die verstryking van die amptelike en bykomende speeltyd nog geen punte aangeteken nie en is besluit om die beker

---

[266] C.A. Horn, Ontstaan van die Rugby-Administrateursbeker-kompetisie van Transvaal, (Rugby, vol. 2, Februarie 1975, p. 26).

[267] The Pretorian, Pretoria Boys' High Magazine, no. 23, December 1922, p. 16.

[268] Pretoria News, 27 August 1923; Tom Roy, First winners of the Administrator's Cup - 1922 - PBH, (Rugby, vol. 2, June 1975, p. 26).

[269] Tom Roy, First winners of the Administrator's Cup - 1922 - PBH, (Rugby, vol. 2, June 1975, pp. 26-27).

te deel.[270] PBH het in 1928 dié beker vir die vyfde keer in sewe jaar ingepalm.[271]

In 1933 het dié skool egter besluit om nie langer aan die Administrateursbekerkompetisie deel te neem nie. Volgens W. Brooks, destydse rugbyorganiseerder van dié skool, het die rugby wat in dié kompetisie opgedis is, al hoe meer 'stug' begin raak. Verder het die uitklopstelsel van die Administrateursbekerkompetisie die vasstelling van 'n ewewigtige program van wedstryde bemoeilik terwyl Brooks ook die ongesonde gees van bekerjag as een van die redes verskaf vir PBH se onttrekking uit dié kompetisie.[272] PBH speel nie meer die toonaangewende rol in Transvaalse skolerugby, soos in die eerste drie dekades van dié eeu nie, maar sy kragmetings teen tradisionele sterk rugbyskole sorg dat PBH 'n krag bly. Die hoogtepunt van die kragmetings is teen Afrikaanse Hoër Seunskool (AHS), waar 20 spanne van dié twee skole mekaar jaarliks die stryd aansê.[273] Tot in 1993 het AHS 41 van die 85 kragmetings gewen met PBH wat 37 keer die botoon gevoer het. In sewe wedstryde is die louere gedeel. Dié tradisieryke kragmeting is sedert 1984 uitgebou met die instelling van 'n AHS-PBH dinee op die vooraand van die wedstryd.[274]

---

270 Pretoria News, 28 August 1927.

271 The Pretorian, Pretoria Boys' High Magazine, no. 28, December 1928, p. 35.

272 Vlok, pp. 100-101; The Pretorian, Pretoria Boys' High Magazine, no. 33, December 1933, p. 36.

273 The Pretorian, Pretoria Boys' High Magazine, no. 91, December 1991, p. 73.

274 Sarel Wolmarans, Afrikaanse Hoër Seunskool - Die Trots van Pretoria (Rugby 15, vol. 1, Oktober 1991, p. 43); Official Programme, Pretoria Boys' High vs Afrikaanse Hoër Seunskool, 6 June 1992; Pretoria News, 6 June 1992; Transvaler, 8 Junie 1992; Amptelike program van die 85ste ontmoeting tussen Afrikaanse Hoër Seunskool en Pretoria Boys' High, 12 Junie 1993, pp. 1-5.

DIE LIG VAN PRETORIA

Die leuse van die AHS - "laat daar lig wees" - is betekenisvol. Eerstens het die Afrikaanse Hoërskool, wat op 28 Januarie 1920 geopen het, lig op Afrikaans as voertaal gewerp deur die eerste skool in Suid-Afrika te word om Afrikaans as medium vir alle vakke te gebruik. Tweedens het AHS se leerlinge en oudskoliere as spelers, afrigters en administrateurs nuwe lig vir rugby in Pretoria laat opgaan. Die suksesverhaal het in 1920 in die woonhuis van genl. Piet Joubert, Visagiestraat 218, begin met drie onderwysers en 44 leerlinge teenwoordig.[275] Op 26 Januarie 1927 word die nuwe skoolgebou in Bondstraat, die huidige ligging, betrek. In 1930 is die Afrikaanse Hoërskool verdeel in AHS en Afrikaanse Hoër Meisieskool (AHM).[276]

Die eerste skoolhoof, Frank le Roux, skryf in sy jaarverslag van 1920 dat die skool slegs 'n kwartaal aan die gang was toe die leerlinge 'n rugbyklub gestig het. Hoewel die skool nie oor sy eie rugbyvelde beskik het nie (daar is gebruik gemaak van die Oostelike Sportterrein, tans Loftus Versfeldterrein) het die skool reeds in 1922 spanne in die Transvaalse ligas ingeskryf en die eerstespan het tweede in die tweedeliga geëindig deur slegs teen Pretoria Rugbyklub se tweedespan te verloor. Die 10-3 sege oor Onderwyskollege Pretoria se eerstespan was 'n hoogtepunt dié seisoen.[277] Soos die gebruik destyds was, het onderwysers, Piet Kruger, Dalie Naude en Stickles Redelinghuys vir AHS gespeel. Die ereboog by AHS is na laasgenoemde vernoem.[278]

---

275 G.J. Potgieter, <u>Die Afrikaanse Hoër Seunskool en sy mense</u>, pp. 1-6.

276 Wolmarans, <u>Afrikaanse Hoër Seunskool - Die Trots van Pretoria</u>, (<u>Rugby 15</u>, vol. 1, Oktober 1991, p. 43); Potgieter, pp. 6-8.

277 Potgieter, p. 60.

278 Vlok, p. 100.

In die volgende jaar (1923) het AHS met slegs skoolseuns, vir die eerste keer aan die Administrateursbekerkompetisie deelgeneem. AHS het 'n trotse rekord in dié kompetisie, van 1982 af bekend as die Direkteurstrofee, opgebou. Tot in 1993 spog AHS met die beste rekord van al die Transvaalse skole en het die trofee reeds agt keer verower, terwyl hulle drie keer naaswenners was.[279] In 1940 het AHS dié trofee vir die eerste keer ingepalm deur onder leiding van die sterk vleuel, C. Malan, vir Ventersdorp in die eindstryd met 21-6 te verslaan.[280] Slegs vier jaar daarna was AHS weer in die eindstryd, maar moes die keer met 0-3 die onderspit teen Heidelberg Volkskool delf.[281] Hoewel AHS in 1957 die trofee ingepalm het en in 1958 en 1959 in die eindstryd gespeel het, was AHS veral sedert 1970 die toonaangewende skolekrag in Transvaal met vyf seges om die trofee.[282]

Dit was egter nie net in die Administrateursbekerkompetisie waar AHS homself onderskei het nie. Dit gebeur dikwels dat AHS meer as die helfte van die Noord-Transvaalse skoleligas wen. In wyer verband is drie Springbokke, Louis Schmidt (1958), Tonie Roux (1968) en Pierre Edwards (1980) reeds opgelewer, asook talryke provinsiale- en Cravenweekspelers. So was daar in 1991 ses AHS-spelers in die onoorwonne Noord-Transvaalse Cravenweekspan.[283] Volgens dr. Pierre Edwards, lid van AHS se 1970-Administrateurs-bekerwenspan en sedert 1991 hoof van dié skool, is daar talle faktore wat bydra tot AHS se suksesresep. Eerstens speel dié

---

279 Wolmarans, Afrikaanse Hoër Seunskool - Die Trots van Pretoria, (Rugby 15, vol. 1, Okober 1991, p. 43).

280 Die Lig, Jaarblad van die Afrikaanse Hoër Seunskool, no. 11, 1940, pp. 15-16.

281 Transvaler, 4 September 1944.

282 Die Lig, Jaarblad van die Afrikaanse Hoër Seunskool, no. 28, 1957, pp. 80-83, Potgieter, pp. 64-67.

283 Wolmarans, Afrikaanse Hoër Seunskool - Die Trots van Pretoria, (Rugby 15, vol. 1, Oktober 1991, p. 43); Afrikaanse Hoër Seunskool Promosieblad, 1994, p. 6.

skool vyftienmanrugby in 'n provinsie waar die klem op tienmanrugby val. Dié hardlooprugby word op eenvormige wyse vanaf O/13-vlak geïmplimenteer sodat die spelers by enige span kan inskakel. Verder is AHS se veggees reeds legendaries. Male sonder tal het AHS in die laaste paar minute van 'n Administrateursbeker-uitspeelwedstryd die wendrie met skouspelagtige bewegings gaan druk.[284]

Een van die beste voorbeelde was in die halfeindronde van dié kompetisie in 1984. Potchefstroom Gimnasium het met 16-14 voorgeloop, toe AHS in die laaste beweging van dié wedstryd die bal 23 keer hanteer en vier keer van rigting verander het, voordat stut Henry Kelbrick drie teenstanders op hom getrek het om flank Mark Minnaar oor te stuur vir die wendrie.[285] Verder merk dr. Edwards op dat die wengedagte nie by dié skool oordryf word nie, maar dat die genotbeginsel eerder voorrang geniet.[286] Indien die vermelde prestasies in ag geneem word, is dit geen verrassing dat AHS 'n deurslaggewende rol in die Noord-Transvaalse skole-opset gespeel het nie.

## NOORD-TRANSVAAL SE SKOLERUGBY

Die eerste vermelding van 'n Hoërskolevereniging word op 27 Julie 1914 in die Pretoria News gemaak, toe vermeld word dat 'n skoleliggaam die Pretoria Subunie se vergadering bygewoon het.[287] Al die skolevereniging se dokumente het voor 1980 verlore geraak en daar moes dus op koerantverslae en die notules van die Pretoria Subunie en die Noord-Transvaalse Rugbyunie (NTRU) staat gemaak word vir inligting. Hoewel daar lukraak met die notules van die

---

284 Mondelinge onderhoud met Pierre Edwards, 19 Mei 1992.

285 Beeld, 5 September 1984.

286 Mondelinge onderhoud met Pierre Edwards, 19 Mei 1992; Affies Alumni, Maart 1994, p. 3.

287 Pretoria News, 24 April 1914.

skole omgegaan is, het die belangrikheid van skolerugby nie die NTRU ontglip nie. Prof. Davel, president van die NTRU, het in 1938 geen geheim daarvan gemaak dat die NTRU alleen sterk kan wees indien rugby op skolevlak sterk is.[288] Tydens die stigting van die NTRU in 1938 het nege hoërskole, PBH, AHS, Rustenburg, Brits, Pretoria Tegniese Kollege, Christian Brothers College, Erasmus en Brits Landbouskool, die spel beoefen.[289]

Die voordurende aanwas van nuwe hoërskole het skolerugby se basis versterk. So het Pretoria-Wes en Michael Brink (tans Hoërskool Hendrik Verwoerd), en Clapham High (1949), Langenhoven en Wonderboom (1951), F.H. Odendaal (1952), Oos-Moot (1953), Tuine (1958), Elandspoort en Frikkie Meyer van Thabazimbi (1960), Bergsig van Rustenburg en C.R. Swart (1961), Lyttelton Manor, Hoër Tegnies John Vorster en Voortrekkerhoogte (1962), Tuine Tegnies, Menlopark en Parkstraat Handelskool (1963) die geledere tot voor die eerste Cravenweek in 1964 versterk.[290] Daar was dus 'n aantal plattelandse skole by die NTRU betrek en eers met die afstigting van hul onderskeie bonde sou die genoemde plattelandse skole se paaie eers van Noord-Transvaal skei. Die vermeerdering van skole het ook 'n toename in skolekompetisie meegebring. So was daar in 1963 reeds 216 spanne en in 1991, 393 spanne met 6 270 spelers.[291]

Weens die toename van skole en spelers het die NTRU in 1962 besluit om aan die Noord-Transvaalse Hoërskolevereniging Subuniestatus toe te ken. Die Noord-Transvaalse Hoërskolespan het

---

288 Noord-Transvaal Rugbyunie argief: Pretoria Subunion Minutes: Application for the formation of a Northern Transvaal Rugby Football Union, 25 May 1937, pp. 1-2.

289 Vlok, p. 101.

290 Van Zyl (red.), pp. 334-335; Vlok, p. 101.

291 Van Zyl (red.), p. 334; NTRU argief: Notule van die vier en vyftigste jaarvergadering van die NTRU, 28 November 1991, p. 23.

sy eerste wedstryd teen Natal in 1946 in Durban gespeel. Daarna is gereelde wedstryde teen ander provinsiale skolespanne gespeel. Die Noorde se skolespan het knap in die wedstryde vertoon en in 1962 al vyf sy wedstryde gewen.[292] In 1963 het die skolespan ook sy bepalings onoorwonne afgesluit, met die hoogtepunt die sege oor 'n sterk Transvaalspan.[293] Met die reeds vermelde toename in spelertal en die puik vertonings van die skolespan, was die Noorde oorgehaal om in die eerste Cravenweek in 1964 welslae te behaal. Die ontwikkeling van rugby in Johannesburg en omstreke was egter nie so snel soos dié in Pretoria nie.

## TRANSVAALSE SKOLE

Skolerugby aan die Rand het eers in die 1910's beslag gekry met Avenue, City and Suburban School, Mayfair, Melville, Spes Bona, Turffontein en Twist Steet as die pioniers. Dié skole het in 1920 die Transvaalse Skolesubunie gestig met W.S.M. Wood as die voorsitter. Hierdie Skolesubunie het 'n O/16-liga begin met sewentien deelnemende skole.[294] 'n Gekombineerde span van die sewentien skole het in sy stigtingsjaar met 3-14 teen PBH die onderspit gedelf.[295] Na die huiwerige begin het skolerugby aan die Rand vinnig sy voete gevind en in 1922 het daar reeds 43 spanne aan 'n O/16- en O/14-liga deelgeneem.[296] Die stigting van Helpmekaar-Hoërskool in 1921, later bekend as die Hoër Seunskool

---

[292] NTRU Notuleboek 1962: Notule van die sesde vergadering van die vyf en twintigste Uniekomitee, 15 Oktober 1962, p. 3.

[293] Van Zyl (red.) p. 334; NTRU Notuleboek 1963: Notule van die sesde vergadering van die ses en twintigste Uniekomitee, 7 Oktober 1963, p. 4.

[294] Ferreira, Blignaut, Landman en Du Toit, p. 162.

[295] Pretoria News, 23 August 1920.

[296] Ferreira, Blignaut, Landman en Du Toit, p. 162.

Helpmekaar, het skolerugby in dié geweste 'n groot hupstoot gegee.[297]

Die Transvaal Rugbyvoetbalunie (TRVU) het die bevordering van skolerugby, as een van sy grootste prioriteite gestel en gevolglik was die voorsitter van die Skolesubunie ook outomaties 'n ondervoorsitter van die TRVU. In 1938 word 'n Skolevereniging vir alle hoër- en laerskole (Engels- en Afrikaanssprekend) gestig. In 1963 word twee aparte Verenigings, een vir hoërskole en een vir laerskole gestig.[298] Volgens Piet Malan, die eerste voorsitter van die Transvaalse Hoërskolevereniging, was die rede vir dié twee Verenigings die bedryf van rugbypolitiek. Teen 1963 is die TRVU deur Engelssprekendes bedryf, terwyl die Skolevereniging deur Afrikaanssprekendes beheer is. Deur die Skolevereniging in hoër- en laerskole te verdeel, het die Afrikaanssprekendes toe meer stemme op die jaarvergadering van die TRVU gehad en het dit bygedra dat Tony Sanderson en sy bestuur in 1963 in die verkiesing verslaan is. Jannie le Roux het die nuwe president van die TRVU geword met Piet Malan as een van die ondervoorsitters.[299]

Onder Malan het skolerugby so uitgebrei dat daar in 1964 reeds 83 deelnemende hoërskole met 745 spanne, 11 310 spelers en 635 onderwysers as afrigters was.[300] Skolerugby het bly groei, sodat Transvaal in 1991 die Unie met by verre die meeste skolespelers, 18 720, in die land kon spog.[301] Van die deelnemende hoërskole

---

[297] Helpmekaar-Hoërskool, Gedenkuitgawe 1921-1941, Oktober 1942, p. 99.

[298] Ferreira, Blignaut, Landman en Du Toit, pp. 167-169.

[299] Mondelinge onderhoud met Piet Malan, 26 Junie 1992; Piet Malan privaatversameling: Foto's van die TRVU besture 1963 en 1964.

[300] Ferreira, Blignaut, Landman en Du Toit, p. 169.

[301] SARR argief: Finansiële jaarstate op 30 November 1991 en oorsig van die Raad se werksaamhede gedurende 1991, p. 94.

was Helpmekaar en Hoërskool Monument die skole wat die grootste inset gelewer het.

## HELPMEKAAR - TRADISIONELE RUGBYKRAG

Helpmekaar was slegs drie maande oud toe hy 'n eersterugbyspan in 1921 in die veld gestoot het. Die oudste Afrikaanse hoërskool aan die Rand het in G. Vodegel 'n bedrewe afrigter gehad. Een van die hoogtepunte van dié eerste seisoen was toe Vodegel skepdoele gedemonstreer het en met sy houtvoet 'n gat in die bal geskop het. Mafuta Kruger, 'n voorspeler wat in die ou mate meer as ses voet in sy sokkies gestaan het, kon nou wel nie sy afrigter nadoen om die bal stukkend te skop nie, maar sy vier škepdoele het gesorg dat Helpmekaar sy eerste wedstryd kon wen.[302] Helpmekaar se rugby het bly groei en in 1923 is drie spanne vir die Randse ligas ingeskryf, waarvan die eerstespan die Randse skolekompetisie gewen het.[303]

Die Administrateur van Transvaal, J.H. Hofmeyr, het in 1927 'n beker vir die Randse hoërskole geskenk en Helpmekaar het sy aanspraak as die voorste Randse hoërskool bevestig deur die beker in te palm. Vanaf dié jaar het Helpmekaar ook aan die Administrateursbekerkompetisie deelgeneem. In 1936 is Helpmekaar eers in die halfeindstryd van dié kompetisie deur Standerton gestuit, maar het daarvoor vergoed deur die Johannesburgse Stadsraadbeker, wat uitgeloof is ter herinnering aan die Jubileumfees, te verower.[304] Dié skool het in 1938 die eerste

---

302 Helpmekaar-Hoërskool, Gedenkuitgawe 1921-1941, p. 99.

303 Helpmekaar-Hoërskool, Jaarblad, no. 1, November 1923, p. 52.

304 Helpmekaar-Hoërskool, Gedenkuitgawe 1921-1941, pp. 101.

keer die Administrateursbeker gewen deur Ventersdorp in die eindstryd met 12-6 te verslaan.[305]

Met Piet Malan aan die stuur het Helpmekaar in 1962 weer die botoon in dié kompetisie gevoer, terwyl die 1975-span dié beker met Nelspruit gedeel het. In 1975 het die span ook 'n toer na Europa onderneem en slegs een van sy vier wedstryde, teen 'n gekomineerde studentespan van ses universiteite, verloor.[306] Benewens sy volgehoue puik vertonings in die Administrateursbekerkompetisie het dié skool ook reeds 94 Cravenweekspelers, op Hoërskool Monument na die meeste van enige skool, vir die Transvaalse span opgelewer.[307] In 1991 het Helpmekaar vir 'n uitsonderlike prestasie gesorg toe Jan Bosch en Eugene Powell as die kapteins van onderskeidelik die Transvaalspan en Transvaalse Vyftiental gekies is.[308]

Beide G.P. Prinsloo, vanaf 1986 hoof van dié skool, en Piet Malan, van 1946-1963 verbonde aan Helpmekaar, verwys na die besondere gees onder die seuns as die vernaamste rede vir dié skool se sukses. Die ontvolking van die Johannesburgse middestad het daartoe gelei dat slegs 280 seuns dié skool in 1993 bywoon.[309] Om ten spyte van die klein getalle, nog in 1991 die eindstryd en in 1992 die halfeindstryd van die Transvaalse afdeling te haal, en saam met Hoërskool Monument die toon in die

---

305 Helpmekaar-Hoërskool, Jaarblad, vol. 15, Desember 1938, p. 43.

306 Gerhard Burger, Ons Skole: Helpmekaar, (Rugby, vol. 2, Oktober 1975, pp. 18-19); Helpmekaar-Hoërskool 50, Gedenkuitgawe 1921-1971, p. 63.

307 Amptelike program van die 29ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 13-18 Julie 1992, p. 43.

308 Mondelinge onderhoud met G.P. Prinsloo, 26 Junie 1992 en Piet Malan, 26 Junie 1992.

309 Die Helpie, Jaarblad van die Hoër Seunskool Helpmekaar Jaarblad, vol. 66, Desember 1991, p. 41.

geweste aan te gee, spreek boekdele vir dié skool se rugbykrag.[310]

## 'N MONUMENT VIR RUGBY IN KRUGERSDORP

Die opskrif "Monument gee pas aan" in Transvaal se Hoërskole-rugbyvereniging se kwartaalblad, is 'n getuigskrif vir Hoërskool Monument se rugbykrag. Dié skool het die afgelope tien jaar nege keer die Wes-Randse streek van die Administrateursbekerkompetisie ingepalm en verskeie kere die Transvaalse streek gewen.[311] Monument het in bogenoemde kompetisie vier keer - 1953, 1979, 1980 (deel met Hugenote) en 1984 (deel met AHS) - koning gekraai.[312] Die Krugerdorpers is een van die min spanne wat daarmee kan spog dat hulle Grey-kollege van Bloemfontein drie jaar agtereenvolgens - 1991-1993 - kon verslaan het.[313] Monument het ook die meeste Cravenweekspelers vir Transvaal (141) opgelewer, terwyl sewe van sy spelers vir die SA-skolespan uitgedraf het.[314]

Monument se rugbyverhaal begin in 1921 saam met die stigting van die skool. Ten spyte van die gebrek aan oefengeriewe wen die O/15-span reeds in 1922 die Transvaalse liga.[315] In 1931 vermeld S. du Plessis, sekretaris van die rugbyklub, in die jaarblad dat die skool reeds oor vyf spanne "dit is omtrent die ganse

---

310 Transvaler, 10 Augustus 1992.

311 Transvaalse Hoërskolerugbyvereniging, Mei 1992, p. 2.

312 J.C. Mentz (red.), Hoërskool Monument gedenkblad, 1921-1971, p. 52; P.M. Havenga (red.), Hoërskool Monument 70, 1921-1991, pp. 64, 98, 105 en 116; Monnaskroniek 1980, p. 40.

313 Beeld, 28 Junie 1994.

314 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 238; Die Burger, 20 Julie 1992; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 50.

315 Havenga (red.), pp. 7-9.

mannelike bevolking van die skool" beskik, waarvan vier spanne - die tweede, derde, O/15 en O/14 - hul ligas ingepalm het.[316] Met die aanstelling van J.W. Lange in 1936 het Monument 'n voorslag-afrigter bygekry. Lange, wat die eerstespan tot 1953 afgerig het, se span het twee keer in die eindstryd verloor, voor skeepsreg in 1953 geskied het toe Monument vir Gimnasium van Potchefstroom met 14-6 in die eindstryd verslaan het.[317] Na Lange se vertrek het Monument steeds op sy grondslag voortgebou en is tans een van die gevreesde rugbyskole in die land.[318] Net wes van Monument en Krugersdorp setel in die studentedorp van Potchefstroom nog 'n sterk skolerugbyvesting.

## HOëR VOLKSKOOL POTCHEFSTROOM - PRONKSKOOL VAN WES-TRANSVAAL

Die Hoër Volkskool Potchefstroom is in 1922 gestig en het hom sedertdien as die voorste skolekrag in die Wes-Transvaal onderskei.[319] Hierdie skool het sedert die stigting van die Wes-Transvaalse Hoërskolerugbyvereniging in 1958 die ruggraat gevorm van dié geweste se provinsiale skolespan. So het Volkskool reeds 127 Cravenweekspelers opgelewer met die naasbeste HTS Potchefstroom se 84 spelers.[320] In spanverband het Volkskool ook uitgeblink deur die Administrateursbeker reeds sewe keer (1939, 1949-1951, 1961, 1976 en 1983) in te palm. Die driekuns van seges

---

316 Hoërskool Monument, Jaarblad Desember 1931, p. 42.

317 Mentz (red.), p. 52.

318 Hoërskool Monument, Jaarblad 1991, p. 54.

319 J.H. van Zyl, Ons Skole: Hoër Volkskool Potchefstroom bou op spanpogings, (Rugby, vol. 1, Oktober 1974, p. 28).

320 Amptelike program van die 29ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 13-18 Julie 1992, p. 48; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 55.

van 1949-1951 kon nog deur geen ander skool geëwenaar word nie.[321]

Een van die redes vir hierdie skool se sukses was puik afrigters soos oud-Springbokstut, Nic du Plessis, oud-Springbokslot, Johan Claassen, Jack Pauw, Victor Hesse, A.W. Muller, Nico Hudson, Peet van der Walt (die afrigter tydens die driekuns), Willem Kruger, Andrew Bird, die Junior Springbok, Spiere van Rensburg en Boet Vorster (afrigter van 1976 en 1983 se wenspanne).[322] Verder het veral Andries van Rooijen, skoolhoof van 1961-1979, gesorg dat die skool oor die beste moontlike oefengeriewe beskik.[323] Net soos wat Hoër Volkskool Potchefstroom in die Wes-Transvaal die botoon voer, so het nog 'n Volkskool, die keer in Heidelberg, die septer in die Oos-Transvaal geswaai.

HEIDELBERG HOËR VOLKSKOOL - PIONIER VAN DIE ADMINISTRATEURSBEKER

Die Heidelbergers het net soos hul eweknieë van Potchefstroom die Administrateursbeker sewe keer ingepalm. Die gloriejare was 1925, 1926, 1931, 1932, 1944, 1945 en 1963.[324] Dat daar hoegenaamd om die Administrateurbeker meegeding word, kan aan die ywer van Heidelberg Hoër Volkskool se personeel toegeskryf word. Nadat hierdie skool en sy rugbyklub in 1915 gestig is, het hy

---

[321] Van Rooyen (ed.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1991</u>, pp. 276-277.

[322] Van Zyl, <u>Ons Skole: Hoër Volkskool Potchefstroom bou op spanpogings</u>, (<u>Rugby</u>, vol. 1, Oktober 1974, p. 28); <u>Hoër Volkskool Potchefstroom Jaarblad 1976</u>, p. 43 en <u>1983</u>, p. 71.

[323] Mondelinge onderhoud met A. van Rensburg, 14 September 1992.

[324] Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1991</u>, pp. 276-277.

onmiddellik sy stempel teen seniorklubspanne afgedruk.[325] Heidelberg Hoër Volkskool wou egter graag op 'n gereelde basis teen ander skoolspanne begin speel en sy skoolhoof, A.J. Louw, het die Transvaalse Onderwyskongres in April 1920 gesien as 'n geleentheid om sy planne van stapel te stuur.[326]

Louw roep tydens dié kongres al die hoofde van die hoërskole byeen en die stigting van 'n Hoërskolerugbyvereniging word bespreek. In dieselfde jaar word oorgegaan tot die stigting van so 'n Vereniging met Louw in die voorsitterstoel en J.P. Malan, afrigter van Heidelberg Hoër Volkskool se eersterugbyspan, as sekretaris.[327] Volgens Malan is met die TRU onderhandel oor die aanbied van 'n gesentraliseerde skoletoernooi. Die TRU het toegestem om die kompetisie te reël en 'n beker vir die wenspan is deur A.G. Robertson, Administrateur van Transvaal, geskenk.[328]

Nadat Heidelberg Hoër Volkskool vir die eerste vier dekades die suksesvolste span was, het die skool se prestasies sedert 1970 begin afplat.[329] Volgens F.S. Bothma, sedert 1983 hoof van hierdie skool, het die ontvolking van die platteland 'n daling van getalle meegebring. Verder het verskeie nuwe skole tot stand gekom en in dié strawwe kompetisie kan hierdie skool nie meer

---

325 C.A. Horn, Ons Skole: Heidelbergse Hoër Volkskool - Pioniers van die Administrateursbekerkompetisie, (Rugby, vol. 1, Augustus 1974, p. 22-23).

326 Horn, Ontstaan van die Administrateursbekerkompetisie van Tvl, (Rugby, vol. 2, Februarie 1975, p. 18).

327 Horn, Ons Skole: Heidelbergse Hoër Volkskool - Pioniers van die Administrateursbekerkompetisie, (Rugby, vol. 1, Augustus 1974, p. 22-23).

328 Horn, Ontstaan van die Administrateursbekerkompetisie van Tvl, (Rugby, vol. 2, Februarie 1975, p. 18).

329 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 276-277.

soos vroeër oorheers nie.[330] Hoewel dus nie meer 'n vooraanstaande rugbykrag nie, is Heidelberg Hoër Volkskool, vanweë sy historiese belang, een van die uitstaande skolerugbybakens in Transvaal.

## SAMEVATTING

Soos in hierdie hoofstuk bespreek, is daar 'n aantal skole wat 'n uitnemende rol vertolk het in die vesting en uitbou van rugby in Suid-Afrika. Dié skole het egter nie net op rugbygebied hulle stem dik gemaak nie. In hul boek Historic Schools of South Africa, An Ethos of Excellence, bespreek Peter Hawthorne en Barry Bristow vyftien Engels- en parallelmediumskole wat in hierdie hoofstuk onder loep gekom het. Slegs St. Andrew's School van Bloemfontein tel nie onder die uitsoek 23 skole wat in hierdie boek onder die soeklig geplaas is nie. Die kriteria vir plasing in die boek sluit onder meer historiese belang, prestasies van oudskoliere, argitektuur, sport-, kulturele- en akademiese uitnemendhede in.[331]

Die boek sluit egter nie Afrikaansmediumskole in nie. 'n Onlangse studie het bevind dat 'n buitengewoon hoë persentasie van Suid-Afrika se presteerders aan minder as twintig skole opgelei is. Daar is sewe Afrikaanse of parallelmediumskole wat buite verhouding presteer het in hulle bydrae tot dié elite. Hulle is: Grey-kollege, Afrikaanse Hoër Seunskool, Paul Roos Gimnasium, Hoër Jongenskool Paarl, Gimnasium Paarl en twee skole wat nie in die hoofstuk behandel is nie, naamlik Wellington Hoër Seunskool en Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad.[332]

---

330 Mondelinge onderhoud met F.S. Bothma, 15 September 1992.

331 Hawthorne and Bristow, Foreword and pp. 1-11.

332 Rapport, 14 Junie 1992.

Die vraag ontstaan waarom juis hierdie skole presteer en watter rol rugby speel in die opbou van dié spogskole se wenbeeld. Volgens dr. Pierre Edwards, speel die dissipline wat rugby verg, 'n groot rol in die vestiging van dissipline in die wyer skoolverband. Dit geld veral in seunskole. Die strewe na uitnemendheid en die kultuur om jou beste te gee is nog 'n rede vir sukses.[333] Louis Terblanche, wat op 26 Februarie 1994 verkies is as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, beweer dat sodra 'n skool begin wen, wil andere hom wen en sodoende word 'n samehorigheidsgevoel geskep om die aanslae af te weer. Deur dié sukses word 'n ryke tradisie geskep wat na alle fasette van die skool suurdeeg.[334]

Rugby as saambindingskrag in 'n skool word verder deur G.M. Sweeney, 'n oudskolier van Martizburg College, onderstreep. Hy het reeds in die vorige eeu gemeld dat "the introduction of rugby football more than anything else, impressed upon the individuals the College stamp and induces a great espirit de corps."[335] Skonk Nicholson, beroemde gewese afrigter van dié skool, meld verder dat dit sy ondervinding is dat skoliere wat op akademiese gebied sukkel, 'n verbetering hier ondervind die oomblik wanneer hulle op die sportgebied begin presteer.[336] Stonie Steenkamp, gewese afrigter van Grey-kollege en die SA-skolespan, sluit hierby aan wanneer hy meld dat rugby die selfbeeld van skoliere help bou sodat hulle ook op ander terreine sukses kan behaal.[337]

---

333 Mondelinge onderhoud met Pierre Edwards, 3 Mei 1994.

334 Mondelinge onderhoud met Louis Terblanche, 8 Julie 1993.

335 Skriftelike medeling deur Skonk Nicholson, 28 Julie 1993, pp. 2-3.

336 Ibid.

337 Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993.

Jan Preuyt, van 1965-1988 die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging lê klem op die karakterbouende aspekte van die spel. Die speler moet hier leer om met waardigheid te kan seëvier en te kan verloor. Dieselfde eienskappe moet hy later in sy lewe ook kan toepas.[338] Dr. Edwards onderstreep die opvoedkundige waarde van die spel deur te sê dat in enige spansport moet die spelers ter wille van 'n ideaal opoffer. In rugby, 'n kontaksport, is daar verder die fisieke gevaar teenwoordig en besef die speler dat as hy nie vir sy spanmaat omgee nie, kan een van hulle seerkry. Verder moet sportmangees en nie die wen-ten-alle-koste-benadering nie by die rugbyspelers tuisgebring word.[339]

Dié spel bied - anders as die meeste ander sportsoorte - verder ook 'n tuiste vir alle skoliere. Hier diskwalifiseer liggaamsbou jou nie, sodat rugby net soos die samelewing, 'n plek vir almal bied.[340] J.F.W. (Pottie) Potgieter, in 1993 voorsitter van die Suidoos-Transvaalse Hoërskolerugbyvereniging en hoof van die sterk rugbyskool HTS Middelburg, beweer dat rugby in swakker sosio-ekonomiese gebiede 'n opboudende rol kan speel in die skepping van 'n wenkarakter.[341] Spiere van Rensburg, in 1994 voorsitter van die SA-skole se keurkomitee en hoof van Hoërskool Ermelo, sê dat rugby tradisie en trots skep.[342] Jos Labuschange, gewese afrigter van Grey-kollege en Vrystaat se skolespan, meld dat dié skool se rugby nie net die maatstaf vir alle skole in die land was nie, maar ook vir al die bedrywighede by die skool

---

338 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 8 Julie 1993.

339 Mondelinge onderhoud met Pierre Edwards, 3 Mei 1994.

340 Ibid.

341 Mondelinge onderhoud met J.F.W. Potgieter, 8 Julie 1993.

342 Mondelinge onderhoud met Spiere van Rensburg, 6 Julie 1993.

self.[343] In hoofstuk sewe sal die opvoedkundige grondslae van rugby, waarna hier vlugtig verwys is, meer breedvoerig bespreek word.

Dit is dus duidelik dat rugby 'n deurslaggewende rol in Suid-Afrikaanse skole speel. Dit word deur die seuns as die spel van die manne beskou, aldus dr. Pierre Edwards.[344] As nasionale spel van die blankes geniet rugby ook wye pers- en televisiedekking. Die hertoetrede tot die internasionale rugbyforum in 1992 bied ook vir die spelers die bykomende ideaal om vir die SA-skolespan en later vir die Springbokke teen ander internasionale spanne te kan uitdraf. Die SA-skolespan was 'n uitvloeisel van die Craven-week wat op sy beurt weer onstaan het uit die behoefte om vir die room van Suid-Afrika se skolespelers die geleentheid te bied om buite skoolverband hul staal te kan toon.

---

343 Skriftelike mededeling deur Jos Labuschange, 2 Augustus 1993, pp. 2-3.

344 Mondelinge onderhoud met Pierre Edwards, 3 Mei 1994.

# HOOFSTUK 2

# DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE CRAVENWEEK VIR HOëRSKOLE

## AANLOOP

Hoewel die gedagte aan 'n nasionale skoletoernooi eers in die sestigerjare stukrag gekry het, is die aanbieding van so 'n toernooi heelwat vroeër al gekoester. So vroeg as 11 Maart 1928 het vier provinsies - Griekwas, Vrystaat, Transvaal en Natal - se Skoleverenigings tydens 'n vergadering in Bloemfontein voorgestel dat hul skolespanne om die H.C. Benettbeker, vernoem na die voormalige voorsitter van Griekwas se Skolerugby-vereniging, meeding. Die skolespanne sou dan gereeld saam met die Curriebekerspanne reis en in voorwedstryde optree. Dié skolestryd het weens 'n gebrek aan fondse egter nie plaasgevind nie en die onderskeie provinsies se skolespanne het op 'n ongereelde basis teen mekaar meegeding.[1]

Na die onsuksesvolle poging van bogenoemde vier provinsies om 'n nasionale skoletoernooi aan te bied, het drie dekades verloop voordat dié ideaal deur nuwe breinkrag gevoed is. Volgens D.N. Emslie, voorsitter van Grens se Hoërskolerugbyvereniging in 1958 en weer in 1960, het bogenoemde Unie dikwels die idee van 'n rugbyweek, soortgelyk aan die Nuffieldweek vir krieket, bespreek.[2] Die Nuffieldweek het reeds in 1943 in Pietermaritzburg ontstaan en was 'n groot voedingsbron vir die Springbok- en provinsiale spanne.[3] Jan Preuyt, wat in 1962 die voorsitterskap by Emslie oorgeneem het en Hugh Robbie, sekretaris van Grens

---

1 Van Rensburg, G.W. Rugby. Die ontstaan en geskiedenis van Griekwaland-Wes-Rugby, p. 301.

2 Amptelike program van die 1979 Toyota Cravenrugbyweek, Oos-Londen, p. 18.

3 Ted Patridge, Frank Heydenrych and Peter Sichel (eds.), The 1988 Protea Cricket Annual of South Africa, vol. 35, p. 25.

Rugbyunie, het die dryfkrag verskaf vir die totstandkoming van 'n nasionale skoletoernooi.[4]

Volgens Preuyt het hy met die 75ste Jubileumjaar van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad in 1964 'n geleentheid gesien waar 'n nasionale skoletoernooi deel van die feesvieringe kon uitmaak. Vervolgens het hy dr. Danie Craven, 'n studentevriend wat ook aan Maties studeer het, genader vir die aanbieding van so 'n skoletoernooi.[5] Preuyt se weergawe word bevestig deur Wouter du Toit, wat in 1965 as lid van die SA-Skolekomitee verkies is.[6] Piet Malan, lid van die Transvaalse Hoërskolerugbyvereniging in 1963 en 1964, maak egter ook aanspraak daarop dat hy dr. Craven eerste genader het oor die skole se deelname aan die Jubileumfees.[7]

Aangesien die SARR se notules nie uitsluitsel oor die twispunt verskaf nie, moet die volgende weergawe van dr. Craven aanvaar word: "Toe Piet Malan my op Potgietersrus, waar ek 'n skoolveld moes inwy, vra wat ons plan was om vir die skole te doen as die Raad die volgende jaar, 1964, sy vyf-en-sewentigste verjaarsdag vier, was dit 'n addisionele prikkel om iets te doen. Wat my doel vir hulle was, was meer as rugby: Ek wou 'n uitstappie maak wat onthou sou word, wat opvoedkundig van aard sou wees en wat kameraderie sou ontwikkel."[8] Die antwoord op die twispunt is dat daar dus waarskynlik twee inisiatiewe was - die een onbewus van die ander.

---

4 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 17 Julie 1992; Amptelike program van die 1978 Toyota Cravenweek Oos-Londen, p. 18.

5 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 17 Julie en 31 Augustus 1992.

6 Amptelike program van die Craven-Rugbyweek, 1974, p. 8.

7 Mondelinge onderhoud met Piet Malan, 26 Junie 1992.

8 Amptelike program van die Toyota Cravenweek 1980, p. 17.

Die SARR het gehoor gegee aan die versoek dat die skole betrek moes word by die 75ste Jubileumfees van die SARR deur tydens sy jaarvergadering op 10 Maart 1963 'n komitee van vooraanstaande onderwysmanne aan te wys.[9] Die komitee het bestaan uit die sameroeper, dr. G.J. Potgieter, hoof van Afrikaanse Hoër Seunskool, sowel as A.W. Retief, Kaapse inspekteur van skole en H.H. Roos, voorsitter van Boland Rugbyunie en hoof van die Hoërskool Touwsrivier. Hulle het opdrag gekry om die skole se bydrae tot die Jubileumfees van die SARR te ondersoek.[10]

Die eerste taak van die skolekomitee was om 'n voorstel van dr. Craven te ondersoek, naamlik, dat: "Die provinsiale skoolspanne van die noorde in Johannesburg bymekaar kom, daar teen provinsiale O/19-spanne speel en dan per spesiale trein deur Bloemfontein na Kaapstad reis, waar al die provinsiale skoolspanne moes wees en teen mekaar speel, asook die O/19-spanne, veral van die universiteite. Vanaf Kaapstad moes hulle per skip na Durban vaar en langs die pad by Port Elizabeth en Oos-Londen op dieselfde wyse speel. So ook in Durban. Van Durban moes hulle per trein na Johannesburg gaan en die wedstryde afsluit en die spanne van die noorde kon huis toe gaan en die res per treinreis, wat hulle misgeloop het, inhaal Kaapstad toe."[11]

Dr. Potgieter moes die SARR op 25 November 1963 egter meedeel dat al die Union Castle Redery se skepe vol was en dat sy komitee voorstel dat daar nou slegs van treinvervoer gebruik gemaak word

---

9 SARR argief: Sakelys vir die 74ste algemene jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, 10 Maart 1963, p. 27.

10 SARR argief: Korrespondensie: J.J. de Kock, sekretaris van die SARR, - A.W. Retief, 22 Mei 1963, p. 1; J.J. de Kock, sekretaris van die SARR - dr. G.J. Potgieter, 22 Mei 1963, p. 1; J.J. de Kock, sekretaris van die SARR, - H.H. Roos, 22 Mei 1963, p. 1.

11 SARR argief: Skoliere en die Jubileumjaar in die Suid-Afrikaanse Rugby, 18 September 1963, p. 1; Amptelike program van die Toyota Cravenweek 1980, p. 17.

en dat die spelers op die trein moes woon.[12] Die Uitvoerende Bestuur van die SARR keur hierdie versoek op 6 Desember 1963 goed en ook die voorstel dat die skoolspanne van vyftien provinsies op toer gaan na die vier sentra, naamlik Noord-Transvaal, Natal, Grens en OP, wat aangebied het om as tuisunies vir die saamtrek op te tree. Verdere uittreksels uit die Bestuursnotule lees dat: "Die saamtrek vanaf 4-11 Julie sal duur en dat 'n spesiale trein tot die beskikking van die spanne gestel word; elke unie twintig spelers en een of twee onderwysers sou stuur en dat twee Raadsverteenwoordigers, wat onderwysers moes wees, die spanne vergesel. Volgens die voorgestelde reisplan sou die spelers in Pretoria op Saterdag 4 Julie byeenkom en daarna die volgende dag per trein na Durban reis. Na die wedstryde op Maandag 6 Julie sou die spelers na Oos-Londen reis waarna wedstryde op Woensdag 8 Julie aldaar sou plaasvind. Daarna sou die laaste skof na Port Elizabeth toe aangepak word waar wedstryde op Saterdag 11 Julie sou plaasvind."[13]

Die Toerkomitee van die SARR het op 10 Januarie 1964 'n belangrike verandering aan die aanvanklike voorstel van dr. Craven aangebring deur te bepaal dat skoolspanne alleenlik teen skoolspanne mag speel. Verdere besluite van dié komitee was dat elke Unie vir sy eie reisgeld verantwoordelik sou wees. Verder moes by die Spoorweë vasgestel word of die fasiliteite met betrekking tot eetsalonne en stortbaddens sou voldoen aan die eise van so 'n groot aantal passasiers.[14] Die Spoorweë het flink reageer en tydens die SARR se Uitvoerende Bestuursvergadering op 7 Februarie 1964 word die gekwoteerde pryse van R43,50 vir volwassenes en R33,00 vir skoliere reeds verskaf. Tydens dié

---

12 SARR argief: Korrespondensie: Dr. G.J. Potgieter, sameroeper skolekomitee, - J.J. de Kock, sekretaris van die SARR, 25 November 1963, p. 1.

13 SARR argief: Suid-Afrikaanse Rugbyraad Uitvoerende Bestuursnotule, 6 Desember 1963, pp. 2-4.

14 SARR argief: Suid-Afrikaanse Rugbyraad Toerkomitee se notule, 10 Januarie 1964, pp. 1-2.

vergadering is ook 'n aansoek van die Vrystaatse Rugbyunie (OVSRU) goedgekeur dat 'n wedstryd in Bloemfontein gespeel sou word.[15]

Terwyl al bogenoemde onderhandelinge aan die gang was, het Natal Rugbyunie (NRU) met 'n alternatiewe plan vorendag gekom. D.W. Geddie, sekretaris van die Unie, het in 'n brief aan die SARR laat weet dat: "We are not at all happy about the proposed circuit of the Republic. The Council feels that if a Rally of this nature is to take place, the matches should be played in one centre and not spread around as suggested. If all Unions were to enter it would mean a party of some 350 persons. How is this to be financed?"[16] Verder vermeld Geddie dat volgens die reisplan moet die spelers op Maandag 6 Julie in Durban speel en twee dae daarna in Oos-Londen weer uitdraf. Volgens Geddie was die treinreise tussen Durban en Oos-Londen besonder traag en al sou 'n spesiale trein gehuur word, sou so 'n reisplan nie prakties uitvoerbaar wees nie.[17]

Geddie se logiese argumente het gesorg dat die meerderheid van die Unies sy plan vir 'n gesentraliseerde toernooi gesteun het. Veral die koste-aspek en die veeleisende reisplan het die skaal in die guns van die voorstel van die NRU laat swaai. Die Grens Rugbyunie (GRU) het verdere gewig aan die voorstel van die NRU verleen nadat: "The Management Committee of the Border Rugby Union has agreed to the Rally taking place on the grounds of the Border Rugby Union during the week 6th to 11th July 1964, and to

---

15 SARR argief: Suid-Afrikaanse Rugbyraad Uitvoerende Bestuursnotule, 7 Februarie 1964, pp. 2-4.

16 NRU argief: Letter from D.W. Geddie, secretary of the Natal Rugby Union, - Miss van Staden, South African Rugby Board, 15 January 1964, p. 1.

17 Ibid.

pay the accommodation expenses of the players whilst in East London."[18]

Die GRU was dus bereid om as borg en gasheer vir die skole-toernooi op te tree en die Dagbestuur van die SARR het gevolglik op 25 Maart 1964 besluit: "That in view of the fact that the majority of Unions were in favour of a centralised Rally, the proposal from Border to stage this Rally was referred to the Executive Committee."[19] Bogenoemde voorstel is deur die Uitvoerende Bestuur bekragtig en die nasionale skolètoernooi het sy beslag gekry.[20]

Die GRU in samewerking met die Grens Hoërskolerugbyvereniging (GHSRV) het spoedig aan die werk gespring en 'n plaaslike organiserende komitee van elf lede - J. Preuyt (voorsitter), S. van der Merwe (vervoer), D.V. Taylor, B.D. Blommaert en H. Venter (brosjure en inligting), C.P.F. Marais (huisvesting), D.N. Emslie en G. Winch (onthaal), J. Ben en K. Carlson (skeidsregters) en H.B. Robbie (sekretaris van die GRU) - is aangewys.[21] Volgens Jan Preuyt was die komitee oorgehaal om 'n suksesvolle toernooi aan te bied, om te verseker dat dié skoletoernooi nie net 'n eenmalige gebeurtenis sou wees nie, maar dat dit op 'n jaarlikse basis sou geskied. Die eerste besluit van die plaaslike organiserende komitee was om aan die skoletoernooi 'n naam te voorsien en Jan Preuyt het dr. Craven genader om dié skoletoernooi na laasgenoemde te vernoem. Dr. Craven het ingewillig en op 2 April 1964 is die nasionale skoleweek amptelik

---

18 GRU argief: <u>Letter from H.B. Robbie, secretary of the Border Rugby Football Union, - J.J. de Kock, secretary of the South African Rugby Board</u>, 3 March 1964, p. 1.

19 SARR argief: <u>Suid-Afrikaanse Rugbyraad Dagbestuursnotule</u>, 25 Maart 1964, pp. 1-3.

20 SARR argief: <u>Suid-Afrikaanse Rugbyraad Uitvoerende Bestuursnotule</u>, 27 Maart 1964, pp. 2-3.

21 <u>Suid-Afrikaanse Rugby Jubileumjaar, Skolesaamtrek, Amptelike program van die Cravenweek</u>, 6-11 Julie 1964, p. 7.

die Cravenweek vir Hoërskole gedoop.[22] Nie alleen het die Cravenweek na dr. Craven geheet nie, maar die doyen van Suid-Afrikaanse rugby het ook 'n groot rol gespeel in die vasstel van die filosofie van die toernooi.

**'N UITSTAPPIE WAT ONTHOU MOET WORD**

Die Cravenweek is nie in alle kringe verwelkom nie, en het veral uit onderwysgeledere sterk teenkanting ondervind. Dr. Craven het in Die Volksblad van 4 Julie 1964 erken dat daar nie allerweë goedkeuring is vir die Cravenweek nie. Hy gee egter die versekering dat daar nie van 'n kampioenskap sprake is nie.[23] In sy voorwoord tot die amptelike Cravenweekprogram van 1964, bevestig dr. Craven dat 'n skolekampioenskap nie die belangrikste oorweging is nie, maar primêr "moet die seuns mekaar eers 'vind', tot 'n gelyke vlak ontwikkel, bevriend raak met mekaar, wegkom van provinsialisme, van ander leer, 'n wyer wêreld betree, ontslae raak van spanning wat te hoog loop en die spel geniet sonder inagneming van 'n wedstryd of hul posisie in 'n kampioenskap."[24] In 1980 beaam dr. Craven sy aanvanklike doelstelling dat 'n skolekampioenskap nie sy doel was nie, maar eerder wou "ek dit 'n uitstappie maak wat onthou sou word, wat opvoedkundig van aard moes wees en wat kameraderie sou ontwikkel."[25]

Die plaaslike organiserende komitee het ruim voorsiening gemaak om te voldoen aan al die bogenoemde doelwitte wat dr. Craven vir 'n suksesvolle Rugbyweek daargestel het. Die seuns is op verskeie uitstappies na besienswaardighede geneem, 'n boot is gehuur om

---

22 SARR argief: Suid-Afrikaanse Rugbyraad Uitvoerende Bestuursnotule, 2 April 1964, p. 6.

23 Die Volksblad, 4 Julie 1964.

24 Suid-Afrikaanse Rugby Jubileumjaar, Skolesaamtrek, Amptelike program van die Cravenweek, 6-11 Julie 1964, p. 4.

25 Amptelike program van die Toyota Cravenweek 1980, p. 17.

die seuns op die see uit te neem terwyl rugby- en ander films, 'n kerkdiens, 'n dans en toesprake deur dr. Craven, Basil Kenyon, kaptein van die 1951-1952 Springboktoerspan, en Izak van Heerden, befaamde afrigter van Natal, verdere luister aan die program verleen het. Die spelers is in die koshuise van Hoërskool Grens, Selborne College en East London Technical College gehuisves waar daar in lyn met die pedagogiese doelwitte streng dissipline toegepas is.[26] Uit bogenoemde gegewens is dit dus duidelik dat 'n veelkantige program vir die spelers beplan is en dat 'n te strawwe kompetisie, soos deur die teenstanders van die Cravenweek voorsien is, nie deel van die filosofie van die toernooi was nie. Jan Preuyt en sy plaaslike organiserende komitee is die taak toegesê om dit wat in teorie hierbo deur dr. Craven bepaal is, in die praktyk in die formaat van die Cravenweek te beplan.

## DIE FORMAAT VAN DIE CRAVENWEEK

Die plaaslike organiserende komitee se eerste taak was om die spelformaat van die Cravenweek te bepaal. Teen die middel van April 1964 het veertien provinsiale bonde laat weet dat hulle graag aan die Cravenweek wou deelneem. Preuyt se komitee het daarop die SARR genader met die voorstel dat die veertien spanne so speel: Maandag 6 Julie: Noord-Transvaal teen Rhodesië, Vrystaat teen Boland, Transvaal teen Westelike Provinsie en Natal teen Oostelike Provinsie: Dinsdag 7 Julie: Griekwas teen Suidwestelike Distrikte; Noordoostelike Distrikte (die latere Noordoos-Kaap) teen Wes-Transvaal en Grens teen Oos-Transvaal. Op Woensdag 7 Julie sou al veertien spanne dan teen mekaar deelneem terwyl op Donderdag 8 Julie en Vrydag 9 Julie, die spanne wat Maandag en Dinsdag gespeel het, onderskeidelik weer vier en drie wedstryde sou speel.[27]

---

26 Suid-Afrikaanse Rugby Jubileumjaar, Skolesaamtrek, Amptelike program van die Cravenweek, 6-11 Junie 1964, pp. 10-11; Jan Preuyt privaatversameling: Border Schools R.F. Sub-union - Cravenweek Arrangements, 21 May 1964, pp. 1-2.

27 GRU argief: Proposed programme for interprovincial School's Rally, Border School's R.F. Sub-union, 5 April 1964, p. 1.

Na afloop van Donderdag se wedstryde moes ses spanne op meriete gekies word wat Saterdag aan die finale wedstryde sou deelneem. Die spanne sou elkeen na 'n bekende rugbypersoonlikheid heet en uit die spanne sou 'n SA-skolespan aangewys word. Die spelers wat dan Saterdag sou speel, moes uit Vrydag se wedstryde onttrek word.[28] Die voorgestelde program het beteken dat die spelers vier wedstryde sou speel. Die SARR was egter van mening dat soveel wedstryde 'n te hoë fisieke en psigiese stremming op die spelers sou plaas.[29]

Preuyt se komitee het vervolgens met 'n alternatiewe program vorendag gekom. Hiervolgens sou 'n loting gehou word om te bepaal watter spanne teen mekaar sou speel nadat die deelnemende spanne bekend gemaak is. Die helfte van die wedstryde sou Maandag 6 Julie plaasvind en die ander helfte op Dinsdag 7 Julie. Die spanne wat op Maandag speel, sou weer op die Woensdag en Saterdag in aksie wees, terwyl die spanne wat Dinsdag kragte meet, weer op Donderdag en Saterdag sou uitdraf. Nadat die uitslae van die eerste twee dae se wedstryde bekend is, sou die onderskeie wenners verder teen mekaar speel terwyl die verloorders onder mekaar sake sou uitspook. 'n SA-skole A- en B-span, wat in die hoofwedstryd van die Cravenweek sou speel, sou na afloop van Donderdag se wedstryde aangewys word.[30]

Die SARR het die program, met enkele veranderings, aanneemlik gevind. Die eerste verandering was dat die spanne na afloop van die eerste twee dae se wedstryde nie in wen- en verloorafdelings verdeel sou word nie, met ander woorde dié Cravenweek sou nie op 'n uitklopbasis beslis word nie. Verder sou daar nie 'n SA-skolespan gedurende of na afloop van die Cravenweek aangewys word nie. Die SARR was van mening dat dit nie pedagogies verantwoord-

---

28 Ibid.

29 GRU argief: Border Rugby Football Union, alternative scheme for playing of matches, 23 April 1964, pp. 1-2.

30 GRU Argief: Proposed programme for interprovincial School's Rally, Border School's R.F. Sub-union, 5 April 1964, p. 2.

baar was dat die skolespelers nou al reeds sulke hoë louere moes inoes nie. Verder sou die ses spanne wat gedurende die Rugbyweek die aanskoulikste rugby speel (nie noodwendig onoorwonne spanne nie) in die laaste drie wedstryde op Saterdagmiddag 11 Julie meeding.[31]

Die finale program, wat deur die organiserende komitee saamgestel is, bepaal ook dat die komitee verantwoordelik sou wees vir die opstel van die wedstrydbepalings. Belangrike oorwegings by die opstel van so 'n program was die geografiese ligging sowel as die sterkte van die onderskeie provinsies. Die komitee het gepoog om buurprovinsies, wat gereeld teen mekaar speel, nie te laat kragte meet nie terwyl ook gepoog is om krag teen krag te laat meeding. Verder het die laatinskrywing van Suidwes-Afrika meegebring dat vyftien spanne nou aan die Rugbyweek sou deelneem wat 'n ongelykheid sou meebring. Die plaaslike organiserende komitee het gevolglik besluit om Grens se B-span in te skryf om die program te laat balanseer. Voorsiening is dus gemaak dat elke span drie wedstryde tydens die Cravenweek sou speel.[32]

Die program vir die eerste vier dae was: Maandag 6 Julie: Noord-Transvaal teen Grens A, Transvaal teen WP, Vrystaat teen Boland en Natal teen OP; Dinsdag 7 Julie: Suidwes-Afrika teen Grens B, Griekwas teen Suidwestelike Distrikte, Noordoostelike Distrikte teen Wes-Transvaal, Rhodesië teen Oos-Transvaal; Woensdag 8 Julie: Boland teen OP, Natal teen Vrystaat, Noord-Transvaal teen WP en Transvaal teen Grens A; Donderdag 9 Julie: Rhodesië teen Wes-Transvaal, Grens B teen Noordoostelike Distrikte, Suidwestelike Distrikte teen Oos-Transvaal en Suidwes-Afrika teen

---

31 Suid-Afrikaanse Rugby Jubileumjaar, Skolesaamtrek, Amptelike program van die Cravenweek, 6-11 Julie 1964, p. 4; GRU Argief: Programme for inter-provincial School's Week, 20 May 1964, pp. 1-2.

32 GRU argief: Programme for inter-provincial School's Week, 20 May 1964, pp. 1-2.

Griekwas.[33] Die program is met 'n enkele uitsondering vir die volgende drie dekades net so behou. Die uitsondering was dat die program net vir die eerste twee dae opgestel is en dat die spanne op die Woensdag, Donderdag en Saterdag op 'n krag teen krag basis sou meeding. Terwyl die spelers slegs op die speelveld moes konsentreer, moes hul bestuurders aandag aan veel meer dimensies skenk.

## DIE CRAVENWEEK WORD 'N JAARLIKSE INSTELLING

Die voortsetting van die Cravenweek was die hoofpunt op die agenda van die bestuurders tydens hulle vergadering op Vrydag 10 Julie 1964. A.K. Volsteedt (OVS) het gemeen dat: "As a result of the success of the Craven Week in East London, due to the outstanding organisation, it should be held every year" en Skonk Nicholson (Natal) wat die toernooi beskryf het as 'n "great week" se mosie vir die voortsetting van dié Rugbyweek is eenparig deur die ander bestuurders aanvaar. Tydens die vergadering is 'n voorstel aanvaar dat die toernooi die Danie Cravenweek in plaas van die Cravenweek moet heet.[34] Die voorstel is op 2 April 1965 deur die SARR goedgekeur en dié Rugbytoernooi het tot 1973 die Danie Cravenweek gebly, waarna dit weer as die Cravenweek bekend was.[35] Ter wille van eenvormigheid sal egter deurentyd na die Cravenweek verwys word.

Tydens die vergadering van 10 Julie 1964 is verder 'n konsep-grondwet vir die Cravenweek opgestel. Dié grondwet is in 1965 verander en gefinaliseer en word later in dié hoofstuk

---

33 Ibid., p. 2.

34 GRU argief: Minutes of the Craven Week Managers Meeting held at the B.R.U. Grounds, 10 July 1964, pp. 1-4.

35 SARR argief: Abridged minutes of the annual General Meeting of the Board, 2 April 1965, p. 4; Amptelike program van die Craven-Rugbyweek, Johannesburg 1974, p. 1.

bespreek.[36] 'n Opvolgvergadering is deur die bestuurders op Saterdag 11 Julie gehou, wat ook deur dr. Craven bygewoon is. Dr. Craven het 'n voorstel gesteun dat 'n verteenwoordiger van die Cravenweek sitting op die SARR moes hê wanneer skolesake bespreek word. Jan Preuyt is eenparig as die verteenwoordiger aangewys.[37] Preuyt het vervolgens in sy samesprekings met die SARR op die sukses van die eerste Cravenweek klem gelê en die Rugbyweek as die vernaamste toekomstige voedingsbron vir Suid-Afrikaanse rugby bestempel. Sy pleidooi het nie op dowe ore geval nie en tydens die SARR se Uitvoerende Bestuursvergadering op 18 September 1964 word besluit dat die Cravenweek 'n jaarlikse instelling sou word.[38] Die nuwe verwikkeling het 'n nasionale skolerugbykomitee genoodsaak, wat riglyne vorentoe kon neerlê en die plaaslike organiserende komitee in sy take kon bystaan.

## DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLERUGBYVERENIGING KOM TOT STAND

Die SARR het die leemte gevul deur tydens sy algemene jaarvergadering op 2 April 1965 die totstandkoming van die SA-Skolerugbyvereniging (SASRV) en sy uitvoerende arm die SA-Skolerugbykomitee (SASRK), goed te keur. Die volgende riglyne is neergelê: "Dat sodanige komitee gevorm word, bestaande uit een verteenwoordiger van elke Unie, deur sy Skolerugbyverenigings van Unies verkies en deur die Moederunie goedgekeur; dat hierdie komitee sy voorsitter en ondervoorsitter kies; dat 'n skolekomitee van die Raad gevorm word, bestaande uit die Dagbestuur van die Raad en die voorsitter en ondervoorsitter van

---

36 GRU argief: Minutes of the Craven Week Managers meeting held at the B.R.U. Grounds, 10 July 1964, pp. 1-2.

37 Jan Preuyt privaatversameling: Minutes of a special meeting of Craven Week Managers held at the B.R.U. Grounds, 11 July 1964, p. 1.

38 SARR argief: Minutes of a meeting of the Executive Committee, 18 September 1964, p. 1.

die SA-Skolerugbykomitee; dat die voorsitter van die SA-Skolerugbykomitee sitting op die Raad sal hê met stemreg."[39]

Die eerste vergadering van die SASRV het tydens die Cravenweek in Oos-Londen op Maandag 12 Julie 1965 plaasgevind. Verteenwoordigers van veertien van die vyftien provinsies (slegs Rhodesië was nie teenwoordig nie) het die vergadering bygewoon. Die rede vir Rhodesië se afwesigheid was die gebrek aan fondse om 'n span na dié toernooi te stuur. Tydens die vergadering is 'n grondwet vir die SASRV bespreek en op voorstel van Piet Malan, Transvaal se verteenwoordiger, is 'n komitee van agt lede aangewys om die grondwet te bestudeer en op 14 Julie 1965 aan die SASRV terug te rapporteer. Die agt komiteelede was: Jan Preuyt (Grens, sameroeper), Piet Malan en Wouter du Toit (albei Transvaal), L.D.J. (Trens) Erasmus (Wes-Transvaal), S.M. (Meyer) Sauerman (OP), H.J. Lochner (Boland), G. Swanepoel (OVS) en H. Calitz (Griekwas).[40]

DIE GRONDWET VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLERUGBYVERENIGING

Die grondwet soos aanbeveel deur dié komitee is tydens bovermelde vergadering op 14 Julie 1965 eenparig aanvaar. Die grondwet bepaal dat die Vereniging die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging sal heet. Die doelstellings van die SASRV sal wees om aanbevelings te maak ten opsigte van die organisasie van toekomstige Cravenweke; die plek en datum van toekomstige Rugbyweke te bepaal en enige sake rakende skolerugby te bespreek. Betreffende organisasie skryf die grondwet voor dat: "Een of meer vergaderings van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging gedurende die Danie Cravenweke gehou word. Die komitee sal bestaan uit een afgevaardigde, wat 'n onderwyser moet wees van

---

39 SARR argief: <u>Abridged minutes of the Annual General Meeting of the Board</u>, 2 April 1965, p. 4.

40 SARR argief: <u>Spesiale vergadering van die Suid-Afrikaanse Skolekomitee</u>, 14 Julie 1965, pp. 1-2; SARR argief: <u>Grondwet van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging</u>, 14 Julie 1965, p. 1.

elk van die geaffilieerde Skole-unies. Al die bestuurders sal toegelaat word om die vergaderings by te woon, maar elke Unie sal slegs op een stem geregtig wees."[41]

Verdere bepalings betreffende die Uitvoerende Komitee lees dat: "Die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging sal jaarliks 'n Uitvoerende Komitee bestaande uit 'n voorsitter, ondervoorsitter en drie ander lede kies, wat as skakel tussen die Skole-unies, Tuisunies en die Suid-Afrikaanse Rugbyraad sal optree. Die voorsitter sal oor 'n beslissende stem beskik. Drie lede sal 'n kworum vorm. Alle nominasies vir die Uitvoerende Komitee moet die voorsitter voor die aanvang van die Danie Cravenweke bereik. Die voorsitter en die ondervoorsitter tesame met die Dagbestuur van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad sal die Skolerugbykomitee van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad vorm. Die voorsitter sal as die verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging op die Suid-Afrikaanse Rugbyraad dien."[42]

Die bepalings van die grondwet ten opsigte van die plaaslike organiserende komitee vereis dat "besonderhede betreffende die Danie Cravenweke aan die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Skolekomitee vir goedkeuring, sal indien. Die voorsitter van die Uitvoerende Komitee sal 'n lid van die plaaslike organiserende komitee wees."[43] Volgens die grondwet moet die Cravenweke sover moontlik beurtelings deur die verskillende geaffilieerde Rugbyunies van die SARR gehuisves word. Om voortdurende veranderings aan die grondwet te voorkom, word bepaal dat "'n twee-derde meerderheid van die stemgeregtigde aanwesiges op 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering is nodig

---

41 SARR argief: Grondwet van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 14 Julie 1965, pp. 1-2.

42 Ibid., p. 2.

43 Ibid.

om die grondwet te wysig. Twaalf stemgeregtigdes van die geaffilieerde Skole-unies vorm 'n kworum."[44]

Belangrike reëls in verband met die Cravenweke bepaal dat die Rugbyweek in die wintervakansie gehou word en dat die datum op aanbeveling van die SASRV deur die SARR bepaal sal word. Verder mag elke provinsie verteenwoordig word deur 'n maksimum van twintig spelers en twee bestuurders. Die spelers mag slegs voltydse leerlinge wees wat negentien jaar word of jonger is in die jaar waarin die Cravenweek plaasvind. Bogenoemde bepaling sluit bona fide-leerlinge van na-matrikulasieklasse in. Al die spelers en bestuurders sowel as die plaaslike organiserende komitee, die lede van die SASRV en persone goedgekeur deur die Uitvoerende Komitee, mag die Cravenweekdas dra.[45]

Laastens het die opstellers van die grondwet dit ook goedgedink om 'n leuse vir die Cravenweek op te stel wat as volg lees: "Hardloop met die bal, verkies aanval bo verdediging; gooi die bal rond wanneer dit rondgegooi moet word en speel die spel reg in plaas om wenrugby te speel, want rugby wat reg gespeel word, sal tot bevordering wees van die spel self en die manne wat dit speel."[46] Die grondwet is so weldeurdag opgestel dat hy oor drie dekades in sy wese onveranderd gebly het.

Van die byvoegings tot die grondwet behels die artikels betreffende die SA-Laerskolerugbyvereniging, wat in 1973 tot stand gekom het en nie van toepassing op dié studie is nie, die gevolglike totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging en die SA-skolespan, wat in 'n latere hoofstuk bespreek word. Byvoegings wat hier van toepassing is, behels dat die Uitvoerende Bestuur van die Suid-Afrikaanse Skolerugby-

---

44 SARR argief: Grondwet van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 14 Julie 1965, pp. 1-2.

45 Ibid.

46 Ibid.

vereniging as die SA-Skolerugbybestuur bekend sal staan en uit vyf lede bestaan naamlik: twee lede van die Hoërskolekomitee; twee lede van die Laerskolekomitee en dat die voorsitter van die Hoërskolekomitee ook die voorsitter van die SA-Skolerugbybestuur sal wees. Verder sal dié bestuur die name van die nuwe erelede van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging aan die jaarvergaderings van die Hoër- en Laerskole voorlê vir goedkeuring. Tydens die jaarvergadering was verteenwoordigers van al die provinsies teenwoordig.[47]

## DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLERUGBY-VERENIGING

'n Uitvloeisel van die oorspronklike grondwet van 14 Julie 1965 is dat dit voorsiening maak vir die verkiesing van die Uitvoerende Komitee van die SASRV. Nog op dieselfde datum as wat die grondwet aanvaar is, het die SASRV oorgegaan tot die verkiesing van die komitee en het Jan Preuyt (voorsitter), Trens Erasmus (ondervoorsitter), Wouter du Toit, H.J. Lochner en Meyer Sauerman (as bykomende lede) die paal gehaal.[48] Die Uitvoerende Bestuur het deur sy voorsitter, wat lid was van die plaaslike organiserende komitee, deurlopende inspraak gehad in die wyse waarop die Cravenweke aangebied is.

## DIE WITSKRIF

Die voortdurende groei van die Cravenweke wat betref spanne en spelergetal, mediablootstelling en sy belangrikheid in die Suid-Afrikaanse rugbyopset, het vaster riglyne genoodsaak by die aanbiedinge van die Rugbyweek. Tydens die jaarvergadering van die SASRV in 1975 is besluit om 'n Witskrif saam te stel wat gebaseer is op die organisasie van die Cravenweek in 1964 en soos dit in

---

[47] SARR argief: Grondwet van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, 1988, pp. 1-4.

[48] SARR argief: Spesiale vergadering van die Suid-Afrikaanse Skolekomitee, 14 Julie 1965, p. 6.

die jare daarna uitgebrei is.[49] Meyer Sauerman en A.J. Maree, albei van die OP, het die organisasie van die Cravenweek in 1975 op skrif gestel en die Witskrif, soos wat dit daarna genoem is, het as handleiding bly dien vir die aanbieding van die Rugbyweek. Die Witskrif is met die jare verbeter, hersien en uitgebrei om in die woorde van bogenoemde outeurs die Cravenweek "'n altyd-ontwikkelende opvoedkundige sportervaring te maak."[50]

Die Witskrif bepaal dat plaaslike provinsiale Hoërskoolverenigings in beginsel reeds drie jaar voor die beoogde Cravenweek aansoek moet doen vir die aanbieding daarvan. Die rede is dat die SASRV reeds twee jaar vooruit die Cravenweeksentra moet bepaal. Hierna moet die plaaslike organiserende komitee op alle aspekte van die aanbieding van dié Rugbyweek ingaan. Daar moet verseker word dat voldoende rugbyvelde en verblyfgeriewe beskikbaar is. Verder moet amptelike verlof van die plaaslike Rugbyunie, inrigtings betrokke by die aanbieding van die Cravenweek, byvoorbeeld onderwyskolleges, universiteite en skole asook die plaaslike skeidsregtersunie, verkry word.[51]

Die indiening van die formele aansoek om die Cravenweek aan te bied, behels 'n formele aansoekbrief aan die voorsitter en die jaarvergadering van die SASRV. Die aansoek moet twee jaar voor die beoogde aanbieding ingedien word. Na formele goedkeuring verkry is, moet die plaaslike organiserende komitee ongeveer dertien maande voor die beoogde Cravenweekaanbieding, begin met die daarstelling van die nodige organisatoriese raamwerk. Die volgende organisasiestruktuur word deur die Witskrif aanbeveel: eerstens die hoofbestuur wat bestaan uit die voorsitter van die SASRV, president van die plaaslike provinsiale Unie, sekretaris en tesourier van bogenoemde Unie, voorsitter, ondervoorsitter,

---

49 SARR argief: Notule van die twaalfde algemene jaarvergadering van die SA Skolerugbyvereniging, 5 Julie 1975, p. 2.

50 SARR argief: Witskrif, 1989, inleiding.

51 Ibid., p. 1.

sekretaris, ondersekretaris van die plaaslike organiserende komitee, verteenwoordiger van die borgmaatskappy en die verteenwoordiger van die Departement van Sport en Ontspanning; tweedens die plaaslike organiserende komitee en derdens die subkomitees.[52]

Volgens die Witskrif behoort subkomitees vir die volgende aspekte in die lewe geroep te word: brosjure en inligting, finansies, foto's, gronde, huisvesting, medies, publisiteit, skeidsregters, vervoer, wasgoed, wedstryde, openingseremonie en afsluitingsplegtigheid en onthale. Die plaaslike organiserende komitee sal vir elke subkomitee 'n sameroeper aanwys, wat as mondstuk sal optree en volle verantwoordelikheid vir hul diverse aktiwiteite sal aanvaar. Dit sal van die sameroeper afhang hoeveel aktiewe lede op sy subkomitee sal dien. 'n Klein, entoesiastiese en aktiewe subkomitee is meer werd as 'n subkomitee met 'n groot aantal lede. By die subkomitees hoort die fyn organisasie van die Cravenweek tuis. Hier sal van persone gebruik gemaak word wat tevrede sal wees om 'n kleiner deeltjie in die fynste besonderheid te verrig. Die Witskrif se samevatting is "omdat lede op hierdie uiters belangrike vlak nie die organisasie globaal kan sien nie ... en dit moet hulle ook nie, daar hul taak, die van details te belangrik is, moet teen verminderde entoesiasme en frustrasie gewaak word."[53]


Die kommunikasie tussen die subkomitees en die ander organisatoriese vlakke moet deurlopend van 'n hoogstaande gehalte wees. In 'n poging om kommunikasie te bevorder, word die volgende organisatoriese struktuur diagrammaties soos volg deur die Witskrif aanbeveel:[54]

---

52 Ibid., pp. 1-2.

53 Ibid., pp. 3-8.

54 Ibid., pp. 8-9. (sien volgende bladsy)


HOOFBESTUUR
PLAASLIKE SKOLE
SA-SKOLE-KOMITEE
SA-RUGBY-RAAD
SENTRALE UITVOERENDE
SKOLE KERN
KOMITEE
PLAASLIKE PROV. MOEDERUNIE
BORGE
REëLINGSKOMITEE
UITVOERENDE KOMITEE
EN
SAMEROEPERS VAN SUBKOMITEES
SUBKOMITEES
BROSJURE
FINANSIES
FOTO'S
GROND
HUIS-VESTING
MEDIES
ONTHALE
PUBLISITEIT
SKEIDS-REGTER
VERVOER
WASGOED
WEDSTRYDE
SUBKOMITEE HELPERS EN LEDE

Gereelde vergaderings van die organisatoriese strukture is van die grootste belang. Van die subkomitees tot by die Sentrale Uitvoerende Komitee moet op georganiseerde en doelgerigte wyse byeenkom om werksaamhede te beplan, te hersien en aan te pas. Die SASRV en die SARR vereis normaalweg dat daar vergadering gehou word waar verslag gegee word van wat beplan word, watter beslissings geneem is en watter leiding gegee word. Die Witskrif beveel aan dat daar twee vergaderingroosters opgestel word: een vir die laaste ses maande van die vorige jaar en een vir die eerste ses maande van die jaar waarin die Cravenweek aangebied word.[55]

Tydens die vergaderings van die organisatoriese strukture is een van die belangrikste take die opstel van 'n sinvolle aktiwiteitsprogram. Juis daarom behoort die taak aan een van die seniorlede van die plaaslike organiserende komitee opgedra te word. By die program moet betrek word: alle voorgenome aktiwiteite, vermaaklikhede, uitstappies, bustoere, wedstryde, vergaderings, maaltye en dies meer. Een van dr. Craven se vernaamste doelstellings tydens die aanbieding van die Cravenweek was dat dit vir die skoolseuns 'n uitstappie moet wees wat hulle kan verryk.[56]

BEGROTING

Dit is vanselfsprekend dat 'n weldeurdagte finansiële begroting nodig is om 'n Rugbyweek van bogenoemde omvang te kan aanbied. Sedert 1973 maak die Cravenweek van 'n borg gebruik, eers Toyota en Adidas en daarna Coca-Cola, om dié Rugbyweek aan te bied. Die borgskap moet egter nie beskou word as 'n deel van die inkomste van die Cravenweek nie, maar slegs as 'n subsidie ten opsigte van die uitgawes. Van die belangrikste finansiële riglyne wat deur die Witskrif neergelê word, is eerstens dat die onthale tot drie

---

55 SARR argief: Witskrif, 1975, p. 10.

56 Ibid., pp. 22-23.

beperk word, naamlik die onthaal deur die SARR en die borg op die Maandagaand, en verdere onthale deur die stadsraad en die plaaslike Rugbyunie. Die doel is om die Cravenweek selfbetalend te maak deur middel van die hekinkomste en inkomste uit advertensies in die borsjure en advertensieborde om die veld. Verder moet daar deur die SASRV gepoog word om soveel wins as moontlik jaarliks in die reisfondsreserwe in te betaal, waaruit die Unies se reisfondsbydraes gesubsidieer word. Die spelers se geldelike bydrae tot die toernooi geskied deur 'n registrasiefooi, wat jaarliks hersien word.[57]

Mediese voorrade sal as 'n uitgawe teen die Rugbyweek afgeskryf word en nie teen die beseringfonds nie. Die gebruikte balle moet verder na afloop van die toernooi verkoop word en die inkomste moet teen die aankope afgeskryf word. Die spesiale dasse mag nie as 'n uitgawe teen die Rugbyweek afgeskryf word nie, maar moet uit die registrasiefooie van die spelers vereffen word. Geen advertensies van sigarette, drank en ander maatskappye wat in opposisie met die borg is, mag aanvaar word nie. Vir bestaande advertensies om die velde moet die borg, en Skolebestuur vooraf in kennis gestel word.[58] Dit is dus uit die voorafgaande duidelik dat die SASRV deur deeglike beplanning vir die organisasie en verloop van die Cravenweek voldoende voorsiening maak. Daar duik egter van tyd tot tyd probleme op wat die organiseerders van dié toernooi nie voorsien het nie.

## POLEMIEK OOR DIE CRAVENWEEK SE BESTAANSREG

Reeds met die instelling van die Cravenweek was daar teenkanting, veral uit onderwysgeledere. Eerstens het daar kommer in dié kringe bestaan dat dissipline by so 'n groot aantal spelers nie gehandhaaf kan word nie. Dan is die argument ook gevoer dat dit opvoedkundig verkeerd is om so 'n ophef van skoolkinders te maak.

---

[57] SARR argief: Witskrif, 1989, pp. 49-50.

[58] Ibid.

Verder is in koerantberigte ook beweer dat te veel klem tydens die toernooi op die speel van wedstryde val en dat die afrigting van spelers agterweë sal bly.[59] Die onderwysers was verder bekommerd dat die toernooi die vorm van 'n kampioenskap sal aanneem. Die vrees het ook ontstaan dat oordrewe provinsialisme onder die spelers sou posvat. Verder was daar die vrees dat die vlagseremonies, emosionele toesprake en sterk klem wat op godsdiens geplaas word, die spelers se diverse kultuuragtergronde sou ignoreer en almal in dieselfde patroon sou probeer saamsnoer.[60]

Die polemiek oor die handhawing van dissipline tydens die Cravenweek kom eerste onder die loep. Die plaaslike organiserende komitee het met die finale reëlings vir die toernooi besondere klem op dissipline laat val. Daar is onder meer bepaal dat: "All boys accommodated must be under the control of masters who must also live in the hostel with the boys and who have the necessary authority and who will be there at all meals and in the evenings to exercise adequate supervision. ... Rigid school discipline must be enforced at all times. The strictest emphasis is to be placed on the general behaviour of the boys. Shouting and general loudness, the use of offensive language and the defacing of notices, is particulary abhorrent. ... Smoking is strictly prohibited."[61]

Jan Preuyt het in sy voorsittersverslag van die SASRV in 1965 weer klem gelê op dissipline deur te meld dat: "Uiterste

---

59 Die Volksblad, 3 April 1964, 4 Julie 1964 en 14 Julie 1964; GRU argief: Minutes of the Craven Week Managers Meeting held at the BRU Grounds, 10 July 1964, pp. 1-2; Die Burger, 17 Mei 1964; Transvaler, 13 Mei 1964.

60 Federale Onderwysraad argief: Education, September 1977, p. 7; Die Volksblad, 3 April 1964, 4 Julie 1964 en 14 Julie 1964; Jan Preuyt privaatversameling: Border Schools R.F. Sub-Union written notices to managers of Cravenweek teams, June 1964, pp. 1-2; Die Burger, 17 Mei 1964 en 4 Julie 1964.

61 GRU argief: Border Schools R.F. Sub-Union final arrangements for the Cravenweek, p. 2.

waaksaamheid oor die dissipline sal altyd egter nog met die grootste nougesetheid beoefen moet word. Die rol wat die bestuurder gedurende die Rugbyweek in die suksesvolle verloop van sake speel, kan nie maklik beskryf word nie ... Saam met die bestuurders speel die huisvader 'n groot en belangrike rol; daar is delikate sake wat nie verontagsaam mag word nie. So byvoorbeeld moet die Onse Vader soggens in die eetsaal voor ontbyt gesamentlik opgesê word en moet daar saans huisgodsdiens na die ete gehou word en met die Onse Vader afgesluit word. Verder word gewone, streng dog vriendelike skooldissipline deurgaans toegepas. Dissipline is die sleutel tot die sukses van 'n groot organisasie."[62]

Ten spyte van die klem wat op dissipline gelê is, het 1966 se Cravenweek in Pretoria verskeie ongerymdhede opgelewer. In sy skrywe aan Jan Preuyt van 12 September 1966 lig die sekretaris van die SARR, J.J. de Kock, vir eersgenoemde in oor die wangedrag tydens die toernooi. Drankmisbruik, onwelvoeglike taal en die verontagsaming van spertye soos etenstye en slaaptye was van die vernaamste klagtes.[63] Jan Preuyt het in sy spoedige antwoord van 5 Oktober aan De Kock geskrywe dat dit vir hom 'n bittere teleurstelling was dat sulke ongerymhede plaasgevind het. Volgens Preuyt is daar nie regverdiging vir die toernooi indien dit nie op elke gebied opvoedkundig van aard is nie.[64]

---

[62] SARR argief: Die Danie Cravenweek 1965, Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging voorsittersverslag, Julie 1965, p. 14.

[63] SARR argief: Briefwisseling J.J. de Kock, sekretaris van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad - Jan Preuyt, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, Insake Wangedrag tydens die Cravenweek in Pretoria, 12 September 1966, pp. 1-2.

[64] SARR argief: Briefwisseling Jan Preuyt, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging - J.J. de Kock, sekretaris van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, Insake Wangedrag tydens die Cravenweek in Pretoria, 5 Oktober 1966, p. 1.

Verder het Preuyt die SARR verseker dat sulke wangedrag in die toekoms nie weer sou plaasvind nie. Een van die belangrikste stappe sou wees om toe te sien dat seuns tydens die Cravenweek in skoolkoshuise gehuisves moes word en nie in enige ander inrigting, soos in 1966 die geval was met universiteitskoshuise nie.[65] Die SASRV het sy woord gestand gedoen en dissipline is by die volgende Cravenweke so ingeskerp dat die volgende ernstige klagtes eers in 1975 voorgekom het.

Die Komitee van Onderwyshoofde (KOH) het deur middel van sy voorsitter, J. van Wyk, die SARR in 1976 verwittig dat: "Kennis geneem is van die inhoud van die voorsittersverslag vir 1975-76 van die SA Skolekomitee van u Raad waarvolgens die dissipline en toesig oor seuns saans in koshuise tydens die Cravenweek veel te wense oorlaat. Tydens die KOH se vergadering is daar ook melding gemaak van drankmisbruik deur skoolspanne gedurende die Cravenweek en wanneer skoolspanne teen buite-instansies meeding."[66] Die KOH het ook gevra dat die bestuurders en afrigters oor die spelers beter toesig moes hou. Die versoek het egter op dowe ore geval want in 1978 het dieselfde klagtes weer opgeduik.

Na afloop van 1978 se Cravenweek in Middelburg, Transvaal, meld R. de Jager in sy voorsitterverslag van die plaaslike organiserende komitee, dat ernstige kommer uitgespreek word oor sekere aspekte van die Cravenweek. Die ernstigste hiervan is die gebrek aan dissipline en beheer oor die spelers. Die blaam word veral voor die deur van die afrigters en bestuurders gelê. Dié persone word gekies om die span te vergesel met die uitsluitlike doel om

---

65 Ibid.

66 SARR argief: Komitee van Onderwyshoofde: Deelname deur leerlinge aan interprovinsiale sportbyeenkomste gedurende skooltyd, 13 Junie 1976, p. 1.

na die welstand en gedrag van die spelers om te sien. In hierdie opsig het die afrigters en bestuurders ver te kort geskied.[67]

De Jager meld ter stawing van hierdie bewering dat die bestuurders en afrigters selde by hulle spanne op die pawiljoen gesit het. Spelers het bedags op die terrein rondgedwaal sonder enige beheer. Tydens die toer wat vir die spelers op die Vrydag 14 Julie gereël is, was swak gedrag aan die orde van die dag. 'n Inwoner van die dorp is grof beledig sonder dat die bestuurder of afrigter opgetree het. Die Vrydagaand is 'n braai vir die spelers gereël en die terrein was in 'n vieslike toestand agtergelaat. Tydens die funksie het een van die spelers 'n struik voor sy bestuurder aan die brand gesteek, sonder dat laasgenoemde hom teengegaan het.[68]

Verder het min van die bestuurders en afrigters die seuns na die vermaaklikheidsfunksies vergesel met die gevolg dat die seuns se gedrag aldaar veel te wense oorgelaat het. Drankbottels is in verskeie kamers gevind nadat die seuns dit ontruim het. Van die spelers is 02:00 in die strate gevind. Van die bestuurders en afrigters is ook van herhaaldelike drankmisbruik beskuldig. Ten slotte het die plaaslike organiserende komitee gemeld dat indien die pers van hierdie inligting sou bekom, dit die beeld van die toernooi onherstelbare skade sou berokken het. Dié komitee beveel aan dat bestuurders en afrigters in die toekoms benoem word wat bereid is om hul ware funksies te vervul en om na die welsyn en gedrag van die spelers om te sien.[69]

---

67 SARR argief: Verslag van die voorsitter, 1978 - Toyota Cravenweekreëlingskomitee, Middelburg - Transvaal, 20 November 1978, p. 1.

68 SARR argief: Verslag van die voorsitter, 1978 - Toyota Cravenweekreëlingskomitee, Middelburg - Transvaal, 20 November 1978, p. 1-2.

69 Ibid.

Die SASRV het gevolglik die dissipline onder die bestuurders en afrigters opgeskerp en sedertdien is geen ernstige probleme ondervind nie. Volgens Jan Preuyt lê dissipline ten grondslag van alle sukses. Hy is verheug dat die dissipline na afloop van die eerste drie dekades van die Cravenweek nie meer soseer van buite toegepas word nie. Die spelers se selfdissipline is in so 'n mate ontwikkel dat hulle binne die raamwerk van hul waarde- en normsisteme optree sonder dat iemand voortdurend oor hul skouer loer.[70] Die standpunt van die teenstanders van die toernooi dat die dissipline tydens die Cravenweek 'n onoorkomelike probleem sou wees, het dus nie veel water gedra nie.

Verder was die argument dat die seuns se deelname aan die Cravenweek 'n te groot ophef van hulle maak en gevolglik hul egos sou opblaas, volgens dr. Craven misplaas. Hy was dit egter eens met die beswaardes dat 'n SA-skolespan op die vroeë stadium wel 'n te groot ophef van die spelers sou gemaak het. In sy boodskap vir die amptelike program van 1964 se Cravenweek meld hy dat "geen nasionale span sal aan die einde van die week gekies word nie en die enigste diskriminasie wat sal plaasvind sal daarvan afhang of 'n span wen of verloor."[71]

Die beswaar dat te veel klem op die speel van wedstryde geplaas word en dat afrigting agterweë sal bly, is ook deur Jan Preuyt en die SASRV aangespreek. Die SASRV het in samehang met die SARR besluit dat afrigingskursusse 'n integrale deel van die Cravenweek sou vorm. Reeds in 1965 is 'n voorstel deur die SARR aanvaar dat 'n Afrigtersvereniging van Springbokke, wat nog aktief aan die spel deelneem as afrigters, skeidsregters en administrateurs, in die lewe geroep word. Dié uitgesoekte Springbokke sal dan gedurende dié Rugbyweek lesings oor fiksheid, vaardighede, kies van spanne en kluborganisasie aanbied. Verder sal die Springbokke

---

70 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 28 Februarie 1994.

71 Die Volksblad, 4 en 13 Julie 1964; Suid-Afrikaanse Rugby Jubileumjaar, Skolesaamtrek, Amptelike program van die Cravenweek, 6-11 Julie 1964, p. 4.

volgens hulle rugbyposisies geklassifiseer word en hulle moet vir elke posisie 'n raamwerk van pligte en vereistes saamstel.[72] Onder die voorsitterskap van Flappie Lochner het 42 Springbokke die spelers tydens dié 1965-Rugbyweek afgerig en ook die pligtestaat en vereistes vir elke posisie op skrif gestel.[73] Die gebruik om so 'n groot aantal Springbokke vir afrigting tydens die Cravenweek te gebruik, het geleidelik uitfaseer. Die gebruik is tans dat 'n kleiner groepie afrigters intensiewe afrigting aanbied vir elke span op die dae wanneer nie gespeel word nie.[74]

Die polemiek oor die oordrewe provinsialisme en wengees tydens die Cravenweek het in 1977 sy hoogtepunt bereik met 'n debatvoering in die Education, amptelike mondstuk van die Federale Onderwysersraad. Hiervolgens is beweer: "Already at Craven Week, we have rapid provincialism. Rumour has it that in the recent Craven Week WP were orignally down to play Northern Transvaal but because the organisers, for once using their heads, feared possible violence in this N-S encounter, they altered the fixtures so that the two traditional rivals should not meet ... What orignally, only in the 1st Craven Week, was a series of festival games has become a do-or-die Currie Cup type of competition."[75]

Die opvoedkundige waarde van so 'n sterk wengees word so bevraagteken: "Rugby is a game of pressure and stress and we demand that boys behave under pressure and stress. Herein lies the game's educational value. Its a character revealer as well as a character developer ... The stresses inherent in the game

---

[72] SARR argief: Reëlings Danie Cravenweek, Oos-Londen, 17 Junie 1965, p. 1.

[73] SARR argief: Verslag van Springbok Afrigterskomitee, 3 Augustus 1965, pp. 1-7.

[74] SARR argief: Witskrif, 1989, pp. 15-16.

[75] Federale Onderwysraad argief: Education, September 1977, p. 7.

is sufficient without adding to them."[76] Die vlagseremonies en toesprake tydens die toernooi word ook so beskryf: "They smack of political rallies and the Olympic games and are, in the rugby content, cheap, shallow, overemotional and nasty."[77]

Die sterk godsdienstige inslag van die Cravenweek is volgens die brief in Education ook onnodig. Die skrywer meld dat in sy eerste kennismaking met die Cravenweek in 1971 in Kimberley het 'n dominee gesê dat Dawie de Villiers is 'n puik kaptein omdat hy God in sy hart het. Verder word die omsendskrywe van die SASRV aan Cravenweekspelers voor die toernooi ook gekritiseer waarin gemeld word dat "the boys are adjured to watch themselves in moments of leisure during the week for apparently is it in such moments that Satan attacks - talk about the Middel Ages."[78]

Jan Preuyt het skerp op die kritiek gereageer. Eerstens het hy gemeld dat daar tydens die Cravenweek juis probeer word om met 'n oordrewe provinsialisme en wengees weg te doen.[79] Dr. Craven het dit duidelik gestel dat die spelers tydens die toernooi van provinsialisme moet wegkom en die spel geniet sonder die inagneming van die uitslag van 'n wedstryd.[80] Jan Preuyt meld verder dat die wedstryd tussen WP en Noord-Transvaal wel in 1977 plaasgevind het en dat daar geen sprake van geweld tydens die kragmeting was nie. Volgens Preuyt is dit natuurlik dat bestuurders en afrigters hul spanne wil sien wen en dat: "Over the years there may have been coaches/managers who might not have the right approach, but the vast majority of these men have set

---

[76] Ibid.

[77] Ibid.

[78] Ibid.

[79] SARR argief: Reply by the Chairman of the executive of the SA Schools' Rugby Association to the letter in Education of September 1977, October 1977, p. 1.

[80] Suid-Afrikaanse Jubileumjaar, Skolesaamtrek, Amptelike program van die Cravenweek, 6-11 Julie 1964, p. 4.

out to serve both players and the game itself in the correct spirit."[81]

In antwoord op die kritiek oor die vlagsermonies ten aanvang van die Cravenweek beweer Preuyt dat die oorgrote meerderheid spelers en toeskouers die vlagseremonies as 'n integrale deel van die Cravenweek waardeer. Volgens Preuyt word die omsendbriewe voor die Cravenweek aan spelers gestuur om die taak van die bestuurders en afrigters tydens die toernooi te vergemaklik. Ondervinding het geleer dat dissipline tydens die Cravenweek van kardinale belang is.[82]

Preuyt maak ook geen verskoning vir die godsdienstige aard van die Cravenweek nie. Hy sê dat Christene die Here in alle sfere van hul lewe verwelkom. Ten slotte skryf Preuyt dat die vooraanstaande Suid-Afrikaanse rugbylui die toernooi bywoon en dat daar allerweë waardering vir die toernooi bestaan. Van Suid-Afrika se beste skeidsregters hanteer ook die fluitjie tydens die Cravenweek en volgens hulle bestaan daar nie 'n wen ten alle koste benadering nie.[83] Benewens die teenstand teen die instelling van die Cravenweek het verskeie ander struikelblokke ook die pad van die SASRV versper. Een van die grootste geskilpunte was die poging om die Cravenweek se duur te verkort.

## DIE VERKORTE DUUR VAN DIE CRAVENWEEK

Die plaaslike organiserende komitee in samewerking met die SARR het 1980 se Rugbyweek na vier dae verkort. Die redes word as volg aangedui: "Die toets tussen Suid-Afrika en Brittanje is op Saterdag 12 Julie. Hier het die borge (Toyota) dit ook baie sterk gestel dat hulle nie die finale dag van die Cravenweek op

---

[81] SARR argief: <u>Reply by the Chairman of the executive of the SA Schools' Rugby Association to the letter in Education of September 1977</u>, October 1977, p. 1.

[82] <u>Ibid</u>., p. 2.

[83] <u>Ibid</u>., p. 2-3.

dieselfde dag as die toets wil hê nie. Die Week moes ook so beplan word dat die belangstellendes genoeg tyd het om al ons verrigtinge, maar ook die toets in Pretoria, te kan bywoon."[84]

'n Verdere oorweging vir die inkorting was van ekonomiese aard. Volgens die komitee kon hulle deur die Cravenweek te verkort, nog alles aan die seuns bied wat hulle gehad het en meer as R8 000 aan losiesgelde spaar.[85] Die program vir die Cravenweek sou van 6-10 Julie 1980 duur en sou soos in die verlede tradisioneel op die Sondag begin. Die amptelike opening sou op Maandag 7 Julie om 08:00 plaasvind en al die spanne sou op Maandag 7 Julie en Dinsdag 8 Julie in aksie wees. Woensdag sou daar dan geen wedstryde plaasvind nie en al die spanne sou weer op Donderdag in die finale wedstryde kragte meet. Dit beteken dat hoewel die toernooi met twee dae ingekort word, die spanne nog steeds drie wedstryde sou speel.[86]

Die inkorting van die Cravenweek in 1980 was prakties uitvoerbaar weens die talryke velde waaroor die Universiteit van Stellenbosch (US) se Rugbyklub beskik. Preuyt het die verkorte duur van die Cravenweek met vurigheid teengestaan. Hy het die verkorting bestempel as "onaanvaarbaar, onprakties en onuitvoerbaar. Hoe kan die seuns drie wedstryde in vier dae speel? Dit sal die standaard van die toernooi verlaag."[87] Waar Preuyt soms lelik klei getrap het met die wyse waarop hy die Kleurlinggeskilpunt benader het, was sy argument ten opsigte van die verkorte duur logies en beredeneerd. Fisiek sou drie harde wedstryde in vier dae die seuns te veel uitput en derhalwe, soos hy aangetoon het, die

---

84 SARR argief: Cravenweek 1980 - program vir 6-10 Julie 1980, 5 Februarie 1980, p. 1.

85 SARR argief: Cravenweek 1980, 19 Desember 1979, p. 1.

86 SARR argief: Cravenweek 1980 - program vir 6-10 Julie 1980, 5 Februarie 1980, p. 1; Die Burger, 5 Februarie 1980.

87 Die Burger, 5 Februarie 1980.

gehalte van die spel verlaag.[88] Die doel van die Rugbyweek was nie om die seuns aan so 'n moordende program bloot te stel nie en verder sou die opvoedkundige en vermaaklikheidsaspekte gekortwiek word.

Preuyt het verder regtens daarop gewys dat van die plattelandse Unies, wat die Cravenweek graag wou aanbied, nie genoeg velde het om die Rugbyweek in vier dae in te pas nie.[89] Preuyt is in sy sienswyse gesteun deur die SA Rugbyskrywersjaarboek wat die proefneming met die verkorte duur beskryf het as "beslis nie geslaag nie. Daar was te veel rugby in 'n te kort tyd."[90] Preuyt se pleidooie het nie op dowe ore geval nie en so het die SARR gelas dat die Cravenweek weer vanaf 1981 'n volle week duur.[91] Terwyl die SAHSRV nog besig was om die kwessie op te los, het 'n nuwe probleem naamlik die werwing van spelers reeds op die horison verskyn.

WERWINGSTURKSVY

Die probleem rondom die werwing van spelers by die Cravenweek het die eerste keer in Middelburg in 1978 opgeduik. Die Uitvoerende Bestuur van die SAHSRV het sy "misnoeë teenoor persone van die universiteite, kolleges, ens., wat werwing doen onder spelers by die toernooi, as studente vir hulle universiteite, kolleges, ens."[92] te kenne gegee. Nadat die bogenoemde werwers nie gehoor gegee het aan die versoeke om nie tydens die 1979-Cravenweek in Oos-Londen te werf nie, het die SAHSRV op 9 November 1979 aanbeveel dat aan al die universiteite en kolleges geskryf word.

---

88 Amptelike program van die Toyota Cravenweek 1980, p. 17.

89 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 27 Augustus 1992.

90 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1981, p. 231.

91 Amptelike program van die Toyota Cravenweek, 13-18 Julie 1981, p. 12.

92 SARR argief: Uitvoerende Bestuursnotule van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, 30 Maart 1979, p. 1.

Hierin word hulle versoek dat wanneer 'n verteenwoordiger van die universiteite of kolleges die toernooi bywoon, hulle slegs as waarnemer dit moet bywoon en dat geen werwing onder spelers vir hulle betrokke instansies gedoen mag word nie.[93]

In die daaropvolgende skrywe deur die sekretaris van die SAHSRV, Steven Roos, aan bogenoemde instansies is die verbod op werwing duidelik gestel. Roos het dié instansies versoek om indien hulle enige inligting verlang in verband met 'n speler, hulle die bestuurder of afrigter gedurende die Cravenweek moet nader en na afloop van die Cravenweek, aan die speler of sy skool skryf. Die rede vir die verbod op werwing was dat sommige van die spelers afgunstig word teenoor 'n medespanlid en dat dit die spangees nadelig beïnvloed.[94] Die universiteite, kolleges en ander werwingsinstansies het klaarblyklik gehoor gegee aan die versoek en werwing op 'n meer subtiele wyse gedoen, want vir die volgende ses jaar word daar in die notules geen verdere melding gemaak van probleme rondom die werwing van spelers nie.

Die bom rondom werwing het egter tydens die 1986-Cravenweek in Graaff-Reinet ontplof toe Georg van Eck, sportskrywer van <u>Die Volksblad</u> in Bloemfontein, in 'n voorbladartikel in <u>Beeld</u>, susterkoerant van <u>Die Volksblad</u>, skerp teen werwing by die week te velde getrek het. Onder die opskrif "Aasvoëls los by Cravenweek" beweer Van Eck dat die "koop" van spelers tydens die week handuit geruk het. Tot R3 000 per jaar, gratis studie en nog 'n hele rits ander beloftes is regstreeks aan die seuns gedoen en van hulle is so ontwrig, dat hulle nie behoorlik kon rugby speel nie.[95] Die Vrystaat se verteenwoordiger by die Cravenweek, Abie Smith, het amptelik beswaar by die SAHSRV aangeteken nadat veral Vrystaat se agterspelers die teiken van Pretoria se

---

93 SARR argief: <u>Notule van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging</u>, 9 November 1979, p. 2.

94 SARR argief: <u>Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging - Werwing van spelers</u>, 13 Junie 1980, p. 1.

95 <u>Beeld</u>, 10 Julie 1986.

beweerde tjekboekjagters was. Twee van die gewildste spelers was die senterpaar Pieter de Haas en Buks Steenkamp. Steenkamp is na bewering 'n uur voor die wedstryd teen Oostelike Provinsie deur 'n werwer van Pretoria bearbei. Hy het daarna swak vertoon in die Vrystaat se onverwagse nederlaag.[96]

Volgens Van Eck het geeneen van die ervare werwers soos Tat Botha en George Nel (onderskeidelik van Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Vrystaatse Technikon), Johan Fechter (Maties) en Boesman Basson (Suid-Afrikaanse Polisie) die reëls oortree nie. Dit was nuwelinge wat vir die eerste keer by 'n Cravenweek werwingswerk gedoen het, wat die seuns regstreeks genader het. Die werkswyse van die werwers wat universiteite, onderwys-kolleges, technikons, weermaginstansies en die Suid-Afrikaanse Polisie insluit, het duidelike ontevredenheid onder die bestuurders, afrigters asook die ouers van die skoolseuns veroorsaak. Van Eck sluit sy berig af deur te vermeld dat "van die grootste besware teen hierdie soort werwing is dat die seuns se rugbytalent hoër aangeslaan word as sy akademiese vermoëns en dat begaafde studente in die proses benadeel word. Dit dien ook as 'n bewys van die hoë premie wat universiteite en ander inrigtings op sportprestasies plaas."[97]

Jan Preuyt het na aanleiding van bogenoemde berig en die beswaar van Smith 'n vergadering van al 28 bonde, wat die Cravenweek bygewoon het, belê. Tydens die vergadering is beweer dat spelers selfs laat in kleedkamers opgedaag het, omdat werwers hulle besig gehou het. Preuyt het na afloop van die vergadering al die werwers bymekaar geroep en die beleid ten opsigte van werwing weer uitgestippel dat slegs waarneming tydens die Cravenweek toegelaat word. Geen direkte kontak is toelaatbaar nie. Na afloop

---

96 Ibid.

97 Ibid.

van die Cravenweek kon met die spelers en hul ouers onderhandel word.[98]

'n Kritiese ontleding van Van Eck se berig dui op verskeie onjuisthede en onwaarhede. Dit is wel waar dat Abie Smith beswaar aangeteken het teen die wyse waarop werwing geskied het. Smith, tans verbonde aan die Hoërskool Sand du Plessis in Bloemfontein, het in 'n telefoniese gesprek op 11 Januarie 1993 gemeld dat die meeste van die werwers hulle skuldig gemaak het aan direkte kontak met die spelers. Dit was beslis nie net Pretoria se werwers wat oortree het nie.[99]

Buks Steenkamp en Pieter de Haas ontken egter albei enige sprake van groot geldelike bedrae wat hul aangebied is. Steenkamp sê dat hy wel 'n uur voor die wedstryd teen OP met dr. Dawie Marais van die Universiteit van Pretoria (UP) gesels het. Dr. Marais is egter 'n vriend van die Steenkampgesin en daar is allesbehalwe oor geld en studiebeurse gesels. De Haas het tydens die gesprek, as vriend van Steenkamp, bygestaan en geen aanbod is ook aan hom gemaak nie. Steenkamp het na sy skoolloopbaan militêre opleiding by George ondergaan en hy het daarna op 'n plaas tussen Welkom en Kroonstad gaan boer, waar hy ook Noord-Vrystaat se rugbyspan verteenwoordig het. Indien Steenkamp dus sulke aanbiedinge gekry het, sou sy bewegings na matriek anders daar uitgesien het.[100]

De Haas het, nadat hy matriek aan Grey-kollege voltooi het, in Bloemfontein gebly. Hier het hy as student aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS) reeds as 0/20 speler vir Vrystaat se seniorspan uitgedraf en het daarna na Johannesburg verhuis waar hy Transvaal se span by geleentheid gehaal het.[101] Dus het

---

98 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 27 Augustus 1992; Beeld, 10 Julie 1986.

99 Mondelinge onderhoud met Abie Smith, 22 Januarie 1993.

100 Mondelinge onderhoud met Buks Steenkamp, 22 Januarie 1993.

101 Mondelinge onderhoud met Pieter de Haas, 25 Januarie 1993.

ook De Haas hom nie na die vleispotte van Pretoria gehaas nie. Dit is dus duidelik dat Van Eck en sy informante die spoor byster was. 'n Moontlike verklaring vir die berig kan 'n poging tot regverdiging wees vir die verrassende nederlaag wat die Vrystaat teen OP gely het.

'n Voortvloeisel van die werwingsgeskilpunt was dat die voorsitter, Jan Preuyt, tydens die algemene jaarvergadering van die SAHSRV in 1986 gevra is om 'n brief op te stel waarin die prosedure van werwing, wat reeds vroeër uiteengesit is, weer aan al die betrokke instansies gestuur word.[102] Die probleme rondom werwing het na die storm van 1986 uitgewoed en daarna het die werwingsinstansies die neergelegde prosedures eerbiedig. Afhangende van hoe die plaaslike reëlingskomitee daaroor voel, is die werwers ook sedertdien die geleentheid gegun om al die spelers tydens 'n sentrale byeenkoms toe te spreek. So meld dr. Christo Becker, voorsitter van die plaaslike reëlingskomitee vir die 1992-Cravenweek in Pretoria, dat al die werwers op die Donderdagaand tydens die toernooi toegelaat is om hul instansies aan die spelers voor te hou.[103]

Al die tersiêre instansies waarmee oor werwing gesels is, lê sterk klem op die korrekte opvoedkundige prosedure. 'n Student word primêr op sy akademiese prestasies beoordeel. Alleen indien hy hierin slaag, word sy sportpretasies in ag geneem. Al die instansies meld ook dat hulle geen direkte werwing by die Cravenweek doen nie. So meld Koos Ehlers van die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) dat die skole van die onderskeie rugbyspelers gekontak word en dat die afsprake dan deur hulle geskied.[104] Die SAP word, aldus werwingsoffisier Thabo Thomas, ook deur sekere reëls gebind. So moet 'n voornemende konstabel

---

102 SARR argief: Notule van die drie en twintigste algemene jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, 11 Julie 1986, p. 5.

103 Mondelinge onderhoud met Christo Becker, 8 Januarie 1993.

104 Mondelinge onderhoud met Koos Ehlers, 11 Januarie 1993.

matriek slaag en daarna persoonlikheidstoetse suksesvol aflê, voordat hy tot die SAP toegelaat word.[105]

By geeneen van die instansies word 'n speler geld aangebied om daar te studeer nie. So meld Johan Lighthelm, adjunkdirekteur van UP se Sportburo, dat geen sportbeurse meer vir uitstaande sportlui beskikbaar is nie. Die studentedekaan, prof. Flip van der Watt, het slegs R23 000 tot sy beskikking waarmee al die sportlui van Tukkies gehelp word.[106] Die Onderwyskollege Pretoria gee volgens sy rugby-organiseerder, Gert van Coller, sportbeurse van tussen R360 en R1 500 aan belowende sportlui. Albei RAU en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) se topbeurse is ook R1 500 terwyl die minimumbeurse onderskeidelik R500 en R800 beloop.[107] Die sportbeurse is, soos Jan Preuyt dit stel, 'n welkome aansporing vir belowende sportlui wat hulle verder wil bekwaam.[108] Dit is egter onregverdig dat sportlui, wat akademies ontoereikend is, universiteite toe gelok word. Die jong seuns leef akademies bitter swaar en hul selfkonsep ly erg skade in die gepaardgaande staking van studies. Die geskilpunte het egter nie afbreek gemaak aan die skouspel wat die Cravenweek bied nie.

---

105 Mondelinge onderhoud met Thabo Thomas, 11 Januarie 1993.

106 Mondelinge onderhoud met Johan Ligthelm, 8 Januarie 1993.

107 Mondelinge onderhoude met Gert van Coller, 11 Januarie 1993; Koos Ehlers, 11 Januarie 1993 en Deon Fitchet, 8 Januarie 1993.

108 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 27 Augustus 1992.

# HOOFSTUK 3

# DIE CRAVENWEEK SE AFSKOP (1964–1978)

## UNIEKE RUGBYFEES WORD IN 1964 'N WERKLIKHEID

Deur die visie, werkywer en ondernemingsgees van Jan Preuyt en sy plaaslike organiserende komitee, kon Oos-Londen hom in 1964 in sy mooiste kleure tooi. Die hawestad het gasheer gespeel vir 'n unieke skoletoernooi wat enig in sy soort in wêreldrugby sou wees. Vyftien bonde met sestien spanne kon hier die vrugte pluk van die plaaslike organiserende komitee se deeglike voorbereiding. Die deelnemende spanne was: Grens A- en B-span, Noord-Transvaal, Transvaal, Westelike Provinsie, Vrystaat, Boland, Natal, Oostelike Provinsie, Suidwes-Afrika, Griekwas, Suidwestelike Distrikte, Noordoostelike Distrikte, Wes-Transvaal, Rhodesië en Oos-Transvaal. Die plaaslike organiserende komitee onder leiding van Jan Preuyt het die program vir die eerste vier dae opgestel. Die spanne wat Maandag speel, sou weer Woensdag kragte meet, terwyl die spanne wat Dinsdag in aksie sou wees, mekaar Donderdag die stryd sou aansê. Al die spanne sou op Saterdag 11 Julie speel.[1]

Die plaaslike organiserende komitee het by die opstel van die wedstrydbepalings die geografiese ligging sowel as die beraamde krag van die spanne in ag geneem. Daar is gepoog om nie buurprovinsies teen mekaar te laat speel nie, terwyl spanne van beraamde gelyke krag teen mekaar geplaas is. Die ses spanne wat die aanskoulikste rugby tydens die Cravenweek speel, nie noodwendig onoorwonne spanne nie, sou in die laaste drie wedstryde op Saterdag 11 Julie mekaar aandurf. Die laaste wedstryd sou 'n

---

[1] Grens Rugbyunie Argief: <u>Border Schools R.F. Sub-Union Minutes</u>, 20 May 1964, p. 2.

nie-amptelike eindstryd tussen die twee spogspanne van die Cravenweek wees.[2]

Die gasheerprovinsie, Grens, se A-span was die enigste onoorwonne span en het in die hoofwedstryd vir Natal die loef afgesteek. Grens A het op 'n flinke noot begin deur Noord-Transvaal in die eerste wedstryd met 22-11 te wen. Die regtervleuel van Grens, D. Longmore, het sy naam in die rekordboeke gevestig deur die eerste punte op 'n Cravenweek, 'n drie, aan te teken. Die span se aanskoulike spel het nog drie drieë opgelewer. Longmore het 'n verdere drie behaal en skrumskakel, J. Maree, en senter, T. Botha, het ook agter die doellyn gaan kuier. J. McEvoy het met twee doelskoppe en twee strafdoele geslaag.[3] Die Bruintruie van Grens het daarna ook met Noord-Transvaal se buurman, Transvaal (14-9), afgereken om sy plek in die hoofwedstryd te bespreek.[4]

Natal het net soos Grens sy kleim vir die 'eindstryd' vroeg afgesteek deur OP met onortodokse hardlooprugby (32-16) te klop. Andrew van der Watt, latere Springbokvleuel van 1969-1971, het puik spel gelewer en drie drieë gedruk. B. Sharpe (vleuel) het veertien punte, bestaande uit een drie, vier doelskoppe en een strafdoel, bygedra.[5] Die jong Piesangboere het daarna teen Vrystaat met 11-13 die onderspit gedelf. Natal se skouspelagtige benadering het die organiserende komitee nogtans genoop om dié span in die 'eindstryd' te laat speel. Grens A en Natal het in die glanswedstryd nie teleurgestel nie en in 'n hardloopfees het eersgenoemde met 12-8 as die oorwinnaar uit die stryd getree. Longmore se derde drie vir Grens in die Rugbyweek was die hoogtepunt van die wedstryd. R. Els, flank, het Grens se ander

---

2 Ibid., pp. 1-2.

3 Daily Dispatch, 7 July 1964.

4 Transvaler, 8 Julie 1964.

5 Natal Mercury, 7 July 1964; Shnaps, A Statistical History of Springbok Rugby, Players, Tours and Matches, p. 26.

drie gedruk en McEvoy het albei drieë verdoel. Vir Natal het B. Sharpe met drie strafdoele geslaag.[6]

Die primêre rede vir Grens se welslae was, sy drie puik rugbyskole, naamlik Selborne College, Dale College en Queen's College. Dale College het onder meer in 1964 sy rugbybepalings onoorwonne teen van die sterkste rugbyskole in die land afgesluit.[7] Dié skool se Mike Jennings (agtsteman) het toe reeds die belofte getoon wat hom 'n Springbok in 1969-1970 sou maak. Benewens Jennings het Selborne College se André de Wet, die beste lynstaanspringer in die Rugbyweek, ook die Springboktoer in 1969-1970 na Brittanje meegemaak.[8] 'n Laaste rede vir Grens se welslae, was die afrigting. Reus Marais, wat gehelp het om Dale College so 'n dominerende rugbykrag te maak, het ook Grens se skolespan tot 'n gedugte eenheid geslyp.[9]

Waar Grens sy span om drie sterk skole gebou het, was Natal se welslae aan Maritzburg College te danke. Die skool se afrigter, Skonk Nicholson, het vir Natal se skolespan, net soos vir Maritzburg College, die vaardighede aangeleer om die bal met vertroue te kon dra.[10] Spelers wat individueel bygedra het tot Natal se sukses was veral die reeds vermelde B. Sharpe, vleuel, en die blitsige Andrew van der Watt. Sharpe het met sy dodelike skopskoen die meeste punte (28) op die Cravenweek aangeteken.[11]

---

6 Jan Preuyt privaatversameling: Cravenweek 1964: Verslag aan Suid-Afrikaanse Rugbyraad, p. 26.

7 The Dale College Magazine, November 1964, pp. 115-123.

8 Shnaps, pp. 118 en 120; Dugmore, Rugby down the years. An Eastern Cape and Border Schools' History, pp. 39-41 and 268.

9 Dugmore, pp. 32-37; Suid-Afrikaanse Julileumjaar 1964, Skolesaamtrek - Cravenweek 6-11 Julie, p. 17.

10 Nicholson and Wiblin, Jimeloyo-Ji!!, p. 51; Suid-Afrikaanse Jubileumjaar 1964. Skolesaamtrek - Cravenweek 6-11 Julie, p. 17.

11 Die Burger, 7, 9 en 13 Julie 1964.

Adriaan Roberts van die Vrystaat, het naas Sharpe die meeste punte (25) behaal en sy span gehelp om teen die WP in die hoofvoorwedstryd (8-elk) gelykop te speel.[12] Albei die spanne het die Rugbyweek op 'n verloornoot begin. WP het teen Transvaal (0-8) verloor terwyl Vrystaat (11-15) die onderspit teen Boland moes delf. Daarna het albei spanne hulle reggeruk deur onderskeidelik Noord-Transvaal (25-6) en Natal (13-11) te klop.[13] Die Kapenaars se lostrio is tydens die Rugbyweek nie geklop nie. Hulle flank en kaptein, C. Louw, was die uitstaande speler. Op sy beurt het Vrystaat se krag agterlangs gelê en veral sy linkervleuel, B. Cronje, het aandag getrek met sy sterk lopies.[14] Die Blikore se prestasie om die hoofvoorwedstryd te haal, is des te meer merkwaardig, as in ag geneem word dat Grey-kollege, sy sterkste voedingsbron, 'n toer na Rhodesië onderneem het en sy spelers dus nie vir die toernooi beskikbaar was nie.[15]

Oos-Transvaal het die beste van die Tranvaalse bonde presteer deur OP in die eerste van die drie uitsoekwedstryde met 23-9 te klop. P. Krugel was die groot uitblinker vir Oos-Transvaal en is as een van die beste heelagters op die toernooi beskou.[16] Hoewel OP aan die verloorkant was, was die senter, Johan van der Merwe, vol ondernemingsgees. Hy was die vierde speler op dié Rugbyweek wat die 1969-70 Springboktoer na Brittanje meegemaak het.[17] Benewens Oos-Transvaal het die plattelandse bonde Suidwestelike Distrikte (SWD) en Wes-Transvaal ook presteer deur twee van hul

---

12 Daily Dispatch, 7, 9 and 13 July, 1964.

13 Jan Preuyt privaatversameling: Cravenweek 1964: Verslag aan Suid-Afrikaanse Rugbyraad, pp. 2, 12 en 23.

14 Evening Post, 7, 9 and 13 July 1964.

15 Die Burger, 13 Julie 1964.

16 Transvaler, 13 Julie 1964.

17 Evening Post, 13 July 1964; Shnaps, p. 113.

drie wedstryde te wen. Samuel Uys van SWD het net soos Longmore van Grens drie drieë tydens die Rugbyweek gedruk.[18]

Noord-Transvaal en Noordoostelike Distrikte (vanaf 1966 bekend as Noordoos-Kaap) se vertonings was teleurstellend. NOD se drie nederlae kan verskoon word, indien hul voedingsgebied wat slegs ses skole insluit, in ag geneem word. Noord-Transvaal, met 'n ryk voedingsbron, verloor egter al drie sy wedstryde. Die verbeeldinglose wyse waarop die jong Ligbloues gespeel het, was die grootste ontnugtering.[19] Die stugge spelpatroon was 'n nabootsing van die provinsie se seniorspan, waar groot voorspelers en skoppende losskakels oorheers het.

Die meerderheid spanne het egter in die gees van die Cravenweek die bal na hartelus rondgegooi soos die koerantopskrifte "Seuns speel pragrugby" en "Verfrissende rugby" bevestig.[20] Die teenstanders van die Cravenweek se vrees vir oordrewe provinsialisme, die oorheersende wil om te wen en grootdoenerigheid onder die spelers, het nie gematerialiseer nie. In die lig hiervan het die SARR bevestig dat die Rugbyweek 'n jaarlikse instelling sou word.[21] Die bestuurders van die Cravenweekspanne het hulle ten doel gestel om nie-deelnemende skole, veral Engelstalige hoërskole in bonde soos Transvaal, Wes-Transvaal en Noord-Transvaal, by die Cravenweek te betrek. Die doelstelling is in 1965 bereik toe die oorgrote meerderheid skole hul spelers vir die Cravenweek beskikbaar gestel het.[22]

---

18 Jan Preuyt privaatversameling: Cravenweek 1964: Verslag aan Suid-Afrikaanse Rugbyraad, pp. 7 en 16-21.

19 Die Burger, 13 Julie 1964.

20 Die Burger, 7 en 8 Julie 1964; Suid-Afrikaanse Jubileumjaar 1964, Skolesaamtrek - Cravenweek 6-11 Julie 1964, p. 4.

21 SARR argief: Minutes of a meeting of the Executive Committee, 18 September 1964, p. 1.

22 Die Burger, 13 Julie 1964 en 12 Julie 1965.

## NATAL GEE DIE TOON AAN GEDURENDE 1965-1966

Oos-Londen, Pretoria en Port Elizabeth was die sentra wat vir die 1965-Cravenweek aansoek gedoen het. Eersgenoemde het as gevolg van die sukses van die vorige Cravenweek die regmerkie van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad ontvang. Rhodesië het nie aan die Rugbyweek deelgeneem nie, omdat dit nie daar skoolvakansie was nie. Veertien provinsies het deelgeneem. Grens het weer 'n B-span ingeskryf, terwyl die reserwes van al die provinsies saam die Gekombineerde Vyftiental uitgemaak het. Die rede hiervoor was om 'n gelyke aantal spanne teen mekaar te laat deelneem.[23]

Natal het, soos in 1964, reeds op die eerste dag seker gemaak dat hy in die 'eindstryd' speel deur WP in 'n aanskoulike wedstryd met 12-9 te klop. Andrew van der Watt se vaart het hom twee drieë voor 3 500 waarderende toeskouers besorg. Transvaal het egter gesorg dat Natal nie alleen die kollig steel nie deur 'n sege van 9-6 oor die OP te behaal.[24] Aangesien die twee spanne die beste op die eerste dag vertoon het, is hulle teen mekaar in Woensdag se spogstryd geplaas. Die jong Rooibontes het met 14-11 geseëvier in 'n wedstryd waar skoppe tot die minimum beperk was. Gert Muller, Springbokvleuel van 1969-1974, was Natal se groot uitblinker in die wedstryd.[25] Die wedstryd was van so 'n hoogstaande gehalte dat die twee spanne weer gevra is om in die 'eindstryd' teen mekaar te speel. Dit is die enigste keer in die 30-jarige bestaan van die Cravenweek dat so iets gebeur het.

Die jong Piesangboere het in die hoofwedstryd die bordjies verhang deur met 22-11 te seëvier. Die kombinasie van losskakel H. Aylward, Van der Watt in die middelveld en Muller op die vleuel was wat spoed en vaardigheid betref, die Transvalers een

---

23 SARR argief: Jan Preuyt se Voorsittersverslag van die Danie Cravenweek 1965; pp. 1-5.

24 Skonk Nicholson, privaatversameling: Natal Mercury, 13 July 1965.

25 Daily Dispatch, 15 July 1965.

voor. Van der Watt het die eerste speler geword om in elke wedstryd op die Cravenweek 'n drie te druk. Sy totaal van vier drieë (twee teen die WP) was ook 'n nuwe rekord.[26] Transvaal se uitblinker op die toernooi was die vleuel en stelskopper, J. Vorster.[27] Die hoofwedstryd is deur Jan Preuyt in sy voorsittersverslag as die beste nog op die Cravenweek bestempel.[28]

Oos-Transvaal en OP het net soos in 1964 weer die laaste drie hoofwedstryde gehaal. Waar dié twee spanne in die eerste van die hoofwedstryde in 1964 gespeel het, was promosie en die hoofvoorwedstryd nou hul voorland. Oos-Transvaal het hul sege van die vorige jaar herhaal deur met 17-5 koning te kraai. Die jong Rooi Duiwels het die toernooi onoorwonne afgesluit nadat hulle vroeër met Vrystaat (15-3) en Boland (12-6) afgereken het.[29] Die span se steunpilare was George Killian (senter) en die latere Blou Bul flank, Peet Bezuidenhout. Oos-Transvaal se sukses was gesetel in sy groot spelerdiepte, wat die latere Suidoos-Transvaal en Laeveld as voedingsgebiede ingesluit het.[30]

Griekwas het, net soos Oos-Transvaal, daarin geslaag om 1965 se toernooi vir die eerste keer onoorwonne af te sluit. Die Diamantvelders is in die finale rondte teen WP in die eerste van die drie hoofwedstryde geplaas en het die Kapenaars met 10-9 geklop.[31] Agt van Hoërskool Diamantveld se spelers het die kern van die span gevorm, wat vroeër ook met die Gekombineerde

---

[26] Natal Mercury, 19 July 1965; SARR argief: Jan Preuyt se Voorsittersverslag van die Danie Cravenweek 1965, pp. 2-6.

[27] Daily Dispatch, 19 July 1965.

[28] SARR argief: Jan Preuyt se Voorsittersverslag van die Danie Cravenweek 1965, p. 4; Skonk Nicholson privaatversameling: The Daily News, 19 July 1965.

[29] SARR argief: Jan Preuyt se Voorsittersverslag van die Danie Cravenweek 1965, pp. 2-3.

[30] Van Zyl (red.), Noord-Transvaalrugby 50, p. 385; Die Vaderland, 13-17 en 19 Julie 1965.

[31] Die Burger, 19 Julie 1965.

Vyftiental (8-6) en NOD (26-3) afgereken het.[32] Wes-Transvaal het hom ook by die twee onoorwonne spanne geskaar deur vir SWA (11-0), Grens B (11-6) en Boland (13-11) te klop.[33] Nog 'n spogspan was Grens A, wat sy goeie rekord behou het deur slegs teen die WP (3-11) te verloor.[34] Daarbenewens het die span weer 'n latere Springbok, Ray Carlson, van Selborne College opgelewer.[35]

'n Positiewe aspek van die toernooi was dat Noord-Transvaal die span was wat die meeste verbeter het. Die Ligbloues het hulle stugge spelpatroon van die vorige seisoen afgeskud en meegedoen aan die hardlooprügby. Die gevolg was seges oor Grens B (14-6) en SWD (18-0). In die laaste wedstryd het Grens A egter te veel skietgoed (8-3) vir Noord-Transvaal gehad.[36] NOD het weer swaar geleef en kon geen wedstryd wen nie. Verder het die hoogaangeskrewe Vrystaters, dié keer met Grey-kollege se spelers in sy midde, ook teleurgestel en hulle enigste sege was naelskraap (6-5) oor Suidwes-Afrika.[37]

In die geheel gesien, het die 1965-Cravenweek nie die kwaliteitspel van die vorige jaar geëwenaar nie. Die Burger en Natal Mercury se korrespondente meld albei dat die reënweer hardlooprugby bemoeilik het. Verder het die spanne beter teen mekaar opgeweeg en was daar nie kans om, soos in die vorige jaar, 'n swakker span met sprankelspel te oorweldig nie.[38] 'n Verdere

---

32 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Oos-Londen, 1965, p. 25; Daily Dispatch, 13-19 July 1965.

33 Transvaler, 13-17 en 19 Julie 1965.

34 Daily Dispatch, 13-17 and 19 July.

35 Shnaps, p. 124; Van Rooyen (red.) SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 223.

36 Die Vaderland, 13-17 en 19 Julie 1965.

37 Die Volksblad, 13-17 en 19 Julie 1965.

38 Die Burger, 14 Julie 1965; Natal Mercury, 14 July 1965.

rede vir die verlaging in spelpeil was die gebrek aan fiksheid. Jan Preuyt meld in sy voorsittersverslag dat sommige van die seuns nie fiks genoeg was om aan hulself, die span en die spel reg te laat geskied nie.[39]

Volgens Preuyt is die rede hiervoor dat die seuns reeds 'n week of twee vakansie agter die rug gehad het toe die Cravenweek begin het. Om die leemte te vul, beveel Preuyt aan dat die belangrikheid van fiksheid deeglik onder die aandag van die skoolseuns en hul afrigters gebring word. Verder sal 'n fiksheidskenner soos Gert Potgieter, voormalige wêreldrekordhouer in 440 treë hekkies, genooi word om die spelers oor die onderwerp toe te spreek.[40] Preuyt se woorde is ter harte geneem, want die fiksheid van die seuns was een van die hoekstene van die puik spel wat die volgende jaar in Pretoria gelewer is.

Net soos tydens die vorige twee Cravenweke, het sestien spanne in die Jakarandastad in 1966 hul passies kom toon. Grens B en die Gekombineerde Vyftiental het egter weggeval en die nuweling Noordwes-Kaap (NWK) en Rhodesië het hul plekke ingeneem.[41] Natal was soos gebruiklik weer die skare se gunsteling en het in die eerste wedstryd "met rugby waarvoor hierdie provinsie bekend is, die Noord-Transvalers soms dronk gespeel en met 24-11 gewen."[42] Natal het egter in sy tweede wedstryd teleurgestel, deur die aftog teen Oos-Transvaal te blaas (0-12). Die Natal Mercury meld tereg dat die Piesangboere "were not a shadow of the magnificent running machine that they were on Monday."[43]

---

39 SARR argief: Jan Preuyt se Voorsittersverslag van die Danie Cravenweek 1965, p. 4.

40 Ibid.

41 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Pretoria, 4-9 Julie 1966, pp. 18-22.

42 Die Burger, 5 Julie 1966.

43 Natal Mercury, 5 July 1966.

Natal se vertoning op die eerste dag was egter nog goed genoeg om hom 'n plek in die 'eindstryd' Saterdag teen die Oostelike Provinsie te besorg. OP het reeds op die eerste dag sy stem dik gemaak en SWA met 27-14 geklop. Die Burger meld dat OP beslis die span van die dag was. "Hy het na 'n volmaakte span gelyk met sy stewige pak voorspelers en gevaarlike agterlyn."[44] Die 'volmaakte span' het egter sy rieme in die tweede wedstryd teen Noord-Transvaal styfgeloop, toe die plaaslike span met 15-11 geseëvier het.[45] Net soos in die geval met Natal, het OP se blink vertoning op die eerste dag gesorg dat hy nogtans in die hoofwedstryd speel.

Die plaaslike organiserende komitee is reg bewys met sy keuse van spanne vir die hoofwedstryd, toe bogenoemde twee spanne vir 'n spogstryd gesorg het. Natal het vir die tweede agtereenvolgende seisoen koning gekraai, deur met 13-11 te seëvier. 'n Groot aanwins in Natal se span was die vier avontuurlustige agterspelers van Hilton College.[46] M. Warner het sy twee drieë teen Noord-Transvaal in die eerste wedstryd opgevolg met opwindende lopies in die daaropvolgende wedstryde en hy is as een van die beste vleuels op die Rugbyweek beskou. Verder het Hilton se skakelpaar M. Ballentyne (skrumskakel) en B. Hardie (losskakel) met slim spel volop kanse vir die driekwarte geskep.[47]

Noord-Transvaal se vordering op die Cravenweek word weerspieël deur sy plasing in die 1966 se hoofvoorwedstryd teen die WP. Die jong Ligbloues het die prestasie te danke aan knap vertonings teen Natal en OP. WP het op sy beurt met Wes-Transvaal (20-8) en Transvaal (11-0) afgereken.[48] Die Vaderland berig dat WP nie 'n

---

44 Die Burger, 5 Julie 1966.

45 Die Vaderland, 7 Julie 1966.

46 The Daily News, 11 July 1966; Amptelike program van die Danie Cravenweek, Pretoria, 4-9 Julie 1966, p. 20.

47 Natal Mercury, 5-9 and 11 July 1966.

48 Die Burger, 6-9 en 11 Julie 1966.

antwoord gehad het vir die breekslae van Hoërskool Langenhoven se H. van Aswegen nie. Van Aswegen het telkens die eerste linie van die Kapenaars gebreek om vir sy vleuel C. van Zyl en J. Bornman volop hardloopkans te gun. Die gevolg was dat Noord-Transvaal met 20-8 gewen het.[49] Die WP se uitblinkers was die lostrio J. Daneel, A. Sinclair en H. Druker.[50]

Terwyl die Ligbloues 'n stygende kurwe getoon het, was die Oos-Transvalers reeds vir die afgelope drie jaar op die kruin van die golf. Die Rooi Duiwels het vir die derde agtereenvolgende jaar die drie hoofwedstryde gehaal. Die span het in sy eerste wedstryd teen Grens met 5-elk gelykop gespeel. Daarna het hy stoom opgebou en vir Natal die loef afgesteek.[51] Sy teenstander in die eerste van die hoofwedstryde, Vrystaat, het albei sy wedstryde teen Griekwas (8-6) en Wes-Transvaal (20-8) gewen.[52]

Beide Vrystaat en Oos-Transvaal het met 'n latere Springbok in hul geledere gespog. Dawie Snyman (Springbok 1971-1977) was die spil waarom Vrystaat se aanvalle gedraai het.[53] Vir Oos-Transvaal het die sterk stut, Nic Bezuidenhout (Springbok 1972-1974), sy teenstandes harde bene laat kou.[54] Vrystaat het in bogenoemde wedstryd teen Oos-Transvaal met 24-3 gewen. Dié sege het Vrystaat se vertroue in hul hardlooppatroon laat toeneem en voortaan sou die Blikore gevreesde teenstanders wees.[55]

---

49 Die Vaderland, 11 Julie 1966.

50 Die Burger, 6-9 en 11 Julie 1966.

51 Transvaler, 5-8 Julie 1966.

52 Die Volksblad, 6-9 en 11 Julie 1966.

53 Shnaps, p. 123; Die Burger 6-9 en 11 Julie 1966.

54 Shnaps, p. 124; Transvaler 5-9 en 11 Julie 1966.

55 Die Burger, 11 Julie 1966; Amptelike program van die Danie Cravenweek, Pretoria, 4-9 Julie 1966, p. 19.

SWD was in 1966, benewens Vrystaat, die enigste ander onoorwonne span. Die Volstruisboere het vir NWK (17-5), Grens (22-3) en Boland (13-3) geklop. Die uitblinker vir SWD was die losskakel Deon Karg. Dié latere speler van SWA se seniorspan het met vlymskerp breekslae vorendag gekom. Skrumskakel C. Stander het met drie drieë ook flink vertoon.[56] Die Volstruisboere spog met die onderskeiding dat hulle na afloop van die eerste drie Cravenweke die meeste seges (sewe) van al die spanne behaal het. Die meeste van die seges is oor van die kleiner bonde behaal en SWD kan dus nie as die beste span in die tydperk 1964-1966 beskou word nie. As plattelandse span het hy egter nie sy gelyke gehad nie.

Hoewel die stedelike spanne met hulle groter spelergetalle oorheers het, het die plattelanders met die blootstelling van die Cravenweek jaar na jaar verbeter. Daar is geen beter voorbeeld as Noordoos-Kaap (NOK) nie. In die eerste twee jaar het die span as NOD geen wedstryd gewen nie, maar het in 1966, met dieselfde voedingsbronne, vir Rhodesië en Transvaal kaf gedraf.[57] In 1967 moes die plattelandse spanne egter die agterste gestoeltes inneem terwyl die tuisspan, WP, en die Vrystaat in die kollig beweeg.

KWIKSILWER VRYSTAAT OP DIE VOORGROND IN 1967-1968

Die historiese Nuweland in Kaapstad was die veld waarop die Cravenweekspelers van 1967 hul talente ten toon kon stel. Net soos in die vorige drie jaar het sestien spanne aan die toernooi deelgeneem. Rhodesië het as gevolg van sy veranderde vakansies en die lang afstand Kaapstad toe, besluit om nie deel te neem nie. In die plek van bogenoemde span het WP 'n B-span ingeskryf.[58]

---

56 Transvaler, 5-9 en 11 Julie 1966.

57 Die Vaderland, 5-9 en 11 Julie 1966.

58 Die Vaderland, 3 Julie 1967; Amptelike program van die Danie Cravenweek, Kaapstad, 3-8 Julie 1967, p. 18.

Tydens die amptelike opening het Piet Bayly, die president van die Westelike Provinsie Rugbyunie, die meer as 300 spelers welkom geheet en gemeld dat die Rugbyweek sedert sy ontstaan aanskoulike rugby opgelewer het en dat die jaar geen uitsondering behoort te wees nie.[59] Bayly se hoop is nie beskaam nie, want reeds na afloop van die eerste reeks wedstryde op Maandag 3 Julie, voorspel Dirk de Villiers van Die Burger dat "die beste rugby hierdie seisoen in die WP vandeesweek te sien sal wees."[60] Die toernooi het op 'n hoogtepunt begin toe WP vir Noord-Transvaal in die openingswedstryd met 19-14 geklop het.[61] Die Kapenaars het soos dit nou al gebruiklik was 'n insinking in die tweede wedstryd teen Wes-Transvaal beleef en naelskraap met 8-3 verloor. WP se vertoning teen Noord-Transvaal was volgens die Uitvoerende Komitee van die SASRV goed genoeg om hom 'n plek in die hoofwedstryd te besorg.[62]

Dawie Snyman se Vrystaters sou die teenstanders in die 'eindstryd' wees. Soos dikwels die vorige drie jaar, het die Blikore die Rugbyweek onseker begin deur naelskraap met OP (10-8) af te reken. Die Blikore het daarna stoom opgebou deur Boland met 21-0 te verslaan.[63] Die Kaapse toeskouers het na die flinke vertoning van die twee uitsoekspanne vroeër die Rugbyweek, hul gereed gemaak vir 'n uithalerhoofwedstryd. Die kragmeting is egter gekenmerk deur verbeeldinglose spel en Vrystaat het met 8-3 geseëvier.[64]

Die Burger vermeld in sy verslag van die hoofwedstryd, dat die "tikseltjie verbeelding wat deur die Vrystaat getoon is, eintlik

---

59 Die Burger, 4 Julie 1967.

60 Ibid.

61 Transvaler, 4 Julie 1967.

62 Die Burger, 7 Julie 1967.

63 Die Volksblad, 4-7 Julie 1967.

64 Transvaler, 10 Julie 1967.

die werk van net een Vrystater was."[65] Die Vrystater waarna verwys word, is senter Nelson Babrow. Die seun van Springbok, Louis Babrow, is deur die pers as die beste speler op die toernooi uitgesonder. In die hoofwedstryd het hy eers met rigtingverwisseling en 'n lang uitgee J. Coetsee (vleuel) se eerste drie bewerkstellig. Daarna het hy met 'n skêrbeweging weer WP se verdediging oorhoops gehad en het so Coetsee se tweede drie moontlik gemaak. Vroeër in die Rugbyweek is hy as die spil van Vrystaat se aanvalle beskryf en het "pragtig gebreek, geskop en sy verdediging was onverbeterlik."[66]

So goed het Babrow tydens die Rugbyweek gespeel dat Dawie Snyman op die agtergrond geskuif is. Snyman se kapteinskap, stelskopwerk en flinke hanteerwerk het egter ook bygedra tot Vrystaat se sukses. Voorlangs is Henry Muller as die beste lynstaanspeler en slot op die toernooi beskou. Muller se puik spel het net soos in Babrow se geval ook dié van 'n later Springbok, Klippies Kritzinger (1974-76), oorskadu. Kritzinger, wat vanuit Hoërskool Harrismith die Vrystaatspan gehaal het, se dryfspel is in die pers uitgesonder.[67] Benewens die puik individuele talent was die groot voedingsgebied van die Vrystaat nog 'n rede vir sy welslae. Die latere Noord- en Oos-Vrystaat se skole het toe nog onder die vaandel van Vrystaat deelgeneem. Verder het die bekwame afrigter/bestuurder, A.K. Volsteedt van Grey-kollege, aan die stuur van sake gestaan.[68]

Waar die hoofwedstryd tussen Vrystaat en WP teleurgestel het, was die hoofvoorwedstryd tussen Grens en Transvaal 'n dis vir die fynproewer. Grens het in sy eerste twee wedstryde sy potensiaal

---

65 Die Burger, 6 Julie 1967.

66 Transvaler, 6 Julie 1967.

67 Die Volksblad, 3-8 en 10 Julie 1967.

68 Shnaps, p. 129; Amptelike program van die Danie Cravenweek, Kaapstad, 3-8 Julie 1967, p. 20; Die Volksblad, 10 Julie 1967.

getoon deur Boland (11-0) en OP (12-5) te klop.[69] In die spannende kragmeting teen Transvaal was die telling drie minute voor die einde nog 3-elk toe P. du Preez (senter van Grens) sy span se wendrie gedruk het. Grens se uitblinker gedurende die Rugbyweek was Len Gerber. Dié voorganger van Naas Botha in die Noord-Transvaalse span is as die beste losskakel tydens die toernooi beskou. Nie alleen het dié leerling van Dale College akkuraat pale toe geskop nie, maar sy breekslae en oordeel het ook Grens se teenstanders hoofbrekens besorg.[70]

Gerber se aanprysing in die pers as 1967 se beste losskakel is voorwaar 'n eer as in ag geneem word dat Dawie Snyman en Gerald Bosch, albei latere Sprinboklosskakels, in die toernooi gespeel het. Bosch, wat die om-die-draai stelskopwerk met die binnevoet vervolmaak het, het vir Transvaal knap spel gelewer.[71] Dié Cravenweek kan as die stryd van die losskakels beskou word, aangesien Natal se losskakel, S. Louw, in die pers beskou is as die speler wat die jong Piesangboere onoorwonne deur die toernooi gelei het.[72]

Louw het juis al Natal se punte in die eerste wedstryd teen Transvaal aangeteken toe sy span die louere teen Transvaal met 6-elk gedeel het. Die Piesangboere het daarna vir WP se B-span (10-8) geklop om seker te maak dat hy in die eerste van die drie hoofwedstryde teen Noord-Transvaal speel.[73] Met sy 8-3 sege oor die Ligbloues het Natal vir die eerste keer die Cravenweek onoorwonne afgesluit. Tog was dit ook die eerste keer dat die span nie in die hoofwedstryd gespeel het nie. Die rede was dat Natal se krag in 1967 nie in sy avontuurlike agterlyn gelê het

---

69 Daily Dispatch, 4 and 6 July 1967.

70 Die Burger, 10 Julie 1967; Daily Dispatch, 4-8 and 10 July 1967.

71 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 229.

72 Natal Mercury, 4-8 and 10 July 1967.

73 The Daily News, 5 and 7 July 1967.

nie, maar in sy sterk voorspelers, waarvan vyf Maritzburg College-bulle die kern gevorm het. Louw het ook met taktiese skopwerk die spel by sy voorspelers gehou.[74]

Noord-Transvaal het, net soos Natal, ook met 'n sterk agttal gespog. Giel Eloff, vanaf 1972-1979 'n staatmaker in die Noord-Transvaalse span het as slot sy stem dikgemaak. Bart Heynecke (haker) en Johan Spies (skrumskakel en kaptein) was die jong Ligbloues se ander uitblinkers.[75] Noord-Transvaal het vroeër in die Rugbyweek naelskraap met SWD (12-11) afgereken. Die Volstruisboere is juis as die beste plattelandse span beskou na seges oor Wes-Transvaal (8-3) en Griekwas (11-6). R. Singelton van Oudtshoorn se Hoër Handelskool het as senter die meeste lof vir sy span ingeoes.[76]

Na die onoorwonne rekord in 1967 se toernooi was die Vrystaters aanvanklik onseker of hulle weer sukses in 1968 se Cravenweek op hul tuisveld in Bloemfontein kon behaal. Die rede was die afstigting van Noord- en Oos-Vrystaat. Noord-Vrystaat het Welkom, Kroonstad, Odendaalsrus en Virginia as sy vernaamste voedingsareas. Die Riemlanders van Oos-Vrystaat kon sy spanne uit dorpe soos Harrismith, Bethlehem, Vrede, Ficksburg en Senekal kies.[77] Hoewel die twee nuwe provinsies swaar geleef het, (Noord-Vrystaat het geen wedstryde gewen nie en Oos-Vrystaat slegs een) het hulle totstandkoming aan meer spelers die geleentheid gebied om op die hoogste skolevlak deel te neem. Vrystaat se vrese dat hy verswak sou word deur die afstigting was egter ongegrond.

---

74 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Kaapstad, 3-8 Julie 1967, p. 19; Natal Mercury, 4-8 and 10 July 1967.

75 Van Zyl (red.) p. 388; Transvaler, 4-10 Julie 1967.

76 Die Burger, 4-8 en 10 Julie 1967.

77 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Bloemfontein, 1-6 Julie 1968, pp. 20-22; Die Volksblad, 1-6 en 8 Julie 1968.

Benewens die twee nuwe Vrystaatse bonde het Verre Noord ook kans gesien om sy bande met die moederunie, Noord-Transvaal, te breek. Verre Noord het sy krag veral uit skole op Pietersburg, Potgietersrus, Nylstroom, Naboomspruit, Louis Trichard, Warmbad en Tzaneen geput. Giel Eloff, in 1967 een van Noord-Transvaal se beste spelers, het nou as leerling van Hoërskool Warmbad vir Verre Noord op die veld gelei.[78] Rhodesië het weens die korter afstand na Bloemfontein weer kans gesien om deel te neem. Saam met die Gekombineerde Vyftiental, wat uit die reserwes van al die provinsies saamgestel is, het twintig spanne, die meeste nog, aan 1968 se Cravenweek deelgeneem.

Vrystaat het reeds op die eerste dag sy beste voetjie voorgesit deur WP met 14-3 te klop. 'n Naelskraapse sege daarna oor Verre Noord (8-6), het die tuisspan sy onoorwonne rekord laat behou en verseker dat hy in die hoofwedstryd speel.[79] Sy teenstander in die hoofwedstryd, Natal, het avontuurlustiger as in die vorige Cravenweek gespeel en Grens (19-13) en Rhodesië (19-9) verslaan.[80] Vrystaat en Natal het goed teen mekaar opgeweeg en met 8-elk gelykop gespeel in 'n aanskouliker hoofwedstryd as dié van die vorige jaar. Vir Vrystaat het sy kaptein en heelagter, Wilhelm Landman, sy puik spel tydens die Rugbyweek voortgesit. In die tweede wedstryd teen Verre Noord, het hy in die reën met 'n skuins strafdoel van 45 meter in die doodsnikke geslaag om 'n 5-6 agterstand in 'n 8-6 sege te omskep. Kobus Louw (regtervleuel), Piet Viljoen (flank), en die slotte, Henry Muller en Sydney Badenhorst, was Vrystaat se ander staatmakers.[81] Grey-

---

78 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Bloemfontein, 1-6 Julie 1968, p. 19.

79 Transvaler, 2-6 Julie 1968.

80 The Daily News, 2-6 July 1968.

81 Die Burger, 2-6 en 8 Julie 1968.

kollege (agt) en Hoërskool Jim Fouché (sewe) het die meeste spelers vir die span voorsien.[82]

Natal se krag het in sy agterlyn gelê. I. McKay, wat vir die tweede agtereenvolgende jaar dié span gelei het, is deurentyd in die pers as die beste skrumskakel op die Rugbyweek uitgesonder. Die senterpaar Darryl Bestall, latere Springbokhokkie en -krieketspeler en J. Kleinhans het ook nie hul gelyke gehad nie.[83] Kleinhans en George Landsberg van SWA was met vyf drieë elk die voorste driedrukkers op die Cravenweek.[84] Terwyl die jong Piesangboere met hul tradisionele hardlooprugby die skare vergas het, het die nuweling, Verre Noord, se sterk voorspelers gesag afgedwing.

Die Bosvelders het die eer ontvang om in hulle eerste Cravenweek reeds in die hoofvoorwedstryd te speel. Verre Noord het sy plasing geregverdig deur die vaardige span van Grens met 14-3 te verslaan. Vir die wenspan het Giel Eloff en J. van Rensburg 'n gedugte slotpaar gevorm. J. Viljoen (losskakel), was Verre Noord se planmaker agterlangs.[85] Die puik afrigters van die span was O. Johannes en P. Viviers. Die span is uit nege skole saamgestel en Hoërskool Ben Vorster van Tzaneen het met vier spelers die beste verteenwoordiging gehad. Daar was dus geen kern waarop die afrigters kon bou nie en om die span in so 'n kort tydperk tot 'n gedugte eenheid saam te snoer was 'n prestasie.[86]

Hoewel 1968 se hoof- en hoofvoorwedstryd aan die verwagting voldoen het, was die eerste van die hoofwedstryde tussen Griekwas

---

82 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Bloemfontein, 1-6 Julie 1968, p. 20.

83 Natal Mercury, 2-6 and 8 July 1968.

84 Die Burger, 8 Julie 1968.

85 Transvaler, 2-6 en 8 Julie 1968.

86 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Bloemfontein, 1-6 Julie 1968, p. 19.

en Transvaal die opwindendste van die toernooi. Die Diamantvelders het die toernooi onoorwonne afgesluit deur Transvaal met 27-14 te klop. Vroeër het Griekwas met SWD (12-11) en Noord-Vrystaat (11-8) afgereken. Willem Doman, heelagter van Hoërskool Diamantveld, was Griekwas se beste speler en voorste puntemaker.[87] Waar Griekwas se krag agterlangs gelê het, het Transvaal daarenteen oor 'n bul agttal beskik. Dave Fredrickson (Springbok 1974 en 1980) en Kevin de Klerk (Springbok 1974-1981) het onder die uitblinkers getel.[88]

Oos-Transvaal het net soos Transvaal ook oor twee latere Springbokke in sy agttal beskik. Nic Bezuidenhout, reeds 'n derde keer Cravenweekspeler, en Wynand Claassen (Springbokkaptein 1981-1882) het hul span gehelp om al sy wedstryde te wen.[89] Claassen was ook kaptein van die span terwyl sy pa, George, die span afgerig het. George Claassen het goed daarin geslaag om die spelers, wat van twaalf skole afkomstig was, in 'n eenheid saam te snoer. Met puik samespel, het Oos-Transvaal se agterlyn die meeste drieë (twaalf) op die Cravenweek gedruk.[90]

Benewens Oos-Transvaal, Griekwas, Natal en Vrystaat het ook NWK en Noord-Transvaal nie 'n wedstryd verloor nie. Noord-Transvaal wat die minder gedugte spanne van Oos-Vrystaat (11-8), Boland (6-3) en Rhodesië (6-3) gewen het, kan nie as een van die topspanne beskou word nie.[91] NWK, een van die provinsies met die minste spelers, kan daarenteen as een van die sterker plattelandse bonde beskou word na sy seges oor die Gekombineerde

---

87 Transvaler, 2-6 en 8 Julie 1968.

88 Shnaps, pp. 126 en 127; Die Vaderland, 2-6 en 8 Julie 1968.

89 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 228; Shnaps, pp. 124 en 141.

90 Die Burger, 8 Julie 1968; Amptelike program van die Danie Cravenweek, Bloemfontein, 1-6 Julie 1968, p. 25.

91 Die Vaderland, 2-6 en 8 Julie 1968.

Vyftiental (19-9), Oos-Vrystaat (8-6) en Noordoos-Kaap (10-8).[92] OP en WP, twee van die provinsies met die meeste spelers, kon elk net een wedstryd wen.[93]

Indien bogenoemde geëvalueer word, het die 1968-Cravenweek aan sy doelwitte voldoen. Eerstens het die seuns aan dr. Craven se wekroep vir aanskoulike hardlooprugby voldoen. In 30 wedstryde is 126 drieë gedruk. Hiervan het die vleuels 50 drieë gedruk wat 'n puik getuigskrif vir agterspel is.[94] Verder het dr. Craven gesê, dat indien elke Cravenweek een of uiters twee Springbokke oplewer, die toernooi geslaagd is.[95] In 1968 het vyf latere Springbokke deelgeneem. Benewens die vier reeds vermelde voorspelers, het Ian Robertson (1974-1976) ook die Springboktrui oor sy kop getrek. Robertson het vir Rhodesië as heelagter in die Cravenweek uitgedraf.[96] Die opheffing van rugby op die platteland was ook 'n doelwit en in 1968 het spanne soos NWK, Griekwas, SWD en Verre Noord behoorlik spiere gebult. In 1969 sou die plattelandse spanne verdere vordering toon en van die stedelike spanne oortref.

NOORDOOS-KAAP BULT SY SPIERE IN 1969

Skolerugby op die platteland is in 1969 bevorder met die totstandkoming van Suidoos-Transvaal. Dié bond het van Oos-Transvaal afgestig en het met dorpe soos Nelspruit, Witrivier, Middelburg, Witbank, Ermelo, Volksrust, Standerton, Bethal en Lydenburg oor 'n ryke voedingsgebied beskik. Tydens die 1969-Cravenweek in Pietermaritzburg het Suidoos-Transvaal sy stem dik gemaak deur in die eerste van die drie hoofwedstryde te speel.

---

92 Daily Dispatch, 2-6 en 8 July 1968.

93 Transvaler, 2-6 en 8 Julie 1968.

94 Die Burger, 8 Julie 1968.

95 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1971, p. 100.

96 Shnaps, p. 130; Transvaler, 6 Julie 1968.

Die drie hoofwedstryde was 'n triomf vir die plattelandse bonde, want vier van die ses spanne in bogenoemde wedstryde was van die platteland afkomstig.[97]

NOK het vroeg sy kleim vir die hoofwedstryd met 'n 11-0 sege oor die gedugte Noord-Transvaal afgesteek. In die tweede wedstryd het NOK 'n insinking beleef en met 9-13 teen Transvaal verloor.[98] Die aanskoulike spel van NOK in albei wedstryde het nogtans gesorg dat hy in die hoofwedstryd teen Griekwas speel. Die Diamantvelders het met seges oor Verre Noord (16-14) en Grens (17-8) vir die hoofwedstryd gekwalifiseer.[99] NOK het in die hoofwedstryd vir Griekwas met 23-14 die loef afgesteek en is na die sege as die beste span op die Rugbyweek beskou.[100]

Hoërskool Union (sewe spelers) het die grootste bydrae tot NOK se span gelewer. Die kaptein, B. Long, is ook van dié skool afkomstig. Die afrigter, A. Lombard van Hoërskool Fort Beaufort, het knap presteer om die twintig spelers van tien hoërskole in 'n wenkombinasie saam te snoer.[101] Die span se angel het in sy blitsige agterlyn en losvoorspelers gelê. Uitblinkers vir die span was H. Burmeister (senter), A. Kirsten (agtsteman), A. Copeman (heelagter) en die reeds vermelde Long (losskakel).[102]

Griekwas se krag het in die briljante kern van Hoërskool Diamantveld gelê. Die onoorwonne span van bogenoemde skool het elf spelers in Griekwas se span gehad, wat die besoekende

---

97 SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1969, p. 3.

98 Transvaler, 1 en 3 Julie 1969.

99 Natal Mercury, 2 and 4 July 1969.

100 Die Burger, 7 Julie 1969.

101 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Pietermaritzburg, 30 Junie - 5 Julie 1969, ongenommer.

102 Die Vaderland, 1-5 en 7 Julie 1969.

Australiese span sy enigste nederlaag toegedien het.[103] Tydens die Cravenweek het die senterpaar, F. Ferreira en R. Luyt nie hul gelyke gehad nie. Die linkervleuel, Louis van der Walt, se kraglopies was een van die hoogtepunte van die toernooi.[104] 'n Verdere rede vir Griekwas se sukses was dat die agt spelers wat in 1968 se Cravenweek gespeel het in 1969 dié ervaring tot hul span se voordeel kon benut.[105]

Net soos bogenoemde twee plattelandse spanne, het NWK ook sy mees geslaagde toernooi nóg gehad. Dié span het met seges oor Oos-Vrystaat (24-11) en Oos-Transvaal (27-9) gesorg dat hy in die hoofvoorwedstryd speel.[106] Sy teenstander was Rhodesië wat gemengde welslae behaal het deur Oos-Transvaal te klop en teen OP die onderspit te delf.[107] In die hoofvoorwedstryd het Rhodesië vir NWK naelskraap met 13-12 geklop.[108] Rhodesië se uitblinker in die wedstryd was sy kaptein en heelagter, A. Gaggiano. Die sterk loskopstut, G. van Rooyen, het in sy tweede Cravenweek ook sy teenstanders swaar laat leef.[109]

Hoewel NWK die aftog voor Rhodesië moes blaas, het die span verskeie puik prestasies gelewer. Die Namakwalanders het die meeste punte (63) behaal, sowel as die tweede meeste drieë (dertien) gedruk.[110] NWK se twee uitblinkers was die

---

103 L.H. Wiid, Ons Skole: Hoërskool Diamandveld - Kimberley, (Rugby, vol. 2, Mei 1975, p. 28).

104 Natal Mercury, 1-5 and 7 July 1969.

105 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Pietermaritzburg, 30 Junie - 5 Julie 1969, ongenommer.

106 Transvaler, 2 en 4 Julie 1969.

107 Natal Mercury, 2 and 4 July 1969.

108 Die Vaderland, 7 Julie 1969.

109 Transvaler, 1-5 en 7 Julie 1969.

110 Die Burger, 7 Julie 1969.

regtervleuel, H. Burger, en die skrumskakel, E. Potgieter.[111] Albei die spelers was van Hoër Tegnies Upington wat met ses spelers die grootste verteenwoordiging in die span gehad het. Die groot slot, P. Mostert, wat 1,90 m in sy sokkies gestaan het, het in sy tweede Cravenweek die spil van NWK se agttal gevorm.[112] Vir NWK met sy min spelers was dit 'n knap prestasie om die hoofvoorwedstryd te haal. Suidoos-Transvaal, daarenteen, het 'n ryke voedingsbron en dit was geen verrassing dat die span reeds in sy eerste Cravenweek die laaste drie wedstryde gehaal het nie.

Suidoos-Transvaal het op 'n wennoot begin deur Boland met 12-9 te klop. Vic Booyens, wat Noord-Transvaal van 1972-1976 in 32 wedstryde verteenwoordig het, het kort voor die einde Suidoos se wendrie gedruk.[113] Booyens was weer op sy stukke in die tweede wedstryd teen Oos-Vrystaat wat sy span met 20-16 gewen het.[114] Die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging het egter vir die Saterdag se wedstryd 'n te strawwe uitdaging tot die jong bond gerig. Die gevolg was dat Suidoos met 0-13 die onderspit teen die ervare Natallers sou delf.[115]

Natal se staatmakers gedurende die Rugbyweek was sy losvoorspelers, A. Furniss, M. Watt en kaptein D. Irvine.[116] Vir Suidoos-Transvaal was Booyens, volgens persberigte die beste losskakel op die Rugbyweek, die planmaker. Die skrumskakel, H. van der Spuy, en heelagter, J. Coetzee, was ook staatmakers. Nog 'n rede vir Suidoos-Transvaal se sukses was die kundige afrigting

---

111 Natal Mercury, 1-5 and 7 July 1969.

112 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Pietermaritzburg, 30 Junie - 5 Julie 1969, ongenommer; Die Burger, 1-5 en 7 Julie 1969.

113 Transvaler, 2 Julie 1969.

114 Die Vaderland, 4 Julie 1969.

115 The Daily News, 2-4 July 1969.

116 Natal Mercury, 2-5 and 7 July 1969.

van George Claassen wat die onoorwonne Oos-Transvaal die vorige jaar afgerig het.[117]

Nog 'n plattelandse span wat presteer het, was Boland. Die Bolanders het die meeste drieë (veertien), sowel as die tweede meeste punte (61) gedurende die toernooi aangeteken. Dié span het na sy eerste nederlaag teen Suidoos-Transvaal mooi reggeruk deur Verre Noord (27-3) en SWA (25-14) te klop.[118] Die vernaamste rede vir Boland se sukses, was die spel van P. Smit (senter) en regtervleuel, A. de Kock. Dié twee spelers se spoed en breekslae het vir die meerderheid van Boland se drieë gesorg.[119] Wes-Transvaal was nog 'n plattelandse span wat verras het. Die Mielieboere het Vrystaat sy eerste nederlaag (3-14) sedert 1965 toegedien. Vrystaat het in die eerste wedstryd van 1965 met 3-15 teen Oos-Transvaal verloor en het daarna 'n rekord opgestel deur onoorwonne uit twaalf wedstryde te tree.[120]

Die 1969-Cravenweek het geen onoorwonne spanne opgelewer nie. In die 30-jarige bestaan van die Cravenweek was dit die enigste jaar waarin geen span onoorwonne kon bly nie. In sy voorsittersverslag vermeld Jan Preuyt ook die strawwe kompetisie tussen die spanne. Hoewel daar bitter min maklike wedstryde was, het die spanne nogtans aanskoulike rugby gespeel.[121] Die toernooi het ook drie Springbokke opgelewer. Kevin de Klerk (Transvaal), Barry Wolmarans (SWD) en Piet Veldsman (WP) het later die Springboktrui

---

117 Die Vaderland, 2-5 en 7 Julie 1969; Amptelike program van die Danie Cravenweek, Pietermaritzburg, 30 Junie - 5 Julie 1969, ongenommer.

118 Die Burger, 2-5 en 7 Julie 1969.

119 Die Vaderland, 1-5 en 7 Julie 1969.

120 Natal Mercury, 1-5 and 7 July 1969; Die Burger, 7 Julie 1969.

121 SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1969, pp. 2-3.

oor die kop getrek.[122] Wolmarans het in die 1970-Cravenweek in Salisbury as die beste skrumskakel uitgetroon.

NATAL VOER IN 1970 TUSSEN 'N REKORDGETAL SPANNE DIE BOTOON

Vier nuwelingspanne het gesorg dat 'n rekordgetal van 24 spanne tydens 1970 se Cravenweek in Salisbury in aksie was. Die twee plattelandse nuwelinge was Natal-Platteland en Suid- en Suidoos-Vrystaat. Verder het die Transvaalse bond verdeel in die Transvaalse Stadspan en die Transvaalse Streekspan. Weens die onewe getal nuwelinge het Rhodesië B ook aan die toernooi deelgeneem.[123] Die onderverdeling van Unies is deur Jan Preuyt in sy voorsittersverslag van 1969 bepleit. Die voordeel van so 'n stap sou wees dat daar beter keuring kon geskied en dat meer spelers die voordele van die Cravenweek kon benut.[124]

Preuyt se pleidooi is deur die Uitvoerende Komitee van die SARR aanvaar, veral na 1969 se nuweling, Suidoos-Transvaal, se knap vertonings. Natal-Platteland (sedert 1973 bekend as Noord-Natal) se voedingsgebied is Vryheid, Dundee, Newcastle, Ladysmith, Empangeni en Eshowe. Suid- en Suidoos-Vrystaat het op sy beurt span gekies uit Smithfield, Fauresmith, Philippolis, Dewetsdorp, Zastron, Jacobsdal, Bethulie, Reddersburg, Jagersfontein, en die onderstaande Oos-Vrystaatse dorpe. In 1972 het Oos-Vrystaat van Suid- en Suidoos-Vrystaat afgestig met Harrismith, Tweespruit, Senekal, Bethlehem, Ficksburg, Marquard, Vrede, Excelsior, Winburg en Brandfort as voedingsdorpe. Suid- en Suidoos-Vrystaat het sedert 1974 slegs as Suid-Vrystaat bekend gestaan en het in 1986 weer 'n naamverandering ondergaan deur toe onder die vaandel

---

122 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 229-230.

123 Official programme of the 7th Danie Cravenweek, 12-18 July 1970, p. 12; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1971, p. 101.

124 SARR Argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1969, pp. 2-3.

van Vrystaat-Platteland te speel. Die Transvaalse Streekspan het bestaan uit skole van Kemptonpark, Alberton, Roodepoort, Germiston, Krugersdorp, Vereeniging, Vanderbijlpark en Edenvale. Die Transvaalse Stadspan is uit die skole van Johannesburg gekies.[125]

Die 24 deelnemende spanne het gevolglik 'n rekordgetal van 432 seuns die geleentheid gebied om aan die Cravenweek deel te neem. Waar die spanne in die verlede twintig spelers kon stuur, is dit in 1970 tot agttien spelers beperk. Die rede hiervoor was eerstens om minder spelers per wedstryd te laat uitsit. Verder het die lang afstande na Salisbury en die gevolglike hoë reiskostes die Unies laat besluit om agttien spelers per span te stuur.[126]

Onder die rekordgetal spanne het Natal oudergewoonte uitgetroon. Die Piesangboere het in hul vyfde hoofwedstryd in die sewejarige bestaan van die Cravenweek gespeel. Natal het in sy eerste twee wedstryde avontuurlike hardlooprugby gespeel en met Verre Noord (32-3) en Grens (19-6) afgereken.[127] Rhodesië was Natal se teenstander in die eindstryd. Die Uitvoerende Komitee van die SASRV het verras deur Rhodesië so hoog aan te slaan, nadat hulle in die eerste twee wedstryde teen OP (8-19) en Suidoos-Transvaal (19-24) verloor het. Ter versagting van die besluit kan vermeld word dat die tuisspan wel ondernemende rugby gespeel het.[128]

---

125 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1971, p. 102-105; Official programme of the 7th Danie Cravenweek, 12-18 July 1970, pp. 14-24; Amptelike program van die Danie Cravenweek, Potchefstroom, 1972, p. 21; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1974, pp. 127-132; Amptelike program van die Coca-Cola Cravenweek, Graaff-Reinet, 7-12 Julie 1986, p. 43.

126 SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1970, pp. 1-2.

127 Die Burger, 14-18 en 20 Julie 1970.

128 Transvaler, 14-18 en 20 Julie 1970.

Rhodesië was, soos verwag, nie opgewasse teen die Natallers in die hoofwedstryd nie en het met 8-24 die onderspit gedelf. Die dryfkrag agter Natal se sukses was kaptein Darryl Bestall. Dié vaardige linkervleuel het 'n rekord opgestel deur vir drie Cravenweke uit te draf. Bestall het benewens sy gevaarlike lopies ook as stelskopper vir niemand by die Rugbyweek teruggestaan nie.[129] Tim Cocks, latere veelsydige agterspeler van Natal se seniorspan, het as senter met slim spel beïndruk. Die flank, M. Watt, was die Natallers se uitblinker voorlangs.[130]

Waar Natal se agterspelers die hoofwedstryd vir hom gewen het, was Suidoos-Transvaal se agttal en skakelpaar die rede vir sy sukses. Suidoos-Transvaal het in die eerste wedstryd die knie voor Vrystaat (8-13) gebuig, maar het daarna Rhodesië verslaan en sodoende 'n plek in die hoofvoorwedstryd bespreek.[131] In dié wedstryd het Suidoos-Transvaal vir Transvaal-Streek oortuigend met 22-10 verslaan.[132] Die wenspan se skakelpaar, Vic Booyens en H. van der Spuy, wat albei in hul tweede Cravenweek gespeel het, se afgeronde spel was een te veel vir hul teenstanders. Voorlangs was Ewoud Malan, Springbokhaker in 1980, die staatmaker.[133] Die knap vertoning van Transvaal-Streek in die hoofvoorwedstryd, het die sukses van die verdeling van Transvaal in Streek en Stad bevestig. Die latere Transvaalse kaptein en flank, Corrie Pypers, het in die Streekspan uitgeblink.[134]

Elke Cravenweek druk sy eie stempel af en die 1970-Cravenweek sal vir groot en gedugte voorspelers en flink skakelpare onthou word.

---

129 Natal Mercury, 14-18 and 20 July 1970.

130 The Daily News, 14-18 and 20 July 1970.

131 Transvaler, 14-17 Julie 1970.

132 Die Vaderland, 14-18 en 20 Julie 1970.

133 Shnaps, p. 139; Die Burger, 20 Julie 1970.

134 Transvaler, 14-18 en 20 Julie 1970; Ferreira, Blignaut, Landman en Du Toit, Transvaalse Rugbyvoetbalunie - 100 jaar, p. 98.

Noord-Transvaal was hier geen uitsondering op die reël nie. Butch van Wyk, wat 22 wedstryde vir Noord-Transvaal se seniorspan gespeel het, en sy skakelmaat van Afrikaanse Hoër Seunskool, Johan Geringer, het die grondslag vir die Ligbloues se onoorwonne rekord gelê. In die eerste van die drie hoofwedstryde het die Blou Bulle die kersie op die koek geplaas deur met die gedugte Vrystaat (16-11) af te reken.[135]

Die Ligbloues was een van 'n rekordgetal van vyf spanne wat in 1970 nie 'n wedstryd op die toernooi verloor het nie. Behalwe Noord-Transvaal en Natal het Oos-Transvaal, OP en Boland ook elke keer die hef in die hand gehad.[136] Net soos daar talle uitstaande spanne was, so het verskeie van die spelers tydens en na die toernooi ook uitgestyg. Benewens Barry Wolmarans en Ewoud Malan, het Hennie Bekker (twee meter lange slot van WP) en Dirk Froneman (senter van Natal-Platteland) later vir die Springbokspan uitgedraf.[137] Vir die OP-span het die latere Junior Springboklosskakel, Gavin Cowley, gespeel.[138]

Die sewe Cravenweke vanaf 1964-1970 het dus agttien Springbokke opgelewer.[139] In dieselfde tydperk het Oos-Transvaal die meeste seges (vyftien) en een gelykopuitslag in 21 wedstryde behaal. Die span se sukses was gebou op sy omvangryke spelerdiepte. Met die afstigting van Suidoos-Transvaal in 1969 het die bond 'n terugslag beleef. Hoër Seunskool Hugenote het egter vir die leemte vergoed deur in die sewentigerjare sterk op die voorgrond

---

135 Die Vaderland, 20 Julie 1970; Van Zyl (red.), p. 395.

136 SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1970, p. 16.

137 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 229-230.

138 Die Burger, 14-17 Julie 1970; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1971, p. 103.

139 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 229-230; Shnaps, pp. 118-148.

te tree.[140] Natal het egter vir die aanskoulikste spel gesorg en ook die meeste drieë en punte (327) in die tydperk aangeteken.[141] Daarenteen het sterk stedelike unies soos WP en OP nie na verwagting presteer nie. Een van die redes vir die min seges van die twee spanne (slegs agt oorwinnings in 21 wedstryde) was hulle strawwe kompetisie.[142] Verder het dié twee provinsies kwantitatief oor 'n groot getal spelers beskik, maar kwalitatief gesproke het talent ontbreek. Dié leemte het die WP vanaf 1971 oorbrug en die bond se glorietydperk het net om die draai gewag.

## WESTELIKE PROVINSIE IS DIE ROOM VAN DIE SKOLE-OES IN 1971-1972

Die Streeptruie het te midde van moeilike omstandighede tydens 1971 se Cravenweek in Kimberley uitgetroon. Die 24 deelnemende spanne (Griekwas B het Rhodesië B vervang) is gekortwiek deur 'n sterk noordwestewind wat tydens die toernooi gewaai het. Op die laaste dag het hierdie wind na 'n sterk suidoostewind verander. Hierdie onplesierige toestande het die hanteerwerk bemoeilik. Die skakelpare en senters het gevolglik meestal die makliker opsie uitgeoefen om lustig voet in te lê en van die wind gebruik te maak.[143] Jan Preuyt meld ook in sy voorsittersverslag dat die Uitvoerende Komitee van die SASRV gefouteer het deur die eerste vier dae op Hoffepark te speel en meld verder dat: "Craven Week matches should be played on the Union's main grounds where there is atmosphere."[144]

---

140 SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1969, pp. 2-4.

141 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1971, pp. 100-102.

142 Die Burger, 14-18 en 20 Julie 1970; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1971, p. 101.

143 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1972, p. 122.

144 SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1971, pp. 3-4.

Die laaste dag se spel is wel op die De Beerstadion, hoofveld van die Griekwaland-Wes Rugbyunie, gespeel en toe was daar 'n effense oplewing in spelgehalte.[145] Preuyt lê ook van die blaam vir die verbeeldinglose agterspel voor die deur van die Cravenweek-afrigters. Hy meld dat dit voorkom asof die spelers volgens te streng riglyne speel en dat eie inisiatief nie gebruik word nie.[146] Verder het die goeie verdediging gesorg dat die 149 drieë op die toernooi slegs na harde werk verkry is.[147]

WP se skolespan, wat gewoond is aan die Kaapse winde, het vanuit die staanspoor geïmponeer deur Suidoos-Transvaal (18-11) en Natal (22-0) te klop. In die hoofwedstryd het die Kapenaars voortgegaan om die tuisspan, Griekwas, met 9-0 te verslaan.[148] Veral in die wedstryd teen Natal het die WP volgens Frikkie van Rensburg se skrywe in die SA Rugbyskrywersjaarboek gesorg vir "'n vertoning van ondersteuning, opvolging, hanteerwerk en aansluiting tussen voor- en agterspelers wat mens nie aldag op 'n rugbyveld sien nie."[149]

Wanneer 'n span so presteer, is uitblinkers volop. J. Henry, slot, is as die beste voorspeler op die toernooi uitgesonder. Nie alleen het hy met behulp van sy 1,95 cm die lynstane oorheers nie, maar sy dryfwerk, verdediging en skrumwerk was ook uit die boonste rakke. Die heelagter, J. Brink, en A. Colmeyer, skrumskakel en kaptein, is albei as die beste spelers in hul posisies op die Cravenweek beskou. Calmeyer was ook die grootste puntemaker op die toernooi. Die Burger meld in sy berigte dat

---

145 Die Burger, 5 Julie 1971; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1972, p. 122.

146 SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1972, pp. 3-4.

147 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1972, p. 122.

148 Transvaler, 29 Junie - 5 Julie 1971.

149 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1972, pp. 122-123.

Calmeyer as losskakel uitgedraf het, maar die SA Rugbyskrywersjaarboek en die amptelike program van die 1971-Cravenweek is dit eens dat hy skrumskakel gespeel het.[150]

Terwyl WP die beste enkele vertoning teen Natal gelewer het, was die pers eenstemmig dat Wes-Transvaal deurlopend die beste span op die toernooi was. Die Mielieboere, wat nie soos die WP die voordeel van winderige toestande tuis het nie, het die meeste drieë (dertien) op die toernooi gedruk. Seges oor Grens (18-11), Natal-Platteland (5-0) en Rhodesië (33-0) in die hoofvoorwedstryd het die Wes-Transvalers vir die tweede keer die Cravenweek onoorwonne laat afsluit.[151] Wes-Transvaal se staatmaker, senter F. van der Merwe, was die voorste driedrukker op die Cravenweek. Sy vier drieë teen Rhodesië was 'n rekord vir die meeste drieë in een wedstryd.[152] Die vleuel, H. Steyn, skrumskakel, G. Moorcroft, stut, D. Nel, en agtsteman, F. Slippers, is ook as van die beste spelers in hul posisies beskou.[153] Benewens WP en Wes-Transvaal het Verre Noord ook die toernooi onoorwonne afgesluit.[154]

Die Bosvelders se hoogtepunt was die 19-13 sege oor Vrystaat in die eerste van Saterdag 3 Julie 1971 se drie hoofwedstryde. Vroeër in die toernooi, het Verre Noord teen Natal-Platteland (11-elk) gelykop gespeel en vir Grens met 29-20 geklop.[155] Nege spelers van die Hoër Tegniese Skool Tom Naudé op Pietersburg het die kern van Verre Noord gevorm. H. Steenkamp (losskakel) en J. Engelbrecht (flank en kaptein) is as vân die beste spelers in

---

150 Die Burger, 29 Junie - 5 Julie 1971; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1972, pp. 122-123; Amptelike program van die Danie Cravenweek, Kimberley, 1971, p. 28.

151 Die Vaderland, 29 Junie - 5 Julie 1971.

152 Die Burger, 5 Julie 1971.

153 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1972, p. 123.

154 Transvaler, 29 Junie - 5 Julie 1971.

155 Die Vaderland, 29 Junie - 5 Julie 1971.

hul posisies uitgesonder.[156] Die Bosvelders was egter nie die enigste plattelandse span wat sy hardekool getoon het nie. Natal-Platteland het ondanks sy klein spelergetal uitgeblink.

Natal-Platteland het tydens die 1970-Cravenweek die grootste nederlaag nog op die Cravenweek (3-45) teen OP gely. Die span se vordering in 1971 het die harte van die SASRV verbly. Dirk Froneman en sy spanmaats het eers die onoorwonne Verre Noord en Wes-Transvaal harde bene laat kou en daarna vir SWD met 9-3 geklop.[157] Suidoos-Transvaal, Vrystaat en Noord-Transvaal (wat elk twee seges behaal het) tel ook onder die voorste spanne by die toernooi.[158] Natal, daarenteen, het sy swakste Cravenweek nóg beleef en het vir die eerste keer nie een van die drie laaste hoofwedstryde gehaal nie.[159] Die vernaamste rede was dat die span nie oor die uitstaande spelers van die vorige seisoene beskik het nie. Verder het die Piesangboere hul span uit tien hoërskole saamgestel en het Martizburg College (met drie spelers) nie soos in die verlede, die kern van die span gevorm nie.[160]

Hoewel die 1971-Cravenweek, wat sy spelpeil betref, nie met die vorige Cravenweke kon vergelyk nie, het agt latere Springbokke hul passies hier vertoon. Dirk Froneman (Natal-Platteland) en Ewoud Malan (Suidoos-Transvaal) het reeds in 1970 hul debuut by die toernooi gemaak. Die <u>SA Rugbyskrywersjaarboek</u> van 1972 meld verkeerdelik dat Malan eers in 1971 sy provinsie hier verteenwoordig het.[161] Eben Jansen (Griekwas), Edrich Kranz (Vrystaat),

---

156 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1972</u>, p. 123.

157 <u>Die Burger</u>, 29 Junie - 5 Julie 1971.

158 <u>Die Vaderland</u>, 29 Junie - 5 Julie 1971.

159 SARR argief: <u>Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1971</u>, p. 6.

160 <u>Amptelike program van die Danie Cravenweek</u>, Kimberley, 1971, p. 19; <u>Natal Mercury</u>, 29 June - 5 July 1971.

161 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1972</u>, p. 122 en <u>1991</u>, p. 229.

Ockie Oosthuizen (Oos-Transvaal), Hermanus Potgieter (OP), Theuns Stofberg (Vrystaat) en Gawie Visagie (Griekwas) het ook in hierdie toernooi gespeel.[162] Die sestienjarige Stofberg het tussen bogenoemdes, die verbeelding die meeste by die toernooi aangegryp. Hy word beskryf as "van die Frik du Preez-tipe", wat in 'n neutedop veerkragtigheid, spoed, krag en balvaardigheid behels.[163] Wes-Transvaal en WP sou die volgende jaar in Klerksdorp voortbou op hul sukses van 1971.

Die ander onoorwonne span van 1971, Verre Noord, het egter in die eerste wedstryd op die 1972-Cravenweek in Klerksdorp behoorlik sy rieme styfgeloop. WP het die Bosvelders met 58-6 oorrompel, die grootste sege nóg by die Cravenweek.[164] Die Kapenaars het in hul tweede wedstryd teen Suidoos-Transvaal (wen 26-0) hul triomftog voortgesit en sodoende vir die hoofwedstryd teen Wes-Transvaal gekwalifiseer.[165] Die Mielieboere het self twee windmakerseges oor die sterk spanne van Natal (18-11) en Grens (21-20) behaal.[166] WP was in die hoofwedstryd te sterk vir die tuisspan en het met 16-9 geseëvier.[167]

Met dié sege het die Kapenaars gesorg dat hulle vir agt agtereenvolgende wedstryde onoorwonne bly. Die wenspan se grootste uitblinker was sy flank en onderkaptein, Jan Ellis. Dié leerling van Hoërskool J.J. du Preez het die meeste punte (36) op die toernooi aangeteken. Saam met Ellis het die latere Springboklosvoorspeler, Rob Louw en Colin Bonthuys gesorg dat WP die stryd

---

162 Shnaps, pp. 132-141; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 229-230.

163 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1972, p. 122.

164 Die Burger, 5 Julie 1972.

165 Die Vaderland, 7 Julie 1972.

166 Transvaler, 4-6 Julie 1972.

167 Die Vaderland, 10 Julie 1972.

om die losbal wen.[168] Peter Kirsten, latere WP-losskakel en Springbokkrieketkaptein, was die planmaker agterlangs. Heelagter en kaptein, Jannie Olivier, en senter, Alan Lamb, latere Engelse toetskolwer, was die ander staatmakers in die agterlyn.[169]

Dirk Naude het letterlik en figuurlik vir Wes-Transvaal uitgetroon. Die broer van Springbok Tiny Naude was die langste (2,05 cm) en swaarste speler (102 kg) op die toernooi.[170] Naude, wat later vir WP sowel as Transvaal uitgedraf het, se lynstaan- en dryfspel is nie op die Rugbyweek geëwenaar nie. Tjaart van der Walt (heelagter) en Charlie Middleton (losskakel) het slim spel in die agterlyn gelewer.[171] Die hoofvoorwedstryd tussen Natal en Grens (eersgenoemde wen 15-10) het net soos die kragmeting tussen WP en Wes-Transvaal aan die hoë verwagtinge voldoen.

Natal het op sy swak vertoning van die vorige jaar verbeter en met sy gebruiklike hardlooprugby die toeskouers vergas. In 'n gevaarlike agterlyn was linkervleuel Laurie Sharp, 'n latere Natalse en Noord-Transvaalse vleuel, en regtervleuel, M. Halliday, die skerpste angels. Albei die vleuels is deur die SA Rugbyskrywersjaarboek as die beste in hul posisies beskou.[172] Maritzburg College se nege spelers het weer die kern van 'n gedugte span gevorm.[173] Grens het na 'n paar maer jare weer 'n oplewing getoon met losskakel Peter Smith as die uitblinker.[174] Grens se buurprovisie, OP, het in die eerste van die hoofwed-

---

168 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1973, p. 147; Die Vaderland, 10 Julie 1972.

169 Die Burger, 4-8 en 10 Julie 1972.

170 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Potchefstroom, 1972, p. 28.

171 Transvaler, 4-8 en 10 Julie 1972.

172 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1973, p. 148

173 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Potchefstroom, 1972, p. 18.

174 Daily Dispatch, 5-8 and 10 July 1972.

stryde sy onoorwonne rekord gedurende die Rugbyweek behou deur Suidoos-Transvaal oortuigend met 20-0 te klop.[175]

Hermanus Potgieter, Springbokvleuel in 1977, was die OP se gevaarlikste agterspeler, hoewel hy nie so hoog soos Natal se vleuels aangeslaan is nie.[176] Shaun Povey, Springbokhaker in 1981 en Mike Ryan, latere OP- en Noord-Vrystaatse slot, het in die skrums en lynstane gesorg dat OP die botoon voer.[177] Benewens OP het Noord-Transvaal ook nie 'n wedstryd verloor nie. Rhodesië (4-16) en Griekwas (6-30) moes die knie voor die Noord-Transvalers buig, terwyl die wedstryd teen OP (3-elk) gelykop geëindig het.[178] Dawie Marais, latere Noord-Transvaalse haker, en Anton Fick, kaptein en flank, is albei deur die SA Rugbyskrywersjaarboek in sy beste span van die Rugbyweek ingesluit.[179]

Waar skolerugby in Noord-Transvaal sterk gestaan het, was dié van sy bure ten suide van die Jukskeirivier, Transvaal, nie so kerngesond nie. Tydens die 1970-Cravenweek het die bond verdeel in Transvaal-Stad en Transvaal-Streek. In 1972 is besluit om te verander en benewens Transvaal A ook 'n Vyftiental, eintlik die B-span, in die veld te stoot. Transvaal A het swak vertoon en al drie sy wedstryde verloor, met die groot nederlaag (3-33) teen NOK as die laagtepunt.[180] Die spankeuses van die Transvaalse spanne kan bevraagteken word, want die Vyftiental het onoorwonne

---

175 SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1972, p. 13.

176 Daily Dispatch, 4-8 and 10 July 1972; Shnaps, p. 133.

177 Shnaps, p. 144; Die Oosterlig, 4-8 en 10 Julie 1972.

178 SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1972, p. 12.

179 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1973, p. 148.

180 Die Vaderland, 4-8 en 10 Julie 1972.

gebly met seges oor SWD (12-3), Wes-Transvaal B (39-18), wat WP se B-span vervang het, en Natal-Platteland (23-3).[181]

In die Transvaalse Vyftiental het die latere Springboklosvoorspeler, Thys Burger, uitgeblink. Benewens Burger, Rob Louw, Shaun Povey en Hermanus Potgieter het latere Springbokke, Dirk Froneman (in sy derde Cravenweek vir Noord-Natal), Eben Jansen (Griekwas), Edrich Kranz (Vrystaat), Ockie Oosthuizen (Oos-Transvaal), Theuns Stofberg (Vrystaat) en Gawie Visagie (Griekwas) ook aan dié Rugbyweek deelgeneem.[182] Ondanks die tien latere Springbokke en talle ander talentvolle spelers het die 1972-Cravenweek nie aan die verwagtinge voldoen nie.

Jan Preuyt vermeld in sy voorsittersverslag dat die spel gekenmerk is deur doellose skoppe en verbeeldinglose en stereotipe agterspel. Die skrums, losskrums en losgemale is ook nie na behore as 'n aanvalswapen gebruik nie. Die lynstaanwerk was beter as in vorige Cravenweke, veral weens die groot aantal puik slotte.[183] Die gebrek aan waagmoed is uit bostaande waarneembaar en die rede hiervoor kan wees dat die wenfaktor 'n té groot rol begin speel het. Die SASRV het die probleem aangespreek, deur oud-Springbokke gedurende die Cravenweek te vra om met die afrigting behulpsaam te wees en ook om die wenfaktor by die spelers af te skaal.[184] Die gevolg was dat sprankelrugby by die volgende toernooi in Stellenbosch opgedis is.

---

181 Transvaler, 4-8 en 10 Julie 1972.

182 Shnaps, pp. 132-145; Amptelike program van die Danie Cravenweek, Potchefstroom, 1972, pp. 17-27.

183 SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1972, p. 11.

184 Ibid., pp. 4-11.

## DIE MODDERVELDE VAN COETZENBURG BEVOORDEEL DIE KAPENAARS IN 1973

Die SA Rugbyskrywersjaarboek meld dat deurlopende reën die velde by Coetzenburg in modderbaddens verander het. Ten spyte van die moeilike omstandighede het die meeste spanne beïndruk met hul hanteerwerk. Die onortodokse bewegings van die agterspelers kon met die beste seniorspanne s'n vergelyk word.[185] Die reën, modder en nat bal het die spanne van Boland en WP, wat aan die toestande gewoond was, bevoordeel. Dat die twee spanne onderskeidelik in die hoof- en hoofvoorwedstryd van die Cravenweek gespeel het, is dus geen verrassing nie.[186]

Boland het gesorg dat hy vir die eerste keer in die hoofwedstryd speel, deur Griekwas (25-12) en Transvaal (13-12) te klop. Die Burger sonder Boland se wedstryd teen Transvaal, as die beste kragmeting van die eerste drie dae uit.[187] Die Bolanders het Vrystaat in die hoofwedstryd aangedurf. Die Blikore het die pad na die eindstryd oopgespeel deur Grens (8-3) en Natal (22-0) oortuigend te klop.[188] Boland het ook voor die aanslag van die Vrystaters (11-23) gesneuwel. Uitblinkers vir die wenspan was Len Coetzee (heelagter), Wimpie van Heerden (losskakel) en die latere WP en Noord-Vrystaatse losvoorspeler, J.P. Geldenhuys.[189]

Benewens die individuele uitblinkers het Vrystaat se sukses ook gelê in die kern van tien Grey-kollege spelers. Verder het die span oor Stonie Steenkamp, een van die kundigste skole-afrigters in die land, beskik.[190] Boland het ook oor 'n stewige kern van

---

185 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1974, p. 127.

186 Transvaler, 3-7 en 9 Julie 1973.

187 Die Burger, 3-5 Julie 1973.

188 Die Volksblad, 4-6 Julie 1973.

189 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1974, pp. 127-130.

190 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Stellenbosch, 1973, p. 17.

sewe spelers van HTS Worcester beskik. Die pers sonder die span se vurige voorspelers as die vernaamste rede vir sy sukses uit. Om die beste uit so 'n agttal te haal, moet daar 'n afgeronde skakelpaar wees en in J. Beyers (skrumskakel) en J. Basson (losskakel) het die Boland oor sulke spelers beskik.[191]

Hoewel Vrystaat en Boland in die hoofwedstryd gespeel het, beskou die SA Rugbyskrywersjaarboek en die pers die uithalerspan van die WP as die beste op die toernooi. Die Kapenaars het klinkende seges oor Rhodesië (26-8), OP (23-0) en in die hoofvoorwedstryd teen Transvaal (36-7) behaal.[192] WP se 85 punte is die meeste wat op die Cravenweek behaal is en die 15 punte afgestaan, was ook die minste van al die spanne. In die hoofvoorwedstryd het die WP 'n vertoning van hardlooprugby en ondersteunende spel gelewer wat lanklaas op Coetzenburg gesien is en die Transvalers het geen teenvoeter daarvoor gehad nie.[193]

In so 'n spogspan moes daar natuurlikerwys uitstaande spelers wees. Peter Kirsten is as die beste speler op die Cravenweek uitgesonder. Die klein losskakel van South African College School se oordeel, breekslae en skopskoen het hom as 'n toekomstige Springbok uitgesonder.[194] Indien hy nie in die volgende jaar vir die uitnodigingspan, Kwaggas, 'n ernstige kniebesering teen die Britse Leeus opgedoen het nie, sou hy heel waarskynlik dié mikpunt bereik het.[195] Die heelagter, Johan Bonthuys, was nog 'n staatmaker agterlangs en Rob Louw, in sy tweede Cravenweek, het saam met L. Venter en J. Martin gesorg dat die Kapenaars die

---

191 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1974, pp. 127-130.

192 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1974, pp. 127-128; Transvaler, 3-7 en 9 Julie 1973.

193 Die Burger, 9 Julie 1973.

194 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1974, p. 127.

195 John Reason, The Unbeatable Lions, The 1974 British Isles Rugby Tour of South Africa, p. 123.

stryd om die losbal in elke wedstryd wen.[196] Die WP het met sy drie seges sy onoorwonne rekord op die Cravenweek tot elf wedstryde verbeter.[197]

Die WP se tradisionele teenstander op seniorvlak, Noord-Transvaal, het naas eersgenoemde oor die beste rekord gedurende die afgelope vier Cravenweke beskik. Die jong Bulletjies het in 1970, 1972 en 1973 die Cravenweek onoorwonne afgesluit.[198] Bart Reynecke, Barend Britz en Jamie Prinsloo (onderskeidelik latere Noord-Transvaalse seniorstut, -slot en -losvoorspeler) het gesorg dat die 1973-span voorlangs koning kraai teen SWA (4-0), NOK (11-0) en laastens teen Noord-Vrystaat (33-15).[199] Agterlangs het L.M. Rossouw en Jan Dreyer (senterpaar) op die aanval uitgeblink. Johan Schoeman (skrumskakel) en Ferdie Prinsloo (losskakel en kaptein) het verder die balbesit oordeelkundig benut.[200] Rossouw en Prinsloo het later vir Noord-Transvaal se seniorspan uitgedraf.[201]

Die SA Rugbyskrywersjaarboek maak 'n fout, deur Vrystaat, WP en Noord-Transvaal as die enigste onoorwonne spanne op die toernooi te beskou. Stellaland, wat van Wes-Transvaal afgestig het en aan sy eerste Cravenweek deelgeneem het, het ook nie 'n wedstryd verloor nie. Die Stellalanders se wedstrydprogram het so verloop: klop Suid-Vrystaat (13-12), speel gelykop teen Oos-Transvaal (12-elk) en verslaan Oos-Vrystaat (15-10).[202] Stellaland het as sy

---

196 Die Burger, 3-7 en 9 Julie 1973.

197 Daily Dispatch, 9 July 1973.

198 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1974, p. 127.

199 Hoofstad, 3-7 en 9 Julie 1973.

200 Transvaler, 3-7 en 8 Julie 1973.

201 Van Zyl (red.), pp. 383-392.

202 SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1973, pp. 4-6; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1974, pp. 127-128; Die Burger, 9 Julie 1973; Transvaler, 3-7 en 9 Julie 1973.

vernaamste voedingsgebiede die skole Wolmaransstad, Lichtenburg, Zeerust, Coligny, Schweizer Reinecke en Sannieshof.[203]

Stellaland was nie die enigste plattelandse span wat presteer het nie. Hoewel hulle nou nie met die sterk stedelike unies kon meeding nie, het SWD en NOK opwindende rugby gespeel. In NOK se span het Willie du Plessis uitgeblink. Die senter van Gill-kollege in Somerset-Oos, wat van 1980-1984 in veertien toetse vir die Springbokke uitgedraf het, was saam met Rob Louw die enigste latere Springbokke wat hul passies by die 1973-Cravenweek ten toon gestel het.[204] Hoewel die 1973-Cravenweek dus net twee Springbokke opgelewer het en moeilike speeltoestande geheers het, kan dié Rugbyweek nogtans as 'n sukses beskou word. Die rede hiervoor was die spelers se bereidwilligheid om weg te breek van die vorige Cravenweek se stugge spel en met avontuur en waagmoed die spel te benader. Die 1974-Cravenweek op Ellispark in Johannesburg sou op die patroon voortbou.

DIE STREEPTRUIE SORG OP ELLISPARK VIR 'N REKORDOES IN 1974

Die WP het sy sukses van die vorige drie Cravenweke volgehou deur weer al drie sy kragmetings in 1974 te wen. Die Kapenaars het in die eerste wedstryd met Suidwes-Afrika (20-6) afgereken voordat hulle die gedugte span van Vrystaat (24-4) in die stof laat byt het.[205] Met die twee seges het WP gesorg dat hy die leeutemmers van die platteland, SWD, in die 'eindstryd' aandurf. Die Volstruisboere het vroeër met Grens (29-25) en Griekwas (25-9)

---

203 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Stellenbosch, 1973, p. 19.

204 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1974, pp. 128-132; Shnaps, p. 135.

205 Hoofstad, 9 en 11 Julie 1974.

afgereken.[206] In die hoofwedstryd is hul vere egter deur WP kortgeknip toe laasgenoemde met 22-12 geseëvier het.[207]

Die Kapenaars se trots was hul puik agterlyn. Dit was veral die heelagter, John Bonthuys, en vleuels, Agie Koch en Warren Kruger, wie se aanvalle nie gedurende die Rugbyweek gestuit is nie. Al drie die spelers is ook beloon met hulle insluiting in die eerste SA-skolespan. Michael Laubscher (skrumskakel) en Robert Bolus (senter) het ook beïndruk en gesorg dat WP vyf van die sewe SA-skole-agterspelers oplewer. Voorlangs het kaptein en slot, Bernard Pienaar, uitgetroon.[208]

Met die sege in die hoofwedstryd het WP vir veertien wedstryde agtereenvolgens onoorwonne gebly.[209] Dié rekord, wat in die eerste wedstryd van 1975 in die slag gebly het, is in die 30-jarige bestaan van die Cravenweek nie verbeter nie. Die redes vir die puik prestasie is velerlei. Hoewel geen enkele skool die ruggraat van die span vorm nie, het die WP oor verskeie sterk rugbyskole soos Paarl Gimnasium, Hoër Jongenskool Paarl, Paul Roos Gimnasium, Bishops, South African College School en Rondebosch High beskik. Die individuele talent in die spanne, van 1971-1974, was 'n verdere bydraende faktor tot hul sukses. Die afrigters van die WP-span het op jaarlikse basis roteer en het die span ook net die drie weke voor die Cravenweek bearbei. In dié kort tydperk kon die WP-afrigters, sonder die deurlopendheid van 'n paar jaar by die span, nie 'n deurslaggewende inset lewer nie.

Die hoofwedstryd tussen WP en SWD is voorafgegaan deur 'n ewe aanskoulike hoofvoorwedstryd tussen Vrystaat en Oos-Transvaal

---

206 Oggendblad, 10 en 12 Julie 1974.

207 The Star, 15 July 1974.

208 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1975, pp. 117-121.

209 Die Burger, 15 Julie 1975.

(16-elk).[210] Transvaal wou op sy tuisveld nie agterweë bly nie en het in die eerste van die drie hoofwedstryde vir Grens met 14-12 geklop. Hiermee het die Rooibontes vir die eerste keer daarin geslaag om die Rugbyweek onoorwonne af te sluit.[211] Die Transvalers se staatmakers was die skakelpaar Lee Barnard, latere losskakel van Noord-Transvaal en Transvaal se seniorspanne, en Wim Hancke, latere skrumskakel van Transvaal se seniorspan.[212] Voorlangs het Transvaal in die slot, Shane Carty, en agtsteman, Ernest Kruger, ook staatmakers gehad. Al vier bogenoemde spelers het ook die SA-skolespan gehaal.[213]

Benewens WP en Transvaal was Stellaland die derde onoorwonne span by die 1974-Cravenweek. Die Stellalanders het met Suidoos-Transvaal (27-12), Noord-Transvaal (8-6) en Natal (14-8) afgereken. Sodoende het die span, wat in 1973 sy buiging op die Cravenweek gemaak het, nog steeds geen wedstryd tydens die Rugbyweek verloor nie.[214] Die span se krag het gelê in sy geharde voorspelers en veral vaskop, Daan Roux, het telkens die teenstanders se skrum ontwrig.[215] Nog 'n stut wat indruk gemaak het, was Flippie van der Merwe van Griekwas. Van der Merwe, die swaarste speler wat nog vir die Springbokke gespeel het (132,5 kg), se 104 kg het toe al sy teenstanders laat kreun. Benewens Van der Merwe was Nic Mallett, agtsteman van OP, die enigste latere Springbok in aksie by die Cravenweek.[216] Mallett was die

---

210 Die Volksblad, 15 Julie 1974.

211 Die Vaderland, 15 Julie 1974.

212 Hoofstad, 9-13 en 15 Julie 1974.

213 Jan Preuyt-privaatversameling: Toerverslag van SA Skolerugbytoer na Italië en Frankryk, Woensdag 11 Desember 1974 tot Dinsdag 7 Januarie 1975, p. 1.

214 Transvaler, 9-13 en 15 Julie 1974.

215 Die Vaderland, 15 Julie 1974.

216 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 230 en 378; Amptelike program van die 1974-Cravenweek, Ellispark Johannesburg, p. 17.

eerste van 'n lang reeks uitstaande spelers wat sou sorg dat OP in die volgende vier jaar oor die sterkste skolespan in Suid-Afrika beskik.

**DIE SKOLE SE SWAARTEKRAG SKUIF NA DIE OOS-KAAP TE MIDDE VAN GROOT VERANDERINGE**

Die twaalfde Cravenweek in 1975, het vir die eerste keer sedert 1964 'n wesenlike verandering ondergaan. Die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) het besluit om 'n stelsel van drie termyne per jaar vir sy skole in gebruik te neem. Die rede vir die besluit was dat die TOD van mening was dat bogenoemde stelsel minder onderbrekinge in die leerplan sou veroorsaak en dat die onderrig vloeiender sou verloop as in die gebruiklike vier kwartale.[217] Hierdie nuwe stelsel het beteken dat die TOD se wintervakansie in Augustus sou wees en derhalwe sou die Transvaalse skole nie aan die Cravenweek kon deelneem nie. 'n Alternatiewe Transvaalse Cravenweek sou vir dié provinsie se skolespelers gehou word.[218]

Die SAHSRV het sy spyt oor die TOD se besluit uitgespreek en Jan Preuyt het die hoop uitgespreek dat 'n verenigde Cravenweek binnekort weer gehou sou kon word.[219] Dr. Danie Craven het die besluit van die TOD "'n bitter druppel in die wyn" genoem. Die president van die SARR het gemeld dat die Rhodesiese skole en sommige skole in die Oostelike Provinsie, drie skooltermyne het en dat die spanne nogtans die Cravenweek bywoon.[220] Sonder die agt Transvaalse spanne het sestien provinsiale skolespanne aan

---

217 Transvaalse Onderwysdepartement argief: <u>TOD Omsendminuut 32 van 1975</u>, p. 1.

218 SARR argief: <u>Notule van die Uitvoerende Bestuur van die SA Hoërskolerugbyvereniging</u>, 24 Februarie 1975, p. 1.

219 <u>Amptelike program van die 1975-Cravenweek</u>, Port Elizabeth, 30 Junie tot 5 Julie 1975, p. 5.

220 <u>Ibid</u>., p. 6.

die Cravenweek in Port Elizabeth deelgeneem.[221] Benewens die afwesigheid van die Transvaalse spanne het die 1975-Cravenweek nog 'n belangrike klemverskuiwing gehad.

Die verandering was dat die swaartepunt van skolerugby van die Wes-Kaap na die Oos-Kaap geskuif het. OP het op die eerste dag van die Rugbyweek vir WP met 14-3 geklop en daarmee laasgenoemde se onoorwonne rekord van veertien wedstryde in die slag laat bly.[222] Robert Blignaut, latere flank van OP se seniorspan, het twee drieë in dié klinkende sege gedruk.[223] Die Oos-Kapenaars het in hul volgende wedstryd vir Boland met 27-9 geklop en seker gemaak van 'n plek in die hoofwedstryd van die Rugbyweek.[224] Natal was die span wat volgens die organiseerders die OP in die hoofwedstryd kon stuit. Die Piesangboere het Vrystaat (16-14) en NWK (30-3) in sy vroeëre wedstryde geklop.[225]

Die hoop van die SAHSRV se Uitvoerende Komitee vir 'n gelykop en opwindende stryd, het egter in die niet verdwyn toe die OP oortuigend met 46-13 gewen het. Dit is nie alleen die grootste sege in die hoofwedstryd in die 30-jarige bestaan van die Cravenweek nie, maar dit was ook die Natallers se grootste nederlaag nog.[226] OP se skolespan het nie uit minder as elf skole se spelers bestaan nie. Hoërskool Pearson, met drie spelers, was die beste verteenwoordig.[227] In hierdie spogspan was daar verskeie individuele uitblinkers. Die uitstaande speler

---

221 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1976, p. 153.

222 Die Oosterlig, 1 Julie 1975.

223 The Daily News, 1 July 1975.

224 Die Oosterlig, 3 Julie 1975.

225 Natal Mercury, 2 and 4 July 1975.

226 Die Burger, 7 Julie 1975.

227 Amptelike program van die 1975-Cravenweek, Port Elizabeth, 30 Junie tot 5 Julie, p. 21.

was Danie Gerber wat drie drieë op die toernooi gedruk het.[228] Die later befaamde Springboksenter is een van die vier OP-spelers wat die SA-skolespan gehaal het. Dié ander spelers was Anton le Grange (losskakel), Christo Fitchet (vleuel) en Anton Els (stut en kaptein).[229]

Natal het self oor spelers van gehalte beskik. Cliffie Brown, latere vleuel van Natal en Noord-Transvaal, het die meeste punte (35) op die Rugbyweek aangeteken. Die regtervleuel, M. Rich, en D. Smyly, flank, het saam met Danie Gerber drie drieë tydens die toernooi gedruk. Rich se beloning vir sy blitsige lopies was 'n plek in die SA-skolespan.[230] Grens het net soos Natal die horlosie teruggedraai na die goue sestigerjare, toe hy in die hoofvoorwedstryd vir Rhodesië met 24-12 geklop het. Vroeër die Rugbyweek het Grens ook met Boland (9-0) en SWA (19-11) afgereken om saam met OP die enigste onoorwonne span tydens die Cravenweek te wees.[231]

Benewens bogenoemde spanne het SWD ook sy gebruiklike goeie vertoning gelewer en slegs in die laaste wedstryd teen NWK (4-7) verloor. In die Volstruisboere se span het Johan Heunis, Springbokheelagter (1981-1989) uitgeblink.[232] Die SA Rugbyskrywersjaarboek van 1991 fouteer deur te meld dat Heunis eers in 1976 op die Cravenweek uitgedraf het. Heunis, 'n leerling van Hoërskool Outeniqua op George, het as senter vir SWD sewentien

---

228 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1976, p. 153.

229 Shnaps, p. 139, Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1976, p. 149.

230 Natal Mercury, 1-5 and 7 July 1975; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1976, pp. 149 and 153.

231 Die Oosterlig, 1-5 en 7 Julie 1975.

232 Die Burger, 1-5 en 7 Julie 1975; Shnaps, p. 141.

punte aangeteken.[233] Benewens Gerber en Heunis, het David Smith (senter van Rhodesië) en Flippie van der Merwe (stut van Griekwas) later vir die Springbokspan gespeel.[234] Nic Malett het egter nie, soos die SA Rugbyskrywersjaarboek van 1992 beweer, vir die OP tydens die toernooi uitgedraf nie.[235]

## NAAS BOTHA GEE IN DIE TRANSVAALSE CRAVENWEEK 'N VOORSMAAK VAN WAT IN DIE TOEKOMS WAG

Soos Port Elizabeth die verhoog was waar latere beroemde Springbokke soos Danie Gerber en Johan Heunis hul talente ten toon gestel het, so het Naas Botha gedurende die 1975-Transvaalse Cravenweek in Pretoria sy buiging gemaak. Dié latere Springbok-kaptein en die grootste puntemasjien in die Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis het vir die jong Ligbloues uitgedraf.[236] Tien spanne het aan die Transvaalse Cravenweek deelgeneem. Die agt spanne wat in 1974 aan die Cravenweek deelgeneem het, was weer in aksie. Verder het die Engelse toerspan, Dragons, na hul toer in Rhodesië 'n uitnodiging aanvaar om aan die Transvaalse Cravenweek deel te neem. Noord-Transvaal het gevolglik 'n tweede Vyftiental in die veld gestoot om 'n gelyke tien spanne teen mekaar te laat deelneem.[237]

Die Transvaalse Cravenweek het steeds onder die jurisdiksie van die SARR en SAHSRV plaasgevind. Nogtans het die Transvaalse

---

233 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 223; Amptelike program van die 1975-Cravenweek, Port Elizabeth, 30 Junie tot 5 Julie, p. 24.

234 Amptelike program van die 1975-Cravenweek, Port Elizabeth, 30 Junie tot 5 Julie, p. 24; Shnaps, pp. 137-143.

235 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1992, p. 231; Amptelike program van die 1975-Cravenweek, Port Elizabeth, 30 Junie tot 5 Julie, p. 21; Die Oosterlig, 1-5 en 7 Julie 1975.

236 Oggendblad, 12-16 en 18 Augustus 1975; Shnaps, p. 136.

237 Amptelike program van die Craven-Rugbyweek 1975, Pretoria, 11-16 Augustus, pp. 10-15.

beamptes hulle eie kultuur aan die toernooi verleen. Die Administrateursbekerkompetisie speel 'n groot rol in die provinsie se rugbyopset en vind op 'n uitklopgrondslag plaas. Die uitklopstelsel is ook vir dié Cravenweek bedink en die twee spanne in die hoofwedstryd sou albei onoorwonne spanne wees. Dit verskil van die vorige Cravenweek, waar die spanne wat die aanskoulikste rugby speel in die hoofwedstryd teen mekaar te staan kom.[238] In die uitklopkompetisie het Noord-Transvaal en Transvaal hul weg na die hoofwedstryd gebaan.[239]

Noord-Transvaal het in die eerste kragmeting met Stellaland (24-6) afgereken. Die nederlaag was die Stellalanders se eerste sedert hul eerste deelname in 1973.[240] Daarna het die Ligbloues met Wes-Transvaal (11-7) afgereken om vir die 'eindstryd' te kwalifiseer. Transvaal het op sy beurt vir Suidoos-Transvaal (38-0) en Oos-Transvaal (13-4) geklop.[241] Noord-Transvaal was in die hoofwedstryd te afgerond vir sy bure suid van die Jukskei-rivier en het met 20-8 geseëvier.[242] Botha was die Noorde se grootste uitblinker. Vroeër in die Rugbyweek teen Stellaland het Georg van Eck in Hoofstad die gevleuelde woorde gebruik wat talle koerantskrywers daarna sou eggo: "Naas Botha was die spil waarom alles in die Blouspan gedraai het."[243]

Vir 'n losskakel om spel te kan dikteer, vereis bepaalde voorwaardes. Eerstens is 'n skrumskakel met 'n suiwer en lang aangee nodig en hier was Basie Buitendag, latere skrumskakel van Namibië, uitstaande.[244] Verder is 'n sterk agttal nodig wat

---

238 Hoofstad, 11 Augustus 1975.

239 Oggendblad, 12-16 en 18 Augustus 1975.

240 Pretoria News, 13 August 1975.

241 Transvaler, 13-14 Augustus 1975.

242 Oggendblad, 18 Augustus 1975.

243 Hoofstad, 13 Augustus 1975.

244 Oggendblad, 13-16 en 18 Augustus 1975.

genoeg balbesit kon wen. In die jong Ligboues se agttal het Frans van Heerden (voorry), Jamie Prinsloo (flank) en Barry Schoeman (slot) so flink vertoon dat hulle later die jaar in die SA-skolespan ingesluit is.[245] Johan Marais, latere Springbok-agtsteman, was 'n verdere uitblinker.[246] Vir Transvaal het sy skrumskakel, Wim Hancke, met slim spel beïndruk en het hy die SA-skolespan vir die tweede jaar gehaal.[247]

Benewens die Ligbloues het die Transvaalse Vyftiental ook die toernooi onoorwonne afgesluit. Die span se slagoffers was die Noord-Transvaalse Vyftiental (20-0), Dragons (22-7) en Wes-Transvaal (20-4).[248] Die Engelse Dragons het teleurgestel en twee van die drie wedstryde verloor.[249] Die plattelandse spanne Stellaland, Suidoos-Transvaal en Verre Noord, het ook swaar geleef. Die afrigters van die drie spanne, onderskeidelik A. Swanepoel, N. van Burick en K. Fick, meld dat die lang afstande in die bonde veroorsaak dat die spelers min saam kon oefen. Gevolglik was daar by al drie spanne 'n gebrek aan afronding. Individuele uitblinkers was daar wel, maar van vloeiende samespel was daar nie veel sprake nie.[250]

Die twee Cravenweke van 1975 kan nie as die ideaal gesien word nie. Nogtans het albei toernooie sprankelspel en toekomstige Springbokke opgelewer. In 1976 sou daar weer twee Cravenweke plaasvind - op Kroonstad en Wolmaransstad - en sou Jan Preuyt weer 'n oproep tot die onderwysowerhede vir eenheid rig. In die nie-ideale omstandighede van skeiding sou twee Kaapse spanne, OP

---

245 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1976, p. 149.

246 Pretoria News, 13-18 August 1975.

247 Hoofstad, 12-16 en 18 Augustus 1975; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1976, p. 149.

248 Oggendblad, 12-16 en 18 Augustus 1975.

249 Transvaler, 12-16 en 18 Augustus 1975.

250 Hoofstad, 14 Augustus 1975.

en Boland, die kroon op die aanskoulike rugby in Kroonstad span.[251]

BOLAND IS DIE MOOISTE LOOT IN KROONSTAD SE WINGERD

Die dertiende Cravenweek het op 'n opwindende noot begin toe Boland en OP se skolespanne in 'n uithalerwedstryd met 21-elk gelykop gespeel het.[252] Dit is egter jammer dat dié twee uitstaande spanne van 1976 nie eerder mekaar in die hoofwedstryd kon aandurf nie. Na Boland se sege oor die tuisspan, Noord-Vrystaat, in die tweede wedstryd het die SAHSRV besluit dat eersgenoemde in die hoofwedstryd moet speel.[253] Noord-Vrystaat se bure, Vrystaat, het in die hoofwedstryd gepoog om die Boland se segetog te stuit. Die Wynboere het egter in die 'eindstryd' gewys dat geen Vrystaatse span dié jaar by hom kon kers vashou nie en het met 13-9 gewen. Dit was die Boland se tweede hoofwedstryd en die eerste keer dat die span as die nie-amptelike Cravenweekkampioen gekroon is.[254]

Lourens de Lange, onderkaptein en losskakel van Boland, was sy span se planmaker. Dié latere losskakel van Noord-Transvaal het die opwindende senter, Kobus Engelbrecht, en vleuel, Philip Potgieter, genoeg hardloopkans gegee. Potgieter, die latere Matievleuel, het vier drieë in die toernooi, waaronder twee in die hoofwedstryd teen Vrystaat, gedruk. Voorlangs het slot Louis Haumann in sy derde Cravenweek in die lynstane koning gekraai.[255] In die Vrystaat se geledere het die gedugte voorry hul teenstanders opgekeil. Loskopstut, Toppie Richter, en haker, Emil-Jan Strydom, het albei die SA-skolespan gehaal. Die slot,

---

[251] SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1976/77, pp. 3-5.

[252] Die Burger, 6 Julie 1976.

[253] Die Vaderland, 8 Julie 1976.

[254] Transvaler, 12 Julie 1976.

[255] Die Burger, 6-10 en 12 Julie 1976.

Wynand Pretorius, en heelagter, Christo Steyn, was verdere staatmakers.[256]

Na hul eerste gelykopuitslag teen Boland het OP van krag tot krag gegaan om met Noord-Natal (40-6) en die sterk WP (6-0) in die hoofvoorwedstryd af te reken.[257] Die Oos-Kapenaars se lostrio, kaptein Andrew Johnson, Robert Blignaut en Jan Serfontein, het nie hul gelyke op die Cravenweek gehad nie. Die drietal het later vir OP se seniorspan met groot welslae verteenwoordig. Losskakel, Bob Whyte, senter, Danie Gerber, en vleuel, Tino Kankowski, was die gevaarmanne agterlangs. Whyte, Gerber en Kankowski, het al drie later seniorprovinsiale rugby gespeel.[258]

Benewens Boland en OP het Noord-Vrystaat se B-span ook die toernooi onoorwonne afgesluit. Die Goudvelders het teen Noord-Natal (22-10), SWD (14-0) en Suid-Vrystaat (22-9) koning gekraai.[259] Noord-Vrystaat B het aan die toernooi deelgeneem weens die onttrekking van Rhodesië. Die Rhodesiërs het, net soos die Transvaalse skole, 'n drietermynstelsel gevolg en het eerder die Transvaalse Cravenweek in Wolmaransstad bygewoon.[260] Dié span het die plek van die Engelse Dragon ingeneem sodat 'n gelyke getal spanne kon deelneem.[261]

---

256 Die Volksblad, 6-10 en 12 Julie 1976.

257 SARR argief: Suid-Afrikaanse Skolekomitee: Voorsittersverslag 1976/77, p. 5.

258 Die Oosterlig, 6-12 Julie 1976; Muller (red.), 'n Eeu van OP Rugby, A Century of EP Rugby, 1888-1988, pp. 139-151.

259 Die Volksblad, 6-10 en 12 Julie 1976.

260 Amptelike program van die Craven-Rugbyweek 1976, Kroonstad, 5-10 Julie, p. 21.

261 Amptelike program van die Transvaal Craven-Rugbyweek, Wolmaransstad, 22-28 Augustus 1976, p. 19.

DIE SWANESANG VAN DIE TRANSVAALSE CRAVENWEEK IN 1976 OP WOLMARANSSTAD

Die 1976-Cravenweek in Wolmaransstad het heuglik begin met prof. H. du Toit, adjunkdirekteur van die TOD, se aankondiging dat dit die laaste keer sou wees dat die Transvaalse skole alleen Cravenweek hou. Prof. Du Toit het in sy toespraak tydens die openingseremonie aangekondig dat die wintervakansies van die verskillende provinsies se skole reeds die volgende jaar sou oorvleuel, wat dit moontlik sou maak dat die Cravenweek gesamentlik gehou kon word. As die tydperk wat oorvleuel te kort is, sou die TOD bereid wees om toegewings in 1977 te maak sodat 'n gesamentlike Cravenweek kon plaasvind. Dr. Danie Craven het in sy toespraak gemeld dat daar 'n oordrewe wengees in Kroonstad geheers het en dit by die skoolseuns ingeprent, dat "die wengedagte wat by elke mens bestaan moet onderdruk word. Dit is baie belangriker hóe 'n span wen in teenstelling met wen ten alle koste."[262]

Transvaal en Noord-Transvaal het veral aandag aan die woorde van dr. Craven geskenk deur die ortodokse oorboord te gooi en met avontuurlike rugby vorendag te kom. Die Rooibontes het Suidoos-Transvaal (28-6) geklop terwyl die Ligbloues vir Wes-Transvaal met 27-18 oorwin het.[263] Transvaal en Noord-Transvaal het seker gemaak dat hulle vir die tweede agtereenvolgende jaar in die hoofwedstryd speel deur onderskeidelik teen Suidoos-Transvaal en Rhodesië te seëvier.[264] In die hoofwedstryd het Transvaal die bordjies verhang na die vorige jaar se nederlaag deur die Ligbloues met 28-10 te wen.[265]

---

262 Hoofstad, 24 Augustus 1976.

263 Pretoria News, 25 August 1976.

264 Oggendblad, 27 Augustus 1976.

265 Transvaler, 30 Augustus 1976.

Die Transvalers se uitblinker was die losvoorspelers kaptein Willie Oosthuizen, Pierre Bucholz (latere kaptein van Vaaldriehoek se seniorspan) en André Bezuidenhout.[266] Oosthuizen se puik leiding en vurige, dog gedissiplineerde spel is beloon met die kapteinskap van die SA-skolespan. Skrumskakel, Harry Viljoen, en die vleuels, Danie Nortje en Richard van der Westhuizen, het ook vir die SA-skolespan uitgedraf.[267] Viljoen sou later vir Noord-Transvaal en Transvaal se seniorspan speel. Hy was ook die afrigter van die Rooibontes en Natal in twee Curriebekereindstryde. Nortje sou later een van die min spelers word wat 100 wedstryde vir Oos-Transvaal gespeel het.

In Noord-Transvaal se span, het die twee slotte, Eddie Grobler en André Skinner (latere Transvaalse en Noord-Transvaalse speler), en flank, Giovanni Vannucci, voorlangs stewig vertoon. Johan Marais, latere Springbokagtsteman, het 'n stil toernooi beleef. In die agterlyn het die senters, Kobus Serfontein en Herman Kleynhans, gunstige verslae oor hul spel in die pers ontvang.[268] Suidoos-Transvaal en Rhodesië, met twee seges elk, was naas die twee groot kanonne die beste spanne.[269] David Smith, kaptein en senter van Rhodesië, se naam verskyn in die amptelike program van dié Cravenweek en die SA Rugbyskrywersjaarboek meld dat hy tydens die Rugbyweek gespeel het. Smith het egter kort voor die toernooi 'n skop teen sy kop gekry en het op doktersadvies onttrek.[270]

---

[266] Hoofstad, 24-28 en 30 September 1976.

[267] SARR argief: Die SA Skolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1976/77., p. 10.

[268] Oggendblad, 24-28 en 30 Augustus 1976.

[269] SARR argief: Die SA Skolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1976/77, p. 7.

[270] Amptelike program van die Transvaal Craven-Rugbyweek, Wolmaransstad, 22-28 Julie 1976, p. 19; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1977, p. 163; Hoofstad, 23 Augustus 1976.

Smith se onttrekking en die klein skares wat die wedstryde bygewoon het, het van die kleur van die Rugbyweek weggeneem.[271] 'n Verenigde Cravenweek was nou nodig om skolerugby verdere stukrag te gee. Die TOD se tegemoetkomende houding het gesorg dat al die provinsiale spanne in 1977 weer saam sou Cravenweek hou. Die onderwysliggaam het aan die belofte van prof. Du Toit gestand gedoen deur sy hoërskoolleerlinge verlof te gee om in skooltyd aan die Cravenweek in Oudtshoorn deel te neem. Vanaf 1978 het die TOD se vakansies met die ander provinsies se skole oorvleuel en geen verdere probleme is ondervind nie.[272]

DANIE GERBER VERTOON WINDMAKER IN 1977 OP OUDTSHOORN

Die spoggerigste vere in Oudtshoorn het in 1977 nie aan een van die omgewing se indrukwekkende voëls behoort nie. Dit was veel eerder OP se skolespan wat met die mooiste stertvere kon spog. Die Oos-Kapenaars is deur Jan Preuyt beskou as een van die beste spanne wat nog op die Rugbyweek in aksie was. Die span het voortgebou op sy onoorwonne rekord van die afgelope twee jaar deur weer as die nie-amptelike kampioenspan uit die stryd te tree. Danie Gerber en spanmaats het reeds in hul eerste wedstryd vir Transvaal met 52-7 geklop in 'n vertoning wat <u>Die Burger</u> so beskryf: "Geen rugbyspan kan volmaaktheid bereik nie, maar die OP was gister baie naby daaraan."[273] Gerber, die planmaker, en Tino Kankowski, wat vier drieë gedruk het, was die room van die oes.[274]

Vrystaat het gesorg dat OP in sy tweede wedstryd harder bene kou en laasgenoemde span het na 'n opwindende stryd met 13-9 geseëvier. Hoewel in 'n verloorspan, het Vrystaat se Jacques Nell

---

271 <u>Hoofstad</u>, 23-28 Augustus 1976.

272 SARR argief: <u>Die SA Skolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1977/78</u>, p. 9.

273 <u>Die Burger</u>, 6 Julie 1977.

274 <u>Die Oosterlig</u>, 6 Julie 1977.

die bewondering van die 2 000 toeskouers afgedwing met sy vreeslose plettervatte waarmee hy die OP se knaende aanvalle gestuit het.[275] Nadat die felle aanslag van Vrystaat afgeweer is, het 'n ewe gedugte WP vir Gerber se span in die 'eindstryd' gewag. WP se oorwinnings oor Wes-Transvaal (14-4) en Noord-Transvaal (19-7) het sy deelname aan die 'eindstryd' verseker.[276]

In die hoofwedstryd was Gerber se spel die verskil tussen twee uitmuntende spanne. Sy krag, vaart, oordeelsvermoë en voetwerk, het OP gehelp om met 19-17 te seëvier. Gerber, die grootste driedrukker in toetse vir die Springbokke en in Suid-Afrikaanse eersterangse rugby, het al op skolevlak daarvan gehou om nuwe mylpale daar te stel deur die meeste punte (36) op die toernooi aan te teken.[277] Saam met Gerber het Kankowski weer 'n drie in die eindstryd gedruk om sodoende 'n nuwe toernooirekord van ses drieë daar te stel.[278] Kankowski se vier drieë teen Transvaal het die toernooirekord geëwenaar.[279] Vir bogenoemde twee spelers om so te kon baljaar, moes daar genoeg balbesit wees. Hier het drie spelers wat later diep spore in seniorprovinsiale wedstryde sou trap, vir die OP uitgeblink. Pote Human het as slot reeds die vurige spel geopenbaar wat later kenmerkend van hom sou word. Robert Blignaut (flank) en Jan Serfontein (agtsteman) was ook onderskeidelik die beste spelers in hul posisies tydens die toernooi.[280]

---

275 Die Volksblad, 8 Julie 1977.

276 SARR argief: Die SA Skolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1977/78, p. 14.

277 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1970, p. 172 en 1992, pp. 13 en 234.

278 Die Oosterlig, 12 Julie 1977.

279 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 237; Beeld, 13 Julie 1993.

280 Die Oosterlig, 6-10 en 12 Julie 1977; SARR argief: Die SA Skolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1977/78, pp. 15-16.

Om so naelskraap teen OP te verloor, moes die WP ook oor uitstaande spelers beskik het. Die beste van die spelers was losskakel Johan Rossouw. Die Burger berig onder die opskrif "WP-losskakel die groot ster" dat dié speler alles het wat 'n losskakel begeer. Hy het puik hande en 'n geleerde skopvoet, 'n oog vir 'n gaping en bo alles die vermoë om die verloop van die spel reg op te som.[281] Rossouw het egter later nie aan die hoë verwagtings wat van hom gekoester is, voldoen nie en het van die toneel verdwyn. Benewens Rossouw het Johan Genis (senter), die latere Springbokkrieketspeler, Adrian Kuiper (heelagter), en die latere WP-skrumskakel, Francois Bonthuys, ook uitgeblink.[282]

Waar die 1977-hoofwedstryd die twee spelers opgelewer het wat vir nuwe rekords gesorg het, het die hoofvoorwedstryd vir sy eie rekordpoging gesorg. Grey-kollege het 'n rekordgetal van veertien spelers in die Cravenweekgroep ingesluit, terwyl Noord-Transvaal se span uit die meeste skole nog (negentien) gekies is.[283] Hier het Grey-kollege en Vrystaat se eenvormige spelpatroon die oorhand gekry en het met 24-12 geseëvier.[284] Die uitblinkers vir die Vrystaat was die sterk voorry, Quentin Campbell, Coneré Smith, Abrie Marais en flank Willem Daffue. Benewens Jacques Nell, het skrumskakel Pieter Sonnekus (wat later vir Noord-Transvaal, Vrystaat en Noord-Vrystaat sou uitdraf), regtervleuel, Jan Richter, en senter, At Vorster, vir die vuurwerke agterlangs gesorg.[285]

Vrystaat se buurman, Griekwas, het ook tydens die toernooi uitgeblink. Die Diamantvelders het met Grens (18-13), Noord-

---

281 Die Burger, 7 Julie 1977.

282 Die Oosterlig, 6-10 en 12 Julie 1977.

283 Amptelike program van die 1977 Toyota-Cravenweek, Oudtshoorn, ongenommer: Van Rooyen (red.), SA Rugby-skrywersjaarboek 1978, p. 172.

284 Hoofstad, 12 Julie 1977.

285 Die Volksblad, 6-10 en 12 Julie 1977.

Vrystaat (27-26) en Natal (13-12) in die eerste van die hoofwedstryde afgereken.[286] Vir Griekwas was sy skakelpaar, Zillen Roos (kaptein en skrumskakel) en Henning Liebenberg, die uitblinkers. Roos sou later as senter vir Wes-Transvaal en Vrystaat onder die bestes in die land tel, terwyl Liebenberg vir Griekwas en Vrystaat se seniorspan as losskakel uitgedraf het. Die heelagter Noël Buchler was 'n veilige laaste vesting.[287]

Benewens Griekwas en OP het Stellaland en die Transvaalse Vyftiental ook die 1977-toernooi onoorwonne afgesluit. Stellaland, in sy vyfde Cravenweek, het nou reeds in drie toernooie nie 'n wedstryd verloor nie. Losskakel en onderkaptein André van Tonder, het naas Gerber die meeste punte (29) op die Rugbyweek aangeteken. Tradisioneel was Stellaland se krag voorlangs met die SA-skolehaker, Jan de Klerk, die grootste staatmaker. Stellaland het vir NOK (21-18), Noord-Natal (22-13) en Suidoos-Transvaal (26-9) die loef afgesteek.[288] Die Transvaalse Vyftiental het weer die spelerdiepte van die provinsie geïllustreer deur SWA (23-0), Grens (27-12) en Rhodesië (15-4) te klop.[289] Terwyl Stellaland teen ander plattelandse spanne die stryd gevoer het, moes die Transvaalse Vyftiental kragte meet teen van die sterker spanne. In die Transvaalse Vyftiental het Hansie Dirksen, losskakel en onderkaptein, die sleutelrol vertolk.[290]

Jan Preuyt kon gevolglik na afloop van die 1977-Cravenweek sy tevredenheid met die verrigtinge uitgespreek. Volgens die voorsitter van die SAHSRV, het veral die losspel beïndruk, terwyl die tegniek in die skrumwerk baie verbeter het. Agterlangs was

---

286 Natal Mercury, 6-10 and 12 July 1977.

287 Die Volksblad, 6-10 en 12 Julie 1977.

288 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1978, pp. 177-183.

289 Hoofstad, 6-10 en 12 Julie 1977.

290 Die Vaderland, 8-10 en 12 Julie 1977.

die oordeelsvermoë en ondernemingsgees van die spelers opvallend. Volgens Preuyt was die enigste brakkol die lynstane wat hy as slordig bestempel het.[291] Die Rugbyweek het dan ook talle toekomstige voorrymanne, hakers, losvoorspelers en agterspelers vir die seniorprovinsiale spanne opgelewer, maar weinig van die slotte het later hul merk gemaak. Die uitsonderings was André Skinner (Noord-Transvaal) wat as een van die beste slotte beskou is en Rudi Visagie (Suidoos-Transvaal) wat nie op die Cravenweek uitgeblink het nie. Pote Human en Kulu Ferreira (Noord-Vrystaat) het wel as slotte hier gespeel, maar sou later as losvoorspelers naam maak.[292] Tydens die volgende jaar se Cravenweek in Middelburg, Transvaal, sou lynstaanspel onder die soeklig geplaas word. Met behulp van oud-Springbokslotte sou dié afdeling van die spel opgeknap word.

## GRIEKWAS STUIT OOSTELIKE PROVINSIE SE OPMARS IN 1978

Die heerskappy van OP in SA-skolerugby is op Middelburg in 1978 beëindig. Die Oos-Kapenaars het in hul eerste wedstryd teen Griekwas met 9-15 die onderspit gedelf en sodoende hul onoorwonne rekord van twaalf wedstryde prysgegee.[293] Van die vorige jaar se sterre het net Jan Serfontein oorgebly, maar nogtans het die span mooi reggeruk om Wes-Transvaal (31-18) en Suidoos-Transvaal (9-3) in die eerste van die Saterdag se hoofwedstryde te klop.[294] Met die Oos-Kapenaars wat in die stof gebyt het, was Vrystaat slaggereed om die mantel as nie-amptelike kampioenspan van 1978 oor te neem. Die Blikore het reeds vroeg hul kleim afgesteek deur die vorige jaar se onoorwonne Stellalanders met 35-9 te klop. Na

---

291 SARR argief: Die SA Skolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1977-78, pp. 11-12.

292 Amptelike program van die 1977 Toyota-Cravenweek, Oudtshoorn, ongenommer.

293 Die Burger, 12 Julie 1978.

294 Die Oosterlig, 14-15 en 17 Julie 1978.

die klinkende sege oor Natal (29-12) het die hoofwedstryd teen die WP gewink.[295]

Die Kapenaars het die hoofwedstryd bereik nadat hulle NOK (25-0) en Transvaal (12-10) verslaan het.[296] In die vertoonwedstryd van Suid-Afrikaanse skolerugby het Vrystaat met 23-8 geseëvier. Die Blikore het voorlangs swaar gelewe, maar hul vlugvoetige agterlyn met Jaco Reinach en Jan Richter (vleuels), Riaan Joubert (senter) en Pieter Sonnekus (skrumskakel) aan die spits, het te veel slaankrag vir die WP se verdedigers gehad.[297] Vir WP het die slot, Johan Claassen, en agtsteman, Pierre Twackray, voorlangs uitgeblink. Die latere prins van vleuels, Carel du Plessis, het as losskakel met vlymskerp breekslae sy ontluikende potensiaal gewys. Saam met spanmaat Mike Burton-Moore het hulle die skakelpaar van die SA-skolespan gevorm.[298]

Volgens die pers was Christo Ferreira van Noord-Vrystaat egter ongelukkig om nie bo Burton-Moore gekies te word nie. Die latere Springbokskrumskakel het sy span tot groot hoogtes op die Rugbyweek aangespoor.[299] Die Goudvelders het vir die eerste keer in 'n hoofvoorwedstyd die Saterdag gespeel nadat hulle vir Noord-Transvaal in die eerste wedstryd met 32-10 geklop en daarna naelskraap teen Suidoos-Transvaal (15-16) verloor het. Met Ferreira, Carl du Plessis (heelagter) en Dawie Fourie (senter) aan die spits het Noord-Vrystaat gewys dat hulle die groot oomblik kon hanteer deur Transvaal se sterk span met 20-9 te klop.[300] Die Transvalers met uitblinkers soos Jan van Genderen

---

295 Die Volksblad, 12-14 Julie 1978.

296 Die Transvaler, 17 Julie 1978.

297 Hoofstad, 17 Julie 1978.

298 Oggendblad, 11-15 en 17 Julie 1978; Die Volksblad 11-17 Julie 1978.

299 SARR argief: SA Skolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1978/79, p. 5.

300 Die Burger, 17 Julie 1978.

(slot), Chesney Thomas (agtsteman) en Chris Kloppers (vleuel), het juis vroeër die Rugbyweek 'n nuwe rekordsege behaal deur Oos-Vrystaat met 58-3 te klop.[301]

Verre Noord, wat die onbenydenswaardige vorige rekordnederlaag teen WP (6-58) in 1972 gely het, was so verlig oor die verlies van dié etiket, dat hulle al drie hul wedstryde gewen het. Die Bosvelders het met Suid-Vrystaat (27-13), SWA (29-16) en Rhodesië (26-15) afgereken.[302] Vir die eerste keer het Hoërskool Merensky van Tzaneen die meeste spelers (vyf) in die span gehad.[303] Nog 'n plattelandse span, Suid-Vrystaat, het die Cravenweek ook op 'n heuglike noot afgesluit. Die Riemlanders het slegs hul vierde sege in 27 wedstryde behaal toe hulle vir Noord-Natal (27-3) stof in die oë geskop het. Die einste Noord-Natal was een van die groot teleurstellings van die toernooi en kon slegs een drie in drie wedstryde druk.[304]

Die vleuels op die toernooi was egter nie so 'drieloos' soos Noord-Natal nie en het 62 keer agter die doellyn gaan kuier. Met latere SA atletiekkampioene soos Reinach, Hermann Venske (Transvaalse Vyftiental) en Johan Heyns (Noord-Transvaal) was die getal drieë geen verrassing nie. Naas die vleuels het die senters (31) en flanke (22) die meeste van die 176 drieë gedruk.[305] Die drieë is in 36 wedstryde gedruk teen 'n gemiddelde van 4,88 per wedstryd. Die groot getal drieë het bevestig dat dr. Craven se

---

301 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1978</u>, p. 211.

302 <u>Hoofstad</u>, 11-15 en 17 Julie 1978.

303 <u>Amptelike program van die Toyota-Cravenweek</u>, Middelburg, 10-15 Julie 1978, p. 19.

304 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1979</u>, pp. 211-212.

305 <u>Beeld</u>, 17 Julie 1978; Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1979</u>, pp. 212-214.

wekroep vir aanval bo verdediging en vir avontuurlustige spel nie op dowe ore geval het nie.[306]

SAMEVATTING

Avontuurlustige spel het 'n kenmerk geword van die Cravenweek in sy eerste dekade en 'n half. Van 'n nederige begin met vyftien provinsies en sestien spanne, het die Cravenweek gegroei tot 23 provinsies en 24 spanne. Die Rugbyweek, wat aanvanklik 'n eenmalige deel van die 75ste Jubileumherdenking van die SARR sou uitmaak, het gegroei tot die pronkstuk van Suid-Afrikaanse Skolerugby en het 'n onmisbare deel van die rugbykalender geword. Tydens die eerste vyftien jaar kan duidelike tendense waargeneem word. Grens was aanvanklik die voorste skolespan, waarna Natal tot 1969 koning sou kraai. Daarna het WP die leisels van 1970-1974 oorgeneem. Die skolekrag het daarna steeds aan die kus gebly maar die swaartepunt het ooswaarts na OP verskuif wat gedurende die jare 1975-1977 onoorwonne sou bly.

Verrassend genoeg is dit egter die Transvaalse Vyftiental wat oor die beste rekord in dié tydperk sou beskik. Die span het eers as die Transvaalse Streekspan in 1970 deelgeneem, waarna hy vanaf 1972 as die Transvaalse Vyftiental bekend sou staan. Die Rooibontes het 20 van hul 27 wedstryde gewen vir 'n onoorwonne gemiddelde van 74%. Ironies genoeg, kon die Transvaalse A-span slegs die twaalfde plek beklee met 21 seges in 45 wedstryde. Dit is wel waar dat die Vyftiental teen swakker teenstand geloot is, maar die powere vertonings en spankeuses het die Transvaalse A-span nie tot eer gestrek nie. Die bond het met 14 220 spelers, 5 340 hoërskoolseuns meer as sy naaste teenstander gehad om uit te kies.[307]

---

306 Amptelike program van die Toyota-Cravenweek, Middelburg, 10-15 Julie 1978, p. 3.

307 SARR argief: Suid-Afrikaanse Rugbyraad: Sakelys vir die 89ste Algemene Jaarvergadering, 9 Maart 1979, p. 90; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1979, pp. 214-215.

Om 'n duidelike beeld te verskaf van die spanne se prestasie gedurende die eerste vyftien jaar volg die volgende tabel waarin die bonde se spelertal en pretasie weergegee word:

| Provinsie | | Spelertal | Ranglys | % Onoorwonne |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Transvaal | 14 220 | 12 | 55,5 |
| | Tvl 15-tal | " | 1 | 74,0 |
| 2. | Natal | 8 880 | 7 | 64,4 |
| 3. | WP | 7 290 | 3 | 68,6 |
| 4. | Noord-Tvl | 5 160 | 6 | 64,4 |
| 5. | Rhodesië | 5 040 | 20 | 38,4 |
| 6. | SO-Tvl | 3 420 | 9 | 56,7 |
| 7. | W-Tvl | 3 375 | 14 | 51,1 |
| 8. | OP | 2 925 | 5 | 64,4 |
| 9. | Boland | 2 430 | 17 | 44,4 |
| 10. | N-OVS | 2 325 | 15 | 48,5 |
| 11. | Grens | 2 265 | 11 | 55,5 |
| 12. | Griekwas | 1 995 | 10 | 55,5 |
| 13. | O-Tvl | 1 950 | 8 | 56,7 |
| 14. | Verre Noord | 1 650 | 16 | 48,4 |
| 15. | SWA | 1 605 | 19 | 40,0 |
| 16. | SWD | 1 590 | 13 | 53,3 |
| 17. | OVS | 1 575 | 2 | 73,3 |
| 18. | O-OVS | 1 425 | 22 | 26,0 |
| 19. | NOK | 1 290 | 23 | 33,3 |
| 20. | Stellaland | 1 289 | 4 | 66,6 |
| 21. | Noord-Natal | 1 050 | 21 | 37,1 |
| 22. | NWK | 885 | 18 | 41,00 |
| 23. | S-OVS | 780 | 24 | 18,5[308] |

Uit die tabel kan afgelei word dat Vrystaat die span was wat ver bo sy spelertal presteer het. Met slegs die sewentiende meeste spelers het Vrystaat die meeste seges behaal.[309] Die Blikore het vyf toernooie onoorwonne afgesluit en was ook in vyf hoofwedstryde in aksie. Hulle kan dus as die beste span gedurende die eerste dekade en 'n half beskou word. Grey-kollege het die basis

---

308 Ibid. Die unies is volgens die spelertalle gerangskik.

309 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1979, p. 214.

van die span gevorm. 'n Verdere rede vir Vrystaat se sukses was die kundige afrigting met Stonie Steenkamp aan die spits.

Naas Vrystaat het WP, OP en Noord-Transvaal ook volgens hul potensiaal presteer. Die Blou Bulle het die Cravenweek op 'n stugge noot begin, maar het vinnig die hardloopritme van die Cravenweek opgetel. Nogtans kon die agterspelers nie dieselfde vloeiende spel openbaar as die drie bogenoemde provinsies nie, hoofsaaklik weens die gebrek aan kundige agterspelers in 'n provinsie waar die klem swaar op voorspelerspel val.

Van die plattelandse spanne het Stellaland en Suidoos-Transvaal die beste gevaar. Stellaland, met sy klein spelergetal, het uitnemend presteer deur slegs ses van sy agttien wedstryde te verloor. Die sterk voorspelers wat veral deur HTS Wolmaransstad en Hoërskool Lichtenburg voorsien is, was die span se trots. Suidoos-Transvaal, met groot dorpe in sy voedingsarea, het soos verwag tussen die top tien spanne in die tydperk getel. Aan die debietkant het Rhodesië ondanks sy ryke spelermateriaal teleurgestel, terwyl Suid-Vrystaat, NOK, Oos-Vrystaat en Noord-Natal met hul klein spelergetal swaar getrek het. Die spanne kon egter daaruit moed skep dat die Cravenweek nie wentel om wen of verloor nie, maar om deelname en blootstelling aan skolerugby op die hoër vlak. Hierin het die Cravenweek in sy eerste vyftien jaar volkome geslaag.

# HOOFSTUK 4

# DIE CRAVENWEEK BEREIK WASDOM (1979–1993)

## 'N GOUE TOERNOOI VIR NOORD-VRYSTAAT IN 1979

Met die stewige fondament wat in die eerste dekade en 'n half gelê is, kon die Cravenweek in die volgende vyftien jaar van 1979 tot 1993 van krag tot krag gaan. Nie alleen was daar 'n toename in spanne en spelers nie, maar die wye mediadekking het ook die belang van dié Rugbyweek in die Suid-Afrikaanse rugby-opset beklemtoon. Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie het die belangstelling van die publiek verklank, deur die hoofwedstryd van die toernooi vanaf 1981 regstreeks oor die televisie te beeldsend.[1] Die groot aantal werwingsagente van universiteite, onderwyskolleges, technikons, die Suid-Afrikaanse Polisie, Weermag en Gevangenisdiens, het die belangrikheid van die Rugbyweek as voedingsbron onderstreep. By die media en werwingsbeamptes was die avontuurlustige Vrystaatspan die gunsteling.

Vrystaat het juis in Oos-Londen tydens die sestiende Cravenweek in 1979 voortgebou op sy pragvertoning in 1978 toe hy weer in die hoofwedstryd gespeel het. Die Blikore het met seges oor Natal (16-7) en Noordoos-Kaap (25-8) sy plek in die hoofwedstryd bespreek.[2] Om die toernooi verder 'n triomf vir die provinsie te maak, het die Blikore sy kleinboet, Noord-Vrystaat, in die 'eindstryd' aangedurf. Vroeër die seisoen het Vrystaat vir die Goudvelders in die vriendskaplike kragmeting met 33-9 geklop en was dus die oorweldigende gunsteling om in die hoofwedstryd as die oorwinnaar uit die stryd te tree.[3] Soos enige jongeling wat

---

1 Die Volksblad, 17 Julie 1981.

2 Beeld, 10 en 12 Julie 1979.

3 Die Burger, 16 Julie, 1979.

sy sout werd is, het Noord-Vrystaat egter sy les uit die nederlaag in die vriendskaplike wedstryd deeglik geleer.

Die belangrikste les was dat 'n span alleen vir die Vrystaat kan klop indien dié span se agterlyn met plettervatte ontwrig word. Tweedens is 'n span wat soos die Blikore hardlooprugby speel, dikwels kwesbaar teen 'n span wat ook die bal teen hom dra. Noord-Vrystaat het bogenoemde twee beginsels ter harte geneem en die gevolg was dat die Goudvelders vir 'n groot verrassing gesorg het deur met 9-6 in die hoofwedstryd te seëvier.[4] Volgens die oggendkoerant Beeld en Dewald van Breda se artikel in die SA Rugbyskrywersjaarboek, was die Noord-Vrystaters die gunstelinge onder die skare weens hul skouspelagtige benadering tot die spel.[5] Reeds in die eerste wedstryd is deeglik van die Goudvelders se vermoëns kennis geneem toe dié span vir Westelike Provinsie (18-12) geklop het. Die Kapenaars het oor 'n sterk span beskik, wat ses van die vorige jaar se spelers oorgehou het, wat in die 'eindstryd' teen Vrystaat verloor het.[6] Die Perstruie van Noord-Vrystaat het daarna ook met Suidoos-Transvaal (40-6) afgereken om hulle vir die hoofwedstryd reg te skaaf.[7]

Noord-Vrystaat kon sulke aanvallende hardlooprugby speel omdat hulle oor vaardige spelers beskik het. Hier het veral Chris Kasselman (losskakel), Dawie Fourie (senter) en Flippie Pretorius (vleuel) uitgetroon. Al drie die spelers is ook vir die SA-skolespan gekies.[8] Voorlangs het die span oor 'n ligte, dog vurige agttal beskik met die latere Springbokflank, Gert Smal,

---

4 Hoofstad, 16 Julie 1979.

5 Beeld, 16 Julie 1979; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1980, p. 219.

6 Die Volksblad, 11 Julie 1979.

7 Pretoria News, 13 July 1979.

8 Die Volksblad, 11-14 en 16 Julie 1979.

en Jan Vlok (agtsteman) as die uitstaande spelers.[9] Hoewel Vrystaat in die hoofwedstryd die onderspit moes delf, kon die span tevrede voel met sy vertoning in 1979 se toernooi. Voorlangs was Joepie van der Merwe (haker), Boeta Nel (slot) en Ian Sadie (flank) as van die beste spelers in hul posisies beskou. In die agterlyn was die SA-juniorkampioen en latere nasionale rekordhouer in die 400m, Jaco Reinach, die gevaarlikste aanvaller.[10]

Nog 'n naelloper, Hermann Venske, latere SA-seniorkampioen in die 100m en 200m, se vaart het Transvaal gehelp om in die hoofvoorwedstryd teen Noordoos-Kaap (36-4) te triomfeer. Met dié sege het die Rooibontes onoorwonne gebly nadat hulle vroeër ook met Oostelike Provinsie (32-9) en Boland (19-18) afgereken het.[11] Benewens Venske, het Deon Coetzee se senterspel die pers gaande gehad. Dié latere vleuel van Vrystaat, Transvaal en Noord-Transvaal se seniorspanne, se oordeelsvermoë, groot vaart en krag het gesorg dat hy, net soos Venske, die SA-skolespan gehaal het. Die Transvaalse Vyftiental het bygedra tot dié bond se vreugde deur ook die toernooi onoorwonne af te sluit. Sodoende het dié span vir die vierde keer sedert 1972 onoorwonne gebly en het steeds die beste vertoningslys op die Rugbyweek gehandhaaf.[12]

Die Transvaalse Vyftiental het vir Suidwestelike Distrikte (20-9), Griekwas (25-8) en Suidoos-Transvaal (16-14) die loef afgesteek.[13] Voor die toernooi het sake egter nie so klopdisselboom met Tranvaal en die Transvaalse Vyftiental verloop nie. Albei die spanne het onderskeidelik teen Suidoos-Transvaal se A- en B-span verloor. Die afrigters, Herman Venter en Piet van Rensburg, onderskeidelik van Transvaal en die Transvaalse

---

[9] Beeld, 16 Julie 1979.

[10] Die Volksblad, 11-14 en 16 Julie 1979.

[11] Die Vaderland, 10-14 en 16 Julie 1979.

[12] Hoofstad, 10-14 en 16 Julie 1979; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1980, pp. 222-225.

[13] Oggendblad, 10-14 en 16 Julie 1979.

Vyftiental, het daarna ure lank aan die spanne geskaaf, met die gevolg dat Beeld gemeld het dat: "Die jong Rooibontes het basiese korrekte rugby gespeel, wat 'n lus was om te aanskou."[14]

Die Mielieboere van Wes-Transvaal het hulle stedelike bure in die ooste geëwenaar en ook al hul wedstryde gewen. Dit was die derde keer dat die span onoorwonne bly, nadat hulle ook in 1965 en 1971 die prestasie behaal het.[15] Wes-Transvaal het in sy eerste twee wedstryde naelskraap teen Grens (17-13) en OP (10-6) geseëvier. In die Saterdag se kragmeting het die Mielieboere egter hul ware krag gewys deur Noord-Natal (47-3) af te ransel. Die oorwinning was die grootste sege tydens die toernooi. Tjaart Marais, latere losskakel van Wes- en Noord-Transvaal, was sy span se planmaker. Onder die voorspelers was Karl Erlank (loskopstut en kaptein) die staatmaker.[16]

Benewens die vier onoorwonne spanne, Noord-Vrystaat, Transvaal, Transvaalse Vyftiental en Wes-Transvaal, het Natal, Noord-Transvaal en Stellaland ook uitgeblink. Die Piesangboere het hul gebruiklike aanskoulike rugby gespeel, met sterre soos Derek le Marque (SA-skolespan se flank en kaptein), Hugh Reece-Edwards (senter en Natalse kaptein) en die SA-skolespan se skrumskakel, Craig Jamieson, in sy geledere.[17] Al drie die spelers sou later vir Natal se seniorspan met onderskeiding dien en Reece-Edwards sou ook vir die Springbokke uitdraf. Soos reeds genoem, het talle puik naellopers soos Jaco Reinach, Hermann Venske, Dawie Fourie en Deon Coetzee hul spanne se slaankrag verhoog. In dié jaar was Johan Heyns, die vinnigste van hul almal, Noord-Transvaal se groot angel. Die blitsige linkervleuel en SA-juniorkampioen in

---

14 Beeld, 16 Julie 1979.

15 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1980, pp. 220-222.

16 Hoofstad, 10-14 en 16 Julie 1979; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1980, pp. 220-221.

17 Amptelike program van die 1979 Toyota Cravenweek, Oos-Londen, p. 31; Natal Mercury, 10-14 and 16 July 1979.

die 100m, het sy span gehelp om twee van sy drie wedstryde te wen. Nog 'n SA-kampioen, dié keer in die 110m hekkies, was Stellaland se Jannie van Breda. In die seges teen Noord-Natal (20-18) en Rhodesië (19-14) was hy sy span se grootste driedrukker. Ongelukkig is sy gebrekkige verdediging in die nederlaag teen Grens (14-41) uitgewys.[18]

Met soveel vinnige vleuels en senters in aksie was dit dus geen verrassing dat 'n rekordgetal van 203 drieë in die 36 wedstryde gedruk is nie.[19] Geen wonder dat Jan Preuyt in sy voorsittersverslag meld hy "het in 1973 gesê dat ons vinnig beweeg na die kruin van die krag van skolerugby. Die seuns het in 1979 die kruin bereik, en nou is dit die taak van elke afrigter om skolerugby op daardie hoogtepunt te hou."[20] Die wekroep van Preuyt het in die volgende jaar op Stellenbosch egter op dowe ore geval.

STELLENBOSCH IN 1980 'N UITSONDERING OP DIE REëL

Daar is verskeie redes waarom die 1980-Cravenweek, in die nuut ingehuldige Danie Craven-stadion, nie aan dié hoë verwagtings voldoen het nie. Een van die vernaamste redes was dat die toernooi na vier dae ingekort was. Die skoolseuns was nie gewoond daaraan om drie harde wedstryde in vier dae te speel nie en gevolglik het die spelpeil gedaal, namate die Rugbyweek gevorder het. Verder het die strewe om onoorwonne te bly, sterk op die voorgrond getree. Syd Millar, bestuurder van die besoekende Britse Leeus, het juis in sy openingsrede die seuns gevra dat die wenmotief op die agtergrond geskuif moet word en dat hulle dié

---

18 Beeld, 10-14 en 16 Julie 1979; Daily Dispatch, 16 July 1979.

19 Die Volksblad, 16 Julie 1979.

20 SARR argief: SA Hoërskole Rugbyvereniging: Voorsittersverslag 1979/80, p. 1.

geleentheid moet gebruik om die nodige vaardighede vir die toekoms aan te leer.[21]

Ongelukkig het die seuns nie op die woorde van Millar ag geslaan nie en is daar, veral in die middelveld, meer as in die vorige jare geskop.[22] Juis vanweë die groter fisieke eise en die hoër persentasie skoppe is dit logies dat die Transvaalse spanne die botoon sou voer. In die Transvaalse kompetisie om die Administrateursbeker, later bekend as die Direkteurstrofee, word die seuns gebrei deur weekliks in strawwe fisieke wedstryde en hoë druksituasies te speel en word daar veel meer as tydens die Cravenweek geskop. Gevolglik was Suidoos-Transvaal en Oos-Transvaal die enigste spanne wat al hulle wedstryde op die toernooi kon wen. Die toernooi was die begin van Suidoos-Transvaal se glorietydperk in die tagtigerjare. Die Grystruie het in 1980 vir Noord-Natal (37-13), WP (9-8) en NOK (27-7) geklop.[23] Die jong Rooi Duiwels van Oos-Transvaal het op hul beurt Suid-Vrystaat (31-10), OP (12-3) en Boland (21-13) verslaan.[24]

Nóg Suidoos- nóg Oos-Transvaal, het egter die vloeiende hardloopspel opgedis wat 'n plek in die hoofwedstryd regverdig. Die eer het Vrystaat, vir die derde agtereenvolgende jaar en Transvaal te beurt geval. Die Blikore het vroeër in die toernooi met Noord-Transvaal (17-6) en Stellaland (30-21) afgereken.[25] Transvaal het egter op 'n verloornoot begin, deur die onderspit (13-24) teen WP te delf. In dié wedstryd het WP se Piet Loubser (slot) die tweede speler in die geskiedenis van die toernooi geword om van die veld gejaag te word. Die eerste speler was

---

21 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1981, p. 230; Die Burger, 8-11 Julie 1980.

22 Die Volksblad, 8-10 Julie 1980; The Argus, 10 July 1980.

23 Beeld, 8-11 Julie 1980.

24 Oggendblad, 8-11 Julie 1980.

25 Die Volksblad, 8 en 9 Julie 1980.

Transvaal se Kevin de Klerk, wat in 1969 die trekpas gekry het.[26] Na die nederlaag teen WP het die Rooibontes egter die krane teen SWD (23-3) oopgedraai en met skouspelagtige drieë hul plek in die hoofwedstryd bespreek.[27]

Vrystaat het in die hoofwedstryd halftyd met 16-6 voorgeloop, maar daarna het sy stoom opgeraak, die Transvalers het tien punte aangeteken en die louere is met 16-elk gedeel. Op 'n toernooi sonder veel individuele uitblinkers het die Blikore se Jaco Reinach uitgetroon. Die blitsige regtervleuel het in die hoofwedstryd telkens die skare op hul voete gehad met praglopies.[28] Vroeër die toernooi het hy Noord-Transvaal met drie drieë geknak.[29] Die latere kaptein van Vrystaat en Noord-Transvaal se seniorkrieketspan, Joubert Strydom, het as losskakel met weldeurdagte oordeel en akkurate stelskopwerk beïndruk. Voorlangs het die groot slot, Boeta Nel, gesorg dat die agterlyn genoeg balbesit kry om mee te hardloop.[30] Kolle van Genderen (slot) en Wahl Bartmann (flank) was die Rooibontes se sleutel tot voorspelersukses. Bartmann het toe al die dryfspel ten toon gestel wat hom later 'n gevreesde teenstander in seniorrugby sou maak. Danie Herbst (regtervleuel) was agterlangs die voorste driedrukker en gevaarlikste aanvaller.[31]

Die eer vir die beste wedstryd kom egter nie bogenoemde hoofwedstryd toe nie. Die hoofvoorwedstryd tussen Wes-Transvaal en Noord-Vrystaat is allerweë as die beste kragmeting beskou. Albei die spanne was in 1979 onoorwonne en het in 1980 ook hul eerste twee wedstryde gewen. In 'n titaniese stryd wou nie een van die

---

26 Beeld, 8 Julie 1980; The Citizen, 8 July 1980.

27 Die Vaderland, 9 Julie 1980; Natal Mercury, 9 July 1980.

28 Oggendblad, 11 Julie 1980.

29 Beeld, 8 Julie 1980.

30 Die Volksblad, 8-10 Julie 1980.

31 Transvaler, 9-11 Julie 1980; Pretoria News, 11 July 1980.

twee spanne bes gee nie en het die wedstryd met 10-elk gelykop geëindig.[32]

Benewens dié twee wedstryde, het die twaalf ander wedstryde in die finale ronde op die Donderdag weens spelervermoeienis teleurgestel. Die veertien wedstryde het noodwendig 'n rekordaantal van 28 spanne geïmpliseer. Die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalfederasie (SARVF), vanaf 1985 bekend as WP-liga, het sy buiging by die toernooi gemaak. Behalwe bogenoemde span, het uitnodigingspanne van WP en Boland ook deelgeneem. Verder het 'n Argentynse O/19-span (bekend as CUBA) as gas aan die toernooi deelgeneem, maar kon nie die mas opkom nie en het al sy wedstryde verloor. Die SARVF, hoewel aan die verloorkant, het met sy ondernemende spel baie vriende gemaak en gewys dat hy deel van die Cravenweek sou bly.[33]

Die toernooi is in 'n sekere sin 'n afsnit van die samelewing en net soos daar 'n tyd is om te kom, so is daar ook 'n tyd om te gaan. Rhodesië het in 1979 onafhanklikheid as Zimbabwe verkry en die land se regering het alle sportbetrekkinge met Suid-Afrika verbreek. Die gevolg was dat Zimbabwe van 1981 af nie meer aan die toernooi deelgeneem het nie. Die span het van 1964 af in die Rugbyweek gespeel en sestien van sy 45 wedstryde gewen. In die laat sewentigerjare het die span swaar begin leef, maar nogtans sou sy avontuurlike benadering gemis word. Benewens Zimbabwe, sou die uitnodingspanne van Boland en WP, sowel as die Argentynse Cuba-span, nie aan die 1981 Cravenweek deelneem nie. Dit het die aantal spanne in Worcester tot 24 laat daal.[34]

---

32 Beeld, 8-11 Julie 1980.

33 Amptelike program van die Toyota Cravenweek, 1980, pp. 33-43; Die Burger, 8-11 Julie 1980.

34 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1981, p. 230 en 1982, p. 226; The Argus, 13 July 1981.

VRYSTAAT SE BRILJANTE AGTERLYN SORG VIR VREUGDE IN DIE BOLAND

Die agttiende Cravenweek in Worcester in 1981 sou weer, na al die omwentelinge van Stellenbosch, bestendigheid bring. Die toernooi is weer verleng met die finale ronde op die Saterdag. Die skilderagtige Bolandse dorp was bevoorreg om waarskynlik die beste agterlyn in die 30-jarige bestaan van die Cravenweek in aksie te sien. Ses van die sewe agterspelers, almal van Grey-kollege, het die ongeëwenaarde prestasie behaal om vir die SA-skolespan gekies te word. Die spelers was Gerbrand Grobler (heelagter), André Greyling en Helgard Müller (senters), Leon Botha (vleuel), Scheepers Gouws (losskakel) en Coenraad de Beer (skrumskakel). Net die linkervleuel, Willem Burger, het nie die jong Bokkies se span gehaal nie en dit het 'n latere Springbok, Kobus Burger van die WP, gekos om hom uit die span te hou.[35] Van die uitsonderlike agterlyn van Grey-kollege het net die twee vleuels nie later seniorprovinsiale rugby gespeel nie.

Die Vrystaters se voorspelers was egter nie van dieselfde stoffasie nie en gevolglik het die span twee van sy drie wedstryde verloor. Die Blikore het teen Transvaal en Wes-Transvaal vasgeval. Die kragmeting teen Transvaal is as die beste van die toernooi uitgesonder, waar die Rooibontes met 19-18 koning gekraai het.[36] Net soos teen Transvaal, het die Vrystaat noustrop teen die Mielieboere se voorspelers getrek en met 14-16 die onderspit gedelf. Wes-Transvaal se sterk agttal het vier SA-skolespan voorspelers, naamlik Nico van Vuuren (stut), Stephan van Coller (flank), Kierie Barnard (slot) en Andries Engelbrecht (agtsteman) in sy geledere gehad. Die Vrystaatse agterspelers moes dus met "krummels van balbesit tevrede wees."[37] Innoverende spel was gevolglik nodig en sewentien drieë, die meeste van enige

---

35 Die Volksblad, 20 Julie 1981; Die Burger, 20 Julie 1981.

36 Beeld, 17 Julie 1981; Pretoria News, 17 July 1981.

37 Transvaler, 20 Julie 1981.

span, getuig van die oordeelkundige en vindingryke aanwending van hul karige balbesit.[38]

Transvaal is na sy sege oor Vrystaat in die hoofwedstryd teen WP geplaas. In 'n spannende kragmeting het die Rooibontes se losskakel, Henk van Rensburg, in die laaste minuut 'n drie gedruk om sy span met 11-7 te laat wen. Tradisioneel aanvallende skolerugby is egter nie opgedis nie. Die wedstryd het veel eerder die spel van 'n Curriebekereindstryd opgelewer.[39] Die Kapenaars het verras deur Transvaal in die skrums harde bene te laat kou. Hier het die voorry van Wynberg Boys' High, stutte, Lawrence Hirsche en Rob Köhne, en Johnny Joubert (haker) uitgeblink.[40] In die losspel het Transvaal, met Wahl Bartmann aan die spits, die botoon gevoer. Dewald van Breda van die Beeld besing dié speler se lof as volg "... Wahl Bartmann wat deur kenners as die beste skole-flank nog beskou is, het reuse-werk gedoen. Dit is 'n lus om die seun te aanskou."[41] Verder was Robert Walker, in die lynstane, en haker, Johan Rademeyer, torings van krag.[42]

Nog 'n woelige haker, Johan Labuschagne, het sy span Noord-Vrystaat, gehelp om ook al sy wedstryde te wen. Noord-Vrystaat het dus in die laaste drie Cravenweke geen wedstryd verloor nie. Die Hoër Tegniese Skool De Wet Nel op Kroonstad het in elk van die drie jare met ses spelers die ruggraat vir die Cravenweekspan voorsien. Die afrigter Dawie Crowther, het die Goudvelders in die laaste twee jaar in 'n gedugte eenheid saamgesnoer.[43] Jurie Jerling, latere skrumskakel en kaptein van die Perstruie se

---

38 Die Volksblad, 20 Julie 1981; The Daily News, 20 July 1981.

39 Beeld, 20 Julie 1981.

40 Amptelike program van die Toyota Cravenweek, 13-18 Julie 1981, p. 33; Die Burger, 20 Julie 1981.

41 Beeld, 17 Julie 1981.

42 Transvaler, 20 Julie 1981.

43 Amptelike program van die Toyota Cravenweek, 13-18 Julie 1981; Die Volksblad, 20 Julie 1981.

seniorspan en Ian Hattingh, latere flank en stut van Vaaldriehoek en Transvaal se seniorspanne, was die staatmakers in die span.[44] Benewens Noord-Vrystaat, Wes-Transvaal en Transvaal het Griekwas ook onoorwonne gebly.[45]

Wessel Lightfoot, die latere haker van die Vrystaatse seniorspan, was die Diamantvelders se staatmaker. Verder het die span se dodelike verdediging gesorg dat hy slegs twee drieë tydens die toernooi afgestaan het.[46] Griekwas het self ses drieë gedruk, wat gehelp het om die aantal drieë vir die toernooi tot 166 in 36 wedstryde te staan te bring. Dat die losskakels verkies het om hul agterlyne in aanvallende posisies te gebruik, word weerspieël deur die feit dat daar slegs ses suksesvolle skepdoele gedurende die toernooi behaal is.[47] Die Cravenweek in Windhoek die volgende jaar sou op die positiewe noot van Worcester voortbou.

WINDHOEK SIT SY BESTE VOET VOOR

Die hoofstad van die toenmalige Suidwes-Afrika het hom in sy mooiste klere vir 1982 se negentiende Cravenweek getooi. Eerstens kon die spelers nie vir meer ideale weerstoestande gevra het nie. Warm, droë dae met 'n matige wind behalwe vir die tweede dag se sterk bries, het gesorg dat die spelers die bal na hartelus kon rondgooi. Die gevolg was dat 178 drieë, twaalf meer as in 1981, gedruk is. Die avontuurlike spel is deur die grootste skares nóg, by 'n Cravenweek (25 000) aanskou. Die 10 000 belangstellendes by die finale ronde se wedstryde, op Saterdag 17 Julie 1982, is een van die grootste skares om enige sportbyeenkoms nog hier dop te hou. Die spanne in die hoofwedstryd, Suidoos-Transvaal en

---

[44] Beeld, 20 Julie 1981; The Citizen, 20 July 1981.

[45] Die Volksblad, 20 Julie 1981.

[46] Die Burger, 20 Julie 1981.

[47] Die Volksblad, 14, 18 en 20 Julie 1981.

Noord-Vrystaat, het reg laat geskied aan die groot geleentheid.[48]

Die twee spanne het die 'eindstryd' gehaal omdat hulle die meeste drieë gedruk het. Die SAHSRV het voor die Cravenweek weggebreek van sy beleid dat die spanne wat die avontuurlikste rugby speel, in die hoofwedstryd teen mekaar te staan sou kom. Die nuwe, verifieerbare norm bepaal dat die spanne wat die meeste drieë in die eerste twee wedstryde druk vir die hoofwedstryd kwalifiseer.[49] Die stelsel het ook sy nadele, omrede die teenstand verskil en dit makliker is om drieë teen van die swakker spanne te druk as teen van die sterker stedelike bonde. Die nadele het gesorg dat die stelsel in 1983 geskrap is en dat daar na die norm van 1981 en vroeër teruggekeer is. Gelukkig vir die organiseerders het die spanne in die hoofwedstryd in 1982 onder die bestes op die toernooi getel.[50]

Suidoos-Transvaal het in sy eerste wedstryd teen NOK agt drieë ('n rekord vir 1982) in 'n klinkende sege van 42-20 gedruk. In die daaropvolgende stryd teen WP het die Grystruie net twee drieë gedruk in hul 12-9 oorwinning. Hul drieëfees teen NOK was egter voldoende om hulle in die hoofwedstryd te laat speel.[51] Noord-Vrystaat het ook op 'n hoë noot begin deur ses keer agter die doellyn van Verre Noord te gaan kuier. In die volgende wedstryd het die Goudvelders egter noustrop teen die sterk Noord-Transvaal getrek en kon slegs met 13-9 (twee drieë) die oorwinning

---

48 Die Burger, 13-17 en 19 Julie 1982; The Citizen, 19 July 1992.

49 Beeld, 14 Julie 1982.

50 Die Volksblad, 19 Julie 1982.

51 Beeld, 14 en 16 Julie 1982.

smaak.[52] In die hoofwedstryd was Suidoos-Transvaal egter te sterk en het met 25-7 koning gekraai.[53]

Dr. Danie Craven beskou die Grystruie van 1982 as een van die heel beste spanne wat nog op die Cravenweek in aksie was. Die span het die sebravel, geskenk deur die plaaslike organiserende komitee, ontvang as prys vir die beste span tydens die toernooi. Hul dertien drieë was ook die meeste op die Rugbyweek. In dié spogspan was vaskopstut, Jan Lock, die mees gevreesde speler. Die latere Blou Bul se aggressiewe en vernuftige skrumwerk het sy teenstanders ontsenu. Die gevolg was dat sy haker, Leon Nel, agttien vaskoppe tydens die Rugbyweek kon haak. In die lynstane het Hoërskool Ermelo se Altus Burger uitgetroon. Jan Heydenrich en Fanus Engelbrecht is ook nie in die stryd om die losbal geklop nie. Agter so 'n gedugte agttal, kon 'n behendige losskakel soos Andries Els die spel na hartelus dikteer. Die heelagter Gerrie van Rensburg was op die aanval 'n staatmaker.[54]

Van Rensburg se vernuf op die verdediging is egter nie in die hoofwedstryd beproef nie, omdat Noord-Vrystaat net op skamele balbesit staat moes maak. Met 'n gewigsagterstand van 10 kg per man is dit egter te verstane. Selfs agter 'n verlooragttal het die Perstruie se Poon Snyman (losskakel) die potensiaal getoon wat hom later vir Wes-Transvaal se seniorspan sou laat uitdraf.[55] Suidoos-Transvaal het met die sege, die kersie op 'n uiters suksesvolle Rugbyweek vir die Transvaalse bonde geplaas.

Transvaal en Oos-Transvaal was benewens die Grystruie die enigste onoorwonne spanne by die toernooi. Transvaal het in die hoofvoorwedstryd vir Vrystaat met 18-7 geklop. Vroeër in die Rugbyweek het die Rooibontes ook met Griekwas (38-7) en Natal (11-9)

---

52 Transvaler, 14 en 16 Julie 1982.

53 Hoofstad, 19 Julie 1982.

54 Beeld, 19 Julie 1982; Transvaler, 19 Julie 1982.

55 Die Volksblad, 19 Julie 1982.

afgereken.[56] Lourens Oberholzer (losskakel) was die spil waarom Transvaal se sukses gedraai het. Die latere senter van Transvaal en Wes-Transvaal het met blitsige breekslae, flink hanteerwerk en goeie oordeel die beste uit sy agterlyn gehaal. Die gevolg was dat heelagter, Danie du Plessis, en vleuels, Kosie Terblanche en Frikkie Human, onder die beste in hul posisies op die Cravenweek getel het.[57]

Terwyl Oberholzer vanuit die losskakelposisie Transvaal onoorwonne deur die toernooi gelei het, het Loekie Grobler se heelagterspel 'n leeue-aandeel in Oos-Transvaal se sukses gehad. Grobler se avontuurlike benadering het sy agterlyn begeester, met die gevolg dat Suid-Vrystaat (32-4), Boland (13-4) en die tuisspan SWA (24-13) nie die mas teen Oos-Transvaal kon opkom nie.[58] Die SA Rugbyskrywersjaarboek meld verkeerdelik dat Boland met 14-13 teen die Oos-Transvaal geseëvier het.[59] Dit was die vyfde keer (1965, 1968, 1970, 1980 en 1982) dat die Rooi Duiwels nie 'n wedstryd op die Cravenweek verloor nie.[60]

Met Suidoos-Transvaal, Transvaal en Oos-Transvaal aan die spits, het dié provinsie se spanne op die laaste dag vir 'n sonderlinge prestasie gesorg deur sewe van hul agt wedstryde te wen. Slegs Stellaland het teen Griekwas (4-34) die onderspit gedelf.[61] Benewens die drie onoorwonne spanne was Noord-Transvaal waarskynlik die sterkste. Die Ligbloues het 'n bulagttal in die veld gestoot. Wilhelm Joubert (loskopstut), Koos van Dyk (haker), Wickus van Heerden (slot), Jan Wolmarans (flank) en Coenie

---

56 Beeld, 14, 16 en 19 Julie 1982.

57 Die Vaderland, 14, 16 en 19 Julie 1982; The Citizen, 19 July 1982.

58 Beeld, 13, 15 en 19 Julie 1982.

59 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1983, p. 134; Beeld, 15 Julie 1982: Die Volksblad, 13 Julie 1982.

60 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1990, p. 228.

61 Beeld, 19 Julie 1982.

Willemse (agtsteman) het almal later hul merk op seniorvlak gemaak.[62] Die oorheersing van die Transvaalse bonde, kon egter nie deur die trotse Vrystaters geduld word nie en in 1983 sou die bordjies verhang word.

## VRYSTAAT EN SUIDOOS-TRANSVAAL SE SPOGSTRYD OP UPINGTON IN 1983

Vrystaat moes met 'n besondere poging in 1983 op Upington vorendag kom om Suidoos-Transvaal daarvan te weerhou om twee jaar agtereenvolgens as die nie-amptelike kampioenspan gekroon te word. Die twee spanne het reeds vroeg op die toernooi gewys dat hulle kop en skouers bo die ander spanne uittroon. Vrystaat het klinkende seges oor Verre Noord (36-8) en Wes-Transvaal (32-0) behaal.[63] Fanus Engelbrecht se Grystruie, het op hul beurt Natal (34-9) en SWD (32-6) in die stof laat byt.[64] Die tafel was dus gedek vir 'n 'eindstryd' soos wat nog selde deur die Noordweste gesien is.

Die Blikore het in 'n opwindende kragmeting in die doodsnikke met 12-9 koning gekraai. Die rede vir die Vrystaters se sege was dat hulle soos gewoonlik oor 'n vaardige agterlyn beskik het en in 1983 is dit aangevul met 'n agttal wat sy man teen die bestes kon staan. Die senterpaar Jan Coetzee (wat die wendrie gedruk het) en die kwiksilwer Eben Scheepers het nie hul gelyke op die Rugbyweek gehad nie. Francois Jordaan (losskakel) het benewens sy aanvallende hoedanighede ook oor 'n betroubare skopskoen beskik. Voorlangs het Gert Marais (loskopstut), Kalf Giezing (slot) en kaptein en agtsteman, Fritz Fenwick, uitgeblink.[65] Met dertien spelers van Grey-kollege in sy midde, kon afrigter P. du

---

62 Amptelike program van die Adidas-Cravenweek, 12-17 Julie 1982, p. 49; Hoofstad, 19 Julie 1982.

63 Die Volksblad, 12 en 14 Julie 1983.

64 Transvaler, 13 en 15 Julie 1983; Pretoria News, 13 and 15 July 1983.

65 Beeld, 12, 14 en 18 Julie 1983; Die Volksblad, 18 Julie 1983.

Preez, op die reeds gevestigde en beproefde spelpatroon van dié skool staatmaak.[66]

Die afrigter van Suidoos-Transvaal was egter nie so bevoorreg nie. R. Pieterse moes spelers van elf skole in 'n hegte eenheid saamsnoer. Hoërskool Rob Ferreira van Witrivier en Hoërskool Middelburg (drie spelers elk) het die beste verteenwoordiging van die elf skole gehad.[67] Gelukkig vir die Grystruie het hulle net soos in 1982 oor sulke uitsonderlike talent beskik dat die gebrek aan 'n enkele sterk voedingsbron oorbrug is. Pieter Nel (latere Noord-Transvaalse senter) en Ronnie Visagie (wat later vir Laeveld en Suidoos-Transvaal se seniorspan uitgedraf het) het die beste vleuelpaar op die toernooi gevorm. Albei die spelers se kraglopies is moeilik gestuit. Nel het krag met goeie voetwerk aangevul, terwyl Visagie weer krag en spoed gekombineer het. Verder het die Grystruie ook oor staatmakers van die vorige jaar soos Andries Els (losskakel), Altus Burger (slot) en Fanus Engelbrecht (flank) beskik.[68]

Die plattelandse spanne het in 1983 op die sukses van Suidoos-Transvaal voortgebou. Noord-Natal het vir die eerste keer in sy bestaan die toernooi onoorwonne afgesluit.[69] Die beweeglike flanke, Dennis Laats en Henkie Booysen, was die span se trots.[70] Verder het NWK sy tuisskare nie teleurgestel nie en het twee van sy drie kragmetings gewen. Die Transvaalse Vyftiental (15-18) en SWA (6-13) het die onderspit teen die Namakwalanders gedelf, terwyl OP kwaai moes spook voordat hy NWK met 21-12 geklop

---

66 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Upington, 1983, p. 37.

67 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1984, p. 210.

68 Beeld, 12, 14 en 18 Julie 1983.

69 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1990, p. 228.

70 Natal Mercury, 18 July 1983.

het.[71] Hoërskool Upington het met nege spelers 'n stewige kern aan NWK verleen.[72] Net so het ses spelers van die Hoër Landbouskool Winterberg op Fort Beaufort vir NOK gehelp om die grootste verrassing van die toernooi te lewer deur Noord-Transvaal met 12-6 te verslaan.[73]

Nog 'n span wat meestal uit plattelanders bestaan het, die SARVF, het sy eerste sege in sy driejarige bestaan behaal deur die Transvaalse Vyftiental in die finale wedstryde met 10-7 te klop.[74] Die Kleurlingspan se bereidwilligheid om die bal te dra, het die skare se harte warm vir hulle laat klop. Die agtsteman en kaptein, Randall Williams, was die siel van sy span.[75] Hy is die seun van die latere minister van Sport en Ontspanning, Abe Williams. Verder het die vleuel, Jafta Storm, agterlangs beïndruk.[76] Aan die debietkant was daar spanne wat nie aan die verwagting voldoen het nie.

Noord-Transvaal kon eers in sy laaste wedstryd teen Griekwas (12-11) sy eerste sege behaal. Sy spel was gekenmerk deur 'n gebrek aan planmatigheid.[77] WP het hom ook in 'n groot mate hieraan skuldig gemaak. Sy voorspelers, met Guy Kebble (latere stut van die Springbokke, WP en Natal), Balie Swart (latere stut van die Springbokke, WP en Transvaal), Peter Kuttel (flank) en agtsteman, Jaco van der Merwe, in sy geledere het onder die sterkstes op die toernooi getel. Die afrigter, Louis Terblanche, latere president van die SAHSRV, kon egter nie daarin slaag om die Kapenaars se

---

71 Die Burger, 12, 14 en 18 Julie 1983.

72 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1984, p. 45.

73 Amptelike program van die Danie Cravenweek, Upington, 1983, p. 39; Beeld, 12 Julie 1983.

74 Die Burger, 18 Julie 1983.

75 Beeld, 18 Julie 1983; Cape Time, 18 July 1983.

76 The Argus, 18 July 1983.

77 Transvaler, 18 Julie 1983.

agterlyn in 'n vloeiende eenheid saam te snoer nie. Bewegings is halfpas uitgevoer en vele ongedwonge foute het hul spel gekenmerk.[78] Transvaal was naas Vrystaat die afgerondste stedelike span en het slegs teen Grens (17-18) naelskraap verloor.[79] In 1984 sou Transvaal in Bloemfontein op die vertoning voortbou en vir die derde keer in vier jaar die toernooi onoorwonne afsluit.[80]

## DIE ROOIBONTES IS IN 1984 BOBAAS IN BLOEMFONTEIN

Die 1984-Cravenweek in Bloemfontein, was net soos die toernooi twee jaar vantevore in Windhoek, 'n triomf vir die Transvaalse spanne. Die Rooibontes het die aanslag van die spanne ten noorde van die Vaalrivier gelei deur as die nie-amptelike kampioen gekroon te word.[81] Suidoos-Transvaal het sy aanspraak as een van die voorste skolespanne in die land behou deur vir die tweede keer in drie jaar die toernooi onoorwonne af te sluit. Bogenoemde twee spanne was die enigste Vyftientalle wat nie 'n kragmeting verloor het nie.[82] Wes-Transvaal, Noord-Transvaal, die Transvaalse Vyftiental en die nuweling, Vaaldriehoek, het elk net een wedstryd verloor.[83]

Die Cravenweek wentel egter nie net om wen of verloor nie, maar eerstens om aanskoulike spel wat skolerugby se naam kan uitbou. Hier het die Transvaalse spanne met Transvaal, Wes-Transvaal, Vaaldriehoek en die Transvaalse Vyftiental aan die voorpunt, ook

---

78 Beeld, 13, 15 en 18 Julie 1983; Amptelike program van die Danie Cravenweek, Upington, 1983, p. 31.

79 Transvaler, 13, 15 en 18 Julie 1983.

80 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1990, p. 228.

81 Transvaler, 23 Julie 1984.

82 Hoofstad, 23 Julie 1984.

83 Transvaler, 23 Julie 1984.

uitgeblink.[84] Uit bogenoemde kan dus afgelei word dat Vaaldriehoek vanuit die staanspoor sy stem dik gemaak het. Die bond, wat in 1984 van Transvaal afgestig het, se vernaamste voedingsbronne is Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg en Meyerton.[85] Die nuweling kon sy Cravenweekspan in 1984 uit 2 400 spelers kies, wat hom die twaalfde grootste van die 23 bonde maak. Die afstigting het Transvaal, wat met sy 14 340 spelers nog steeds loshande die meeste deelnemers gehad het, nie nadelig geraak nie, soos wat uit sy knap vertonings in 1984 blyk.[86]

Jacques Nieuwenhuys se Rooibontes moes egter strawwe teenstand oorkom voordat hulle koning kon kraai. Die eerste kragmeting teen NOK (26-7) was net 'n losmaker voordat die groot kanon, Vrystaat, aangedurf is.[87] In 'n titaniese stryd kon Transvaal eers die oorwinning (10-9) in die laaste minuut verseker, toe Carel Mynhard met 'n strafdoel geslaag het. Charles Muller (flank) het vir Transvaal die enigste drie in die wedstryd gedruk. Vir die Blikore het Francois Jordaan, net soos in 1983, dodelik pale toe gemik en met drie strafdoele geslaag.[88]

Die Transvalers het die sege verdien omdat sy agterlyn gevaarliker vertoon het. Voorlangs het sake gelykop verloop. In die skrums het die Rooibontes met Gielie Swiegers (106 kg) en Jan Botha die botoon gevoer, terwyl die Blikore danksy slotte, Hendrik Rheeder en Johan Daffue, in die lynstane die hef in die hand gehad het.[89] Volgens die SA Rugbyskrywersjaarboek en die pers was dié twee spanne die bestes op die toernooi en moes hulle

---

[84] Beeld, 23 Julie 1984.

[85] Amptelike program van die Coca-Cola Cravenweek, 21 Jaar, Bloemfontein, 16-21 Julie 1984, p. 44.

[86] SARR argief: Oorsig van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se werksaamhede in 1986, 14 Maart 1986, p. 90.

[87] Transvaler, 18 Julie 1984.

[88] Die Volksblad, 23 Julie 1984; The Citizen, 23 July 1984.

[89] Beeld, 23 Julie 1984.

eerder in die hoofwedstryd kragte gemeet het.[90] Die SAHSRV het egter besluit dat OP vir die Transvalers in die hoofwedstryd deeglik sou beproef.

Die SAHSRV kon homself op die skouer klop, want die twee spanne het goed teen mekaar opgeweeg. Ongelukkig was die hoofwedstryd, wat weer regstreeks op die televisie gebeeldsend was, nie 'n goeie advertensie vir skolerugby nie. 'n Ysige en sterk wind het hardlooprugby bemoeilik en gevolglik is die skopstewel gereeld ingelê.[91] Die spelers van die Baai het verras deur voorlangs in die lynstane en in die losspel te oorheers. In die lynstane het Elandré van den Berg, latere flank van OP se seniorspan, uitgetroon, terwyl Michael Carswell (agtsteman) en Samuel Meyer (flank) in die losspel vir OP uitgeblink het.[92] Adriaan Richter, latere Springbokagtsteman, het 'n alleenstryd vir Transvaal in die losspel gevoer. Die gevaarlikste agterspelers was Transvaal se Jacques Nieuwenhuys (senter) en Carel Mynhard (heelagter). Mynhard het juis ook Transvaal se wenpunte (3-0) aangeteken toe hy die enigste strafdoel pale toe in punte omskep het.[93]

In die hoofvoorwedstryd het 'n skop, net soos in die hoofwedstryd, die verskil tussen wen en verloor beteken. Vrystaat en Boland het elk twee drieë, 'n doelskop en 'n strafdoel behaal. Francois Jordaan se skepdoel het die Blikore egter met 16-13 laat wen.[94] In die kragmeting het die Vrystaters voorlangs harde bene gekou teen Boland se swaar agttal. Die vindingrykheid van die tuisspan se agterlyn het egter die wa deur die drif getrek. Stompie Fourie (latere skrumskakel en kaptein van Vrystaat se

---

90 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1985, p. 240; Beeld, 23 Julie 1984.

91 Die Volksblad, 23 Julie 1984.

92 Die Oosterlig, 23 Julie 1984.

93 Beeld, 23 Julie 1984.

94 Die Volksblad, 23 Julie 1984.

seniorspan) was die generaal wat rigting aan die Vrystaat se agterlyn gegee het.[95]

Fourie se skakelmaat in die SA-skolespan, Joel Stransky, was die groot staatmaker in Natal (21-18) se sege oor WP, in die eerste van die drie hoofwedstryde. Stransky het sewentien punte teen die Kapenaars aangeteken, wat die meeste punte in 'n enkele wedstryd op die toernooi was. Die latere Springboklosskakel se 33 punte tydens die Rugbyweek, was ook 'n rekord. Stransky se skopskoen, vaart en systappe op die aanval, sowel as sy vermoë om die spel te kan dikteer, het hom die grootste individuele uitblinker op die toernooi gemaak.[96] Steve Atherton, latere Springbokslot, het as flank ook sy stem vir die Piesangboere dik gemaak.[97]

Terwyl Stransky die voorste puntemaker was, het Suidoos-Transvaal se Ronnie Visagie die meeste drieë gedruk. Visagie, in sy derde Cravenweek, was Suidoos se skerpste angel op die aanval. Die speler van Hoërskool Rob Ferreira op Witrivier het in 1983 en 1984 as vleuel vir die SA-skolespan uitgedraf, maar het in 1984 se toernooi vir die Grystruie as senter gespeel.[98] Onder die voorspelers het die vurige flank, Jaco Espag, ook vir Suidoos gehelp om die toernooi onoorwonne af te sluit.[99]

Die 21ste Cravenweek in Bloemfontein het gewys dat die toernooi sy mondigwording met waardigheid kon vier. Hoewel daar nie uitstaande spanne soos in die verlede was nie, het die algemene hoë gehalte spel van al die spanne gewys dat skolerugby deur die land gesond is. Jan Preuyt het in sy voorsittersverslag van die

---

95 Die Burger, 23 Julie 1984.

96 Beeld, 23 Julie 1984.

97 Natal Mercury, 23 July 1984.

98 Amptelike program van die Coca-Cola Cravenweek, 21 Jaar, Bloemfontein, 16-21 Julie 1984, p. 43; Transvaler, 23 Julie 1984.

99 Beeld, 23 Julie 1984.

SAHSRV, die spelers geloof vir "enthusiasm, the keenness in which the matches are being played, the constructive fifteen man rugby, where the ball does the work and tries are being scored."[100] In 1985 sou die bal nog meer lug gegee word en sou op die 157 drieë van 1984 verbeter word.[101]

## NOMMER TIEN BAAS BY NOMMER 22

Die oorvloed puik agterspelers was die oorheersende kenmerk van 1985 se Cravenweek op Witbank. Met vaardigheid, waagmoed en volop spoed het die spelers droomrugby vir die toeskouers opgedis. Die SA Rugbyskrywersjaarboek meld dat daar veral 'n ryke oes aan losskakels tydens die toernooi was en dat Suid-Afrikaanse rugby in die toekoms daarby kon baat. Dié woorde is bewaarheid want agt van die losskakels het later op seniorprovinsiale vlak hul talente ten toon gestel. Dié losskakels was Hennie le Roux (kaptein van die OP), Pieter de Haas (Vrystaat), Vlokkie Cilliers (NWK), James Beckford (Grens), Joel Stransky (Natal), Fransie du Preez (Transvaal), Quinton Daniels (SARVF) en Theo van Rensburg (kaptein van Wes-Transvaal).[102] Onder die uitsoekgroep wat drie latere Springbokke, Stransky, Le Roux en Van Rensburg, insluit, was Fransie du Preez van Hoërskool E.G. Jansen op Boksburg, die grootste uitblinker.[103]

Du Preez het die Rooibontes gehelp om die 'eindstryd' van die toernooi te haal. Op 'n snerpend koue eerste dag, voor die groot skare van 6 000 toeskouers, het Du Preez met vlymskerp breekslae en oordeelkundige taktiese skopwerk sy span gehelp om Boland met

---

100 SARR argief: SA Hoërskole Rugbyvereniging: Voorsitters-verslag 1983/84, p. 1.

101 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1985, pp. 241 en 242; Beeld, 23 Julie 1984.

102 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1986, p. 241.

103 Transvaler, 8 Julie 1985.

19-0 te klop.[104] In die daaropvolgende wedstryd moes ook die Natallers (7-19) die knie voor die Rooibontes buig. Reeds na afloop van die wedstryd was dit duidelik dat die Piesangboere se Joel Stransky sy plek in die SA-skolespan aan Du Preez sou moes afstaan.[105] Hoewel Vrystaat in sy eerste twee wedstryde nie so skouspelagtig soos Transvaal vertoon het nie, het die Blikore met seges oor Vaaldriehoek (35-22) en Noord-Transvaal (14-9) van 'n plek in die hoofwedstryd seker gemaak.[106]

Vrystaat het op dié welslae voortborduur, deur teen die verwagting in, in die hoofwedstryd met die Rooibontes (23-15) af te reken. Die hoofwedstryd was een van die skouspelagtigstes nóg en die waarde van teenaanvalle is in die kragmeting onderstreep. Beide spanne het drieë van hul eie doellyn af gaan druk nadat die ander span aangeval het.[107] Vir die wenspan het sy senterpaar, Buks Steenkamp en Leon Marnewick, met ondernemende spel beïndruk. Pieter de Haas het met sy handspoed, systap vanaf beide voete en vaart ook sy teenstanders oorhoops gehad. Die aanvallende heelagter, Henk Prinsloo, het ook slaankrag aan die agterlyn verleen.[108] Chett Maherry (slot), Frans Cronje (haker) en John du Preez (agtsteman) het gesorg dat die Blikore die stryd om balbesit in onderskeidelik die lynstane, skrums en losskrums wen.[109]

Die Rooibontes se agterlyn het met die karige balbesit tot hul beskikking, nie dieselfde aanvalsgeleenthede as die Blikore s'n gehad nie. Nogtans het die Transvalers elke geleentheid gebruik om hul blitsige agterlyn in werking te stel. Benewens Fransie du

---

104 Beeld, 2 Julie 1985.

105 Transvaler, 4 Julie 1985.

106 Die Volksblad, 3 en 5 Julie 1985.

107 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1986, p. 241.

108 Die Volksblad, 9 Julie 1985.

109 Die Burger, 8 Julie 1985.

Preez het Johan Fourie (senter) ook volop geleenthede vir sy vleuels geskep.[110] Warren McCann, latere Springboknaelloper en Transvaalse Curriebekervleuel, het dié geleenthede na hartelus gebruik en met sy blitsige lopies twee drieë in die hoofwedstryd gedruk. Hoewel McCann in die SA-skolespan as linkervleuel ingesluit is, het die eer as die beste vleuel op die Cravenweek eerder WP se André Hickson te beurt geval.[111]

Hickson was nie net die beste vleuel op die toernooi nie, maar die SA Rugbyskrywersjaarboek sonder hom ook as die fonds van die Cravenweek uit. Sy kragtige lopies, systappe en naellopervaart het 'n blink toekoms voorspel. Hoewel Hickson in enkele wedstryde vir die WP se seniorspan uitgedraf het, kon hy nooit die hoë verwagtinge wat van hom gekoester is, vervul nie.[112] Hickson was die eerste leerling van Hoërskool Bosmansdam op Bothasig, wat die WP-skoletrui oor die kop getrek het.[113] Reeds in die eerste wedstryd teen Suidoos-Transvaal het die blitsige vleuel agter die doellyn gaan kuier en sy span gehelp om met 22-6 te wen.[114] Hickson het in die volgende wedstryd teen Grens, 'n solodrie vanuit sy eie halfgebied gedruk om sy span te help om met 7-0 te seëvier.[115]

Dié twee seges het die SAHSRV genoop om die Kapenaars in die hoofvoorwedstryd teen die opwindende span van Natal te laat speel. Die WP-spelers se harte het vroeg reeds in hul moue geklop toe Hickson beseer is. Die Kapenaars se agttal het die stang egter deeglik vasgebyt en die grondslag vir 'n naelskraapse sege

---

110 Beeld, 8 Julie 1985; The Citizen, 8 July 1985.

111 Transvaler, 8 Julie 1985.

112 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1986, p. 241.

113 Amptelike program van die 22ste Cravenweek, Witbank, 30 Junie tot 6 Julie 1985, p. 34.

114 Natal Mercury, 2 July 1985.

115 Die Burger, 4 Julie 1985.

(14-13) gelê. Jaco Kirsten (vaskopstut), Johan Engelbrecht (slot) en David Axten (agtsteman) was voorlangs die uitblinkers.[116] Hoewel die Piesangboere se agterlyn onder druk was met swak balbesit was hulle deurentyd gevaarlik. Dennis Baronet het saam met Deon van Rooyen die beste senterpaar op die Rugbyweek gevorm, terwyl Shaun Glover (skrumskakel) ook nie sy gelyke gehad het nie. Joel Stransky het andermaal beïndruk.[117]

Benewens Vrystaat en WP het ook NOK (een wedstryd gelykop), Griekwas en Laeveld die toernooi onoorwonne afgesluit. Laasgenoemde span het saam met Suid-Vrystaat vir die eerste keer aan die toernooi deelgeneem om die aantal spanne op 26 te staan te bring.[118] Laeveld kan besonder trots voel op die drie seges teen Suid-Vrystaat (14-3), NWK (21-19) en die Transvaalse Vyftiental (12-10), want die bond bestaan slegs uit sewe skole.[119] Hoërskool Nelspruit en Hoërskool Rob Ferreira van Witrivier vorm die ruggraat van die bond. Ander plattelandse bonde het ook voortreflik vertoon.

Noord-Natal het aanskoulike rugby opgedis en twee van sy spelers, J.J. van der Walt en Gerhard Combrinck, het later vir Noord-Transvaal uitgedraf. Net so het NWK ook twee spelers opgelewer wat later vir WP en Noord-Transvaal sou uitdraf. Vlokkie Cilliers sou vir die Kapenaars losskakel speel terwyl Riaan van Niekerk vir die Blou Bulle in die voorry sou sak. Wes-Transvaal het drie latere provinsiale voorspelers, Papie Smit, Coenie Campfer en Bertus Pool opgelewer, terwyl Suidoos-Transvaal vir Francois Pienaar, latere Springbokkaptein, groot gemaak het.[120] Hoewel

---

116 Beeld, 8 Julie 1985; The Argus, 8 July 1985.

117 Natal Mercury, 8 July 1985.

118 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1986, pp. 241-242.

119 Beeld, 8 Julie 1985.

120 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1986, pp. 242-253.

die plattelandse bonde dus nie gereeld in die hoofwedstryde van die Cravenweek opgedraf het nie, kan hul aandeel as voedingsbron van SA-rugby nie onderskat word nie.

Die 1985-Cravenweek het ook sy teleurstellings gehad. Die grootste hiervan was die powere vertoning van Noord-Transvaal. Die Ligbloues het voor die Cravenweek skoonskip gemaak deur al sy vriendskaplike wedstryde te wen, wat onder andere 'n sege oor Transvaal (26-7) ingesluit het. Tydens die toernooi kon Noord-Transvaal egter nie 'n enkele wedstryd wen nie. Die rede hiervoor was dat hulle veiligheid eerste gestel het en dus tradisionele Noord-Transvaalse skoprugby wou speel. Die spreekwoord lui dat wie nie waag nie, wen nie en so het die Ligbloues duur betaal vir hul gebrek aan waagmoed.[121] Waagmoed impliseer hoë risikorugby en daarvoor is vaardige en vindingryke agterspelers nodig. In die volgende Cravenweek by Graaff-Reinet, het die agterspelers nie oor dieselfde vaardigheid as in 1985 beskik nie en het die klem meer op die voorspelers geval.

SUIDOOS-TRANSVAAL IS DIE GROOT KANON IN DIE KAROO

Die fynproewer van voorspelerspel het by die 23ste Cravenweek in 1986 op Graaff-Reinet 'n feesmaal geniet. Sowat van bulagttalle het selde by een Cravenweek saamgetrek. Van al die voorspelers was Suidoos-Transvaal se agttal die beste. Die Grystruie het voorlangs die grondslag gelê vir hul seges teen Boland (28-6) en OP (19-0) om sodoende te sorg dat hulle in die hoofwedstryd van die toernooi teen die WP te staan kom.[122] Die Kapenaars het self oor groot en sterk spelers voorlangs beskik wat gesorg het dat hulle vir NOK (15-6) en Noord-Vrystaat (21-7) stof in die oë geskop het.[123]

---

121 Beeld, 2, 4, en 8 Julie 1985; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1986, p. 241.

122 Beeld, 9 en 11 Julie 1986; Cape Times, 11 July 1986.

123 Die Burger, 8 en 10 Julie 1986.

Suidoos-Transvaal het in die hoofwedstryd die stryd voorlangs gewen en gesorg dat hy met 19-12 seëvier. Francois Rossouw het vir die wenspan uitgetroon. Dié flank en kaptein was die beste losvoorspeler tydens die toernooi. Hy is goed bygestaan deur Derek Botha (agtsteman). Jumbo Willemse en Lucas Swart (wat beide later seniorprovinsiale rugby sou speel) het as slotpaar nie hul gelyke gehad nie.[124] Agter die spogagttal het Pieter Boshoff soos 'n generaal die spel dikteer. Die losskakel van Hoërskool Belfast se taktiese skopwerk en aansluiting by sy losvoorspelers het die beste uit sy agttal gehaal.[125]

Die Kapenaars het self in Frankel Engelbrecht (flank en kaptein), Ernst van Niekerk (agtsteman) en Johan Engelbrecht (slot) staatmakers voorlangs in sy geledere gehad. Net soos Suidoos het WP ook oor 'n afgeronde losskakel in Adrian Plantema beskik.[126] Die leerling van Bishops se geleerde skopskoen het sy span 22 punte tydens die toernooi in die sak gebring.[127] Die ander Transvaalse spanne het op Suidoos se wennoot voortgebou en twee van die ander drie onoorwonne spanne (Oos-Transvaal en Transvaalse Vyftiental) was ook uit die Transvaalse bonde afkomstig.[128] Oos-Transvaal het net soos Suidoos en WP met 'n sterk agttal en 'n knap skoppende losskakel, Frikkie Colyn, gespog.[129] Transvaalse Vyftiental het 'n meer gebalanseerde span gehad en het benewens puik voorspelers soos Gerhard Schoeman

---

124 Beeld, 14 Julie 1986.

125 Amptelike program van die Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, Graaff-Reinet, 7-12 Julie 1986, p. 48; Transvaler, 14 Julie 1986.

126 Die Burger, 14 Julie 1986.

127 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1987, pp. 255-256 en 263.

128 SARR argief: SA Hoërskole Rugbyvereniging: Voorsittersverslag 1986/87, pp. 5-6.

129 Beeld, 14 Julie 1986.

(flank) ook knap agterspelers in die vleuels, Sean Ablas en Lindsay Wheeler, in sy span ingesluit.[130]

Die vuurwerke agterlangs is oudergewoonte deur Vrystaters gelewer. Die verrassing was egter dat dit nie Vrystaat was nie, maar Oos-Vrystaat, wat oor die giftigste agterlyn beskik het. Die Riemlanders was die enigste span, benewens die Transvaalse bonde wat onoorwonne gebly het. Oos-Vrystaat het met blitse soos Jan de Jager en Diedie Coetzee (vleuels), Vickus Kemp (senter) en Kobus Pitzer (losskakel) oor die vinnigste agterlyn op die toernooi beskik.[131] In die eerste wedstryd het die Riemlanders vir Boland-Federasie (saam met SARVF-Platteland die nuwelinge in 1986) oortuigend (23-4) geklop, voordat die sterker spanne van Wes-Transvaal (15-9) en Verre Noord (16-7) ook verslaan is.[132]

Vrystaat is egter nie heeltemal in die skadu gestel nie. Die Blikore het 'n verrassende nederlaag in die eerste wedstryd teen OP (9-21) gely. Die gevaarlike agterlyn van die Vrystaat is deur hegte verdediging aan bande gelê. In die laaste twee wedstryde het Vrystaat egter die teleurstelling van dié nederlaag afgeskud deur vir Noord-Transvaal (38-17) en in die hoofvoorwedstryd vir NOK (23-12) te klop.[133] Grey-kollege het weer drie talentvolle agterspelers, Jaco Swanepoel (vleuel), Buks Steenkamp (senter) en Pieter de Haas (losskakel), vir die SA-skolespan voorsien. Andries Truscott (later Springbokhaker) en Chett Maherry (slot) was voorlangs die uitblinkers.[134]

---

130 Transvaler, 9, 11 en 14 Julie 1986.

131 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1987, pp. 255 en 262.

132 Beeld, 8, 10 en 14 Julie 1986.

133 SARR argief: SA Hoërskole Rugbyvereniging: Voorsittersverslag 1986/87, p. 6; Die Volksblad, 9, 11 en 14 Julie 1986.

134 Beeld, 14 Julie 1986.

Vir die tuisspan, NOK, was dit 'n besondere prestasie om vanweë sy min spelers in die hoofvoorwedstryd te speel. Die latere senter van die Noord-Transvaalse en OP se seniorspan, F.A. Meiring, was as vleuel sy span se grootste troefkaart.[135] Nog twee plattelandse spanne wat presteer het, was Stellaland en NWK. Die Stellalanders het hul eerste wedstryd teen NWK (3-25) verloor, maar het daarna die twee grootste seges op die toernooi teen die swakkerige spanne van SARVF-Platteland (42-3) en Laeveld (40-0) behaal.[136] In die proses het Riaan Viljoen die Cravenweekrekord van vier drieë in 'n wedstryd teen SARVF-Platteland geëwenaar. Die senter van Hoërskool Lichtenburg het ook die meeste punte (32) en drieë (vyf) op die toernooi behaal.[137]

NWK se Vlokkie Cilliers het nie agterweë gebly nie en het met 30 punte in drie wedstryde sy span gehelp om twee van sy drie kragmetings te wen. Slegs in die wedstryd teen die Transvaalse Vyftiental (14-19) moes die Namakwalanders die knie buig.[138] Hoewel die 1986-Cravenweek dus nie dieselfde skouspelagtige rugby as in 1985 opgelewer het nie, het die skolefees nogtans gesorg dat Graaff-Reinet sy 200ste verjaarsdag luisterryk kon vier. Om die belangrikheid van die Cravenweek in die Suid-Afrikaanse rugby-opset en samelewing in die breë te beklemtoon, het die stadsvaders van Paarl gevra dat die toernooi die volgende jaar deel moet uitmaak van dié skilderagtige dorp se 300ste verjaarsdagvieringe.

## PAARL SE WINGERD LEWER 183 DRIEË OP

Die skoolseuns het 'n skouspelagtige bydrae tot die feesvieringe gelewer. Alle skoppe het tydens die toernooi twee punte getel met

---

135 Die Oosterlig, 14 Julie 1986.

136 Transvaler, 9, 11 en 14 Julie 1986.

137 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1987, p. 256.

138 Beeld, 14 Julie 1986; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1987, pp. 255-256.

die doel om hardlooprugby aan te moedig en gevolglik is 183 drieë in die 42 wedstryde gedruk. In 1988 het die SAHSRV die besluit herroep en het straf- en skepdoele weer drie punte getel.[139] Die kersie op die koek van die toernooi is deur die aanskoulike hoofwedstryd tussen Transvaal en Natal (22-elk) geplaas. Beide die spanne het vroeër in die toernooi slae gekry, maar die SAHSRV het wyslik besluit dat dié twee spanne vir die opwindendste hoofwedstryd sou sorg. Nadat Transvaal in die eerste wedstryd teen WP gewen (12-8) het, het die OP in die daaropvolgende kragmeting vir die Rooibontes met 14-12 verslaan.[140] Die Piesangboere, daarenteen, het in hul eerste wedstryd teen Oos-Transvaal die wind van voor (16-18) gekry en het daarna reggeruk om Wes-Transvaal (24-0) te klop.[141]

James Small het die vonk verskaf om die 'eindstryd' in helder kleure te laat ontplof. Die heelagter van Transvaal het met verskeie bewegings van sy eie doellyn af begin en het twee van sy span se vier drieë gedruk. Dié latere Springbokvleuel was die uitstaande speler op die toernooi. Sy vaart (10, 5 sek. oor die 100m), krag, balvaardigheid en oordeel was buitengewoon vir enige skoolseun.[142] Benewens Small het die latere Springbok, Brendon Venter, in die middelveld uitgeblink. Die kwiksilwer senter het telkens die teenstanders met systappe en vaart uitoorlê. Marius Loubser (losskakel) het nog 'n belangrike skakel in die Rooibontes se uitsonderlike agterlyn uitgemaak.[143] Voorlangs het Donovan Smart (flank) uitgeblink.[144]

---

139 Beeld, 20 Julie 1987; The Citizen, 20 July 1987; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1988, pp. 261-262.

140 Transvaler, 14 en 16 Julie 1987.

141 Natal Mercury, 15 and 17 July 1987; The Daily News, 17 July 1987.

142 Beeld, 20 Julie 1987.

143 Die Volksblad, 20 Julie 1987.

144 Transvaler, 20 Julie 1987.

Natal het in die hoofwedstryd besondere karakter getoon. Rustyd was die Piesangboere met 6-18 agter, maar Brendon Cattrell het met besielende kapteinskap sy spelers gemotiveer om die agterstand uit te wis.[145] Dié span het self oor 'n windmaker agterlyn beskik met Leon van Rooyen (vleuel), Errol Steward (senter), Udu Goedeke (losskakel) en Alisdair Hawley (skrumskakel) as die uitstaande spelers.[146] Steward sou later vir die Springbokkrieketspan speel en het ook vir Natal in Curriebekerrugby verteenwoordig. Dié twee spanne het in die hoofwedstryd vir 'n uitstekende advertensie vir skolerugby gesorg wat die toeskouers sowel as televisie-kykers daarvan oortuig het dat die toekoms van Suid-Afrikaanse rugby in veilige hande is.[147]

Net so het die hoofvoorwedstryd tussen OP en Oos-Transvaal ook aan die hoë verwagtinge voldoen. Die Rooi Duiwels was die leeutemmers van die toernooi met die reeds vermelde sege oor Natal en 'n gelykopuitslag (8-elk) teen die Vrystaat.[148] In die spelers van Delagoabaai het die Oos-Transvalers egter hul moses teëgekom. OP het met 20-12 geseëvier om sy aanspraak as een van die sterkste spanne op die toernooi te bevestig.[149] David Walters (senter) se akkurate skopskoen het vir OP die wa deur die drif getrek. Teen Transvaal het hy met ses uit 'n moontlike sewe pogings pale toe geslaag. In die kragmeting teen Oos-Transvaal het hy weer vier uit ses skoppe deur die pale geklits.[150] Verdere staatmakers vir die seuns van die Baai was die sterk stutte, Stefan Rademeyer en Schalk van der Walt, sowel as die

---

[145] Natal Mercury, 20 July 1987.

[146] Beeld, 20 Julie 1987.

[147] Die Volksblad, 20 Julie 1987.

[148] Transvaler, 15 en 17 Julie 1987.

[149] Pretoria News, 20 July 1987.

[150] Die Oosterlig, 16 en 20 Julie 1987.

losskakel, Coenie du Toit.[151] Oos-Transvaal het op sy beurt vir Leon Snyman (losskakel) as sy vernaamste troefkaart gebruik.[152]

Nog 'n losskakel, Vlokkie Cilliers, was die spil waarom NWK, die sterkste plattelandse span, se sukses tydens die toernooi gedraai het. Die leerling van Hoërskool Carnavon het in sy derde Cravenweek 38 punte, die meeste van enige speler, aangeteken. Hy kon die rekord van Gerbrand Grobler (40 punte in 1981) in die slag laat bly het, indien alle skoppe op die toernooi nie twee punte getel het nie. Sy ses strafdoele het dus net twaalf punte, pleks van die gewone agttien punte getel. Cilliers se spanmaat, Carel Matthee (senter) se vier drieë was saam met Riaan Botha (regtervleuel van OP) die meeste op die toernooi.[153]

Die Namakwalanders was egter nie die enigste plattelandse span wat rekords opgestel het nie. NOK se sege van 60-0 oor Boland-Federasie was die grootste nog op die Cravenweek. Die elf drieë wat die wenspan gedruk het, is ook die meeste nog in 'n enkele wedstryd. Sonder om afbreuk te doen aan NOK se oorwinning moet gemeld word dat die twee Kleurlingspanne, Boland-Federasie en SARVF-Platteland, bitter swak teenstand gebied het en in hulle eerste twee jaar op die Cravenweek nie 'n enkele wedstryd kon wen nie.[154] Boland was nóg 'n plattelandse span wat presteer het deur vir die eerste keer sedert 1976 die toernooi onoorwonne af te sluit.[155]

Suidoos-Transvaal het ook vir ongeëwenaarde prestasie in die tagtigerjare gesorg deur vir die vyfde keer in agt jaar nie 'n

---

151 Beeld, 14, 16 en 20 Julie 1987.

152 Transvaler, 20 Julie 1987.

153 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1988, pp. 261-262.

154 Beeld, 20 Julie 1987; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1987, p. 262.

155 Die Burger, 20 Julie 1987.

wedstryd tydens die Rugbyweek te verloor nie.[156] Volgens Henk Steenkamp (joernalis van Beeld wat reeds 'n dekade lank oor skolerugby in Suidoos-Transvaal verslag doen) is die Steenkoolvelders se sukses toe te skryf aan sterk voedingsbronne, 'n objektiewe keurkomitee en kundige afrigting. Veral HTS Middelburg, Hoërskool Middelburg en Hoërskool Ermelo het die span deurlopend van spelers van gehalte voorsien.[157] Die drie skole het in 1987 dertien van die twintig Cravenweekspelers opgelewer.[158] Die keurkomitee is verder nie verantwoordelik vir die afrigting van hul skole se eerstespanne nie en kan gevolglik meer rondreis om ander spanne in aksie te sien. Verder is hulle ook nie so nou betrokke by hul eie spelers dat subjektiwiteit intree nie.[159]

Benewens Suidoos-Transvaal, OP, Boland en NWK het ook die Transvaalse Vyftiental en Vrystaat nie 'n wedstryd verloor nie.[160] Die Transvaalse Vyftiental se krag het gelê in sy sterk stutte, Leonard Snyman en Gerald Hilton, wat hul teenstanders harde bene in die skrums laat kou het.[161] Vrystaat het op sy beurt nie so 'n sterk span soos in die vorige twee jare gehad nie, maar het met twee latere Springbokke, Pieter Müller (heelagter) en Ruben Kruger (flank), nog genoeg plofkrag gehad om nie 'n wedstryd te verloor nie. Die hoogtepunt was die sege (14-12) oor Noord-Transvaal in die eerste van die drie hoofwedstryde.[162] Die jong Ligbloues het hul beste prestasie die afgelope vyf jaar behaal deur vroeër in die toernooi met WP-liga

---

156 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1988, p. 262.

157 Mondelinge onderhoud met Henk Steenkamp, 25 Mei 1993.

158 Amptelike program van die Coca-Cola Cravenweek, Paarl, 1987, p. 33.

159 Mondelinge onderhoud met Henk Steenkamp, 24 Mei 1993.

160 Beeld, 20 Julie 1987.

161 Transvaler, 16 en 20 Julie 1987.

162 Die Volksblad, 15, 17 en 20 Julie 1987.

(14-0) en WP (16-2) af te reken.[163] WP het vir die tweede agtereenvolgende jaar egter teleurgestel. Dié bond het egter te veel sterk voedingsbronne om lank aan die agterste speen te suig en in 1988 sou die Kapenaars weer sterk op die voorgrond tree.

DIE SEUNS VAN VALSBAAI SEëVIER IN DELAGOABAAI

Die 25ste Cravenweek in 1988 in Port Elizabeth was die grootste nog. Twee nuwe spanne, 'n Swart span van die Oos-Kaap genoem die Oos-Kaapse Vyftiental en OP se B-span, het die aantal spanne op 30 te staan gebring. Dit was egter nie die enigste rekord wat by die toernooi opgestel is nie.[164] Oos-Vrystaat het die grootste sege in 'n enkele wedstryd nog behaal deur die SARVF-Platteland met 74-3 te oorrompel en sy veertien drieë ewenaar ook die rekord. Verder was Pieter Vermaak (vaskopstut van Verre Noord), wat 120 kg geweeg het, die swaarste speler wat nog in die Cravenweek gespeel het.[165] Dan was Abie Smith, wat in 1964 vir Vrystaat gespeel het en sy seun Franco, wat in 1988 vir die Blikore uitgedraf het, die eerste vader-en-seun kombinasie wat aan die toernooi deelgeneem het.[166]

Te midde van die rekord aantal spanne het die WP uitgetroon. Die Kapenaars het drie moeilike teenstanders ondergesit. In die eerste wedstryd het die Streeptruie na 'n sterk eindpoging vir Oos-Transvaal (16-13) geklop en het daarna vir OP in 'n modderbad (7-0) verslaan. In die hoofwedstryd van die toernooi het die WP ook te veel skietgoed vir die Vrystaat (16-3) gehad.[167] Die Kapenaars het oor 'n goed gebalanseerde span beskik. Agterlangs was Pieter Loubser (regtervleuel) die skerpste angel. Loubser

---

163 Beeld, 14, 16 en 20 Julie 1987.

164 Die Oosterlig, 11 Julie 1988.

165 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1989, p. 233.

166 Die Volksblad, 13 Julie 1988.

167 Die Burger, 12, 14 en 18 Julie 1988.

geniet die onderskeiding dat hy sy provinsie op agtereenvolgende toernooie as leerling van twee verskillende skole, Hoër Jongenskool Paarl (1987) en Bishops (1988) verteenwoordig het.[168] Verder het Lee Feurer (senter) ook slaankrag in die middelveld verleen. Voorlangs het Dawie Senekal (vaskopstut), Mornay Visser (latere haker van WP se seniorspan) en Martin Bosman (slot) hul staal getoon.[169]

Hoewel die Vrystaat dus nie by WP kers kon vashou nie, het die Blikore nogtans hul stempel met avontuurlike spel by die toernooi afgedruk. Verder het die span drie latere Springbokke in Ruben Kruger, Pieter Müller en Heinrich Fuls opgelewer. Die hardlooprugby waarvoor die Blikore en Grey-kollege (waar al drie spelers skoolgegaan het) bekend is, het hulle die geleentheid gegun om hul bal- en hardloopvaardigheid op te skerp. Die hoogtepunt van die span se toernooi was die klinkende sege (35-0) oor Noord-Vrystaat.[170] Vrystaat was egter nie die enigste span wat toekomstige Springbokke groot gemaak het nie.

Jannie Claassen het gesorg dat Stellaland saam met WP en OP se B-span die enigste onoorwonne spanne op die toernooi was. Die latere sterk Springboksewespeler het in elk van Stellaland se wedstryde 'n drie gedruk. Sy kragtige breekslae is telkens deur die pers uitgesonder.[171] Verder het Stellaland oor sy tradisionele sterk voorspelers beskik. Hier het veral Christo Dempers (haker) en Loekie Benson (vaskopstut) uitgeblink.[172] OP se B-span het die groot diepte in die bond beklemtoon. Nadat dié span vir die swak Oos-Kaaplandse Vyftiental in die eerste

---

168 Amptelike program van die 25ste Coca-Cola Cravenweek, Port Elizabeth, 1988, p. 27; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1988, p. 233.

169 Die Burger, 12, 14 en 18 Julie 1988.

170 Die Volksblad, 13, 15 en 20 Julie 1988.

171 Transvaler, 13, 15 en 18 Julie 1988.

172 Beeld, 13, 15 en 18 Julie 1988.

wedstryd met 53-0 afgeransel het, het hy voortgegaan om vir die gedugte span van Vaaldriehoek (19-10) en vir Oos-Vrystaat (14-10) te klop.[173]

Die OP se A-span het die toeskouers van Boet Erasmusstadion nog verder rede gegee om te jubel. OP het nou wel, teen die WP vasgeval, maar sy seges oor Noord-Transvaal (13-12) en in die hoofvoorwedstryd teen Transvaal (18-9) het ruimskoots daarvoor vergoed.[174] In Clayton Wait (heelagter), Andrew Claassen (senter) en Pieter O'Neill (losskakel) het die span oor drie van die beste agterspelers op die toernooi gespog. Jaco Gericke (slot) en André Hough (haker) het gesorg dat die agterlyn genoeg balbesit kry om hul planne mee te smee.[175]

Die Oos-Kaapse Vyftiental het egter nie dieselfde sukses as sy twee eweknieë van die geweste behaal nie. Die Swartspan het net soos die Kleurlingspanne, SARVF-Platteland en Boland-Federasie nie 'n wedstryd gewen nie. Die spelers was nie gewoond daaraan om op so 'n hoë vlak deel te neem nie en was ook fisiek te klein vir die ander spanne. Die uitsondering was WP-liga wat reeds vanaf 1980 aan die toernooi deelgeneem het. Dié span het in 1988 een van sy beste wedstryde nog gespeel deur naelskraap (6-11) teen Vrystaat te verloor.[176] WP-liga se agterlyn was veral 'n faktor om mee rekening te hou. Chester Williams en Thinus Linee het later vir die Springbokspan gespeel terwyl Solly Geduld later vir die WP se seniorspan uitgedraf het.

Benewens Chester Williams, Thinus Lenee, Pieter Müller, Heinrich Fulls en Ruben Kruger het ook Joost van der Westhuizen (skrumskakel van Noord-Transvaal) en Pieter Hendriks (linkervleuel van

---

173 Die Oosterlig, 13, 15 en 18 Julie 1988; Beeld, 18 Julie 1988.

174 Die Volksblad, 12, 14 en 18 Julie 1988.

175 Die Oosterlig, 12, 14 en 18 Julie 1988.

176 Die Burger, 13 en 18 Julie 1988.

Suidoos-Transvaal) later die Groen-en-Goud oor hul koppe getrek.[177] Met sewe latere Springbokke en talle ander talentvolle spelers in aksie, was die uittredende president van die SAHSRV, Jan Preuyt, se opsomming: "Die rugby van die skoolseuns is soos heuning op die tong" beslis gepas.[178] Die heuning sou in 1989 op Ellispark beslis nie 'n bitter smaak kry nie.

## EEUFEESPLESIER OP ELLISPARK

Die eeufeesvieringe van die Transvaalse Rugbyvoetbalunie in 1989 het een van sy hoogtepunte met die aanbieding van die Cravenweek bereik. Die Rooibontes se skolespanne het hul deel bygedra om dié geleentheid luisterryk te maak. Transvaal het die toernooi onoorwonne afgesluit en het ook in die hoofwedstryd van die Rugbyweek geseëvier.[179] Die Transvaalse Vyftiental het ook knap vertoon deur twee van sy drie wedstryde te wen.[180] Dié toernooi het op 'n hoë noot begin toe Transvaal vir WP in die opwindendste kragmeting van die toernooi met 16-15 verslaan het.[181]

Die Rooibontes het daarna vir Oos-Vrystaat (22-13) geklop voordat die gedugte span van OP in die 'eindstryd' met 16-3 die loef afgesteek is.[182] Ian de Ru was die grootste individuele uitblinker op die toernooi. Die regtervleuel van HTS Marais Viljoen op Alberton het in elke wedstryd vir die Rooibontes sy krag en vaart goed gebruik om agter die doellyn te gaan kuier.[183] Benewens De Ru het André Venter (senter) en Bertus

---

177 Amptelike program van die 25ste Coca-Cola Cravenweek, Port Elizabeth, 1988, pp. 18-27.

178 Die Volksblad, 18 Julie 1988.

179 Beeld, 10 Julie 1989.

180 Transvaler, 5, 7 en 10 Julie 1989.

181 Beeld, 4 Julie 1989.

182 Die Volksblad, 10 Julie 1989.

183 Beeld, 10 Julie 1989.

Kruger (losskakel) vir die Rooibontes agterlangs uitgeblink.[184] Beide laasgenoemde twee spelers het later seniorprovinsiale rugby gespeel, terwyl De Ru van die toneel verdwyn het. Ivan Labotski (slot) was die hoeksteen waarop Transvaal se agttal gebou was. Pieter O'Neill (losskakel) was die Oos-Kapenaars se planmaker.[185]

Indien die WP 'n losskakel van die gehalte van Bertus Kruger of Pieter O'Neill in sy geledere gehad het, kon hy die toernooi onoorwonne afgesluit het. Die rede was dat hy oor die sterkste voorspelers op die toernooi beskik het en net 'n planmaker gekort het om rigting aan die spelpatroon te gee. Andrew Lanning die swaarste speler in die geskiedenis van die toernooi (125 kg), Andrew North (slot) en Dion O'Cuinneagan (agtsteman) was die troefkaarte in die gedugte agttal. WP het na sy nederlaag teen Transvaal reggeruk deur die sterk spanne van Natal (15-8) en Vrystaat (12-10 in die hoofvoorwedstryd) te klop.[186]

Die Blikore het hul gebruiklike geslaagde toernooi beleef en het benewens die nederlaag teen WP, vir Noord-Natal (28-6) en Wes-Transvaal (13-12) met die kous oor die kop huis toe gestuur.[187] Die verrassing van die toernooi was Noord-Transvaal wat met tradisionele Vrystaatse hardlooprugby hul teenstanders oorrompel het. Die Ligbloues het, anders as in die vorige jare, oor 'n vaardige en vinnige agterlyn beskik, maar het voorlangs noustrop getrek. Christo Potgieter (heelagter) het die meeste aanvalle van stapel gestuur. Enige doellose skop op dié speler van Afrikaanse Hoër Seunskool het tot 'n gevaarlike teenaanval gelei.[188] Braam van Straaten (senter), Ralph Baümgartner (losskakel) en Cornel

---

184 Transvaler, 10 Julie 1989.

185 Die Oosterlig, 10 Julie 1989.

186 Die Burger, 4, 6 en 10 Julie 1989.

187 Die Volksblad, 5, 7 en 10 Julie 1989.

188 Transvaler, 10 Julie 1989.

Windell (linkervleuel) was die ander troefkaarte wat gehelp het om SWD (13-3), Noord-Vrystaat (16-12) en Natal (21-19) te verslaan.[189] Die latere flank van WP se seniorspan, Robbie Brink, en die SA-juniorkampioen in die gewigstoot, Carel le Roux, het in die losspel vir die Ligbloues uitgeblink.[190]

Verre Noord het net soos sy moederunie, Noord-Transvaal, bors uitgesteek en die toenooi onoorwonne afgesluit. Die Bosvelders het ook in 1971 en 1978 nie 'n wedstryd verloor nie.[191] Die span het vir NOK (13-10), Grens (29-9) en Noord-Natal (31-3) verslaan.[192] Die systapkunstenaar, Philip Coetzee, se kronkellopies in die middelveld was 'n uitstaande kenmerk van die span se vertonings. Coetzee is goed deur sy bestendige sentermaat, Ettiene Bouwer, aangevul. Arnie van Rooyen (skrumskakel) se blitsige breekslae was ook 'n doring in die vlees van Verre Noord se teenstanders. Albei Coetzee en Van Rooyen het vir Hoërskool Piet Potgieter van Potgietersrus gespeel.[193]

Benewens Transvaal, Noord-Transvaal en Verre Noord het ook Vrystaat-Platteland en Griekwas nie 'n wedstryd verloor nie.[194] Dit was die eerste en enigste keer dat Vrystaat-Platteland die toernooi onoorwonne afgesluit het. Sewe spelers van Hoër Landboudal op Jacobsdal het die kern van die span gevorm.[195] Johan Smit (agtsteman) het die span met onderskeiding gelei. Verder was Flip Els (linkervleuel) en Elroy Cierenberg (flank)

---

189 Beeld, 5, 7 en 10 Julie 1989.

190 Pretoria News, 10 July 1989.

191 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 228.

192 Transvaler, 5, 7 en 10 Julie 1989.

193 Beeld, 5, 7 en 10 Julie 1989; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1990, p. 275.

194 Die Volksblad, 10 Julie 1989.

195 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1990, pp. 275 en 286.

hul gewig in goud werd.[196] Terwyl dit dus vir Vrystaat-Platteland 'n nuutjie was om al sy wedstryde te wen, het Griekwas die prestasie vir die sesde keer reggekry.[197] Uitblinkers vir Griekwas was die latere agtsteman van Vrystaat se seniorspan, Luther Bakkes, en Nollie van der Walt (linkervleuel).[198]

Oos-Vrystaat en die SA-Projekspan het buiten die onoorwonne spanne ook goeie spel opgedis.[199] Laasgenoemde span het vir die eerste keer aan die Cravenweek deelgeneem en het OP se B-span vervang om die aantal spanne nog steeds op 30 te hou. Die SA-Projekspan is na proewe op Philippi in die Kaapprovinsie gekies. Spelers vir die span moet uit al die bevolkingsgroepe gekies word. Die span se keurders het 'n keuse uit al die provinsies nadat hul Cravenweekspanne gekies het.[200] In teenstelling met al bogenoemde uitblinkerspanne het twee van die tradisionele sterk spanne, Natal en Grens, 'n nagmerrietoernooi beleef. Die Piesangboere kon slegs een naelskraapse sege oor Laeveld (19-17) behaal terwyl Grens nie 'n enkele oorwinning kon behaal nie.[201] Natal sou egter die volgende jaar op sy tuisveld 'n perd van 'n ander kleur wees.

## KING'S PARK BRING PIESANGVREUGDE IN 1990

Die Cravenweek het in 1990 op King's Park in Durban weer deel van 'n belangrike rugbyviering, die Natalse Rugbyunie se eeufeesjaar, gevorm. Die bond se skolespan het sy deel tot die feesvieringe bygedra deur onoorwonne te bly en in die hoofwedstryd van die

---

196 Beeld, 4, 6 en 10 Julie 1989.

197 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 228.

198 Die Volksblad, 4, 6 en 10 Julie 1989.

199 The Star, 10 July 1989.

200 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1989, pp. 259-260.

201 Natal Mercury, 4-7 and 10 July 1989.

toernooi vir Noord-Transvaal (18-8) te klop.[202] Die sege was loshande Natal se beste vertoning tydens die toernooi. Vroeër het die span vir Grens (10-9) en 'n powere WP (19-0) verslaan.[203] Die Piesangboere het oor 'n goed gebalanseerde span beskik met uitblinkers soos Frank Goedeke (linkervleuel), Chris Beukes (losskakel), Hentie Martens (latere Springbokskrumskakel) en Ettienne Fynne (vaskopstut).[204]

In teenstelling met 1989, toe Transvaal in die 'eindstryd' teen die OP geseëvier het en beslis as die sterkste span gereken is, kan Natal nie sonder meer hierop aanspraak maak nie.[205] Die eer val waarskynlik die Vrystaat toe. Nadat die Blikore sy eerste wedstryd naelskraap teen Noord-Transvaal (21-25) verloor het, is klinkende seges daarna oor Suidoos-Transvaal (48-18) en in die hoofvoorwedstryd oor OP (32-16) behaal.[206] Vrystaat se kragmeting teen die jong Ligbloues word deur Morris Gilbert in die SA Rugbyskrywersjaarboek as die beste wedstryd van die toernooi beskryf.[207] Noord-Transvaal het vanuit die staanspoor met hegte verdediging en doelgerigte aanvallende spel die skroef aangedraai en het rustyd reeds met 16-0 voorgeloop. Daarna het die Blikore met hul gebruiklike vegtersgees so byna die agterstand uitgewis.[208]

Christo Potgieter, aanvallende heelagter van die Ligbloues, was die verskil tussen die twee spanne. Die Vrystaters kon nie sy

---

202 The Daily News, 16 July 1990.

203 The Citizen, 11 and 13 July 1990.

204 Natal Mercury, 11-14 and 16 July 1990.

205 Beeld 16 Julie 1990; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 241.

206 Die Volksblad, 10-14 en 16 Julie 1990.

207 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 241.

208 Beeld, 16 Julie 1990.

vloeiende aansluiting by die agterlyn stuit nie.[209] Die Blikore het in Alex Fenwick (regtervleuel) 'n gevaarlike aanvaller in hul geledere gehad. Franco Smith (losskakel) se akkurate stelskopwerk het 41 punte vir sy span ingeoes en het sodoende Gerbrand Grobler se toernooirekord (40 punte) van 1981 verbeter.[210] Smith se prestasie was slegs een van talle rekords by die toernooi.

Noord-Natal het in sy drie wedstryde 'n nuwe rekordaantal van 21 drieë gedruk. Dit is sewe drieë meer as die rekord wat gesamentlik deur OP (1970), WP (1972) en Oos-Vrystaat (1988) gehou is. Verder het Noord-Natal se Lood Spies (linkervleuel) se ses drieë die toernooirekord van Tino Kankowski (1977) van die OP geëwenaar. Spies se vier drieë teen die SARVF-Platteland ewenaar ook die rekord vir die meeste drieë in een wedstryd.[211] Om die rekords van Noord-Natal en Spies in perspektief te stel, moet gemeld word dat dié span sy laaste twee wedstryde teen swak teenstand, SARVF-Platteland (48-15) en die Boland-liga (58-4), gewen het. Boland-liga, 'n Kleurlingspan, het die Swartspan van Oos-Kaap vir die 1990-toernooi vervang.[212] Boland-liga was nie die enigste nuwe span by die toernooi nie. Vrystaat se B-span en 'n veelrassige Projekte-Vyftiental, het die 28 spanne van 1989 na 30 spanne in 1990 laat opskuif.[213]

Slegs vier van die 30 spanne kon die toernooi onoorwonne afsluit. Benewens die reeds vermelde Natal het ook Transvaal, Laeveld en NOK nie 'n wedstryd verloor nie.[214] Dit was die tweede jaar agtereenvolgens en sewende keer in die bestaan van die toernooi

---

209 Natal Mercury, 10 July 1990.

210 Die Volksblad, 16 Julie 1990.

211 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 241-242.

212 The Citizen, 10 and 12 July 1990.

213 Amptelike program van die 27ste Coca-Cola Cravenweek, Durban, 1990, pp. 13-50; Beeld, 10-14 en 16 Julie 1990.

214 Transvaler, 16 Julie 1990.

dat die Rooibontes nie 'n wedstryd verloor het nie.[215] Transvaal kon na sukkelseges oor WP-liga (16-14), Noord-Vrystaat (15-11) en SWD (7-6) egter nie as een van die sterkste spanne tydens die toernooi bestempel word nie. Hennie Wiggett (latere senter van die Transvaalse seniorspan) was sy span se voorste driedrukker en skerpste angel.[216] Laeveld en NOK se knap vertonings het weer gewys dat die plattelandse spanne nie onderskat moet word nie. Beide die spanne het nog net een keer vantevore en dit in dieselfde toernooi (1985), nie 'n wedstryd verloor nie.[217]

Die kookwater Laevelders het vir Oos-Vrystaat (10-0), Griekwas (29-9) en Boland (9-3) geklop.[218] Die span se sukses kan eerstens toegeskryf word aan die stewige kern van Hoërskool Nelspruit, wat in die Administrateursbekerfinaal verloor het, se tien spelers. Dan het Chris Buitendach, latere afrigter van Noord-Transvaal se seniorspan, daarin geslaag om vir Laeveld afgeronde vyftienmanrugby te laat speel. Verder was die span se verdediging uit die boonste rakke en het Laeveld vir 'n unieke prestasie gesorg deur nie 'n enkele drie tydens die toernooi af te staan nie. Laastens het die span in Louis Holtzhausen 'n betroubare stelskopper gehad en in Willie van Staden (senter) een van die gevaarlikste aanvallers op die Rugbyweek.[219]

Hoërskool Wittenburg het met ses spelers die grootste verteenwoordiging in NOK se span gehad.[220] In die seges oor Stellaland (30-15), WP-liga (21-8) en Oos-Transvaal (13-9) was W.J. Visagie

---

[215] Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 228.

[216] Beeld, 11, 13 en 16 Julie 1990.

[217] Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 228.

[218] Die Burger, 11, 13 en 16 Julie 1990.

[219] Transvaler, 16 Julie 1990; Amptelike program van die 27ste Coca-Cola Cravenweek, Durban, 1990, p. 17; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 241-244.

[220] Amptelike program van die 27ste Coca-Cola Cravenweek, Durban, 1990, p. 21.

die blinkste ster. Dié losskakel se 28 punte op die toernooi is slegs deur Franco Smith oortref.[221] SWD en Vrystaat-Platteland, wat elk net een wedstryd verloor het, tel ook onder die uitblinkerspanne.[222] Vir WP was die toernooi egter 'n groot teleurstelling. Die Kapenaars kon in sy eerste twee wedstryde teen Noord-Vrystaat (3-elk) en Natal (verloor met 0-19) slegs drie punte aanteken. Die gevolg was dat WP vir die eerste keer in een van die vroeë wedstryde op die buitevelde moes speel. Dié wedstryd teen Suidoos-Transvaal het hy egter gewen.[223] Laasgenoemde span kon ook nie op sy trotse vertonings by die toernooi voortbou nie en het al drie sy wedstryde verloor.[224] In 1991 sou Suidoos-Transvaal regruk terwyl die Kapenaars weer noustrop sou trek.

## DIE LIGBLOUES MAAK GESKIEDENIS IN 1991

Noord-Transvaal se welslae was in 1991 nie net tot sy seniorspan, wat die Curriebeker, Lionbeker en Percy Framesbeker ingeoes het, beperk nie. Dié bond se provinsiale hoërskoolspan het in 1991 op die Basil Kenyon-stadion in Oos-Londen, vir die eerste keer sedert die instelling van die Cravenweek in 1964 daarin geslaag om as die nie-amptelike kampioenspan uit die stryd te tree. Die Ligbloues het wel die hoofwedstryd van die 1975-Cravenweek in Pretoria gewen, maar toe het slegs Transvaalse bonde, weens die uiteenlopende provinsiale skoolvakansies, deelgeneem.[225]

Nadat die jong Blou Bulle in die vroeë en middel tagtigerjare 'n insinking beleef het, was die span vanaf 1987 'n krag om mee rekening te hou. In 1990 is op die stygende spelkurwe voortgebou

---

221 Die Oosterlig, 11, 13 en 16 Julie 1990; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 242-244.

222 Die Oosterlig, 10-14 en 16 Julie 1990.

223 The Argus, 10-14 en 16 July 1990.

224 Beeld, 16 Julie 1990.

225 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1992, p. 242.

toe die span vir die eerste keer die 'eindstryd' gehaal het en in 1991 is nog 'n trappie verder geklim toe die Ligbloues vir Grens in die hoofwedstryd met 10-9 geklop het.[226] Die Noord-Transvalers se skouspelagtige hardlooprugby was in skerp kontras met die stugge spelpatroon van vroeër. Die gevolg was dat die Ligbloues die meeste drieë (dertien) van al 30 deelnemende spanne gedruk het.[227] Die span het ook die grootste sege by die Rugby-week behaal deur Noord-Vrystaat (48-10) af te ransel.[228] Noord-Transvaal se wedstryd teen Vrystaat (13-elk) is, net soos in 1990, deur die pers as die opwindendste van die toernooi beskryf.[229]

Ses spelers van Afrikaanse Hoër Seunskool het die kern van die Ligbloues se span uitgemaak. Uitblinkers agterlangs was die skakelpaar Pet Maas (losskakel) en Jean du Randt (skrumskakel) sowel as Bennie Botes (senter), André Ferreira (linkervleuel) en Corné Korf (heelagter). Fritz Potgieter (slot), wat in 1992 'n silwermedalje by die Wêreld juniorkampioenskappe in die diskusgooi gewen het, was die siel van die Noorde se agttal. Die flank Alex Strydom was saam met Boland se Jan Coetzee die voorste driedrukker (vier drieë) op die toernooi. Willem Gouws (flank), Daniël Stassen (agtsteman) en Theo Buys (haker) was die ander staatmakers voorlangs.[230]

Grens het net soos Noord-Transvaal sy mees geslaagde Cravenweek sedert 1975 beleef. Een van die vernaamste redes vir die Bruintruie se sukses was die puik spelers wat sy drie sterk

---

226 Transvaler, 15 Julie 1991.

227 Beeld, 15 Julie 1991.

228 SARR argief: Oorsig van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se werksaamhede in 1991, 30 November 1991, p. 42.

229 Die Volksblad, 12 Julie 1991; Beeld 12 Julie 1991; Transvaler, 12 en 15 Julie 1991.

230 Pretoria News, 9-12 en 15 July 1991; Beeld, 9-12 en 15 Julie 1991; The Citizen, 9-12 and 15 July 1991.

rugbyskole opgelewer het. Selborne College (ses spelers), Queen's College (vyf spelers) en Dale College (ses spelers) het sewentien van Grens se twintigtal spelers voorsien.[231] Grens het veral 'n sterk agttal in die veld gestoot met Stephen Hall (slot) en Scott Kemp (agtsteman) die uitstaande spelers.[232] Grens het die 'eindstryd' na seges oor WP (12-4) en Transvaal (9-3) gehaal.[233] Net soos wat een punt die twee spanne in die hoofwedstryd geskei het, so het 'n enkele punt ook vir OP die oorwinning oor Vrystaat besorg.[234]

Greg Miller, losskakel van OP, het met 'n skepdoel in die laaste minuut verseker dat sy span (17-16) seëvier. Miller, wat reeds in 1992 vir OP se seniorspan uitgedraf het, was sy span se grootste troefkaart. Chad Alcock (skrumkakel) se lang en akkurate aangee het vir Miller die tyd en ruimte geskep om die spel te kan dikteer.[235] Vrystaat het nou wel nie die wedstryd gewen nie, maar sy opwindende agterlyn het weer nie sy gelyke gehad nie. In Alex Fenwick en Stephen Brink het die Blikore oor die gevaarlikste vleuels op die toernooi gespog.[236]

André Venter, latere senter van Noord-Transvaal se seniorspan, het met sy kragtige lopies telkens die gapings in die middelveld oopgekerf. Venter het aan 'n rekord vierde Cravenweek deelgeneem. In 1988 en 1989 het hy as leerling van Hoërskool Monument onderskeidelik die Transvaalse Vyftiental en vir Transvaal verteenwoordig. In 1990 en 1991 het hy as leerling van Grey-kollege weer sy passies op die Cravenweek vertoon. Frikkie van Rensburg begaan

---

231 Amptelike program van die 28ste Coca-Cola Cravenweek, Oos-Londen, 8-13 Julie 1991, p. 14.

232 Daily Dispatch, 8-12 and 15 July 1991.

233 Die Oosterlig, 9 en 11 Julie 1991.

234 Transvaler, 15 Julie 1991.

235 Die Burger, 15 Julie 1991.

236 Die Oosterlig, 15 Julie 1991.

die fout deur in die SA Rugbyskrywersjaarboek van 1992 te meld dat Venter slegs in 1989, 1990 en 1991 aan die toernooi deelgeneem het. Persverslae, die amptelike program van 1988 se Cravenweek en Morris Gilbert in die SA Rugbyskrywersjaarboek van 1993 bevestig egter dat Venter in 1988 se Transvaalse Vyftiental opgeneem is.[237] Venter se samespel met Stephen Brink was een van die hoogtepunte van die toernooi. Brink se 30 punte op die Cravenweek is slegs deur een speler verbeter.[238]

Dié speler was Verre Noord se Frikkie Spangenberg, die latere losskakel van Noord-Transvaal se seniorspan. Die heelagter van Hoërskool Frans du Toit op Phalaborwa se 32 punte het gesorg dat Verre Noord slegs een van die vier onoorwonne spanne op die toernooi bly. Die Bosvelders het met NWK (33-6) en Noord-Vrystaat (40-9) afgereken terwyl die kragmeting teen WP (6-elk) gelykop geëindig het.[239] Verre Noord het ook in 1989 nie 'n wedstryd verloor nie en kan as een van die voorste plattelandse spanne op die afgelope drie Cravenweke beskou word.[240] Benewens Verre Noord het nog twee ander plattelandse spanne ook nie verloor nie. Boland het in sy eerste wedstryd die louere met Oos-Transvaal gedeel, maar het daarna vir NOK (14-11) en Laeveld (20-8) geklop.[241] Terwyl Noord-Transvaal, Verre Noord en Boland dus een wedstryd gelykop gespeel het, spog Suidoos-Transvaal met die

---

[237] Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, p. 235.

[238] Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1992, p. 292; Beeld, 13, 15 en 18 Julie 1988; Die Volksblad, 15 Julie 1991; Amptelike program van die 25ste Coca-Cola Cravenweek, Port Elizabeth, 1988, p. 25.

[239] SARR argief: Oorsig van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se werksaamhede in 1991, 30 November 1991, pp. 42-43; Die Burger, 15 Julie 1991; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 244 en 248..

[240] Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 229.

[241] Die Burger, 10, 12 en 15 Julie 1991.

onderskeiding dat hy die enigste span is wat al drie sy wedstryde gewen het.[242]

Die Grystruie het weer sy plek in die voorste gestoeltes van skolerugby ingeneem deur vir NOK (28-10), SWD (34-7) en die Transvaalse Vyftiental (18-6) te verslaan.[243] Dié span is deur Jimmy Stonehouse, wat ook vir Suidoos-Transvaal se seniorspan gespeel het, onder hande geneem.[244] Suidoos-Transvaal het ook die meeste punte (80) van enige bond bygedra tot die totaal van 1363 punte wat op die toernooi behaal is. Die 45 wedstryde het 206 drieë opgelewer, wat 'n goeie getuigskrif vir die 30 spanne se hardlooprugby is.[245] Een van die min somber note by die toernooi was WP se powere spel. Die Kapenaars het ook in 1990 teleurgestel en die bond se administrateurs en afrigters het in die af-seisoen die hand diep in eie boesem ingesteek. Die gevolg was dat die trotse bond in 1992 sy naam in ere sou herstel.

## HERCELLE GIBBS TROON UIT OP LOFTUS VERSFELD IN 1992

Hercelle Gibbs van die WP het die 1992-Cravenweek in Pretoria oorheers soos nog geen ander speler dit in die 29-jarige bestaan van die toernooi kon regkry nie. Dié losskakel van Bishops het die pers liries gehad oor sy puik vertonings. Beskrywings soos "die klein meester", "briljante stukkies individuele spel", "flambojante spelstyl" en "losskakels van sy gehalte maak net een keer in 'n lang tyd sy opwagting by die Cravenweek" vat die genialiteit van die speler mooi saam.[246] Nie net die pers was

---

242 Beeld, 15 Julie 1991.

243 Transvaler, 10, 12 en 15 Julie 1991.

244 Amptelike program van die 28ste Coca-Cola Cravenweek, Oos-Londen, 8-13 Julie 1991, p. 38.

245 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1992, pp. 242-243.

246 Beeld, 16 Julie 1992; Rapport, 19 Julie 1992; Transvaler, 20 Julie 1992; Die Burger, 20 Julie 1992.

gaande oor die blink losskakel nie. Die besoekende Nieu-Seelandse All Blacks was so beïndruk met Gibbs dat hy as 'n "ere-All Black" genooi is om op hul onkoste by die span te kom aansluit, sodat hy 'n "'n proetjie kan kry van internasionale rugby."[247]

Gibbs het oor die rare kombinasie van balvernuf, oordeel, vaart, uitstekende voetwerk en uitnemende hanteringsvaardighede beskik. Verder som Earle Kirton, hulpafrigter van die All Blacks, sy skopvermoëns goed op as hy sê dat Gibbs "kicks like a mule."[248] Die talentvolle sportman het reeds as sestienjarige vir die WP se seniorkrieketspan gespeel en het ook die SA-Nuffield-krieketspan en SA-O/16 sokkerspan gehaal. Verder is hy ook 'n blitsige naelloper. Gibbs is reeds in 1993 vir die WP se senior-rugbyspan gekies om na Australasië te toer, maar het weens krieketverpligtinge onttrek.[249]

Weens die puik spel van Gibbs kon die gemiddelde span van WP as die nie-amptelike kampioen van die Cravenweek uit die stryd tree. Die Kapenaars het vir Verre Noord (32-15) en Noord-Transvaal (20-13) op pad na die hoofwedstryd geklop.[250] Die gedugte Vrystaat het vir WP in die 'eindstryd', voor 'n rekord Cravenweek-skare van 16 000 toeskouers, harde bene laat kou voordat laasgenoemde met 22-16 gewen het.[251] Die Kapenaars was in die tweede helfte met die rug teen die muur voordat Gibbs in 'n bestek van sewe minute twee drieë gedruk het om die wind uit die seile van die Blikore te haal. Gibbs het in dié wedstryd sewentien van WP se 22 punte aangeteken.[252] Benewens Gibbs het Marius Goossen

---

247 Beeld, 11 Augustus 1992.

248 Transvaler, 20 Julie 1992; Beeld, 11 Augustus 1992.

249 Die Burger, 13 Februarie 1993.

250 Pretoria News, 14 and 16 July 1992; Sunday Times, 19 July 1992.

251 Die Volksblad, 20 Julie 1992.

252 Beeld, 20 Julie 1992.

(linkervleuel) en Percival Montgomery (heelagter) uitgeblink. In 'n agttal, wat tweede viool teen Vrystaat moes speel, was Corné Krige (agtsteman) nogtans sy sout werd.[253]

Vrystaat het net soos WP oor 'n uitstaande speler beskik. Stephen Brink (heelagter) was die siel van die Blikore se agterlyn. Die kaptein van Hoërskool Sentraal het André Venter se besondere prestasie van 1988-1991 geëwenaar deur die tweede speler te word om in vier Cravenweke uit te draf. Hy het in 1989 en 1990 vir Oos-Vrystaat gespeel voordat hy in 1991 en 1992 die Blikore verteenwoordig het.[254] Brink se vaart, systappe en akkurate stelskopwerk het die Blikore gehelp om Grens (35-27) en OP (19-10) onderweg na die 'eindstryd' te klop.[255] Hier het die begaafde speler, wat in 1993 reeds vir Vrystaat se seniorspan gespeel het se ondernemende spel weer beïndruk. Sy skopskoen het hom egter in die steek gelaat en hy het met drie haalbare stelskoppe misluk.[256] J.R. Oosthuizen (linkervleuel) se sterk lopies was die Blikore se ander gevaarlike troefkaart agterlangs.[257] Paul Maré (slot), Claude McIntyre (vaskopstut) en Willem van Wyk (flank) was onder die voorspelers die staatmakers.[258]

Terwyl die WP in bogenoemde hoofwedstryd daarin geslaag het om die Cravenweek vir die sewende keer onoorwonne af te sluit het Vaaldriehoek dié prestasie in 1992 vir die eerste keer behaal.[259] Die jong Turkooisbulle het nie net al hul wedstryde gewen nie, maar die aanskoulike spel wat daarmee gepaard gegaan

---

253 Die Burger, 20 Julie 1992.

254 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, p. 235.

255 Die Volksblad, 15 en 17 Julie 1992.

256 Rapport, 19 Julie 1992.

257 Die Volksblad, 20 Julie 1992.

258 Beeld, 20 Julie 1992.

259 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, p. 255.

het, het die toeskouers se harte warm laat klop. Die Vaaldriehoekers het vir Griekwas (44-13, hul grootste sege nog), Oos-Transvaal (24-10) en Noord-Transvaal (15-9) geklop.[260]

Piet Coetzer, die langste speler op dié Cravenweek (2,03m), het gesorg dat Vaaldriehoek in die lynstane koning kraai. Stefan Jacobs was ook een van die beste agtstemanne op die toernooi. Met volop balbesit tot sy beskikking kon Vaaldriehoek se agterlyn tot sy reg kom. Hier het veral Emett Holmes (latere losskakel van Vaaldriehoek se seniorspan) uitgeblink. Sy vaartversnelling en systappe het hom een van die opwindenste spelers op die toernooi gemaak. Die twee vleuels, Chris Steyn en Martin Channon, en heelagter, Johny Fourie, was die ander angels in die agterlyn. Met soveel knap spelers tot sy beskikking het Vaaldriehoek saam met Oos-Vrystaat die meeste drieë (twaalf) op die toernooi gedruk.[261]

Noord-Vrystaat het net soos Vaaldriehoek nie 'n wedstryd verloor nie en het net een drie (elf) minder gedruk. Albertus van Buren (senter) was ook saam met OP se Jean-Pierre van der Mescht die voorste individuele driedrukkers (vier) op die toernooi.[262] Van Buren is as die beste senter tydens die Rugbyweek beskou en het saam met ander troefkaarte soos Danie Erasmus (senter), Andries Wessels (linkervleuel) en Martin Willemse (regtervleuel) 'n gevaarlike agterlyn gevorm.[263] Die Goudvelders het vir Stellaland (31-14) en Suidoos-Transvaal (15-9) geklop voordat hulle in die laaste ronde wedstryde die louere met Transvaal (17-elk) gedeel het.[264]

---

260 Beeld, 15, 17 en 20 Julie 1992; The Citizen, 20 July 1992.

261 Transvaler, 15, 17 en 20 Julie 1992.

262 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, pp. 250, 251 en 255.

263 Beeld, 14, 16 en 20 Julie 1992.

264 Die Volksblad, 14, 16 en 20 Julie 1992.

Benewens WP, Vaaldriehoek en Noord-Vrystaat het Boland ook onoorwonne geëindig. Die Wynboere het nou vir twee jaar agtereenvolgens nie 'n wedstryd verloor nie.[265] Solly Goosen was sy span se grootste staatmaker. Die losskakel van Hoërskool Charlie Hofmeyer op Ceres het 35 punte van sy span se 50 punte aangeteken. Slegs Peter Kinghorn van SWD (38 punte) het meer punte as Goosen behaal.[266] Boland het nie oor 'n gevaarlike agterlyn beskik nie, maar sy krag het eerder voorlangs gelê. Die kragtige agttal het met 'n oorvloed balbesit gesorg dat Barnard met oordeelkundige taktiese skopwerk die wedstryde dikteer. In die agttal het veral Jannie Brand (slot) en Neil Retief (flank) uitgeblink.[267] Bogenoemde vier onoorwonne spanne was saam met Oos-Vrystaat die uitblinkerspanne op die toernooi. Aan die anderkant van die skaal was daar ook spanne wat nie aan die verwagtinge voldoen het nie.

Die grootste teleurstellings was Noord-Transvaal en Natal. Nadat die jong Ligbloues vir twee jaar agtereenvolgens in die hoofwedstryd gespeel het, was die swak vertoning van 1992 se span vir die bond se toeskouers en beamptes 'n bitter pil om te sluk. Ter versagting kan gemeld word dat dié span nie oor die skietgoed van die vorige twee spanne beskik het nie, maar die gebrek aan ondernemingsgees is onverskoonbaar.[268] Eweneens het die Natallers min verbeelding aan die dag gelê en eerder met die skopskoen aangeval. Die bond is bekend vir sy vlugvoetige en opwindende agterspel, maar die 1992-span het al drie sy wedstryde verloor en kon slegs vier drieë druk.[269] Die Piesangboere sou in 1993 weer noustrop trek.

---

265 Die Burger, 20 Julie 1992.

266 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, p. 251.

267 The Argus, 14, 16 and 20 July 1992.

268 Beeld, 14, 16 en 20 Julie 1992.

269 Natal Mercury, 14, 16 and 20 July 1992.

REKORDS SPAT OP SECUNDA

Natal kon in 1993 weer nie een van sy drie wedstryde wen nie en het sodoende vir die eerste keer in sy geskiedenis ses agtereenvolgende nederlae by dié toernooi gely. Een van die bydraende faktore is dat Natal nie meer van postmatrikulasie-skoliere gebruik maak nie.[270] Die onbenydenswaardige rekord van Natal was net een van die talle om op Secunda by die 30ste Cravenweek in die slag te bly. Heel gepas was dit ook die gasheerunie, Suidoos-Transvaalse Vyftiental, wat die meeste onder die rekords gemaai het. Die Suidoos-Transvaalse Vyftiental, wat aan sy eerste Cravenweek deelgeneem het om 'n gelyke aantal spanne in die loting te hê, het reeds in sy eerste wedstryd drie rekords laat spat. Sy wegholsege oor Transkei (91-3) was die grootste in die bestaan van die Cravenweek. Die vorige rekord is deur Oos-Vrystaat gehou wat die SARVP-Platteland in 1988 met 74-3 geklop het.[271]

Die vyftien drieë wat deur die Suidoos-Transvaalse Vyftiental teen Transkei gedruk is, het ook die vorige rekord van veertien drieë verbeter. Verder is die 94 punte wat in die kragmeting tussen die Suidoos-Transvaalse Vyftiental en Transkei aangeteken is ook 'n nuwe rekord. Die vorige rekord is die 92 punte wat in die wedstryd tussen Vrystaat (66) en Suidoos-Transvaal (26) in 1981 op Worcester aangeteken is. Die Grystruie se Vyftiental se 133 punte in drie wedstryd is verder 26 meer as die rekord wat Noord-Natal in 1990 in Durban opgestel het.[272]

---

270 The Daily News, 6-10 and 12 July 1993; Natal Mercury, 12 July 1993; Skriftelike mededeling deur Morris Gilbert, 9 Junie 1994, p. 1; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1994, pp. 265-266.

271 Die Burger, 13 Julie 1993; The Citizen, 12 July 1993; Beeld, 13 Julie 1993.

272 Beeld, 13 Julie 1993; Die Volksblad, 13 Julie 1993.

Morris Gilbert van Beeld, wat in 1994 Suid-Afrikaanse Brouerye se Merietetoekenning vir sy puik berigte oor skolerugby ontvang het, maak egter een van sy min foute deur te beweer dat die Suidoos-Transvaal Vyftiental se agttien drieë ook die meeste is wat nog by 'n Cravenweek gedruk is.[273] Noord-Natal hou die rekord van 21 drieë wat tydens die 1990-toernooi in Durban gedruk is.[274] Gilbert is egter in die kol wanneer hy meld dat Transkei, wat aan sy eerste Cravenweek deelgeneem het, die meeste punte nog (153) afgestaan het.[275] Transkei het in die toernooi gespeel as deel van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie se ontwikkelingsprogram.

Die toernooi op Secunda het egter nie net vir rekords in spanverband gesorg nie. Deon Kriel en Jean-Pierre van der Mescht het onderskeidelik die voorste puntemaker en driedrukker in 'n enkele toernooi geword. Kriel, wat Hoërskool Pietersburg gehelp het om die Transvaalse Direkteurstrofee in 1993 in te oes, se 43 punte vir Verre Noord het die vorige rekord van Franco Smith (Vrystaat) verbeter. Van der Mescht, spogvleuel van die Hoër Tegniese Skool Daniël Pienaar op Uitenhage, het in 1993 die voorste driedrukker in die geskiedenis van die Cravenweek geword. Nadat Van der Mescht in 1991 twee drieë gaan druk het, het hy in 1992 saam met Albertus van Buren die meeste drieë tydens die Cravenweek (vier) behaal. In 1993 het hy daarop voortgebou en sewe keer agter die doellyn gaan kuier.[276]

---

273 Die Beeld, 13 Julie 1993.

274 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 241-242.

275 Beeld, 13 Julie 1993.

276 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, p. 251; The Argus, 7, 9 and 13 July 1993; Die Burger, 7, 8 en 12 Julie 1993; Skriftelike mededeling deur Morris Gilbert, 9 Junie 1994, pp. 1 en 4; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1994, pp. 256-266; Jean-Pierre van der Mescht privaatversameling: Die Oosterlig, 13 Julie 1993.

Dié sewe drieë is 'n nuwe toernooirekord, wat die vorige rekord van ses drieë deur Tino Kankowski van die OP (1977) en Lood Spies van Noord-Natal (1990) verbeter het. Van der Mescht se vyf drieë teen Wes-Transvaal is die meeste nog in een wedstryd terwyl sy dertien drieë van 1991-1993 die meeste nog deur enige speler in die bestaan van die toernooi is.[277] Reeds voor die toernooi het die voormalige Springbokvleuel, Hermanus Potgieter, wat 'n onderwyser aan die Hoër Tegniese Skool Daniël Pienaar is, voorspel dat Van der Mescht se krag, vaart en voorgevoel van hom 'n uitblinker op die Cravenweek sou maak.[278] Van der Merscht kon egter nie verhoed dat die OP met 0-7 die onderspit teen Suidoos-Transvaal delf nie. Die Grystruie van Francois van Rensburg (skrumskakel) het ook in die eerste wedstryd met SWD (45-10) afgereken om hulle plek in die hoofwedstryd op Saterdag 19 Julie teen Noord-Transvaal te bespreek.[279]

Die jong Blou Bulle het op pad na die hoofwedstryd met Grens (28-22) en WP (19-17) afgereken. Die kragmeting teen die WP is die beste wedstryd van die Cravenweek uitgesonder en is so beskryf: "Sulke rugby maak juis van die Cravenweek die prestige-toernooi wat hy is ... Dit was soos 'n Curriebekereindstryd in die kleine - vinnig, hard, fisiek en genadeloos."[280] In die hoofwedstryd is Noord-Transvaal se vyftienmanpatroon teen die Grystruie se negemanrugby geweeg. Die twee agttalle het goed teen mekaar opgeweeg maar die Suidoos-Transvalers het geen antwoord op die Ligbloues se avontuurlike agterspel gehad nie, met die gevolg dat laasgenoemde met 25-13 die pyp gerook het.[281]

---

277 Beeld, 13 Julie 1993; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywers-jaarboek 1991; pp. 241-242; Skriftelike mededeling deur Morris Gilbert, 9 Junie 1994, pp. 1 en 4; Mondelinge onderhoud met Jean-Pierre van der Mescht, 14 Julie 1994.

278 Beeld, 13 Julie 1993.

279 Hoëveldrif, 9 Julie 1993; Echo, 9 Julie 1993.

280 Saturday Star, 10 July 1993; The Citizen, 7 and 9 July 1993.

281 Beeld, 9 Julie 1993.

Bloues Volschenk (loskopflank) was nie alleen in die hoofwedstryd nie, maar ook in die vorige twee seges die Noord-Transvalers se skerpste angel. Sy dryfspel, dekverdediging en lynstaanspel is nie op die toernooi deur enige ander losvoorspeler geëwenaar nie. Stephan Temple en Lourens Muller (slotte) sowel as Johan Breedt (loskopstut) is vir hul puik spel met SA-skolekleure beloon.[282] Agterlangs was Stephan le Roux, senter van Hoërskool Brits, die Noorde se planmaker. Dirkie Strydom (heelagter) se spoed, krag en waagmoed het verskeie puik lopies tot gevolg gehad.[283]

Dié sege het Noord-Transvaal as die toonaangewende skolekrag in die negentigerjare gevestig. In die vier jaar van 1990-1993 het die Ligbloues drie keer in die hoofwedstryd gespeel en twee keer geseëvier.[284] Suidoos-Transvaal, daarenteen, het weer gewys dat geen plattelandse span by hulle kan kers vashou nie. Die Grystruie se grootste uitblinker was Nicky van der Walt (loskopflank). Die leerling van Hoërskool Ermelo se stormramlopies het telkens gesorg dat Suidoos-Transvaal die voordeellyn oorgesteek het. Van der Walt se broer Danie het in 1993 vir die Noorde se seniorspan uitgedraf terwyl sy ander broer George vir die Ligbloues se O/21-span gespeel het.[285]

Benewens Van der Walt het Christo Potgieter (agtsteman) se kraglopies ook die Noord-Transvalers by tye laat terugdeins. Agterlangs het Francois van Rensburg se slim skrumskakelspel ook die teenstanders aan die raai gehou.[286] Hoewel OP die aftog vroeër die toernooi teen Suidoos-Transvaal moes blaas, het die Oos-

---

[282] Pretoria News, 12 July 1993; The Citizen, 7, 9 and 12 July 1993.

[283] Metro, 16 Julie 1993; The Star, 12 July 1993; Beeld, 12 Julie 1993.

[284] Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993: p. 255: Beeld, 12 Julie 1993; Metro, 16 Julie 1993.

[285] Echo, 15 Julie 1993; Beeld, 6, 8 en 12 Julie 1993; Hoëveldrif, 16 Julie 1993.

[286] Beeld, 12 Julie 1993.

Kapenaars daarvoor vergoed deur WP in die hoofvoorwedstryd met 29-21 te verslaan. Van der Mescht en sy vleuelmaat Francois Bruggeman se sterk lopies was vir die WP een te veel. Clint Walters (flank) was die wenspan se ander uitblinker. WP kon nie hulle knap spel van twee dae vroeër teen Noord-Transvaal herhaal nie. Nogtans het Louis Koen (losskakel) en Corné Krige (agtsteman) uitgeblink.[287]

Die tafel vir die twee aanskoulike laaste wedstryde is gedek deur Oos-Transvaal wat in die eerste van die hoofwedstryde vir Boland met 27-13 verslaan het. Die Rooi Duiwels het oor 'n uithaler-agterlyn beskik met Derick Deysel en Danie van Schalkwyk (senters), Danie Kruger (heelagter, wat 36 punte tydens die toernooi aangeteken het), Riaan van Rooyen (losskakel) en Peet van Deventer (linkervleuel) die staatmakers. Voorlangs het Pieter Venter (flank) met vurige spel uitgeblink.[288] Oos-Transvaal het vroeër ook sy twee ander wedstryd teen Natal (28-22) en Noord-Vrystaat (29-12) gewen om vir die sewende keer die toernooi onoorwonne af te sluit.[289] Die Rooi Duiwels het ook in 1965, 1968, 1970, 1980, 1982 en 1986 nie 'n wedstryd verloor nie.[290] Benewens Suidoos-Transvaal en Noord-Transvaal het NWK ook al drie sy wedstryde gewen.[291]

Die Namakwalanders het dié prestasie twee keer vantevore (1968 en 1987) behaal.[292] NWK het met die Vrystaat-Streekspan (24-10),

---

287 Die Burger, 12 Julie 1993; The Argus, 12 July 1993; Cape Times, 12 July 1993.

288 The Citizen, 12 July 1993; Beeld, 12 Julie 1993; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1994, pp. 256-261.

289 SARR argief: Oorsig van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie se werksaamhede gedurende 1993, pp. 38-39; Beeld, 7, 9 en 12 Julie 1993.

290 Die Volksblad, 9 Julie 1993; Beeld, 7, 9 en 12 Julie 1993; The Citizen, 9 and 12 July 1993.

291 Die Burger, 12 Julie 1993.

292 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 228.

Griekwas (38-26) en WP-Streekspan (33-16) afgereken.[293] Die agterlyn van NWK was sy sleutel tot 'n onoorwonne rekord. Pieter Karsten (losskakel) het 31 punte op die toernooi aangeteken met akkurate skopwerk. Neil Kruger (senter) se opwindende lopies is met drie drieë tydens die toernooi gekroon en Abel Pienaar (linkervleuel) het ook uitgeblink. Voorlangs het Jaco Jacobs met sy dryfspel beïndruk en net soos Kruger drie keer agter die doellyn gaan kuier.[294]

Die Cravenweek sorg ook jaarliks vir verrassings. Boland het vir die grootste skok in 1993 gesorg deur vir die hoogaangeskrewe Vrystaters op die eerste dag met 31-23 die loef af te steek. Dit was die Wynboere se eerste sege in elf jaar oor Vrystaat en is moontlik gemaak deur vindingryke agterspel en die meesterlike uitbuiting van die Blikore se foute.[295] Boland kon egter nie op die puik vertoning voortbou nie en moes later die knie voor Transvaal (20-21) en Oos-Transvaal (13-27) buig.[296] Vrystaat, daarenteen, het na die nederlaag weer ritme in hul tradisionele hardloopspel gevind om vir Verre Noord (28-17) en Transvaal (40-18) te klop.[297] Die Vrystaters het met die twee seges gesorg dat hulle na afloop van die eerste drie dekades steeds oor die beste rekord op die Cravenweek spog.

SAMEVATTING

Die opwindende Blikore was in 72,22% van hulle wedstryde onoorwonne. Die vertoning van al die spanne sedert die eerste Cravenweek in 1964 in Oos-Londen in volgorde van wedstryde gespeel,

---

293 Beeld, 6, 8 en 12 Julie 1993.

294 The Citizen, 6, 8 and 12 July 1993; Beeld, 6, 8 en 12 Julie 1993; Die Burger, 6, 8 en 12 Julie 1993.

295 Die Burger, 8 Julie 1993.

296 Beeld, 8 en 12 Julie 1993.

297 Die Volksblad, 8 en 12 Julie 1993.

gewen, gelykop, verloor, punte vir, punte teen, persentasie wedstryde onoorwonne, lyk so:

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vrystaat | 90 | 58 | 7 | 25 | 1 680 | 1 037 | 72,22 |
| Suidoos-Transvaalse Vyftiental | 3 | 2 | 0 | 1 | 133 | 46 | 66,66 |
| NTvl-Streekspan | 3 | 2 | 0 | 1 | 37 | 28 | 66,66 |
| Transvaalse Vyftiental | 63 | 40 | 2 | 21 | 1 013 | 748 | 66,66 |
| Westelike Provinsie | 90 | 56 | 4 | 30 | 1 487 | 856 | 66,66 |
| Transvaal | 90 | 52 | 8 | 30 | 1 402 | 1 192 | 66,66 |
| Suidoos-Transvaal | 75 | 45 | 4 | 26 | 1 248 | 1 075 | 65,33 |
| Oos-Transvaal | 90 | 50 | 9 | 31 | 1 377 | 1 069 | 65,55 |
| Oostelike Provinsie | 90 | 54 | 3 | 33 | 1 346 | 1 074 | 63,33 |
| Noord-Transvaal | 90 | 53 | 4 | 33 | 1 292 | 1 050 | 63,33 |
| Stellaland | 63 | 32 | 4 | 27 | 942 | 947 | 57,14 |
| Vaaldriehoek | 30 | 16 | 1 | 13 | 500 | 468 | 56,66 |
| Natal | 90 | 47 | 4 | 39 | 1 391 | 1 224 | 56,66 |
| Wes-Transvaal | 90 | 45 | 5 | 40 | 1 322 | 1 203 | 55,55 |
| Noord-Vrystaat | 78 | 34 | 9 | 35 | 1 056 | 1 137 | 55,12 |
| Griekwaland-Wes | 90 | 46 | 2 | 42 | 1 197 | 1 321 | 53,33 |
| Laeveld | 27 | 14 | 0 | 13 | 413 | 417 | 51,85 |
| Oos-Kaapse Vyftiental | 6 | 3 | 0 | 3 | 55 | 143 | 50,00 |
| Suidwestelike Distrikte | 90 | 44 | 1 | 45 | 1 205 | 1 188 | 50,00 |
| Verre Noord | 78 | 34 | 5 | 39 | 1 300 | 1 171 | 50,00 |
| SA-Projektespan | 6 | 2 | 1 | 3 | 106 | 120 | 50,00 |
| Boland | 90 | 40 | 4 | 46 | 1 056 | 1 156 | 48,88 |
| OVS-Platteland | 15 | 7 | 0 | 8 | 193 | 237 | 46,66 |
| Suidwes-Afrika | 78 | 29 | 7 | 42 | 988 | 1 088 | 46,15 |
| Grens | 90 | 36 | 5 | 49 | 1 163 | 1 325 | 45,55 |
| Oos-Vrystaat | 78 | 34 | 1 | 42 | 1 110 | 1 194 | 44,87 |
| Noordwes-Kaap | 84 | 34 | 4 | 46 | 1 194 | 1 340 | 42,85 |
| Noordoos-Kaap | 90 | 30 | 5 | 55 | 1 174 | 1 353 | 38,88 |
| Noord-Natal | 72 | 24 | 3 | 45 | 1 027 | 1 260 | 37,50 |
| Rhodesië | 45 | 16 | 0 | 29 | 548 | 709 | 35,55 |
| Natal-Streekspan | 3 | 1 | 0 | 2 | 55 | 43 | 33,33 |
| OVS-Streekspan | 3 | 1 | 0 | 2 | 48 | 40 | 33,33 |
| WP-Streekspan | 3 | 1 | 0 | 2 | 60 | 76 | 33,33 |
| SA-Skolesportraad | 3 | 1 | 0 | 2 | 22 | 43 | 33,33 |
| OP-Streekspan | 3 | 1 | 0 | 2 | 34 | 112 | 33,33 |
| WP-Liga | 30 | 6 | 2 | 22 | 298 | 467 | 26,66 |
| Suid-Vrystaat | 48 | 10 | 2 | 36 | 449 | 904 | 25,00 |
| SA-Federasie-Platteland | 15 | 2 | 0 | 13 | 96 | 453 | 13,33 |
| Boland-Federasie | 15 | 1 | 0 | 14 | 104 | 425 | 06,66 |
| Tvl-Streekspan | 3 | 0 | 0 | 3 | 32 | 72 | 00,00 |
| Transkei | 3 | 0 | 0 | 3 | 8 | 151 | 00,00[298] |

---

298 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1994, pp. 265-268; Skriftelike mededeling deur Morris Gilbert, 9 Junie 1994, pp. 4-5.

Die uitstaande rekord van die Vrystaat is nog merkwaardiger indien in ag geneem word dat dié provinsie slegs oor die agttiende meeste skolespelers beskik, soos wat uit die volgende tabel blyk:

| Provinsie | Spelertal |
|---|---|
| Transvaal<br>Transvaalse Vyftiental | 18 720 |
| Natal | 6 825 |
| Noord-Transvaal | 6 165 |
| Westelike Provinsie | 5 580 |
| Oostelike Provinsie | 5 488 |
| Suidwestelike Distrikte | 5 460 |
| Boland | 5 400 |
| Suidoos-Transvaal | 3 800 |
| Grens | 3 150 |
| Oos-Transvaal | 2 805 |
| Noord-Vrystaat | 2 600 |
| Noordoos-Kaap | 2 469 |
| Wes-Transvaal | 2 460 |
| Verre Noord | 2 295 |
| Vaaldriehoek | 2 125 |
| Griekwas | 1 860 |
| Oos-Vrystaat | 1 695 |
| Vrystaat | 1 560 |
| Noord-Natal | 1 095 |
| Stellaland | 900 |
| Laeveld | 855 |
| Noordwes-Kaap | 810 |
| Totaal | 96 734[299] |

Jos Labuschagne, voormalige afrigter van Vrystaat se skolespan en die SA-skolespan, meld dat die kern van Grey-kollege se spelers een van die sterkste hoekstene van Vrystaat se sukses is. Dié skool se beproefde vyftienmanpatroon waarin hardloopspel gedy, het ook die Vrystaat se spelpatroon geword. Verder is die benadering van die ander skole-afrigters in Bloemfontein op dieselfde lees geskoei en hulle het dus maklik by die spelers van

299 SARR argief: Oorsig van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie se werksaamhede gedurende 1993, p. 40.

Grey-kollege ingepas. Die beskikbare skoletalent word ook elke Saterdag in die seisoen deur die keurders as 'n groep dopgehou, want al die skole se eerstespanne speel op 'n sentrale veld. Die gevolg is dat min foute gemaak word met die kies van dié span. Die keurders word ook jaarliks op die Vrystaatse Skolerugby-vereniging se onkoste na die Cravenweek gestuur en elkeen weet dus aan watter vereistes 'n Cravenweekspeler moet voldoen. Labuschange skryf ook laastens dat omrede die span grotendeels uit Grey-kollege se spelers bestaan, daar nooit enige probleme met samespel en spangees bestaan nie.[300]

Stonie Steenkamp, 'n voormalige afrigter van die Vrystaatse en SA-skolespan, sluit by Labuschange aan wanneer hy die opwindende spelpatroon as een van die vernaamste redes vir Vrystaat se sukses uitsonder. Om die hardloopbenadering te volvoer is dit egter noodsaaklik dat spelers se basiese vaardighede goed moet wees. Juis daarom word by Grey-kollege besondere aandag aan dié saak geskenk. Verder word van die mees bekwame afrigters by die O/14-spanne geplaas sodat die spelers van jongs af die regte leiding ontvang. Die hantering en hardloopvaardighede sorg dat Grey-kollege en Vrystaat drieë vanaf elke moontlike hoek van die veld kan behaal.[301]

Vrystaat se vertonings het sedert 1987 begin afplat. In dié jaar was Vrystaat nog in 76,73% van sy wedstryde onoorwonne. Na afloop van 1993 se toernooi het die persentasie na 72,22% gedaal.[302] Die Blikore het in die laaste agt jaar net twee keer (1988 en 1992) in die hoofwedstryd van die toernooi gespeel.[303] Die vernaamste rede hiervoor was dat Grey-kollege sedert die middel

---

300 Skriftelike mededeling deur Jos Labuschagne, 2 Augustus 1993, p. 4.

301 Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993.

302 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1986, p. 239 en 1994, p. 268.

303 Die Burger, 18 Julie 1988.

tagtigerjare tot agttien spelers vir die Vrystaatse span voorsien het. Ander Bloemfonteinse skole soos Sentraal, Sand du Plessis, Hoër Tegniese Skool en Jim Fouché het nie meer die soliede ondersteuning soos vroeër aan Grey-kollege verleen nie.[304]

Die Suidoos-Transvaalse Vyftiental, Noord-Transvaal-Streekspan, Transvaal, Transvaalse Vyftiental en die WP bekleë gesamentlik die tweede plek met 66,66%. Die eersgenoemde twee spanne het slegs aan een toernooi deelgeneem en kan dus nie werklik beoordeel word nie. Verder het hulle teen swak teenstand gespeel.[305] Die Transvaalse Vyftiental, wat reeds 63 wedstryde op die Cravenweek gespeel het se knap prestasie is eerstens te danke aan die groot spelerdiepte in dié provinsie (18 720) en tweedens is hulle meestal teen die swakker spanne geplaas. Transvaal het deurentyd onder die voorste spanne getel.[306] Transvaal se krag is net soos sy Vyftiental s'n gesetel in sy spelerdiepte met Hoërskool Monument (141 Cravenweekspelers) sy vernaamste steunpilaar.

Westelike Provinsie het ook voortreflik op die Cravenweek presteer.[307] Die Kapenaars se krag het in sy sterk rugbyskole gesetel. Hier het veral die twee skole van Paarl, naamlik Hoër Jongenskool en Paarl Gimnasium, uitgestyg. Eersgenoemde het die meeste Cravenweekspelers vir die WP voorsien met Paarl Gimnasium

---

304 Skriftelike mededeling deur Jos Labuschagne, 2 Augustus 1993, p. 6; Mondelinge onderhoude met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993 en Daan de Wet, 6 Junie 1992.

305 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1994, p. 366; Skriftelike mededeling deur Morris Gilbert, 9 Junie 1994, p. 5; Beeld, 6-10 en 12 Julie 1993.

306 Skriftelike mededeling deur Morris Gilbert, 9 Junie 1994, p. 5; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1994, pp. 256-266; Havenga (red.), Hoërskool Monument 70, 1921-1991, pp. 105 en 116.

307 Ibid.

kort op hulle hakke.[308] Benewens hierdie twee skole het Bishops en Paul Roos Gimnasium van Stellenbosch ook deurentyd die WP van 'n ryke stroom spelers voorsien.

Suidoos-Transvaal is die voorste plattelandse bond (65,33%). Die Steenkoolvelders se drie sterk rugbyskole, naamlik Hoër Tegniese Skool Middelburg, Hoërskool Middelburg en Hoërskool Ermelo was een van die vernaamste redes vir hierdie sukses en het deurentyd 'n stewige kern verleen. Die keurstelsel bepaal dat die keurders nie verantwoordelik mag wees vir die afrigting van hul skole se eerstespanne nie. Gevolglik kan hulle meer rondreis om ander spanne te sien speel en is nie so nou betrokke by hul eie skole nie.[309]

OP (63,33%) en Noord-Transvaal (63,33%) het ook skaflik tydens die Cravenweek gevaar.[310] OP het veral in die middel en laat sewentigerjare 'n glorietydperk beleef het en het toe oor van die mees uitstaande spelers in die geskiedenis van die toernooi in Danie Gerber, Tino Kankowski, Jan Serfontein, Robert Blignaut en Andrew Johnson beskik.[311]

---

308 Smit (red.), Gimnasium, 1858-1983, pp. 65-66; Brand (red.), Hoër Jongenskool Paarl. Die eerste 120 jaar (1868-1988), p. 11; Mondelinge onderhoud met Pieter Warnich, 28 Julie 1992; Amptelike program van die 29ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 13-18 Julie 1992, p. 47; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 59.

309 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1994, pp. 265-266; Skriftelike mededeling deur Morris Gilbert, 9 Junie 1994, p. 5; Mondelinge onderhoude met Henk Steenkamp, 25 Mei 1993 en J.F.W. Potgieter, 6 Julie 1993.

310 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1994, pp. 265-266; Skriftelike mededeling deur Morris Gilbert, 9 Junie 1994, pp. 5-6.

311 Amptelike program van die 20ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 13-18 Junie 1992, p. 43; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 50.

Noord-Transvaal het van 1990 af as die vernaamste skolekrag na vore getree. Die Afrikaanse Hoër Seunskool het jaarliks die kern van die span gevorm met Hoërskool F.H. Odendaal, Hoërskool Menlopark en Hoërskool Waterkloof in die sterkste ondersteunende rolle. Verder het die Blou Bulletjies oor knap afrigters in Poerie van Rooyen, Jackie Tredoux en Jan Opperman beskik.[312] Die plattelandse bonde Stellaland (900) en Laeveld (855) het ondanks hulle min spelers nogtans presteer deur onderskeidelik in 57,14% en 51,85% van hulle wedstryde onoorwonne te wees.[313]

Aan die debietkant het Natal en Grens nie na verwagting presteer nie. Natal was in die eerste dekade 'n toonaangewende skolekrag. Die Piesangboere het egter daarna 'n insinking beleef en het veral in die negentigerjare die wind van voor gekry. Maritzburg College wat die vernaamste voedingsbron vir die Natallers se Cravenweekspan is, was in die negentigerjare ook nie meer die dominerende krag van vroeër nie en dit het die Natallers se vertonings nadelig beïnvloed. Verder het die besluit van die Natalse Skolevereniging om nie meer postmatrikulasie-skoliere in die Cravenweekspan in te sluit nie, ook bygedra tot die broekskeurdae.[314] Ter versagting van die Piesangboere kan gemeld word dat hulle tydens elke Cravenweektoernooi teen van die sterkste spanne geplaas is. Dieselfde argument geld vir Grens se skolespan.

Hoewel Grens oor 3 150 skolespelers en oor sterk rugbyskole soos Selborne College, Dale College en Queen's College beskik, het die span teleurgestel. Dié Bruintruie kon slegs 36 van hulle 90 wedstryde wen en in vyf kragmetings gelykop speel. Die vernaamste

---

312 Skriftelike mededeling deur Morris Gilbert, 9 Junie 1994, p. 8.

313 SARR argief: Oorsig oor die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie in 1993, p. 40; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1994, p. 266; Skriftelike mededeling deur Morris Gilbert, 9 Junie 1994, p. 5.

314 Skriftelike mededeling deur Skonk Nicholson, 22 Augustus 1993, p. 2.

rede hiervoor is dat Grens, volgens Jan Preuyt, telkens die barometer is waaraan die sterkste spanne by die Cravenweek gemeet moet word.[315] Die Streekspanne, Projektespanne, Federasiespanne en Ontwikkelingspanne wat volgens SARVU se ontwikkelingsprogram aan die Cravenweek deelneem en uit spelers van alle rassegroepe bestaan, het ook 'n droewige vertoningslys.[316] Aan die boonste kant van die spektrum het Vrystaat egter nie net die beste vertoningslys van alle spanne by die toernooi nie, maar het ook die meeste spelers vir die SA-skolespan voorsien.

---

315 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 31 Augustus 1992.

316 SARR argief: Oorsig van die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie in 1993, p. 40; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1994, p. 266; Skriftelike mededeling deur Morris Gilbert, 9 Junie 1994, p. 5.

# HOOFSTUK 5

# DIE SA-SKOLESPAN (1974-1993)

## DIE AANLOOP

Net soos in die geval met die Cravenweek het die inisiatief vir die kies van 'n SA-skolespan ook vanuit tweërlei rigtings ontwikkel. Piet Malan het reeds tydens die rugbyfees op Potgietersrus in 1963 die kies van 'n SA-skolespan by dr. Craven aangeroer en laasgenoemde was nie ongeneë vir so 'n voorstel nie.[1] Die plaaslike organiserende komitee van die 1964-Cravenweek, onder voorsitterskap van Jan Preuyt, het hom terselfdertyd ook beywer vir die kies van so 'n span. In 'n skrywe aan die Suid-Afrikaanse Rugbyraad op 18 Maart 1964 het H.B. Robbie, sekretaris van die plaaslike organiserende komitee, voorgestel dat die SA-skole se A-span teen dié skole se B-span in die hoofwedstryd van die toernooi op Saterdag 11 Julie 1964 te staan kom.[2]

Die SARR het die voorstel goedgekeur en in samewerking met die plaaslike organiserende komitee, is 'n konsepgrondwet opgestel waarin gemeld word dat die: "SA-skolespan teen spanne sal speel wat aangewys word deur die skolerugbyunie wat as gasheer optree."[3] In dié grondwet word bepaal dat "'n keurkomitee benoem sal word om 'n SA-skolespan te kies en sal uit die volgende drie lede bestaan:- (a) 'n keurder benoem deur die SA-Rugbyraad, by voorkeur 'n nasionale keurder, (b) 'n keurder benoem deur die plaaslike rugbyunie, by voorkeur 'n rugbyunie keurder en (c) 'n

---

1 Transvaler, 17 Junie 1964; Mondelinge onderhoud met Piet Malan, 26 Junie 1992; Amptelike program van die Toyota Cravenweek 1980, p. 17.

2 Grens Rugbyunie argief: Border Rugby Football Union, proposed Schools' Rally, 18 March 1964, p. 1.

3 Suid-Afrikaanse Rugbyraad argief: Voorgestelde konsepgrondwet vir die Danie Cravenweek, 17 April 1964, p. 2.

onderwyser deur die onderwyser-bestuurders op die Cravenweek benoem."[4] Verder sou elkeen van die verkose spelers voorsien word van die SA-skolespan se wapen, wat nog ontwerp moes word. Die wapen sou op 'n donkerblou kleurbaadjie gedra word en die koste van die wapens sou die verantwoordelikheid van die SARR wees.[5]

Die plaaslike organiserende komitee het in oorleg met die SARR die keurkomitee na vyf lede toe vergroot. Die keurders was Basil Kenyon, 'n gewese Springbokkaptein, Bert Kipling, 'n gewese Springbok, Izak van Heerden, tóe die afrigter van Natal, C.B. Jennings, 'n gewese Springbok en tóe 'n keurder van Grens se seniorspan en Eddie Bartel, 'n afgetrede skoolhoof en ook 'n keurder van Grens se seniorspan.[6] Die plaaslike organiserende komitee het, nadat die finale program vir die Cravenweek opgestel is, egter nie tyd vir 'n wedstryd vir die SA-skolespan gevind nie en die span sou dus gekies word, maar geen wedstryd speel nie.[7]

Die kies van 'n SA-skolespan het egter nie allerweë goedkeuring uitgelok nie. Hoewel dr. Craven die kies van so 'n span voorgestaan het, was daar meer konserwatiewe lede van die SARR wat geglo het dat 'n skoolseun nie nasionale kleure moet verwerf nie omrede dit hom 'n 'grootkop' sou besorg.[8] Verder was daar van die skoolhoofde wat om dieselfde rede nie ten gunste van 'n SA-skolespan was nie. Jan Preuyt, Wouter du Toit, in 1964 bestuurder van die Transvaalse Cravenweekspan, en Skonk Nicholson, in 1964 bestuurder van Natal, wat almal by die

---

4 Ibid.

5 Ibid.

6 Transvaler, 17 Junie 1964; GRU argief: Border Rugby Football Union, Proposed Schools' Rally, 14 May 1964, pp. 1-2.

7 GRU argief: Border Rugby Football Union, Proposed Schools' Rally, 14 May 1964, pp. 1-2.

8 Mondeling onderhoude met Jan Preuyt, 7 Julie 1993 en Wouter du Toit, 15 Julie 1993.

vergadering teenwoordig was, meld dat die onderwyser-bestuurders van die Cravenweekspanne in hul vergadering op 10 Julie 1964 teen die kies van 'n SA-skolespan besluit het, omdat hulle van mening was dat 'n skoolseun nie nasionale kleure behoort te kry nie.[9]

Die Burger van 13 Julie 1964 en bogenoemde drie persone was dit eens dat nog 'n rede vir die besluit om die SA-skolespan te skrap, die mededingende faktor was. Verskeie skole in die Westelike Provinsie, Transvaal, Wes-Transvaal en Noord-Transvaal wou juis nie aan die Cravenweek deelneem nie, omdat hulle teen die toekenning van provinsiale kleure vir skoolseuns was. 'n Nasionale skolespan sou hulle nog verder afskrik om aan die Cravenweek deel te neem.[10] Dr. Craven het die SARR by die vergadering verteenwoordig en hy het die Cravenweekbestuurders se besluit aanvaar met die gevolg dat die "South African Schools Fifteen were deleted from the Draft Constitution".[11]

Jan Preuyt het hom egter nie deur dié besluit van stryk laat bring nie en het vanaf 1965, toe hy as voorsitter van die SA-Skolerugbyvereniging gekies is, hom onverpoos vir die kies van 'n SA-skolespan beywer. Die sukses van die SA-skole se krieketspan het Preuyt die waarde van 'n soortgelyke skolespan vir rugby laat insien.[12] Preuyt het in 1969 uit 'n onverwagte oord hulp gekry. 'n Australiese skolespan het Suid-Afrika in 1969 besoek. Dié skolespan het puik rugby opgedis en het slegs teen Griekwas verloor. W.S. Toft, bestuurder van die Australiese toerspan, het

---

9 SARR argief: Minutes of the Craven Week Managers Meeting held at B.R.U. Grounds, Friday 10 July 1964, p. 2; Mondelinge onderhoude met Jan Preuyt, 7 Julie 1993 en Wouter du Toit, 15 Julie 1993; Skriftelike mededeling deur Skonk Nicholson, 28 Julie 1993.

10 Die Burger, 13 Julie 1964; Mondelinge onderhoude met Jan Preuyt, 7 Julie 1993 en Wouter du Toit, 15 Julie 1993; Skriftelike mededeling deur Skonk Nicholson, 28 Julie 1993.

11 SARR argief: Minutes of the Craven Week Managers Meeting held at the B.R.U. Grounds, Friday 10 July 1964, p. 2.

12 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 7 Julie 1993.

na afloop van die toer in 'n brief aan die SASRV gemeld dat die Suid-Afrikaanse skoolspanne vêr onder hulle potensiaal speel. Preuyt het hom volmondig gesteun en gesê dat die gebrek aan 'n nasionale skolespan die room van ons skoolspelers die kans ontsê om nog verder te ontwikkel.[13]

Na aanleiding van Preuyt se vurige pleidooi het die Uitvoerende Bestuur van die SASRV, tydens sy vergadering op 3 April 1970, eenparig die wens uitgespreek dat 'n SA-skolespan saamgestel moet word en is daar besluit om dit as 'n mosie aan die jaarvergadering van dié Vereniging in Julie voor te stel.[14] 'n Dag na dié vergadering het die Uitvoerende Bestuur van die SASRV en die Dagbestuur van die SARR vergader en onder andere ook die moontlikheid van die samestelling van 'n SA-skolespan bespreek. Dr. Craven het tydens die vergadering gesê dat die Springbokke 'n onverbiddelike benadering moet hê en dat dit reeds by die skoolseuns gekweek moet word. Hy het bygevoeg dat laerskole in Brittanje reeds op internasionale vlak speel en dat Suid-Afrika in dié opsig vêr agter is. Volgens dr. Craven was hy bewus dat van die konserwatiewe skoolhoofde gekant was teen die samestelling van 'n nasionale skolespan, maar in belang van Suid-Afrikaanse rugby moes die skoolseuns nou reeds in 'n SA-skolespan vir die toekoms ontwikkel word.[15]

Preuyt het dr. Craven ondersteun, maar J.P. Pretorius, Dagbestuurslid van die SARR, was van mening dat daar eers vasgestel moet word wat die kanse was om 'n SA-skolespan oorsee te stuur alvorens die Dagbestuur sy goedkeuring verleen. Verder het Pretorius voorgestel dat die skoleverteenwoordigers die saak voor die SASRV se jaarvergadering deeglik met hul onderskeie unies en

---

13 SARR argief: Notule van die Uitvoerende Bestuur van die SA Skolekomitee, 3 April 1970, p. 1.

14 Ibid.

15 SARR argief: Notule van 'n vergadering van die Dagbestuur van die Raad en Uitvoerende Bestuur van die SA Skolekomitee, 4 April 1970, pp. 1-2.

die skoolhoofde moet uitpluis en dat die skoleverteenwoordigers met 'n besliste mandaat na die 1970-Cravenweek op Salisbury, Rhodesië, moet kom.[16] Die voorstel is aanvaar en tydens die SASRV se jaarvergadering op 17 Julie 1970 het Preuyt die vloer geopen deur te meld dat dit die ideaal van die Uitvoerende Bestuur van die SASRV was dat 'n SA-skolespan gekies word. J.F. Louw, adjunkpresident van die SARR, het egter in die afwesigheid van dr. Craven die wind uit die seile van die pro-SA-skolegroep gehaal, deur te waarsku dat daar versigtig te werk gegaan moes word om op internasionale vlak deel te neem.[17]

Die notule brei nie uit oor die "versigtig ... te werk gegaan word" nie en Louw is ook reeds oorlede. Volgens Jan Preuyt kan egter met redelike sekerheid aanvaar word dat hy enersyds die politieke strominge teen Suid-Afrika bedoel het en andersyds het Louw hom aangesluit by die konserwatiewe groep, wat die toekenning van nasionale kleure aan skoolseuns teengestaan het. Na die spreekbeurt van Louw het Preuyt die saak vir bespreking oopgestel, ten einde die menings van die skole-unies in te win. Wyd uiteenlopende opinies is gehuldig, met die gevolg dat die SASRV besluit het om geen aanbeveling in dié verband by die SARR te maak nie en die saak hangende te laat tot tyd en wyl 'n uitnodiging ontvang word om teen 'n ander land te speel.[18] Hier het die meerderheid skole-unies hul dus by die Dagbestuurslid van die SARR, J.P. Pretorius, geskaar wat gesê het dat 'n oorsese toer eers gereël moes word alvorens so 'n skolespan gekies word.[19]

---

16 Ibid., p. 2.

17 SARR argief: Verkorte notule van die sewende jaarvergadering van die SA Skolevereniging, 17 Julie 1970, p. 5.

18 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 8 Julie 1993; SARR argief: Verkorte notule van die sewende jaarvergadering van die SA Skolevereniging, 17 Julie 1970, p. 5.

19 SARR argief: Notule van 'n vergadering van die Dagbestuur van die Raad en Uitvoerende Bestuur van die SA Skolekomitee, 4 April 1970, p. 2.

Die sportisolasie van Suid-Afrika het die reël van so 'n toer bitter moeilik gemaak en die kies van 'n SA-skolespan is op die ys geplaas. Dr. Craven het hom egter steeds sterk ten gunste van die samestelling van so 'n span uitgelaat. In die SA Rugbyskrywersjaarboek van 1971 meld dr. Craven dat die Cravenweek net een leemte het en dit is die gebrek aan die samestelling van 'n SA-skolespan. In dié opsig verklaar hy dat "omdat daar aan die einde van die toernooi geen SA-skolerugbyspan gekies word nie, haal dit nie die beste uit ons seuns nie. Ek weet dat daar steeds teen die gedagte van 'n SA-skolespan geskop word. Dit sal dalk 'n goeie ding wees om teen die einde van die week vier spanne te kies en hulle teenmekaar te laat speel. Na die wedstryde kan 'n finale SA-skolevyftiental gekies word."[20] Voorts berig dr. Craven dat die spelers wat nie die span gehaal het nie, pleks van die stewels na die Cravenweek op te hang met die gedagte dat hulle bereik het wat hulle wou, nou nog meer vasberade sou wees om die boonste sport van die leer te bereik.[21]

Na aanleiding van dr. Craven se pleidooi het die samestelling van 'n SA-skolespan nog 'n stappie verder gevorder toe die Dagbestuur van die SARR en die Uitvoerende Bestuur van die SASRV op 'n gesamentlike vergadering op 3 April 1971 besluit het om J.F. Louw en A.K. Volsteedt, Raadsverteenwoordiger by die SASRV, te versoek om oorsee die moontlikheid van 'n skoletoerspan na Suid-Afrika te ondersoek. So 'n span kon moontlik aan die 1973-Cravenweek op Stellenbosch meeding en na afloop van die toernooi teen 'n SA-skolespan speel.[22] In die SASRV se voorsittersverslag vir 1971/72 meld Jan Preuyt dat die besoek 'n sukses was en dat 'n

---

20 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1971, p. 100.

21 Ibid.

22 SARR argief: Notule van 'n vergadering van die Raad en Uitvoerende Bestuur van die SA Skolevereniging, 3 April 1971, p. 2.

Walliese skolespan bes moontlik aan die 1973-Cravenweek sou deelneem.[23]

Met die moontlikheid van die besoek van 'n oorsese toerspan het die jaarvergadering van die SASRV in 1972 besluit om die beleid om skolerugby ook op internasionale vlak te speel, goed te keur.[24] Preuyt, Nicholson en Stonie Steenkamp, vanaf 1968 by die Vrystaatse Cravenweekspan betrokke, sê ook dat die meer konserwatiewe rugbylui mettertyd meer aan die gedagte van 'n SA-skolespan gewoond geraak het. Verder het die rugbylui gesien dat hul vrese dat die Cravenweekspelers en die SA-skolespelers se 'koppe te groot sou raak', ongegrond was.[25]

Die Volksblad van 10 Julie 1972 berig dat die pleidooi van A.K. Volsteedt, voorsitter van die Vrystaatse Rugbyunie en die verteenwoordiger van die SARR by die SASRV, die deurbraak vir die SA-skolespan gemaak het. Volsteedt het gesê dat die O/19-spanne van Australië en Nieu-Seeland al jare teen mekaar speel. Die vier Britse Unies, Engeland, Wallis, Skotland en Ierland sowel as die Franse speel al sedert 1922 teen mekaar op O/19-vlak. Volgens Volsteedt, wat eerstehandse kennis tydens die feitesending oorsee opgedoen het, het die lande by die internasionale skolekontak gebaat.[26]

Die SARR het die besoek van die Walliese span goedgekeur, maar tydens die vergadering tussen die Dagbestuur van die SARR en die Uitvoerende Bestuur van die SASRV het dr. Craven die nuus oorgedra dat die Walliesers weens Suid-Afrika se apartheids-

---

23 SARR argief: SA Skolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1971/72, p. 9.

24 SARR argief: SA Skolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1972/73, p. 6.

25 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 8 Julie 1993 en Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993; Skriftelike mededeling deur Skonk Nicholson, 28 Julie 1993.

26 Die Volksblad, 10 Julie 1972.

politiek nie meer bereid was om met die toer voort te gaan nie. Die SARR het die beginsel van 'n SA-skolespan afgekeur indien dié span nie teen 'n oorsese span sy staal kon toon nie.[27] Die riglyn vir die SASRV was dus duidelik: 'n SA-skolespan sou alleenlik gekies kan word indien internasionale kompetisie gevind word. Uit eie geledere is ook nog teenstand ondervind toe Natal en OP dit op die jaarvergadering van die SASRV laat notuleer het dat hulle bedenkinge het oor die kies van 'n SA-skolespan.[28]

Skonk Nicholson, wat by dié vergadering teenwoordig was, sê dat van die Natalse skoolhoofde, wat ook onder die afgevaardigdes na die jaarvergadering getel het, nog steeds van mening was dat die skoolseuns te vroeg, te veel louere sou inoes en dat hulle na skool vir die spel verlore sou gaan indien hulle op O/20-vlak weer voor klein skares en met min blootstelling sou speel. Nicholson vind dit egter snaaks dat dieselfde skoolhoofde die SA-skolespanne in hokkie en krieket goedgekeur het.[29] Meyer Sauerman meld dieselfde in die geval van sommige skoolhoofde in die Oos-Kaap.[30] Een rede vir hulle standpunt is moontlik dat rugby 'n meer konserwatiewe sportsoort is en dat die skoolhoofde gevoel het dat nasionale kleure op skolevlak nie by die inherente waardes, soos dissipline en 'n spanspel, van dié sportsoort pas nie.

Jan Preuyt en sy Uitvoerende Bestuur van die SASRV, het egter steeds onverpoos gewerk vir die daarstelling van 'n SA-skolespan. Die deurbraak is gemaak toe 'n toer na Frankryk en Italië beklink is. Albert Ferasse, president van die Franse Rugbyunie, was Suid-Afrikaanse rugby goedgesind en het ingewillig dat 'n Springbok-

---

27 SARR argief: Notule van 'n vergadering van die Dagbestuur van die Raad en Uitvoerende Bestuur van die SA Skolekomitee, 9 Februarie 1973, pp. 1-2.

28 SARR argief: Notule van die tiende algemene jaarvergadering van die SA Skolerugbyvereniging, 6 Julie 1973, p. 3.

29 Mondelinge onderhoud met Skonk Nicholson, 20 Julie 1993.

30 Mondeling mededeling van Meyer Sauerman, 13 Julie 1993.

span sowel as 'n SA-skolespan die land in 1974 kon besoek. Verder is rugby 'n lae-profiel sportsoort in Italië en was die SASRV van mening dat die toer sonder veel publisiteit en die gevolglike anti-apartheidsbetogings, sy gang kon gaan. Die SARR het nadat die toere beklink is sy seën vir die kies van 'n SA-skolespan toegesê.[31] Die Uitvoerende Bestuur het verder besluit dat 45 spelers gedurende die 1974-toernooi gekies sou word wat op 28 en 30 September 1974 in Oos-Londen aan proewe sou deelneem vir die kies van die SA-skolespan na Italië en Frankryk.[32]

Tydens die jaarvergadering van die SASRV is die SA-skolespan se toer eenparig goedgekeur. Die SA-skolespan se keurkomitee is ook aangewys. Die ses lede was Jan Preuyt (sameroeper van Grens), Johannes van Wyk (Boland), Ockie Johannes (Verre Noord), Dan Badenhorst (WP), Skonk Nicholson (Natal) en Meyer Sauerman (OP).[33] Die keurkomitee sou op die jaarvergadering van die SASRV deur die afgevaardigdes vir die volgende jaar gekies word. So sou die jaarvergadering van 1975 die keurders vir 1976 aanwys. Alvorens daar na die kies van 1974 se span verwys word, moet die doel en die nut van die SA-skolespan, sowel as die werkswyse van die keurkomitee bespreek word.

DOELSTELLING VAN DIE SA-SKOLESPAN

Volgens Louis Terblanche, voorsitter van die SAHSRV van 1988-1992 is die toekenning van SA-skolespankleure erkenning vir prestasie tydens die Cravenweek gelewer en is dit ook 'n stimulus vir verdere prestasie. Hy sien egter nie dié span as 'n voedingsbron en kweekskool vir latere Springbokke nie. Terblanche sal eerder

---

31 SARR argief: Notule van die vergadering van die SA Skolerugbyvereniging, 22 Maart 1974, pp. 1-2.

32 SARR argief: Notule van die vergadering van die SA Skolerugbyvereniging, 22 Maart 1974, pp. 1-2.

33 SARR argief: Notule van die elfde jaarvergadering van die SA Skolerugbyvereniging, 12 Julie 1974, p. 3.

die klem op die genot van die spel nog op skolevlak wil plaas.[34] Spiere van Rensburg, van 1978-1993 SA-skolespankeurder en vanaf 1988 sameroeper van dié komitee, sluit by Terblanche aan deur te meld dat spelers beslis nie al op skool as latere Springbokke geidentifiseer moet word nie.[35]

Van Rensburg sê dat spelers op grond van hul prestasies gedurende die Cravenweek gekies word en nie noodwendig of hulle kan ontwikkel tot toekomstige Springbokke nie.[36] Stonie Steenkamp, SA-skolespankeurder en afrigter van 1974-1982, sluit by Van Rensburg aan en meld dat Jan Lock, vaskopstut van Suidoos-Transvaal se skolespan in 1982, se potensiaal vir almal daar was om te sien. Lock was egter onfiks en kon buiten sy sterk skrumwerk nie veel aan die ander fasette van die spel deelneem nie. Die keurders het dus gevoel dat hulle hom nie vir die SA-skolespan kon kies nie.[37]

Dawie Crowther, van 1983-1993 lid van die SA-skolespan se keurkomitee, beweer dat die teenoorgestelde weer waar was in die geval van Japie van der Merwe, haker van die Vrystaat in 1985 en Basil de Koning, haker van die OP in 1989. Die keurders het geweet dat die twee hakers te klein en lig was om in seniorrugby hul merk te maak, maar weens hul puik vertonings gedurende die Cravenweek is albei in die SA-skolespan ingesluit.[38] Jan Preuyt, sameroeper van die SA-skolespan se keurkomitee van 1974-1982, stem saam met bogenoemde keurders, dat dié span slegs op vertonings gedurende die toernooi gekies moet word, hoewel hy die span nog as 'n voedingsbron vir die Springbokke ook sien.[39]

---

[34] Mondelinge onderhoud met Louis Terblanche, 5 Julie 1993.

[35] Mondelinge onderhoud met Spiere van Rensburg, 6 Julie 1993.

[36] Ibid.

[37] Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 6 Julie 1993.

[38] Mondelinge onderhoud met Dawie Crowther, 6 Julie 1993.

[39] Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 8 Julie 1993.

Dr. Craven verskil egter van bogenoemde here en skryf in die amptelike program van 1974 se Cravenweek in Johannesburg: "I look forward to a new milestone in Schools' rugby in South Africa, namely, a South African Schools' team. This level, a level being nearer to that of being a Springbok."[40] Dié doyen van Suid-Afrikaanse rugby het daarna talle kere na dié span as die kweekskool van latere Springbokke verwys. 'n Goue middeweg behoort gevolg te word. Die spelers wat tydens die toernooi presteer, moet wel beloon word met die SA-skolespankleure. Die speler wat egter die potensiaal toon om 'n latere Springbok te word, moet egter ook na gekyk word. Die spelers is dikwels van 'n plattelandse unie wat nie gereeld saam kon oefen nie en speel nie saam met sulke uitstaande spelers dat hy op die toernooi kan uitstyg nie.

Die oplossings word deur Stonie Steenkamp verskaf wanneer hy meld dat die SA-skolespan jaarliks op 'n binnelandse of buitelandse toer moet gaan. So kan 'n groter aantal spelers gekies word en kan die keurders voorsiening maak om belowende plattelandse spelers in die span in te sluit sodat hulle potensiaal op die toer ontwikkel kan word.[41]

## WYSE VAN KEURING

Jan Preuyt, Stonie Steenkamp, Dan Badenhorst, Skip Henderson en Spiere van Rensburg - die vyf sameroepers in die twintigjarige bestaan van die SA-skolespan se keurkomitee - meld dat hulle almal die keurders in posisies verdeel het. Die een keurder sal byvoorbeeld op die stutte en hakers let en 'n ander na die slotte, ensomeer. Dan sal keurders mekaar kan kontroleer en oorvleuel. So sal die keurder wat na die skakelpaar omsien, ook na die senters kyk en andersom. Die proses van speler-identifikasie het ook in die twintig jaar nie verander nie. Na

---

40 Amptelike program van die 1974-Cravenweek, Ellispark Johannesburg, p. 2.

41 Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993.

afloop van die eerste twee rondes se wedstryde op die Maandag en Dinsdag, word 'n groslys van spelers opgestel. Van die Woensdag af begin die keurders dan met 'n siftingsproses. Spelers word ook bygevoeg, want van die spanne gebruik hulle reserwespelers in die eerste ronde. Die keurders het op die Vrydag 'n lang vergadering waar die spelers geëvalueer word. Tydens die Saterdag se wedstryde word die spelers dan finaal gekeur.[42]

Oor die finale wyse van keuring na afloop van die Saterdag se wedstryde verskil die keurders egter. Preuyt, Badenhorst, Henderson, Van Rensburg en Crowther voel dat enige verskille deur middel van konsensus opgelos moet word. So moet eenstemmigheid bereik word en stemme moet nie getel word nie.[43] Van Rensburg meld dat die spelpatroon en kombinasies ook 'n rol speel in die uiteindelike keuses.[44] Stonie Steenkamp verskil egter en sê dat elke keurder na afloop van die Saterdag se wedstryde met 'n span wat reeds op skrif is by die vergadering moet opdaag. Indien heelagter A byvoorbeeld vier stemme kry en heelagter B twee stemme dan moet A gekies word. Sodoende kan manipulasie uitgeskakel word.[45] Albei sienings het meriete, maar die navorser meen dat die keurders, sonder 'n verskuilde agenda om sy provinsie se spelers in die span te kry, deur konsensus die beste span kan kies, veral waar die inagneming van die spelpatroon belangrik is. Dié metode word twintig jaar al gebruik.

---

42 Mondelinge onderhoude met Jan Preuyt, 8 Julie 1993, Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993, Dan Badenhorst, 23 Julie 1993; Spiere van Rensburg, 6 Julie 1993 en Skip Henderson, 15 Julie 1993.

43 Mondelinge onderhoude met Jan Preuyt, 8 Julie 1993, Dan Badenhorst, 23 Julie 1993 en Spiere van Rensburg, 6 Julie 1993.

44 Mondelinge onderhoud met Spiere van Rensburg, 6 Julie 1993.

45 Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993.

## LEEFWYSE VAN DIE KEURDERS

Juis omrede objektiwiteit so 'n belangrike rol by bogenoemde keuringsproses speel, moet die keurders dikwels op die Cravenweek 'n alleenbestaan voer. Spiere van Rensburg meld dat die keurders nie te veel met die ander administrateurs op die Cravenweek kan meng nie, want dan word hulle van subjektiwiteit beskuldig. Verder is dit 'n vermoeiende taak, want elke wedstryd van die toernooi moet dopgehou word sodat elke speler sy regmatige kans gegun kan word om die SA-skolespan te haal.[46] Die keurders is dus dikwels op hulle eie vermaak aangewys. So het Meyer Sauerman, wat die senters moes keur, se medekeurders hom in 1982 die hele toernooi op hol gehad met 'n briljante (dog fiktiewe) Pretorius van Noordwes-Kaap. Die keurders het ook hul eie inisiasieproses gehad en Skip Henderson het gedurende 'n etensuur in 1987 slaappille in die roomys van 'n nuwe keurder, Gawie Jooste, geplaas. Jooste kon ten aanskyn van die hele pawiljoen nie na etenstyd sy oë oophou nie.[47] Dit was vir die keurders in 1974 egter juis nodig om hul oë wawyd oop te hou sodat die beste 45 spelers gesif kon word.

## DIE JUNIOR BOKKIES MAAK HUL BUIGING

Die SA-skolekeurders het, nadat hulle die 45 spelers vir die skoleproewe in Oos-Londen aangewys het, 'n onverwagse meevaller gekry. Die Skotse toerspan sou vanaf 20 Julie 1974 in Rhodesië toer en Jan Preuyt het met die idee vorendag gekom om dié span na Suid-Afrika te nooi. Die Skotte het ingewillig om hul toer in Suider-Afrika met twee wedstryde te verleng. Die toerspan het op 7 Augustus in Durban met 7-11 die onderspit teen Natal gedelf, voordat hulle die SA-skolepan op 10 Augustus op Ellispark

---

[46] Mondelinge onderhoud met Spiere van Rensburg, 6 Julie 1993.

[47] Mondelinge onderhoud met Dawie Crowther, 6 Julie 1993.

aangedurf het.[48] Die SA-skolekeurders het besluit om die A-span vir die proewe net so vir die kragmeting teen die Skotte te kies. Die SA-skolespan het in 'n ou-goud trui, met 'n groen kraag en mansjette, swart broek en groen kouse met 'n geel omslag op die veld gedraf.[49]

Hierdie eerste SA-skolespan wat in die pronkerige gewaad hul passies kon toon, het in normale spanverband so gelyk: John Bonthuys (WP), Warren Kruger (WP), Robert Bolus (WP), Fanie Campher (Stellaland), Agie Koch (WP), Lee Barnard (Tvl), Michael Laubscher (WP), Deon Visagie (W-Tvl), Ockert Stoop (O-Tvl), Daan Roux (Stellaland), André du Preez (SWD), Bernard Pienaar (WP), Shane Carty (Tvl), Mark Kleinenberg (Grens) en Ernst Kruger (Tvl). Bernard Pienaar het die span aangevoer met Lee Barnard as die onderkaptein.[50] Die jong Bokkies het die toets met vlieënde vaandels geslaag en met 26-9 gewen. Dié span se aanskoulike hardlooprugby het vyf drieë opgelewer met Agie Koch (twee drieë), Warren Kruger, Johan Bonthuys en Shane Carty die driedrukkers. Die uitblinkers vir die span was vleuels, Koch en Kruger, senter, Robert Bolus en flank, Mark Kleinenberg.[51]

Die SA-skolespan se puik spel was vir die afrigter, Stonie Steenkamp, 'n pluimpie. Na afloop van die 1974-Cravenweek het Die Burger berig dat "ons afrigters sal veral ons skolespelers moet leer om self op die veld te dink, die situasie self opsom en doelgerig op te tree. Die meeste spanne by vanjaar se toernooi het verbeeldingloos gespeel en van taktiese spel was daar geen

---

48 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1975, p. 118; Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 8 Julie 1993; Natal Mercury, 8 August 1974.

49 SARR argief: Notule van die elfde Jaarvergadering van die SA Skolerugbyvereniging, 12 Julie 1974, p. 4; Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993 en Jan Preuyt, 8 Julie 1993.

50 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1975, p. 118.

51 Transvaler, 12 Augustus 1974.

sprake nie."[52] Dié koerant berig verder, dat indien die foute nie reggestel word nie, "wag donker dae vir ons."[53] Steenkamp was net die regte afrigter om die leemte reg te stel, want sy rugbyfilosofie draai om vinnige denke en vaardigheid op die rugbyveld. Die Vrystater sê dat hy nie daarvan hou om 'n span 'n stugge spelpatroon aan te leer nie, maar skep eerder riglyne waarbinne hulle vaardighede, waagmoed en skerpheid van brein sowel as hand- en voetbeweging kan gedy.[54]

Met dié filosofie het die kundige Steenkamp die SA-skolespan in 'n gedugte eenheid omskep. Die keurkomitee meld in sy verslag na afloop van die wedstryd teen die Skotte, dat slegs drie posisies kommer wek. Die loskopstut, Gideon Visagie, en flank, André du Preez, het nie die mas opgekom nie terwyl die agtsteman, Ernst Kruger, in 'n mindere mate ook teleurgestel het.[55] Tydens die proewe in Oos-Londen het Brendon White (loskopstut) en J.P. Geldenhuys (flank) sterk na vore getree om die probleemareas op te los. Ernst Kruger het egter blink agtstemanspel gelewer en enige twyfel oor sy insluiting is uit die weg geruim.[56] Die 25 verkose SA-skolespelers na Italië en Frankryk is deur Bernard Pienaar aangevoer. Jan Preuyt en Stonie Steenkamp is onderskeidelik as die bestuurder en afrigter van die span aangewys.[57]

## 'N EUROPESE SEGETOG

Die toer van nege wedstryde (vyf in Italië en vier in Frankryk) het 'n baanbrekersrol vervul. Dit was die eerste keer dat 'n

---

52 Die Burger, 15 Julie 1974.

53 Ibid.

54 Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993.

55 Jan Preuyt privaatversameling: SA Skolerugbyvereniging: Skoletoets: Suid-Afrika teen Skotland, ongedateer, p. 1.

56 SARR argief: SA Skoleproewe - Saterdag 28 en Maandag 20 September 1974 - Grens Rugbyunie veld, ongedateer, pp. 1-5.

57 Ibid., pp. 5-6.

Suid-Afrikaanse nasionale span op Italiaanse bodem gespeel het. Die SA-skolespan sou oorspronklik teen die Italiaanse skole uitgedraf het, maar politieke druk het dié reëlings gekelder. Die wedstryde in Italië is toe teen seniorspanne gespeel by wie daar geen ouderdomsbeperking was nie. Jan Preuyt meld in sy toerverslag dat dit 'n bedekte seën was dat die wedstryde teen die Italiaanse skole nie voortgegaan het nie. Die rede was dat die seniors strawwer teenstand as die swak Italiaanse skole sou verskaf het. In Frankryk is ook meestal teen seniors gespeel.[58]

Die span het min kans gehad om te oefen vanweë die veeleisende reisprogram. Veral die Italiaanse deel van die toer was baie vinnig en daar is binne agt dae 4 000 kilometer per bus afgelê en vyf wedstryde gespeel. Volgens Stonie Steenkamp moes hy maar as gevolg van die min tyd, met die spelers in hul kamers voor 'n wedstryd gesels.[59] Nogtans het dié span puik spel gelewer en veral beïndruk met hul skitterende hanteerwerk, die wyse waarop die voor- en agterspelers gekombineer het en hulle fyn oordeel. In Italië het Amos du Plooy, gewese Springbokstut en verteenwoordiger van die SA-Rugbyraad by die span, in al vyf wedstryde as skeidsregter opgetree.[60]

Die toer het op 'n laagtepunt begin, toe die Olimpiese Komitee van Italië, wat alle sport in dié land beheer, opdrag gegee het dat die polisie van Rome alle rugbyvelde moet bewaak en dat die Suid-Afrikaners nie daarop mag speel nie. Die optrede van die Olimpiese Komitee het net weer die buiteland se afkeer in Suid-Afrika se binnelandse politiek beklemtoon. Die bestuur van die SA-skolespan en Richard Greenwood, gewese Engelse speler en afrigter van die teenstanders Roma Algida, het hulle nie deur die optrede laat kortwiek nie en na bemiddeling van Greenwood het dié

---

58 SARR argief: SA Skolerugbytoer na Italië en Frankryk - Woensdag 11 Desember 1974 tot Dinsdag 7 Januarie 1975, ongedateer, p. 6.

59 Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993.

60 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1975, p. 119.

wedstryd op 'n sokkerveld sonder gras plaasgevind. Die sokkerdoelhok was die pale en die terreinpersoneel het die rugbylyne kort voor die wedstryd op die veld geverf.[61]

Agie Koch het na twaalf minute se spel die eerste drie vir die SA-skolespan gedruk. Daarna het Gerhard Weitz, Lallie van der Linden en Mark Kleinenberg ook agter die doellyn gaan kuier. Danie du Toit het drie doelskoppe behaal om die Suid-Afrikaners met 22-15 oor Roma Algida te laat seëvier. Die uitblinkers vir die wenspan was sy vleuels, Weitz en Koch, sowel as J.P. Geldenhuys, wat die kaptein in dié wedstryd was, en Robert Bolus (senter).[62] In die tweede wedstryd in Frascati het die toerspan teen die klub, Intercontinentale, te staan gekom. Drie Suid-Afrikaners, Nelson Babrow van die WP en die twee Tukkies, Tommy du Plessis en Tjokkie van der Merwe, het teen die skoolseuns in die wedstryd gespeel.[63]

In bitter koue en reën het die toerspan met 34-0 koning gekraai. Mark Kleinenberg (flank) het voorlangs met sy vaart beïndruk terwyl Michael Laubscher (skrumskakel) sy agterlyn in die hoogste rat weggestuur het. Warren Kruger, Weitz, Bolus, Fanie Campher, Laubscher, Geldenhuys en Ernst Kruger het die wenspan se drieë gedruk. Lee Barnard en Warren Kruger het onderskeidelik met twee en een doelskop geslaag.[64] In die derde wedstryd te Reggio-Calabria, teen die plaaslike span het sonnige weer egter op die besoekers gewag. Die SA-skolespan het die ideale geleenthede, wat 'n sagte grasveld ingesluit het, gebruik om die tuisspan met skouspelagtige hardlooprugby met 56-19 te klop. Agie Koch was in die wedstryd die grootste uitblinker. Dié sterk en vinnige vleuel

---

61 SARR argief: SA Skolerugbytoer na Italië en Frankryk - Woensdag 11 Desember 1974 tot Dinsdag 7 Januarie 1975, ongedateer, pp. 6-7.

62 Die Volksblad, 13 Desember 1974.

63 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1975, p. 120.

64 Die Burger, 14 Desember 1974.

van Paul Roos Gimnasium het met sy drie drieë verskeie teenstanders in die lug laat gryp. Mark Cawood het as senter uitgeblink en is beloon met 'n drie. Du Toit, Hancke, Nic Mallett, Ernst Kruger (twee) en Warren Kruger (twee) het die besoekers se ander drieë gedruk. Laasgenoemde het ook ses doelskoppe behaal.[65]

Na die puik sege oor Reggio-Calabria het die SA-skolespan na sy kragmeting teen die Universiteit van Napels uitgesien. Dié Universiteit se rugbybase het egter op die laaste nippertjie geweier om teen die besoekers uit te draf, nadat hulle 'n brief van die Italiaanse Rugbyfederasie ontvang het, waarin hulle versoek is om nie teen die Suid-Afrikaners te speel nie. Amos du Plooy en Jan Preuyt het daarin geslaag om 'n wedstryd teen die plaaslike Italsider-klub te reël. Die vinnige saamgeflanste span was nie teen die besoekers opgewasse nie en het met 0-70 die aftog geblaas. Barnard Pienaar, die toerkaptein, het vir die eerste keer gespeel nadat hy 'n nekbesering voor die Suid-Afrikaners se vertrek in die branders by Clifton opgedoen het. Pienaar het in sy debuutwedstryd twee van sy span se vyftien drieë gedruk. Koch (vyf), Weitz (twee), Bolus (twee), Ernst Kruger (twee), John Bonthuys en Thompson het ook agter die doellyn gaan kuier. Mallett en Laubscher het onderskeidelik met vier en een doelskoppe geslaag.[66]

Die groot seges het tot gevolg gehad dat die Suid-Afrikaners in hul laaste Italiaanse wedstryd teen die Universiteit van Genoa te individulisties gespeel het en ook nie gelyk op die verdediging opgegaan het nie. Enige span wat egter so vêr wen, sal later die foute in sy mondering kry. Nogtans het die skoolseuns se skitterende hanteerwerk en die doeltreffende wyse

---

65 SARR argief: SA Skolerugbytoer na Italië en Frankryk - Woensdag 11 Desember 1974 tot Dinsdag 7 Januarie 1975, ongedateer, p. 121.

66 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1975, p. 122; Die Volksblad, 19 Desember 1974.

waarop losskrumbesit bemeester word, gehelp om hulle met 58-4 te laat wen. Warren Kruger (ses), Campher (twee), Weitz, Van der Linden en Matthysen het die wenspan se drieë gedruk. Mallett het met vyf doelskoppe geslaag terwyl Du Toit in die kol was met twee doelskoppe.[67] Hiermee is die Italiaanse deel van die toer afgesluit.

Frikkie van Rensburg, rugbyskrywer van Die Volksblad, en medewerker vir die SA Rugbyskrywersjaarboek, wat die toer meegemaak het, meld dat die Italianers oor balvaardighede beskik het, maar verlore was wanneer die bal onder hul middellyf op die grond hanteer moes word. Die Suid-Afrikaners, daarenteen, se puik losskrumtegniek en vaardige en vinnige agterspelers het vertroue ingeboesem vir die tweede helfte van die toer.[68]

In die eerste wedstryd in Frankryk het die SA-skolespan teen Nizza en omgewing te staan gekom en laasgenoemde met 102-6 afgeransel. Dié deel van Frankryk is nie juis bekend vir sy gedugte rugbyspelers nie en van enige strawwe teenstand was daar geen sprake nie. Agie Koch, Shane Carty, Bernard Pienaar en J.P. Geldenhuys was die wenspan se grootste uitblinkers. Koch was onkeerbaar en het sewe van sy span se 21 drieë gedruk. Weitz (vyf), Cawood (twee), Geldenhuys (twee), Ernst Kruger (twee), Bolus, Pienaar en Carty het die ander drieë gedruk. Kleinenberg (ses), Barnard en Laubscher (een elk) het vir die doelskoppe gesorg.[69]

In die volgende wedstryd teen die O/23-span van Argamac-Bigorre op Maubourguet sou dit egter nie so maklik gaan nie. Die wedstryd is op 'n modderveld teen veel gedugter opposisie gespeel. Hoewel die haglike omstandighede nie juis hardlooprugby in die hand gewerk het nie, het die skolespelers tog beïndruk met die wyse

---

67 Die Burger, 21 Desember 1974.

68 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1974, p. 122.

69 SARR argief: SA Skolerugbytoer na Italië en Frankryk - Woensdag 11 Desember 1974 tot Dinsdag 7 Januarie 1975, ongedateer, pp. 15-16.

waarop hulle van hulle eie kwartlyn aangeval het. Mark Kleinenberg het as flank uitnemend vertoon, terwyl die skrumwerk van Brandon White (loskopstut), Rob Hankinson (haker) en Dries Roux (vaskopstut) ook geïmponeer het. Koch (twee), Warren Kruger, Pienaar en Carty het die wenspan se drieë gedruk. Barnard het met twee doelskoppe geslaag.[70] Die wedstryd was 'n goeie proeflopie vir die strawwe kragmeting wat in Parys voor die deur gelê het.

Die SA-skolespan het sy onoorwonne rekord in sy agtste wedstryd behou deur die Universiteit van Parys se O/23-span met 36-4 te klop. Die tuisspan het 'n besliste gewigsvoordeel voorlangs geniet en het veral in die lynstane goed gevaar. Die tuisspan se skakelpaar het op die modderveld en in ysige reënweer feitlik elke bal weggeskop. Die besoekers het wel in die vaste fasette noustrop getrek, maar het sy besit uit die losskrums veel doeltreffender benut om ses keer agter die doellyn te gaan kuier. Ernst Kruger (twee), Campher, Cawood, Laubscher en Hankinson was die driedrukkers. Du Toit het met twee doelskoppe geslaag. Die drie van die tuisspan se slot, Oscian, was die eerste teen die Junior Bokkies in Frankryk.[71]

Die afsluiting van die toer teen die seniorspan van Vlaanders in Lille was vir die besoekers die hardste neut om te kraak. Vlaanders het voorlangs 'n gewigsvoordeel gehad en vir die eerste keer op die toer is die vaskopstryd (1-2) verloor. In die eerste helfte het die tuisspan gebiedsvoordeel geniet, maar 'n gebrek aan ondersteuning en hanteerfoute het gesorg dat hulle nie meer punte op die telbord kry nie. In die tweede helfte kon die tuisspan nie die SA-skolespan se afgeronde hardlooprugby stuit nie en die besoekers het met 38-10 geseëvier. John Bonthuys (heelagter) en Warren Kruger was die skerpste angels agterlangs, terwyl Bernard Pienaar en Mark Kleinenberg voorlangs uitgetroon het. Warren Kruger (twee), Cawood (twee), Kleinenberg (twee),

---

70 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1975, p. 123.

71 Die Volksblad, 3 Januarie 1975.

Ernst Kruger en Geldenhuys het vir die toerspan drieë gedruk. Bonthuys (twee) en Barnard (een) het die doelskoppe oorgeklits.[72] Met die sege is die toer onoorwonne afgesluit.

Die toer van die SA-skolespan was in alle opsigte 'n sukses. In die eerste plek het die spelers internasionale blootstelling gekry wat gehelp het om hul rugbydenke te vorm. Jan Preuyt meld in sy toerverslag dat die SA-skolespan na afloop van die toer deur die Italiaanse en Franse rugbykenners as een van die sterkste skolespanne in die wêreld beskou is.[73] Rugby en spesifiek skolerugby gaan egter veel verder as net die prestasie op die speelveld.

Die speler in sy totaliteit het ook by die toer baat gevind. Opvoedkundige, sosiale en kulturele maatstawwe is by die spelers vasgelê. Kennismaking met vreemde kulture het die spelers se horisonne verbreed, maar terselfdertyd 'n waardering vir die eie geskep. Die spelers moes op sosiale vlak breër verkeer as bloot in spanverband en het so nuwe vaardighede geleer. Jan Preuyt glo aan sterk dissipline en die spelers is ook deurentyd daaraan onderwerp. Gevolglik was die span se gedrag onberispelik en Frikkie van Rensburg meld in die <u>SA Rugbyskrywersjaarboek</u> dat die span ware ambassadeurs vir Suid-Afrika was.[74] Die rugbylui in Italië en Frankryk kon dus die Suid-Afrikaners individueel waardeer, hoewel die land as sodanig vanweë sy binnelandse politiek vir hulle onaanvaarbaar was.

KEURDERS SE GEDUGTE TAAK IN 1975

Nadat 1974 se SA-skolespan vreugde uit internasionale deelname kon put het 1975 se span net binnelands deelgeneem. Dié span se

---

72 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1975</u>, p. 124.

73 SARR argief: <u>SA Skolerugbytoer na Italië en Frankryk - Woensdag 11 Desember 1974 tot Dinsdag 7 Januarie 1975</u>, ongedateer, p. 8.

74 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1975</u>, p. 119.

keurkomitee het 'n harde neut gehad om te kraak. Nie alleen is daar geen proewe gehou nie, maar die twee Cravenweke, het tot gevolg gehad dat die keurders nie al die sterkste kandidate teen mekaar in aksie kon sien nie. Die keurders, onder voorsitterskap van Jan Preuyt, wat albei die Cravenweke bygewoon het, het nogtans 'n span gekies wat gunstig deur die SA Rugbyskrywerjaarboek en in die pers ontvang is.[75] Die enigste twispunt was die keuse van OP se Anton le Grange bo die Noord-Transvaler, Naas Botha.

Volgens Georg van Eck in die Hoofstad van 16 Augustus 1975 het Naas Botha op die Transvaalse Cravenweek bewys dat hy die grootste wedstrydwenner in skolerugby is en dat daar geen twyfel was dat hy die SA-skolespan sou haal nie.[76] Stonie Steenkamp, keurder en afrigter van dié span, verskil egter van Van Eck en sê dat Botha nie 'n goeie Cravenweek in Pretoria beleef het nie.[77] As waarnemer by dié Cravenweek was Botha myns insiens die generaal in die onoorwonne Ligbloues se suksesverhaal. Wat egter wel waar was, is dat Botha met 'n beseerder linkerenkel en -knie gespeel het en dat hy in die laaste wedstryd vanweë dié besering met sewe skoppe pale toe misluk het.[78]

Frikkie van Rensburg meld in Die Volksblad van 7 Julie 1975 dat Le Grange as losskakel by dié Cravenweek in Port Elizabeth uitgetroon het.[79] Aangesien die keurders dus by albei Cravenweke betrokke was, moet hul keuse van Le Grange as die beste losskakel aanvaar word. Nogtans het Naas Botha in 'n onderhoud op 10 April 1987 te kenne gegee dat sy weglating uit die SA-skolespan sy

---

75 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1976, p. 149; Hoofstad, 19 Augustus 1975; Die Burger, 19 Augustus 1975; Natal Mercury, 19 Augustus 1975.

76 Hoofstad, 16 Augustus 1975.

77 Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993.

78 Transvaler, 18 Augustus 1975.

79 Die Volksblad, 7 Julie 1975.

grootste rugbyteleurstelling nóg was.[80] Le Grange het egter sy keuse geregverdig deur blink spel vir die SA-skolespan te lewer.[81]

Die SA-skolespan het twee wedstryde onderskeidelik teen 'n Natalse O/20-span en die SA-Magte O/19-span gespeel. In die kragmeting teen die jong Piesangboere in Durban het die Junior Bokkies hul eerste nederlaag in elf wedstryde gely. Die SA-skolespan het twee skitterdrieë teenoor die Natallers se een drie gedruk en het na die beter afgeronde span gelyk. Die akkurate skopskoen van die tuisspan se losskakel, Bruce Ferguson, het egter gesorg dat sy span met 19-16 seëvier. Ferguson het met vyf strafdoele en 'n drie al die Natallers se punte aangeteken. Danie Gerber het albei die SA-skolespan se drieë gedruk, terwyl Anton le Grange met een doelskop en twee strafdoele geslaag het.[82]

Die SA-skolespan het baat gevind by die eerste wedstryd teen die Natalse O/20-span en hul beter samespel was deurslaggewend in die 36-6 sege oor die SA-Magte se span. Die skolespan se vloeiende hardlooprugby het die toeskouers in Bloemfontein vergas. Vir die SA-skolespan, wat geen verandering na die eerste wedstryd ondergaan het nie, het David Smith (twee), Christo Fitchet, Wim Hancke, Andries Pienaar, Kobie Fenwick en Danie Gerber drieë gedruk. Gerber was ook in die kol met 'n strafdoel en doelskop terwyl Anton le Grange 'n doelskop deur die pale geklits het.[83]

In die twee wedstryde was dit veral die senterpaar, Danie Gerber en David Smith, wat die verbeelding aangegryp het. Albei die spelers het oor volop spoed, krag en oordeel beskik wat hulle

---

80 Mondelinge onderhoud met Naas Botha, 10 April 1987.

81 <u>The Argus</u>, 19 August 1975.

82 SARR argief: <u>Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1975/76</u>, p. 6; Van Rooyen (red.) <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1976</u>, p. 149.

83 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1976</u>, p. 149.

later in staat sou stel om vir die Springbokke uit te draf.[84] Wim Hancke (skrumskakel) en Christo Fitchet (vleuel), albei latere provinsiale rugbyspelers, was die ander uitblinkers agterlangs. Onder die voorspelers was daar nie so 'n ryke oes aan talent nie, hoewel Kobie Fenwick (haker) toe reeds die talent geopenbaar het wat hom later in staat sou stel om vir Vrystaat se seniorspan te speel.[85] Die SA-skolespan van 1975 het dus die eerste nederlaag in die geskiedenis van dié span gely het en het ook nie die blootstelling van sy voorgangers van 1974 gekry nie. Nogtans het sy avontuurlike benadering en afgeronde hardlooprugby 'n verdere hoeksteen in die sukses van dié span gelê.

## SKOOLSEUNS DELF WEER IN 1976 DIE ONDERSPIT

Die Uitvoerende Bestuur van die SASRV het op 19 Maart 1976 besluit om die enigste haakplek van 1975 uit te skakel deur na die twee Cravenweke twee proefspanne te kies. In die proefwedstryd sou die beste kandidate dan teen mekaar opgeweeg word.[86] Dit was 'n wyse besluit want die omstandighede op die Cravenweke het verskil. Die sterkte van die spanmaats en teenstanders het 'n daadwerklike invloed op 'n speler se spel. Verder is dit wenslik om 'n speler buite spanverband in 'n ander spelpatroon ook waar te neem.[87] Volgens die pers het die keurders lof verdien vir die raakvat van die beste spelers. Die enigste kritiek in die Transvaalse dagblad Hoofstad was dat Vrystaat, wat op die Cravenweek in Kroonstad nie waffers gevaar

---

84 Die Burger, 23 September 1975.

85 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1976, p. 149.

86 SARR argief: Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Bestuur van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 19 Maart 1976, p. 3.

87 SARR agief: Die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1976/77, ongedateer, pp. 9-10.

het nie, ses spelers in die span gehad het terwyl die onoorwonne Tranvaalse span vyf spelers onder die uitverkorenes gehad het.[88]

Die keurkomitee waarin dr. Piet Krynauw vir Jacobus van Wyk vervang het, het reeds voor die proefwedstryd raakgevat want hul A-span, die Moontlikes gedoop, is op 'n enkele uitsondering na gekies. Slegs die haker Marius Penning is deur Emil-Jan Strydom van die Waarskynlikes vervang.[89] Weens die feit dat die Transvaalse Cravenweek eers op 28 Augustus ten einde sou loop, is daar op die jaarvergadering van die SASRV in 1976 besluit dat die span weens die kort tydsbestek beskikbaar, slegs in een wedstryd sou speel.[90] Die kragmeting was teen die sterbelaaide SA-Universiteite se O/19 op 11 September en het as 'n voorwedstryd vir die toets tussen die Springbokke en die All Blacks gedien. In die wedstryd het die SA-skolespan die beeld van skolerugby met waardigheid uitgedra. Die skoolseuns het nou wel met 20-28 die onderspit gedelf, maar hul vaardige hanteerwerk, vurige dryfspel en bereidwilligheid om die bal te dra, het die groot skare se harte warm laat klop.[91]

Albei spanne het vier drieë gedruk, maar Naas Botha se skopskoen het die weg vir die studente se sege gebaan. Botha het twaalf punte met die skoen bygedra, terwyl Danie Gerber en Christo Steyn vir die skoolseuns met talle haalbare skoppe pale toe misluk het. Die SA-skolespan se drieë is deur Richard van der Westhuizen (vleuel), Danie Gerber, Harry Viljoen (skrumskakel) en De Villiers Visser (slot) gedruk. Gerber en Steyn het elk met een

---

88 Hoofstad, 30 Augustus 1976.

89 SARR argief: Notule van die dertiende algemene jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 9 Julie 1976, p. 3.

90 Pretoria News, 13 September 1976; Hoofstad, 13 September 1976.

91 Cape Times, 13 September 1976; Transvaler, 13 September 1976.

doelskop geslaag.[92] Die senterpaar, Gerber en Smith, het net soos in 1975 die skerpste angel in die SA-skolespan se aanval gevorm. Harry Viljoen het met sy flink rugbybrein agter die skrum beïndruk. Die skolespan van 1976 het 'n gedugter pak voorspelers as sy voorganger van 1975 gehad. Hier het veral die slotte De Villiers Visser en Wynand Pretorius (sy tweede jaar as lid van dié span) en Willie Oosthuizen (flank) hul staal getoon.[93] Die <u>SA Rugbyskrywersjaarboek</u> meld dat veral Oosthuizen met sy ondersteunende spel en skakeling tussen die agter- en voorspelers 'n groot rol in die skoolseuns se hardlooprugby gespeel het.[94]

Die SARR het in oorleg met die SASRV, na bogenoemde kragmeting besluit dat die SA-skolespan in die toekoms slegs teen oorsese spanne of plaaslike O/19-spanne sou speel en dat die O/19-spanne slegs uit skoolseuns moes bestaan. Die rede vir die besluit was om eerstens die SA-skolespan teen sy eie portuur te laat speel en tweedens om die trotse rekord van dié span nie te skaad deur teen ouer spanne te verloor nie.[95] Dié besluit het egter nie lank van krag gebly nie, want die gebrek aan skoleteenstand het die SARR en die Uitvoerende Bestuur van die SAHSRV in 1977 laat besluit om die SA-skolespan weer teen die SA-Universiteite se O/19-span te laat uitdraf.[96]

---

92 <u>Hoofstad</u>, 13 September 1976; <u>Die Volksblad</u>, 13 September 1976.

93 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1977</u>, p. 152.

94 SARR argief: <u>Die Suid-Afrikaanse Skolerugbyverenging: Voorsittersverslag 1976/77</u>, ongedateer, p. 12; Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1977</u>, pp. 152-153.

95 SARR argief: <u>Notule van die Uitvoerende Bestuur van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging</u>, 6 Mei 1977, p. 2.

96 SARR argief: <u>Notule van die veertiende algemene jaar-vergadering van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugby-vereniging</u>, 8 Julie 1977, p. 3.

DANIE GERBER SE BULSPAN VAN 1977

Die SA-skolespan sou in 1977 graag vir sy nederlaag teen die Universiteite se O/19-span in 1976 wou wraak neem, maar die keurders is gekortwiek in die samestelling van so 'n wenspan nadat die Uitvoerende Bestuur van die SAHSRV besluit het om geen proefwedstryd te hou nie. Die rede vir die besluit was dat al die spanne weer aan die verenigde Cravenweek op Oudtshoorn deelgeneem het en volgens dié Bestuur kon die beste spelers dus teen mekaar gemeet word.[97] Die keurkomitee se taak is maklik gemaak deur die talle uitstaande spelers wat hulself in hul posisies onderskei het. Johan Rossouw (losskakel), Danie Gerber (senter), Tino Kankowski (vleuel), Harry Viljoen (skrumskakel), Robert Blignaut (flank) en Jan Serfontein (agtsteman) het reeds vroeg in die toernooi hulle al as sekere keuses gevestig.[98]

Die enigste posisie waaroor daar verdeelheid bestaan het, was dié van heelagter. Adrian Kuiper is deur Louis van Wyk in Die Burger as die ster van die Cravenweek uitgesonder. Hy meld dat die sterk en blitsige speler "het met oënskynlik die grootste gemak verby vyf of ses teenstanders genael."[99] Louis Terblanche, afrigter van 1977 se WP-span en latere president van die SAHSRV, meld ook dat Kuiper die beste speler is wat hy nog op die Cravenweek in aksie gesien het.[100] Jacques Nell, die keurders se keuse en latere heelagter van Noord-Vrystaat se seniorspan, het egter self blink spel gelewer en na sy span, Vrystaat, naelskraaps teen die gedugte OP (9-13) verloor het, is hy as die grootste uitblinker

---

97 Die Volksblad, 5-9 en 11 Julie 1977; Cape Times, 5-9 and 11 July 1977; SARR argief: Notule van die veertiende algemene jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, 8 Julie 1977, p. 3.

98 SARR argief: Die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1977/78, ongedateer, pp. 15-16; Hoofstad, 11 Julie 1977.

99 Die Burger, 5 Julie 1977.

100 Mondelinge onderhoud met Louis Terblanche, 5 Julie 1993.

in die wedstryd beskou.[101] Albei Nell en Kuiper was by uitstek aanvallende heelagters en volgens die keurders het Nell se plettervatte hom die voordeel bo Kuiper verskaf.[102]

Met Nell en soveel ander puik spelers tot sy beskikking, kon 'n kundige afrigter soos Stonie Steenkamp 1977 se SA-skolespan in 'n wenkombinasie saamsnoer. Die skoolseuns se avontuurlustige benadering het hulle nie alleen ses drieë nie, maar ook 'n 32-13 oorwinning oor die SAU se O/19-span in die sak gebring. Die studente met uithalerspelers soos die latere Springbok, Johan Heunis, Willie Oosthuizen, 1976 se SA-skolekaptein, en Andrew Johnson, in sy geledere, het geen raad vir die skoolseuns se puik losskrumtegniek en blitsige agterlyn gehad nie.[103]

Danie Gerber was in sy derde jaar as SA-skolespeler sy span se grootste troefkaart. Die latere beroemde Springbok het in die middelveld telkens gapings gevind en so die geleentheid geskep dat sy vinnige vleuels, Jan Richter (twee) en Tino Kankowski, agter die doellyn kon gaan kuier. Harry Viljoen en Robert Blignaut (twee) het die skoolseuns se ander drieë gedruk. Gerber was verder in die kol met een doelskop en twee strafdoele.[104] Die puik span was ook 'n sterk voedingsbron vir Suid-Afrikaanse rugby, want agt van die spelers naamlik, Jacques Nell, Tino Kankowski, Danie Gerber, Harry Viljoen, Willem Daffue, Pote Human, Robert Blignaut en Jan Serfontein, het later hul merk in seniorprovinsiale rugby gemaak.

---

101 Die Oosterlig, 8 Julie 1977.

102 Hoofstad, 11 Julie 1977; Die Burger, 11 Julie 1977.

103 Natal Mercury, 8 August 1977; Transvaler, 8 Augustus 1977.

104 SARR argief: Die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging: Voorsitterverslag 1978/79, ongedateer, p. 8.

GEBREK AAN VASTE VYF KELDER SKOOLSEUNS IN 1978

Van 1977 se bulspan het slegs Jan Serfontein in 1978 weer vir die Junior Bokkies uitgedraf. Dié sterk agtsteman van Hoërskool Otto du Plessis, spog met die uitsonderlike prestasie dat hy, Danie Gerber en André Venter die enigste spelers is om in die twintigjarige bestaan van die SA-skolespan vir drie jaar vir dié span uit te draf. Serfontein se dryfspel was 'n lus om te aanskou, terwyl hy selde agter in die lynstane getroef is. Benewens Serfontein was die talent voorlangs by 1978 se Cravenweek dun gesaai.[105] Gevolglik meld die keurkomitee van Jan Preuyt, Stonie Steenkamp, Meyer Sauerman, Skonk Nicholson en Dan Badenhorst (wat vir die derde jaar onveranderd gebly het) dat die soeke na vyf gedugte vaste voorspelers hul grootste taak by die toernooi was.[106]

Die keurders het na afloop van die Cravenweek op Middelburg die span saamgestel om op 5 Augustus 1978 op Ellispark teen die SA-Universiteite se O/19-span te speel.[107] Die span het kritiek in die pers ontlok. Vrystaat wat die sterkste span op die Cravenweek was, het slegs een speler in die span gehad. Die weglating van Jaco Reinach (OVS, vleuel), Pieter Sonnekus (OVS, skrumskakel) en Bert Versfeld (WP, senter) het die meeste kritiek ontlok.[108] Ondanks die omstredenheid oor die weglating van bogenoemde drie agterspelers het die SA-skolespan se agterlyn hom goed van sy taak teen die studente gekwyt. Veral die latere Springbokvleuel, Carel du Plessis, het as losskakel met sy kurktrekkerlopies die verdedigers benoud laat rondskarrel. Voorlangs is die keurders se uitspraak oor die gebrek aan talent onder die vaste vyf voorspelers bevestig, toe die span noustrop in die skrums en

---

105 Die Burger, 8 Augustus 1977; Hoofstad, 8 Augustus 1977.

106 SARR argief Die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging: Voorsittersverslag 1978/79, ongedateer, p. 8.

107 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1979, p. 213.

108 Die Burger, 17 Julie 1978; Hoofstad, 17 Julie 1978.

lynstane getrek het. Die gevolg was dat dié skolespan sy grootste nederlaag nog (0-19) gely het. Serfontein en Leon Bartmann het egter gesorg dat die skoolseuns met eer uit die stryd om die losbal tree.[109] Vier van 1978 se agterspelers naamlik, Chris Kloppers, Riaan Joubert, Dawie Fourie en Mark Burton-Moore was in 1979 weer op die Cravenweek in aksie.[110]

DIE BLITSE VAN 1979

Die Cravenweek op Oos-Londen het egter soveel uitmuntende agterspelers opgelewer, dat slegs een van 1978 se uitsoekspan, Dawie Fourie, in 1979 weer die paal kon haal. Die naelloopkampioene, Jaco Reinach (regtervleuel) en Deon Coetzee (senter) het onderskeidelik vir Chris Kloppers en Riaan Joubert uitgestof, terwyl Craig Jamieson vir Mark Burton-Moore as skrumskakel vervang het.[111] Benewens Reinach en Coetzee was Fourie en Hermann Venske ook naelloopkampioene en die viertal het saam met die blitsige Flippie Pretorius (heelagter) die vinnigste agterlyn in die geskiedenis van die SA-skolespan gevorm. Chris Kasselman het as aanvallende losskakel sy merk op die Cravenweek gemaak, terwyl Jamieson se lang aangee sy snellers volop hardloopkans gegun het.[112] Voorlangs het die keurders 'n beweeglike agttal gekies, met die enigste verrassing die keuse van Bennie van der Merwe as agtsteman bo Jan Vlok van Noord-Vrystaat.[113]

Stonie Steenkamp, afrigter, se span het weer teen die SA-Universiteite se O/19-span te staan gekom. In die kragmeting op 24 Augustus in Windhoek het die skoolseuns met 17-25 die knie

---

109 SARR argief: Die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging: Voorsitterverslag 1978/79, ongedateer, p. 8; Die Volksblad, 7 Augustus 1978; Sunday Times, 6 August 1978.

110 Die Burger, 16 Julie 1979.

111 Die Volksblad, 16 Julie 1979.

112 Die Burger, 16 Julie 1979.

113 Transvaler, 16 Julie 1979.

voor die gedugte studentespan gebuig.[114] Die SA-skolespan het 'n veel beter vertoning as in 1978 gelewer en veral die agterlyn met Pretorius en die vleuels, Venske en Reinach, aan die spits, het afgerond vertoon. Derek le Marque het as flank en kaptein 'n uithalerwedstryd gespeel, terwyl die slotte, Boeta Nel en Calla Botha, albei latere seniorprovinsiale spelers, hulle in die lynstane deeglik laat geld het. Le Marque, Pretorius en Reinach het vir die skoolseuns drieë gedruk, terwyl Kasselman suksesvol was met 'n strafdoel en doelskop. Die studente se uitblinkers was heelagter, Charl du Plessis, wat ook twee drieë gedruk het en Jan Serfontein, die vorige jaar se SA-skolekaptein.[115]

## IN 1980 WORD DIE BORDJIES VERHANG

Nadat die SA-skolespan in die vorige vier jaar drie keer die onderspit teen die SA-Universiteite moes delf, is die bordjies in 1980 verhang. Die Junior Bokkies het die studente op 30 Augustus 1980 in Bloemfontein met 15-12 geklop.[116] Jan Preuyt en Stonie Steenkamp, onderskeidelik bestuurder en afrigter sedert 1974, het daarin geslaag om die SA-skolespanspelers in 'n wenkombinasie saam te snoer.[117] Dié span het oor ervaring beskik met vyf van die vorige jaar se spelers naamlik, Reinach, Kasselman, Nel en die twee Van der Merwes, Joepie en Bennie, weer in aksie. Verder het die skoolseuns oor 'n goed gebalanseerde span beskik met 'n vaardige en vinnige agterlyn en 'n kragtige agttal. In die agterlyn het net Henk Slabbert nie later sy merk op seniorprovinsiale vlak gemaak nie. Kobus Burger en Reinach,

---

114 SARR argief: Die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging: Voorsitterverslag 1979/80, ongedateer, p. 7.

115 Daily Dispatch, 27 August 1979; Die Oosterlig, 27 Augustus 1979; Beeld, 27 Augustus 1979; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1980, p. 221.

116 SARR argief: Notule van die agttiende algemene jaarvergadering van die die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, 17 Julie 1981, p. 8.

117 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1981, p. 230.

albei latere Springbokvleuels, se opwindende lopies was die hoogtepunte in die skolespan se sege. Boeta Nel en Kolle Van Genderen het as slotpaar stewigheid aan die voorspelers verleen terwyl Kevin Kaplan, Joepie van der Merwe en Dawie Theron die Universiteite se voorry opgedreun het.[118]

GREY-KOLLEGE SE SPOGJAAR

In 1981 is weggebreek van die tradisie van die vorige vyf jaar toe die SA-skolespan nie weer teen die SA-Universiteite se O/19-span gespeel het nie, maar teen die SA-Magte se O/19-span. Die Magte het reeds vroeg in 1981 die uitnodiging aan die SAHSRV vir so 'n wedstryd gerig. Die SAHSRV het die uitnodiging aanvaar en weens die druk skoleprogram kon geen datum gevind word vir 'n wedstryd teen die Universiteite se span nie.[119] Die wedstryd teen die SA-Magte is vir 29 Augustus 1981 geskeduleer.[120]

Dewald Breda berig in Die Burger dat ondernemingsgees swaar by die keurders getel het tydens die samestelling van die skolespan. Juis daarom het Grey-kollege, wat bekend is vir sy avontuurlike speelwyse, die besondere prestasie behaal om ses van die sewe agterspelers vir die SA-skolespan te voorsien. Slegs Kobus Burger, vleuel van die WP, het nie sy passies op Grey-kollege geleer nie. Wes-Transvaal het sy rykste oes ooit opgelewer deurdat vier van sy bulagttal vir die Junior Bokkies gekies is. C.P. van der Walt van Hoërskool Piet Potgieter op Potgietersrus was die eerste speler van Verre Noord om vir dié span gekies te word.[121] Stonie Steenkamp het die opwindende agterspelers van

---

118 Rapport, 31 Augustus 1980; Beeld, 1 September 1980; Daily Dispatch, 1 September 1980.

119 SARR argief: Notule van die Uitvoerende Bestuur van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, 20 Maart 1981, p. 2.

120 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1982, p. 238.

121 Die Burger, 20 Julie 1981.

die Vrystaat en die geharde voorspelers van die Transvaalse bonde in 'n wenkombinasie saamgesnoer.

Die gevolg was dat die SA-skolespan vir die SA-Magte met 19-0 geklop het. Wahl Bartmann was die grootste individuele uitblinker in die wedstryd. Die sterk flank van Hoërskool Florida het met vurige dryfspel telkens die voordeellyn oorgesteek en dit het dikwels drie tot vier teenstanders gekos om hom grond toe te bring. Verder het Wessel Lightfoot (haker) die vaskopstryd in die skrums gewen, terwyl Kierie Barnard (slot) in die lynstane die septer geswaai het. Die puik agttal het sodoende volop hardloopkans vir sy agterlyn geskep waar Helgard Müller en André Greyling in die middelveld onstuitbaar was. Gerbrand Grobler (heelagter) se kurktrekkerlopies en Kobus Burger se vaart en krag was nog uitstaande kenmerke van die skolespan se agterlyn.[122]

Die SA-skolespan van 1981 was met die klinkende sege en opwindende spelpatroon ware ambassadeurs vir skolerugby. Hul bydrae het egter nie hier geëindig nie. Drie van die spelers, Burger, Müller en Bartmann het later die Groen en Goud oor die kop getrek. Lightfoot het ook vir die Springbokke op die binnelandse toer van 1985 gespeel. Benewens bogenoemde Springbokke, het verskeie ander spelers ook later hul merk gemaak. Grobler het vir die Junior Springbokke uitgedraf, terwyl sewe ander spelers, André Greyling, Scheepers Gouws, Conrad De Beer, Kierie Barnard, Shaun McCulley (reserwe), Rudolf Straeuli (reserwe) en Don Berry (reserwe) later seniorprovinsiale rugby gespeel het.[123] In 1982 sou die SA-skolespan, ondanks kritiek oor spankeuses, op 1981 se prestasie voortbou.

---

122 Rapport, 30 Augustus 1981; Sunday Times, 30 August 1981; Beeld, 31 Augustus 1981.

123 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, pp. 348, 350 en 358.

DIE WENSPAN VAN 1982

Groot onmin het in 1982 op die aankondiging van die SA-skolespan gevolg. Jacques Eyers berig in die Beeld dat 'n speler lanklaas soveel onreg aangedoen is as Jan Lock, sterk vaskopstut van Suidoos-Transvaal. Volgens Eybers was "die voorryman ... in die afgelope drie wedstryde waarin Suidoos gespeel het en alles voor hom platgevee het, die spil waarom alles gedraai het en dit was in dié span se voorry dat elke ander span saggemaak is."[124] Stonie Steenkamp en Jan Preuyt, onderskeidelik weer afrigter en bestuurder van die SA-skolespan, meld albei dat Lock se potensiaal daar was vir almal om te sien. Die keurders wou hom egter nie kies nie, omrede hy te onfiks was en buite die skrum in die losspel nie sterk gefigureer het nie.[125] Die kritici van die SA-skolekeurders verdien hier krediet. Indien 'n speler wel oor die potensiaal beskik, soos in Lock se geval, en 'n veranderbare faktor soos die gebrek aan fiksheid ontbreek, moet die speler gekies word en kan die fout reggeskaaf word tydens die voorbereiding vir die SA-skolespan se wedstryd.

Die keurders se keuse as vaskopstut was Braam Duvenhage van Oos-Transvaal, wat nie 'n sterk skrumwerker was nie, maar in die vastelos sy sout werd was.[126] Benewens Lock was die pers ook ongelukkig oor die weglating van Andries Els (losskakel van SO-Tvl), Deon Walters (vleuel van N-OVS), Hans Scriba (veelsydige agterspeler van SWD) en Fanus Engelbrecht (flank van SO-Tvl).[127] Die SA-skolespan het ondanks die kritiek oor die spankeuse, 'n klinkende sege van 27-9 oor die SA-Weermag se O/19-span bepaal. Die Junior Bokkies se swaar agttal het die grondslag vir die

---

124 Beeld, 19 Julie 1982.

125 Mondelinge onderhoude met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993 en Jan Preuyt, 8 Julie 1993.

126 Rapport, 18 Julie 1982; Die Burger, 19 Julie 1982; Transvaler, 19 Julie 1982.

127 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1983, p. 194.

oorwinning gelê. Wickus van Heerden (broer van die Springbokslot, Moaner van Heerden) en Altus Burger het in die lynstane koning gekraai. Johan Heydenrich het benewens uitgeslape kapteinskap, ook in die losspel uitgeblink en hier is hy goed bygestaan deur Jan Wolmarans en Coenie Willemse. Hoewel die skoolseuns se skrumwerk nie oorheers het nie, het hulle stewig gestaan.[128] Agterlangs was Helgard Müller die spil waarom al die aanvalle gedraai het. Dié slim senter het met oordeelkundige kortskoppies vlymskerp breekslae en flinke balverspreiding volop geleenthede vir sy vleuels geskep. Loekie Gouws het as aanvallende heelagter ook uitgeblink terwyl Kerneels Erasmus met sy kraglopies op die vleuel moeilik gestuit is.[129]

Die sege was 'n mooi afskeidsgeskenk vir Stonie Steenkamp wat na nege jaar as afrigter van die SA-skolespan die tuig neergelê het. Hy het 'n betrekking by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aanvaar en kon dus nie meer in dié skolehoedanigheid dien nie. Steenkamp is in 1983 opgevolg deur nog 'n bedrewe afrigter, Skonk Nicholson van Natal.[130]

DIE 1983-TOER NA WALLIS

Skonk Nicholson se SA-skolespan van 1983 sou oorspronklik net teen die Noord-Transvaalse Magte se O/19-span in aksie wees. 'n Onverwagse meevaller het die SAHSRV egter in Augustus 1983 getref toe die Walliese Rugbyunie, in samewerking met sy Skolevereniging, die SAHSRV genooi het om in Desember 1983 en Januarie 1984 'n toerspan na Wallis te stuur. Die Walliese Rugbyunie het oorspronklik gevra dat 'n O/17-span gestuur word, maar later is dit na 'n O/18-span verander. Dié span moes verder veelrassig wees. Die ouderdomsperk, sowel as die voorbehoud van veel-

---

128 Beeld, 26 Julie 1982; Natal Mercury, 26 July 1982; Die Volksblad, 26 Julie 1982.

129 Sunday Times, 25 July 1982; Die Burger, 26 Julie 1982; The Citizen, 26 July 1982.

130 Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993.

rassigheid, het beteken dat die Cravenweek Uitnodigings O/18-span, soos wat die toerspan na Wallis bekend gestaan het, van die oorspronklike SA-skolespan verskil het.[131]

Na afloop van die Cravenweek in Upington, het die keurders die SA-skolespan aangewys wat op 13 Augustus 1983 teen die Noord-Transvaalse Magte sou speel.[132] Die SA-skolespan het hom in dié wedstryd teen die jong reuse van die Magte vasgeloop. Bykans man vir man was die Magtespan groter en sterker as die skoolseuns en dit was eersgenoemde se gedugte agttal wat gesorg het dat hy met 27-22 koning gekraai het.[133] Verder het die Magtespan, wat twaalf spelers van Pretoria-Polisie ingesluit het, se puik samespel beïndruk. Kerneels Erasmus en Loekie Grobler, albei SA-skolespelers van die vorige jaar, was agterlangs ook dorings in die vlees van die skoolseuns. Die SA-skolespan het egter, getrou aan tradisie, self opwindende hardlooprugby gespeel en het teen die einde byna die knoop deurgehaak. Die gebrek aan 'n betroubare stelskopper het die skoolseuns finaal gekelder.[134]

Hoewel Hans Scriba (losskakel) se stelskopwerk nie akkuraat was nie, het sy algemene spel die stempel van gehalte gedra. Eben Scheepers (senter) en die vleuels Ronnie Visagie en Pieter Nel, seun van Springbok Lofty Nel, het verder met hul ondernemende spel agterlangs geïmponeer. Fanus Engelbrecht (flank) se besielende kapteinskap het sy voorspelers en veral Altus Burger (slot) en Jaco van der Merwe (agtsteman) aangevuur, om ten spyte van die fisieke agterstand nooit moed op te gee nie. Scheepers

---

131 SARR argief: Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan na Wallis, 20 Julie 1984, pp. 1-5; SARR argief: Notule van die vergadering van die SA Hoërskole-komitee, Vrydag 3 Maart 1984, p. 3; Skriftelike mededeling deur Steven Roos, 3 Augustus 1993, p. 1; Mondelinge onderhoud met Skonk Nicholson, 3 Augustus 1993.

132 Beeld, 18 Julie 1983.

133 Rapport, 14 Augustus 1993; Pretoria News, 15 Augustus 1983.

134 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1984, p. 204; Die Burger, 15 Augustus 1983.

(twee) en sy sentermaat Jannie Coetzee het die skolespan se drieë gedruk. Scriba was in die kol met twee doelskoppe en 'n strafdoel.[135]

Vyf van die SA-skolespelers wat in die wedstryd gespeel het, kon weens die O/18 ouderdomsperk nie die span na Wallis haal nie. Balie Swart, die latere Springbokstut, Peter Kuttel (flank), Jaco van der Merwe (agtsteman) en Ernest Hammer (skrumskakel) moes gevolglik tuis bly. Weens die vereiste vir 'n veelrassige span het Randall Williams, Patrick Tee en Jaftah Storm van die SA-Rugbyvoetbalfederasie wel die span gehaal, Jan Preuyt was die bestuurder van die span, terwyl Skonk Nicholson die afrigting behartig het. Die ander bestuurslede was Meyer Sauerman (lid van die Uitvoerende Bestuur van die SAHSRV), Paul Dobson (skakelbeampte) en Steven Roos (sekretaris van die SAHSRV).[136]

Die volledige span van 25 lede in alfabetiese volgorde was: Riaan Bezuidenhout (OP, heelagter/losskakel), Johan Blaauw (WP, skrumskakel), Altus Burger (SO-Tvl, slot), Jannie Coetzee (OVS, senter), Fanus Engelbrecht (SO-Tvl, flank en kaptein), Carl Froelich (NOK, haker/stut), Chris Giezing (OVS, slot), Riaan Gous (WP, losskakel), Craig Marais (WP, flank), Gert Marais (OVS, stut), Craig Coyle-Mayberry (Grens, stut), Pieter Nel (SO-Tvl, senter/vleuel), Charles Rossouw (O-Tvl, slot), Eben Scheepers (OVS, senter), Hans Scriba (SWD, losskakel), Kees Stevens (OVS, haker), Jaftah Storm (SARVF, vleuel/senter), Hannes Strydom (OP, slot), Johan Swart (WP, vleuel/senter), Gielie Swiegers (Tvl, stut), Patrick Tee (SARVF, senter), André van Rooyen (SWD, skrumskakel), Gielie Vermeulen (WP, senter/heelagter), Ronnie

---

135 Die Volksblad, 15 Augustus 1983; Cape Times, 15 August 1983.

136 SARR argief: Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan na Wallis, 20 Julie 1984, pp. 1-3; Skriftelike mededeling deur Steven Roos, 3 Augustus 1993, pp. 2-3.

Visagie (SO-Tvl, vleuel) en Randall Williams (SARVF, agtsteman/ flank).[137]

Die Cravenweek Uitnodigings O/18-span het op sy besoek aan Wallis 'n smaak gekry van wat die Springbokke op hul betogertoer deur Brittanje veertien jaar vantevore in 1969/70 moes deurmaak. Reeds voor die aanvang van die toer het die Britse minister van sport, Neil McFarlane, die Walliese Rugbyunie versoek om sy uitnodiging aan die Suid-Afrikaners terug te trek. Die Walliese Rugbyunie het egter nie voor die druk geswig nie en het met die toer voortgegaan.[138] Voor die eerste kragmeting teen Aberavon-Bridgend het nog 'n terugslag die toerspan getref, toe die Britse Staalkorporasie op die laaste nippertjie besluit het om nie meer sy hoofkwartier in Cardiff vir dié kragmeting beskikbaar te stel nie. Die wedstryd is toe na Llandybie verskuif.[139]

Die skoolseuns het ook in hul derde wedstryd van die toer op Monmouth met betogers te doen gekry. Die 50 betogers, onder leiding van die Indiër, Bhanjee, het om die veld stelling ingeneem en oor 'n megafoon beledigings teen die skoolseuns uitgeskreeu soos "White pigs" en "White Bastards". Verder het hulle voordurend ook op hul fluitjies geblaas en ook die lede van die Walliese Rugbyunie uitgeskel.[140] 'n Verdere probleem, die keer egter op die speelveld, was dat die Suid-Afrikaners telkens teen O/19-spanne gespeel het en Jan Preuyt meld in sy toerverslag dat sommige van die teenstanders selfs ouer as negentien jaar was.[141] Die modderige, nat velde, sowel as die vreemde

---

137 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1984, p. 195; Skriftelike mededeling deur Steven Roos, 3 Augustus 1993.

138 SARR argief: Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan in Wallis, 20 Julie 1984, pp. 1-4.

139 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1984, p. 195.

140 Skriftelike mededeling deur Steven Roos, 3 Augustus 1993; Mondelinge onderhoud met Skonk Nicholson, 3 Augustus 1993.

141 SARR argief: Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan in Wallis, 20 Julie 1984, p. 11.

vertolking van die reëls deur die Walliese skeidsregters, het aldus die toerbestuur, ook probleme geskep.[142] In die vreemde omstandighede teen die ouer spelers uit 'n land wat self oor 'n ryke rugbytradisie beskik, sou die toerspan dus op die speelveld harde bene kou.

Die speeltoestande in die eerste wedstryd op 21 Desember 1983, die SA Rugbyskrywersjaarboek meld verkeerdelik 23 Desember, teen Aberavon/Bridgend op Llandybie, was juis vir die Suid-Afrikaners vreemd. Die modderveld was nie bevorderlik vir die toerspan se avontuurlike spel nie. Die plastiekbal het verder die hanteerwerk bemoeilik. Aanvanklik het die tuisspan se voorspelers sake oorheers en toe Gielie Vermeulen (heelagter) nog 'n fout op sy doellyn maak en die tuisspan se senter, M. David, dit uitbuit om 'n drie te druk, was die besoekers kwaai onder druk. 'n Strafdoel deur Hans Scriba (losskakel) en 'n pragdrie deur Eben Scheepers, na 'n sterk lopie deur Pieter Nel, het die toerspan egter terug in die wedloop geplaas. Die tuisspan het kort voor die einde weer 'n strafdoel deur die pale geklits om met 9-7 voor te loop. Scriba het egter in die doodsnikke met 'n lang en skuins strafdoel geslaag om die toerspan met 10-9 te laat wen.[143]

Die naelskraapse oorwinning het die toerspan laat besef dat die Walliese O/19-rugby van 'n hoë gehalte was. In die volgende wedstryd op 24 Desember, teen die Mid Wales Youth Rugby Union op Brecon, het die besoekers weer in die eerste helfte die wind van voor gekry en met 0-3 agtergeloop. Die tuisspan se agterlyn het besonder vlak gelê en so die besoekers se gevaarlike agterspelers geneutraliseer. Na rustyd het die Suid-Afrikaners egter die druk verwerk en vier drieë gedruk om met 20-9 koning te kraai. Riaan Bezuidenhout (twee), Jannie Coetzee en Craig Coyle-Mayberry het

---

142 Amptelike program van die Coca-Cola Cravenweek, 21 Jaar, Bloemfontein, 16-21 Julie 1984, p. 14.

143 SARR argief: Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan in Wallis, 20 Julie 1984, p. 101; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1984, p. 195.

die wenspan se drieë gedruk, terwyl Riaan Gous met twee doelskoppe geslaag het. Benewens sy twee drieë was Bezuidenhout met sy opwindende heelagterspel die grootste individuele uitblinker in die wedstryd.[144]

Die derde wedstryd teen Gwent, op 28 Desember op Monmouth, was vir die toerspan 'n ware vuurdoop. Nie alleen het die Suid-Afrikaners met 'n gedugte span te doen gekry nie, maar volgens Jan Preuyt ook met twyfelagtige skeidsregterbeslissings, 'n modderige veld en les bes die betogers. Volgens Skonk Nicholson en Preuyt was die skoolseuns geestelik ontwrig deur die betogers se beledigings. Al die faktore het bygedra dat die besoekers met 7-13 die onderspit gedelf het. Die voorspelers van Gwent het in die skrums en die lynstane die septer geswaai. Briljante spel deur Fanus Engelbrecht, wat ook die enigste drie gedruk het, het egter gesorg dat die Suid-Afrikaners in die losspel sy man kon staan. Agterlangs het Gielie Vermeulen in die laaste vesting onder druk talle foute begaan. Hans Scriba het ook met verskeie haalbare pogings pale toe misluk.[145]

Riaan Gous het egter in die vierde wedstryd op 30 Desember op Pontarddulais teen die gekombineerde span van Neath/Lougher en Swansea sy visier met die stelskopwerk deeglik ingestel en met drie stelskoppe geslaag om sy span met 15-8 te help wen. Die toerspan het vir die vierde agtereenvolgende wedstryd in die eerste helfte gesukkel om aan die moeilike moddertoestande gewoond te raak. Die skeidsregter het ook vyftien stafskoppe teen die besoekers gegee en slegs drie strafskoppe vir hulle. Die

---

144 SARR argief: <u>Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan in Wallis</u>, 20 Julie 1984, p. 11; Skriftelike mededeling deur Steven Roos, 3 Augustus 1993, p. 1; <u>Skonk Nicholson privaatversameling</u>: <u>Western Mail</u>, 26 December 1983.

145 Skriftelike mededeling deur Skonk Nicholson, 28 Julie 1993, p. 1; <u>Beeld</u>, 29 Desember 1983; SARR argief: <u>Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan in Wallis</u>, 20 Julie 1984, p. 12.

gevolg was dat die Suid-Afrikaners rustyd met 0-6 agtergeloop het en weer 'n nederlaag in die gesig gestaar het.[146]

In die tweede helfte het die Cravenweek Uitnodigingspan se voorspelers die hef in die hand gekry. Altus Burger en Hannes Strydom het in die lynstane die oorhand gekry en Burger se dryfspel is ook beloon met die enigste drie van die wedstryd. Riaan Bezuidenhout (heelagter) word weer as die beste agterspeler uitgesonder. Sy puik breekslae kon meer drieë opgelewer het indien sy spanmaats se ondersteuning beter was. Dié skolespan het dus 1983 op 'n hoë noot afgesluit. Die eerste wedstryd in die nuwe jaar, op 3 Januarie 1984 op Whitland, sou die besoekers egter vinnig aarde toe bring.[147]

Die wedstryd teen die Wes-Walliese Jeugspan is om 19:00 in bitter koue (2°C) onder spreiligte gespeel. Die koue het egter nie die twee spanne weerhou om aanskoulike rugby te speel nie en in 'n spannende kragmeting wen die Wes-Walliese Jeugspan met 13-12. Die tuissspan het oor 'n goed gebalanseerde Vyftiental beskik met uitblinkers in heelagter, Jeremy Williams, en senter, Ian Setero. Die Suid-Afrikaners se agterlyn het blink vertoon met Pieter Nel en Eben Scheepers (senterpaar) en Johan Swart (vleuel) die uitstaande spelers. Scheepers en Swart (twee) het ook die besoekers se drieë gedruk. Swart se tweede drie was juis in die laaste minuut van die wedstryd om die telling op 12-13 in die guns van die tuisspan te staan te bring. Hans Scriba kon nie met die beslissende doelskop slaag nie en die besoekers het in hulle vyfde kragmeting hulle tweede nederlaag gely.[148]

---

146 Skonk Nicholson privaatversameling: Western Mail, 31 December 1983; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1984, p. 195; Die Burger, 31 Desember 1983.

147 SARR argief: Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan in Wallis, 20 Julie 1984, p. 12.

148 Skonk Nicholson privaatversameling: Western Mail, 4 January 1984; Skriftelike mededeling deur Steven Roos, 3 Augustus 1993, p. 1; SARR argief: Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan in Wallis, 20 Julie 1984, p. 13.

Die nederlaag het die Cravenweek Uitnodigingspan net meer vasberade gemaak om die 'toets' op 7 Januarie teen die Walliese Jongspan op Stradey Park in Llanelli te wen. Betogings teen die wedstryd het slegs buite die hekke van Stradey Park plaasgevind en die span kon dus hulle volle aandag by die wedstryd bepaal. Die Suid-Afrikaners het die loot gewen en Fanus Engelbrecht het besluit om in die eerste helfte saam met die wind te speel. Riaan Gous het die wind effektief benut in dié helfte en met lang lynskoppe sy span op die aanval gehou. Dié latere losskakel van WP se seniorspan het ook met drie strafdoele geslaag om sy span rustyd met 9-0 te laat voorloop.[149]

In die tweede helfte het die Walliesers met die wind van agter verwoed aangeval. Skitterende verdediging van die besoekers se agterlyn het egter gesorg dat Wallis slegs een drie in die tweede helfte kon druk. Die drie deur flank Ian Williams en verdoel deur die Waliese kaptein, Michael Rayner, het die eindtelling op 9-6 in die besoekers se guns te staan gebring. Die grondslag vir die Suid-Afrikaners se oorwinning, was in die skrums geleë waar Gert Marais en Craig Coyle-Mayberry (stutte) saam met Kees Stevens (haker) die Walliese skrum telkens op die agtervoet gedwing het. Fanus Engelbrecht en Altus Burger (in die ongewone posisie as flank) was die ander staatmakers in die agttal. Gous was die generaal agterlangs terwyl Pieter Nel en Eben Scheepers in die middelveld op sowel die aanval as verdediging uitgeblink het. Riaan Bezuidenhout het nie soveel aanvalsgeleenthede as gewoonlik op die heelagter gekry nie, maar sy spel onder druk was uitstaande.[150]

---

149 Pretoria News, 8 January 1984; Van Rooyen (red.), SA Rugby-skrywersjaarboek 1984, p. 195; Skonk Nicholson privaatversameling: The Times, 8 January 1984.

150 Skonk Nicholson privaatversameling: Western Mail, 8 January 1984; SARR argief: Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan in Wallis, 20 Julie 1984, pp. 15-16; Beeld, 9 Januarie 1984.

Die sege in die 'toets' het 'n besliste bydrae gelewer tot die sukses van die toer. Die toer was egter nie net op die speelveld suskesvol nie. Jan Preuyt meld in sy toerverslag dat die gedrag van die skoolseuns ten alle tye onberispelik was. Die toerspan was verder ware ambassadeurs vir Suid-Afrika en hartlike betrekkinge is met die Walliese Rugbyunie se president, E.B. Davies, die seniorvise-president, Ken Gwilym, en die sekretaris, Ray Williams, aangeknoop.[151] Dr. Craven sien die bydrae van die toer ook in dié lig en meld dat "die uitslae van die wedstryde is bysaak. Dit is die deure wat die seuns gaan open het, wat saak maak vir SA-rugby se toekoms. Die toergroep was ware ambassadeurs en goeie kontak is opgebou en in ander gevalle gehandhaaf."[152]

Dr. Craven het voorts gesê dat die skoolseuns waardevolle ondervinding opgedoen het, wat in hulle latere loopbane van groot waarde kon wees.[153] Ondanks dr. Craven se optimisme kon net een van die spelers, Hannes Strydom, later vir die Springbokspan uitdraf. Sewe van die spelers, naamlik Fanus Engelbrecht, Pieter Nel, Eben Scheepers, Charles Rossouw, Hans Scriba, Gielie Swiegers en Ronnie Visagie het later seniorprovinsiale rugby gespeel. In retrospek het die waarde van die toer dus eerder op ambassadeursvlak gelê en was die toerspan nie 'n sterk voedingsbron vir die Springbokspan nie. Deur hul optrede was dit soveel makliker vir die Engelse Rugbyunie om in 1984 'n toerspan na Suid-Afrika te stuur.

Die toergroep het nie net brûe na buite gebou nie maar ook na binne. Jan Preuyt verwys in sy toerverslag na die harmonieuse en

---

151 Die Burger, 9 Januarie 1984; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1984, p. 195; SARR argief: Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan in Wallis, 20 Julie 1984, p. 16.

152 SARR argief: Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan in Wallis, 20 Julie 1984, pp. 1 en 16; Amptelike program van die Coca-Cola Cravenweek, 21 jaar, Bloemfontein, 16-21 Julie 1984, Bloemfontein, p. 14.

153 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1984, p. 195.

gemaklike sosiale omgang tussen die Blanke en Kleurling-spelers.[154] Hier was skolerugby ook 'n rigtingwyser vir senior-rugby in Suid-Afrika, want die Kleurlinge, Errol Tobias en Avril Williams, is in 1984 in die toetsreeks teen die Engelse met ope arms deur hul spanmaats ontvang. Dit was egter nie die geval in 1981 toe Tobias as die eerste gekleurde Springbok soms met agterdog deur sy spanmaats bejeën is.

Hoewel die toer deur die toerbestuur en dr. Craven as 'n ongekwalifiseerde sukses beskou word, kan vanuit 'n pedagogiese oogpunt wel negatiewe tendense waargeneem word. Jan Preuyt erken in sy toerverslag dat die spelers tydens die wedstryd teen Gwent op Monmouth 'geestelik ontwrig' is deur al die kwetsende aanmerkings wat die betogers geskreeu het.[155] Verdere betogings by wedstryde sou die toer in 'n nagmerrie vir die spelers laat ontaard het, net soos vir die Springbokke tydens die betogertoer van 1969-70. Reeds voor die skoletoer het die anti-apartheids-beweging in Brittanje laat weet dat hulle tydens die toer sou betoog.

Die SARR en SAHSRV het gehoop (en daarin geslaag) om met dié toer nuwe vriende vir Suid-Afrikaanse rugby te maak. Die oorweging het so swaar by bogenoemde rugbylui getel, dat die psige van die skoolseuns 'n ondergeskikte rol gespeel het. Die kaptein van die toerspan, Fanus Engelbrecht, en Altus Burger meld albei dat die toerlede onderworpe was aan betogings by hulle hotelle en tydens hulle oefeninge. Volgens die twee spelers het die betogings 'n definitiewe negatiewe uitwerking op hulle geestestoestand en dié van die ander spelers gehad.[156] In die toerverslag van Jan Preuyt word daar nie melding gemaak van die betogings by die hotelle en oefenvelde nie.

---

154 SARR argief: Bestuurder se toerverslag - Cravenweek Uitnodigingspan in Wallis, 20 Julie 1984, p. 1.

155 Ibid.

156 Mondelinge onderhoude met Fanus Engelbrecht, 24 Augustus 1993 en Altus Burger, 25 Augustus 1993.

'N NUWE BLAADJIE IN 1984

Na al die opwinding van die Walliese ekskursie het die SA-skolespan in 1984 weer teen 'n plaaslike span te staan gekom. Die toer na Wallis was ook die einde van 'n era, want Skip Henderson van Oos-Transvaal het vir Skonk Nicholson as afrigter in 1984 vervang, terwyl Dan Badenhorst as sameroeper by Jan Preuyt oorgeneem het. Badenhorst en Henderson het die gedugte taak gehad om onderskeidelik 'n span te kies en af te rig om die sterk SA-Universiteite se O/19-span op 25 Augustus op die Vrystaatstadion in Bloemfontein aan te durf. Badenhorst en sy medekeurders, Henderson, Dawie Crowther, Jos Laubschagne, Meyer Sauerman en Nic van Rensburg se keuses het hulle in die pers se spervuur laat beland.[157]

Georg van Eck berig in die Beeld van 23 Julie 1984, dat die keuse van Shaun Gage (Natal) as haker bo Verwoerd Roodt (Stellaland) die grootste verrassing was. Roodt het in die drie wedstryde op die Cravenweek 25 vaskopppe gehaak en slegs twee afgestaan. Volgens Van Eck is die verklaring van een van die keurders, wat gesê het dat dit nie Roodt is wat so goed was nie, maar dat dit sy teenstanders is wat die bal in die skrum deurskop, vir hom onaanvaarbaar.[158] Van Eck word in sy sienswyse gesteun deur ander joernaliste in Transvaler en Rapport.[159] Benewens die weglating van Roodt, is die keuse van Neil du Plessis, senter van Grens, bo Jacques Conradie (Transvaal) ook bevraagteken.[160] Riaan Bezuidenhout, ster van die Cravenweek Uitnodigingspan se

---

157 SARR argief: Notule van die een en twintigste algemene jaarvergadering van die SA Hoërskolerugbyvereniging, 20 Julie 1984, pp. 3-4.

158 Beeld, 23 Julie 1984.

159 Transvaler, 23 Julie 1984, Rapport, 24 Julie 1984.

160 Die Burger, 23 Julie 1984; Natal Mercury, 23 July 1984.

toer na Wallis, het ook 'n stil Cravenweek beleef en was gelukkig om as heelagter die paal voor Russel Roux (SARVF) te haal.[161]

Ondanks al die kritiek met die spankeuses het Craig Coyle-Mayberry se span met onderskeiding uit die stryd teen die SAU-O/19-span getree. Hoewel die skoolseuns meer ondernemende rugby gespeel het, was die studente voorlangs te sterk en het met 18-14 koning gekraai. Fanus Engelbrecht, 1983 se SA-skolekaptein, het gesorg dat die studente in die losspel die septer swaai. Riaan Gous, nog 'n SA-skolespeler van 1983, het akkuraat vir die wenspan pale toe gemik. Daarenteen het Joel Stransky met vier stelskoppe vir die skolespan misluk en indien hy raak gekorrel het, kon die telling anders gelyk het. Die SA-skolespan se avontuurlustige benadering word weerspieël in die aantal drieë (drie teen twee) in hul guns. Ronnie Visagie (vleuel), Jacques Niewenhuys (senter) en Michael Carswell (reserwe-agtsteman) het die skolespan se drieë gedruk, terwyl Stransky met een doelskop geslaag het.[162] Niewenhuys, Visagie en Stompie Fourie (skrum-skakel) was die skolespan se uitblinkers.[163]

## SA-SKOLESPAN BUIG IN 1985 WEER DIE KNIE

Drie lede van 1984 se skolespan naamlik Jaco Espag (flank), Gielie Swiegers (vaskopstut) en Joel Stransky (losskakel) was weer beskikbaar vir 1985 se span. Van dié spelers is slegs Espag weer in die SA-skolespan ingesluit. Swiegers en Stransky is onderskeidelik deur Neil Zaltsman (Natal) en Fransie du Preez (Tvl) vervang.[164] In teenstelling met die vorige jaar het die

---

161 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1985, p. 240.

162 Die Volksblad, 27 Augustus 1984; Rapport, 26 Augustus 1984; Sunday Times, 26 August 1984.

163 Pretoria News, 27 August 1984, The Citizen, 27 August 1984; Beeld, 27 Augustus 1984.

164 Die Oosterlig, 8 Julie 1985; Rapport, 7 Julie 1985.

spankeuses wye byval gevind. Die SA-skolespan het op 10 Augustus 1985 teen die SA-Magte se O/19-span gespeel.[165]

Skip Henderson het vir die tweede agtereenvolgende jaar die span afgerig, terwyl Jan Preuyt weer as bestuurder van die span opgetee het. Jaco Espag is na sy besielende leierskap op die Cravenweek as kaptein van die span aangewys. Daarmee het Suidoos-Transvaal 'n uitsonderlike prestasie behaal deur die derde SA-skolekaptein in vier jaar op te lewer.[166] Hoewel Espag as kaptein en flank uitgeblink het en boonop 'n drie gedruk het, was dit nie genoeg om die SA-skolespan teen die Magte te laat wen nie. In 'n opwindende en taai wedstryd het die skolespan met 13-17 die knie gebuig. Die SA-Magte se vyf vaste voorspelers en die knap skakelpaar, Stompie Fourie en Francois Jordaan, was die wenspan se staatmakers.[167]

André Hickson, die ster van die 1985-Cravenweek, het in die wedstryd weer vir die hoogtepunt gesorg toe hy 'n skitterdrie gaan druk het, nadat hy verskeie teenstanders op pad doellyn toe geklop het. Warren McCann (linkervleuel), Buks Steenkamp (senter), Henk Prinsloo (heelagter, wat met 'n doelskop en strafdoel geslaag het) en Fransie du Preez was die ander troefkaarte in die SA-skolespan se puik agterlyn. Die lostrio Jaco Espag, Francois Pienaar (die latere Springbokkaptein) en Johan du Plessis het ook met blink spel vorendag gekom.[168] Agt lede van die span, naamlik McCann, Steenkamp, Hickson, Du Preez, Connie Campher, Frans Cronje, Espag en Pienaar het later senior-provinsiale rugby gespeel.

---

[165] Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1986</u>, p. 229; <u>Beeld</u>, 8 Julie 1985.

[166] <u>Die Burger</u>, 8 Julie 1985.

[167] <u>Rapport</u>, 11 Augustus 1985; <u>Transvaler</u>, 12 Augustus 1985.

[168] <u>Beeld</u>, 12 Augustus 1985; <u>Daily Dispatch</u>, 12 August 1985; <u>Transvaler</u>, 12 Augustus 1985.

ONMIN OOR SPANKEUSES IN 1986

Nadat die SA-skolespan se keurkomitee in 1985 oral pluimpies ontvang het vir die wysheid van hul keuses, is dieselfde keurkomitee, bestaande uit Dan Badenhorst (WP, sameroeper), Jos Labuschagne (OVS), Piet Martins (N-Tvl), Spiere van Rensburg (W-Tvl), Dawie Crowther (N-OVS) en Skip Henderson (O-Tvl) in die pers in 1986 kwaai oor die kole gehaal.[169] Die Transvaalse koerante het veral daarop gewys dat Suidoos-Transvaal wat die toernooi onoorwonne afgesluit het en die WP in die hoofwedstryd geklop het, slegs een speler vir die skolespan kon oplewer. Daarenteen het die einste WP vier spelers vir die SA-skolespan voorsien. Vrystaat wat 'n nederlaag teen OP op die lyf geloop het en ook teen NOK gesukkel het, kon met vyf Junior Bokkies spog.[170]

Die mees omstrede keuse was dié van Vrystaat se Pieter de Haas bo Pieter Boshoff (SO-Tvl) as losskakel. De Haas het nie vir Vrystaat of vir sy skool, Grey-kollege, in 1986 as losskakel uitgedraf nie. Boshoff was op sy beurt tydens die Cravenweek die planmaker van sy span se triomftog.[171] De Haas se skakelmaat in die SA-skolespan, Craig Richardson, het slegs in een wedstryd op die Cravenweek gespeel sonder om werklik uit te styg. Die keuse van Andries Truscott (OVS) as haker, bo Anton Vosloo van OP, is ook bevraagteken. In die wedstryd tussen Vrystaat en OP het Vosloo vir Truscott in die vaskopstryd met 3-0 verslaan en eersgenoemde het ook in die losspel uitgeblink.[172] Verder kon Albertus Geldenhuys (vleuel van Verre Noord) en Lucas Swart (slot

---

169 Beeld, 12 en 14 Julie 1986; Rapport, 13 Julie 1986.

170 Transvaler, 14 Julie 1986; Pretoria News, 14 July 1986; Beeld, 14 Julie 1986.

171 Rapport, 13 Julie 1986; Beeld, 14 Julie 1986.

172 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1987, p. 255.

van SO-Tvl) hulself ongelukkig ag om nie die span te haal nie.[173]

Hoewel die keurders kwaai onder die kritiek moes deurloop, het hulle dalk meerdere insig gehad, want al drie die mees omstrede keuses, Truscott (Springbok), Richardson (Junior Springbok) en De Haas (seniorprovinsiale rugby vir Vrystaat, Noord-Transvaal en Transvaal) het later hul merk as seniorspelers gemaak.

Die SA-skolespan het op 30 Augustus 1986 op Cradock teen die SA-Universiteite se O/19-span kragte gemeet en moes met 12-22 die aftog blaas. Die studente het voorlangs oorheers en die agterlyn met Lance Sherrell (losskakel), Stef Nel (skrumskakel) en Henk Prinsloo (heelagter) aan die spits, het die balbesit oordeelkundig gebruik.[174] Christo Liebenberg het vir die SA-skolespan as heelagter 'n foutlose vertoning gelewer terwyl die senterpaar, Jeremy Thompson en Buks Steenkamp, op die verdediging en aanval hul sout werd was. Voorlangs het Chett Maherry (slot) en Francois Rossouw (flank) hul stempel afgedruk.[175] Die skoolseuns se drieë is deur De Haas en Truscott gedruk, wat albei deur Liebenberg verdoel is.[176]

DIE FELBRIDGE JUNIORS TROEF DIE SA-SKOLESPAN IN 1987

Nadat die SA-skolespan in die vorige drie jare van 1984 tot 1986 slegs binnelands meegeding het, was internasionale teenstand in 1987 hul voorland. Die Engelse toerspan, Felbridge Juniors, het in Julie en Augustus 1987 hul krag teen meestal O/20-spanne kom meet. Die besoekende spelers se ouderdom het gewissel tussen

---

173 Die Volksblad, 14 Julie 1986; Sunday Times, 12 July 1986.

174 Die Burger, 1 September 1986; Natal Mercury, 1 September 1986.

175 Rapport, 31 Augustus 1986; Beeld, 1 September 1986.

176 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1987, pp. 241-242.

agttien en 23 jaar en is aangevoer deur die flank, Andy Robinson, wat reeds in die volgende jaar vir Engeland se toetsspan gespeel het. Die toer was die breinvrug van die Britse joernalis, Leon Stork, wat op Middelburg in die Transvaal gebore is.[177]

Volgens Stork was die doel van die toer om eerstens vir toekomstige Engelse toetsspelers die geleentheid te gun om teen sterk teenstand te speel en ook om vir sy land van herkoms se spelers, die geleentheid vir internasionale rugby te bied. Die toerspan is afgerig deur die gewese Engelse en All Black-senter, Jamie Salmon. Hy is bygestaan deur Harry Townsend.[178] Hoewel die toerspan heelwat ouer as die SA-skolespan was, het die Uitvoerende Bestuur van die SAHSRV besluit dat dié skolespan wel teen die besoekers sou speel. Die rede was die gebrek aan internasionale kompetisie. Die kwaai taak is toe aan die nuwe afrigter, Spiere van Rensburg, en vir die bestuurder, Skip Henderson, opgelê om die SA-skolespan vir die kragmeting op 15 Augustus op Nuweland in Kaapstad voor te berei.[179]

Henderson was ook die nuwe sameroeper van die SA-skolekeurkomitee in die plek van Dan Badenhorst wat afgetree het. Gawie Jooste van die OP was die nuwe lid van die keurkomitee, wie se keuses gunstig in die pers ontvang is.[180] Die enigste ongelukkige spelers volgens Die Volksblad was Jannie Kleynhans, vleuel van Wes-Transvaal, en Oos-Transvaal se losskakel, Leon Snyman. Die verkose spelers Pieter Loubser (vleuel van die WP) en Udo Goedeke

---

177 SARR argief: Notule van die algemene vergadering van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, 17 Julie 1987, p. 3; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1988, p. 53.

178 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1988, p. 53.

179 SARR argief: Notule van die vergadering van die Suid-Afrikaanse Hoërskolekomitee, 6 Maart 1987, p. 5; SARR argief: Notule van die algemene vergadering van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, 17 Julie 1987, p. 5.

180 Beeld, 18 Julie 1987.

(Natal se losskakel) was egter self knap spelers.[181] Goedeke was een van ses Piesangboere wat die kern van die SA-skolespan gevorm het.[182] Brenton Cattrell se span was egter nie opgewasse teen die sterker, swaarder en ouer voorspelers van die besoekers nie en het met 10-29 die onderspit gedelf.[183]

Die besoekers se agttal het die weg vir die oorwinning gebaan, waar veral Robinson en Chris Sheasby, wat deur die Suid-Afrikaanse pers as die toerspan se beste spelers uitgesonder is, uitgeblink het. Verder het die span oor 'n gevaarlike agterlyn beskik met Paul Reid en Rob Ryden (senters), Rupert Vessey (vleuel) en Simon Hill (heelagter) die troefkaarte.[184] Hoewel die SA-skolespan voorlangs noustrop getrek het, was die agterlyn weer vol ondernemingsgees en avontuurlus. James Small se blitsige lopies van heelagter af het die besoekers hoofbrekings besorg, terwyl Brendon Venter en Errol Steward 'n ondernemende en afgeronde senterpaar gevorm het. Ruben Kruger en Jannie Griesel (flanke) was die beste voorspelers in dié skolespan se geledere.[185] Kruger en Steward was die SA-skolespan se driedrukkers, terwyl Goedeke met een doelskop geslaag het.[186]

Die nederlaag van die SA-skolespan word in perspektief gestel deur die sege (21-16) wat die besoekers oor die SA-O/20-span behaal het.[187] Die besoekers met hul hardebaard voorspelers was beslis te oud vir die skoolseuns. Die honger na internasionale

---

181 Die Volksblad, 20 Julie 1987.

182 Sunday Times, 19 July 1987; Rapport, 19 Julie 1987.

183 The Argus, 17 August 1987.

184 The Daily News, 17 August 1987; Die Burger, 17 Augustus 1987; The Citizen, 17 August 1987; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1987, p. 53.

185 Transvaler, 17 Augustus 1987; Beeld, 17 Augustus 1987.

186 Rapport, 19 Julie 1987.

187 Sunday Times, 30 August 1987.

deelname het in retrospek die SAHSRV die fout laat begaan om die wedstryd te aanvaar. Die SA-skolespan van 1987 was ten spyte van sy nederlaag, 'n sterk voedingsbron vir Suid-Afrikaanse rugby. Small, Venter, Kruger en Müller, wat as reserwe op die veld gegaan het, sou later vir die Springbokke uitdraf. Verder het vier ander spelers, naamlik Errol Steward, Leon Van Rooyen (vleuel), Johan Nel (stut) en Chris Rossouw (flank) vir senior-provinsiale spanne gespeel.

## IN 1988 WEER OP DIE WENPAD

Pieter Loubser, Ruben Kruger en Pieter Müller, drie lede van 1987 se SA-skolespan, het die ervaring van die vorige jaar goed gebruik om 1988 se skolespan weer op die wenpad te kry. Nadat die skolespan drie agtereenvolgende nederlae gely het, het 1988 se span albei sy wedstryde gewen. Die SA-skolespan het twee wedstryde teen binnelandse spanne gespeel. Die kragmetings was teen die Suidwes-Afrika Gebiedsmag en teen 'n gekombineerde Transvaalse skolespan. Laasgenoemde span is spesifiek gekies om die SA-skolespan die geleentheid te gun om in meer as net een wedstryd per seisoen in aksie te wees.[188]

Die keurkomitee, waarin Gus Enderstein (WP) vir Piet Martins (N-Tvl), wat nie beskikbaar was nie, vervang het, se keuses is as wys in die pers bestempel.[189] Volgens Beeld se beriggewer was twee spelers wat na aan die span omgedraai het, die WP-liga se Chester Williams en Thinus Linee.[190] Jan Preuyt wat vir oulaas, hy het aan die einde van 1988 uit die onderwys getree, as bestuurder van die span opgetree het en die afrigters, Spiere van Rensburg en Jos Labuschagne, het die skoolseuns in die

---

188 SARR argief: Notule van die algemene jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, 11 Maart 1988, p. 5.

189 Die Volksblad, 18 Julie 1988; Natal Mercury, 18 July 1988; Transvaler, 18 Julie 1988; Rapport, 17 Julie 1988.

190 Beeld, 19 Julie 1989.

wenkombinasie saamgesnoer.[191] In die eerste wedstryd teen die SWA-Gebiedsmag op Grootfontein, op 28 Julie, het die Junior Bokkies met 28-6 geseëvier. Clayton Wait (heelagter), Lee Feurer (senter), Pieter Hendriks (vleuel), Pieter Loubser (vleuel) en Jaco Coetzee (agtsteman) het die skolespan se drieë gedruk. Pieter O'Neill (losskakel) (twee), Jaco Wait en Pieter Müller het met die doelskoppe geslaag.[192] In die wedstryd was dit veral die SA-skolespan se vleuels en losvoorspelers wat beïndruk het. Die vleuels, Hendriks en Loubser, wat albei van spoed en krag gebruik gemaak het, se lopies is moeilik gestuit. Ruben Kruger, Coetzee en Cornel Wiese, die broer van die Springbok Kobus Wiese, se dryfspel het ook groot bresse in die verdediging van die soldate geslaan.[193]

In die wedstryd teen die Transvaalse skolespan was dit weer Pieter Hendriks en Jaco Coetzee wat aan die spits van die aanvalle was. Die twee spelers, wat albei hekkieskampioene was, het elk twee drieë teen die Transvalers gedruk om hulle span met 28-13 te laat wen. Hendriks het later vir die Springbokke gespeel, terwyl Coetzee vir die Blou Bulle uitgedraf het.[194] O'Neill het twee van die uitblinkers se vier drieë verdoel en het ook met 'n strafdoel geslaag. Wait was ook in die kol met twee strafdoele.[195] Die harmonie wat in 1988 in die SA-skolespan se kringe geheers het, sou egter in 1989 weer vir onmin plek maak.

## SPIERE IN DIE SPERVUUR IN 1989

Die swak vertonings van die SA-skolespan in 1989 het gesorg dat die nuwe sameroeper van die keurkomiee, Spiere van Rensburg, uit

---

191 Sunday Times, 18 July 1988; Rapport, 18 Julie 1988.

192 Beeld, 29 Julie 1988; The Citizen, 29 July 1988.

193 Die Burger, 29 Julie 1988.

194 Rapport, 31 Augustus 1988; Die Volksblad, 1 September 1988; Pretoria News, 1 September 1988.

195 Beeld, 1 September 1988.

die staanspoor onder die pers se kritiek moes deurloop. Van Rensburg het in dié jaar die leisels by Skip Henderson, wat tot Kringinspekteur van onderwys in die streek Verre Noord bevorder is, oorgeneem.[196] Na afloop van die Cravenweek het die spankeuses nie te veel kritiek ontvang nie, hoewel die insluiting van Pieter O'Neill (losskakel van die OP) bo Bertus Kruger (Tvl) en Ralph Baümgartner (N-Tvl) bevraagteken is. Die keuse van Danie van der Walt (haker van SO-Tvl) in plaas van James Dalton (Tvl) en Mark McIntyre (loskopstut van OVS) bo 1988 se SA-skolespeler Hakie Swart (Boland) het ook die wenkbroue laat lig. Laastens is gemeen dat plek vir die heelagter van Vrystaat, Heinrich Fuls, gemaak moes word, al was dit op senter.[197] Van Rensburg en sy keurkomitee het egter geweet dat daar altyd kritiek op spankeuses sou wees en was tevrede dat die SA-skolespan sy man sou kon staan.[198]

Die gort was egter gaar toe die keurders se uitverkorenes teen die Transvaal bondespan eers teen die einde die wa deur die drif kon sleep (32-21) en daarna teen die Nampakskolespan, die aftog met 14-28 moes blaas.[199] Dié nederlaag het volgens die SA Rugbyskrywersjaarboek die vraag opnuut laat ontstaan hoe raak die SA-skolekeurders elke jaar vat wanneer hulle die span saamstel.[200] Daar word ook beweer dat provinsialisme 'n rol speel, want Noord-Transvaal, wat nie oor 'n SA-skolekeurder beskik het nie, het die toernooi onoorwonne afgesluit en het nogtans geen speler in die SA-skolespan gehad nie. Daarenteen het die WP, wat deur Gus Enderstein wel sitting op die keurkomitee

---

196 Beeld, 8 Julie 1989.

197 Die Volksblad, 10 Julie 1989; Rapport, 9 Julie 1989; Natal Mercury, 9 July 1989; The Argus, 9 July 1989.

198 Sunday Times, 9 July 1989; Pretoria News, 10 July 1989.

199 Die Oosterlig, 7 en 21 Augustus 1989; Rapport, 6 Augustus 1989; Natal Mercury, 21 August 1989.

200 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1990, pp. 259 en 275-276.

gehad het, ondanks 'n nederlaag teen Transvaal en 'n naelskraapse sege oor Vrystaat, vyf spelers vir die SA-skolespan voorsien.[201]

Een van die vyf WP-spelers kaptein en heelagter, Michael Ehrentraut, het egter in die wedstryd teen die Transvaalse bondespan op 5 Augustus op Ellispark met puik breekslae in die tweede helfte sy span laat seëvier. Benewens Ehrentraut, het Ian du Ru (regtervleuel) se kragtige lopies ook die Transvalers laat bontstaan. Voorlangs het die agtsteman, Dion O'Cuinneagan, se spoed na die afbreekpunte beïndruk. Hy is goed ondersteun deur die sterk flank Naka Drotské.[202] In die Transvaalse bondespan het veral die senterpaar, Braam van Straaten en Philip Coetzee, die gapings in die middelveld gevind. Christo Potgieter se aanvallende heelagterspel was 'n verdere troefkaart in sy span se aanvalsplanne. Pieter Boshoff (vaskopstut) se aggressiewe skrumwerk het ook die SA-skolespan se voorry ontwrig.[203]

In die wedstryd teen die Nampakskolespan op 19 Augustus in Durban, kon nie eers die individuele briljantheid van Ehrentraut en De Ru die skaal in die guns van die SA-skolespan laat swaai nie. Die 28-14 oorwinning van die Nampakskolespan, is des te merkwaardiger indien in ag geneem word dat sewe van die vyftien spelers uit die spanne van die WP-liga, Boland-liga en die Projekte se span afkomstig moes wees.[204] Die Nampakskolespan se sege was te danke aan die puik spel van sy agterlyn. Hier het veral die heelagter en latere Springboksenter, Heinrich Fuls en Hennie Wiggett, die latere Transvaalse seniorspan se senter, uitgetroon. Ivan Labotski (slot van Transvaal) het in die lynstane vir die Nampakskolespan geïmponeer. Na die verrassende

---

201 Ibid.

202 Beeld, 7 Augustus 1989; Rapport, 6 Augustus 1989.

203 Natal Mercury, 21 August 1989; Die Volksblad, 21 Augustus 1989.

204 The Daily News, 21 August 1983; Die Burger, 21 Augustus 1989.

nederlaag teen die Nampakskolespan in 1989, het die SA-skolespan in 1990 weer die hef in die hand gehad.[205]

SA-SKOLESPAN KRAAI IN 1990 WEER KONING

Na afloop van 1990 se Cravenweek op Kings Park in Durban, het die aanwysing van die SA-skolespan weer die gebruiklike kritiek uitgelok. Frikkie van Rensburg van Die Volksblad, het gemor oor die weglating van Franco Smith, die knap losskakel van Vrystaat.[206] Morris Gilbert berig in die Beeld van 14 Julie 1989, dat Christo Potgieter (heelagter van Noord-Transvaal), Glen Elferink (linkervleuel van OP), Hennie Wiggett (senter van Transvaal) en Carel le Roux (flank van Noord-Transvaal) onder die ongelukkiges getel het om dié skolespan nie te haal nie. Daarenteen kan Dion O'Cuinneagan (agtsteman van WP) en Pieta Steenkamp (senter van Vrystaat) hulself as gelukkig ag om wel die paal te gehaal het.[207] Gilbert meld verder dat die keurders, veral na 1989 se debakel, moet hoop dat hul skokkeuses sal werk wanneer hul span in sy wedstryd teen die Transvaalse bondespan te staan kom.[208] Hoewel die provinsialisme van die koerantskrywers in hul berigte deurgeskemer het, was veral van Gilbert se opmerkings later waar bewys.[209]

Die SAHSRV het 'n versoek aan die SARR gerig dat al negentien spelers, wat die reserwes insluit, SA-skolekleure moet ontvang. Die SARR het die versoek egter geweier en bepaal dat indien 'n speler in die wedstryd 'n besering sou opdoen, die geneesheer eers moet beslis dat 'n plaasvervanger in sy plek mag opgaan. Aan dié plaasvervanger sou ook SA-skolekleure toegeken word. Indien

---

205 Beeld, 21 Augustus 1989; Transvaler, 21 Augustus 1989.

206 Die Volksblad, 14 Julie 1990.

207 Beeld, 14 Julie 1990.

208 Beeld, 14 Julie 1990.

209 Rapport, 13 Julie 1990; Sunday Times, 12 July 1990.

'n speler die veld sou verlaat sonder dat hy werklik beseer is, sal hy sy kleure verloor.[210] Die rede vir die bepaling was dat van die spelers in die vorige jare in die laaste paar minute die veld verlaat het sodat die reserwes ook SA-skolekleure kon ontvang. Die bestuurder van die SA-skolespan, Tommie van der Nest (NOK), en die afrigters, Spiere van Rensburg en Jos Labuschagne, het die reëling streng toegepas en geen reserwe het in die wedstryd teen die Transvalers 'n speler vervang nie.[211]

Hoewel die SA-skolespan sonder enige beserings die wedstryd teen die Transvaalse bondespan op 28 Julie 1990 op Loftus Versfeld in Pretoria kon voltooi, moes hy hard spook om die louere in te oes. Die SA-skolespan se gevaarliker agterlyn het in die tweede helfte die gapings begin vind om sodoende dié span in staat te stel om met 30-21 koning te kraai.[212] Die Transvaalse bondespan se agttal het in die eerste helfte, in alle afdelings van die voorspel, die hef in die hand gehad. Na rustyd het die SA-skolespan se voorspelers meer balle begin wen om sodoende die agterlyn die kans te gun om die skaal in hulle guns te laat swaai. In die wenspan se agterlyn was André Venter, die latere Noord-Transvaalse en Transvaalse senter, die uitstaande speler. Alex Fenwick (regtervleuel) en Andries Fourie, die latere heelagter van OP, was die ander troefkaarte agterlangs.[213]

Voorlangs het Dion O'Cuinneagan die SA-skolekeurders reg bewys toe hy puik agtstemanspel gelewer het. Jean Craven, slot en kleinnefie van dr. Danie Craven, het in die lynstane uitgeblink. Vir die Transvalers was Carel le Roux (flank) 'n toring van krag

---

210 SARR argief: Notule van die algemene jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, 23 Maart 1990, pp. 1 en 4.

211 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, pp. 224 en 229-234.

212 Rapport, 29 Julie 1990; The Argus, 29 July 1990.

213 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1991, p. 224; Transvaler, 29 Julie 1990; Pretoria News, 29 July 1990.

voorlangs. Die ander flank, Stefan Schoeman, en slot, Markus van Greunen, wat later vir Wes-Transvaal as losvoorspeler uitgedraf het, was die ander staatmakers onder die agttal.[214] Agterlangs het Hennie Wiggett, senter, met sy spoed, verdediging en systappe beïndruk. Die blitsige Jaco Louw (latere Transvaalse seniorspan se regtervleuel) was ook deurentyd gevaarlik.[215]

Vir die wenspan het Andries Fourie, Nico Linde, Dion O'Cuinneagan en Errol Fynn, die eerste swart SA-skolespeler, drieë gedruk. Chris Beukes, wat nie 'n gelukkige dag as losskakel beleef het nie, was in die kol met vier doelskoppe en 'n strafdoel. Carel le Roux (twee), Ernest van Rooyen en Duane Pelser, wat die beseerde Christo Potgieter voor die wedstryd as heelagter vervang het, was die Transvaalse bondespan se driedrukkers. Ralf Baümgartner (losskakel) het met 'n doelskop en 'n strafdoel geslaag.[216] Met dié sege is die geloofwaardigheid van die SA-skolekeurders weer herstel. Morris Gilbert is op sy beurt ook reg bewys deurdat Wiggett vir Pieta Steenkamp en Le Roux vir Anro Dames in dié wedstryd oorskadu het.[217] In 1991 het Spiere van Rensburg (sameroeper) en sy keurkomitee egter vir 'n seldsame prestasie gesorg deur 'n SA-skolespan saam te stel wat die pers tevrede sou stel.

## ANDRé VENTER SORG VIR 'N SONDERLINGE DRIEKUNS

Die keurkomitee het egter nie alleen vir 'n uitsonderlike pretasie gesorg nie. André Venter, senter van Vrystaat, het na die OP-spelers Danie Gerber (senter van 1975-1977) en Jan Serfontein (agtsteman van 1976-1978) slegs die derde speler geword wat drie jaar agtereenvolgens die SA-skolespan gehaal het. Venter het in 1989 as leerling van die Hoërskool Monument die

---

214 Cape Times, 29 July 1990; Daily Dispatch, 29 July 1990.

215 Beeld, 29 Julie 1990; Rapport, 29 Julie 1990.

216 Die Volksblad, 29 Julie 1990; Natal Mercury, 29 July 1990.

217 Beeld, 29 Julie 1990; The Citizen, 29 July 1990.

eerste keer die span gehaal. Hy het in 1990 na Bloemfontein verhuis en het as leerling van Grey-kollege die span ook in 1990 en 1991 gehaal. André is die broer van die Springboksenter, Brendon Venter, en dié twee is die agtste paar broers wat vir die SA-skolespan uitgedraf het.[218] Norman Cilliers het op sy beurt ook vir 'n puik prestasie help sorg. Die slot van Hoërskool Ermelo het die vierde SA-skolekaptein geword wat Suidoos-Transvaal opgelewer het. Slegs die OP het ook soveel SA-skolekapteins voorsien.[219] 'n Ander interessantheid in 1991 se skolespan was dat Piet Krause, flank van HTS Sasolburg, Vaaldriehoek se eerste SA-skolespeler was.[220]

Die Transvaalse bondespan het nege Noord-Transvalers ingesluit wat hul span gehelp het om as die nie-amptelike Cravenweek-kampioene van 1991 uit die stryd te tree. In 'n opwindende wedstryd op Loftus Versfeld op 27 Julie het die SA-skolespan se gevaarlike agterlyn vroeg twee keer agter die doellyn gaan kuier om hul span met 17-3 te laat voorloop. Die Transvaalse bondespan het na rustyd met 'n vegterspoging vorendag gekom en die puntegaping tussen die twee spanne vinnig laat krimp. Die eindfluitjie het geblaas met die SA-skolespan 'n skrale twee punte (28-26) voor.[221]

Die held in die SA-skolespan se sege was die linkervleuel, Stephen Brink. Dié blits van Hoërskool Sentraal het drie drieë gedruk en ook met 'n strafdoel geslaag. Nog 'n Blikoorvleuel, Alex Fenwick, het ook sy kanse goed gebruik en na 'n solopie agter die doellyn gaan kuier. Chad Alcock (skrumskakel) het 'n afgeronde vertoning met 'n drie gekroon. André Venter se sterk breekslae in die middelveld is ook moontlik gemaak deur die kanse

---

218 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1992</u>, p. 223.

219 <u>Transvaler</u>, 15 Julie 1991; <u>Beeld</u>, 15 Julie 1991.

220 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1991</u>, p. 226; <u>Sunday Times</u>, 14 July 1991.

221 <u>Die Burger</u>, 15 Julie 1991; <u>The Daily News</u>, 15 July 1991.

wat deur Bennie Botes (senter) se flinke hanteerwerk geskep is.[222] Botes het verder ook met 'n strafdoel en 'n doelskop geslaag. Voorlangs het Stephen Hall (slot) en Scott Kemp (flank) geïmponeer.[223]

In die Transvaalse bondespan was dit ook 'n slot, Fritz Potgieter, en 'n flank, Burger Lamprechts, wat vir die vuurwerke voorlangs gesorg het. Dié twee kragreuse van Hoërskool Waterkloof (albei was Suid-Afrikaanse junioratletiekkampioene in die velditems) het in die lynstane en die dryfspel uitgeblink. Theo Buys (vaskopstut) het ook sy teenstander, die latere Springbok Ollie le Roux, in die skrums hard laat werk. Jean du Randt (skrumskakel) en Pet Maas (losskakel) se goeie verstandhouding wat hulle as skakelpaar by die Hoërskool Menlopark gekweek het, het gesorg dat die SA-skolespan se losvoorspelers moes bontstaan om hulle te keer.[224] André Ferreira (linkervleuel) was die ander troefkaart in die agterlyn. Ferreira, Maas (twee) en Justin Mills (loskopstut) het die Transvalers se drieë gedruk. Maas was ook in die kol met twee doelskoppe en twee strafdoele.[225] Die SA-skolespan van 1991 het met twee punte geseëvier en in 1992 sou die geskiedenis homself herhaal.

DIE SA-SKOLE KOU HARDE BENE TEEN DIE NAMPAKKERS IN 1992

Die SAHSRV het in 1992 besluit dat die SA-skolespan nie weer teen die Tranvaalse bondespan te staan sou kom nie, maar dat die veelrassige Nampakskolespan hul teenstanders sou wees. In 'n taai en opwindende wedstryd, het die SA-skolespan eers die wendrie deur J.R. Oosthuizen (vleuel) vyf minute voor die eindfluitjie gedruk

---

222 Rapport, 14 Julie 1991; Transvaler, 15 Julie 1991.

223 Beeld, 15 Julie 1991; Natal Mercury, 15 July 1991.

224 Transvaler, 15 Julie 1991; Pretoria News, 15 July 1991.

225 Beeld, 15 Julie 1991.

om die telling op 15-13 te staan te bring.[226] Stephen Brink was in sy tweede jaar as SA-skolespeler vol ondernemingsgees en is beloon met 'n drie. Die aanvallende heelagter van die WP, Percival Montgomery, het sy span se ander drie gedruk om dié span se vyftien punte te voltooi.[227] Benewens bogenoemde drie spelers, het ook Herschelle Gibbs (losskakel) met sy gebruiklike briljante individualisme die skare vergas. Wimpie Bannik (flank) was die staatmaker onder die SA-skolespan se voorspelers.[228] Die kaptein, Scott Kemp (agtsteman), het ook aan die voorpunt met voortreflike spel gelei.[229] Pottie Potgieter van Suidoos-Transvaal is as die bestuurder aangestel, terwyl Dawie Crowther (N-OVS) vir Spiere van Rensburg met die afrigting bygestaan het.[230]

Die Nampakskolespan het self 'n bedrewe afrigter in André Spies van die Boland gehad. Hy het die Nampakskolespan se agttal in 'n gedugte eenheid saamgesmee, met Frits Potgieter (slot) as die troefkaart. Hy het sy teenstander Gerhard Laufs in die lynstane getroef en met sy vaart en krag was Potgieter se dryfspel 'n lus om te aanskou. Agterlangs het die twee Vrystaters, Thinus Drotské (senter) en M.J. Smith (losskakel) die toon aangegee. Die twee vleuels WP-vleuels, Tom Draai en Janno van Zyl, het hul kanse ook goed gebruik en elk een keer agter die doellyn gaan kuier.[231] Na naelskraapse seges in 1991 en 1992, het die SA-skolespan van 1993 op die patroon voortborduur.

---

226 Rapport, 14 Julie 1991.

227 Cape Times, 24 August 1992; Die Burger, 24 Augustus 1992.

228 Die Volksblad, 24 Augustus 1992.

229 Beeld, 24 Augustus 1992.

230 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1992, p. 253.

231 Die Burger, 24 Augustus 1992; Cape Times, 24 August 1992.

EENHEID BRING VERANDERING IN 1993

Eenheid in skolerugby is in September 1992 bewerkstellig, nadat nege van die tien liggame betrokke by die eenheidsamesprekings, die stigting van die SA-Skolerugbyvereniging (SASRV) goedgekeur het. Die totstandkoming van die SASRV het ook weerklank in die SA-skolekringe gevind. Tydens die laaste jaarvergadering van die SAHSRV in Julie 1992 is Spiere van Rensburg as die sameroeper van die SA-Skole se keurkomitee herkies. Die res van die komitee was Koos van Staden (Tvl), André Spies (Boland), Dawie Crowther (N-OVS) en die nuwelinge Dries van der Walt (OVS) en Johan van der Merwe (OP). Na die eenwording het slegs Van Rensburg (nog steeds die sameroeper), Spies en Crowther die valbyl vrygespring. Vyf keurders van die ander rugbyliggame naamlik, Gordon Munnik (OP), Lucky Sambo (Tvl), Gideon Tina (Griekwas), Eric Sauls (OP) en Norman Mpafi (Grens) is by die drie bogenoemde here gevoeg om die aantal keurders op agt te staan te bring.[232]

Dié keurkomitee het daarin geslaag om 'n SA-skolespan te kies wat wye byval gevind het. Hoewel Noord-Transvaal met vier spelers die meeste verteenwoordigers in die span gehad het, was sy flank, Bloues Volschenk, die ongelukkigste speler om nie die span te haal nie. Hy was die spil waarom die onoorwonne Noorde se dryfbewegings gedraai het en sy verdediging was ook uit die boonste rakke. Benewens die uitlating van Volschenk, was die enigste ander verrassing die keuse van Dawie du Toit (Tvl) bo 1992 se uitsoekheelagter, Percival Montgomery (WP). Hier moet die keurders egter geluk gewens word, want Du Toit was die beste heelagter tydens die Cravenweek in Secunda en Montgomery is nie bloot op grond van sy reputasie gekies nie.[233] Waar die WP-ondersteuners teleurgestel kon gewees het met Montgomery se uitlating, het die keuse van Corné Krige, agtsteman van die Kapenaars, as kaptein van die SA-skolespan mildelik daarvoor

---

232 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, pp. 233 en 254; Beeld, 30 Julie 1993.

233 The Citizen, 12 July 1993; The Star, 12 July 1993.

vergoed.[234] Krige, 'n leerling van HJS Paarl, was die WP se vierde SA-skolekaptein en dié bond het hom nou by Suidoos-Transvaal en OP aangesluit wat ook vier kapteins opgelewer het.[235]

Die SA-skolespan het op 24 Julie 1993 teen die SA-Akademiespan op Ellispark te staan gekom. Die Akademiespan se doel is die ontwikkeling van rugby onder alle bevolkingsgroepe en in die keuse van dié span is dus voorsiening gemaak vir spelers uit alle rasse. Nadat die SA-skolespan in die eerste helfte gesukkel het om sy voete te vind en slegs met 13-8 voorgeloop het, was dié span se samespel in die tweede helfte beter en het hulle die krane oopgedraai om met 40-14 die septer te swaai.[236] Die Junior Bokkies se grootste uitblinker was Jean-Pierre van der Mescht. Die sterk linkervleuel het op sy drieëfees tydens die Cravenweek voortgebou deur weer die bal twee keer agter die doellyn te gaan plant. Sy taak is vergemaklik deur die slim senterspel van Rudi Muller en Stephan le Roux.[237]

Nickie van der Walt (flank) en Corné Krige het in die losspel vir die wenspan hul stemme dik gemaak. Die twee slotte, Lourens Muller en Stephen Temple, het in die lynstane uitgetroon terwyl Muller ook in die vaste los baljaar het.[238] Benewens Van der Mescht se twee drieë het Van der Walt, Dawie du Toit, Braam Willemse (regtervleuel) en die reserwe David von Hoesslin drieë gedruk. Louis Koen (losskakel) het met twee doelskoppe en twee strafdoele geslaag.[239] Vir die SA-Akademiespan het Hannes Pretorius (linkervleuel) 'n drie gedruk terwyl Danie van

---

[234] Beeld, 12 Julie 1993.

[235] Rapport, 11 Julie 1993; Sunday Times, 11 July 1993.

[236] Die Volksblad, 26 Julie 1993.

[237] Die Burger, 26 Julie 1993; Rapport, 25 Julie 1993.

[238] Beeld, 26 Julie 1993.

[239] Natal Mercury, 26 July 1993; Pretoria News, 26 July 1993.

Schalkwyk (senter) met drie strafdoele in die kol was. Van Schalkwyk was ook saam met Francois van Rensburg (skrumskakel van SO-Tvl) en Jacobus Fredericks (WP-flank) die Akademiespan se staatmakers.[240] Met dié sege het die SA-skolespan twintig jaar se sprankelspel op 'n hoë noot afgesluit.

SAMEVATTING

Die doel van die SA-skolespan soos bewoord deur Jan Preuyt, Louis Terblanche, Spiere van Rensburg, Dawie Crowther, Stonie Steenkamp, Jos Labuschagne en Skonk Nicholson, wat almal ten nouste by dié span betrokke was, is eerstens om die spelers vir puik spel by die Cravenweek te beloon.[241] Die blootstelling wat die seuns kry deur vir die SA-skolespan gekies te word, gee aan hulle deur borgskappe, beurse en aantreklike werksaanbiedings van tersiêre inrigtings, die Magte en groot maatskappye, die geleentheid om hul rugbypotensiaal tot die optimum te ontwikkel.[242]

In die twintigjarige bestaan van die SA-skolespan is daar vier keer teen oorsese spanne meegeding. In 1974 is 'n toets plaaslik teen Skotland gespeel en ook 'n toer na Italië en Frankryk onderneem, terwyl in 1983/84 'n besoek aan Wallis gebring is. Die laaste internasionale mededinging was in 1987 teen die Engelse toerspan, die Felbridge Juniors. In al die ander jare het die SA-skolespan teen binnelandse teenstanders, soos die SA-Universiteite en SA-Magte se O/19-spanne en ook teen skoolspanne soos die Tranvaalse bondespan en SA-Nampakskolespan gespeel. Die

---

240 Beeld, 26 Julie 1993.

241 Mondelinge onderhoude met Jan Preuyt, 8 Julie 1993; Louis Terblanche, 5 Julie 1993; Spiere van Rensburg, 6 Julie 1993; Dawie Crowther, 6 Julie 1993; Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993; Skriftelike mededeling deur Jos Labuschage, 2 Augustus 1993 en Skonk Nicholson, 28 Julie 1993.

242 Mondelinge onderhoude met Jan Preuyt, 8 Julie 1993; Louis Terblanche, 5 Julie 1993 en Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993.

SA-skolespan het dus elke jaar die geleentheid gekry om sy passies te toon.

'n Verdere oogmerk van die SA-skolespan is ook om volgens Preuyt, Terblanche en Labuschagne as basis vir verdere prestasie te dien. Die hoogtepunt van verdere prestasie is om die Springbokspan te haal. Hoewel dit nie die verklaarde doelwit van die SA-skolespan is om as voedingsbron vir die Springbokspan te dien nie, is dit logies dat die beste skolerugbyspelers in Suid-Afrika as latere uitblinkers in seniorrugby geoormerk word.

Gevolglik is dit 'n groot teleurstelling dat slegs twintig van die SA-skolespelers later vir die Springbokke uitgedraf het. Die twintig spelers is:

| Speler | Prov | Skole | SA |
|---|---|---|---|
| Bartmann (W.J.) Wahl | Tvl | 1981 | 1986 |
| Burger (M.J.) Kobus | WP | 1980-81 | 1989 |
| Droské (A.E.) Naka | WP | 1988-89 | 1993 |
| Du Plessis (C.J.) Carel | WP | 1978 | 1981 |
| Gerber (D.M.) Danie | OP | 1975-77 | 1980 |
| Hendriks (P.) Pieter | SO-Tvl | 1988 | 1992 |
| Kruger (R.J.) Ruben | OVS | 1987-88 | 1993 |
| Le Roux (A.H.) Ollie | OVS | 1991 | 1993 |
| Mallett (N.V.H.) Nic | OP | 1974-75 | 1984 |
| Müller (H.L.) Helgard | OVS | 1981-82 | 1986 |
| Müller (P.G.) Pieter | OVS | 1987-88 | 1992 |
| Pienaar (J.F.) Francois | SO-Tvl | 1985 | 1993 |
| Reinach (J.C.). Jaco | OVS | 1979-80 | 1986 |
| Small (J.) James | Tvl | 1986 | 1992 |
| Stransky (J.) Joel | Natal | 1982 | 1993 |
| Swart (J.) Balie | WP | 1983 | 1993 |
| Strydom (H.) Hannes | OP | 1983 | 1993 |
| Truscott (J.A.) Andries | OVS | 1986 | 1992 |
| Smith (D.J.) David | Rhod | 1975-76 | 1980 |
| Visser (J. de V.) Div | WP | 1976 | 1980[243] |

[243] Mondelinge onderhoude met Jan Preuyt, 8 Julie 1993 en Louis Terblanche, 5 Julie 1993; Skriftelike mededeling deur Jos Labuschagne, 2 Augustus 1993; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, p. 237.

Bogenoemde spelers verteenwoordig dus net 6% van die aantal SA-skolespelers wat vanaf 1974 gekies is. Vanaf Suid-Afrika se hertoetrede tot internasionale rugby in 1992, het die prentjie verander en elf van die 43 Springbokke het ook vir die SA-skolespan uitgedraf. Die Junior Bokkies verteenwoordig dus 25,58% van die Springbokke in die nuwe era. Indien die fisieke veranderinge van die spelers in ag geneem word, het in die SA-skolespan as voedingsbron vir die Springbokspan begin vorm aanneem.

Struikelblokke op pad van die SA-skolespan, om nog 'n groter voedingsbron te wees, is die verklaarde beleid van die keurders om die SA-skolespan op grond van vertonings tydens die Cravenweek te kies en nie toekomstige ontwikkeling van die spelers in ag te neem nie. Indien daar wel meer binne- en buitelandse toere plaasvind, soos Stonie Steenkamp bepleit, kan die probleem oorbrug word. Spelers uit kleiner bonde wat nie sterk op die Cravenweek figureer nie, maar wat wel oor die potensiaal beskik om later te kan uitstyg, sowel as vir die uitblinkers tydens die Cravenweek word daar voorsiening gemaak.[244] Ander redes wat bydra tot die dreinering van SA-skolespelers en Cravenweekspelers is belangstelling wat taan, toegewydheid en selfdissipline wat ontbreek, gebrek aan motivering, gebrekkige fisieke krag, nuwe belangstellingsvelde en werk- en studieverpligtinge. Hierdie faktore sal in hoofstuk agt onder die soeklig geplaas word.

Benewens bogenoemde faktore wat bydra tot die dreinering van puik skolesplers het die SASRV ook met probleme van die speelveld te kampe gehad. Die grootste hiervan was die politieke turksvy.

---

244 Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993.

# HOOFSTUK 6

# DIE POLITIEKE IMPLIKASIES VAN DIE CRAVENWEEK

## INLEIDING

Sedert die sewentigerjare is daar in sommige politieke en akademiese kringe krities en ontledend na die beleid van afsonderlike ontwikkeling gekyk, soos dit deur die regerende Nasionale Party toegepas is. Die gevolg hiervan was 'n worsteling in eie kring oor die weg wat in die toekoms ingeslaan moes word, aangesien dit vir sommiges duidelik geword het dat apartheid, soos gevisualiseer, nie haalbaar was nie. Hierdie periode van selfondersoek en kritiese denke het 'n dekade en langer geduur en tot verskeie hervormings - al was dit skoorvoetend - gelei. Dit het verskeie fasette van die samelewing geraak en sport as 'n belangrike sosiaal-kulturele aktiwiteit, sou daarvan nie ontdaan bly nie. Trouens, van die eerste en belangrikste hervormings het op sportgebied plaasgevind, te midde van hewige verset van konserwatief-denkendes.

As 'n belangrike item op die sportkalender sou die Cravenweek hierdie jare van storm en drang nie vryspring nie en het dit in opsigte die woelinge van die samelewing weerspieël. Die Cravenweek was nie net in opsigte 'n spieëlbeeld van die politieke strominge nie, maar was ook dikwels die rigtingwyser en vooruitloper van nuwe denkrigtings. Die vernuwende invloed van die Cravenweek het selfs daartoe bygedra dat die regerende party in Suid-Afrika in 1982 geskeur het. Alvorens die politieke implikasies van die Cravenweek bespreek word, moet die wisselwerking van sport en politiek sedert die bewindoorname van die Nasionale Party (NP) in 1948 eers belig word.

Dr. Daniël Francois (D.F.) Malan se NP het op 26 Mei 1948 die nuwe regering gevorm toe hy die Verenigde Party (VP) in die

algemene verkiesing verslaan het.[1] Dr. Malan het tydens die aanloop tot die verkiesing die kiesers met nadruk daarop gewys dat hulle moet kies tussen twee beleidsrigtings, naamlik integrasie of skeiding (apartheid).[2] Die beleid van apartheid en voogdyskap is só deur dr. Malan uiteengesit: "Soos die woorde self aandui, beteken dit nie onderdrukking van die Nie-blankes nie, maar inteendeel die uitskakeling van rassewrywing deur die erkenning van hulle bestaansreg, hulle vryheid van ontwikkeling, gepaard met die aankweking by hulle van 'n gees van selfrespek en selfstandigheid en die verskaffing aan hulle van die nodige hulp, maar alles op hulle eie terrein en onder die opperheerskappy en leiding van die Blankes."[3] Verder moes die apartheid ook tussen die "drie seksies van die Nie-blankes onderling, te wete die Kleurlinge, Naturelle en Indiërs gehandhaaf word."[4]

Apartheid sou ook op sportgebied gehandhaaf word. In die tydperk voor die Tweede Wêreldoorlog was Blanke heerskappy aan die orde van die dag. Dié oorlog het egter die wêreldorde dramaties verander. Die Westerse beskawing is deur die oorlog verswak met die gevolg dat hulle koloniale ryke verbrokkel het. Die nuwe onafhanklike state sou in die veranderde wêreldorde saam met die kommunistiese state die felste kritici van Suid-Afrika se apartheidsbeleid word en sou bydra tot die isolasie, ook op sportgebied, van Suid-Afrika. Sport het 'n belangrike onderdeel van die beleid van apartheid gevorm en dit was dus nodig vir die NP-regering om 'n sportbeleid daar te stel.

---

1 Die Burger, 29 Mei 1948; H.B. Thom, D.F. Malan, p. 202; Bun Booyens, Die lewe van D.F. Malan, p. 320.

2 Thom, p. 189; Staatsargief: Debatte van die Volksraad, deel 62, 16 Januarie tot 20 Maart 1948, kolomme 63-64.

3 Die Burger, 21 April 1948.

4 Ibid.

DIE NASIONALE PARTY SE SPORTBELEID 1956-1966

Die beleid is geformuleer deur dr. T.E. Dönges, die minister van Binnelandse Sake, en is op 26 Junie 1956 vir die eerste keer in Die Burger gepubliseer. Die hooftrekke daarvan was dat die vier onderskeie rassegroepe hul sport afsonderlik moes beoefen, organiseer en administreer. Verder sou Blanke sportlui nie toegelaat word om óf binnelands óf buitelands teen Suid-Afrikaanse Nie-blankes deel te neem nie. Voortbouend op die voogdyskapbenadering, kon die amptelike nasionale sportverenigings wat Suid-Afrika op internasionale vlak verteenwoordig, slegs uit Blankes gekies word. Laastens moes elkeen van die afsonderlike rassegroepe sy eie sportbande op internasionale vlak aanknoop.[5]

Die NP se sportbeleid het verreikende gevolge gehad. In Januarie 1959 sou dit lei tot die stigting van die "South African Sports Association" (SASA). Die anti-apartheidsaktivis, Dennis Brutus, het die leidende rol in die stigting van SASA gespeel en die organisasie het in 1959 'n memorandum aan die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) gestuur waarin die apartheidsbeleid in Suid-Afrikaanse sport uiteengesit is. Die IOK is vervolgens versoek om 'n einde te maak aan Suid-Afrika se verbreking van die Olimpiese reëls, wat alle diskriminasie verbied.[6] Die IOK het nie aan die versoek voldoen nie. Die nederlaag sou die anti-apartheidbewegings egter net verder aanvuur en uit SASA het die "South African Non-Racial Olympic Committee" (SANROC) in Oktober 1962 ontstaan met die doel om die bestaande SA-Olimpiese Spelevereniging te vervang.[7]

---

5 Gert Kotzé, Sport en Politiek, pp. 39-40; Die Burger, 26 Junie 1956; Suid-Afrikaanse Sport en Dokumentasie (SASI) argief: Sport in South Africa, Report of the Sports Council's Fact-Finding Delegation, January 1980, pp. 10-18.

6 P.G. Anderson, An investigation into the effect of race and politics on the development of South African sport (1970-1979), pp. 45-60.

7 Sam Ramsamy, Apartheid, the real hurdle. Sport in South Africa and the International boycott, pp. 12-13.

Weens die druk van SANROC is Suid-Afrika op die 59ste sitting van die IOK in Junie 1962 beskuldig van die verbreking van die volgende reël: "Fundamental Rule 1: ... No discrimination is allowed against any country or person on grounds of race, religion or politics."[8] Die SA-Olimpiese Spelevereniging is voor die keuse gestel om voor 25 Januarie 1964 die regering te beweeg tot 'n veranderde sportbeleid, wat rassediskriminasie moes uitskakel, of die uitnodiging tot deelname in 1964 sou teruggetrek word. Die SA-Olimpiese Spelevereniging kon nie aan die versoek voldoen nie en gevolglik het die IOK in Innsbruck in 1964 besluit om Suid-Afrika se uitnodiging om aan die Tokio-Spele deel te neem, terug te trek. Die ongunstige internasionale klimaat het verder daartoe gelei dat Suid-Afrika in Mei 1970 uit die IOK geskors is en dus nie meer aan die grootste internasionale sportskouspel kon deelneem nie.[9]

Suid-Afrikaanse sport het benewens die Olimpiese Spele ook wat ander sportsoorte betref, die wind van voor in die bewindstydperk van dr. Hendrik French (H.F.) Verwoerd (eerste minister van 1958-1966) gekry. Dr. Verwoerd was 'n onverbiddelike voorstander van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en het die beleid ook op sportgebied bly toepas. In 1962 het die minister van Sport en Ontspanning, Jan de Klerk, ondubbelsinning die NP se sportbeleid uiteengesit deur te verklaar dat: "Within the borders of our country Whites and Non-Whites will not compete against each other and South Africa will not participate in world tournaments as a mixed representative team."[10]

---

8 F.J.G. van der Merwe, Suid-Afrika se deelname aan die Olimpiese Spele, 1908-1960, p. 635.

9 Ramsamy, p. 61; Van der Merwe, pp. 635-638.

10 G.D. Scholz, Dr. Hendrik French Verwoerd 1901-1966, pp. 300-306; A.N. Pelzer (red.), Verwoerd aan die woord, toesprake 1948-1966, pp. 342-436; Henry Kenney, Architect of apartheid: H.F. Verwoerd - An Appraisal, pp. 230-235; Nasionale Opvoeding argief: Policy statement by minister Jan de Klerk, 1962, p. 1.

DIE LOSKOPDAM-TOESPRAAK

Die beleid is in dr. Verwoerd se toespraak in 1965 by Loskopdam bevestig. Hy het die toespraak gehou na aanleiding van dr. Danie Craven se reaksie by 'n perskonferensie in Christchurch, Nieu-Seeland, ten tye van die Springbokke se toer aldaar. Dr. Craven is pertinent gevra of Maori's, as gekleurde Nieu-Seelanders in 1967, as lede van die Nieu-Seelandse nasionale span in Suid-Afrika toegelaat sou word.[11] Volgens Gert Kotzé, destydse sportredakteur van Die Vaderland, wat die perskonferensie bygewoon het, het dr. Craven positief gereageer deur te meld dat 'n All Black-span wat op meriete gekies is, welkom in Suid-Afrika sou wees.[12]

Dr. Verwoerd het in die pers van dr. Craven se uitlating gelees en het 'n Rapportryersbyeenkoms by Loskopdam op 4 September 1965 gebruik om laasgenoemde te repudieer. Volgens dr. Verwoerd is dr. Craven en J.F. Louw, die bestuurder van die span, deur die oorsese pers en lede van die Suid-Afrikaanse pers, wat teen die NP gekant was, met vrae bestook oor die moontlike besoek van gemengde spanne aan Suid-Afrika. Die Eerste Minister het bygevoeg: "As ons dan eers hier spanne met Maori-lede ontvang het, dan sal daaruit ook moet voortvloei dat ons Kleurlinge in ons span sal opneem."[13]

Die Regering sou, aldus dr. Verwoerd, geensins tot vorme van gemengde sport waaruit verdere integrasie voortvloei, toestem nie. Hy het 'n pleidooi gelewer dat die spanne van oorsee die Suid-Afrikaanse gewoontes en regeringstelsel moet aanvaar indien hulle hier toer. Net so sal Suid-Afrikaanse sportlui hulle by die oorsese gashere tydens besoek daar aanpas. Die gevolg van die

---

[11] Anderson, pp. 70-71; SASI argief: Sport in South Africa. Report of the Sports Council's Fact-Finding Delegation, January 1980, pp. 10-12.

[12] Kotzé, p. 55.

[13] Shnaps, p. 255; Kotzé, pp. 59-60.

Loskopdam-toespraak was dat Nieu-Seeland geskok was oor die duidelike afjak van sy gekleurde bevolking en gevolglik was die All Blacks se voorgenome toer in 1967 na Suid-Afrika afgestel.[14] Dit was duidelik dat dr. Verwoerd afsonderlikheid tot enige prys wou handhaaf.

Vir dié studie is dit egter belangrik dat dr. Verwoerd in sy toespraak te Loskopdam die belang van sport as die voorloper van verandering in die breër samelewing gesien het en juis daarom het hy so sterk teen gemengde sportdeelname standpunt ingeneem. Na die moord op dr. Verwoerd in 1966 is hy opgevolg deur Balthazar Johannes (B.J.) Vorster, wie se ampstermyn tot 1978 sou strek.[15] Vorster het met sy verkiesing vanaf die Senaatsaal in Kaapstad in sy kort rede gemeld: "Julle vra my wat my pad sal wees, my pad sal die pad van Verwoerd wees."[16] Hy het ook daad by woord gevoeg en die voorgenome toer in 1968 van 'n Britse krieketspan na Suid-Afrika verbied omrede hulle 'n Suid-Afrikaans gebore Kleurling, Basil D'Oliveira, in die span ingesluit het.[17]

B.J. VORSTER BAAN NUWE WEë

Die eerste aanduiding dat Vorster egter van dr. Verwoerd se pad sou afwyk, blyk uit sy toespraak te Heilbron op 16 Augustus 1968 waar hy sê dat die Olimpiese Spele is nie net vir Blankes nie. Dit is in die lewe geroep vir alle nasies, tale en kleure. Verder

---

14 Anderson, pp. 70-71; Kotzé pp. 59-60.

15 Instituut vir Eietydse Geskiedenis argief: M.S. Vorster-versameling: Plakboek 19; Aanwysing van nuwe Eerste Minister en samestelling van regering; John D'Oliveira, Vorster, die mens, p. 184; B.M. Schoeman, Vorster se 1000 dae, pp. 12-13; Alf en Dawie Ries, John Vorster - 10 jaar, p. 3.

16 Schoeman, p. 13; Die Vaderland, 13 September 1966.

17 Ramsamy, p. 11; Kotzé, pp. 63-65; Instituut vir Eietydse Geskiedenis argief: B.J. Vorster-versameling: Leêr 3/6/1/9; Toespraak by die Vrystaatse NP-Kongres, Bloemfontein, 17 September 1968.

vra Vorster of hierdie gekleurde atlete, as hulle aan die standaarde voldoen, deelname ontsê mag word. In sy slotsom meld Vorster dat "al die wêreld se kleurmense kan aan die Olimpiese Spele deelneem, moet ek my eie weerhou om te gaan deelneem saam met die ander Swartmense en ander gekleurde mense van die wêreld? Is daar 'n enkele morele reg van my kant om dit te kan doen, en ek sê vir u nee!"[18] Vorster het dus sedert sy bewindsaanvaarding 'n geleidelike beginselverandering ondergaan wat hy op morele regverdigbaarheid gebaseer het.

Die beleidsverandering het verder duidelik geblyk toe Vorster in 1969 aangekondig het dat 'n ten volle verteenwoordigende Nieu-Seelandse span, waarin Maori's ook opgeneem kan word, in 1970 in Suid-Afrika welkom sou wees. Voorts sou Suid-Afrikaanse spanne oorsee in een span kan deelneem, ongeag ras of kleur. Die stap is in rugbykringe verwelkom en volgens dr. Craven het: "John Vorster getoon dat hy Suid-Afrika se belange, ook wat sport betref, op die hart dra. Ons sal hom daaroor as 'n groot man onthou."[19]

## 'N VERKRAMPTE AANSLAG

Die besluit het egter nie allerweë steun geniet nie. In die NP was daar persone wat steeds ten gunste van die strakke apartheidsbeleid was.[20] Dr. Albert Hertzog het oor die koms van die Maori's die volgende te sê gehad: "Maori's sal by dieselfde tafel as ons jong mans en ons jong meisies kan aansit; hulle sal met ons dogters dans."[21] Uiteenlopende standpunte oor 'n sportbeleid het op die September-kongres van die Transvaalse NP tot

---

18 O. Geyser (red.), Geredigeerde toesprake van die sewende eerste minister van Suid-Afrika, p. 104.

19 Departement van Nasionale Opvoeding argief: Policy statement with reference to sport: Prime Minister John Vorster, 1968, p. 1; Kotzé, pp. 74-75.

20 Schoeman, pp. 174-176.

21 Kotzé, p. 75.

'n botsing gelei. Dr. Hertzog het tydens dié Kongres hom vereenselwig met dr. Verwoerd se standpunt teen die toelating van die Maori's in die Nieu-Seelandse rugbytoerspan. Die implikasie van die botsing met Vorster oor die sportbeleid het dr. Hertzog nie ontgaan nie en het hy Vorster laat weet: "As u my hieroor uit die Party wil sit, laat ek dit in u hande."[22] Na 'n lang bespreking het die Kongres tot stemming oorgegaan en het elf van die sowat 1 200 afgevaardigdes die sportbeleid van John Vorster verwerp. Nog sewe afgevaardigdes het buite stemming gebly.[23]

Dr. Hertzog (Ermelo), Gert Beetge en J.G. Truter (Waterkloof), H.L. Carelse en H.J. Kleynhans (Koedoespoort), W.M. Venter en H. Nel (Geduld), J.C. de Beer en J.M. Neethling (Waterberg), S.J. Nel en J.G. Truter (Kemptonpark) het teen die voorstel gestem. Jaap Marais en mev. M. Kruger (Innesdal), C.S. Botha en mev. E. de Beer (Waterkloof), D.P. Mills en M. van Staden (Losberg) en W.H. Boshoff (Ermelo) het buite stemming gebly.[24] Dr. Hertzog het op 12 en 14 September 1969 sy besware teen die sportbeleid uiteengesit. In die eerste persverklaring het hy weer dr. Verwoerd se Loskopdam-toespraak onderskryf as die tradisionele NP-sportbeleid, wat gemengde oorsese spanne nie toelaat om in Suid-Afrika teen Blankes mee te ding nie.[25]

In die persverklaring wat in Hoofstad gepubliseer is, lig dr. Hertzog ook die belangrikheid van sport uit. Hy meld dat die toelating van gemengde toerspanne die dun ent van die wig was wat die sosiale patroon in die land en uiteindelik die hele

---

22 J.A. du Pisani, John Vorster en die Verlig Verkrampstryd, 'n studie van die politieke verdeeldheid in Afrikanergeledere 1966-1970, p. 135.

23 J.H.P. Serfontein., Die Verkrampte Aanslag, p. 214; Transvaler, 10 September 1969.

24 Serfontein, pp. 214-215; Du Pisani, p. 135.

25 Hoofstad, 12 September 1969; Du Pisani, p. 135.

apartheidsbeleid stelselmatig sou aftakel.[26] In sy tweede persverklaring van 13 Julie 1969, wat in Die Burger gepubliseer is, kom hy weer tot die gevolgtrekking dat die sportbeleid van John Vorster die tradisionele apartheidsbeginsels, soos deur dr. Verwoerd daargestel, verwerp.[27]

Vir dié studie is dit van kardinale belang dat dr. Hertzog en sy ondersteuners hulle op die Transvaalse Kongres van die NP teen die sportbeleid verset het, terwyl hulle die ander beleidsaspekte van John Vorster gesteun het. Die persverklarings onderstreep dat sport die enigste beleidsaspek was waardeur die verkramptes kon bewys dat Vorster van dr. Verwoerd se beleid afgewyk het. Volgens J.A. du Pisani is die apartheidsbeginsels met die verandering van die sportbeleid dus daadwerklik aangetas.[28]

Na herhaaldelike verwerping van die sportbeleid is 'n aantal verkramptes waaronder dr. Hertzog, Jaap Marais en Louis Stofberg (lid van die Kaaplandse NP) tel, uit die NP geskors. Onder leiding van dr. Hertzog het die verkramptes die Herstigde Nasionale Party (HNP) gestig.[29] Ander faktore soos die frustrasieverskynsel het volgens Alf Ries en Ebbe Dommisse ook bygedra tot die afskilfering. Dr. Hertzog was gefrustreerd omdat hy nie dieselfde verhewe plek in die Suid-Afrikaanse politiek as sy vader, die gewese Eerste Minister J.B.M. Hertzog, bekleë het nie. Jaap Marais het op sy beurt nie die vordering in die NP gemaak wat hy verwag het nie. Die vernaamste oorsaak was egter

---

[26] Hoofstad, 12 September 1969.

[27] Die Burger, 14 September 1969.

[28] Du Pisani, pp. 137-139.

[29] C.F.J. Muller (red.), 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Derde, Hersiene, Geïllustreerde Uitgawe, pp. 540-541; Die Burger, 26 en 27 Julie 1969; Transvaler, 7 Oktober 1969; Serfontein, pp. 216-218.

nog steeds die weiering om die Maori's in die All Black-span te aanvaar.[30]

Sport en in besonder rugby as die nasionale sportsoort, as rolspeler om verandering op 'n veel wyer front te inisieer, word deur dié gebeure, soos die afskilfering in die NP bevestig. Rugby sou in die toekoms 'n al hoe groter rol speel in die afbreek van apartheid. Die sportsoort sou die weg voorberei vir 'n samelewing waarin die kleurgrense al hoe meer oorgesteek sou word. Van nature sou die afbreek van apartheid teenstand van die meer behoudende kringe ondervind. Die rugby-integrasie sou een van die vernaamste faktore wees wat later tot 'n veel ernstiger skeuring in die NP sou lei.

Vorster en sy minister van Sport en Ontspanning, dr. Piet Koornhof, het nuwe weë in die sewentigerjare gebaan toe hulle op versoek van Albert Ferrasse, die president van die Franse Rugbyunie, toegelaat het dat Roger Bougarel, 'n Swart vleuel, die Franse toerspan van 1971 vergesel het. Verder het 'n Franse toerspan in 1975 vir die eerste keer teen 'n gemengde plaaslike Vyftiental uitgedraf. Dié historiese wedstryd het op 7 Junie 1975 op Nuweland plaasgevind en Morné du Plessis het 'n span aangevoer wat twee Kleurlinge en twee Swart spelers ingesluit het. Die vier pioniers was Morgan Cushe (flank van Uitenhage), John Noble (vleuel van Stellenbosch), Toto Tsotsobe (vleuel van Port Elizabeth) en Turkey Shields (stut van die Strand). Du Plessis se span het die Franse met 18-3 die loef afgesteek om die wedstryd des te merkwaardiger te maak.[31] Rugby was dus die eerste sportsoort om 'n veelrassige span teen 'n oorsese span in die veld te stoot.

---

30 Alf Ries en Ebbe Dommisse, Broedertwis - Die verhaal van die 1982-skeuring in die Nasionale Party, p. 2; Kotzé, p. 75; Schoeman, pp. 198-199.

31 Greyvenstein, Springbok Saga, 100 Years of Springbok Rugby; p. 238; SAS$I argief: Sport in South Africa, Report of the Sports Council's Fact-Finding Delegation, January 1980, p. 42.

Die sukses van die Franse toer van 1975 het daartoe bygedra dat Vorster op 23 September 1976 'n vaste nuwe beleid neergelê het wat onder meer bepaal "... dat in die geval van individuele sportsoorte onderlinge mededinging op alle vlakke toelaatbaar is indien die beheerliggame so besluit."[32] Vorster se sienswyse is egter nie deur die bank in die NP gedeel nie. Dr. Connie Mulder, destydse minister van Binnelandse Sake, het in Maart 1975 nog gesê dat geen Swartman 'n Springboksakwapen sou dra nie. Nog 'n minister, M.C. Botha, het in dieselfde maand by hom aangesluit deur te meld dat geen Nie-blanke ooit 'n Springbokbaadjie sou dra nie.[33] Die twee here is slegs drie jaar daarna, in 1978, verkeerd bewys toe Matthews Batswadi in dié jaar die eerste Swart Springbok (atletiek) geword het. Dit was egter duidelik dat daar steeds 'n sterk behoudende element in die NP was, wat nie die veranderde sportbeleid ondersteun het nie.

Vorster is op 28 September 1978 deur Pieter Willem (P.W.) Botha as eerste minister opgevolg en het ondanks die teenkanting van die meer konserwatiewe vleuel op Vorster se sportbeleid van 1976 voortgebou. By monde van die minister van Sport en Ontspanning, F.W. de Klerk, is die outonomie van sport so bevestig: "Die Regering erken die outonomie van sportliggame en wil hom nie in hul sake inmeng nie, behalwe wanneer wet en orde ter sprake kom en dinge gedoen word wat ernstige wrywing kan afgee."[34] Botha se sportbeleid sou egter spoedig tot hernude sportspanning lei. Die deelname van Kleurlinge aan die 1980-Cravenweek op Stellenbosch sou die NP in die jaar tot op die rand van skeuring bring en sou

---

32 Departement van Nasionale Opvoeding argief: Nasionale Party Neergelegde beleid t.o.v. sport, 23 September 1976, p. 1; Dirk en Johanna de Villiers, PW, p. 172.

33 Kotzé, pp. 91-93.

34 J.J. Scholz (red.), Vegter en hervormer. Grepe uit die toesprake van P.W. Botha, voorwoord; Dirk en Johanna de Villiers, pp. 3 en 172; Departement van Nasionale Opvoeding argief: Minister F.W. de Klerk: Nasionale Party Sportbeleid, 1979, p. 1.

een van die vernaamste oorsake van die skeuring van dié Party in 1982 word.

DR. ANDRIES TREURNICHT OP DIE VOORGROND

Dr. Treurnicht sou 'n vername rolspeler wees in die polemiek oor die Kleurlinge se deelname aan die Cravenweek. Dr. Treurnicht het op Stellenbosch in die teologie studeer en het die Nederduits Gereformeerde Kerk in Kaaplandse gemeentes gedien, waar hy ook as skrumskakel vir Suidwestelike Distrike in 1949 teen die All Blacks uitgedraf het. Daarna het hy as studenteleraar in Pretoria diens gedoen, voordat hy redakteur van die Kerkbode geword het. In 1967 is hy deur John Vorster genader om die eerste hoofredakteur van Hoofstad, die nuwe Pretoriase koerant, te word. Dr. Treurnicht het toe al sterk op die voorgrond as 'n konserwatiewe Afrikaner getree. As predikant het dr. Treurnicht met sy talentvolle woordgebruik geïmponeer.[35]

Weens sy sterk regse inslag het dr. Treurnicht hom tydens die regse afskilfering van dr. Hertzog en sy volgelinge in die spervuur bevind. Ideologies het dr. Treurnicht aanklank gevind by die regse afskilfering se weiering om die insluiting van die Maori's in die Nieu-Seelandse rugbyspan van 1970 te kondoneer. So vind hy byvoorbeeld in die hoofartikel van Hoofstad van 30 April 1969 regverdiging vir die regse standpunt deur te meld: "Die vraag is wie wyk af van die beginsels van die Nasionale Party en wie verwerp die Christelike Nasionale grondslag van ons hele maatskaplike, opvoedkundige, politieke en volkslewe. Sonder om valslik vroom te wees: Wie staan by die Here en Sy Woord?"[36]

Dr. Treurnicht het hom egter in sy politieke loopbaan telkemale as 'n opportunis bewys en tydens die afskilfering in 1969 het hy nie saam met sy geesgenote die NP verlaat nie. Die politieke

---

35 Schoeman, p. 168; Dirk en Johanna de Villiers, p. 167.

36 Hoofstad, 30 April 1969.

opportunisme blyk duidelik uit sy uitsprake tydens sy verkiesingsveldtog in die distrik Waterberg in 1971. In die veldtog het dr. Treurnicht te kenne gegee dat hy sy standpunt oor sport vir 'n beter een verruil het. Hoewel hy in sy tydperk as hoofredakteur van Hoofstad teen die insluiting van die Maori's in die All Black-span gekant was, het hy in 1971 op Vaalwater gesê dat Maori's in 'n Nieu-Seelandse span is "vandag net so min integrasie as wat dit was met die vorige besoeke van die All Blacks."[37] Verder het hy gemeld: "Ek is nie ten gunste van gemengde sport nie. As u sê ek het van standpunt verander, dan sê ek dit was ten gunste van 'n beter standpunt. Dr. Malan het gesê dit is 'n treurige mens wat nie sy standpunt kan verbeter nie."[38] Die plooibaarheid van dr. Treurnicht se standpunte kan duidelik uit die optrede en handelinge daarna gesien word.

In die 1971-verkiesing het dr. Treurnicht die Waterbergse setel vir die NP met 5 456 stemme teen Jaap Marais van die HNP se 2 182 stemme ingeoes. In 1976 is hy bevorder tot adjunkminister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling en op 25 November 1978 is dr. Treurnicht tot Transvaalse leier van die NP verkies. Die meer 'verligte' groep in die NP het gevrees dat sy aanstelling 'n ideologiese regse pad in die NP kon veroorsaak. Ben Schoeman, oudminister en voormalige leier van die NP in Transvaal, het egter die vrese besweer deur te meld: "Andries Treurnicht sal aanpas. Hy het 'n rekbare gewete en sal alles doen wat nodig is vir die Party. Hy sal altyd inval by Regeringsbeleid."[39] Die uitspraak is verkeerd bewys met die polemiek oor die Kleurling-deelname aan die 1980-Cravenweek.

---

[37] T.E.W. Schoeman, Treurnicht aan die woord: Koers in die Krisis, pp. 64-66; Ries en Dommisse, p. 71.

[38] Ries en Dommisse, p. 71.

[39] Dirk en Johanna de Villiers, pp. 167-169; Ries en Dommisse, pp. 72-74.

AFFILIASIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE RUGBYVOETBALFEDERASIE EN DIE SUID-AFRIKAANSE RUGBYASSOSIASIE

Die Kleurlinge se deelname aan 1980 se Cravenweek was 'n natuurlike uitvloeisel van die affiliasie van die Kleurling en Swart rugbyliggame, onderskeidelik die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalfederasie (SARVF) en die Suid-Afrikaanse Rugbyassosiasie (SARA), in November 1977 by die Suid-Afrikaanse Rugbyraad. Die affiliasie was 'n gevolg van deurlopende samesprekings wat sedert 1971 gehou is. Dit het daartoe gelei dat die Proteas en die Luiperde, onderskeidelik die verteenwoordigende spanne van SARVF en SARA, 'n kans gegee is om teen die Italiaanse toerspan (1973), Britse Leeus (1974), Franse toerspan (1975) en die All Blacks (1976) uit te draf. In 1975 het soos reeds genoem, die eerste gemengde span teen die Franse Hane gespeel.[40]

In 1977 is daar ook begin met die speel van wedstryde oor die kleurgrens toe die Universiteit van Stellenbosch met die Coronations van die SARVF kragte gemeet het. In 1977 is 'n verdere 188 wedstryde oor die kleurgrens heen gespeel. Dié wedstryde het die weg gebaan vir die affiliasie van November 1977. 'n Uitvloeisel van die affiliasie was dat gemengde proewe voortaan gehou sou word vir die kies van alle nasionale spanne. Die spanne sou ook deur 'n gemengde keurkomitee - Alfred Dwesi (SARA) en Dougie Dyers (SARVF) het sitting verkry - gekies word. Verder is spanne van SARA en SARVF in 1978 tot die Sport Pienaar-kompetitise toegelaat. Plattelandse provinsiale spanne het meestal aan dié kompetisie deelgeneem en SARA en SARVF sou dus nie teen die sterk Curriebekerspanne moes meeding nie.[41]

---

40 SASI argief: <u>Sport in South Africa, Report of the Sports Council's Fact-Finding Delegation</u>, January 1980, pp. 40-42.

41 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1978</u>, p. 4; SASI argief: <u>Sport in South Africa, Report of the Sports Council's Fact-Finding Delegation</u>, January 1980, pp. 42-44.

Die meestal Kleurling gedomineerde Suid-Afrikaanse Rugbyunie (SARU) wou egter nie by die affiliasie betrek word nie. Die rede was volgens Ebrahim Patel, toe sekretaris en sedert 1980 president van dié liggaam, dat geen normale sport in 'n abnormale samelewing kon plaasvind nie. Verder het SARU beweer dat die veranderinge kosmeties van aard was en slegs daarop uit was om internasionale deelname te verseker. Eers in 1992 sou die SARR en SARU saamsmelt in die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie (SARVU). Alex Kellerman, sekretaris van die SARR, het in 1978 gereageer op die kritiek dat die veranderings wat plaasvind slegs vertoon en kosmeties van aard is, deur te meld dat die veranderinge vir die voordeel van alle rasse is en dat daar geen ander motief is nie.[42]

In 'n persverklaring op 18 April 1978 het Kellerman die beleid van die SARR so uitgestippel: "The merit selection of national teams, including Springbok teams, from all races after mixed trials, selected by a National Selection Committee composed of representatives of all racial groups. Participation of all races in the Currie Cup and other Board competitions, as well as other National and Club competitions formerly run separately by the various national bodies. Acceptance of the principle of the autonomy of clubs and unions. Organisation of joint coaching courses for all races. Provision of equal facilities and opportunities for players and spectators."[43]

KRISIS RONDOM DIE SUID-AFRIKAANSE RUGBYVOETBALFEDERASIE SE DEELNAME

Nadat rugby op alle ander vlakke, soos deur Kellerman se persverklaring bewys, genormaliseer is, was dit natuurlik dat die skole volgende aan die beurt sou kom. Die SARVF is in 1980 toegelaat om aan die Cravenweek in Stellenbosch deel te neem.

---

42 Mondelinge onderhoud met Ebrahim Patel, 5 Julie 1993; Transvaler, 19 April 1978; Die Burger, 19 April 1978.

43 Cape Times, 19 April 1978; Pretoria News, 19 April 1978.

Die deur vir die deelname van anderskleuriges aan die Cravenweek is in Oktober 1978 geopen met 'n besluit van die Komitee van Onderwyshoofde (KOH). Dié Komitee, bestaande uit die sekretaris van Nasionale Opvoeding as voorsitter en die vier Direkteure van Onderwys as lede, het besluit dat die Cravenweek 'n sportbyeenkoms is wat buite skoolverband plaasvind. Die basis van deelname was vrywillig vir die verkose spelers.[44] Die KOH het die besluit geneem in die gees van die tyd en het dit ook as opvoedkundig korrek beskou om vrywillige assosiasie toe te laat. Die besluit is toe aan die Suid-Afrikaanse Rugbyraad oorgedra, en in ooreenstemming met die Raad se beleid om rugby op alle vlakke en onder alle bevolkingsgroepe te bevorder, is die SA-Hoërskolerugbyvereniging (SAHSRV) opdrag gegee om die SARVF by die Cravenweek te betrek.[45]

Die SAHSRV het gevolglik op 9 November 1979 besluit dat 'n Kleurlingspan op die Vrydag van die 1980-Cravenweek in Stellenbosch sou speel. Die span sou gekies word uit die spelers wat die SARVF se Junior Week in Faure bygewoon het. Hul teenstanders is bepaal as 'n Blanke uitnodigingspan, saamgestel deur die WP en Boland se Skolerugbyverenigings. Verder sou twee voorwedstryde tussen Kleurlingspanne dieselfde dag gereël word.[46] Die plaaslike organiserende komitee het egter 'n stokkie voor dié plan gesteek deur aan te kondig dat in opdrag van die SARR die program vir dié Rugbyweek ingekort word tot vier dae.[47]

Omrede dié Rugbyweek nou op Donderdag sou eindig, moes ander planne gemaak word om die span van die SARVF te akkommodeer. In

---

44 SARR argief: Suid-Afrikaanse Rugbyraad: I.S Skolesport, 21 Oktober 1978, p. 1.

45 SARR argief: Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging: Uitvoerende Bestuursnotule, 23 Mei 1978, p. 1.

46 SARR argief: Aanbevelings deur die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, 9 November 1979, pp. 1-2.

47 SARR argief: Cravenweek 1980 - program vir 6-10 Julie 1980, 5 Februarie 1980, p. 1.

dié verband het die SARR die plaaslike organiserende komitee opdrag gegee om die SARVF as volg by die Rugbyweek te betrek: "WPRU en Boland (moet) elk 'n uitnodigingspan saamstel wat saam met die Federasiespan die week sal bywoon. Dat hierdie drie spanne op 'n rondomtalie basis teen mekaar sal speel. Elk kry dus twee wedstryde oor dié periode."[48] Die rede vir die besluit dat WP en Boland teen die SARVF moes speel, is dat individuele skole van die twee provinsies reeds teen Kleurlinge sonder enige wrywing gespeel het. Die opdrag van die SARR het beteken dat die SARVF nou deel van dié Rugbyweek sou uitmaak en nie net in 'n vertoonwedstryd die Vrydag sou speel nie.

PREUYT STEEK VIERVOET VAS

Jan Preuyt het egter heftig op die opdrag van die SARR gereageer en gesê dat hy beslis nie sal toelaat dat Kleurlinge aan die Rugbyweek deelneem nie en soos volg daarop uitgebrei: "Dit sal indruis teen die gees en identiteit van dié Week, wat 'n pragtige tradisie het. Daar is reeds besluit dat die Bruines geen integrerende deel van dié Week sal wees nie, en sover dit my aangaan, bly die Vereniging se vroeëre besluit nog staan."[49] Hier verwys Preuyt na die besluit van die SAHSRV op 9 November 1979, wat bepaal dat 'n Bruinspan op die Vrydag, wat die tradisionele rusdag vir die seuns was, 'n wedstryd teen 'n gekombineerde span van die WP en Boland sou speel. Volgens Preuyt sou die SAHSRV weer op 5 Maart 1980 vergader en indien volgehoue druk op SAHSRV toegepas word om die Kleurlingspan toe te laat "sal ek aanbeveel dat dié Week op 'n ander plek gehou word."[50]

Verder het die vier onderwysdepartemente volgens Preuyt nie die SAHSRV die mandaat gegee om die Cravenweek veelrassig te maak

---

48 SARR argief: Cravenweek 1980 - program vir 6-10 Julie 1980, 5 Februarie 1980, pp. 1-2.

49 Die Burger, 5 Februarie 1980.

50 Beeld, 5 Februarie 1980.

nie.[51] Laastens het Preuyt in sy verklaring aan die korrespondent van Die Burger gesê dat die 1980-Cravenweek aan Boland toegesê is. Die Universiteit van Stellenbosch het egter 'n spesiale versoek gerig om dié Rugbyweek in Stellenbosch te hou omrede die US Rugbyklub sy 100ste bestaansjaar herdenk en verder dat dr. Craven in 1980 sy 70ste verjaardag vier. Volgens Preuyt het hy "omtrent hemel en aarde beweeg om Boland te oortuig dat hy dié toernooi vir 'n jaar moet prysgee. Daarna is besluit dat vanjaar 'n ereweek sou wees sodat hulde aan dr. Craven gebring kon word, maar nou is dit 'n ander saak."[52]

Dr. Craven het die volgende dag, 6 Februarie, in 'n onderhoud met Frikkie van Rensburg van Die Volksblad gesê dat Preuyt die komende toer van die Britse Leeus in gevaar gestel het met sy onvanpaste verklaring.[53] Die SARR het probeer om die vure oorsee dood te slaan deur die volgende persvrystelling op 7 Februarie uit te reik: "If the Chairman of the SA Schools' Rugby Association, Mr J. Preuyt, was accurately reported in connection with the 1980 Toyota Craven Week, the South African Rugby Board disassociates itself completely from what he is alleged to have said. A Coloured team will be at the Craven Week in Stellenbosch and particulars of matches will be decided upon at a later date."[54]

Preuyt is vervolgens deur dr. Craven Kaapstad toe ontbied en na afloop van hierdie gesprek het eersgenoemde op 9 Februarie die volgende persvrystelling uitgereik: "Vir 'n man wat baie kritiek moes verduur en derhalwe moes ly, is dit moeilik om homself in die oë van die wêreld te verontskuldig, maar daar is feite wat nie verontagsaam kan word nie. Nadat sekere besluite onder my

---

51 Die Burger, 5 Februarie 1980.

52 Ibid.

53 Die Volksblad, 6 Februarie 1980.

54 SARR argief: South African Rugby Board - Press Release, 7 February 1980, p. 1.

aandag gebring is, nl. onder andere 'n besluit wat geneem is deur die Komitee van Onderwyshoofde, is die posisie vir my duidelik. Ek verwys hier in besonder na 'n besluit geneem in Oktober 1978 waarin dié Komitee aangedui het dat die Cravenweek 'n sportbyeenkoms is wat buite skoolverband plaasvind op 'n basis van vrywillige deelname deur die spelers wat gekies word om daaraan deel te neem."[55]

Verder meld Preuyt dat "die organisasie word deur die verskillende Rugbyunies behartig en derhalwe deur die Rugbyraad as die hoogste liggaam. Indien fasiliteite van skole vir die byeenkomste nodig word, is dit die prerogatief van die beherende instansie om toestemming te verleen of te weier dat fasiliteite van die betrokke skool tydens veelvolkige byeenkomste gebruik mag word. In die lig van hierdie inligting en ander onomstootlike feite wat dr. Craven onder my aandag gebring het, besef ek dat my optrede en verklarings oor die aangeleentheid foutief was. Ek besef ook nou watter kwaad daar binnelands en buitelands gedoen is en watter misverstande daaruit gespruit het. In die lig van al die nuwe feite besef ek onder watter verkeerde indruk ek was en gebring is, en vra ek openlik en ridderlik aan almal wat hierdeur nadelig geraak is, om verskoning."[56]

Met die persvrystelling van Preuyt is die onmiddellike krisis ontlont en het die toer van die Britse Leeus voortgegaan. Preuyt het in 'n onderhoud op 27 Augustus 1992 aan die navorser gesê dat die rede vir sy aanvanklike teenkanting teen die deelname van 'n Kleurlingspan was dat hy 'n skeuring in skolegeledere gevrees het. Veral die Transvaalse skole was konserwatief ingestel en hy wou ten alle koste tweespalt in sy Vereniging verhoed.[57] Dat Preuyt se vrese nie ongegrond was nie word weerspieël deur Beeld

---

[55] SARR argief: Persverklaring deur Jan Preuyt, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Skolebestuur, 9 Februarie 1980, p. 1.

[56] Ibid.

[57] Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 27 Augustus 1992.

van 14 Februarie 1980. Volgens die berig in bogenoemde koerant word melding gemaak van 'n moontlike boikot van die Cravenweek deur Transvaalse skolespanne. Dr. Piet Krynauw, destydse voorsitter van die Administrateursbekerkomitee en vanaf 1976 voorsitter van die Transvaalse Provinsiale Hoërskolerugbyvereniging, het vir die Administrateursbekerkomitee 'n vergadering gereël waar 'n moontlike boikot van die Cravenweek bespreek sou word. Die rede vir die moontlike boikot was dat konserwatief-dekende ouers en onderwysers nie wou toelaat dat hul kinders en/of spelers teen anderskleuriges deelneem nie.[58]

Fonnie van der Vyver, voorsitter van die Noord-Transvaalse Hoërskolerugbyvereniging (NTHRV) en ondervoorsitter van die SAHSRV, het egter dr. Krynauw versoek om dié vergadering nie te hou nie, omrede sy komitee sake aangaande die Administrateursbeker moes bespreek en die Cravenweek buite hulle jurisdiksie val. Dr. Krynauw het toe ingewillig om nie die vergadering te hou nie. Volgens Die Burger van 14 Februarie 1980 sou 'n boikot van die Cravenweek deur dié Transvaalse skolespanne verder nie geslaag het nie, omrede die Transvaalse seniorrugbyunies dit nie sou toelaat nie.[59]

Met die krisis van 'n moontlike boikot uit die weg geruim, kon die SA-Skolerugbybestuur op 5 Maart 1980 die volgende besluit neem: "Dat 'n uitnodiging gerig word aan die SA-Rugbyvoetbalfederasie, Westelike Provinsie en Boland om elk 'n provinsiale hoërskooluitnodigingspan na die Week te stuur. Hierdie spanne sou deel in al die voordele van die ander Cravenweekspanne, en ook 'n das, lapelwapen en pet ontvang. Dat hulle ook verplig is om die registrasiefooie van R13 per speler te betaal; dat hierdie spanne op hul eie koste na die Week reis en vrygestel word om by te dra tot die Toyota Cravenweekreisfonds; dat hierdie skolespan

---

[58] Beeld, 14 Februarie 1980.

[59] Mondelinge onderhoud met Fonnie van der Vyver, 19 Mei 1992; Die Burger, 14 Februarie 1980.

van die Federasie gedurende die Week teen uitnodigingspanne van Westelike Provinsie en Boland speel."[60]

DIE POLEMIEK OOR DIE CRAVENWEEK KRING WYER

Terwyl die krisis in die SAHSRV ontlont is, het die polemiek oor die Kleurlinge se deelname aan die Cravenweek egter reeds wyer uitgekring. Die Cravenweek betrek die ouergemeenskap, skole, skolerugbyverenigings en die samelewing in die breër verband en juis daarom kon die dispuut rondom die Kleurlinge se deelname aan dié toernooi nie geïsoleer word nie. Die Cravenweek is 'n mikrokosmos van die Suid-Afrikaanse samelewing en as 'n belangrike sport- en sosiale gebeurtenis weerspieël dit alle fasette van dié samelewing. Die meer behoudende en regse groeperinge in die samelewing het die Kleurlinge se deelname aan die Cravenweek gesien as 'n stap om die toernooi te gebruik om apartheid af te breek. Die Cravenweek is gestig as 'n toernooi vir Blankes en die deelname van ander bevolkingsgroepe is in regse kringe vertolk as 'n wegvoorbereider vir die deelname van dié bevolkingsgroepe ook wat die regering van die land insluit.

Die eerste salvo (buiten in die reeds bespreekte skolerugbykringe) is op 16 Februarie 1980 deur die Transvaalse Onderwysersvereniging (TO) gevuur. Die TO het verklaar dat hy gekant is teen gemengde deelname op skolevlak. Hoewel die standpunt nie eenparig deur die TO aanvaar is nie, het sy voorsitter prof. Hennie Maree, die rektor van die Onderwyskollege Pretoria, die boodskap sterk uitgedra.[61] Prof. Maree was 'n hoofbestuurslid van die Transvaalse Nasionale Party en word deur Alf Ries en Ebbe Dommisse as 'n ondersteuner van dr. Treurnicht beskou.[62]

---

60 SARR argief: <u>Notule van die vergadering van die Suid-Afrikaanse Skolebestuur</u>, 17 Januarie 1980, p. 3.

61 <u>Mondstuk, Maandblad van die Transvaalse Onderwysersvereniging</u>, Februarie 1980, jaargang 9, no. 105, p. 1.

62 Ries en Dommisse, p. 85.

Aangesien prof. Maree op 13 Junie 1993 oorlede is, kan die aanspraak van Ries en Dommisse nie bevestig word nie. Prof. Maree het in gesprekke met die navorser egter by herhaaldelike geleenthede gesê dat hy geen politikus is nie, maar dat die toekoms van Blanke onderwys swaar by hom weeg. So het die maandblad van die Transvaalse Onderwysersvereniging, Mondstuk, ook in Julie 1993 in sy huldeblyk gemeld dat "sy liefde en trou teenoor die Afrikanervolk, sy taal, geskiedenis en tradisies was aan almal bekend."[63] Vanweë bogenoemde sentimente was prof. Maree van mening dat die Cravenweek as 'n skoletoernooi vir Blankes gestig is en dat dit sodanig gehandhaaf behoort te word. Hy het die kwessie met die minister van Nasionale Opvoeding en Sport en Ontspanning, Punt Janson, bespreek en die standpunt sterk oorgedra dat die ouers en kinders self die laaste seggenskap oor deelname aan die Cravenweek moes hê.[64]

Die onderwysersverenigings van Vrystaat, Kaapprovinsie en Natal het nie dieselfde besware as die meer behoudende TO gekoester nie. Dit het egter nie die TO daarvan weerhou om met sy betoog teen die deelname van die Kleurlinge aan die Cravenweek voort te gaan nie. Prof. Maree het op Donderdag 6 Maart 1980 'n persverklaring uitgereik waarin gemeld word dat gemengde skolerugby opvoedkundig skadelik sou wees. In die verklaring het hy ook die besluit van die Komitee van Onderwyshoofde van Oktober 1978, wat behels het dat die Cravenweek buite skoolverband op 'n vrywillige basis geskied, skerp aangeval.[65]

DR. TREURNICHT SORG OP JEPPE VIR DIE VONK IN DIE VUUR

Die persverklaring deur prof. Maree moes daartoe bygedra het dat dr. Treurnicht op dieselfde Donderdagaand met vrae oor die

---

63 Mondstuk, Maandblad van die Transvaalse Onderwysersvereniging, Julie 1993, jaargang 22, no. 253, p. 1.

64 Ries en Dommisse, p. 85.

65 Beeld, 7 Maart 1980.

onderwerp gepeper is. Die geleentheid was 'n NP-vergadering in die kiesafdeling Jeppe, setel van Koos van der Merwe, een van dr. Treurnicht se raadgewers. Dr. Treurnicht meld in sy boek, Noodlottige Hervorming, dat hy die vorige dag reeds deur Jan Preuyt, Fonnie van der Vyver en dr. Piet Krynauw ingelig is oor die druk wat dr. Craven en minister, Punt Janson, op hulle toepas om die Cravenweek gemeng te maak. Dr. Treurnicht se aanspraak word deur Preuyt bevestig. Die besluit oor die gemengde deelname aan die Cravenweek is dus nie net deur rugby- en onderwyslui geneem nie. Daar was regeringsintervensie soos wat deur die deelname van Janson aan die polemiek bewys word.[66]

Dr. Treurnicht was dus voorbereid op vrae oor die Cravenweek veral nadat hy vier koerantskrywers, buitengewoon baie vir 'n fonsinsamelingsvergadering, opgemerk het. Op die verwagte vraag of hy gekant is teen die deelname van 'n Kleurlingspan aan die Cravenweek het dr. Treurnicht gesê: "Hoekom beywer die rugbymense hulle nie daarvoor om vir die Kleurlinge 'n soortgelyke week te skep nie?"[67] Verder het dr. Treurnicht verwys na dr. Craven se dreigement dat Unies wat teen die deelname van Kleurlinge aan die Cravenweek is, nie kans sou kry om teen die Britse Leeus te speel nie.[68] Dr. Treurnicht het die dreigement as blatante afdreiging bestempel en versoek dat daar nie ag geslaan moet word op dr. Craven se dreigement nie.[69] Die standpunt van dr. Treurnicht het onmiddellik wye repurkussies gehad.

Dr. Craven het gevrees dat die polemiek rondom Kleurlingdeelname aan die Cravenweek die komende toer van die Britse Leeus sou verongeluk en het dieselfde aand gesê dat dr. Treurnicht oningelig is en dat daar reeds ses jaar lank 'n ekwivalent van

---

66 A.P. Treurnicht, Noodlottige Hervorming, pp. 33-34; Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 27 Augustus 1992.

67 The Citizen, 7 March 1980.

68 Beeld, 5 Maart 1980.

69 Treurnicht, p. 34; Beeld, 7 Maart 1980.

'n Cravenweek vir Bruinseuns bestaan. Voorts sou geen gekose Cravenweekspanne teen die Kleurlinge speel nie. Hulle sou teen uitnodigingspanne van WP en Boland kragte meet, dus seuns wat dus bereid was om teen hulle te speel.[70] Cuthbert Loristen, president van die SARVF, het gedreig om na aanleiding van die polemiek sy span aan die Cravenweek te onttrek. Slegs bemiddeling deur dr. Craven het Loristen van dié stap laat afsien.[71]

Dr. Treurnicht se standpunte soos in Jeppe geopper, het nie net in sportkringe weerklank gevind nie. Die Eerste Minister, P.W. Botha, het die volgende oggend in Die Burger van dr. Treurnicht se uitlatings gelees en was hewig ontsteld. Die rede hiervoor was dat Botha midde-in sy pogings was om beter gesindhede tussen Blankes en Kleurlinge te skep.[72] 'n Verdere rede vir Botha se argwaan was, volgens dr. Daan Prinsloo, voormalige assistent-sekretarisgeneraal in die Kantoor van die Staatspresident, dat hy verkies het om partygeskille binne partyverband uit te maak en nie aan die groot klok te hang nie. Die soort van afwyking van partybeleid soos deur dr. Treurnicht in Jeppe verwoord, was vir hom 'n simptoom van onordelikheid en 'n gebrek aan dissipline.[73]

## P.W. BOTHA SE PERSVRYSTELLING VAN 7 MAART 1980

Botha het egter op die oggend van 7 Maart 1980 van die sienswyse, om nie geskille binne die party na buite te verkondig nie, afgewyk en die buitengewone stap geneem om die volgende verklaring uit te reik: "Dit is onnodig dat die regering of die Nasionale Party betrek word by, of dat politieke rusies ontstaan

---

70 Die Burger, 7 Maart 1980; Ries en Dommisse, p. 86.

71 Cape Times, 8 March 1980; Die Volksblad, 8 Maart 1980.

72 Dirk en Johanna de Villiers, p. 173.

73 Daan Prinsloo, 'n Stem uit die Wildernis (P.W. Botha - 'n dokumentêre biografie), hoofstuk 9, p. 12; Mondelinge onderhoud met Daan Prinsloo, 12 Julie 1993.

oor die reëlings vir die Cravenrugbyweek. Geen wet van die land word oortree nie. Trouens, daar was ook nog nooit 'n wet wat bedoel was om sport in Suid-Afrika te reël nie, behalwe om goeie orde te handhaaf. Die Blanke skoolkinders wat na die toernooi genooi word, sowel as hul ouers het die uitsluitende reg om oor hul deelname te besluit."[74]

Oor die deelname van die Kleurlinge verklaar Botha: "Wat die Kleurlingseuns se deelname betref, is dit ook 'n saak waarmee die Regering hom nie inlaat nie. Dis tyd dat ons in dié land besef dat houdings wat die indruk wek dat Kleurlinge melaats is, nou 'n einde moet kry. Ek kan my nie vereenselwig met openbare uitlatings of gedrag wat verdere spanning tussen Blankes en Kleurlinge veroorsaak nie. Daar is ernstiger sake waaraan ministers en leiers hul aandag moet skenk. Ons land se veiligheid word vandag ook in stand gehou deur Bruin en Swart soldate en polisie, saam met Blankes. Laat ons dus ons sin vir verhoudinge behou."[75]

In Botha se persverklaring is daar egter 'n mistasting wanneer hy meld dat "... daar was nog nooit 'n wet wat bedoel was om sport in Suid-Afrika te reël nie, behalwe om goeie orde te handhaaf."[76] Die destydse minister van Binnelandse Sake, dr. Dönges, het op 26 Junie 1956 'n sportbeleid daargestel waaronder meer deelname tussen Wit, Swart, Kleurlinge en Indiërs verbied word.[77] Die beleid is tydens dr. Verwoerd se premierskap tot die letter uitgevoer. Jan de Klerk het in die NP se sportbeleid van 1962 alle segregasie op sportvlak verbied en dr. Verwoerd se

---

[74] Beeld, 8 Maart 1980.

[75] Die Burger, 8 Maart 1980.

[76] Beeld, 8 Maart 1980.

[77] Die Burger, 26 Junie 1956.

toespraak te Loskopdam in 1965 het dit bevestig.[78] Die sportbeleid is volgens Sam Ramsamy gerugsteun deur die Wet op Bevolkingsregistrasie (no. 30 van 1950), Wet op Groepsgebiede (no. 36 van 1966 en Proklamasies R26 van 1965 en E228 van 1973), Wet op die Reservering van Afsonderlike Geriewe (no. 49 van 1953), Gewysigde Wet op Bantoesake (no. 76 van 1963), Gewysigde Wet op Naturellesake (no. 36 van 1957), en die Gewysigde Drankwet (no. 58 van 1975 en no. 87 van 1977). Die wette het nie net sport nie, maar ook die sosiale verkeer tussen die verskillende rasse gereël.[79]

Nie een van dr. Treurnicht of sy ondersteuners het hulle tydens die polemiek, wat op Botha se persverklaring sou volg, beroep op die sportbeleid soos herhaaldelik deur die NP in die vyftiger- en sestigersjare daargestel is nie. Dr. Treurnicht en sy ondersteuners het dus 'n belangrike voordeel verbeur. Nogtans het hulle heftig gereageer op Botha se persverklaring. Fanie Herman, lid van die Volksraad (LV) vir Potgietersrus, het gesê dat hy vir dr. Treurnicht steun. Op sy beurt het Willie van der Merwe, 'n Transvaalse sweep van die NP, gemeld dat as hy moes kies tussen dr. Treurnicht en dr. Craven, hy elke slag dr. Treurnicht sou kies. Dr. Treurnicht het self 'n lae profiel gehandhaaf en gissing het voortgeduur dat hy uit die Kabinet sou moes bedank indien hy hom nie by Botha se persverklaring neerlê nie.[80]

DIE NASIONALE PARTY BY BREEKPUNT TYDENS DIE NAWEEK VAN 7 TOT 9 MAART 1980

Hoë spanning het gedurende die naweek van Vrydag 7 Maart tot Sondag 9 Maart in dié Party geheers. Botha het die Saterdag, 8

---

78 Departement van Nasionale Opvoeding argief: <u>Policy statement with reference to Sport by minister Jan de Klerk</u>, 1962, p. 1; Kotzé, pp. 59-60.

79 Ramsamy, pp. 21-23.

80 <u>Beeld</u>, 8 Maart 1980; <u>The Argus</u>, 8 March 1980; Ries en Dommisse, pp. 86-87.

Maart, 'n konferensie van Wes-Kaaplandse ampsdraers van die NP toegespreek. Die konferensie sou 'n geslote aangeleentheid wees, maar na die Vrydag se gebeure het hy besluit dat die vergadering vir die pers oop moes wees. Hier het Botha te kenne gegee dat "... daar is politici in die land wat dink hulle kan dit bekostig om op politieke gebied sirkus te hou terwyl Suid-Afrika se seuns aan die land se grense sterf. In Suidwes veg Wit, Bruin en Swart soldate teen die Marxistiese aanslag. As daar 'n tyd is waarin ons nie die reg het om ontrou te word aan ons Vaderland en sy veiligheid nie, is dit nou. As daar 'n tyd is waarin ons op 'n Christelike wyse moet optree teenoor andere wat in hierdie land woon, dan het die tyd nou aangebreek."[81]

Botha wou ook weet of dit verkeerd is om in 'n land soos Suid-Afrika met sy baie Swart volke, miljoene Kleurlinge en honderduisende Indiërs in 'n gees van konsultasie pleks van konfrontasie te handel. Later in sy toespraak het die Eerste Minister gevra of die luuksheid van verdeeldheid en opportunisme nou bekostig kan word. Hy het 'n beroep tot die NP gerig om: "As ons verskille het, maak dit dan binne die NP uit, en as die leier uiteindelik sy beslissing gegee het, kom ons loop dan daardie pad. Elke mens kan nie Suid-Afrika lei nie."[82]

Dr. Treurnicht het gedurende die naweek steeds geweier om kommentaar te lewer. Hy meld dat die spanning in hom die Sondag voortgeduur het en dat hy die kerkdiens in Wynberg stil verlaat het. Gedurende die naweek het dr. Treurnicht talle ondersteunende oproepe en telegramme ontvang. Nadat hy die saak met sy familie bespreek het, dat indien Botha van hom sou eis om die verklaring van 7 Maart te onderteken, sou hy uit die Kabinet bedank.[83] Koos van der Merwe, LV vir Jeppe, het egter nie soos dr. Treurnicht die stilswye gehandhaaf nie en het verklaar: "Ek is seker die

---

81 Prinsloo, hoofstuk 9, p. 16; Rapport, 3 Maart 1980.

82 Rapport, 9 Maart 1980; Sunday Times, 9 March 1980.

83 Treurnicht, pp. 37-38.

Eerste Minister sal in belang van party-eenheid die kwetsende dinge in sy verklaring van Vrydag verwyder, sodat dit vir my moontlik kan word om my by sy verklaring neer te lê."[84] Voorts het Van der Merwe gesê dat indien hy die verklaring moes aanvaar, hy sou moes erken dat hy Kleurlinge nog altyd as melaats beskou het, en dit is eenvoudig nie waar nie.[85]

Maandag 10 Maart 1980 het aangebreek te midde van openlike gesprek oor 'n moontlike skeuring in die NP. Thomas Langley, Casper Uys en Frank le Roux, al drie Transvaalse LV's van die NP, het hulle onlosmaaklik aan dr. Treurnicht verbind en gepoog om nog ander Transvaalse LV's in die Treurnicht-kamp te kry. Amie Venter, LV vir Klerksdorp en Adriaan Vlok, LV vir Verwoerdburg, wat albei as konserwatiewe politici beskou was, is deur bogenoemde driemanskap genader om saam met dr. Treurnicht van die NP weg te breek. Venter en Vlok het egter geweier. Vlok het daarna aan Alf Ries en Ebbe Dommisse gemeld dat hy onder die indruk was dat dr. Treurnicht nie begerig was om 'n skeuring te veroorsaak nie, maar dat sy luitenante hom eerder daartoe gedwing het.[86]

Een van die Treurnicht-luitenante, Daan van der Merwe, het die middag van 10 Maart aan Naas du Preez en Alf Reis gesê dat slegs 'n wonderwerk 'n skeuring sou voorkom. Van der Merwe het laat blyk dat hy wonder of hy 'n wonderwerk wou hê, omdat die polemiek om die Cravenweek net die jongste voorval van spanning in die NP was. Hy het verder beweer: "Almal weet dat die dinge oor 'n lang tyd oplaai. Selfs al sou daar versoening kom, sou dit net lapwerk wees."[87] Die uitlating van Daan van der Merwe sou later blyk in die kol te wees.

---

84 Die Burger, 10 Maart 1980.

85 Transvaler, 10 Maart 1980.

86 Ries en Dommisse, pp. 87-88.

87 Die Volksblad, 11 Maart 1980.

Daan van der Merwe en dr. Ferdi Hartzenberg, minister van Onderwys en Opleiding, was voorts beswaard oor die wyse waarop die Eerste Minister vir dr. Treurnicht behandel het. Dr. Hartzenberg het sy beswaar met minister, Hendrik Schoeman, bespreek. Schoeman sou saam met minister, F.W. de Klerk, die rol van vredemakers vertolk in dié skeuringsdrama. Dr. Hartzenberg het Schoeman meegedeel dat hy uit die Kabinet gaan bedank en laasgenoemde gevra om die bedankingsbrief, wat op 'n gewone stuk papier geskryf was, aan P.W. Botha te oorhandig. Ondanks Schoeman se weiering om die brief aan die Eerste Minister te oorhandig en sy oproep vir kalmte het dr. Hartzenberg nogtans persoonlik die bedankingsbrief aan Botha oorhandig. Die verwikkelinge rondom dr. Hartzenberg se bedanking sou 'n geheim bly tot na die skeuring van die NP in 1982.[88]

Koos van der Merwe het in die midde van die polemiek 'n dokument saamgestel waarin 42 name van NP-lede aangeteken was, wat in die geval van 'n skeuring, dr. Treurnicht sou steun. Die beswaardes het 'n aantal geheime samesprekings tydens die krisis gehou waarby verskeie parlementslede en drie ministers, dr. Treurnicht, Braam Raubenheimer en dr. Hartzenberg betrokke was.[89] Die Treurnicht-volgelinge soos Daan van der Merwe, Thomas Langley, Casper Uys, Frank le Roux en Koos van der Merwe was vasbeslote om 'n skeuring af te dwing.

Rapport van 8 Mei 1983 het onthul dat die Treurnicht-luitenante 'n blokbespreking op 'n vliegtuig gemaak het om die groep na Transvaal te bring waar hulle 'n staatsgreep binne die Transvaalse NP wou uitvoer. Volgens die skrywer van die berig, Eddie Botha, het Langley die nuus aan Tonie van Tonder, destydse LV van die NP en ook hoofstrateeg van dr. Treurnicht se leiersverkiesing in die Transvaalse NP, meegedeel. Van Tonder het op

---

[88] Ries en Dommisse, p. 89.

[89] Prinsloo, hoofstuk 9, pp. 13-16; Ries en Dommisse, pp. 87-88.

sy beurt weer die onthulling aan Botha gemaak.[90] Die staatsgreep binne die Transvaalse NP het egter weens dr. Treurnicht se teenkanting nie gerealiseer nie.

Dr. Treurnicht het in 'n eksklusiewe onderhoud aan die politieke beriggewer van die Cape Times op 5 April 1982 bekend gemaak: "I had to use all my powers of persuasion on collegues to convince them this was not a matter on which our party should be split."[91] Hy was dus nie persoonlik ten gunste daarvan dat die NP oor die Cravenweekgeskil skeur nie. Nogtans het dr. Treurnicht bekend gemaak dat hy tydens die krisis honderde telegramme van ondersteuners van die NP ontvang het waarin hulle hom aangemoedig het om van dié Party weg te breek.[92] Terwyl daar dus talle valke was wat dr. Treurnicht tot 'n skeuring wou beweeg, was daar ook vredesduiwe aan die werk.

Die ministers, F.W. de Klerk en Hendrik Schoeman, het soos reeds genoem, tydens die polemiek die rol van die vredemakers gespeel. Die twee ampsdraers het op Maandag 10 Maart 1980 as tussengangers vir dr. Treurnicht en Botha opgetree. De Klerk en Schoeman het Maandagoggend met albei dr. Treurnicht en Botha samesprekings gevoer wat daartoe gelei het dat laasgenoemde twee here mekaar op die Maandagmiddag ontmoet het. De Klerk en Schoeman was weer saam met Owen Horwood, minister van Finansies en Alwyn Schlebusch, die Vrystaatse leier van die NP, teenwoordig by die ontmoeting. Schlebusch het die vergadering bygewoon omdat hy bekommerd was oor die gevolge wat 'n skeuring op die reeds ongunstige verloop van die tussenverkiesing in Fauresmith sou hê. In dié kiesafdeling het Flippie Oliver van die NP sterk teenstand van die Herstigde Nasionale Party ondervind.[93]

---

90 Rapport, 8 Mei 1983.

91 Cape Times, 5 April 1982.

92 Ibid.

93 Treurnicht, p. 38; Dirk en Johanna de Villiers, pp. 174-175; Ries en Dommisse, p. 90; Cape Times, 5 April 1984.

EMOSIONELE WROEGING SORG VIR TRANE OP 10 MAART

Volgens dr. Treurnicht het die Eerste Minister tydens die vergadering die woord eerste geneem en sy klagstaat voorgelê. Hiervolgens word sy leierskap nie deur almal aanvaar nie en dr. Treurnicht het weer oor 'n saak (skolesport) gepraat waaroor die Kabinet besluit het hulle niks mee te doen wil hê nie. Verder het dr. Treurnicht weer 'n ander minister weerspreek het. Vervolgens het dr. Treurnicht sy saak gestel en gemeld dat die Transvaalse Kongres van die NP 'n besluit teen gemengde skolesport geneem het. Sy antwoord te Jeppe was bloot 'n voortvloeisel van die besluit. Verder het dr. Treurnicht gemeld dat dit vir hom duidelik was dat die Eerste Minister nie van sy styl gehou het nie.[94]

Tydens die vergadering het Schlebusch en Horwood hulle absolute lojaliteit teenoor Botha uitgespreek. F.W. de Klerk het weer by die Eerste Minister gepleit om nie onverbiddelik by sy verklaring van 7 Maart te bly staan nie. Tydens die samespreking wou nie een van die Eerste Minister of dr. Treurnicht bes gee nie, met die gevolg dat geen oplossing bereik is nie. Dr. Treurnicht se slotwoorde was dat indien Botha van hom sou eis om hom by die verklaring van 7 Maart neer te lê, hy wat dr. Treurnicht is, eerder in die seewater van die Suidkus sou gaan speel het.[95]

Na bogenoemde samesprekings is geen amptelike verklaring uitgereik nie. Die enigste vermelding in die pers was agt jaar na die voorval. Freek Swart berig in Beeld van 13 Februarie 1988 dat dr. Treurnicht die middag van 10 Maart 1980 in die hitte van sy botsing oor die Cravenweek met Botha voor die Eerste Minister se kantoor gesit en huil het. Die voorval is onthul tydens die doodsnikke van die wantrouedebat in die Volksraad op 12 Februarie 1988. F.W. de Klerk, toe die Transvaalse leier van die NP, het

---

[94] Treurnicht, p. 39.

[95] Prinsloo, hoofstuk 9, pp. 14-16; Treurnicht, p. 39.

vir dr. Treurnicht beskuldig dat hy die Transvaalse Nasionaliste, waarvan laasgenoemde toe die voorsitter was, nie altyd van die ware toedrag van sake gedurende die Cravenweekgeskil ingelig het nie.[96]

Dr. Treurnicht se antwoord op De Klerk se aanval was dat hy in sy dae binne die NP se koukus teen die Regering se sportbeleid beswaar gemaak het en dat hy in die Kabinet ten tye van sy Cravenweekbotsing met die Eerste Minister sy man gestaan het. Op die stelling dat hy sy man gestaan het, was De Klerk se tussenwerpsel: "Wie het u gered die dag met die Cravenweek toe u gesit en huil het?"[97] De Klerk se tussenwerpsel het woede in die Konserwatiewe Party se geledere tot gevolg gehad. Dr. Treurnicht se antwoord was dat hy nie die verloorder in die Cravenweekgeskil was nie, terwyl De Klerk se slotopmerking was: "Ek en Hendrik Schoeman het jou daai dag gered!"[98]

Die gevolgtrekking na bogenoemde woordewisseling tydens die wantrouedebat is dat dr. Treurnicht nie ontken het dat hy wel gehuil het tydens die dramatiese gebeure van die middag van 10 Maart 1980 nie. In sy boek Noodlottige Hervorming het hy egter nie van die huilepisode melding gemaak nie. Die vertolking van dr. Treurnicht se antwoord was dat dit nie die trane van 'n verloorder was nie, maar eerder dié was van 'n persoon wat die emosionele las van 'n dreigende skeuring in die regerende party op sy skouers gedra het. Dr. Treurnicht wou nie oor die geskil rondom die Cravenweek die NP laat skeur nie en het in sy onderhoud met die Cape Times van 5 April 1982 opgemerk: "I was in any event not going to allow a Danie Craven to force me out of the party."[99]

---

96 Beeld, 13 Februarie 1988.

97 Ibid.

98 Ibid.

99 Treurnicht, pp. 38-40; Cape Times, 5 April 1982.

DIE KABINETSVERGADERING VAN 11 MAART

In die lig van bogenoemde uitspraak het dr. Treurnicht dus tydens die Kabinetsvergadering van 11 Maart 1980 gepoog om 'n skeuring te verhoed. Volgens dr. Treurnicht het hy weer te kenne gegee dat hy nie die verklaring van 7 Maart sal onderteken nie. Dr. Ferdi Hartzenberg het op sy beurt die verwarring oor die uitvoer van die NP se sportbeleid aangeval. Hy het bygevoeg dat indien dr. Treurnicht uitgedwing word, daar ook nie plek vir hom in die NP sou wees nie. Braam Raubenheimer het in sy spreekbeurt gesê dat hy dink die Eerste Minister se verklaring van 7 Maart is in woede gedoen en was 'n oordeelsfout aan Botha se kant. Al die sprekers het egter met 'n versoenende gesindheid hul toesprake gelewer. Die gevolg was dat die Eerste Minister niemand meer gedwing het om sy verklaring van 7 Maart te onderteken nie. Aan die einde van die vergadering is die brose vrede verseël toe die Eerste Minister vir dr. Treurnicht glimlaggend die hand gegee het.[100]

Vir die horde joernaliste was die aanduiding dat 'n versoenings-formule gevind is toe die ministers glimlaggend uit die H.F. Verwoerd-gebou in die Parlement gekom het. Dr. Treurnicht en P.W. Botha het later in die dag verklarings uitgereik wat tot uiteenlopende vertokings gelei het. Die Eerste Minister se verklaring het gelui: "Namens die Regering en die Nasionale Party wil ek daarop wys dat dit ten eerste die Party se verantwoordelikheid is om ons huishoudelike aangeleenthede, sonder bemoeienis van buite te reël. Ek wil 'n beroep doen dat opvallende pogings om onnodige verdeeldheid binne die Party te skep en aan te blaas, gestaak word in die belang van 'n goeie en stabiele regering in Suid-Afrika."[101]

Dr. Treurnicht se verklaring het op sy beurt weer so gelees: "Die Eerste Minister en ek het die gebeurtenisse sedert verlede

---

[100] Treurnicht, pp. 39-40; Ries en Dommisse, pp. 90-91.

[101] Die Burger, 12 Maart 1980; Ries en Dommisse, pp. 90-91.

Donderdag indringend bespreek en ons beskou die saak as afgehandel. Ek doen 'n beroep op alle Nasionaliste om eendragtig aan die Nasionale Party te bou en sy beleid te help uitvoer tot heil van almal in Suid-Afrika."[102] 'n Derde verklaring is deur Koos van der Merwe uitgereik waarin hy die Eerste Minister as volg om verskoning gevra het: "Ek het oor die naweek, in emosie-belaaide oomblikke 'n verklaring gedoen wat vertolk kan word as 'n verleentheid vir Sy Edele die Eerste Minister. Ek trek hierdeur daardie verklaring terug en bied my verskoning aan die Eerste Minister en verklaar dat ek saam met hom, as ons Hoofleier en Eerste Minister, die Nasionale Party in die belang van Suid-Afrika sal help bou en verenig."[103]

'n Verdere gevolg van die Kabinetsvergadering was dat dr. Hartzenberg se bedankingsbrief opgeskeur is. Hy is later deur die Eerste Minister liggies oor die vingers getik omdat hy op so 'n slordige wyse bedank het. Verder het die tussenganger, Hendrik Schoeman, wat hy wou gebruik om die bedankingsbrief te oorhandig, ook die Eerste Minister aanstoot gegee.[104] Met die drie verklarings en die opskeur van dr. Hartzenberg se bedankingsbrief is die onmiddellike krisis in die NP ontlont.

Die gevolgtrekking wat na afloop van die drie verklarings gemaak kan word, is dat dr. Treurnicht en sy volgelinge die Eerste Minister se leiding aanvaar het, dus ook oor die Cravenweek. Volgelinge van dr. Treunicht het egter die gebeure anders vertolk en was van mening dat hul leier met eer uit die stryd getree het. Volgens Alf Ries en Ebbe Dommisse moes dr. Treurnicht in die geskil met die Eerste Minister egter die aftog blaas. Botha het dr. Treurnicht op Vrydag 7 Maart na sy kantoor ontbied en laasgenoemde gerepudieer oor sy uitlatings van die vorige aand. Indien dr. Treurnicht dit nie aanvaar nie, moes hy uit die

---

102 Die Volksblad, 12 Maart 1980.

103 Transvaler, 12 Maart 1980.

104 Ries en Dommisse, pp. 90-91.

Kabinet bedank. Op 'n vraag van bogenoemde twee skrywers oor waarom die dissiplinêre stappe nie in die openbaar bekend gemaak is nie, het Botha gemeld dat sulke stappe na binne en nie na buite gedoen word nie: "As 'n mens 'n kind in die slaapkamer pak gee, moet hy dit dan op die stoep gaan verkondig?"[105]

Dr. Treurnicht se weergawe van die botsing met die Eerste Minister verskil egter met dié van Alf Ries en Ebbe Dommisse. Ries is 'n joernalis in die stal van Nasionale Pers, wat die beleid van die NP onderskryf. As sodanig sal hy dus in sy weergawe van die gebeure die skaal in die guns van dié Party laat swaai. Volgens dr. Treurnicht was sy standpunt gedurende die Cravenweekgeskil dat die deelname van 'n Kleurlingspan nie genoeg rede is vir die stigting van 'n nuwe party nie. Hy meld dat indien mense oor ses maande vir hom sou vra waarom 'n nuwe politieke party gestig is en hy moet antwoord dat dit oor 'n Kleurlingrugbyspan is, sal hulle sê dat dié fondament 'n bietjie dun is.[106]

In die pers en tydens NP-vergaderings is wyd bespiegel oor wie die wenner tydens die geskil was. Dr. Treurnicht se antwoord op die vrae was: "As spanning in die gesin bygelê is, vra jy nie agterna wie gewen het nie."[107] Die navorser is egter van mening dat die Eerste Minister se standpunt geseëvier het, omrede die Cravenweek in 1980 op Stellenbosch gehou is met Kleurlinge as deelnemers. Die polemiek het egter die diepe verskil in die NP ontbloot en daar moet met Daan van der Merwe saamgestem word wanneer hy meld dat: "Selfs al sou daar versoening kom, sou dit net lapwerk wees."[108]

---

[105] Ries en Dommisse, p. 91; Prinsloo, hoofstuk 9, pp. 15-17.

[106] Treurnicht, pp. 40-41.

[107] _Ibid_.

[108] _Die Volksblad_, 11 Maart 1980.

Die "lapwerk" het reeds in April 1980 begin lostorring toe dr. Treurnicht op 'n NP-vergadering in Oudtshoorn op 'n vraag of hy nog teenkanting teen 'n gemengde Cravenweek het, die volgende te sê gehad: "My antwoord is kort en kragtig. Dieselfde."[109] Hoewel dr. Treurnicht in 1980 net soos in 1969 nie as gevolg van gemengde sport uit die NP wou wegbreek nie, sou hy en sy volgelinge, weens ideologiese verskille, in die toekoms al meer met die Eerste Minister swaarde kruis.

Soos te verwagte sou die amptelike Opposisie, die Progressiewe Federale Party, nie die geleentheid verby laat gaan sonder om munt daaruit te probeer slaan nie. Die leier van dié Party, dr. Frederick van Zyl Slabbert, het tydens die Eerste Minister se begrotingspos in 1980 gevra wat die Eerste Minister se beleid ten opsigte van die Cravenweek was. Botha het in sy antwoord daarop gewys dat dit 'n saak was wat in die hande van die rugby-owerhede, ouers en betrokke spelers tuis hoort. Die Regering se standpunt was dat hy hom nie sou inmeng met die Cravenweek solank daar nie botsing met die landswette was nie, en dat sport aan die sportowerhede oorgelaat moet word. In 'n toevoeging het Botha aan dr. Slabbert gevra as hy vir homself die reg toe-eien om lede te hê wat 'n individuele mening op sake nahou, waarom wil hy vir Botha die reg ontsê.[110]

Fanie Ferreira, voorsitter van die Afdelingsbestuur van die NP in die kiesafdeling Waterberg, het die individuele reg waarvan die Eerste Minister melding gemaak het, in 1981 gebruik. Hy het die debat rondom gekleurde deelname aan die Cravenweek opnuut geopen deur in 'n onderhoud met Die Afrikaner, 'n koerant wat deur die Herstigde Nasionale Party uitgegee word, opnuut sy teenkanting teen die deelname van die Kleurlinge uit te spreek. Hy het bygevoeg dat gemengde deelname aan die Cravenweek nog steeds 'n plofbare strydpunt in die geledere van die Nasionale

---

[109] Die Burger, 17 April 1980.

[110] Prinsloo, p. 17.

Party is.[111] Net meer as 'n maand na Ferreira se verklaring sou vyftien Oos-Randse skole 'n bom laat bars.

WOELINGE AAN DIE OOS-RAND

Die vyftien Oos-Randse skole het hulle in Februarie 1981 aan die Cravenweek onttrek weens besware teen die deelname van die Kleurlinge aan dié toernooi. Hoewel hy as die leier van die groep van skole beskou is, ontken dr. Piet Krynauw, vanaf 1976 hoof van Hoërskool Alberton, die bewering. Dr. Krynauw is vanaf 1976 tot op hede voorsitter van die Transvaalse Hoërskole Rugbysubunie, wat later as die Transvaalse Provinsiale Hoërskolerugbyvereniging bekend sou staan.[112]

Dr. Krynauw meld dat hy bewus was dat die Oos-Randse skole verskeie vergaderings gehou het om die boikot van die Cravenweek te bespreek. In die samesprekings het dr. Daan Nel, destydse hoof van Hoërskool Kemptonpark, en George Rossouw, hoof van Goudrif, volgens dr. Krynauw 'n belangrike aandeel gehad.[113] Dr. Krynauw het ook 'n aandeel gehad in die skedulering van 'n vergadering in 1980 waar die komitee wat die Administrateursbekerkompetisie reël, 'n boikot van die Cravenweek wou bespreek. Nogtans ontken dr. Krynauw sy aandeel in die Oos-Randse boikotaksie van 1981 en sê dat hy nie sy skool se rugbyspelers die geleentheid wou ontneem om aan die Cravenweek deel te neem nie. Sy skool se naam het dus ook nie onder die vyftien Oos-Randse skole getel nie.[114]

Dr. Daan Nel, tans direkteur van onderwys: Skoolorganisasie, erken dat sulke vergaderings wel plaasgevind het. Dr. Nel het 'n

---

[111] Die Afrikaner, 30 Januarie 1981.

[112] The Friend, 11 March 1981.

[113] Transvaalse Hoërskolerugbyvereniging, Kwartaalblad, Mei 1992, p. 1.

[114] Mondelinge onderhoud met Piet Krynauw, 19 Oktober 1993; Die Burger, 14 Februarie 1980.

stewige rugbyagtergrond en het van 1965 tot 1973 as sekretaris van die Vaaldriehoek se Hoërskolerugbysubunie gedien. Hy was van 1982 tot 1985 ook voorsitter van die Oos-Randse Hoërskolerugby-subunie. Verder het hy ook as bestuurder van Transvaal se Cravenweekspan diens gedoen. Volgens dr. Nel was die Oos-Randse skoolhoofde bekommerd oor die nuwe aksie (toelating van die Kleurlinge) wat die voorbestaan van die Blanke kompetisie sou raak.[115]

Volgens dr. Nel is die Cravenweek tot stand gebring as 'n toernooi vir Blankes en vanuit 'n kulturele oogpunt het die vyftien skoolhoofde dus besluit dat die spelers van die skole se kant nie ondersteuning sou ontvang om aan die Cravenweek deel te neem nie. Indien die ouers van die kinders egter wel hul seuns na die Cravenweekproewe toe wou stuur, sou die skoolhoofde dit so aanvaar. In 1982 is die aksie egter laat vaar, want volgens dr. Nel het 'n kulturele protesaksie nou 'n politieke kleur begin aanneem en die skoolhoofde was nie bereid om by 'n politieke twis ingesleep te word nie.[116] Die politieke twis waarna hier verwys word, was die skeuring in die NP en die stigting van die KP.

Die boikotaksie van vyftien Oos-Randse skole het in 1981 nie wye steun geniet nie. Die Skolerugbyverenigings van Noord-Transvaal, Vaaldriehoek, Suidoos-Transvaal, Wes-Transvaal en selfs die behoudende Verre Noord het hulle ten gunste van deelname aan die Cravenweek uitgespreek. O.P.J. Nel, hoof van Hoërskool Middelburg, het sy goedkeuring vir deelname aan die Cravenweek so regverdig: "Ek dink dit is 'n goeie ding dat die seuns deelneem sodat hulle kan leer daar is meer as een etniese groep in die land. Dit sal hulle ook leer om met die ander bevolkings-groepe klaar te kom."[117] Sy sienswyse is meestal deur die ander skoolhoofde waarmee Beeld se verslaggewer onderhoude gevoer het,

---

[115] Mondelinge onderhoud met Daan Nel, 16 November 1993.

[116] Mondelinge onderhoud met Daan Nel, 16 November 1993.

[117] Beeld, 9 Maart 1981.

gedeel. Slegs W.F. de Jager, hoof van die Hoërskool Ben Viljoen op Groblersdal, wou nie kommentaar lewer nie.[118] Terwyl die vyftien Oos-Randse skole nog vasgeskop het oor hul boikot van die Cravenweek, het nog 'n skokgolf skolerugby getref.

Die Transvaalse Hoërskolerugbyvereniging het in Februarie 1981 beoog om die woorde "Blanke skole" in sy grondwet in te skryf. Dié byvoeging tot die grondwet is gesien as 'n poging om veelrassige skolerugby in Transvaal te verhoed. Dr. Craven het heftig op die aankondiging gereageer en gemeld dat probleme met skolerugby die Ierse toer sowel as die Springboktoer na Nieu-Seeland in gevaar kan stel. Volgens dr. Craven kon die voortdurende polemiek oor skolerugby "Suid-Afrikaanse rugby op internasionale vlak heeltemal in duie [laat] stort."[119] Die SARR het die saak in so 'n ernstige lig gesien dat samesprekings met Jannie le Roux, die president van die Transvaalse Rugbyunie, beplan is.[120]

Le Roux het egter te kenne gegee dat sy Unie nie by die sake van die skole sou inmeng nie en die byvoeging tot die grondwet is deurgevoer. Die gevolg was dat die Minister van Nasionale Opvoeding, dr. Gerrit Viljoen en Willem Cruywagen, Administrateur van Transvaal, 'n gesamentlike verklaring oor skolesport uitgereik het. Die verklaring lui dat in opvolging van koerantberigte oor skolesport en navrae in dié verband word die beleid van die Transvaalse Provinsiale Administrasie weer eens as volg gestel: "Die georganiseerde skoolbedrywighede, wat georganiseerde sport insluit, vorm 'n integrale deel van die skoolonderwys. Skoolonderwys is volksgebonde en georganiseerde skolesport word gereël vir die betrokke volksgroepe. Georganiseerde skolesport vir Blankes word dus ook beperk tot skole vir Blankes."[121]

---

118 Ibid.

119 Beeld, 26 Februarie 1981.

120 Die Burger, 26 Februarie 1981.

121 Beeld, 26 Februarie 1981.

Die verklaring lui verder dat: "Buitengewone reëlings bestaan om goedkeuring te kry vir die deelname van leerlinge aan uitsonderlike byeenkomste soos nasionale en internasionale kompetisies. Die besluit oor deelname van leerlinge aan sportbedrywighede wat nie deur hul skole gereël word nie, maar deur buiteliggame soos die Cravenweek, berus by die leerlinge se ouers."[122] Die verklaring sluit nou aan by die verklaring van die Komitee van Onderwyshoofde wat in Oktober 1978 ook sterk beklemtoon het dat die Cravenweek 'n sportbyeenkoms buite skoolverband is en dat deelname op 'n vrywillige basis plaasvind.[123]

Die hernude geskilpunt in skolerugby het geskied te midde van samesprekings in die Presidentsraad rondom 'n nuwe konstitusionele bedeling waarin voorsiening gemaak sou word vir Blankes, Kleurlinge en Indiërs. Die Regering het veelrassige sport as 'n middel gesien om die weg vir 'n veelrassige samelewing voor te berei. Die meer verligte lede van die NP wou dié samelewing skep deur onder andere die Kleurlinge en Indiërs in 'n driekamerparlement te huisves.[124] Die belang van sport en veral die Cravenweek moet in 'n wyer konteks gelees word. Gevolglik was dit dus geen verrassing dat dr. Treurnicht tydens 'n NP-vergadering in Maart 1981 in Randfontein met vrae oor 'n gemengde samelewing, sport en Cravenweek gepols is nie.[125]

Dr. Treurnicht het op 'n vraag oor die moontlike boikotaksie van die vyftien Oos-Randse skole geantwoord dat hy sy hoed vir hulle afhaal.[126] Met dié woorde het dr. Treurnicht opnuut 'n storm ontketen. Dr. Craven het gemeld dat alle hoop dat die Gleneagles ooreenkoms, waarby die Statebondslande ontmoedig word om teen

---

122 Ibid.

123 SARR argief: Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging: Uitvoerende bestuursnotule, 23 Mei 1978, p. 1.

124 Cape Times, 9 March 1981.

125 Eastern Province Herald, 11 March 1981.

126 Sowetan, 9 March 1981.

Suid-Afrika op die sportveld mee te ding, opgehef sou word, nou verydel word. Verder meld dr. Craven dat Suid-Afrika al hoe meer in internasionale rugby geïsoleer sou word weens die voortdurende twis rondom die Cravenweek.[127] Die geskil oor die deelname van die Kleurlinge aan die Cravenweek het dus Suid-Afrikaanse rugby se beeld in die buiteland kwaai skade aangedoen. Die gevolg was dat geen buitelandse verteenwoordigende nasionale span Suid-Afrika in die tydperk 1985 tot 1992 besoek het nie.

Binnelands was die gevolge net so verreikend. Dr. Treurnicht se uitlating oor die Cravenweek strook met sy verklaring aan die pers dat hy 'n verslag in die NP teenstaan wat meld dat die Regering van segregasie na integrasie moes beweeg. Die koerante, The Friend, The Argus, Cape Times, Sunday Express en die Eastern Province Herald, wat nie die NP se beleid onderskryf het nie, was almal van mening dat dr. Treurnicht alleen figuurlik gesproke sy hoed sou lig, indien hy die magsbasis daarvoor het. Die koerante bespiegel dat sy steun in die laaste jaar so moes toegeneem het dat hy weer lynreg teenoor die Eerste Minister kon standpunt inneem oor die Kleurlinge se deelname aan die Cravenweek.[128]

Dié sienswyse kry geloofwaardigheid na die stilswye wat die Eerste Minister na dr. Treurnicht se 'hoedliggery' gehandhaaf het. 'n Verdere bewys vir die swaai na regs was die algemene verkiesing van 29 April 1981. Jaap Marais se Herstigde Nasionale Party het bykans 200 000 stemme behaal. Dit was nie veel minder as wat die amptelike Opposisie, die Progressiewe Federale Party, behaal het nie. Die finale breuk in die NP is nog 'n stap verder geneem tydens die kabinetsvergadering van 22 Februarie 1982. Hier het dr. Treurnicht dit duidelik gestel dat hy nie die Eerste Minister se verklaring, waarin na magsdeling verwys word, kan aanvaar nie. Die breuk kon nie herstel word nie en op 3 Maart

---

127 Cape Times, 10 March 1981.

128 The Friend, 11 March 1981; The Argus, 9 March 1981; Cape Times, 1 and 10 March 1981; Sunday Express, 8 March 1981; Eastern Province Herald, 8 March 1981.

1982 het dr. Treurnicht as Minister van Staatsadministrasie en dr. Hartzenberg as minister van Onderwys en Opleiding, bedank.[129]

Die bedankings het die koukus van die NP op dieselfde dag, 3 Maart, voorafgegaan. Na afloop van die koukus het die regeringshoofsweep, Alex van Breda, die pers meegedeel dat sestien LV's, waaronder vyftien uit Transvaal en een uit Kaapland tel, finaal besluit het om die Eerste Minister nie te steun nie. Hulle lidmaatskap van die koukus is gevolglik op voorstel van P.W. Botha opgehef.[130] Later het nog 'n sewentiende LV, Hans Schoeman van Noordrand, ook uit die NP bedank. Hiermee het die grootste skeuring in die NP sy beslag gekry. Bogenoemde sewentien LV's het almal 'n tuiste in die nuwe Konserwatiewe Party, waarvan dr. Treurnicht op 20 Maart 1982 as die leier verkies is, gevind.[131] Die KP sou sedert sy stigting 'n teenstander van die veelrassige Cravenweek bly en sou in 1992 selfs 'n alternatiewe skolerugbyfees vir Blankes loods.

## DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT DUI IN OKTOBER 1981 DIE PAD AAN

Die geskil rondom die Cravenweek het nie alleen bygedra tot die skeuring in die Nasionale Party nie, maar het ook in onderwysgeledere nog steeds spanning veroorsaak. Veral in die Transvaalse onderwysgeledere was daar nog steeds ongelukkigheid weens die deelname teen anderskleuriges en derhalwe het die TOD besluit om vir eens en altyd die onsekerheid uit die weg te ruim met die

---

129 Trewhella Cameron (general ed.) and S.B. Spies (advisory ed.), <u>A New Illustrated History of South Africa</u>, p. 317; Ries en Dommisse, p. 148 en 159-164; <u>Die Burger</u>, 23 Februarie 1982.

130 <u>Transvaler</u>, 4 Maart 1982; <u>The Citizen</u>, 4 March 1982; Treurnicht, pp. 73-78.

131 Dirk en Johanna de Villiers, pp. 194-195; Ries en Dommisse, pp. 166 en 187; <u>Rapport</u>, 21 Maart 1982; Treurnicht, pp. 85-86.

publikasie van omsendminuut 115 van 26 Oktober 1981 onder die opskrif: "Gemengde Sportbyeenkomste: Wysiging van die algemene handleiding vir algemene skoolorganisasie." In die omsendminuut word die bestaande beleid t.o.v. skolesport gewysig om voorsiening te maak vir skolesport, juniorsport en sportdeelname buite skoolverband.[132]

Die TOD het twee dae later in 'n verklaring aan die lede van die Transvaalse Provinsiale Administrasie die wysiging van sy beleid so verduidelik: "Skolesport en die beoefening daarvan is en bly primêr 'n opvoedings-aangeleentheid. Dit is dus nie wenslik dat die beoefening en organisasie van skolesport die oorsaak en/of onderwerp van dispuut moet wees nie. Van tyd tot tyd ontstaan situasies waar kinders van verskillende bevolkingsgroepe op die sportveld met mekaar sal meeding. Ten einde vir alle noodsaaklike moontlikhede van sportkontak voorsiening te maak en die grootste mate van besluitnemingsvryheid aan skole (dit wil sê onderwysers, beheerliggame, ouers en kinders) te verleen, het die Transvaalse Onderwysdepartement sy voorskrifte met betrekking tot sportbeoefening hersien."[133]

In breë trekke behels die hersiene voorskrifte van die TOD die volgende: " 'n Duidelike onderskeid word getref tussen skolesport, wat binne die gesagsterrein van die Transvaalse Onderwysdepartement val en sportdeelname buite skoolverband (juniorsport) waaroor die Transvaalse Onderwysdepartement geen gesag het nie en waar die ouers en kinders self ten opsigte van deelname besluit (bv. die Cravenweek); skolesport kan, volgens besluite deur die skole in bepaalde groeperings (ligas) geskied, naamlik tussen Transvaalse provinsiale skole onderling en/of tussen Transvaalse provinsiale en private skole."[134]

---

132 TOD argief: <u>TOD omsendminuut 115 van 1981</u>, 26 Oktober 1981, p. 1.

133 TOD argief: <u>Briefwisseling TOD - lede van die Provinsiale Raad</u>, 28 Oktober 1981, p. 1.

134 <u>Ibid</u>.

Verder het die TOD bepaal dat riglyne met betrekking tot die opstel van grondwette vir die onderskeie groeperings verskaf sal word. Voorts het die TOD gelas dat: "Aansoeke vir sportbyeenkomste tussen provinsiale en private skole en skole vir ander bevolkingsgroepe en vir gemengde byeenkomste benewens sport, dit wil sê op sosiale en kulturele gebied, moet minstens 30 dae voor die tyd aan die Transvaalse Onderwysdepartement gestuur word vir voorlegging aan die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee."[135] Met dié skrywe is die vrywillige deelname aan die Cravenweek bevestig.

Jan Preuyt en Fonnie van der Vyver, wat onderskeidelik as voorsitter en ondervoorsitter van die SAHSRV nou gemoeid was by die opstel van die wedstrydbepalings, meld albei dat konfrontasie vermy is deur nie van die meer konserwatiewe noordelike Unies teen die SARVF te laat deelneem nie.[136] Dit was juis die keuse van deelname wat na bewering in Maart 1982 tot die stigting van 'n nuwe Hoërskolevereniging in Transvaal bygedra het. Dewald van Breda berig in Beeld dat in gesprekke met verteenwoordigers van die beoogde nuwe Vereniging, dit duidelik geblyk het dat die Vereniging gestig sou word as 'n regstreekse uitvloeisel van die SARVF se deelname aan die Cravenweek. Die nuwe Vereniging impliseer dat Transvaal sou kies teen wie hy wou deelneem.[137]

Die nuwe Vereniging is op 10 Maart 1982 gestig en staan bekend as die Transvaalse Provinsiale Hoërskolerugbyvereniging (TPHSRV). Die Vereniging het die Transvaalse Hoërskool Rugbysubunie vervang. Dr. Piet Krynauw is as die voorsitter van die nuwe Vereniging gekies. Hy was ook die voorsitter van die vorige Rugbysubunie. Die TPHSRV se grondwet bepaal dat slegs hoërskole wat by die TOD geregistreer is, aan dié Vereniging kan behoort.

---

135 Ibid.

136 Mondelinge onderhoude met Jan Preuyt, 27 Augustus 1992 en Fonnie van der Vyver, 19 Mei 1992.

137 Beeld, 1 Maart 1982.

Die bepaling sorg dat die Engelstalige privaatskole wat nie onder die jurisdiksie van die TOD sorteer nie, dus lidmaatskap van die TPHSRV ontsê is. Die Engelstalige privaatskole was wel deel van die Transvaalse Hoërskole Rugbysubunie. Onder die privaatskole se leerlinge het alle bevolkingsgroepe getel.[138]

Professor J.H. Jooste, direkteur van die TOD, het in 'n omsendbrief die stigting van die nuwe skoleliggame geïnisieer deur voor te stel dat daar in twee ligas meegeding word: die een vir provinsiale skole (dus verbonde aan die TOD) en die ander vir privaatskole en provinsiale skole wat dit so verkies. Met die omsendbrief het hy dus gehoop om die turksvy van sportdeelname oor die kleurgrens op te los. Die TPHSRV sou ook die Administrateursbekerkompetisie, waaraan die Engelse privaatskole nie deelgeneem het nie, administreer. Dié kompetisie is beperk tot slegs "bona fide heeltydse leerlinge aan provinsiale skole."[139]

Die TPHSRV het hom ook beywer om uit sy eie geledere 'n Transvaalse provinsiale span saam te stel om teen soortgelyke spanne te speel. Hoewel daar dus geen melding van die Cravenweek gemaak word nie, kan aangeneem word dat die 'soortgelyke spanne' ook nie anderskleuriges sou insluit nie. Die privaatskole sou ook 'n provinsiale span kies uit sy nuwe Transvaalse Nie-liga Hoërskolerugbysubunie. Die voorsitter van die Rugbysubunie was Bruce McMurray van King Edward School.[140] Die verdeling van die Transvaalse hoërskole in die TPHSRV en die Transvaalse Nie-liga Hoërskolerugbysubunie bestaan in 1993 nog net so. Daar is wel 'n oorkoepelende komitee van ses lede, drie van elke Vereniging, wat gesamentlike sake soos die Cravenweek behartig. Die voorsitter-

---

138 Transvaler, 11 Maart 1982; Beeld, 1 Maart 1982.

139 TOD argief: TOD omsendminuut 38 van 1982, p. 1.

140 Beeld, 11 Maart 1982.

skap van die gesamentlike komitee word ook jaarliks tussen die twee Verenigings se voorsitters geroteer.[141]

Indien die stigting van die twee nuwe hoërskolerugbyliggame ontleed word, wil dit op die oppervlak blyk of dit hoofsaaklik gedoen is om die deelname aan en organisasie van die Administrateursbekerkompetisie op 'n vaste grondslag te plaas. Dr. Piet Krynauw het in 'n telefoniese onderhoud op 8 Oktober 1993 egter bevestig dat daar 'n verskuilde agenda was. Voor die stigting van die nuwe Verenigings het skole wat aan die Administrateursbekerkompetisie deelgeneem het, twee stemme tydens die ou Transvaalse Hoërskolerugbysubunie se jaarvergadering gehad. Skole wat nie aan dié kompetisie deelgeneem het nie, het slegs oor een stem beskik. Die Engelse skole het egter sterk begin agiteer vir gelyke stemreg en het gemeen dat met die groot aantal Engelse skole in dié provinsie "die Boere op dié komitee uitgestem sou word."[142]

Dr. Krynauw ontken egter dat die TPHSRV gestig is om te sorg dat die provinsie nie teen die SARVF sou speel nie.[143] 'n Ontleding van die Transvaalse spanne wat in die Cravenweek van 1982 tot 1984 deelgeneem het, dui egter wel op so 'n tendens. Die Transvaalse Vyftiental is in dié tydperk uit die Engelse private skole gekies terwyl Transvaal uit die provinsiale skole gekies is. Voor 1982 is die twee spanne op meriete gekies en het die naasbeste span as die Transvaalse Vyftiental gespeel. Reeds in 1982 het die Transvaalse Vyftiental teen die SARVF gespeel,

---

141 Mondelinge onderhoud met Piet Krynauw, 8 Oktober 1993.

142 Transvaalse Provinsiale Hoërskolerugbyvereniging, Kwartaalblad, Mei 1992, p. 1; Mondelinge onderhoud met Piet Krynauw, 8 Oktober 1993.

143 Mondelinge onderhoud met Piet Krynauw, 29 Oktober 1993.

terwyl Transvaal in dié tydperk nie teen die Kleurlinge meegeding het nie.[144]

Uit verslae in die pers, sowel as die amptelike program van die 1985-Cravenweek en die skrywe in die SA Rugbyskrywersjaarboek, is dit duidelik dat die onderskeid in 1985 beëindig is. Die vyftien beste spelers uit albei die provinsiale en private skole is toe vir Transvaal gekies en die naasbestes vir die Vyftiental.[145] Die navorser is van mening dat die vooroordeel teen die SARFV en ander gekleurde spanne op die Cravenweek geleidelik verdwyn het en sodoende het selfs Transvaal teen al die spanne meegeding. Die sienswyse word gedeel deur Jan Preuyt en Fonnie van der Vyver wat meld dat die bepalingskomitee later al die spanne teen mekaar kon laat speel sonder die vrees van rassewrywing.[146]

'N REGSE SKOLERUGBYWEEK KRY BESLAG

Terwyl die storm in die onderwys oor die deelname van anderskleuriges aan die Cravenweek gaan lê het, was die geskil nog steeds 'n politieke speelbal. Dr. Andries Treurnicht het in Oktober 1988 tydens 'n openbare vergadering in Pretoria, gemeld dat nuwe sportliggame geskep moes word volgens die KP se resep. Dit behels deelname langs die riglyne van afsonderlike ontwikkeling, met ander woorde elke rassegroep speel net onderling. Dr. Treurnicht het spesifiek na die Cravenweek verwys

---

[144] Amptelike program van die Adidas-Cravenweek, 12-17 Julie 1982, Windhoek, pp. 27-28, 41 en 51; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskywersjaarboek 1984, pp. 204-206; Amptelike program van die Danie Cravenweek, 1983, Upington, pp. 33 en 35; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek, 1986, pp. 242, 247 en 251; Amptelike program van die Toyota Cravenweek, 1979, Oos-London, p. 33.

[145] Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1986, pp. 242, 247 en 251; Beeld, 1-7 en 9 Julie 1985; Amptelike program van die Coca-Cola Cravenweek, 1985, Witbank, p. 47.

[146] Mondelinge onderhoude met Jan Preuyt, 27 Augustus 1992 en Fonnie van der Vyver, 19 Mei 1992.

deur te vra dat die huidige Cravenweek met iets anders vervang moet word.[147]

Jan Preuyt, voorsitter van die SAHSRV, het sterk op die uitlating van dr. Treurnicht gereageer deur te meld: "Daar is niks wat die huidige Cravenweek kan vervang nie. Ná 25 jaar se betrokkenheid by skolesport weet ek wat die waarde van die Cravenweek vir skolesport is."[148] Preuyt het in sy onderhoud met Beeld ook klem gelê op die harmonie, wat sedert 1980, toe Bruin spelers 'n integrale deel van die Cravenweek geword het, onder die spelers heers. Hy beskou die harmonie as die grootste belegging vir die vreedsame toekoms van Suid-Afrika. Preuyt het die onderhoud afgesluit deur te sê: "Die seuns wat aan die Cravenweek deelneem, sê dié harmonie is wat hulle wil hê. Hulle sê Suid-Afrika het net een jeug en die jeug leer mekaar só ken en respekteer. Hulle sal nie wil deelneem aan 'n toernooi wat net vir Blankes is nie."[149]

Ondanks die besware van Preuyt en die SAHSRV en die Suid-Afrikaanse Laerskole Rugbyverenigng (SALSRV) het dr. Treurnicht se oogmerk van Oktober 1988 om 'n alternatiewe skoleweek te hou, in 1992 beslag gekry. Die eerste laerskole rugbyweek net vir Blanke seuns, is in Julie 1992 by die Lekkerrus vakansieoord buite Naboomspruit in die Verre Noord-Transvaal gehou. Volgens Daan Nolte, Konserwatiewe Party LV vir Delmas en die beskermheer vir die rugbyweek vir Blanke seuns, is die toernooi deur die organisasie Aksie Volkseie Sport gereël. Nolte, wat 'n vorige bestuurslid van die SARR was en ook as president van die Oos-Transvaalse Rugbyunie gedien het, kan as die vader van die toernooi beskou word. Aksie Volkseie Sport het die politieke filosofie van die Konserwatiewe Party aangehang. Die toernooi is

---

147 Die Burger, 27 Oktober 1988.

148 Beeld, 27 Oktober 1988.

149 Ibid.

die Springbokweek gedoop en die spelers van die spanne is deur die ouers van die skole gekies.[150]

Die provinsies wat deelgeneem het, was Verre Noord, Wes-Transvaal, Noord-Transvaal, Noordwes-Transvaal, Transvaal, Suidoos-Transvaal, Stellaland en Vaaldriehoek. Verskeie parlementslede van die Konserwatiewe Party, waaronder dr. Treurnicht tel, het die Springbokweek bygewoon. Die toernooi het die gramskap van die SALSRV se voorsitter, Tobie van Rooyen, op die hals gehaal. Van Rooyen het gesê dat sy Vereniging nie kennis dra van so 'n toernooi nie en wat hom betref, vind dit in elk geval nie plaas nie.[151]

Van Rooyen se ontkenning van enige kennis aangaande die Springbokweek dra nie water nie. Die rede is dat hy later in dieselfde onderhoud met Henk Steenkamp van Beeld die hoop uitspreek dat die spanne wat aan die Springbokweek deelneem nie in amptelike kleure van hul provinsies sal meeding nie. Dit sou strydig wees met die bepalings van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie (SARVU), waarin die ou SARR en die Bruin Suid-Afrikaanse Rugbyunie saamgesmelt het.[152] Van Rooyen het voorts daarop gewys dat die spanne slegs uit die Transvaal afkomstig is en dat dit dus 'n afgewaterde toernooi is waar spanne in elke geval nie op meriete gekies word nie, maar op grond van hul ouers se politieke oortuigings.[153]

Die laerskole se Cravenweek word nie in die studie onder die soeklig geplaas nie, maar bogenoemde Springbokweek is wel bespreek omrede dit die voorloper van die 1993-Springbokweek was

---

150 Die Volksblad, 10 Julie 1992.

151 Beeld, 10 Julie 1992.

152 Beeld, 10 Julie 1992; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywers-jaarboek 1993, p. 9; Inaugural address by the executive president dr. Danie Craven of the newly formed SA Rugby Football Union, p. 16.

153 Beeld, 10 Julie 1992.

waaraan hoërskole ook deelgeneem het. Volgens een van die hooforganiseerders van die 1992-toernooi, dr. Lem Theron, het die sukses wat behaal is, die toekoms van die Springbokweek verseker.[154] Die agt spanne van 1992 het gegroei tot negentien spanne in 1993. Elf hoërskoolspanne en agt laerskoolspanne van Transvaal en die Vrystaat het aan die Springbokweek deelgeneem. Die deelnemende provinsies was: Verre Noord, Oos-Transvaal, Noord-Transvaal, Transvaal, Wes-Transvaal, Vaaldriehoek, Noordwes-Transvaal, Stellaland, Vrystaat, Oos-Vrystaat en Noordoos-Vrystaat.[155]

Die lyfblad van die Konserwatiewe Party, Die Patriot, het 1993 se toernooi as 'n dawerende sukses beskryf. Tydens die toernooi is Daan Nolte as die ere-president van die Aksie Volkseie Skolesport gekies. Nolte en die ander amptenare en spanbestuurders het tydens die toernooi besluit om die Aksie Volkseie Skolesport in die toekoms uit te brei na ander sporte soos tennis, swem, korfbal en atletiek.[156] Met hierdie besluit is die belangrikheid van rugby as die voorloper van Blanke sport in Suid-Afrika weer beklemtoon. Selfs in die alternatiewe sportkringe het rugby, en in besonder skolerugby, die weg voorberei en het die ander sportsoorte gevolg.

Die Aksie Volkseie Skolesport se Springbokweek het die Minister van Onderwys en Kultuur, P.G. Marais, genoop om die regering se sportbeleid wat skole betref in 'n verklaring weer te formuleer. Volgens Marais was die uitstippeling van die beleid nodig nadat herhaalde vertoë uit die onderwysprofessie, ouergemeenskappe, skoolhoofde en onderwysers se geledere ontvang is, waarin gevra is dat die rassistiese politieke inmenging in sport- en kultuur-

---

154 Die Patriot, 11 Julie 1992.

155 Ibid., 9 Julie 1993.

156 Ibid.

aktiwiteite by skole stopgesit moet word.[157] Die verklaring is uitgereik na indringende samesprekings met die georganiseerde onderwysprofessie.

Minister Marais se verklaring lui: "Daar word nie aan die konserwatiewe ouers - of enige ander ouers - van Suid-Afrika voorgeskryf of hul kinders aan gemengde sport of kultuurbedywighede sal deelneem nie. Maar wat ons ook nie wil hê nie is dat daardie ouers - individueel of georganiseerd - polities of andersins, moet inmeng met die professionele werksaamhede van 'n skool nie."[158] Die beginsels van die regering se sportbeleid berus op die volgende: Skoolsport is 'n integrale deel van die amptelike onderwysprogram van die skool; dit maak deel uit van die professionele taak van die vakkundige persoon; derhalwe word skoolsportligas deur onderwyspersoneel georganiseer, bestuur en beheer; daar word van onderwysers verwag om aan hulle skool se amptelike, georganiseerde sportprogram deel te neem as hul professionele taak.[159]

Volgens die beginsels van die sportbeleid val die onderwyser by die uitvoering van sy professionele funksies onder die gesag van twee instansies - sy werkgewer en sy professie. Teenoor die werkgewer het hy die verantwoordelikheid om dié beleid uit te voer. Teenoor sy professie is die onderwyser verskuldig om ten alle tye volgens die hoë standaarde daarvan te handel. Geen ander instansie - ook nie enige groep ouers nie - kan dus aan 'n onderwyser opdragte gee wat botsend met sy professionele kode of sy professionele pligte is nie, of verantwoording van sy professionele verpligting eis nie. Die seggenskap wat die ouer

---

157 <u>DOK Nuus, Amptelike nuusblad van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie Volksraad</u>, vol. 1, no. 1, Maart 1993, p. 5.

158 <u>Ibid</u>.

159 <u>Ibid</u>.

het, is tot die nie-professionele funksies van die skool beperk. Andersins het hy hoogstens adviserende inspraak.[160]

Verder bepaal die sportbeleid dat daar ten alle tye volgens opvoedkundige maatstawwe en oorwegings opgetree moet word. Die blote velkleur van deelnemers aan sportbedrywighede maak nie 'n praktyk opvoedkundig of onopvoedkundig nie. Dit verander niks aan die opvoedkundige maatstawwe soos die voertaal, kultuur, geloof, kurrikulum of opvoedingsdoelstelling van 'n skool nie. Waar gemeenskappe alternatiewe ligas organiseer, neem die skool as sodanig nie daaraan deel nie. Leerlinge sou ook nie gedwing mag word om daaraan deel te neem nie en die personeel mag nie amptelik daarby betrokke raak nie.[161]

Minister Marais, in samewerking met die georganiseerde onderwysprofessie, wat die verskillende provinsiale onderwysinstansies sowel as die Federale Onderwysraad insluit, het met die verklaring hul dus van die Aksie Volkseie Skolesport se Springbokweek gedistansieer. Verder is onderwysers verplig om in geen amptelike hoedanigheid aan dié toernooi deel te neem nie. Hiermee is die lewensaar van die Springbokweek in 'n groot mate afgesny. Die navorser is van mening dat sonder die samewerking van die onderwysprofessie die Springbokweek nie 'n rooskleurige toekoms binnestap nie.

## GEVOLGTREKKING

Die politieke implikasies van die Cravenweek is dus voor die hand liggend. Dié toernooi is veel meer as net bloot die speel van rugbywedstryde. Die Cravenweek betrek nie net die speler nie, maar ook die ouers, skole en die breër gemeenskap en weerspieël dus alle fasette van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die toernooi kan dus as 'n mikrokosmos van die samelewing beskou word. Die

---

160 Ibid.

161 Ibid.

Cravenweek het sy ontstaan gehad as 'n toernooi vir Blanke skoolseuns. Sedert 1980 is Kleurlinge en later Swart spelers toegelaat. Die Cravenweek is gebruik om apartheid te help afbreek. Die jeug is meer ontvanklik vir verandering as volwassenes en nadat die proefneming van die veelrassige Cravenweek geslaag het, het die eerste Bruin Springbok, Errol Tobias, ook later in 1980 sy passies in die Groen-en-Goud tydens die toer na Suid-Amerika gewys.[162]

Drie jaar daarna het 'n oorweldigende meerderheid van die Blanke kiesers (veertien van die vyftien streke) daarvoor gestem dat Kleurlinge en Indiërs in 'n nuwe driekamerparlement opgeneem word. Die navorser is van mening dat die sukses van veelrassige sport en in besonder die Cravenweek bygedra het om die kiesers vir 'n nuwe veelrassige Suid-Afrika voor te berei. Soos wat met enige verandering gepaard gaan, het die veelrassige Cravenweek sterk teenkanting ondervind.

Die Kleurlinge se deelname aan die Cravenweek het bygedra tot die ernstigste skeuring in 'n Suid-Afrikaanse regerende party se geledere in die twintigste eeu. Waar die Afrikanergeledere hulself sedert 1948 grotendeels agter die Nasionale Party geskaar het, was die Afrikaner se lojaliteite nou verdeel tussen die behoudende Konserwatiewe Party en die Nasionale Party. Die Konserwatiewe Party het ook met sy Aksie Volkseie Skolesport vir groot spanning in skolegeledere, veral in die Transvaal en Noord-Vrystaat, gesorg. Skoolgemeenskappe is volgens partypolitieke lyne geskeur.

Die navorser is egter van mening dat die Cravenweek weer as rigtingswyser vir die geskeurde gemeenskappe kan dien. Aanvanklik wou sommige provinsies nie teen die anderskleuriges speel nie en het die organiseerders die wens van die spanne eerbiedig. Sedert 1986 het die vooroordeel egter grotendeels verdwyn en neem al die

---

162 Greyvenstein, Springbok Saga, 100 Years of Springbok Rugby, p. 275.

spanne nou teen mekaar deel. By individue kan daar wel teenkanting wees, maar die spanne as geheel toon 'n harmoniese interaksie tydens die toernooi. Net so glo die navorser dat die meerderheid behoudende Afrikaners mettertyd die nie-rassige Cravenweek en nie-rassige skoolsisteem sal aanvaar. Daar moet egter daadwerklik gepoog word om die huidige standaarde te behou. Een van die belangrikste gevolge van die Cravenweek is dat die toernooi en in 'n breër sin, rugby, 'n wegwyser is vir vernuwende tendense in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Ebrahim Patel, van Maart 1993 tot Maart 1994 die Uitvoerende president van SARFU, het in 'n onderhoud met die navorser op 5 Julie 1993 aangesluit by bogenoemde stelling deur te meld dat rugby en die eenwording van rugby 'n voorbeeld aan politici stel. Uit rugby is daar lesse wat menseverhoudinge betref te leer. Die politieke inmenging in rugby soos in hierdie hoofstuk beskryf, bejeën hy egter met minagting. Volgens Patel verskil die norme van politiek en die norme van rugby hemelsbreed. Politiek wentel om mag en rugby om vreugde. Daar is nie plek in rugby vir suiwer politieke oortuigings nie. Rugby het nog nooit vereis dat enige persoon sy politieke oortuigings moet verander om die spel te kan speel nie. Al wat rugby vereis, is dat jy getrou moet bly aan die liefde vir die spel en sy reëls eerbiedig. 'n Span, selfs 'n nasionale span, word saamgestel op grond van rugbyvermoë en nie vanweë politieke oortuigings nie.[163]

Volgens Patel verkwalik hy politici dat hulle rugby gebruik as propagandamiddel om politieke doelwitte te bereik. Politici sal selfs nie skroom om die huis van God in die moeras van politieke ambisies te plaas nie. Politici moet leer om nie soveel deur menslike swakhede gelei te word nie en sou beter daaraan toe wees as hulle op morele waardes konsentreer. Die Cravenweek wat die speler, ouer, administrateur en gemeenskap ten nouste betrek, sal dus nie ontdaan wees van politieke invloed nie. Volwassenes moet leer om te integreer en aan te pas by die nuwe Suid-Afrika,

---

163 Mondelinge onderhoud met Ebrahim Patel, 5 Julie 1993.

terwyl kinders dit spontaan, natuurlik en sonder inhibisies doen. Die gevolg is dat die Cravenweekspelers die natuurlike integrasie in hulle onderskeie milieus indra. Die integrasie en kennis van die ander rassegroepe kan tot groter politieke en sosiale verdraagsaamheid lei.[164]

Binne die raamwerk van dié verdraagsaamheid kan die opvoedkundige waarde van sport en rugby, in besonder, gedy.

---

[164] Ibid.

# HOOFSTUK 7

# DIE OPVOEDKUNDIGE WAARDE VAN DIE CRAVENWEEK

## SPEL AS OPVOEDINGSMOONTLIKHEID

Alvorens die opvoedkundige waarde van die Cravenweek bespreek word, is dit noodsaaklik om eerstens spel as 'n opvoedingsmoontlikheid en daarna die opvoedkundige grondslae van sport onder die soeklig te plaas. Spel as verskynsel is bekend by alle volke en kulture by sowel volwassenes as kinders. Die kind veral is by uitstek 'n spelende wese. Volgens prof. N.A.J. Coetzee het hierdie aanname verreikende gevolge vir die Opvoedkunde en opvoeding.[1]

Spel as arbeidsvorm help om psigo-motoriese ontwikkeling tot stand te bring. Prof. A.L. D'Oliveira, voormalige president van die Internasionale Raad vir Liggaamlike Opvoeding, meld: "Minor games ... are based on a spontaneous self-aimed, primitive, enjoyable and informal activity, thus referring principally to childhood; it is regulated, above all, by the sub-cortical centres. If they present different constitution, etc., and if admitted rules are respected and courtesy, loyalty and self-control are maintained, games are of excellent educational value."[2]

Die spelmoment is 'n vrye aktiwiteit wat aldus J.L. Botha, buite die 'gewone' lewe plaasvind en nie ernstig is nie, maar die

---

1 N.A.J. Coetzee, Spel as opvoedingsmoontlikheid, (Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, vol. 11, no. 4, 1991, p. 185).

2 A.L. D'Oliveira, Education through sport and other bodily exercises, (Vigor, vol. 13, no. 1, March 1960, p. 68).

speler intens aangryp.[3] Die uitslag van die aktiwiteit word beperk tot binne die grense van die aktiwiteit self met die doelstellings van die aktiwiteit as intrinsiek en die spelsituasie ontstaan en vind plaas volgens eie wil, behoeftes en verbeelding. Spel is eie aan die mens en die uitbundigheid wat daarmee gepaard gaan, kenmerk 'n bevryding van senuspanning.[4] Volgens S.L. Botes kan: "Die begrip spel saamgevat word as 'n vrye menslike handeling wat plaasvind binne die grense van tyd en ruimte. Spel is nie ernstig nie, tog is die speler intens en totaal daarby betrokke. Vir die volwassene dien dit as ontvlugting en vir die kind is spel die ontplooiing van die lewe self."[5]

Die opvoedkundige uitgangspunt dat die kind in totaliteit opgevoed moet word, is ook van toepassing op die spelende kind.[6] Omdat die totaliteit van die leerproses ook die liggaamlike behels, het spel 'n bydrae te lewer.[7] Spel maak nie net 'n terloopse deel van die menslike bestaan uit nie. Spel kan verklaar word uit die verwewingsamehang van die menslike liggaamstrukture. Spontane kinderspel is 'n volkome menslike aksie en vind dus gestalte as normatiewe handeling. Die kind se handeling kan lei tot spontane kinderspel indien dit harmonieus funksioneer

---

3 J.L. Botha, Die rekreasievraagstuk in die Republiek van Suid-Afrika: enkele riglyne, (SA Tydskrif vir Navorsing in Sport. Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning, vol. 4, no. 1, 1981, p. 105).

4 Coetzee, Spel as opvoedingsmoontlikheid, (Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, vol. 11, no. 4, 1991, p. 185).

5 S.L. Botes, Die daarstelling van 'n funksionele organisatoriese struktuur vir gimnastiek in die Oranje-Vrystaat, 1989, p. 61.

6 Coetzee, Spel as opvoedingsmoontlikheid, (Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, vol. 11, no. 4, 1991, p. 185).

7 V.H. Von Solms, 'n Evaluering van prestasiesport vanuit die gereformeerde etiek, p. 99.

in die fisies-chemiese-, biotiese-, psigiese- en normatiewe strukture.[8]

Volgens prof. I.R. van der Merwe is die totaliteitsbenadering vir sommige opvoedkundiges moeilik aanvaarbaar omdat ons van kindsbeen af geleer was om in terme van dele of parte eerder as in terme van die geheel te dink. Soos masjiene opgebou is uit parte, was die neiging om die mens op te bou uit die fisieke, geestelike, emosionele, sosiale en intellektuele fasette. Die kind is deur 'n reeks dissiplines soos onder andere die medisyne, psigologie en sosiologie analiseerbaar gemaak. Hierdie bevindings is dan saamgeflans om die kind te konstrueer, en dan die kind uit die somtotaal van sy dele te verklaar.[9]

Spel en die Liggaamlike Opvoeding het in 'n groot mate betrekking op die organiese ontwikkeling van die mens. Tog mag nie uit die oog verloor word dat hierdie organiese ontwikkeling sy invloed ook laat geld ten opsigte van die emosionele, sosiale, psigo-motoriese en ander wesensuitinge van die mens nie. Die taak van bogenoemde aktiwiteite omvat nie net die korreksie van die skoolskadelike, die bevordering van fiksheid, aanleer van vaardighede en lewensgewoontes nie, maar hierin word ook die totale opvoedingsprogram gefundeer.[10]

In sy spel moet die kind dus as unieke mens aangespreek word, 'n mens met besondere talente. Die opvoeding, waarvan spel 'n enkele ontsluitingsmoontlikheid is, moet die mens lei om sy volle potensiaal te laat gedy. Opvoeding sal deur spel die leidende handeling of aktiwiteit wees wat deur die opvoeder aangewend word om die opvoedeling tot hulp te wees by die voorbereiding van

---

8 Coetzee, Spel as opvoedingsmoontlikheid, (Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, vol. 11, no. 4, 1991, p. 185).

9 I.R. van der Merwe, Unieke bydraes deur die Liggaamlike Opvoeding tot die sisteem van opvoeding, (Vigor, vol. 17, no. 4, September 1964, p. 11).

10 Ibid.

toerekenbaarheid en verantwoordelikheid. In spel kan geordende bewegingsfunksies aangewend word om die kind as totale mens te ontsluit in 'n harmonieuse entiteit. Om die doelwit te bereik, moet spel van so 'n aard wees dat die kind gehelp kan word by die ontdekking, integrering en koördinering van alle aspekte van sy bestaan.[11]

Prof. Coetzee meld dat die waarde van spel en die toepaslikheid daarvan op die opvoeding soos volg saamgevat kan word: "Dit dien as afwisseling van die ernstige lewe; Dit voldoen aan 'n diep menslike behoefte; Spel dien as voorbereiding vir die lewe; Opvoeding vind deur spel plaas; Spel dien as eksperiment vir oorwinnings en om hindernisse in die lewe te oorkom."[12] In die huidige bestaanswyse van die kind is prestasie die norm waaraan die skool, onderwysers en ouers hom meet. Verder is sy vryetyd tot die minimum beperk en sy lewe word gereël en gereglimenteer. In die lig van bogenoemde word die basiese lewensfaset van spel baie keer misgekyk of selfs doelbewus negeer. Spel bly 'n magtige middel wat die opvoeder kan aanwend om die belangrike werk van opvoeding te voltrek en op 'n besliste weg te plaas.[13] Die siening is reeds sedert die vroegste tye gehuldig.

## DIE OPVOEDKUNDIGE GRONDSLAE VAN SPORT

Die filosowe van die antieke beskawings het geglo dat daar 'n verband tussen liggaam en gees bestaan en dat die ontwikkeling van die een die ander sou beïnvloed. Plato en Aristoteles, die Griekse wyshere, het egter 'n digomistiese tweedeling van die liggaam en siel voorgestel en het geglo dat die bevryding van die

---

11 Coetzee, Spel as opvoedingsmoontlikheid, (Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, vol. 11, no. 4, 1991, p. 186).

12 Ibid., 'n Antropologiese-opvoedkundige studie oor menslike beweging, p. 158.

13 Ibid., Spel as opvoedingsmoontlikheid, (Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, vol. 11, no. 4, 1991, pp. 186-187).

siel van die liggaam, die verlossing behels. In die Middeleeue is geglo dat die liggaam en die gees twee afsonderlike entiteite is en dat die pyniging van die liggaam die siel sou reinig.[14]

Sedert die Renaissance is hierdie opvatting gewysig. Twee van die belangrikste realiste wat 'n bydrae in dié verband gelewer het, was De Montaigne en Jean Jacques Rousseau. De Montaigne het beweer dat dit nie die liggaam of die gees is wat opgevoed word nie, maar die mens. Rousseau het in sy werk Emile ook die opvoeding van die kind in totaliteit, en wel deur middel van die natuur, beklemtoon. Hy was van mening dat 'n verswakte liggaam ook die gees en verstand sou verswak.[15]

Die kontemporêre opvoedkundiges onderskryf ook hierdie eenheid van liggaam en gees. Die standpunt word gehuldig dat die menslike liggaam nie slegs 'n lewende organisme is wat in terme van die anatomie, fisiologie en biochemiese eienskappe beskryf kan word nie. Liggaamlike opvoeding en sport word as 'n integrale deel van die Opvoedkunde beskou en moet saam met die intellektuele, sedelike, etiese en sosiale opvoeding, 'n bydrae tot die totale opvoeding van die kind lewer.[16]

C. van Raalte meld dat terwyl sommige opvoedkundiges glo dat sport op sigself die einddoel is, glo vele ander opvoedkundiges weer dat sport net 'n middel tot 'n doel is. Sport is slegs die instrument in die opvoeding wat bydra tot persoonlikheidsontplooiing en karakterontwikkeling.[17] C. Diem borduur hierop voort wanneer hy die opvoedkundige waarde van sport so beskryf: "In its obedience to the needs of the body, in its encouragement

---

[14] Von Solms, pp. 99-100.

[15] I.R. van der Merwe, Unieke bydraes deur die liggaamlike opvoeding tot 'n sisteem van opvoeding, (Vigor, vol. 17, no. 4, September 1964, p. 11); Von Solms, p. 100.

[16] D.P.J. Smit, Die doel en plek van liggaamlike opvoeding in die opvoedingsprogram, (Vigor, vol. 6, no. 2, 1953 p. 8).

[17] C. van Raalte, Sport en opvoeding, p. 70.

of the mind in governing the body, and in its peculiar social life lies its essential educational value."[18]

Volgens dr. R. van der Merwe is die situasies wat op die sportveld voortvloei en waarin die deelnemer hom voortdurend bevind, slegs 'n spieëlbeeld van die werklike lewenssituasies waarin ons onsself daagliks bevind. Die verskil lê in die meer informele aard van die deelnemende partye. Die informele atmosfeer waarin hierdie situasies ontstaan, identifiseer homself as 'n ideale opvoedingsmilieu. Indien die opvoeder sy doelstellings reg formuleer en ten uitvoer bring, sal hy nie alleen daarin slaag om aan die leerlinge 'n spesifieke aktiwiteit aan te leer en op dié gebied te presteer nie, maar sal hy ook die situasie aangryp om ook ander positiewe gedragspatrone by die deelnemers te ontwikkel.[19]

In aansluiting hierby meld prof. R.G. MacMillan dat sport behels "great lessons of self-denial in the control of one's appetites and general living in order to achieve success at sport; we should learn the importance of others when we participate in sport; we should learn loyalty to a school; a sense of humour; a sense of justice; the continued effort and perseverance which is necessary in order to finish a job; we should learn to accept victory and how to accept failure upon which we can build for later success."[20]

Die doel van die opvoeding is die leiding van die kind as individu. Dit behels leiding as geheelwese na liggaam en gees, na volwassenheid en selfstandigheid. Die Opvoedkunde skenk aandag

---

[18] C. Diem, The position of sport in modern society and its educational value, (Vigor, vol. 13, no. 2, March 1960, p. 7).

[19] R. van der Merwe, Die doel met buitemuurse aktiwiteite in die opvoedingsprogram, (Die Unie, vol. 89, no. 3, Desember 1992, pp. 50-51).

[20] R.G. MacMillan, The educational aspects of sport, (Vigor, vol. 13, no. 1, March 1960, pp. 52-53).

na volwassenheid en selfstandigheid. Die Opvoedkunde skenk aandag aan die wisselwerkende behoeftes van die kind en moet dus opvoedkundige ervarings voorsien met hierdie behoeftes as rigsnoer. Die opvoeder moet verder die opvoedeling ontsluit tot Christelike beskawingswording na sy hele menswees, onder leiding van die geloof met die Woord as norm. Dit sluit ook die sportbeoefening in.[21] Indien bogenoemde standpunte saamgevat word, is dit duidelik dat sport en die Opvoedkunde dus hand aan hand loop. Die vraag ontstaan nou in watter fasette van die Opvoedkunde sport 'n rol kan speel.

## SPORT SE ROL IN DIE KIND SE SOSIALE ONTWIKKELING

Eerstens kan sport 'n groot rol in die sosiale oriëntering van die kind speel.[22] Justus Potgieter en Ben Steyn meld dat "'n mens speel en kompeteer gewoonlik in die teenwoordigheid van ander mense. Daar is dus 'n sosiale aspek in minder of meerdere mate teenwoordig in feitlik alle spel- en sportsituasies."[23] Prof. Hannes Botha en Gert Potgieter dui ook op die band tussen sport en sosiale aanpassing wanneer hulle skrywe dat 'totale fiksheid' moet "sowel die verstandelike as die emosionele, sosiale, geestelike en fisieke aspekte ... omsluit."[24]

Volgens Calitz kry die kind in die uitdagende situasies van kompetisiesport die geleentheid om op sosiaal-aanvaarbare wyse aan sy aggressiewe neigings en emosies uiting te gee en van sy oortollige energie ontslae te raak. Geleentheid waar hy sy anti-

---

21 Von Solms, pp. 98-99; Ernst Jokl, <u>Sport and Human Development</u>, (<u>Vigor</u>, vol. 16, no. 4, September 1963, p. 10).

22 Andrew C. Sparks, <u>Research in physical education and sport: Exploring alternative visions</u>, p. 85.

23 Justus Potgieter en Ben Steyn, <u>Sielkundige aspekte van fisieke aktiwiteit, spel en sport</u>, p. 126.

24 Hannes Botha en Gert Potgieter, <u>Fiksheid vir prestasiesport</u>, p. 1.

sosiale neigings kan sublimeer, of waar hy kan kompenseer vir tekortkominge op ander terreine, is legio.[25] Die basiese dryfveer in die lewe van die mens is die strewe na sukses en aansien. Volgens dr. Craven is dit die strewe na erkenning wat die emosie om te presteer, ontketen.[26]

Die seun kry binne die raamwerk van die span geleentheid om saam te strewe na 'n gemeenskaplike doelwit, naamlik sukses. Deur sy plek in die span vol te staan kan hy ook groepsaanvaarding en prestige verwerf. Binne spanverband leer hy om die reëls van die spel te gehoorsaam en om hom te dissiplineer om sy verpligtinge teenoor die span na te kom om sodoende sukses, waarin hy mag deel, te probeer bewerkstellig.[27] Dié waarde van groepslojaliteit word by die spanlid ingeskerp wanneer hulle saam oefen, saam swaarkry, saam wen en saam verloor. Op die sportveld kry die seun ook die geleentheid om die swakhede en tekortkominge van ander te aanvaar en te verdra en kom hy tot die besef dat almal basies dieselfde behoeftes en aspirasies het.[28]

In aansluiting hierby meld Schiller "... die mens is alleen daar werklik mens waar hy speel, dit wil sê met sy hele wese in aksie tree."[29] Dit is hier in die hitte van die stryd - die lewe in miniatuur - waar hy sy kans moet afwag, waar sy humeur, in kort, sy hele integriteit geopenbaar word. Hier word die neiging tot oneerlikheid, onopregtheid, en die versteurde gevoel van meer-

---

25 B.F. Calitz, Die plek van sportdeelname in kinderontwikkeling met spesifieke verwysing na die senior primêre skoolseun, 'n Opvoedkundig-sielkundige verkenningstudie, p. 60.

26 D.H. Craven, Sportdeelname en persoonlikheidseienskappe, p. 85.

27 Calitz, p. 61.

28 Mondelinge onderhoud met Pierre Edwards, 3 Mei 1994; Calitz, p. 61.

29 I.R. van der Merwe, Unieke bydraes deur die liggaamlike opvoeding tot die sisteem van opvoeding, (Vigor, vol. 17, no. 4, September 1964, p. 13).

moet die kind die aanspreeklikheid en verantwoordelikheid teenoor sy eie liggaam as kosbare besitting besef en met "groterwordende konsentriese kringe word die hoedanighede van ordentlikheid, netheid en sindelikheid oorgedra op die kleredrag, die skoolbank, skoolterreine, koshuis, ouerhuis en openbare lewe. Kortom, die beginsels kristalliseer uit in 'n higiëniese lewenswêreldbeskouing."[30]

SPORT EN PERSOONLIKHEID

Met hierdie onderwerp word die verhouding tussen liggaam en gees ten nouste betrek. Die invloed wat sport op die persoonlikheid van die deelnemer uitoefen en die wyse waarop fisieke faktore met persoonlikheid en gedrag in verband gebring kan word, moet ontleed word. Hedendaags word al hoe meer klem gelê op die wyse waarop die neurofisiologiese funksionering aanleiding kan gee tot die integrasie van verskeie liggaamsfunksies en sodoende die verskil in persoonlikheid en prestasie kan verklaar. Verskeie opvoedkundiges glo dat daar 'n verband tussen sportvaardighede en persoonlikheid bestaan. Een verklaring hiervoor is dat sport 'n ideale situasie skep vir die ontwikkeling van positiewe persoonlikheidseienskappe soos selfvertroue, sosiale aanpasbaarheid en samewerking.[31]

A.B. Fourie skryf dat tydens sy ondersoek, deelnemers aan sport nie-deelnemers betekenisvol oortref het ten opsigte van dominering, emosionele stabiliteit en selfvertroue. Dié deelnemers neem ook makliker besluite, leef meer na buite, het minder neurotiese neigings en is minder onderhewig aan minderwaardig-

---

30 Ibid.

31 P. Robbertse, Die sielkundige aspek van sport. Die invloed van sport op die persoonlikheid. (Vigor, vol. 13, no. 2, Maart 1960, p. 59); Von Solms, pp. 124-125.

heidsgevoelens.[32] R.N. Singer verskil egter en meld dat die invloed wat die deelname aan sport op die ontwikkeling van die mens se persoonlikheid het, nog nie bevestig is nie. Daar is wel bewyse dat deelnemers aan sport se persoonlikheid van nie-deelnemers verskil. Soos Singer is die navorser van mening dat die persoonlikheidseienskappe van toppresteerders op die sportveld egter nie veel verskil van die presteerders op ander terreine nie.[33]

Volgens Tim Noakes kan prestasiesport ook die persoonlikheid van deelnemers negatief beïnvloed.[34] Die voormalige Eerste Minister, B.J. Vorster, het in hierdie verband gewaarsku dat: "The educational value of sport, especially its presumed propensity to inculcate moral qualities, inherent in the expressions 'sportsmanship' and 'fairplay' is far too often taken for granted. Unless the leaders in sport consciously direct their efforts towards inculcation of ethical attitudes, sport will not achieve the results we expect from them."[35]

Coetzee meld verder dat daar gewoonlik op die positiewe vormingswaarde van sport op die persoonlikheid aanspraak gemaak word. Hiervolgens word sport as 'n 'wonder opvoedingsmiddel' beskou wat die moderne tegnologiesgeoriënteerde mens se oortollige energie op 'n sinvolle en konstruktiewe wyse kan rig. Hierdie idealisme het egter nog geen behoorlike ondersteuning van empiriese navorsingsgegewens verkry nie. Hierdie idealisme word dikwels deur die werklikheid tot 'n meer realistiese siening en

---

32 A.B. Fourie, The influence of participation in sport on the process of socialization with special reference to senior schoolboys, p. 119.

33 C.G. Singer, From rationalism to irrationality, p. 262.

34 Tim Noakes, Cheating and morality in sport, (SA Sports Illustrated, vol. 3, no. 12, December 1988, p. 45).

35 B.J. Vorster, Openingsrede by die geleentheid van die agtste kongres van die SA-Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie, (Vigor, vol. 13, no. 2, Maart 1960, p. 50).

selfs 'n siniese houding gedwing. Sportdeelname kan aanleiding gee tot 'n sportiewe gesindheid, maar dit is nie noodwendig die geval nie. Die deelnemer se benutting van sportgeleenthede is die deurslaggewende faktor.[36]

Ter afsluiting moet onthou word dat die sportman of -vrou, hoe suksesvol hy/sy ookal is, steeds mens bly. Sportprestasies kan jou menswees, dus jou bestaan hier op aarde nie verander na iets superieurs nie. Die sportpresteerders bly ondergeskik aan God se wette en sal volgens hul dade beoordeel word.[37]

DIE BYDRAE VAN SPORT TOT DIE PSIGIESE ONTWIKKELING VAN DIE KIND

Odendaal skryf dat die bydrae van sport tot die psigiese wording van die kind medewerkend is tot die vestiging van 'n positiewe selfbeeld. In die selfbeeld figureer drie dimensies waarop sport afsonderlik inwerk, te wete liggaamsbeeld, selfevaluasie en eiewaarde. Indien die liggaamsbeeld van die kind onder die loep geneem word, is dit belangrik om in ag te neem dat die kind se belewing van sy liggaam 'n bepalende invloed het oor hoe hy homself beleef. Sportdeelname bied aan die kind die geleentheid om sy psigomotoriese vermoëns te beleef. Die voortreflikheid waarmee hy 'n aktiwiteit uitvoer, sal bevorderlik inwerk op sy liggaamsbeeld.[38]

Tydens selfevaluasie werk die sportman se liggaamsbeeld daartoe mee dat hy homself vergelyk met die begaafdheid of beperkings van ander sportlui. Wanneer hy sukses in sy deelname aan fisieke aktiwiteite ervaar, sal hy hom positief evalueer. Bogenoemde twee faktore, naamlik 'n positiewe liggaambeeld en selfevaluasie, dra by dat die kind hoë waarde aan sy menslikheid sal toedig. Die

---

36 Coetzee, Die sportman as gebalanseerde mens, (Sportbulletin, vol. 12, no. 4, Oktober 1989, p. 123).

37 Ibid., p. 121.

38 A. Odendaal, Die sielkundige belang van sport vir kinders, (Sportbulletin, vol. 9, no. 4, Oktober 1986, pp. 11-12).

atleet wat voortdurend in sy sportdeelname aan 'n bepaalde standaard voldoen se eiewaarde sal dus positief gedy.[39] Die waarde van sportdeelname in die ontwikkeling van 'n goeie selfkonsep lê verder juis daarin dat die seun wat op sportgebied presteer nie alleen homself hoër sal evalueer nie, maar ook in die aansien van die ander lede van sy groep sal styg en dat dit noodwendig 'n positiewe invloed op sy selfkonsep sal hê.[40]

In aansluiting by bogenoemde is die strewe na voortreflikheid in sport 'n manifestasie van die mens se strewe om homself ten volle uit te leef. Selfaktualisering gaan om selfverryking en selfontdekking en nie soseer om egosentriese en selfsugtige doelwitte nie. Die strewe na die benutting en ontwikkeling van die mens se talente word voorop gestel. 'n Sterk aspirasie tot prestasie is dus teenwoordig en kan verder ontwikkel word deur sportdeelname. Logiese doelwitstelling rig die sportlui op 'n gestelde uitdaging.[41]

Dit is belangrik vir die afrigter om by die gevare van die verabsolutering van sukses, hom voortdurend te vergewis van die beginsel van pedagogiese verantwoordbaarheid. Die invloed van die prestasiemotief spreek sterk tot die bydrae wat sport tot die harmonieuse ontwikkeling van die kind kan lewer. Die opvoeder word daarom voor die keuse gestel om sportdeelname so te beteken dat dié lewensfaset die atleet positief tot volwassenheid sal stu.[42]

---

39 Ibid.

40 Calitz, p. 70.

41 N.A.J. Coetzee, Die sportman as gebalanseerde mens, (Sportbulletin, jaargang 12, no. 4, Oktober 1989, p. 122).

42 R. van der Merwe, Die doel met buitemuurse aktiwiteite in die opvoedingsprogram, (Die Unie, jaargang 89, no. 3, Desember 1992, p. 91); J.G.U. Van Wyk, 'n Bewegingspedagogiese begronding van die prestasiemotief in sportdeelname binne die lewensopvatlike perspektief, pp. 182-183; G.L.J. Scholz, Kompetisie en aggressie in spel en sport, pp. 183-192.

SPORT EN DIE MORELE ONTWIKKELING VAN DIE KIND

Hoewel sportdeelname primêr te make het met die fisieke ontwikkeling van die kind, het dit verskeie raakpunte met die ander aspekte van die menslike ontwikkeling. Sport mag 'n positiewe of negatiewe bydrae tot die menslike ontwikkeling lewer. Sportdeelname verseker nie vanselfsprekend gesonde morele ontwikkeling nie. Sportdeelname skep egter die geleentheid waardeur die afrigter in staat gestel word om morele optrede by die deelnemer in te skerp.[43]

K.W. Brookwalter en H.J. Vander Zwaag wys daarop dat karakter gebou kan word indien die deelnemer binne die reëls deelneem, lojaal is teenoor sy spanmaats en grootmoedigheid in oorwinning en nederlaag kan toon. Wanneer 'n sportman onopsigtelik oortree, die reëls buig en sy teenstander leed aandoen, kan daar nie van karakterbou gepraat word nie.[44]

In die raamwerk van die beoefening van skolesport moet die seun die geleentheid kry om 'n aanvaarbare sin vir waardes op te bou. Hy moet ook in situasies beland waar hy morele lesse van die lewe op praktiese wyse sal leer. Hier sal hy aan toetsing onderwerp word en sal hy deur sy optrede moet toon of hy begrippe soos eerlikheid, regverdigheid en lojaliteit verstaan en kan uitleef - al sou dit tot sy eie nadeel strek.[45]

In aansluiting hierby verklaar prof. Coetzee: "Die menslike bewegingskunde moet daarvan kennis dra dat alle handelinge, ook beheersende bewegingsvorming, vanuit die hart van die mens

---

[43] Calitz, p. 66.

[44] K.W. Bookwalter and H.J. Vander Zwaag, Foundations and principles of physical education, p. 163.

[45] Calitz, p. 67.

ontstaan. Deur sy bewegings openbaar die mens wat hy is."[46] Volgens Kenneth D. Miller van die Florida State University, is 'moral responsibility' (morele verantwoordelikheid) een van die eienskappe wat deur sport ontwikkel word.[47] Dr. R. van der Merwe meld egter dat by die morele ontwikkeling van die kind die opvoeder sterk leiding moet gee. Die kind se karakter is nog ongevormd, daarom weet hy nie vanself wat goed en kwaad, reg en verkeerd is nie en moet deur die opvoeder tot die kennis van goed en kwaad gebring word.[48]

Dr. K.J. van Deventer en prof. Coetzee is dit eens met dr. Van der Merwe dat die funderende deurgronding van beweging as bestaanswyse gedurende adolessensie onomwonde daarop dui dat bewegingsontwikkeling vanuit die normatiewe liggaamstruktuur moet geskied. Die verbeterde logies-analitiese vermoë moet met fisieke groei tydens adolessensie geharmoniseer word, want die adolessent vra na 'n konsekwente paradigma waarteen hy sy motoriese vermoëns kan evalueer.[49]

Dit is die etiese en morele plig van elke opvoeder om toe te sien dat alle mense en dan in besonder kinders die geleentheid kry om bogenoemde motoriese vermoëns en eie bewegingservaring te ontwikkel. Sodoende kan daar geslyp en gebou word aan 'n gebalanseerde mens wat homself beter kan verstaan en waardeer en

---

[46] Coetzee, Die noodsaaklikheid van 'n gefundeerde mensbeskouing vir Menslike Bewegingskunde, (Tydskrif vir Christelike Wetenskap, jaargang 29, no. 2, 1993, p. 7).

[47] Robbertse, Die invloed van sport op die persoonlikheid, (Vigor, vol. 13, no. 2, Maart 1960, p. 60).

[48] R. Van der Merwe, Die doel met buitemuurse aktiwiteite in die opvoedingsprogram, (Die Unie, jaargang 89, no. 3, Desember 1992, p. 91).

[49] K.J. van Deventer en Coetzee, Normatiewe bewegingsontsluiting van die Adolessente seun in Funderende perspektief, (Tydskrif vir Christelike Wetenskap, jaargang 30, 1ste kwartaal 1994, p. 82).

sy plek in die samelewing sinvol kan inneem. Menslike beweging as kultuurhandeling omvat dan ook etiese waardes.[50]

H.M. Barrow vat die etiese waardes so saam: "It is a study of the nature of good conduct and the outcome of each study is a moral philosophy. From this moral philosophy comes a knowledge of right and wrong and codes of ethics and moral behaviour."[51] Ter afsluiting verklaar prof. Coetzee dat die etiese en morele aspek net so deel van die mens as sy fisies-chemiese, biotiese en psigiese strukture is. Die etiese vorm deel van die sin-samehang van menswees, daarsonder kan geen mens 'n gebalanseerde, harmonieuse bestaan voer nie.[52]

## SPORT EN AKADEMIESE PRESTASIE

Russel Eidsmoe het die akademiese prestasies van 'n aantal sekondêre skoolleerlinge wat in sport presteer het, ondersoek. Hy het eers die skolastiese prestasie van 'n aantal basketbalspelers en sokkerspelers ondersoek. Volgens Eidsmoe bestaan daar 'n groot mate van gissing oor die onderwerp. Dit word dikwels aanvaar dat sportdeelname óf swak akademiese prestasie tot gevolg het óf dat dit deelnemers trek wat nie akademies goed vaar nie.[53]

Eidsmoe het in sy ondersoek skole betrek waarvan die oefentye en afrigtingsprogram net so intensief as die van ander skole in die staat is. Verder is skoliere van alle gemeenskappe betrek sodat 'n goeie steekproef verseker is. Hy het 'n eksamen gekies wat reg

---

50 Coetzee, Etiek as verskynsel in menslike bewegingskunde, (Sportbulletin, jaargang 11, no. 1, Januarie 1988, p. 111).

51 H.M. Barrow, Man and Movement, p. 98.

52 Coetzee, Etiek as verskynsel in menslike bewegingskunde, (Sportbulletin, jaargang 11, no. 1, Januarie 1988, pp. 111-112).

53 Russel Eidsmoe, High School athletes are brighter, (Jopher, May 1964, pp. 20-23); Calitz, pp. 71-72.

in die middel van die basketbalseisoen val en het die gemiddelde punt wat deur elke speler in elk van die vakke behaal is, sowel as die klasgemiddelde vir elke betrokke vak in die betrokke skole ontvang. 'n Ontleding van die punte het getoon dat die basketspelers se punte hoër as die gemiddelde punte van die klas was.[54]

Volgens hierdie steekproef blyk dit dat diegene wat aan basketbal deelgeneem het en wat in staat was om op sportgebied te vorder, ook op akademiese gebied bo-gemiddeld presteer het. Hierdie bevinding is ook deur sy proefneming met die sokkerspelers bevestig. Sy gevolgtrekking dat "clear, quick thinking on the athletic field and playing floor, has definite transfer value to the classroom", kan volgens Calitz nie sonder meer verwerp word nie.[55]

Die bevinding van Eidsmoe korreleer met die bevindings van die Franse eksperiment, in die skool Vanves, wat volgens Von Solms een van die mees positiewe bewyse ter stawing van die waarde van liggaamlike aktiwiteit vir verbeterde intellektuele prestasies is. Tydens hierdie eksperiment het dr. Fourestier, hoof van die betrokke Franse skool, ongeveer die helfte van die aantal skoolperiodes aan liggaamlike opvoeding en hande-arbeid gewy. 'n Opname na 'n tydperk het aangetoon dat daar 'n merkwaardige verbetering in die gesondheid en fiksheid, sowel as in die gemiddelde standaard van die skoolvakke te bespeur was. Die eksamenuitslae van die leerlinge was ook baie beter. Hierdie eksperiment is in verskeie Franse en Belgiese skole herhaal met dieselfde resultate.[56]

Skoolhoofde en personeellede met wie die navorser onderhoude gevoer het, stem saam met die geldigheid van bogenoemde

---

54 Ibid.

55 Calitz, p. 73.

56 Von Solms, p. 102.

bevindinge. Louis Terblanche, hoof van die Hoërskool Grootte Schuur, Spiere van Rensburg, hoof van die Hoërskool Ermelo, Jan Preuyt, voormalige hoof van die Hoër Tegniese Skool Port Rex, Johan Volsteedt, hoof van Grey-kollege, J.F.W. Potgieter, voormalige hoof van HTS Middelburg, Skonk Nicholson, voormalige personeellid verbonde aan Maritzburg College, Jos Laubuschange, voormalige personeellid verbonde aan Grey-kollege en Dawie Crowther, departementshoof van HTS De Wet Nel in Kroonstad, is dit almal eens dat uitblinkers op die sportveld dikwels ook diegene is wat op akademiese terrein presteer.[57]

SPORT EN LEIERSKAP

In die samevoeging van enige groep persone sal 'n leier of leiers geïdentifiseer word om die groep in die nastrewing van hulle doel te help slaag. Omdat 'n leier op 'n sportveld dikwels sy gesag van 'n keurkomitee of hoër gesag ontvang, gebeur dit dat hy nie altyd vir die span aanvaarbaar is nie. Juis daarom is dit belangrik dat die ideale leier nie noodwendig dominerend sal optree nie. Hy sal eerder die aanvaarde, positiewe karakter-eienskappe in die groep uitleef, sodat spanlede met hom kan identifiseer en hom kan navolg.[58]

Die teenwoordigheid van 'n sterk leier kan 'n deurslaggewende rol speel in die span of groep se soeke na sukses. Hierteenoor sal swak leiding weer polarisasie in die span of groep veroorsaak wat moontlik tot negatiewe persoonlikheidsontwikkeling kan lei. Positiewe en dinamiese optrede is nodig om die groep of span te motiveer tot persoonlikheidsontwikkeling.[59] B.J. Cratty het in

---

[57] Mondelinge onderhoude met Louis Terblanche, 8 Julie 1993; Spiere van Rensburg, 6 Julie 1993; Jan Preuyt, 8 Julie 1993; Johan Volsteedt, 4 Mei 1992; Dawie Crowther, 6 Julie 1993 en J.F.W. Potgieter, 8 Julie 1993; Skriftelike mededeling deur Jos Labuschange, 2 Augustus 1993, pp. 4-5 en Skonk Nicholson, 28 Julie 1993, pp. 3-4.

[58] Von Solms, pp. 135-136.

[59] Von Solms, p. 136.

sy ondersoek na leierskap en sport bevind dat die faktore wat 'n sportleier suksesvol maak ook van toepassing is op suksesvolle leiers op ander lewensterreine.[60]

Volgens dr. Van der Merwe bied die skool se buitemuurse program die kind die geleentheid om optimaal as leier te ontwikkel. Die minder begaafde kind kry ook hier kans om sy leierseienskappe te laat ontluik en ontwikkel. Dit is op hierdie informele vlak waar 'n hegte band tussen leier en volgeling gesmee kan word en wedersydse beïnvloeding kan plaasvind. Die leerling kan dus deur die buitemuurse program die geleentheid kry om as leier te ontwikkel en daarom mag daar nie alleenlik klem gelê word op die intellektuele vermoëns van leerlinge nie. Intellektuele begaafdhede alleen kan van geen mens 'n uitstaande leier maak nie, aangesien dit maar een van die eienskappe van konstruktiewe leierskap is.[61]

M.A. Hough het in sy studies oor leierskap in sport bevind dat sportleiers die beginsels van "co-operation, skill in compromise, respect for individual differences and social consciousness" in hul groepe toegepas het.[62]

## RELIGIE EN SPORT

Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing bely dat alle menslike optrede op die eer van God gerig is. So verklaar Romeine 11:36: "Uit Hom en tot Hom is alle dinge."[63] Alle menslike handelinge word dus gedrywe deur sy innerlike oortuigings, deur die religie wat op sy hart gelê is. Dit impliseer dat die Heilige Gees deur

---

60 B.J. Cratty, Psychology and physical activity, p. 176.

61 R. van der Merwe, Die doel met buitemuurse aktiwiteite in die opvoedingsprogram, (Die Unie, jaargang 89, no. 3, Desember 1992, p. 93).

62 M.A. Hough, The sociological aspects of sport, (Vigor, vol. 13, no. 1, March 1960, p. 58).

63 Die Bybel, Die Nuwe Testament, p. 211.

die Woord op die mens se hart beslag lê sodat sy vryetydsbesteding en by name sy sport, Christelik-religieus sal wees wat betref die motiewe, styl en metodes.[64]

Prof. Coetzee sluit hierby aan wanneer hy meld dat die uitgangspunt van menslike bewegingskunde vertrek vanuit die grondmotief dat die mens na die beeld van God geskape is. Die menslike bewegingskunde moet dus aanvaar dat dié grondgedagte bepalend sal wees in sy relasie met mense. Alle handelings en wyses van bestaan, is in werklikheid totale diens aan God. Deur die voorgenome hantering van mense moet die beginsel toegepas word dat sy diens aan 'n spesifieke persoon God sal verheerlik en dat sy dade altyd in diens van God sal wees.[65]

Bogenoemde dade sowel as die oorsprong, wese en bestemming van die mens word deur 'n lewensopvatlike perspektief bepaal. Dr. Van Wyk is van mening dat die lewensopvatlike perspektief in die opvoedingswerklikheid by die opvoedeling in aansyn geroep moet word. Die skool is daarna ook die grootste opgaaf toegesê om die lewensopvatlike perspektief wat dit voorstaan in alle binnesowel as buitekurrikulêre aktiwiteite te verwerklik.[66]

Dit beteken dat sportbeoefening as buitekurrikulêre aktiwiteit ook deur die afrigter en sportlui in die lig van die Christelike lewensopvatting bedryf word. Die Christelik-lewensopvatlike perspektief op sportbeoefening bepaal dat dié lewensfaset ook daartoe moet meewerk dat God Drie-enig as Skepper, Onderhouer en

---

64 Von Solms, p. 184.

65 Coetzee, <u>Die noodsaaklikheid van 'n gefundeerde Mensbeskouing vir Menslike Bewegingskunde</u>, (<u>Tydskrif vir Christelike Wetenskap</u>, jaargang 29, no. 2, 1993, pp. 6-7).

66 Van Wyk, p. 415.

Regeerder van die ganse werklikheid verheerlik en geëer moet word.[67]

Die prestasiemotief, met die ervaringe van sukses en mislukking, figureer prominent in sportbeoefening. Sukses en mislukking is, soos in God se kultuuropdrag vervat, fenomene wat baie bepaald uit die Christelik-lewensopvatlike beheers moet word. Dit gebeur egter dat die Christelik-lewensopvatlike nie tot die leefwêreld van sportbeoefening verbesonder word nie. Sukses word verabsoluteer en daar is 'n gebrek aan steungewing by die sportlui wat misluk. Die doel van sportbeoefening binne Christelik-lewensopvatlike persepktief, naamlik om God en sy koninkryk te verheerlik, word dus agterweë gelaat.[68]

Volgens dr. R. van der Merwe kan die leemte gevul word indien die opvoeder sy eie Christelike lewens- en wêreldbeskouing op die sportveld uitlewe. Die leerlinge kan die voorbeeld navolg en sodoende sekere waardes en norme aanleer wat hy met inspanning verwesenlik en waarvoor hy verantwoordelikheid aanvaar.[69] Die adolessent se soeke na die sin, doel en bestemming van sy bestaan in die tydelike werklikheid kan deur die opvoeder beantwoord word indien hy die adolessent langs die weg van Christelike genomeerdheid aan God bekend stel.[70]

---

67 I.R. van der Merwe, Unieke bydraes deur die Liggaamlike Opvoeding tot 'n sisteem van opvoeding, (Vigor, vol. 17, no. 4, September 1964, p. 11); Van Wyk, pp. 415-416.

68 Van Wyk, p. 416.

69 R. van der Merwe, Die doel met buitemuurse aktiwiteite in die opvoedingsprogram, (Die Unie, jaargang 89, no. 3, Desember 1992, p. 92).

70 K.J. van Deventer, Bewegingsontwikkeling by die adolossente seun: 'n Ontologiese perspektief, p. 479; Van Deventer en Coetzee, Normatiewe bewegingsontsluiting van die Adolossente seun in Funderende perspektief, (Tydskrif vir Christelike Wetenskap, jaargang 30, 1ste kwartaal 1994, p. 94).

Die skoolhoof is as koördineerder van aktiwiteite in die ideale posisie om 'n positiewe invloed op die geestelike ontwikkeling van die leerlinge uit te oefen. Een van die vernaamste eienskappe van 'n skoolhoof se leierskap is om op buitemuurse vlak kontak tussen hom en die leerlinge te bewerkstellig en sodoende 'n gesonde gees en verhouding met hulle op te bou.[71] Nadat die bespreking van die rol van sport in die Opvoedkunde, kan die opvoedkundige waarde van die Cravenweek belig word.

## DIE OPVOEDKUNDIGE WAARDE VAN DIE CRAVENWEEK

Ebrahim Patel, wat op 11 Maart 1994 as die uitvoerende president van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie uitgetree het, huldig 'n sterk mening oor die opvoedkundige waarde van die Cravenweek en die spel rugby, in 'n breër verband. Patel, wat ook die hoof van die Lenasia Muslim School is, beskou rugby as 'n spel waarin leerlinge kan leer om aspekte soos dissipline, samewerking, oefening, opoffering, geluk en teleurstelling te hanteer. Dié aspekte is ook belangrik in die Opvoedkunde en derhalwe kan rugby en die Cravenweek die fasette bevorder. Die Opvoedkunde en die Cravenweek is albei gemoeid met die vorming van die kind se totale persoonlikheid en denkvermoë.[72]

Volgens Patel het rugby 'n verdere sterk opvoedkundige waarde. Dit is anders as die onderwysstelsel, wat meer prestasie-georiënteerd is en dikwels beter voorsiening vir die skrander kind maak. Rugby bied aan ander kinders ook die geleentheid om te presteer en erkenning van die samelewing te geniet. Die ontvanger van rugbytalent moet geleentheid kry om sy talent te ontwikkel net soveel soos dié van 'n beeldhouer wat pragtige vorms uit marmer kan giet.[73]

---

71 R. van der Merwe, <u>Die skoolhoof se verantwoordelikheid ten opsigte van buitemuurse aktiwiteite</u>, (<u>Die Unie</u>, jaargang 89, no. 4, Februarie 1993, p. 122).

72 Mondelinge onderhoud met Ebrahim Patel, 5 Julie 1993.

73 <u>Ibid</u>.

Dié rugbytalent kan alleen ten volle ontwikkel binne die raamwerk van sterk dissipline, aldus Jan Preuyt. Hy beskou dissipline as die hoeksteen van alle sukses. Die onderwysers moet hier 'n deurslaggewende rol speel want hulle is opgelei om die waarde- en normesisteem van kinders te help bou en dus ook selfdissipline by hulle in te skerp. Preuyt beskou rugby ook as deel van die kurrikulum en dus ook as integrale deel van die opvoedkundige program. Afrigters moet ook opgelei word om die klem op die opvoedkundige beginsels en nie op die wenbeginsel te plaas nie.[74]

Om die opvoedkundige beginsels by die spelers in te skerp, word daar tydens die Cravenweek vir veel meer as die blote speel van wedstryde begroot. Die Witskrif maak voorsiening vir 'n tweetalige kerkdiens en verskeie uitstappies en funksies om die spelers se horisonne te verbreed en hulle sosialisering te bevorder.[75] Sodoende maak die spelers kennis met persone van uiteenlopende kultuur-, ras- en taalgroepe. Waardering vir die kultuureie en begrip vir die leefwyse van andere is deel van die Cravenweek se opvoedingsprogram.[76]

'n Verdere opvoedkundige waarde is volgens Spiere van Rensburg, sameroeper van die SA-skolekeurkomitee en ook die hoof van Hoërskool Ermelo, die bou van selfvertroue en 'n goeie selfbeeld. Indien die speler oor dié eienskappe beskik, is dit soveel makliker om die filosofie van sportmanskap by hom tuis te bring. Sportmanskap behels onder andere om die spel binne die reëls te speel sonder enige vuilspel. Verder geniet die kweek van trots en liefde vir sy provinsie ook voorrang.[77] Die speler word ook, soos Patel tereg opgemerk het, tydens die toernooi onder die indruk gebring van sy talente as 'n gawe van sy Skepper. Rugby

---

74 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 7 Julie 1993.

75 SARR argief: Witskrif, pp. 22-28, 61-62 en 65-68.

76 Skriftelike mededeling deur Skonk Nicholson, 28 Julie 1993, p. 2.

77 Mondelinge onderhoud met Spiere van Rensburg, 6 Julie 1993.

word dus tydens die Cravenweek gebruik om die kind se visie en gees te verruim.[78]

Jos Labuschagne, voormalige afrigter van Vrystaat se Cravenweekspan, SA-skolekeurder van 1983-1992 en afrigter van die SA-skolespan van 1988-1991, sluit hierby aan deur ook op die verbreding van die spelers se horisonne klem te lê. Hier leer die speler sy spanmaats en teenstanders ken en waardeer en kry hy insig in die wêreld buite sy eie kring. Volgens Labuschagne kry die speler by die Cravenweek ook die geleentheid om groter verantwoordelikheid aan die dag te lê. Hier is hy nie die ster soos in sy skoolspan nie en hier leer hy ook om geleenthede vir ander te skep, anders as in sy skoolspan waar geleenthede vir hom geskep word.[79]

Verder is die invloed van die speler se omgewing, wat sy ouers, skool en vriendekring insluit, hier grootliks afwesig en is hy afhanklik van sy eie motivering en selfbeeld om deeglike rekenskap van homself te gee. Laastens maak Labuschagne melding van die druk waaronder die speler tydens die Cravenweek verkeer. Die kompetisie tydens die toernooi is sterker as dié waaraan hy normaalweg gewoond is en hy het minder tyd en ruimte om te presteer. Hy kan dus hier leer om die druk, waaraan hy later in sy lewe blootgestel word te hanteer.[80]

Louis Terblanche, vanaf 1975 op verskeie vlakke by die Cravenweek betrokke, maak gewag van die druksituasies en meld dat daar by die spelers tydens dié situasies die regte benadering tot die spel gekweek moet word. Die tradisie van hardlooprugby moet ingeprent word by spelers van provinsies waar skoprugby botoon voer. Positiewe aanvallende spel en waagmoed en nie 'n

---

78 Mondelinge onderhoud met Ebrahim Patel, 5 Julie 1993.

79 Skriftelike mededeling deur Jos Labuschagne, 2 Augustus 1993, pp. 1-5.

80 Ibid., pp. 4-5.

veiligheids- en wen-ten-alle-koste-benadering nie, sal aan die orde van die dag wees. Voortvloeiend hieruit moet die vreugde van deelname tydens die Cravenweek die primêre doelwit wees.[81]

Die speler se leierseienskap moet ook tydens die toernooi ontwikkel word. Sodoende kan hulle met vertroue die kennis en korrekte benadering wat tydens die toernooi verwerf word, in hul skole terugploeg.[82] Dawie Crowther, sedert 1971 by die Cravenweek betrokke as afrigter en keurder van Noord-Vrystaat en vanaf 1983 SA-skolekeurder, sê dat dit veral die ontspanningselement is wat die spelers by hul skole moet tuisbring. Veral in die Administrateursbekerkompetisie kan wen ten alle koste 'n te groot rol speel.[83] Skonk Nicholson, wat soos vroeër vermeld, deur sy tydgenote as een van die beste skoleafrigters in die land beskou is, lê ook sterk klem op die genotbeginsel. Verder onderskryf hy die Britse Barbarian Rugby Football Club, wat bekend is vir hul sportmangees, se leuse: "Rugby is a game of all classes but never for the bad sportsman of any class."[84]

'n Verdere opvoedkundige waarde van die Cravenweek is om die spelers vir die eise van die tydperk waarin hulle lewe, voor te berei. Wouter du Toit, hoof van Hoërskool Fakkel gedurende 1961-1978, lid van die eerste Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging se uitvoerende komitee in 1965 en ondervoorsitter van die SASRV van 1967 tot en met sy aftrede in 1978, meld dat tydens die aanvangsjare van die Cravenweek daar nog wantroue tussen Engels- en Afrikaanssprekendes bestaan het. 'n Brug is tussen die twee

---

81 Mondelinge onderhoud met Louis Terblanche, 8 Julie 1993.

82 Reg Sweet, South African Rugby, J.M. "Skonk" Nicholson, Long-time coach of Maritzburg College, (Rugby 15, August 1984, p. 35).

83 Mondelinge onderhoud met Dawie Crowther, 6 Julie 1993.

84 Skonk Nicholson privaatversameling: The Creed of the Barbarians Rugby Football Club, p. 1; Skriftelike medeling deur Skonk Nicholson, 28 Julie 1993, p. 2.

taalgroepe gebou met die gevolg dat die sosialisering tans sonder veel wrywing geskied.[85]

Net soos wat die Cravenweek dus 'n voorloper was om die betrekkinge tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes te normaliseer, so het die Cravenweek ook die opvoedkundige opdrag om kleur-, taal-, kultuur- en sosialiseringsgrense te oorbrug en begrip vir die ander aan te kweek. Volgens Ebrahim Patel kan die kind verder "wanneer hy luide applous hier ontvang, betreurenswaardige omstandighede tuis versteek en met trots mens wees. Die weesheid van sy bestaan tuis word gevul deur die vaderskap van rugby en die Cravenweek in besonder."[86] Die oordrewe prestasiemotief kan egter die opvoedkundige waarde van sport en rugby in besonder belemmer.

DIE WENMOTIEF IN OPVOEDKUNDIGE PERSPEKTIEF

Calitz meld dat gedurende die lang en uitputtende oefensessies en die verskeidenheid situasies wat gedurende mededinging ontstaan, die deelnemers gedurig moet reageer op hulle eie vermoëns en beperkings sowel as die gedrag van hulle opponente en mede-spelers. Die deelnemers neem aan 'n kompetisie meestal in 'n emosie-gelaaide atmosfeer deel en is intens gemoeid met die uitslag. Die gevolg is dat hulle in 'n groter mate onderhewig is aan verandering as wat die geval in klaskamersituasies sou wees. Dit is belangrik dat sodanige verandering opvoedkundig verantwoordbaar is en dat sport - by uitstek skolesport - op opvoedkundig verantwoordbare wyse georganiseer word.[87]

Dr. Van Wyk sluit hierby aan wanneer hy klem lê op die opvoedkundige waarde van sport, maar terselfdertyd waarsku hy dat dié opvoeding ook 'onopvoedend' kan wees. So is dit moontlik om

---

[85] Mondelinge onderhoud met Wouter du Toit, 15 Julie 1993.

[86] Mondelinge onderhoud met Ebrahim Patel, 5 Julie 1993.

[87] Calitz, p. 57.

'n mens in 'n foutiewe rigting, tot 'n skewe persoonsontplooiing, tot onewewigtigheid en onverantwoordelikheid te kan ontsluit. Hy meld verder dat prestasiegemotiveerdheid, soos dit ook in die binnekurrikulêre aktiwiteit (die formele vakonderrigsituasie) funksioneer net soveel meriete en bestaansreg in sportbeoefening as buitekurrikulêre aktiwiteit het.[88]

Die skewe persoonsontplooiing waarna verwys is, word deur J.L. Botha en G. Potgieter onderstreep met die stelling dat: "Dit is veral wanneer ons sport vanuit etiese oogpunt benader, dat daar gewys moet word op negatiewe elemente, wat die vorming van die mens nadelig kan beïnvloed. Ofskoon ons dan standpunt wil inneem ten gunste van sport as 'n potensiële opvoedingskrag, mag die sportleier hom nie blind staar dat sport ook 'n wesenlike gevaar inhou nie. Baie van die kritiek teen liggaamlike opvoeding en sport is gegrond op die swakhede in die aanwending daarvan, maar die onderliggende opvoedingspotensiaal daarvan kan nie ontken word nie."[89]

Von Solms sê dat die wenmotief die oorkoepelende waarde in die heersende sportkultuur is. Die oorsaak van die omstandighede kan tot die skoolvlak teruggevoer word. Selfs skolesport het 'n burokratiese inslag, en die wenmotief word reeds by die kind ingeprent. Aanstellings en bevorderings van onderwysers hang ook baie keer nou saam met hulle reputasie as sportafrigters. Nederlae op die sportveld dui op die onbekwaamheid van die afrigter en daar word gemeen dat hy op ander gebiede ook minder bekwaam sal wees.[90]

Die oorbeklemtoning van die wenmotief is volgens J.L. Botha een van die negatiewe manifestasies van kompetisiesport: "As die

---

88 Van Wyk, p. 213.

89 J.L. Botha en G. Potgieter, <u>Atletiek 2000 - 'n Handleiding vir atleet en afrigter</u>, p. 22.

90 Von Solms, p. 86.

drang na oorwinning die mens degradeer tot 'n puntemasjien, bloeddorstigheid en geweld seëvier, daadperfeksionisme en egoïsme ontwikkel, reëls verkrag word, oordrewe heldeverering posvat en die waarde opvattings vertroebel, het ons te doen met die karikatuur van sport."[91]

Daar moet vanuit pedagogiese perspektief voortdurend na 'n gebalanseerde en ewewigtige ontsluiting van die kind in al sy moontlikhede gestrewe word. Sportbeoefening moet ook getuig van 'n harmoniese balans in die ontsluiting van die atleet se vermoëns. Dit impliseer dat die prestasiemotief met groot omsigtigheid toegepas moet word.[92] Wanneer die verabsolutering van sukses as die allesomvattende ideaal gestel word, kan die doelstellings op grond waarvan sport beoefen word in gedrang kom. Sport moet nooit ten koste van die eer van God en die liefde van die medemens bedryf word nie. Die mens moet veel meer as blote prestasie uit sport kan put. Sukses en mislukking is medewerkers om die verhouding tot God te verdiep.[93]

Die oorbeklemtoning van die wenmotief is dikwels die gevolg van interaksie van samelewingsverbande. Die afrigter, gemeenskap, ouer, te vroeë spesialisasie, gebruik van stimulante, gebrek aan steungewing by die sportman en -vrou wat mislukking ervaar, sosiale druk en onsportiewe optrede deur rolmodelle (sportlui) kan bydraende faktore tot die verabsolutering van sukses wees.[94]

---

91 J.L. Botha, Opvoedkundige en etiese implikasies van sportdeelname, (Sportbulletin, vol. 9, no. 3, Oktober 1986, p. 64).

92 Van Wyk, p. 214.

93 P.H.C. Albertyn, Perspektief op sport, (Sportbulletin, vol. 7, no. 2, April 1984, p. 79.

94 Theo Malherbe, Gebruik van stimulante - is dit goed of sleg?, (Sportbulletin, vol. 14, no. 12, Desember 1987, pp. 6-8); D.S. Butt, Psychology of Sport, p. 120; Van Wyk, pp. 215-227; Von Solms, pp. 86-97; Botha en Potgieter, p. 9; G.R. van der Merwe, Sport in die primêre skool: Hoe hanteer ek dit, (Tydskrif vir primêre onderwys, vol. 3, 1987, pp. 84-91).

Volgens Coetzee is die kern van die saak dat dit mense is wat die sport beoefen. Net soos wat die mens as sondige wese in sy alledaagse bestaan oor die hele linie sondig optree, gebeur dit ook in sy sporthandelinge. Die vraag ontstaan nou of sport die blaam moet dra vir die verkeerde optrede en of dit die mens as handelende persoon is wat sport gebruik om die negatiewe neigings op die voorgrond te plaas.[95]

Die essensie van sport is kompeterend. Hierin is opgesluit die daarstelling van reëls, regulasies, voorskrifte en inoefeningspraktyke. Sport in sy omvang is eintlik 'n wêreld in die kleine en omsluit alles wat ook in die samelewing te vinde is. Sport as samelewingsgegewe omsluit sake soos sportbestuur, sportsielkunde, sportsosiologie, sportfisiologie, sportfilosofie en vele meer. Baie van die dienste wat aan die sportman gelewer word, open ook weë vir mense om voltydse beroepe op sportgebied te beoefen. Die vermoë wat sport het om geld te genereer, plaas geweldige druk op die sportlui om te presteer. Die optrede van die mens onder druk sal bepaal word deur sy hart as wortel van sy bestaan. Sport kan dus nie die blaam kry as die mens in sy sportbeoefening verkeerd handel nie.[96]

Die navorser is van mening dat dit veral die afrigter en ouer is wat hier deurslaggewende rolle vertolk. Die afrigter word dikwels deur die gemeenskap gedryf tot die oorbeklemtoning van sukses en die sportlui, wat onder hom oefen, word as 'n blote instrument gesien wat die sukses moet bring. Die ouer wil dikwels deur hulle kinders die sukses nastreef wat in hulle sportloopbane ontbreek het en plaas dan druk op hulle kinders om te presteer. Indien die oordrewe wengees oorbrug word, kan sport 'n besondere rol in die opvoeding van die volwassene-in-wording speel. In aansluiting by

---

95 Coetzee, Sport: 'n Bate of Karikatuur van die Samelewing, (Roeping en Riglyne, Kwartaalblad van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, jaargang 39, no. 4, Desember 1991, p. 2).

96 Ibid., pp. 2-3.

die bespreekte opvoedkundige grondslae van sport is dit belangrik om te ontleed waarom rugby in besonder die uitsoeksport van soveel Blanke- en Kleurlingseuns is.

## MIKRO-ANALISE VAN RUGBY AS SPORTSOORT

Daar kan alleen na die opskrifte van koerante na 'n toets-nederlaag gekyk word om die omvang van Blankes en Kleurlinge in Suid-Afrika se liefde vir dié sportsoort te besef. So het Beeld van 6 Junie 1994 die nederlaag teen die Engelse toerspan as 'n nasionale ramp beskou.[97] Rugby het deel van die Suid-Afrikaner se kultuur geword en word van geslag tot geslag oorgedra. Juis vanweë dié oordrag word dit as vanselfsprekend aanvaar dat 'n Blanke- of Kleurlingseun die spel reeds vroeg op laerskool beoefen. Die talle juniorklinieke wat tans landswyd gehou word, dien as 'n verdere stimulus om aan dié spel deel te neem.

Die vraag ontstaan nou waarom rugby so 'n belangrike plek in die kultuur van bogenoemde bevolkingsgroepe inneem en soveel seuns dié sportsoort as hulle eie aanneem. Calitz het 'n mikro-analise van rugby as sportsoort gedoen met spesifieke verwysing na die senior primêre skoolseun. Hoewel die teikengroep die senior primêre skoolseun is, kan die studie ook meestal van toepassing gemaak word op rugbyspelers in die sekondêre skool. Volgens Calitz is die kriteria waaraan 'n sportsoort gemeet word eerstens die verskeidenheid aktiwiteite wat dit behels en die mate waarin daar vir kragontwikkeling, uithouvermoë en vaardighede voorsiening gemaak word.[98]

Rugby is 'n kontakspel waarin krag 'n belangrike rol speel. Juis daarom meld dr. Pierre Edwards dat rugby onder die seuns as die spel van die manne beskou word.[99] Volgens dr. Danie Craven is

---

[97] Beeld, 6 Junie 1994.

[98] Calitz, pp. 77-78.

[99] Mondelinge onderhoud met Pierre Edwards, 3 Mei 1994.

balvaardigheid, krag, soepelheid, spoed, oordeelsvermoë en ratsheid inherent aan rugby en word bogenoemde eienskappe almal binne die spelfasette benut.[100] Die verskeidenheid aktiwiteite wat aangee, duikslae, hardloop, spring, stoot, gryp, vang en skop insluit, bied geleentheid tot aksie vir die volle duur van die spel. Die aksie is juis wat die kind trek. Nie alleen stel dit hom in staat om van sy oortollige energie ontslae te raak nie, maar dit maak hom behoorlik moeg en beproef sy liggaamskragte tot die uiterste.[101]

Verder maak rugby ook voorsiening dat geen lid van die span, in watter posisie hy ook al mag speel, tot 'n spesifieke gebied van die speelveld beperk word nie. In die aanval kry enige speler dus die geleentheid om punte te kan aanteken, terwyl almal meedoen aan die verdediging van hulle doellyn.[102] Benewens die hoë liggaamlike eise en fisieke betrokkenheid wat die spel aan die speler stel, is daar ander faktore wat ook die belangstelling in die spel wakker maak.

Dr. Pierre Edwards en Spiere van Rensburg meld albei dat rugby 'n tuiste vir alle seuns bied. Spelers van enige gewig, lengte, spoed of grootte kan 'n plek in 'n rugbyspan vind.[103] Rugby het ook 'n gelykmakende effek op die prestasies van spelers. Individualiteit speel nie so 'n prominente rol nie en 'n swak speler kan in 'n span weggesteek word. Hoewel sy persoonlike

---

[100] D.H. Craven, Rugby vir almal, pp. 11-16; Rugbyhandboek, pp. 4-15; Rugby - Speel en Oefen, pp. 14-20 en Die ABC van Rugby, pp. 11-17.

[101] John W. Bunn, Scientific principles of coaching, pp. 160-172; Chris Jones, Tactics of success: Rugby, pp. 54-76; Craven, Rugby vir almal, pp. 11-16 en Die ABC van Rugby, pp. 11-17; Calitz, pp. 73-80; J.J. Steward, Rugby: a tactical appreciation, pp. 13-31; Cyril Joyson, Better rugby for boys, pp. 10-32.

[102] John Dawes (ed.), Thinking rugby, pp. 35-40; Steward, pp. 13-31; Calitz, p. 80.

[103] Mondelinge onderhoud met Pierre Edwards, 3 Mei 1994 en Spiere van Rensburg, 6 Julie 1994.

bydrae gering kan wees, seëvier hy saam met sy spanmaats en deel hy in die trots van die span. In teenstelling hiermee kan die briljante speler ondanks sy eie goeie spel saam met die span verloor. Sy spel word verberg deur die span se onvermoë. Vir die speler is dit waarskynlik 'n bitter pil om te sluk, maar die opvoedkundige waarde hiervan mag nie misken word nie.[104]

Hiermee saam is die fisieke gevaar van rugby as kontaksport altyd teenwoordig.[105] Louis Terblanche lê sterk klem op die samehorigheidsgevoel wat rugby meebring. Net soos die span die speler met sy tekortkominge moet aanvaar, so moet hy ook ruim van gees wees en sy spanmaats met al hulle tekortkominge aanvaar. Binne die samehorigheid kan die genot van die bereiking van 'n gemeenskaplike doel of die teleurstelling van 'n nederlaag, gesmaak word.[106]

Rugby vereis egter nie net dat die speler binne spanverband aanvaarbare verhoudings kweek nie. Hy moet leer om die menswaardigheid van sy teenstander te eerbiedig en om binne die reëls van die spel sy opponent te probeer troef sonder 'n gees van vyandigheid. Na afloop van die wedstryd moet die oorwinning of nederlaag met grootmoedigheid aanvaar word. Die skeidsregter moet ook binne die raamwerk van vergewingsgesindheid hanteer word. Die skeidsregter se beslissing moet ten alle tye aanvaar word al is die beslissing nie korrek nie.[107]

Nog 'n rede waarom rugby as sport verkies word, is die sosiale aansien en gevolglike aanvaarding deur die portuurgroep wat dit meebring. Juis vanweë die status en gevolglike wye publisiteit wat rugby as nasionale sport onder Blankes en Kleurlinge geniet, is die presteerder in die spel verseker van ekstra bewondering

---

104 Calitz, pp. 80-81.

105 Mondelinge onderhoud met Pierre Edwards, 3 Mei 1994.

106 Mondelinge onderhoud met Louis Terblanche, 8 Julie 1993.

107 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 8 Julie 1993; Calitz, p. 84.

bo presteerders in ander sportsoorte. Vanweë die groot belangstelling in die spel word skolewedstryde dikwels in emosiebelaaide omstandighede gespeel en bied dit vir die speler die geleentheid tot die oefening van die beheersing van sy emosies. Benewens die betrokkenheid van omstanders is die gesin ook dikwels, weens die kultuuroordrag, nou betrokke by die spel en volg hulle die speler se loopbaan noukeurig. Rugby kan dus as saambindende krag tussen ouer en kind dien.[108]

Die avontuur verbonde aan die spel trek ook voornemende spelers. Waagmoed word dikwels beloon met 'n drie, maar kan net sowel op 'n fout uitloop, wat 'n drie op 'n skinkbord aan die teenstanders kan besorg.[109] Daarby verg rugby van die speler herhaaldelike en 'n groot verskeidenheid aanpassings. Rugby is 'n spel waarin fluktuerende situasies gedy. Nederlaag en oorwinning, skitterspel en liederlike blapse volg vlug op mekaar en daar word van die speler verwag om by hierdie situasies aan te pas.[110]

Rugby bied ook aan die speler die geleentheid tot oriëntering van tyd en ruimte. Verder is reaksiespoed deurslaggewend by die klop van jou teenstander. Die oriëntering ten opsigte van tyd en ruimte en die reaksiespoed is ontwikkelingsprosesse wat basies aan die voortbestaan van die seun is.[111] Rugby as sportsoort se belang strek dus veel wyer as bloot die speler se fisieke ontwikkeling. Die spel bied ruim geleentheid vir die kind om as volwassene-in-wording sy selfkonsep te verbeter en sosiaalaanvaarbare menslike verhoudinge te stig.

---

108 Calitz, p. 81.

109 Craven, Die ABC van rugby, p. 21 en Patroon vir rugby, p. 16; Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993; Skriftelike mededeling deur Jos Labuschange, 2 Augustus 1993, p. 3.

110 Craven, Die ABC van rugby, pp. 13-17; Dawes (ed.), pp. 35-40; Calitz, p. 85; Steward, pp. 25-31.

111 Alan Black, How to coach rugby football, pp. 88-92; Craven, Rugby - Speel en Oefen, pp. 68-70; Jones, pp. 70-76; Steward, pp. 25-29; Calitz, pp. 85-86.

# HOOFSTUK 8

# SLOTSOM

## DIE CRAVENWEEK AS VOEDINGSBRON VIR DIE SPRINGBOKSPAN

In 'n vorige hoofstuk is aangevoer dat die SA-skolespan nie die vernaamste bron is wat Suid-Afrikaanse rugby voed nie. Die vraag ontstaan nou of die Cravenweek enigsins aan dié vereiste voldoen. Hoewel 604 spelers van 1891 tot einde 1993 vir die Springbokspan uitgedraf het, word slegs die 176 spelers wat van 1969-1993 in die Groen-en-Goud gespeel het, as maatstaf vir bogenoemde ontleding gebruik. Die rede hiervoor is dat die Cravenweek eers in 1964 'n aanvang geneem het en dat die eerste Cravenweek-spelers, Gert Muller, André de Wet, Johan van der Merwe, Mike Jennings en Andrew van der Watt, in 1969 Springbokkleure verwerf het. Muller was 21 jaar en die ander vier spelers 22 jaar toe hulle in die nasionale span opgeneem is.[1]

Van die 176 spelers wat sedert 1969 vir die Springbokspan gespeel het, was 89 deelnemers aan die Cravenweek. Dié spelers word in die bylae vermeld. Persentasiegewys het 50,15% van die Craven-weekspelers in dié tydperk dus later die nasionale span verteenwoordig. In die periode tussen 1969-1991 (voor Suid-Afrika se hertoetrede tot die internasionale arena) het 118 spelers vir die

---

1 Shnaps, A Statistical History of Springbok Rugby, Players, Tours and Matches, pp. 118-148; J. Preuyt, South African Rugby Review 1993, South African Rugby Schools Association, (Rugby 15, vol. 3, December 1993, pp. 62-63); Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, pp. 233-243 en 348-366; Skriftelike mededeling deur Quintus van Rooyen, 31 Januarie 1994, pp. 1-10; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 18; Greyvenstein, Springbok Saga, 100 Years of Springbok Rugby, pp. 323-327.

Springbokspan gespeel, waarvan slegs 49 (41,51%) aan die Cravenweek deelgeneem het.[2] Die prentjie het sedert Suid-Afrika se hertoetrede tot die internasionale rugbyforum in 1992 verander toe 40 van die 58 nuwe Springbokke (68,38%) hulle provinsies op die Cravenweek verteenwoordig het. Dit beteken dat 27,45% meer Cravenweekspelers in dié tydperk die trappie na internasionale rugby, as in die periode 1969-1991, geklim het.[3] Suid-Afrika se rugby-isolasie was dus 'n faktor wat nie buite rekening gelaat kan word nie.

'n Verdere noodsaaklike ontleding is om vas te stel of meer Cravenweekagterspelers of -voorspelers later vir die Springbokspan uitgedraf het. Van dié 89 Springbokke wat op die Cravenweek in aksie gesien is, was 47 voorspelers (52, 80%) terwyl 42 (47,20%) in die agterlyn diens gedoen het. Sedert Suid-Afrika weer die internasionale arena in 1992 betree het, het die tendens voortgeduur en het 23 Cravenweekvoorspelers (57,50%) en sewentien agterspelers (42,50%) hul debuut in die nasionale span gemaak. 'n Ontleding van die posisies van dié 89 Springbokke wat die Cravenweek tot 1993 opgelewer het, lyk soos volg: heelagter: ses; vleuels: elf; senters: dertien; losskakels: vyf; skrumskakels:

---

2 D.H. Craven, Inaugural address by the executive president of the newly formed SA Rugby Football Union, pp. 1-17; Shnaps, pp. 118-148; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, pp. 233-249 en 348-366; Skriftelike mededeling deur Quintus van Rooyen, 31 Januarie 1994, pp. 1-10; Greyvenstein, Springbok Saga, 100 Years of Springbok Rugby, pp. 323-327.

3 D.H. Craven, Inaugural address by the executive president of the newly formed SA Rugby Football Union, pp. 1-17; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, pp. 233-249 en 348-366; Skriftelike mededeling deur Quintus van Rooyen, 31 Januarie 1994, pp. 1-10; Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993, p. 18.

sewe; stutte: nege; slotte: veertien; flanke: elf en agtsteman: sewe.[4]

Voordat enige gevolgtrekking na aanleiding van die voorafgaande data gemaak kan word, moet die faktore wat bydra tot die latere sukses, al dan nie, van Cravenweekspelers ook ontleed word. Eerstens word die faktore wat bydra dat Cravenweekspelers na hul skooljare die rug op rugbydeelname keer, bespreek. Volgens Johan Ligthelm, adjunkdirekteur aan die Universteit van Pretoria se Sportburo, O/21 A-afrigter en gewese hulpafrigter van Noord-Transvaal se seniorspan, dra studie- en werksdruk by tot die dreinering van Cravenweekspelers op tersiêre vlak. Van die spelers het beursverpligtinge, wat die druk om op akademiese gebied te presteer, verhoog. Verder het van die studente finansiële probleme en moet hulle na-ure werk om vir hul studies te betaal. Die spelers is die hele week onder druk en wil naweke nie die verdere spanning van kompeterende sport beleef nie.[5]

Ligthelm het verder ook bevind dat van die Cravenweekspelers nie bereid is om na skool vir laer spanne te speel nie. Tydens hul skooljare was hulle die helde van die skoolspan en op tersiêre vlak vind hulle dit moeilik indien hulle met talle ander belowende spelers vir 'n plek in die span moet meeding. Indien hulle nie vir een van die uitsoekspanne gekies word nie, is van die spelers nie bereid om vir 'n B- of C-span of op koshuisvlak te speel nie.[6] Die navorser het by die Onderwyskollege Pretoria ook die tendens waargeneem en die spelers neem eerder aan ander sportsoorte deel. Van die spelers sien ook nie kans vir volwasse kontaksport nie en beoefen dus eerder 'n nie-kontaksport.

---

4 Van Rooyen (red.), <u>SA Rugbyskrywersjaarboek 1993</u>, pp. 233-249 en 348-366; <u>Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993</u>; Skriftelike mededeling deur Quintus van Rooyen, 31 Januarie 1994, pp. 1-10; Greyvenstein, <u>Springbok Saga, 100 Years of Springbok Rugby</u>, pp. 323-327; Shnaps, pp. 118-148.

5 Mondelinge onderhoud met Johan Ligthelm, 22 November 1993.

6 <u>Ibid</u>.

Verdere faktore wat volgens dr. Derek Coetzee, verbonde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se Menslike Bewegingskunde Departement, 'n rol speel by die uitsak van sommige spelers is 'n beseringsrekord en te veel druk weens vroeë spesialisasie.[7] Pieter de Haas is 'n uitstekende voorbeeld van 'n belowende speler wie se loopbaan deur beserings in die wiele gery is. De Haas is beskou as een van die beste senters wat nog op die Cravenweek in aksie was. Hy het in die jare 1984-1986 vir Vrystaat diens gedoen en het in 1986 ook vir die SA-skolespan uitgedraf. Hy het reeds as negentienjarige in 1988 vir Vrystaat en Transvaal se seniorspanne gespeel. Van 1988-1992 het hy egter drie groot operasies weens rugbybeserings ondergaan. Die gevolg was dat sy rugbyloopbaan erg ontwrig is. Volgens De Haas moes hy dikwels hoor dat hy nie die mas as seniorspeler opgekom het nie, maar dat sy kritici vergeet van die beserings wat hom geteister het.[8]

Ian de Ru, die grootste individuele uitblinker van 1989 se Cravenweek en SA-skolespeler, is 'n voorbeeld van die té vroeë spesialisasie waarna dr. Coetzee verwys het. De Ru meld dat hy as skoolseun deur sy afrigters gedryf is om te presteer. Na skool het niemand meer die intensiewe aandag aan hom geskenk nie en het hy nie die wilskrag gehad om self intensief te bly oefen nie. Die gevolg was dat sy fiksheid en spoed afgeneem het en dat hy as student nie vir sy klub se eerstespan uitgedraf het nie. De Ru is dus van mening dat die té vroeë spesialisasie hom geestelik uitgebrand het.[9]

Benewens bogenoemde faktore wat tot die erosie van Cravenweek-spelers bydra, is daar ander faktore, wat sorg dat die persentasie Cravenweekspelers wat later vir die Springbokspan speel, nie hoër is nie. Volgens Quintus van Rooyen, voorsitter

---

7 Mondelinge onderhoud met Derek Coetzee, 10 Februarie 1994.

8 Mondelinge onderhoud met Pieter de Haas, 10 Februarie 1994.

9 Mondelinge onderhoud met Ian du Ru, 12 November 1993.

van die SA Rugbyskrywersvereniging en sedert 1956 'n rugbyskrywer, speel subjektiewe en onbevoegde skolekeurders 'n rol daarin dat van die beste skolespelers nie op die Cravenweek in aksie is nie. Hy was 'n getuie van die subjektiewe keuses waarin keurders spelers van hul eie skole bevoordeel. So het Johan Roux van Hoërskool Verwoerdburg in 1985 uitmuntende spel gelewer en die meeste punte as skrumskakel in die Noord-Transvaalse skoleliga aangeteken, maar nogtans nie die bond se Cravenweekspan gehaal nie. Tans is Roux een van die uitblinkers in die Transvaalse span en in 1993 op die rand van die Springbokspan.[10]

Verder word verskeie spelers op skool in verkeerde posisies ingespan. So het die Springbokslot, Louis Moolman, op Hoërskool Verwoerdburg vir die tweedespan heelagter gespeel en die Springbokveuel, Jacques Olivier, het as skrumskakel vir Hoërskool Menlopark se tweedespan uitgedraf. Morné du Plessis het ook nie die Vrystaatse Cravenweekspan gehaal nie omdat hy vir Grey-kollege se eerstespan heelagter gespeel het. Hy is eers na die Cravenweek na slot verskuif en was dadelik 'n sukses. Fanus Engelbrecht, SA-skolekaptein in 1983, is 'n verdere voorbeeld. Engelbrecht sê dat verkeerde leiding op skool gesorg het dat hy nog nie sy merk in seniorprovinsiale rugby kon maak nie. Hoewel toe reeds aan die kort kant (1,77 m) het hy op skool as flank diens gedoen omdat hy in die losspel uitgeblink het. In 1993 is sy lengte steeds dieselfde, met die gevolg dat hy met die moderne rugby se neiging na lang losvoorspelers nie die mas kan opkom nie. In 1993 het hy as 28-jarige die skuif na haker gemaak wat hy voel sy onderwysers reeds meer as 'n dekade vroeër moes gedoen het.[11]

Basiese vaardighede speel ook 'n groot rol by latere prestasie. Volgens Johan Lighthelm het meer Cravenweekvoorspelers

---

10 Mondelinge onderhoud met Quintus van Rooyen, 22 November 1993.

11 Mondelinge onderhoud met Fanus Engelbrecht, 9 Februarie 1994.

Springbokke geword omrede op skolevlak, net soos op seniorvlak, die meerderheid goeie afrigters voorspelers is.[12] Die navorser het dié tendens ook by die skoolverlaters bespeur. Uitsonderings is daar wel en hier word veral die agterspelers van die Vrystaat en in besonder Grey-kollege vermeld, wie se vaardighede reeds op 'n hoë vlak ontwikkel is. Gelokaliseerdheid speel ook 'n rol by latere prestasie. Dit is veel makliker vir 'n skolier van een van die groter bonde om vroeër in sy loopbaan te presteer. Die rede is dat die spelers meestal in 'n stadskern saamgetrek is en van vroegs af met kundige afrigting te doen kry. Van die plattelandse seuns kan weens die wyd uitgestrektheid van hul bonde nie aan die Cravenweekproewe deelneem nie. Verder is die afrigting dikwels nie van dieselfde kwaliteit as wat spelers in die stede ontvang nie. Die talentvolle plattelandse speler kan later, indien hy na die stad toe trek, die agterstand inhaal wanneer hy ook met knap afrigters te doen kry.

Om die negatiewe faktore te oorbrug en dus te sorg dat skolespelers later hul merk in seniorrugby maak, word verskeie studies wêreldwyd onderneem, Martin Dewson, fiksheidsadvisieur van die Engelse seniorspan en lid van Loughborough Universiteit in Engeland se bekwame sportlaboratoriumpersoneel, meld dat deeglike toetsing van die Engelse O/16, O/18 en O/21 spanne tans deel vorm van Engeland se sukses op die internasionale rugbytoneel. Oor 'n tydperk van vyf jaar word 'n databasis van elk van die geïdentifiseerde spelers opgebou waarin fiksheidsprofiele daargestel word, probleemareas aangespreek word en fisieke vermoëns verder opgeskerp word. Sedert die toetsing in die laat tagtigerjare 'n aanvang geneem het, het die aantal geïdentifiseerde skoolseuns wat later vir Engeland gespeel het drasties toegeneem.[13]

Johann Cloete, gewese Springbokatletiekafrigter, departementshoof Liggaamlike Opvoedkunde aan die Onderwyskollege Pretoria en

---

[12] Mondelinge onderhoud met Johan Ligthhelm, 22 November 1993.

[13] Mondelinge onderhoud met Martin Dewson, 19 Januarie 1994.

voorsitter van dié inrigting se rugbyklub, sluit by Dewson aan wanneer hy sterk klem lê op wetenskaplike oefentegnieke. Die oomblik wanneer die groeiproses, waarna later verwys sal word, voltooi is, moet wetenskaplike oefentegnieke die leemte aanvul en vir volgehoue prestasie sorg. Hy beskou ook blootstelling aan strawwe kompetisie en die ontwikkeling van vaardigheid, soepelheid en spoed as van die vernaamste vereistes vir latere prestasies.[14] H.O. Daehne, senior navoringsbeampte verbonde aan die Sportinstituut van die Universiteit van Pretoria en geregistreerde biokinetikus, beskou ook eerlike fiksheidbewussyn, kreatiwiteit en volharding as vereistes vir sukses op seniorvlak.[15]

In aansluiting by bogenoemde bestaan die behoefte om deur middel van groeikurwes 'n projeksie te maak van skolespelers se latere prestasie. Daehne het 'n studie gemaak van die fiksheidprofiele, basiese vaardigheidsontwikkeling en groeikurwes van rugbyspelers. Sy M.A.-verhandeling het ook die fiksheidprofiele sowel as die fiksheidafname van rugbyspelers gedurende die rugbyseisoen ondersoek. Volgens Daehne eindig die groeikurwe van mans tussen agttien en twintig jaar. Daar is egter ook gevalle waar mans tot op 22 jaar gegroei het. Faktore wat 'n rol speel by die groeikurwe is omgewingsfaktore, oorerwing en voeding. Verder het Daehne bevind dat 'n rugbyspeler se prestasiejare tussen sewentien en 25 jaar lê. Gedurende hierdie tydperk is sy spoed, behendigheid en krag op sy piek. Vanaf 30 jaar neem die spiermassa met 1% per jaar af. Volgens Daehne kan daar egter nie met sekerheid voorspel word of 'n uitblinker op skool later op seniorvlak dieselfde prestasie sal lewer nie.[16]

---

14 Mondelinge onderhoud met Johann Cloete, 19 November 1993.

15 Mondelinge onderhoud met H.O. Daehne, 19 November 1993.

16 H.O. Daehne, The effects of in-season rugby training and non-training on the physical work capacity, pp. 128-132; Mondeling onderhoud met H.O. Daehne, 19 November 1993.

Johann Cloete se spesialiseringsveld sluit onder meer groeihormone, -kurwes en -spronge in. Cloete stem saam met Daehne dat die prestasiejare van 'n rugbyspeler tussen sewentien en 25 jaar lê. Verder beskou hy ook agttien tot twintig jaar as die normale volskrywing van 'n man se groeikurwe. Volgens Cloete is dit egter nie moontlik om 'n akkurate projeksie van 'n agttienjarige se prestasies in die toekoms te maak nie. Die rede hiervoor is die groeisprong wat in puberteit ondervind word. Sommige seuns se groeisprong begin reeds op elfjarige ouderdom en is volskryf teen sestien jaar. Ander betree eers die groeisprong as vyftien- of sestienjariges en voltooi op twintig tot 22 jaar die kurwe.[17]

Die groeisprong word veroorsaak deur die groeihormone wat deur die brein geaktiveer word. By sommige seuns word 'n oormaat van die manlike groeihormoon testosteroon op 'n vroeë ouderdom (elf tot veertien jaar) afgeskei wat sorg dat die seuns sterker en dikwels vinniger as hul portuurgroep is. Die vroeë ontwikkelaars se groeihormone voltooi die groeisprong ook vroeër met die gevolg dat sulke seuns hul beste prestasies op 'n vroeë ouderdom lewer en daarna dikwels uitsak wanneer hul portuurgroep die groeisprong op 'n latere ouderdom beleef. Cloete noem hier die voorbeeld van die naellopers Danie Saayman en Jannie Viljoen, wat reeds as tienderjariges SA-seniornaelllooptitels agter hul naam geskryf het en daarna uitgesak het. Dieselfde tendens word by rugbyspelers waargeneem.[18]

Altus Burger, SA-skoleslot van 1982-1983, en die reeds vermelde Ian de Ru en Fanus Engelbrecht is goeie voorbeelde van spelers wat 'n vroeë groeisprong beleef het. Burger was reeds as agttienjarige 1,90 m lank en het sedertdien slegs 2 cm gegroei. Waar hy dus as skoolseun in die lynstane uitgetroon het en as latere Springbok beskou is, het sy portuurgroep hom later ingehaal en het hy nie later seniorprovinsiale rugby speel nie.

---

17 Mondelinge onderhoud met Johann Cloete, 22 November 1993.

18 <u>Ibid</u>.

De Ru het in matriek 87 kg geweeg, 1,79 m in sy sokkies gestaan en het die 100 m in 11,0 sek afgenael. As finalejaar-onderwys-student aan die Pretoria se Onderwyskollege het hy in 1993 as 22-jarige 90 kg geweeg, was steeds 1,79 m lank en het die 100 m in 11,7 sek afgelê. Engelbrecht (1,77 m) het na skool ook nie verder gegroei nie.[19]

Prof. Paul J. Smit lewer 'n verdere bydrae tot die studie oor die groeisprong en groeikurwe wanneer hy meld dat die gunstige en ongunstige kwaliteite in sportdeelname primêr deur meting van die menslike liggaam geïdentifiseer kan word. Volgens prof. Smit kan daar deur praktiese antropometrie en die daarstelling van grafieke waardeur sekere aspekte van fisieke status bepaal word, groeipatrone by kinders vasgestel word en projeksies ten opsigte van sportdeelname gemaak word. Belangrik is egter dat die projeksies ten opsigte van sportdeelname en nie sportprestasies nie, gedoen word. Die berekening van liggaamstipes kan nog steeds nie latere sportprestasies verseker nie. Wilskrag, geesdrif en deursettingsvermoë is die voorvereistes vir sukses op sport-gebied.[20] Dr. Derek Coetzee sluit by prof. Smit aan wanneer hy sê dat daar, op grond van psigomotoriese groei, geen weten-skaplike aanname oor latere prestasies gemaak kan word nie.[21] Indien die menings van bogenoemde deskundiges op die gebied van groeikurwes, -spronge en -hormone ontleed word, is hulle eens dat geen definitiewe gunstige projeksie gemaak kan word dat 'n agt-tienjarige uitblinker nog steeds op seniorvlak sal presteer nie.

## GEVOLGTREKKING

Latere welslae vir 'n Cravenweekspeler blyk sy neerslag in 'n veelvoud van faktore te vind. Die navorser is dit eens met Wallis

---

19 Mondelinge onderhoude met Altus Burger, 13 Maart 1994, Ian de Ru, 12 November 1993 en Fanus Engelbrecht, 9 Februarie 1994.

20 Paul J. Smith, Groei en Sport, pp. 4 en 72-75.

21 Mondelinge onderhoud met Derek Coetzee, 10 Februarie 1994.

se direkteur van rugby-afrigting, Jeff Young, wanneer hy sê dat daar na die totale rugbyspeler na skool omgesien moet word. Die Walliese Rugbyunie het in die laat tagtigerjare begin om skolerugby op te hef en om te sorg dat talentvolle spelers nie na skool verlore raak nie. Geïdentifiseerde spelers se diëte, akademiese vordering, werksmilieu, sosiale aanpassing en oefenprogramme word noukeurig gemonitor en probleme word dadelik aangespreek. Sedert die program aangepak is, het al hoe meer puik skolespelers hul merk op seniorvlak gemaak.[22]

Totaliteitsafrigting blyk die sleutel te wees vir 'n latere suksesvolle rugbyloopbaan. Akademiese druk, werksdruk, sterk kompetisie en die aantrekkingskrag van 'n veelvoud van ontspanningsoorte kan die Cravenweekspeler laat besluit om na skool rugby vaarwel toe te roep. Die navorser is van mening dat die persoonlikheid van 'n speler, sy idealisme en wilskrag saam met sy fisieke vermoëns sy latere prestasie sal bepaal. Benewens die fisieke vermoëns is dit die navorser se ondervinding dat bogenoemde faktore by uitblinkerrugbyspelers ook die eienskappe is wat persone op ander terreine, soos die akademie en die beroepsmilieu, laat uitstyg.

Indien al die voorafgaande inligting saamgevat word, kan die Cravenweek wel as 'n voedingsbron vir die Springbokrugby beskou word. Veral sedert Suid-Afrika se hertoetrede tot die internasionale rugbyforum het meer as twee uit elke drie nuwe Springbokke wel aan dié toernooi deelgeneem. Voor 1992 het slegs 41,5% Cravenweekspelers die Groen-en-Goud oor die kop getrek. Die toename van 27,45% tot 68,96% in die jare 1992-1993 kan toegeskryf word aan die wetenskaplik-gefundeerde oefenprogramme, meer objektiewe keurkomitees op skolevlak en die totaliteitsafrigting, wat elke faset van die speler se menswees betrek. Die deure van internasionale rugby wat sedert 1992 vir Suid-Afrika weer oopgemaak is, dien ook as 'n stimulus vir verdere prestasie. Die Cravenweek bied aan die skoolseun die geleentheid om buite

---

22 Mondelinge onderhoud met Jeff Young, 17 Januarie 1994.

sy eie skoolverband op 'n hoër vlak sy talente te kan meet teen ander talentvolle spelers. Sodoende kan hy reeds op 'n vroeë ouderdom 'n deeglike evaluering van sy sterk- en swak eienskappe maak.

Die terugkeer na internasionale rugby is deels moontlik gemaak deur die eenheid wat op skolevlak bereik is.

EENHEID OP SKOLEVLAK

Eenheid in rugby op skolevlak is op 1 Augustus 1992 bereik toe nege van die elf liggame betrokke by die eenheidsamesprekings die stigting van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging (SASRV) goedgekeur het. Dié samespreking het plaasgevind onder die sambreel van SARVU waarin laasgenoemde liggaam voorsiening maak vir een skolerugbyvereniging wat alle skolerugby op nasionale vlak moet behartig.[23] Die verkennende gesprekke tussen die verskillende skolerugbyverenigings het eers op 'n losse basis onder die voorsitterskap van die SARVU geskied. Nadat die afgevaardigdes meer vertroue in mekaar ontwikkel het, het gestruktureerde samesprekings plaasgevind.[24]

Tydens die samesprekings het Jan Preuyt, hoewel hy reeds in 1988 uit die onderwys getree het, 'n deurslaggewende rol in die stigting van die SASRV gespeel. Die skolerugbyverenigings wat in die SASRV opgeneem is, is die volgende: South African Schools Sports Union, Schools Sports Council, National Schools Sports Association, Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, Suid-Afrikaanse Laerskolerugbyvereniging, South African Schools Sports

---

23 D.H. Craven, Inaugural Address by the Executive President of the newly formed SA Rugby Football Union, pp. 1-3; SARR argief: Notule van die stigtingsvergadering van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 1 Augustus 1992, pp. 1-2.

24 SARR argief: Notule van die stigtingsvergadering van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 1 Augustus 1992, pp. 1-2; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, p. 233.

Congress, Western Province Primary Schools Sport Union, Bophuthatswana Schools Sport Union en die Transkei Rugby Schools Union, wat op 31 Maart 1993 deel van die SASRV geword het.[25]

Die stigtingsvergadering het 'n einde gemaak aan die struktuur waarvolgens laerskole- en hoërskolerugby deur twee aparte verenigings onafhanklik van mekaar beheer word. Voortaan sal die SASRV oorkoepelend optree en die enigste nasionale beheerliggaam van skolerugby in Suid-Afrika wees. Gevolglik het die SAHSRV van Louis Terblanche en die SALSRV van Tobie van Rooyen ontbind. Die Cravenweke is ook vanaf 1993 onder die vaandel van die SASRV gehou. Die SASRV sal deur sy voorsitter in die SARVU verteenwoordig word.[26]

Jan Preuyt is as die eerste voorsitter van die tussentydse bestuurskomitee, wat skolerugby tot 26 Februarie 1994 sou beheer, aangewys. Die ander lede van dié komitee is: ondervoorsitter: Tom Chube; sekretaris: Aldy Meyer; bykomende lede: M.D. Chiloane, D.V. Mapisa, L. Terblanche, C.J. Kotze, E. Prince, P.G. Barendse, J. Botha en G.M. Njengele. Die dagbestuur bestaan uit Preuyt, Chube en Meyer.[27] Tydens die bestuurskomitee se vergadering in Februarie 1993 is 'n keurkomitee vir die SA-skolespan verkies met Spiere van Rensburg as sameroeper.[28]

---

25 Beeld, 3 Augustus 1992; SARVU argief: Notule van die stigtingsvergadering van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 1 Augustus 1992, pp. 1-4.; J. Preuyt, South African Rugby Review 1993, South African Rugby Schools Association, (Rugby 15, vol. 3, December 1993, p. 60).

26 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, p. 233; SARVU argief: Notule van die stigtingsvergadering van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 1 Augustus 1992, pp. 1-4; Die Burger, 3 Augustus 1992.

27 Beeld, 3 Augustus 1992; SARVU argief: Notule van die stigtingsvergadering van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 1 Augustus 1992, pp. 3-5; Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, p. 233.

28 SARVU argief: Notule van die stigtingsvergadering van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 1 Augustus 1992, pp. 4-5.

Die enigste skolerugbyverenigings wat nie deel gevorm het van die SASRV nie, is die South African Primary Schools Sports Association en die South African Senior Schools Sports Association. Laasgenoemde verenigings is onderskeidelik die laerskole- en hoërskole-arm van die South African Council of Sport (SACOS).[29] Volgens Jan Preuyt kon die twee verenigings se voorwaardes nie nagekom word nie. Die vernaamste voorwaarde was dat daar eers een onderwysliggaam in Suid-Afrika moes wees. Tweedens was hulle nie tevrede dat die eenwordingsproses nie 'n set was om Suid-Afrika weer van internasionale mededinging te verseker nie. Veral die eenwording op grondvlak was, volgens die twee SACOS-liggame, nie deurgevoer nie.[30]

## ONMIN DREIG WEER OP SKOLEVLAK

Die eenwordingsproses op grondvlak was nie net 'n bekommernis by SACOS nie. Jan Preuyt was ook van mening dat eenwording op nasionale vlak deurgevoer is, maar dat dié proses in die provinsies nog slegs 'n droom was. Die gevolg was dat hy gevra het dat die tussentydse bestuur van die SASRV se mandaat tot in 1996 verleng moes word. Die mandaat sou oorspronklik op 26 Februarie 1994 verstryk, maar met die bykomende twee jaar wou hy toesien dat elke provinsie hom verbind tot die eenwordings-proses.[31]

Die versoek van Preuyt het kwaai teenkanting uitgelok. Morris Gilbert berig in Beeld dat Suid-Afrikaanse skolerugby dreig om op 26 Februarie 1994, tydens die buitengewone jaarvergadering in Kaapstad, te skeur. Volgens dié berig was dit duidelik dat daar,

---

29 J. Preuyt, South Africa Rugby Review 1993, South African School Association, (Rugby 15, vol. 3, December 1993, p. 60); Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 28 Februarie 1994; Van Rooyen (red.) SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, p. 233.

30 Van Rooyen (red.), SA Rugbyskrywersjaarboek 1993, p. 233; Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 28 Februarie 1994.

31 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 28 Februarie 1994.

ongeag die sogenaamde eenheid op nasionale vlak, twee kampe in skolerugby is. Die een kamp word deur die tussentydse bestuur, wat bestaan uit lede van die liggaam wat op 1 Augustus 1992 die nuwe SASRV gestig het, verteenwoordig. In die ander kamp is die meerderheid van die 23 provinsiale skolerugbyverenigings.[32]

Die Gekombineerde Transvaalse Hoërskole Rugbyvereniging (GTHSRV), wat deur die nege Transvaalse provinsiale skolerugbyverenigings gevorm is, was die sterkste kampvegter teen die verlenging van die tussentydse bestuur se mandaat. Dr. Piet Krynauw, voorsitter van die GTHSRV, het op navraag gesê dat hy nie in 'n debat oor eenheid betrokke wil raak nie: "Dit is in elk geval 'n relatiewe begrip, want omstandighede verskil van unie tot unie."[33] Volgens dr. Krynauw sou die GTHSRV egter Preuyt se mosie teenstaan en motiveer: "Dit is ons demokratiese reg. Ons gaan Kaap toe vir die jaarvergadering en die verkiesing van ampsdraers. Ons gaan nie daarheen om sogenaamd huis skoon te maak of enigiemand te na te kom nie. Maar ons voel dit is die tyd vir 'n verkose bestuur om skolerugby in Suid-Afrika te beheer en te bedryf. As mnr. Preuyt se mosie wel slaag, sal die GTHSRV hom daarby berus."[34]

Preuyt het na aanleiding van dr. Krynauw se uitlating die volgende verklaring gemaak: "Ek en my bestuur sal 'n verkiesing met alles tot ons beskikking beveg. Ons wil ons posisie allermins verskans, maar sal nie 'n duim wyk sover dit eenheid op provinsiale vlak betref nie. Hoe kan die wit komponent 'n nuwe bestuur wil kies as hulle nie eenheid op grondvlak het nie? Ons opdrag was om eenheid deur te voer en dit is presies wat ons gaan doen. Dit sal jammer wees as daar op 'n verkiesing aangedring word. Ek ys as ek aan die gevolge daarvan dink. Die dag wanneer al 23 provinsiale skolerugbyverenigings eenheid volgens die voorskrifte van die SASRV bereik, kan ons 'n verkiesing hou. As

---

32 Beeld, 16 Februarie 1994.

33 Ibid.

34 Die Burger, 16 Februarie 1994.

skolerugby op 26 Februarie skeur, sal die wit komponent die verantwoordelikheid daarvoor moet dra."[35]

Die gevolg waarna Preuyt verwys het, was dat die Cravenweek in die slag kon bly. Die kommer het by SARVU ontstaan dat die twis in skolegeledere selfs Suid-Afrika se aanbieding van die Wêreldbekertoernooi in 1995 kon raak.[36] SARVU het dus spoedeisend opgetree en 'n subkomitee aangewys om die geskil te besleg. Mac van Vuuren, hoofbestuurder van die Noord-Transvaalse Rugbyunie, is as die voorsitter aangewys. Die oorblywende lede was Sas Bailey, hoofbestuurder: ontwikkeling van SARVU; Arrie Oberholzer, hoofbestuurder: administrasie van SARVU; Louis Terblanche, SASRV-verteenwoordiger van die gewese SAHSRV; Stoffel Kotze, SASRV-verteenwoordiger van die gewese SALSRV en Mentwey Nkwinti, 'n uitvoerende bestuurslid van SARVU.[37]

Dié komitee het met woordvoerders van die 23 provinsiale skolerugbyverenigings samesprekings gehou. Tydens die vergadering het Nkwinti voorgestel dat die mandaat van die SASRV se tussentydse bestuur tot in September 1994 verleng moet word sodat eenheid op provinsiale vlak sy volle gang kon gaan. Die eerste jaarvergadering en demokratiese verkiesing sal dan ook gehou word. Die woordvoerders van die 23 provinsies was bereid om die voorstel van Nkwinti voorwaardelik te steun en af te sien van 'n verkiesing. Die belangrikste voorwaarde van die skolerugbyverenigings was dat die tussentydse bestuur uit sy eie geledere 'n nuwe voorsitter aanwys.[38]

Dit was dus duidelik uit die voorwaarde dat Preuyt in onguns verval het. Die vernaamste beswaar was dat hy nie meer 'n

---

35 Beeld, 16 Februarie 1994.

36 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 28 Februarie 1994; Beeld 16 Februarie 1994.

37 Die Burger, 25 Februarie 1994.

38 Beeld, 25 Februarie 1994.

diensdoenende onderwyser is nie en tred verloor het met wat werklik in skolerugby gebeur. Die subkomitee van SARVU het die vergadering opgevolg deur op Donderdag 24 Februarie, twee dae voor die buitengewone jaarvergadering, met Preuyt en Aldy Meyer, sekretaris van die SASRV, samespreking te hou. Na afloop van die vergadering het Preuyt besluit om in belang van skolerugby as voorsitter van die tussentydse bestuur die tuig neer te lê. Preuyt het op 28 Februarie 1994 aan die navorser gesê dat die enigste jammerte van die gedwonge uittrede was dat hy nie die droom van eenwording tydens sy voorsitterskap kon deursien nie.[39]

Die uittrede van Preuyt het die plofbare situasie tydens die buitengewone vergadering op 26 Februarie ontlont. Die 52-jarige Louis Terblanche van die Westelike Provinsie is as die nuwe voorsitter verkies. Hy was van 1988-1992 die voorsitter van die voormalige SAHSRV en sedert 1992 lid van die tussentydse bestuur van die SASRV. Die eerste jaarvergadering van die SASRV is vir 24 September 1994 vasgepen en Terblanche en sy tussentydse bestuur het tot dan tyd om algehele eenheid in skolerugby te bewerkstellig.[40]

Eenheid op provinsiale vlak is as die belangrikste knelpunt geïdentifiseer. Volgens Terblanche "kan die definisie van eenheid van unie tot unie verskil. Die maklikste toets vir eenheid is of al die rugbyspelende skole in 'n betrokke unie binne dieselfde strukture funksioneer. As hulle almal aan dieselfde kompetisies deelneem, is daar eenheid. Daar hoef nie noodwendig 'n verteenwoordiger van die agtergeblewe gemeenskappe op die verenigde bestuursliggame te wees nie. Al wat tel, is of daardie bestuur

---

39 Beeld, 25 Februarie 1994; Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 28 Februarie 1994.

40 Beeld, 28 Februarie 1994; SARVU argief: Notule van die buitengewone vergadering van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 26 Februarie 1994, pp. 1-6.

demokraties verkies is."[41] Saam met eenheid geniet ontwikkeling van rugby in agtergeblewe gebiede ook die hoogste prioriteit.

## DIE ONTWIKKELING VAN SKOLERUGBY

Die missie van die SASRV onderskryf die ontwikkeling van skolerugby op alle vlakke as een van sy belangrikste doelwitte. Gelyke geleenthede vir alle spelers is die mikpunt waarna die SASRV streef. Verder beoog die SASRV deur sy missie "to develop the game of rugby at primary level in S.A. in such a manner that current youngsters are retained for the game, new beginners are recruited to the game, the public at large, parents and sponsers, are drawn to the game; and to create a programme of upliftment and development amongst all our school boys at all levels."[42]

In sy poging om die missie te verwerklik is Jean Both en Aldy Meyer van die SASRV se uitvoerende bestuur op 'n subkomitee van SARVU verkies. Hulle opdrag is om strukture te skep waarin ontwikkeling in provinsies en skole kan plaasvind. Die eerste prioriteit was om te fokus op die areas waar rugby wel gespeel word, maar waar die standaard laag is. Daarna moet daar in die gebiede waar glad nie rugby gespeel word nie, ontwikkelingsprogramme aangebied word. Tydens dié programme moet spesifieke aandag geskenk word aan die ontwikkeling van die menslike hulpbronne soos spelers, afrigters, skeidsregters en administrateurs.[43]

Die ontwikkeling van rugbygeriewe moet ook voorrang geniet. Groot bedrae geld is nodig om die wanbalans wat deur apartheid

---

41 Mondelinge onderhoud met Louis Terblanche, 24 Maart 1994.

42 J. Preuyt, <u>South Africa Rugby Review 1993, South African Rugby Schools Association</u>, (<u>Rugby 15</u>, vol. 3, December 1993, pp. 60-61).

43 SARVU argief: <u>Minutes of the extraordinary meeting of the South African Schools Association</u>, 12 January 1993, pp. 2-3.

veroorsaak is, reg te stel. Volgens Jean Both is 'n korttermyn oplossing dat "the developed schools should adopt the lesser developed schools, clubs with adequate facilities, must accommodate schools with no facilitities and act as facilitators."[44] Verder moet die gemeenskap, besighede, plaaslike owerhede, sentrale regering en die rugbyliggame in 'n spesifieke gebied betrek word by die daarstelling van rugbyvelde en -toerusting in die agtergeblewe gebiede.

'n Verdere poging om rugby-ontwikkeling op skolevlak te stimuleer, is die totstandkoming van die eerste nasionale O/19-toernooi vir Akademiespanne wat in Julie 1994 gehou is. Suidoos-Transvaal het aangebied om die toernooi van 4-6 Julie 1994 in Secunda aan te bied. Die Akademietoernooi is 'n voortvloeisel van die Ontwikkeling- en Streekspanne wat van 1986-1993 aan die Cravenweek deelgeneem het. Die vernaamste doelwit is om die spelers vir die strawwe kompetisie in die Cravenweek voor te berei. Sodoende is die toernooi volgens Willem Strauss, bestuurder van die Suidoos-Transvaalse Rugbyunie, 'n groot deurbraak in die poging om rugby op alle vlakke en onder alle bevolkingsgroepe te bevorder.[45]

Deelname aan die toernooi was vir al 23 SARVU-unies verpligtend. Suidoos-Transvaalse Vyftiental het vir die 24ste span gesorg sodat geen span 'n loslootjie gehad het nie. Kragtens die bepaling van SARVU moes die span uit dertien anderskleuriges en sewe Blankes bestaan; met dien verstande dat die verhouding op die veld agt anderskleuriges en sewe Blankes is. Intensiewe afrigting sou ook 'n belangrike komponent van die unieke ontwikkelingsgeleentheid vorm. Na afloop van die toernooi sou 'n Suid-Afrikaanse Akademiespan gekies word om aan die Cravenweek

---

44 Ibid.

45 Beeld, 25 Januarie 1994; Mondelinge onderhoud met Willem Strauss, 13 Junie 1994.

deel te neem en daarna sou ses Akademiestreekspanne saamgestel word.[46]

Hierdie ses spanne sou almal onder die vaandel van 'n stedelike unie deelneem. Dié spanne is as volg gekies: Noord-Transvaal (uit Noord-Transvaal, Suidoos-Transvaal, Verre Noord, en Laeveld); Transvaal (uit Transvaal, Oos-Transvaal, Wes-Transvaal, Vaaldriehoek en Stellaland); Vrystaat (Vrystaat, Noord-Vrystaat, Oos-Vrystaat en Griekwas); Natal (uit Natal en Noord-Natal); OP (uit OP, NOK, Grens en Transkei) en die WP (uit WP, Boland, SWD en NWK). Volgens die SASRV was die SA-skolekeurders, in oorleg met die SARVU se Ontwikkelingsdepartement, vir die kies van die sewe spanne verantwoordelik. Die sewe Akademiespanne saam met die 23 spanne van die SARVU se lidunies sou verseker dat 30 spanne aan 1994 se Cravenweek deelneem.[47]

Die anderskleuriges het sedert 1986 dus die geleentheid gehad om in Ontwikkelings-, Streek- en nou Akademiespanne hul talente op die Cravenweek ten toon te stel. Die vraag onstaan hoe die anderskleurige spelers, administrateurs en afrigters die Cravenweek benader het. Is die wenfaktor die belangrikste of geniet deelname en die opdoen van ondervinding voorrang? Volgens Norman de Klerk, bestuurder van die Noord-Transvaalse Streekspan in 1993 en onderwyser verbonde aan die Kleurlingskool, Eersterus Sekondêre Skool, het hy in gesprekke met verskeie anderskleuriges tydens die Cravenweek die oorheersende indruk gekry dat dit vir die spelers 'n wonderlike geleentheid is om te kan deelneem en dat die blootstelling aan die Cravenweek die primêre oogmerk is.

---

46 Jan Preuyt privaatversameling: Notule van die tussentydse bestuursvergadering van die Suid-Afrikaanse Skolerugby-vereniging, 24 Januarie 1994, pp. 1-3.

47 Beeld, 25 Januarie 1994; Jan Preuyt privaatversameling: Notule van die tussentydse Bestuursvergadering van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 24 Januarie 1994, pp. 1-3.

Die wenfaktor speel by die spelers, afrigters en administrateurs tans 'n ondergeskikte rol.[48]

Michael Hart, lid van die Noord-Tranvaalse Streekspan en skolier verbonde aan die Eersterus Sekondêre Skool, sê dat die ondervinding wat hy tydens die Cravenweek in 1993 opgedoen het, vir hom goud werd was.[49] Volgens De Klerk het Hart en Gustav Japhta, dié skool se ander Cravenweekspeler, die kennis wat hulle tydens die Cravenweek verkry het, tydens oefeninge by hul skool teruggeploeg om sodoende die standaard van rugby te verhoog. Dit is juis van groot belang dat kennis ingeploeg moet word, want rugby in die Swart- en Kleurlinggebiede in Pretoria suig aan die agterste speen. Rugby is geassosieer met die apartheidstelsel en het in 'n groot mate in dié gebiede doodgeloop. Verder was daar voor 1991 slegs een Kleurlingskool in Eersterus en was daar dus geen kompetisie nie. Die Swart skole in Pretoria speel nie een rugby nie.[50]

Sokker, daarenteen, het reeds sedert die vroeë tagtigerjare nasionale skolekompetisies aangebied waaraan die anderkleuriges ook kon deelneem. Die gevolg is dat dié sportsoort die gunsteling onder die Kleurling- en Swart gemeenskappe van Pretoria is. Die sokkerspelers kon ook aspireer vir provinsiale en nasionale kleure. Sedert die deelname van die Ontwikkelings- en Streekspanne aan die Cravenweek kan rugbyspelers ook hul aspirasies vir hoër louere uitleef. Die deelname van die spelers word verder vergemaklik deur die borgskap van SARVU wat die Ontwikkelingspan se kostes dra. Die NTRU het verdere kleredrag en ook die sakgeld van die spelers geborg sodat die spelers kosteloos aan die Cravenweek kon deelneem. Die gevolg was 'n stadige vloei van spelers na rugby. Daar lê egter nog 'n steil bult voor, want aan

---

48 Mondelinge onderhoud met Norman de Klerk, 3 Maart 1994; <u>Amptelike program van die 30ste Coca-Cola Cravenweek vir Hoërskole, 5-10 Julie 1993</u>, p. 49.

49 Mondelinge onderhoud met Michael Hart, 3 Maart 1994.

50 Mondelinge onderhoud met Norman de Klerk, 3 Maart 1994.

Eersterus Sekondêre Skool is daar sewe sokkerspanne en slegs twee rugbyspanne.[51] Die tendens word ook in ander provinsiale unies in Transvaal, Vrystaat en Natal aangetref.

In die Kaapprovinsie is dit egter 'n perd van 'n ander kleur. Volgens Steven Roos, sekretaris van die SARVU en jarelange bestuurslid van die SAHSRV, leef die Kleurlinge en die Blankes hier veel nader aan mekaar. Apartheid het hier nie soveel skade aan rugby aangerig as wat die geval in ander dele van die land was nie. Daar is ook reeds in 1977, onder leiding van dr. Danie Craven, met rugby-ontwikkeling onder die Kleurlinge in die Kaapprovinsie begin.[52] Die gevolg is dat die Kleurlinge hier 'n al hoe groter rol in die provinsiale spanne begin speel en dat vier van die spelers, Errol Tobias, Avril Williams, Chester Williams en Thinus Linee, reeds vir die Springbokke uitgedraf het.[53]

Clifford Booysen, in 1993 bestuurder van die WP se Ontwikkelingspan en rugby-organiseerder van die Kleurlingskool, Scottsville Sekondêre Skool in Kraaifontein, sê dat 'n rugbytradisie en kultuur onder die Kleurlinge van die Wes- en Oos-Kaap heers. In dié dele is daar ook 'n groter konsentrasie Kleurlinge sodat hulle nie soos Kleurlinge in ander dele van die land hulle sonder kompetisie bevind nie. Daar is 97 Kleurlingskole by die WPRU geaffilieer. Van dié skole is die Scottsville Sekondêre Skool een van die mees uitstaande rugbyskole. Dié skool ding vanaf 1992 teen sterk rugbyskole in die Wes-Kaap met 'n groot mate van sukses mee. Twee van die skool se spelers is ook vir die SA-

---

51 Ibid.

52 Mondelinge onderhoud met Steven Roos, 9 Maart 1994.

53 Shnaps, pp. 131-148: Q. van Rooyen, South African Rugby Review 1993, SA International and Provincial Statistics 1993, (Rugby 15, vol. 3, December 1993, p. 63).

Akademiespan gekies wat in 1993 teen die SA-skolespan gespeel het.[54]

Waar die anderskleuriges in ander dele van die land blootstelling as die vernaamste prioriteit tydens die Cravenweek daarstel, is daar volgens Booysen by die WP-span 'n wisselwerking van doelwitte. Die spelers beskou die blootstelling aan 'n hoër vlak van rugby as 'n eer en ploeg ook graag die ondervinding by hulle onderskeie skole terug. Daarby is die gehalte van die Kleurlingrugby hier van so hoë standaard dat die spelers ook 'n sterk wenmotief koester. Die WP se Ontwikkelingspan word tydens die Cravenweek dikwels teen sterk spanne geplaas.[55]

Indien rugby-ontwikkeling in 'n neutedop saamgevat kan word, is dit duidelik tans een van die voorste prioriteite van SARVU. Volgens Jean Both, Jan Preuyt and Steven Roos, wat nou by die ontwikkelingsprogram betrokke is, verloop dié program besonder glad. Talryke anderskleuriges word aan die spel blootgestel en daar word veral in die Kaapprovinsie spelers van hoë gehalte gelewer.[56] Dit is egter waar dat in verskeie provinsies eenheid en ontwikkeling stadiger geskied. Dit is egter nie omdat die Unies traag was om aan Swart en Bruin spelers die geleentheid te bied nie, maar bloot omdat rugby in dié gemeenskappe van dié unies op 'n klein skaal gespeel word. Volgens Rudi Smit, president van Verre Noord se Rugbyunie, is bogenoemde stelling veral in sy bond in die kol.[57]

Ebrahim Patel sê dat die Ontwikkelingspanne 'n tydelike maatreël is. Met die verwagte sukses van die ontwikkelingsprogram sal

---

54 Mondelinge onderhoud met Clifford Booysen, 10 Maart 1994.

55 Ibid.

56 Mondelinge onderhoud met Steven Roos, 9 Maart 1994 en Jan Preuyt, 28 Februarie 1994; Preuyt, South African Rugby Review 1993, South African Rugby Schools Association, (Rugby 15, vol. 3, December 1993, pp. 61-62).

57 Mondelinge onderhoud met Rudi Smit, 11 November 1993.

spelers in die toekoms gelyke geleenthede kry en is dit noodsaaklik dat spanne op meriete gekies word. Hy is van mening dat die Cravenweek uitgebrei moet word sodat streeksproewe in alle gebiede gehou kan word wat in die Cravenweek sou kulmineer. Sodoende sal al die rugbyspelers in die land direk of indirek aan dié toernooi deelneem.[58] Eenheid op skolevlak en die rugby-ontwikkeling van die agtergeblewenes blyk dus uit die voorafgaande, een van die belangrikste prioriteite van die SARVU te wees.[59] Voortvloeiend hieruit moet die Cravenweek die nuwe Suid-Afrikaanse rugby-orde reflekteer en was daar 'n poging om dié toernooi met 'n naamverandering in lyn met dié nuwe orde te bring.

## POGING OM DIE CRAVENWEEK SE NAAM TE VERANDER

Die poging om die Cravenweek se naam te verander het ironies op die vooraand van dr. Danie Craven se begrafnis, op 8 Januarie 1993, die eerste keer op die voorgrond getree. Jan Preuyt het op 7 Januarie 1993 aangekondig dat die tussentydse Uitvoerende Bestuur van die SASRV besluit het dat die Cravenweek vir hoër- en laerskole in die toekoms nie meer so sal heet nie, maar bloot as die Coca-Cola se nasionale weke (Coca-Cola is die amptelike borg van dié toernooie) bekend sou staan.[60]

Preuyt het in 'n eksklusiewe onderhoud met Morris Gilbert van Beeld die redes vir die besluit verdedig en gevra dat mense dit logies en nie met emosie moet beoordeel nie en het bygevoeg dat: "Die wegdoen met die naam van die Cravenweek is suiwer in belang van die sensitiewe eenheid wat in Augustus verlede jaar bewerkstellig is. Die besluit is geensins as 'n gebaar van weerstand

---

[58] Mondelinge onderhoud met Ebrahim Patel, 5 Julie 1993.

[59] Ibid.

[60] SARR argief: Notule van die tussentydse bestuursvergadering van die SA Skolerugbyvereniging, 28 Januarie 1993, pp. 1-2.

teenoor of minagting vir dr. Craven se verbete pogings om rugby in Suid-Afrika te normaliseer nie."[61]

Preuyt het verder op die besluit voortborduur deur te sê: "Ek en my bestuur het trouens net die grootste agting vir hom gehad. Ek het die saak in elk geval persoonlik met dr. Craven bespreek en hy het besondere begrip vir ons standpunt gehad. Ons besluit is ook net tydelik van aard en dit kan gebeur dat dr. Craven se naam aan toekomstige Weke gekoppel kan word."[62] Dié besluit het 'n tradisie van 29 jaar verbreek. Ironies genoeg het Preuyt self vir dr. Craven in 1964 gevra om sy naam aan die toernooi te koppel. Op grond van Preuyt se versoek het die SARR tydens sy jaarvergadering op 2 April 1965 die toernooi amptelik die Cravenweek gedoop.[63] Die naamsverandering het kwaai kritiek ontlok.

Dr. Piet Krynauw, voorsitter van die GTHSRV, wat soos reeds aangetoon is, verskeie kere met Preuyt gebots het, se kort en kragtige kommentaar was: "Dit is inderdaad 'n hartseerdag."[64] Die 'hartseerdag' het tydens die GTHSRV se jaarvergadering op Saterdag 16 Januarie 1993 op Alberton sterk emosie ontketen. Die GTHSRV het 'n griewekomitee bestaande uit dr. Krynauw, Fonnie van der Vyver, Mauritz Hansen, Pottie Potgieter en dr. Christo Becker, saamgestel om by wyse van 'n memorandum amptelik by die SARVU beswaar teen die naamverandering aan te teken.[65]

In 'n sterk bewoorde toespraak tydens die jaarvergadering het dr. Krynauw ook gesê dat dr. Craven dit nie verdien het nie en bygevoeg: "As in aanmerking geneem word wat dr. Craven gedoen het

---

61 <u>Beeld</u>, 8 Januarie 1993.

62 <u>Ibid</u>.

63 SARR argief: <u>Abridged minutes of the Annual General Meeting of the Board, 2 April 1965</u>, p. 4; Mondeling onderhoud met Jan Preuyt, 24 Maart, 1994.

64 <u>Beeld</u>, 8 Januarie 1993.

65 <u>Ibid</u>.

om rugby in Suid-Afrika te normaliseer, is die redes wat die SASRV aanvoer vir sy besluit om die Cravenweek te herdoop, louter snert."[66] Nie vir die eerste keer nie het dr. Krynauw na afloop van die vergadering gedreig dat 'n wegbreekaksie en 'n eie Cravenweek die uiteinde kan wees indien die SARVU nie aan die memorandum van die griewekomitee gehoor gee nie.[67]

Die eerste aanduiding dat die naamsverandering ter syde gestel sou word is op 21 Januarie 1993 deur Ebrahim Patel, die mede-voorsitter van SARVU, verskaf toe hy in 'n onderhoud met die SAUK laat blyk het dat die Cravenweek 'n toernooi van die SARVU is en dat die naam daarvan nie sou verander nie.[68] Jan Preuyt het in 'n nuusbulletin van Afrikaans Stereo op 22 Januarie gesê dat die SASRV by sy besluit bly staan en dat die toernooi steeds Coca-Cola se nasionale weke sou heet.[69]

Die SARVU het op sy bestuursvergadering van 23 Januarie 1993 die vroeëre besluit van die SASRV om die Cravenweek na Coca-Cola se nasionale week te verander, ter syde gestel.[70] Hiermee is Preuyt se draadjie, net soos in 1980 toe hy ook met die beheerliggaam van Suid-Afrikaanse rugby gebots het, kortgeknip. In antwoord op Morris Gilbert se vraag oor sy kommentaar op dié ter syde stelling het Preuyt gemeld: "Ek het niks vir die pers te sê nie."[71] In 'n onderhoud met die navorser het Preuyt te kenne gegee dat hy met die naamsverandering bloot net nie op die

---

66 Ibid.

67 Ibid.

68 SAUK onderhoud van Afrikaans Stereo met Ebrahim Patel, 21 Januarie 1993.

69 SAUK Nuusbulletin van Afrikaans Stereo, 22 Januarie 1993.

70 SARVU argief: Notule van die Uitvoerende Bestuursvergadering van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie, 23 Januarie 1993, pp. 2-3.

71 Beeld, 25 Januarie 1993.

sensitiewe tone van die anderskleuriges wou trap nie.[72] Dewald van Breda, bestuurder van die sportborgskappe van Coca-Cola, het die SARVU se besluit verwelkom en het reeds by 'n vroeër geleentheid daarop aangedring dat die naam Cravenweek behoue moet bly. Voorts het hy gesê dat Coca-Cola nooit deur die SASRV in sy besluit om die naamsverandering geken is nie.[73]

Ebrahim Patel het in sy onderhoud met die navorser die besluit van die SARVU verdedig deur te sê dat dr. Craven 'n produk van sy tyd was. Derhalwe moes hy gehoor gegee het aan die eise en waardes van sy tyd, waar diskriminasie op grond van ras en kleur aan die orde van die dag was. Te midde hiervan het dr. Craven hom nogtans vir die normalisering van rugby beywer en sou dit 'n onreg wees indien sy naam nie in die toekoms met die nasionale skoleweke geassosieer word nie.[74] Die Cravenweek se naam soos deur Preuyt in 1964 geïnisieer, sal dus vir die nageslag bly voortleef. Vele ander fasette van die toernooi het egter sedert 1964 verander.

## VERWESENLIKING VAN DOELSTELLINGS

Volgens dr. Danie Craven is die primêre doelstelling van die Cravenweek dat "die seuns mekaar eers vind, tot 'n gelyke vlak ontwikkel, bevriend raak met mekaar, wegkom van provinsialisme, van ander leer, 'n wyer wêreld betree, ontslae raak van spanning wat te hoog loop en die spel geniet sonder inagneming van 'n wedstryd of hul posisie in 'n kampioenskap."[75] Verder wou dr. Craven "dit 'n uitstappie maak wat onthou sal word, wat

---

72 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 24 Maart 1994.

73 Beeld, 22 en 25 Januarie 1993.

74 Mondelinge onderhoud met Ebrahim Patel, 5 Julie 1993.

75 Suid-Afrikaanse Rugby Jubilieumjaar, Skolesaamtrek, Amptelike program van die Cravenweek, 6-11 Julie 1964, p. 4.

opvoedkundig van aard moes wees en wat kameraderie sou ontwikkel."[76]

Die grondwet van die SAHSRV sluit by dr. Craven aan deur in die leuse van die Cravenweek die volgende ten doel te stel: "Hardloop met die bal, verkies aanval bo verdediging; gooi die bal rond wanneer dit rondgegooi moet word en speel die spel reg in plaas om wenrugby te speel, want rugby wat reg gespeel word, sal tot bevordering wees van die spel self en die manne wat dit speel."[77] Stonie Steenkamp, voormalige afrigter en keurder van die SA-skolespan sowel as die Vrystaatse skolespan, onderskryf die leuse wanneer hy meld dat die avontuurlustige en waagmoedige spel op skolevlak noodsaaklik is vir die vorming van die spelers se vaardighede.[78]

Jan Preuyt meld dat 'n verdere doelstelling van die Cravenweek is dat die seuns op 'n hoër vlak in 'n toernooisituasie teen mekaar kan deelneem.[79] Louis Terblanche brei hierop uit deur te sê dat die belowende rugbyspelers in die rugby-atmosfeer die geleentheid het om hul talente te kan slyp. In dié rugbymilieu moet hulle die ware gees van rugby inadem wat spreek van spel wat binne die reëls gespeel word, 'n positiewe aanvallende benadering en respek vir jou teenstander.[80] Skonk Nicholson, wat reeds sedert 1964 by die Cravenweek betrokke is, sê dat sedert die eerste Cravenweek klem gelê is op die ontwikkeling van kreatiwiteit om sodoende opwindende spel moontlik te maak.[81] Wouter du Toit lê klem op die samehorigheidsgevoel en

---

76 <u>Amptelike program van die Toyota Cravenweek 1980</u>, p. 17.

77 SARR argief: <u>Grondwet van die Suid-Afrikaanse Hoërskole-rugbyvereniging, 1988</u>, p. 2.

78 Mondelinge onderhoud met Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993.

79 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 24 Maart 1993.

80 Mondelinge onderhoud met Louis Terblanche, 24 Maart 1994.

81 Skriftelike mededeling deur Skonk Nicholson, 28 Julie 1993, pp. 2-3.

sosialiseringsaspek wat een van die vernaamste doelwitte was waarvoor die SASRV se komitee hom beywer het.[82]

Indien dié doelstellings van die Cravenweek dus geëvalueer word, is dit duidelik dat die meeste daarvan verwerklik is. Nadat verskeie spanne in die eerste twee jaar van die Cravenweek (1964 en 1965) 'n stugge patroon gevolg het, is vloeiende hardlooprugby nou aan die orde van die dag. Verder het die organiseerders daarin geslaag om in die saamtrek van belowende rubyspelers 'n atmosfeer te skep en geleentheid te bied waarin hardlooprugby kan gedy en vaardighede ten volle ontwikkel kan word. Verder is die doelstelling om die spel volgens die ware gees te speel, verwerklik. Tydens die eerste 30 jaar van die Cravenweek is slegs twee spelers van die veld gestuur en was daar selde 'n voorval waar spelers vir robuuste spel aangespreek is. Die min strafskoppe wat ook tydens die Cravenweek toegeken word, weerspieël die welwillendheid om die spel binne die reëls te beoefen.

Verskeie amptelike funksies gedurende die Cravenweek het ook vir sosialisering tussen die verskillende spanne gesorg wat bygedra het tot 'n samehorigheidsgevoel onder die spelers. Sterk dissipline in die eerste jare van die Cravenweek het gesorg dat die skoolseuns nie handuit ruk nie. Dit was juis die kommer oor die moontlike gebrek aan dissipline wat gesorg het dat verskeie persone die wenslikheid van so 'n toernooi bevraagteken het. Jan Preuyt meld dat die welslae van die dissipline tydens die toernooi daarin weerspieël word dat die dissipline nou nie ekstern toegepas word nie, maar dat die spelers nou selfdissipline handhaaf.[83]

Die doelstelling van die Cravenweek om die wenmotief op die agtergrond te skuif, het egter nie dieselfde sukses as die ander

---

82 Mondelinge onderhoud met Wouter du Toit, 5 Julie 1993.

83 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 24 Maart 1994.

doelstellings behaal nie. Volgens Louis Terblanche is die oordrewe wengedagte die belangrikste bedreiging vir die toernooi. 'n Gebrek aan spontaneïteit, kreatiwiteit en waagmoed sien hy as 'n uitvloeisel van die sterk wengees.[84] Jan Preuyt beaam die stelling deur te sê dat die samelewing van vandag veel meer op die wenmotief as drie dekades gelede ingestel is. Die skoolseuns is ook in toenemende mate meer onder druk om te presteer.[85] Die navorser wat sedert 1984 al die Cravenweke bygewoon het, is ook van mening dat talentsoekers met beurs- en werksaanbiedinge tydens die Cravenweek bydra tot die prestasiegees.

Terwyl die oordrewe wenmotief die gees van die Cravenweek bedreig, het konkrete veranderinge die karakter van die toernooi daadwerklik sedert 1964 verander. Hoewel dit in geen dokument vervat is of in die Witskrif vermeld is nie, is die Cravenweek in 1964 as 'n toernooi vir Blanke seuns gestig. Verder was die Cravenweek die uitstalvenster van die room van Suid-Afrika se skolespelers. Die Nasionale Party se sportbeleid het destyds nie voorsiening gemaak vir gemengde sportdeelname nie.[86] Die karakter is tot in 1980 behou toe die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbal Federasie, 'n Kleurlingspan, aan die toernooi deelgeneem het.

Die deelname van die SARVF het die deur vir verdere gemengde deelname geopen en sedert 1986 het verskeie Kleurling- en Swart Ontwikkelingspanne in die toernooi gespeel. Waar die toernooi oorspronklik in 1964 daargestel is vir die room van die Blanke skolespelers, het die karakter nou daadwerklik verander en moet dit bydra tot die ontwikkeling van rugby in agtergeblewe gebiede.

Ebrahim Patel, Jan Preuyt en Louis Terblanche ontken egter dat die Cravenweek 'n blote vertoonstuk van die nuwe Suid-Afrika is.

---

84 Mondelinge onderhoud met Louis Terblanche, 24 Maart 1994.

85 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 24 Maart 1994.

86 Departement van Nasionale Opvoeding argief: Policy statement by minister Jan de Klerk, 1962, p. 1.

Die toernooi beoog om die basis waaruit Suid-Afrika sy nasionale span kies te verbreed en juis daarom speel die Ontwikkelingspanne so 'n groot rol.[87] Volgens Preuyt het die Ontwikkelingspanne nie die standaard van die Cravenweek verlaag nie. Dié spanne is meestal teen mekaar of teen van die swakker spanne geplaas.[88] Net soos wat die Ontwikkelingspanne 'n verruiming van die oorspronklike doelwit van die Cravenweek is, is daar 'n verdere pleidooi wat die hele wese van die Cravenweek kan verander.

## DIE BEHEER VAN DIE CRAVENWEEK

Die organisasie en afrigting van die Cravenweek is sedert 1964 die onderwysers se verantwoordelikheid.[89] Ebrahim Patel vra egter dat skolerugby nou uit die hande van die onderwyser geneem moet word. Hy meld uit sy ondervinding as skoolhoof, dat die werklas van die onderwyser in die toekomstige Suid-Afrika besonder veeleisend gaan wees. Die gevolg is dat die onderwyser rugby as 'n luuksheid sal bejeën. Daarom kan die onderwyser nie meer alleen met die organisasie en afrigting van die spel toevertrou word nie. Hy bepleit dat rugby-afrigting in die skoolrooster ingebou moet word. In die periodes sal betaalde afrigters wat deur die sentrale owerheid aangestel is, die skole besoek en aan die leerlinge kwaliteitafrigting voorsien. Hy noem die voorbeeld van Frankryk waar 92 afrigters, wat deur die Franse regering aangestel is, die afrigting in skole behartig.[90] Die stelsel wat Patel bepleit, is ook reeds in Wallis beproef.

Patel se wekroep het egter sterk teenstand in skolegeledere ondervind. Jan Preuyt, Louis Terblanche, Skonk Nicholson, Spiere van Rensburg en Stonie Steenkamp lewer almal 'n sterk pleidooi

---

87 Mondelinge onderhoud met Ebrahim Patel, 5 Julie 1993; Jan Preuyt, 24 Maart 1994 en Louis Terblanche, 24 Maart 1994.

88 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 24 Maart 1994.

89 SARR argief: Witskrif 1989, pp. 1-23.

90 Mondelinge onderhoud met Ebrahim Patel, 5 Julie 1993.

dat rugby in die hande van die onderwyser moet bly.[91] Preuyt meld dat die onderwyser by uitstek opgelei is om die leerling nie net in rugby touwys te maak nie, maar ook om te sorg dat die opvoedkundige beginsels tydens die oefensessies toegepas word. 'n Kundige afrigter wat buite die opvoedkunde staan, kan aan die leerlinge wel die korrekte rugbytegnieke oordra, maar die oordrag van norme en waardes en die toepassing van dissipline sal gebrek ly.[92] Louis Terblanche veroordeel ook die blote kliniese oordrag van kennis sonder dat rugby as opvoedkundige medium gebruik word. Terblanche noem ook die voorbeeld van die agteruitgang van Wallis se skolerugby van die oomblik af toe rugby daar uit die hande van die onderwyser geneem is.[93]

Die navorser het tydens sy besoek aan Brittanje met Jeff Young, Wallis se direkteur van afrigting, en met Trevor James en John Price van die Walliese Skolerugbyvereniging, onderhoude gevoer. Die drie here is dit eens dat Wallis se rugby, na die glorie van die sewentigerjare, verswak het nadat rugby van die skole in die vroeë tagtigerjare weggeneem is. Volgens James en Price was dit juis die veeleisende kurrikulum van die onderwysers wat die owerhede laat besluit het om skolerugby in die hande van klubs te plaas. Hoewel die leerlinge by die klubs kundige afrigting ontvang het, het die samehorigheidsgevoel en die opvoedkundige beginsels verlore geraak.[94]

Die gevolg was dat daar 'n geleidelike dreinering van skolespelers weg van rugby plaasgevind het. Volgens Young is die basis van Wallis se nasionale span hierdeur nadelig beïnvloed met die

---

91 Mondelinge onderhoude met Jan Preuyt, 24 Maart 1994; Louis Terblanche, 24 Maart 1994; Spiere van Rensburg, 7 Julie 1993 en Stonie Steenkamp, 5 Julie 1993; Skriftelike mededeling deur Skonk Nicholson, 28 Julie 1993.

92 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 24 Maart 1994.

93 Mondelinge onderhoud met Louis Terblanche, 24 Maart 1994.

94 Mondelinge onderhoude met Jeff Young, Trevor James en John Price, 14 Januarie 1994.

gevolg dat die span al hoe swakker vertoon het. Rugby is in die vroeër negentigerjare weer in die hande van die skole geplaas.[95] Die resultate kan nou al waargeneem word want Wallis het die Vyfnasietoernooi, waaraan Wallis, Engeland, Ierland, Skotland en Frankryk deelneem, in 1994 vir die eerste keer in vyftien jaar ingepalm.[96] James en Price meld verder dat Frankryk se skolerugby wat uit die hande van die onderwysers geneem is, sleg by die Britse Unies afsteek.[97]

Roger Uttley, Engeland se afrigter tydens die Wêreldbeker in 1991 en rugby-organiseerder van die beroemde Harrow School in Londen, meld dat die skolerugby in Engeland van 'n hoogstaande gehalte is en dat dit in die hande van onderwysers setel.[98] Jim Tefler, direkteur van rugby in Skotland, sê hulle bevinding is dat skolerugby die beste deur onderwysers hanteer word.[99] George Spotswood, direkteur van afrigting in Ierland, verduidelik dat die prentjie in sy land anders daar uitsien. Daar is talle skole in Ierland wat nie rugby beoefen nie. In dié areas speel die klubs ook 'n belangrike rol om spelers vir die spel te werf. Die wisselwerking tussen skole en klubs is egter so goed dat Ierland in 1993 die Vyfnasiekampioenskap vir skolespanne ingepalm het.[100]

Indien die menings van vooraanstaande rugbylui in Suid-Afrika en Brittanje geëvalueer word, is hulle redelik eenstemmig daaroor dat skolerugby in die hande van onderwysers hoort. Tydens die

---

95 Mondelinge onderhoud met Jeff Young, 14 Januarie 1994.

96 Rapport, 20 Maart 1994.

97 Mondelinge onderhoude met Trevor James en John Price, 14 Januarie 1994.

98 Mondelinge onderhoud met Roger Uttley, 13 Januarie 1994.

99 Mondelinge onderhoud met Jim Tefler, 18 Januarie 1994.

100 Mondelinge onderhoud met George Spotswood, 17 Januarie 1994.

buitengewone vergadering van die SASRV op 26 Februarie 1994 het die tussentydse Uitvoerende Bestuur van die SASRV met goedkeuring van die SARVU besluit dat slegs diensdoenende onderwysers in die tussentydse Uitvoerende Bestuur mag dien.[101] Hiermee is die boodskap duidelik uitgedra dat onderwysers in die toekoms skolerugby in Suid-Afrika sal behartig. Onderwysers was ook in beheer van die eerste SA-O/19-span wat aan 'n internasionale kompetisie deelgeneem het.

SKOLERUGBY KRY INTERNASIONALE BLOOTSTELLING

Volgens Louis Terblanche is internasionale deelname een van die SASRV se belangrikste prioriteite. Na Suid-Afrika se hertoetrede tot die internasionale rugbyforum in 1992 het die SAHSRV en sy opvolger, die SASRV, onverpoos gewerk om ook aan die skolespelers internasionale blootstelling te verskaf.[102] Die vrug op die arbeid was 'n uitnodiging om aan die 26ste "Federation Internationale de Rugby Amateur" (FIRA) se junior Wêreldtoernooi in Lyon in Frankryk deel te neem.[103] FIRA moet nie verwar word met die Internasionale Rugbyraad (IRR) nie. Nie een van die Britse Unies, Nieu-Seeland, Suid-Afrika of Australië behoort aan FIRA nie. Hoewel al die rugbyspelende lande aan die IRR behoort, is bogenoemde groot kanone, saam met Frankryk die IRR se belangrikste besluitnemers. FIRA is op sy beurt 'n breinvrug van Frankryk om aan die kleiner rugbyspelende lande 'n geleentheid te gun om hulle stem dik te maak.

Die span wat Suid-Afrika in die toernooi verteenwoordig het, is nie die SA-skolespan van 1993 nie, maar eerder 'n SA-O/19-span. Die span is deur die SA-skolekeurkomitee onder sameroeperskap van Spiere van Rensburg, in samewerking met SARVU, gekies. Die span het bestaan uit elf van 1993 se SA-skolespelers, twaalf

---

101 Beeld, 28 Februarie 1994.

102 Mondelinge onderhoud met Louis Terblanche, 24 Maart 1994.

103 Beeld, 22 Februarie 1994.

ontwikkelingspelers en Danie van Schalkwyk wat in 1993 vir die SA-Akademiespan gespeel het. Verskeie spelers is nie op meriete gekies nie, maar wel in ooreenstemming met die SARVU se beleid van rugby-ontwikkeling. Anderskleurige spelers word sodoende die geleentheid gegun om op internasionale vlak verdere ondervinding op te doen.[104]

Suid-Afrika was vyfde vir die toernooi gekeur na Frankryk, Argentinië, Italië en Roemenië. Spiere van Rensburg is as die bestuurder en André Spies, van die Boland, as die hoofafrigter aangestel. Eric Sauls van die WP het Spies met die afrigting bygestaan,[105] Tobie Titus, 'n uitvoerende bestuurslid van SARVU, het ook die span vergesel en het op 'n nuuskonferensie in Lyon gesê dat rugby 'n belangrike middel is om spelers van alle kleur-, ras- en taalgroepe van hulle verskille te laat vergeet.[106]

Die 24 spelers wat Suid-Afrika by die toernooi verteenwoordig het, was: Heelagters: Yassis Maneul (WP) en P. Petersen (WP). Vleuels: Jean-Pierre van der Mescht (OP) en Sean Adams (Boland). Senters: Stephan le Roux (N-Tvl) en Danie van Schalkwyk (N-Tvl). Losskakels: Louis Koen (WP) en I. Diedericks (WP). Skrumskakels: Roelof Viljoen (OP) en Godfrey Daniels (WP). Stutte: Johan Breedt (N-Tvl), Faan Rautenbach (N-OVS) en D. Makhetta (GW). Hakers: Chris Derksen (OVS) en T. Ncati (WP). Slotte: Lourens Muller (N-Tvl), Stephen Temple (N-Tvl), Ivan Motale (OP) en G. Jacobs (WP). Losvoorspelers: Corné Krige (WP, kaptein), Nickie van der Walt (N-Tvl), P. Booysen (WP), J. Friedericks (WP) en N. Coopo (OP).[107]

---

104 Die Burger, 22 Februarie 1994.

105 Beeld, 26 Maart 1994.

106 Beeld, 28 Maart 1994.

107 Die Volksblad, 22 Februarie 1994.

Corné Krige se span het die krag van Suid-Afrikaanse skolerugby tydens die toernooi ten toon gestel deur as FIRA se junior wêreldkampioen gekroon te word. Suid-Afrika het Italië oortuigend in die eindstryd met 41-18 geklop. Op pad na die eindstryd het Pole (48-11) en die verdedigende kampioen, Argentinië (25-21), ook die knie voor die Suid-Afrikaners gebuig. Die kampioenspan se uitblinkers tydens die toernooi was Louis Koen (losskakel), Stephan le Roux (senter), Jean-Pierre van der Mescht (vleuel), Nicky van der Walt (flank), Corné Krige (agtsteman), Faan Rautenbach (stut) en Lourens Muller en Ivan Motale (slotte).[108]

Tobie Titus het aan Morris Gilbert van Beeld, wat die toer meegemaak het, na afloop van dié eindstryd gesê dat: "Dié span, sy vertonings en bepaald die wyse waarop hy Suid-Afrika se naam ook van die veld hoog gehou het, sal altyd 'n besondere plek in Suid-Afrikaanse rugby beklee. Ek wil my trouens verstout om te sê dat ons deelname aan die FIRA-toernooi een van die grootste suksesverhale is sedert Suid-Afrika weer tot internasionale rugby toegelaat is."[109] Titus het met betrekking tot die ontwikkelingspelers die volgende gemeld: "Suid-Afrika se deelname was eweneens 'n triomf vir die ontwikkelingsprojek van SARVU. Ek hoop dat daar na dese meer erkenning vir dié projek sal wees. Die feit dat al die spelers in die span hulself gehandhaaf het, is tog 'n sprekende bewys dat ons op die regte pad is."[110]

Spiere van Rensburg het so by Titus aangesluit: "Met sy welslae het die span 'n groot bres vir die ontwikkelingsprojek van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie geslaan. En ek het die grootste vrymoedigheid om te sê dat geeneen van die Bruin of Swart spelers in die span ons ooit in die steek gelaat het nie. Op hierdie toer het ons trouens geleer dat hoewel ons in sekere opsigte van

---

108 Beeld, 31 Maart en 4 April 1994; The Citizen, 31 March and 4 April 1994; Jean-Pierre van der Mescht privaatversameling: Die Burger, 4 April 1994.

109 Beeld, 4 April 1994.

110 Ibid.

mekaar verskil, ons steeds mekaar se gelykes is en deur ons gemeenskaplike liefde vir rugby en ons vaderland onlosmaaklik tot 'n eenheid saamgesnoer is. Dit is die boodskap wat ons wou tuisbring en ook wel gedoen het."[111]

Suid-Afrika het ook reeds 'n uitnodiging aanvaar om aan 1995 se FIRA-toernooi in Boekarest, Roemenië, deel te neem.[112] Die FIRA-toernooi is egter nie die enigste internasionale deelname wat die SASRV beplan nie. 'n Internasionale toernooi waaraan agt spanne van sewe lande sal deelneem, word vir 1995 op Loftus Versfeld in Pretoria beplan. Argentinië, Uruguay, Namibië en Zimbabwe sal saam met die SA-skolespan en die SA-Akademiespan kragte meet. Die SASRV is besig om met die skolerugbyverenigings van Australië en Nieu-Seeland te onderhandel om 'n agtste span te laat inskryf.[113]

Volgens Jan Preuyt wil Suid-Afrika deur die toernooi veral na Afrika en in 'n mindere mate Suid-Amerika sy hand uitreik. Juis daarom is die toernooi nie net kompetisiegerig nie, maar ontwikkeling sal 'n groot rol speel. Wedstryde sal op die Maandag, Woensdag en Vrydag plaasvind, terwyl die spanne op Dinsdag en Donderdag afrigtingsklinieke sal bywoon. Australië of Nieu-Seeland is genader om 'n hoër profiel aan die toernooi te verleen en om meer toeskouers te trek.[114]

SAMEVATTING

Die segetog van Suid-Afrika se O/19-span in FIRA se toernooi in Frankryk is 'n blote verlengstuk van die Cravenweek se sukses-

---

111 Ibid.

112 Beeld, 7 April 1994.

113 SARVU argief: Notule van die buitengewone vergadering van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, 26 Februarie 1994, pp. 2-3.

114 Mondelinge onderhoud met Jan Preuyt, 24 Maart 1994.

verhaal. Die Cravenweek is uniek en pogings om dit in ander rugbyspelende lande in te voer het tot nou toe misluk. In die eerste drie dekades van 1964-1993 het meer as 14,000 skoolseuns die geleentheid gehad om aan die toernooi deel te neem. Die Cravenweek se aura wat rugby-atmosfeer, sportmangees, die genot van deelname en opvoedkundige grondslae insluit, het spelers help slyp wat later die lig van rugby as nasionale spel kon uitdra. Benewens die filosofiese inslag van die toernooi het dit ook in konkrete terme as voedingsbron vir Suid-Afrikaanse rugby gedien. Die Cravenweek het reeds 89 Springbokke en talryke provinsiale spelers tot in 1993 opgelewer.

Die Cravenweek is egter veel meer as net 'n sportgebeurtenis wat jaarliks binne een week afgehandel word. Die instelling van die toernooi was soos in die proefskrif aangetoon, omstrede en het sedertdien omstrede gebly. Dit is trouens 'n mikrokosmos van die Suid-Afrikaanse samelewing en het as sodanig nie ontdaan gebly van ingrypende politieke, sosiale en opvoedkundige gevolge nie. Die navorser het die gevolge daarvan bespreek en aangetoon dat die Cravenweek 'n voorloper van gebeure was. Die deelname van die Kleurlinge aan 1980 se Cravenweek in Stellenbosch was 'n voorskou van die nuwe Suid-Afrika wat voor in die wapad sou wag.

Dié stap het egter nie allerweë goedkeuring uitgelok nie en het selfs bygedra tot die regerende Nasionale Party se skeuring. Die deelname van anderskleuriges het bygedra tot beter begrip tussen ras-, kultuur- en taalgroeperings. Die Cravenweek speel dus 'n uitnemende rol in die Suid-Afrikaanse samelewing en kan die stukrag agter die land se soeke na roem op die internasionale rugbyvelde vorm.

# BRONNELYS

## PRIMêRE BRONNE

### 1. ARGIVALE BRONNE


Afrikaanse Hoër Seunskool Argief, Pretoria.

Promosieblad. 1994.

Federale Onderwysraad Argief, Pretoria.

Education. September 1977.

Komitee van Onderwyshoofde: Deelname deur leerlinge aan interprovinsiale sportbyeenkomste gedurende skooltyd. 13 Junie 1976.

Grens Rugbyunie Argief, Oos-Londen.

Korrespondensie. 1963-1965.

Notules. 1963-1965.

Hilton College Archives, Hilton.

Fannin, M.C., Reminiscences. 1880.

Hart-Davis, J.V., My 35 years connected with Hilton rugby, 1924-1959.

McKenzie, Duncan, Diary. 1877.

Newmarch, C.B., Rugby at Hilton in my time. 1880.

Newnham, William Orde, Manuscript. 1893.

Instituut vir Eietydse Geskiedenis Argief, Bloemfontein.

Vorster, B.J.-privaatversameling.

Vorster, M.S.-privaatversameling.

Nasionale Opvoeding Argief, Pretoria.

Minister F.W. de Klerk; Nasionale Party Sportbeleid. 1979.

Nasionale Party Neergelegde Beleid t.o.v. Sport. 23 September 1976.

Policy statement with reference to Sport: Minister Jan de Klerk. 1962.

Policy statement with reference to Sport: Prime Minister John Vorster. 1968.

Natal Rugbyunie Argief, Durban.

Korrespondensie. 1963-1992.

Notules. 1963-1992.

Noord-Transvaalse Rugbyunie Argief, Pretoria.

Korrespondensie. 1938-1993.

Notules. 1938-1993.

Pretoria Subunie, Notules. 1933-1938.

Staatsargief, Pretoria.

Debatte van die Volksraad, deel 62. 16 Januarie tot 20 Maart 1948.

**Suid-Afrikaanse Sportdokumentasie- en Inligtingsentrum Argief, Verwoerdburg.**

*Sport in South Africa, Report of the Sport Council's Fact-Finding Delegation*. January 1980.

*Report of the Ad Hoc Committee: United Nations - General Assembly, on the Drafting of an International Convention Against Apartheid in Sports*. New York, 1977.

**Suid-Afrikaanse Rugbyraad Argief, Kaapstad.**

*Grondwet van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging*. 1988.

*Grondwet van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging*. 14 Julie 1965.

*Jaarverslae, notules en toerverslae*. 1938-1992.

*Korrespondensie*. 1963-1993.

Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, *Korrespondensie*. 1973-1992.

Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, *Jaarverslae, notules, toer- en voorsittersverslae*. 1973-1992.

Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging, *Witskrif*, 1975 en 1989.

Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie, *Jaarverslag, notules en toerverslae*. 1993.

Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, *Korrespondensie*. 1965-1993.

Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging, *Jaarverslae, notules, toer- en voorsittersverslae*. 1965-1993.

*Verslag van Springbok Afrigterskomitee*. 3 Augustus 1965.

Transvaalse Provinsiale Administrasie Argief, Pretoria.

Korrespondensie. 1980-1982.

Transvaalse Onderwysdepartement Argief, Pretoria.

Korrespondensie. 28 Oktober 1981 - 30 September 1993.

TOD omsendminuut 32 van 1975 - omsendminuut 38 van 1982.

Transvaalse Rugbyvoetbalunie Argief, Johannesburg

Korrespondensie. 1933-1993.

Notules. 1933-1993.

Westelike Provinsie Rugbyunie Argief, Kaapstad.

Notules. 1903-1993.

2. MONDELINGE ONDERHOUDE

Badenhorst, Dan, 23 Julie 1993.

Becker, Christo, 8 Januarie 1993.

Booysen, Clifford, 10 Maart 1994.

Botha, F.S., 15 September 1993.

Botha, Naas, 10 April 1987.

Burger, Altus, 25 Augustus 1993 en 13 Maart 1994.

Cloete, Johann, 19 en 22 November 1993.

Coetzee, Derek, 10 Februarie 1994.

Coetzee, Philip, 12 Maart 1994.

Crowther, Dawie, 6 Julie 1993.

Daehne, H.O., 19 November 1993.

De Haas, Pieter, 25 Januarie 1993 en 10 Februarie 1994.

De Klerk, Norman, 3 Maart 1994.

De Ru, Ian, 12 November 1993.

De Wet, Daan, 4 Mei en 6 Junie 1992.

Dewson, Martin, 19 Januarie 1994.

Dobson, Paul, 27 Julie 1992.

Du Toit, Wouter, 15 Julie 1993.

Edwards, Pierre, 19 Mei 1992 en 3 Mei 1994.

Ehlers, Koos, 11 Januarie 1993.

Engelbrecht, Fanus, 24 Augustus 1993 en 9 Februarie 1994.

Fitchet, Deon, 8 Januarie 1993.

Hart, Michael, 3 Maart 1994.

Henderson, Skip, 15 Julie 1993.

James, Trevor, 14 Januarie 1994.

Krynauw, Piet, 8 en 19 Oktober 1993.

Ligthelm, Johan, 8 Januarie en 22 November 1993.

Malan, Piet, 24 Junie 1992.

Nel, Daan, 16 November 1993.

Nicholson, Skonk, 20 Julie en 3 Augustus 1993.

Oosthuizen, Douw, 12 Maart 1994.

Patel, Ebrahim, 5 Julie 1993.

Potgieter, J.F.W., 6 Julie 1993.

Preuyt, Jan, 17 Julie 1992, 27 en 31 Augustus 1992, 7 Julie 1993, 8 Julie 1993, 28 Februarie 1994 en 24 Maart 1994.

Price, John, 14 Januarie 1994.

Prinsloo, Daan, 12 Julie 1993.

Prinsloo, G.P., 26 Junie 1992.

Putter, Nic, 20 Mei 1992.

Roos, Steven, 9 Maart 1994.

Sauerman, Meyer, 13 Julie 1993.

Smith, Abie, 22 Januarie 1993.

Smit, Rudie, 11 November 1993.

Spotswood, George, 17 Januarie 1994.

Steenkamp, Buks, 22 Januarie 1993.

Steenkamp, Henk, 24 Mei 1993.

Steenkamp, Stonie, 4 Mei 1992, 5 en 6 Julie 1993.

Strauss, Willem, 13 Junie 1994.

Tefler, Jim, 18 Januarie 1994.

Terblanche, Louis, 5 Julie 1993, 8 Julie 1993 en 24 Maart 1994.

Thomas, Thabo, 11 Januarie 1993.

Uttley, Roger, 13 Januarie 1994.

Van Coller, Gert, 11 Januarie 1993.

Van der Mescht, Jean-Pierre, 14 Julie 1994.

Van der Vyver, Fonnie, 19 Mei 1992.

Van der Wal, Dries, 4 Mei 1992.

Van Rensburg, A., 14 September 1992.

Van Rensburg, Spiere, 6 Julie 1993.

Van Rooyen, Arnie, 12 Maart 1994.

Van Rooyen, Quintus, 22 November 1993.

Van Straaten, Braam, 12 Maart 1994.

Visagie, Richard, 28 Julie 1992.

Volsteedt, Johan, 4 Mei 1992.

Warnich, Pieter, 28 Julie 1992.

Wiblin, Tony, 9 April 1992.

Young, Jeff, 14 Januarie 1994.

## 3. SKRIFTELIKE MEDEDELINGS

Craven, D.H., 22 April 1989.

Gilbert, Morris, 9 Junie 1994.

Hodgson, D.P., 24 September 1992.

Labuschagne, Jos, 2 Augustus 1993.

Nicholson, Skonk, 28 Julie 1993 en 22 Augustus 1993.

Roos, Steven, 3 Augustus 1993.

Van Rooyen, Arnie, 1 Maart 1994.

Van Rooyen, Quintus, 31 Januarie 1994.

Van Straaten, Braam, 3 Maart 1994.

## 4. PRIVAATVERSAMELINGS IN EIE BESIT

Burger, Alwyn.

Coetzee, Philip.

Malan, Piet.

Nicholson, J.M. (Skonk).

Preuyt, Jan.

Van der Mescht, Jean-Pierre.

Van Rooyen, Arnie.

Van Rooyen, Quintus.

Van Straaten, Braam.

## 5. SAUK-PROGRAMME

Afrikaans Stereo nuusbulletin, 22 Januarie 1993.

Afrikaans Stereo onderhoud, Ebrahim Patel, 21 Januarie 1993.

Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie TV 1, Die Naas-Faktor - Deel 1.

## 6. TOESPRAKE EN REFERATE

Craven, D.H., Inaugural address by the executive president of the newly formed South African Rugby Football Union. Kimberley, 1992.

Scholtz, G.J.L., Die prestasiemotief - Toegepas op spel en sport. Inhuldigingsrede gehou by die aanvaarding van 'n professoraat in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Potchefstroom, April 1976.

Vorster, B.J., Openingsrede by die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie se agtste kongres. Johannesburg, 1960.

## 7. SKOOL-, GEDENKSALE, SKOOLMUSEUMS EN -ARGIEWE

Afrikaanse Hoër Seunskool, Dr. G.J. Potgieter-saal en argief.

Dale College, Old Dalain and archive.

Diocesan College, Mallett Centre - Honourary Script.

Durban High School, School Hall and archive.

Glenwood High School, School Hall, museum and archive.

Grey High School, De Waal Hall and museum.

Grey-kollege, Grey-kollege Rëuniesaal: C.C. Bornman ererol.

Hilton College, Memorial Hall, museum and archive.

Hoër Jongenskool Paarl, Skoolsaal: Gedenkrol - Tandem Survulus Arbor Fit en museum.

Hoërskool Diamantveld, Skoolsaal en Sportontspanningslokaal.

Hoërskool Gimnasium Paarl, Pickard-sentrum: Gedenkrol.

Hoërskool Monument, Martin Brink-saal en argief.

Hoër Seunskool Helpmekaar, _Skoolsaal en argief_.

Hoër Volkskool Heidelberg, _Skoolsaal, museum en argief_.

Hoër Volkskool Potchefstroom, _Skoolsaal en argief_.

Maritzburg College, _Elizabeth Hall, museum and archive_.

Michaelhouse, _Memorial Hall, Junior Hall and archive_.

Paul Roos Gimnasium, _Japie Krige-saal en argief_.

Pretoria Boys' High, _Desmond Abernethy Hall and archive_.

Queen's College, _Memorial Hall, museum and archive_.

Selborne College, _School Hall, Centenary Honours Board, museum and archive_.

St. Andrew's College, _Centenary Hall and archive_.

St. Andrew's School, _School Hall and archive_.

South African College School, _Hofmeyr Hall and archive_.

8. RUGBYLIEDERE

Selborne College Rugby Songs, _The longest day_.

# SEKONDêRE BRONNE

## 1. LITERATUUR

Barrow, H.M., Man and Movement. Philadelphia, 1983.

Basson, J.L., J.G. Strydom. Sy politieke loopbaan van 1924 tot 1948. Pretoria, 1950.

Black, Alan, How to coach rugby football. Oxford, 1990.

Bookwalter, K.W. and Vander Zwaag, H.J., Foundations and principles of physical education. Philadelphia, 1969.

Booyens, Bun, Die lewe van D.F. Malan. Kaapstad, 1969.

Botha, Hannes en Potgieter, Gert, Fiksheid vir prestasiesport. Kaapstad, 1973.

Botha, J.L. en Potgieter, G., Atletiek 2000 - 'n Handleiding vir atleet en afrigter. Kaapstad, 1987.

Brasch, R., How did sport begin. New York, 1970.

Bunn, Johan W., Scientific principles of coaching. New York, 1955.

Butt, D.S., Psychology of Sport. New York, 1976.

Bybel, Die Nuwe Testament. Kaapstad, 1983.

Cameron, Trewhella (general ed.) and Spies, S.B. (advisory ed.), A New Illustrated History of South Africa. Johannesburg and Cape Town, 1992.

Chester, R.H. and Colley, M. (eds.), Centenary, 100 Years of All Black Rugby. Auckland, 1984.

Cratty, B.J., Psychology and physical activity. New Jersey, 1968.

Craven, D.H., Die ABC van Rugby. Johannesburg, 1966.

Craven, D.H., Patroon vir Rugby. Kaapstad, 1974.

Craven, D.H., Rugbyhandboek. Kaapstad, 1970.

Craven, D.H. (red.), Rugby in Suid-Afrika. Kaapstad, 1964.

Craven, D.H., Rugby - Speel en Oefen. Pretoria, 1985.

Craven, D.H., Rugby vir almal. Kaapstad, 1976.

Currey, R.F., St. Andrew's College Grahamstown, 1855-1955. Grahamstown, 1956.

Damant, Derek, A Centenary History of St. Andrew's School. Bloemfontein, 1963.

Dawes, John (ed.), Thinking Rugby. London, 1979.

De Klerk, Willem, F.W. de Klerk, Die Man en Sy Tyd. Kaapstad, 1991.

De Villiers, Dirk en Johanna, PW. Kaapstad, 1984.

De Wet, J.J., Monteith, J.L. de K., Steyn, H.S. en Venter, P.A., Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde: 'n Inleiding tot empiriese navorsing. Durban, 1981.

Difford, I.V., The History of South African Rugby Football 1875-1931. Cape Town, 1933.

Dobson, Paul, Bishops Rugby, A History. Cape Town, 1990.

Dobson, Paul, Rugby in Suid-Afrika, 'n Geskiedenis 1861-1988. Kaapstad, 1989.

D'Oliveira, John, Vorster, die mens. Johannesburg, 1977.

Dugmore, Syd, Rugby down the years, An Eastern Cape and Border Schools' Rugby History. Grahamstown, 1978.

Du Pisani, J.A., John Vorster en die Verlig Verkrampstryd, 'n studie van die politieke verdeeldheid in Afrikanergeledere 1966-1970. Bloemfontein, 1988.

Emslie, Neil and Webster, Trevor, Bearers of the Palm, A History of the Selborne Schools' (Selborne College and Selborne Primary). East London, 1976.

Ferreira, J.T., Blignaut, J.P., Landman, P.J. en Du Toit, J.F., Transvaalse Rugbyvoetbalunie - 100 jaar. Johannesburg, 1989.

Gainsford, John, Nice Guys Come Second. Cape Town, 1974.

Gerber, Hennie, Craven. Kaapstad, 1976.

Gerber, Hennie, Danie Craven se top-Springbokke. Kaapstad, 1976.

Geyser, O. (red.), Geredigeerde toesprake van die sewende eerste minister van Suid-Afrika. Kaapstad, 1976.

Glasspool, B., One In The Eye. Cape Town, 1974.

Grey-kollege, Grey-kollege, 'n Parallelmediumskool vir seuns, 1855-1980. Bloemfontein, 1980.

Grey-kollege, Grey-kollege, 'n Suid-Afrikaanse skool. Johannesburg, 1955.

Greyvenstein, Chris, 20 Great Springboks. Cape Town, 1987.

Greyvenstein, Chris, Springbok Saga, 100 Years of Springbok Rugby. Cape Town, 1991.

Greyvenstein, Chris, The Bennie Osler Story. Cape Town, 1986.

Hattle, James, 'Neath the Tower, part Two, The Story of the Grey High School, Port Elizabeth, 1856-1981. Port Elizabeth, 1982.

Hattersley, Alan F., Hilton Portray, South African Public School 1872-1945. Pietermaritzburg, 1945.

Haw, S. and Frame, R., For Hearth and Home, The Story of Maritzburg College. Pietermaritzburg, 1988.

Hawthorne, Peter and Bristow, Barry, Historic Schools of South Africa, An Ethos of Excellence. Cape Town, 1993.

Jennings, Hubert, D., The D.H.S. Story, 1866-1966. Durban, 1967.

Jones, Chris, Tactics of success: Rugby. London, 1992.

Joyson, Cyril, Better rugby for boys. London, 1965.

Kenney, Henry, Architect of apartheid: H.F. Verwoerd - An Appraisal. Johannesburg, 1980.

Kent, R., College 1863-1963. Pietermaritzburg, 1964.

Kettleman, P.W.H., St. Andrew's College, A History. Cape Town, 1929.

Kotzé, Gert, Sport en Politiek. Pretoria, 1978.

Linnegar, John, SACS-150, A History of the South African College School. Cape Town, 1979.

McIntyre, Donald, A Century of Bishops. Cape Town, 1958.

Medworth, C.O. (ed.), History of Natal Rugby, 1870-1964. Durban, 1964.

Meiring, Piet, Ons eerste ses premiers. Kaapstad, 1972.

Muller, C.F.J. (red.), 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Derde, Hersiene Geïllustreerde Uitgawe. Pretoria, 1990.

Muller, W. (red.), 'n Eeu van OP Rugby, A Century of EP Rugby, 1888-1988. Port Elizabeth, 1988.

Nicholson, Skonk and Wiblin, Tony, Jimeloyo-Ji!! Pietermaritzburg, 1990.

Nuttall, Neville, Lift up your Hearts, The Story of Hilton College, 1872-1972. Pietermaritzburg, 1972.

Owen, Percy (ed.), Border Rugby History 1891-1991. East London, 1991.

Parker, A.C., The Springboks 1891-1970. London, 1970.

Parker, A.C., W.P. Rugby, Centenary 1883-1983. Cape Town, 1983.

Peacock, M.A. (ed.), Some famous Schools in South Africa, Volume One, English-Medium Boys' High Schools. Cape Town, 1972.

Pelzer, A.N. (red.), Verwoerd aan die woord, toesprake 1948-1966. Pretoria, 1966.

Potgieter, G.J., Die Afrikaanse Hoër Seunskool en sy mense. Pretoria, 1989.

Potgieter, Justus en Steyn, Ben, Sielkundige aspekte van fisieke aktiwiteit, spel en sport. Kaapstad, 1986.

Potgieter, L.B., Springbok-Rugby-Prestasies. Johannesburg, 1960.

Ramsamy, Sam, Apartheid, the real hurdle, Sport in South Africa and the International Boycott. London, 1982.

Reason, John, The Unbeatable Lions, The 1974 British Isles Rugby Tour of South Africa. London, 1975.

Redgrave, J.J., Pollock, A.M. and Hattle, James, 'Neath the Tower, The Story of the Grey High School, Port Elizabeth, 1856-1956. Cape Town, 1957.

Ries, Alf en Dawie, John Vorster - 10 jaar. Kaapstad, 1976.

Ries, Alf en Dommisse, Ebbe, Broedertwis - Die verhaal van die 1982-skeuring in die Nasionale Party. Johannesburg, 1988.

Schoeman, B.M., Vorster se 1000 dae. Pretoria, 1974.

Schoeman, T.E.W., Treurnicht aan die woord: Koers in die Krisis. Pretoria, 1979.

Scholtz, G.D., Dr. Hendrik French Verwoerd 1901-1966. Johannesburg, 1974.

Scholtz, G.J.L. en Van der Merwe, F.J.G. (reds.), Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing, Verslag no. 15, Sportgeskiedenis en -dokumentasie. Pretoria, 1982.

Scholtz, G.J.L., Kompetisie en aggressie in spel en sport. Potchefstroom, 1979.

Scholtz, J.J.J., Vegter en hervormer. Grepe uit die toesprake van P.W. Botha. Kaapstad, 1988.

Serfontein, J.H.P., Die Verkrampte Aanslag. Kaapstad en Pretoria, 1970.

Shippey, K., The Unbeatables. Johannesburg, 1971.

Shnaps, T., A Statistical History of Springbok Rugby, Players, Tours and Matches. Cape Town, 1989.

Simpson, Vyv and Jennings, Andrew, The Lords of the Rings, Power, Money and Drugs in the Modern Olympics. London, 1992.

Singer, C.G., From rationalism to irrationality. New Jersey, 1979.

Smit, Paul J., Groei en Sport. Durban, 1979.

Sparks, Andrew, C., Research in physical education and sport: Exploring alternative visions. London, 1992.

Steenkamp, J., Die geskiedenis van Pretoria Rugbyklub. Pretoria, 1990.

Stevens, Terry, The Time of our Lives - St. Andrew's College 1855-1991. Grahamstown, 1992.

Stewart, J.J., Rugby: a tactical appreciation. Auckland, 1987.

Steyn, Neil, Weer Wêreldkampioene. Pretoria, 1970.

Sweet, Reg, Natal 100, Centenary of Natal Rugby Union. Durban, 1990.

Thom, H.B., D.F. Malan, Kaapstad, 1980.

Thompson, Paul, The Voice of the Past, Oral History. New York, 1988.

Thornburn, S., The History of Scottish Rugby. London, 1980.

Treurnicht, A.P., Noodlottige Hervorming. Pretoria, ongedateer.

Van der Merwe, F.J.G. en Sholtz, G.J.L., Suid-Afrika se Deelname aan die Britse Ryks- en Statebondspele, 1930-1958. Potchefstroom, 1976.

Van Esbeek, E., Irish Rugby Scrapbook. London, 1982.

Van Raalte, C., Sport en opvoeding. Haarlem, 1957.

Van Rensburg, Frikkie, G.W. Rugby. Die onstaan en geskiedenis van Griekwaland-Wes-Rugby. Kimberley, 1986.

Vansina, Jan, Oral Tradition as History. Wisconsin, 1985.

Van Zyl, M.C. (red.), Noord-Transvaalrugby 50. Pretoria, 1988.

Viviers, Gerhard, Rugby agter die Doringdraad. Johannesburg, 1970.

Volschenk, Johan, Die Ligbloues. Pretoria, 1977.

Wilson, Lionel, Springboks on trial. Cape Town, 1968.

## 2. ONGEPUBLISEERDE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE

Anderson, P.G., An investigation into the effect of race and politics on the development of South African sport (1970-1979).

Botes, S.L., Die daarstelling van 'n funksionele organisatoriese struktuur vir gimnastiek in die Oranje-Vrystaat. Magister Artium, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1989.

Botha, J.L., 'n Ondersoek na die funksie van 'n Staatsdepartement van Sport en Rekreasie in Suid-Afrika. Doctor Philosophiae, Universiteit van Pretoria, 1968.

Calitz, B.F., Die plek van sportdeelname in kinderontwikkeling met spesifieke verwysing na die senior primêre skoolseun, 'n Opvoedkundigsielkundige verkenningstudie. Magister Artium, Universiteit van Stellenbosch, 1976.

Cilliers, A.S., Die Christelike standpunt ten opsigte van die menslike liggaam in die eenheid van die menslike persoon. Magister Artium, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1981.

Coetzee, N.A.J., 'n Antropologiese-opvoedkundige studie oor menslike beweging. Doctor Educationis, Universiteit van die Noorde, 1981.

Craven, D.H., Sportdeelname en persoonlikheidseienskappe. Magister Artium, Universiteit van Stellenbosch, 1964.

Daehne, H.O., The effects of in-season rugby training and non-training on the physical work capacity. Magister Artium, Universiteit van Pretoria, 1983.

Engelbrecht, F.A., Die geskiedenis van die Noord-Transvaalse Rugbyskeidsregtersvereniging, 1938-1983. Magister Artium, Universiteit van Suid-Afrika, 1984.

Fourie, A.B., The influence of participation in sport on the process of socialization with special reference to senior schoolboys. Magister Artium, Universiteit van die Oranje Vrystaat, 1954.

Steyn, B.J.M., Aandag en sukses by tennisspelers. Magister Artium, Universiteit van Pretoria, 1986.

Van der Merwe, F.J.G., Suid-Afrika se deelname aan die Britse Ryks- en Statebondspele: 1930-1958. Magister Artium, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1976.

Van der Merwe, F.J.G., Suid-Afrika se deelname aan die Olimpiese Spele, 1908-1960. Doctor Philosophiae, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1978.

Van Deventer, K.J., Bewegingsontwikkeling by die adolessente seun: 'n Ontologiese perspektief. Doctor Philosophiae, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1992.

Van Wyk, J.G.U., 'n Beweqingpedagogiese begronding van die prestasiemotief in sportdeelname binne die lewensopvatlike perspektief. Doctor Philosophiae, Universiteit van Pretoria, 1989.

Van Wyk, O.C., Die geskiedenis van die Paul Roos Gimnasium en sy voorgangers (1866-1978). Magister Artium, Universiteit van Stellenbosch, 1981.

Von Solms, V.H., 'n Evaluering van prestasiesport vanuit die gereformeerde etiek. Magister Artium, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1989.

## 3. ONGEPUBLISEERDE MANUSKRIPTE

Blignaut, J.P., Die geskiedenis van die Transvaalse Rugbyvoetbalunie.

Jacobs, W.J.S., 'n Ondersoek na die organisasie en administrasie van sport aan Onderwyskolleges van Transvaal met die oog op die instelling van sportdepartemente.

Prinsloo, Daan, 'n Stem uit die Wildernis (P.W. Botha - 'n dokumentêre biografie).

Vlok, J.C., Rugbygeskiedenis van Noord-Transvaal.

## 4. GEDENKUITGAWES

Brand, T. (red.), Hoër Jongenskool Paarl, Die eerste 120 jaar (1868-1988). Paarl, 1989.

Dale College, Dale College Rugby History. Undated.

Dale College, Dale College Football Club, Golden Jubilee Brochure. Undated.

Durban High School, Rugby 1990. Durban, 1990.

Knipe, Charles (red.), Paul Roos Gimnasium 125. Stellenbosch, 1991.

Greig, Sandy, History of Queen's. Queenstown, Undated.

Grey-kollege, Grey-kollege Reünie, 1884-1984. Bloemfontein, 1985.

Havenga, P.M. (red.), Hoërskool Monument 70, 1921-1991. Krugersdorp, 1991.

Helpmekaar Hoërskool, Helpmekaar-Hoërskool, Gedenkuitgawe, 1921-1941. Johannesburg, 1942.

Helpmekaar Hoërskool, Helpmekaar-Hoërskool 50, Gedenkuitgawe, 1921-1971. Johannesburg, 1972.

Hoër Jongenskool Paarl, Eeufees 1868-1968. Paarl, 1969.

Mentz, J.C. (red.), Hoërskool Monument Gedenkblad, 1921-1971. Krugersdorp, 1972.

Paul Roos Gimnasium: Sy Geskiedenis. Ongedateer.

Selborne, College, The Selbornian, The Magazine of Selborne College East London, South Africa, Centenary Edition 1872-1972. East London, December 1972.

Smit, J.P., Gimnasium, 1858-1983. Paarl, 1984.

St. Andrew's College, The History of Rugby Football at St. Andrew's College. Undated.

Thom, H.B. (samest.), Stellenbosch 1866-1966, Honderd Jaar Hoër Onderwys. Kaapstad, 1966.

## 5. SKOOLJAARBLAAIE

Annual of the Gymnasium High School
Lower Paarl, November 1910.

Boys' High School Annual
Upper Paarl, No. 1, December 1908.

Calender of the Victoria College and Boys' High School
1896-1917.

Die Boishaaier
Desember 1990 - Desember 1991.

Die Lig, Jaarblad van die Afrikaanse Hoër Seunskool
No. 11, 1940 - No. 64, 1993.

Diocesan College School Magazine
Vol. 1, No. 1, 16 October 1986 - Vol. 115, No. 4A, December 1991.

Durban High School Magazine
No. 1, December 1913 - No. 125, March 1992.

Grey-kollege Skoolblad/Grey College Magazine
Vol. 1, No. 1 - Vol. 62, No. 91.

Helpmekaar Hoërskool Jaarblad
No. 1, November 1923 - No. 15, Desember 1938.

Hoër Jongenskool Paarl, Jaarblad
Desember 1927 - Desember 1978.

Die Helpie, Jaarblad van die Hoër Seunskool Helpmekaar
No. 66, Desember 1991.

Hoërskool Monument Jaarblad (periodiek genoem Monnaskroniek)
Desember 1931 - Desember 1991.

Hoër Volkskool Potchefstroom Jaarblad
1976-1983.

Jaarblad van die Hoërskool Gimnasium Paarl
Desember 1927 - Desember 1991.

Maritzburg College Magazine
No. 125, April 1991.

Paul Roos Gimnasium Skoolblad
Desember 1946 - Desember 1991.

Queen's Quire - The Magazine of Queen's College
December 1924 - December 1991.

St. Andrew's Chronicle
27 April 1878 - December 1991.

The Dale College Magazine
November 1892 - December 1991.

The Grey
September 1911 - December 1991.

The Hiltonian
No. 1, September 1901 - No. 126, March 1991.

The Pretorian, Pretoria Boys' High Magazine
No. 1, July 1910 - No. 80, December 1991.

The Selbornian, The Magazine of Selborne College
Vol. 20, No. 8, December 1956 - Vol. 52, December 1988.

The South African College School Magazine
Vol. 2, No. 1, August 1907 - Vol. 86, No. 1, August 1992.

## 6. KWARTAAL-, MAANDBLAAIE EN SKOOLKOERANTE

Affies Alumni
Maart 1994.

Die Galpil, Kwartaalblad van die Hoër Jongenskool Paarl
Mei 1970 - Desember 1991.

DOK Nuus, Amptelike nuusblad van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie Volksraad
Vol. 1, No. 1, Maart 1993.

In Black and White, paper of the Boys of Selborne College
Vol. 18, No. 2, undated.

Transvaalse Hoërskolerugbyvereniging Kwartaalblad
Mei 1992.

Mondstuk, Maandblad van die Transvaalse Onderwysersvereniging
Jaargang 9, No. 105, Februarie 1980 - Jaargang 22, No. 253, Julie 1993.

## 7. SPORTJAARBOEKE

Patridge, Ted, Heydenrych, Frank and Sichel Peter (eds.), The 1988 Protea Cricket Annual of South Africa.

Van Rooyen, Q. (red.), SA Rugbyskrywersjaarboeke, 1971-1994.

## 8. WETENSKAPLIKE TYDSKRIFARTIKELS

Albertyn, P.H.C. "Perspektief op sport", Sportbulletin, vol. 7, No. 2, April 1984.

Botha, J.L., "Die rekreasievraagstuk in die Republiek van Suid-Afrika: enkele riglyne", SA Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning, vol. 4, 1981.

Botha, J.L., "Opvoedkundige en etiese implikasies van sport-deelname", Sportbulletin, vol. 9, no. 3, Oktober 1986.

Coetzee, N.A.J., "Die noodsaaklikheid van 'n gefundeerde mensbeskouing vir Menslike Bewegingskunde", Tydskrif vir Christelike Wetenskap, jaargang 29, no. 2, 1993.

Coetzee, N.A.J., "Die sportman as gebalanseerde mens", Sportbulletin, vol. 12, no. 4, Oktober 1989.

Coetzee, N.A.J., "Etiek as verskynsel in menslike bewegingskunde", Sportbulletin, vol. 11, no. 1, Januarie 1988.

Coetzee, N.A.J., "Skolesport: 'n evaluering", Fokus, jaargang 12, no. 1, Maart 1984.

Coetzee, N.A.J., "Skoolsport as Opvoedingsmoontlikheid", Sportbulletin, vol. 4, no. 1, Januarie 1981.

Coetzee, N.A.J., "Spel as opvoedingsmoontlikheid", Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, vol. 11, no. 4, 1991.

Coetzee, N.A.J., "Sport: 'n Bate of Karikatuur van die Samelewing", Roeping en Riglyne, Kwartaalblad van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, jaargang 39, no. 4, Desember 1991.

Diem, C., "The position of sport in modern society and its educational value", Vigor, vol. 13, no. 2, March 1960.

D'Oliveira, A.L., "Education through sport and other bodily exercises", Vigor, vol. 13, no. 1, March 1960.

Eidsmoe, Russel, "High School athletes are brighter". Jopher, May 1964.

Hough, M.A., "The sociological aspects of sport", Vigor, vol. 13, no. 1, March 1960.

Jokl, Ernst, "Sport and human development", Vigor, vol. 16, no. 4, September 1963.

MacMillan, R.H., "The educational aspects of sport", Vigor, vol. 13, no. 2, March 1960.

Odendaal, A., "Die sielkundige belang van sport vir kinders", Sportbulletin, vol. 9, no. 4, Oktober 1986.

Parker, A.C., Personality, Rugby Jubilee Souvenir. 14 May 1964.

Robbertse, P., "Die sielkundige invloed van sport. Die invloed van sport op die persoonlikheid", Vigor, vol. 13, no. 2, Maart 1960.

Smit, D.P.J., "Die doel en plek van liggaamlike opvoeding in die opvoedingsprogram", Vigor, vol. 6, no. 2, Maart 1953.

Van der Merwe, G.R., "Sport in die primêre skool: Hoe hanteer ek dit?" Tydskrif vir die primêre onderwys, vol. 3, 1987.

Van der Merwe, I.R., "Unieke bydraes deur die Liggaamlike Opvoeding tot die sisteem van opvoeding", Vigor, vol. 17, no. 4, September 1964.

Van der Merwe, R., "Die doel met buitemuurse aktiwiteite in die opvoedingsprogram", Die Unie, vol. 89, no. 3, Desember 1992.

Van der Merwe, R., "Die skoolhoof se verantwoordelikheid ten opsigte van buitemuurse aktiwiteit", Die Unie, jaargang 89, no. 4, Februarie 1993.

Van Deventer, K.J. en Coetzee, N.A.J., "Normatiewe bewegingsontsluiting van die adolessente seun in Funderende perspektief", Tydskrif vir Christelike Wetenskap, jaargang 30, 1ste kwartaal 1994.

9. SPORTTYDSKRIFARTIKELS

Barnes, Les, "Ons Skole: Hoërskool Grey - Spog met Springbokke", Rugby, vol. 2, Maart 1975.

Burger, Gerhard, "Ons Skole: Helpmekaar", Rugby, vol. 2, Oktober 1975.

Gerber, George, "Ons Skole: Paul Roos: Kweekplek van Springbokke", Rugby, vol. 1, Junie 1974.

Grobbelaar, G., "Afrikaanse Hoër Seunskool - Die Trots van Pretoria", Rugby 15, vol. 1, Oktober 1991.

Horn, C.A., "Ons Skole: Heidelbergse Hoër Volkkool - Pioniers van die Administrateursbekerkompetisie", Rugby, vol. 1, Augustus 1974.

Horn, C.A., "Ontstaan van die Administrateursbeker-kompetisie van Transvaal", Rugby, vol. 2, Februarie 1975.

Malherbe, Theo, "Gebruik van stimulante - is dit goed of sleg?" SA Atleet, Desember 1987.

Noakes, Tim, "Cheating and morality in sport", SA Sports Illustrated, vol. 3, no. 12, December 1988.

Owen, Percy, "Our Schools: Dale College", Rugby, vol. 2, September 1975.

Owen, Percy, "Our Schools: Selborne College", Rugby, vol. 1, July 1974.

Preuyt, J., "South African Rugby Review 1993, South African Rugby Schools Association", Rugby 15, vol. 3, December 1993.

Roy, Tom, "Our Schools: First Winners of the Administrator's Cup -1922 - PBH", Rugby, vol. 2, June 1975.

Sweet, Reg, "Glenwood High School", Rugby 15, vol. 1, May 1991.

Sweet, Reg, "Our Schools: "College" - unnumbered but not unsung", Rugby, vol. 1, September 1974.

Sweet, Reg, "Our Schools: Durban High School", Rugby, vol. 1, December 1974.

Sweet, Reg, "South African Rugby, J.M. "Skonk" Nicholson, Longtime coach of Maritzburg College", Rugby 15, vol. 1, August 1984.

Van Rensburg, Frikkie, "Ons Skole: Grey-kollege", Rugby, vol. 1, April 1974.

Van Rooyen, Q., "South African Rugby Review 1993, SA International and Provincial Statistics", Rugby 15, vol. 3, December 1993.

Van Zyl, J.H., "Ons Skole: Hoër Volkskool Potchefstroom bou op spanpogings", Rugby, vol. 2, Julie 1975.

Wiid, L.H., "Ons Skole: Die Hoërskool Diamantveld, Kimberley", Rugby, vol. 1, Mei 1974.

Wolmarans, Sarel, "Afrikaanse Hoër Seunskool - Die Trots van Pretoria", Rugby 15, vol. 1, Oktober 1991.

## 10. PROGRAMME

Amptelike program van Affies vs Grey-kollege. 23 April 1994.

Amptelike programme van die Cravenweek. 1964-1993.

Amptelike program van die 85ste ontmoeting tussen Afrikaanse Hoër Seunskool en Pretoria Boys' High. 12 Junie 1993.

Dagprogramme van die Cravenweek. 1991-1993.

Grey High School, Port Elizabeth, Cape Schools' Week. Sat. 23 June, Mon. 25 June and Wed. 27 June 1990.

Official Programme, Dale College Rugby Centenary Festival. 1891-1991.

Official Programme, Pretoria Boys' High vs Afrikaanse Hoër Seunskool, 6 June 1992.

Selborne Schools' Official Programme, International Schoolboy Rugby Festival. Undated.

## 11. KOERANTE

Beeld
4 September 1974 - 6 Junie 1994.

Cape Times
13 September 1976 - 12 July 1993.

Daily Dispatch
7 July 1964 - 15 July 1991.

*De Volkstem*
4 September 1873.

*Die Afrikaner*
30 Januarie 1981.

*Die Burger*
21 April 1948 - 25 Februarie 1994.

*Die Oosterlig*
4 Julie 1972 - 13 Julie 1993.

*Die Patriot*
11 Julie 1992 - 9 Julie 1993.

*Die Vaderland*
13 Julie 1965 - 12 Julie 1988.

*Die Volksblad*
3 April 1964 - 22 Februarie 1994.

*Eastern Province Herald*
8 March 1981 - 20 July 1992.

*Echo*
9-15 Julie 1993.

*Evening Post*
1-13 July 1964.

*Hoëveldrif*
9 Julie 1993.

*Hoofstad*
12 September 1969 - 19 Julie 1982.

*Metro*
16 Julie 1993.

*Natal Mercury*
7 July 1964 - 26 July 1993.

*Natal Witness*
11 October 1870 - 29 January 1972.

Oggendblad
10 Julie 1974 - 11 Julie 1980.

Pretoria News
15 June 1903 - 26 July 1993.

Rapport
3 Maart 1980 - 20 Maart 1994.

Saturday Star
10 July 1993.

Sowetan
9 March 1981.

Sunday Express
8 March 1981.

Sunday Times
6 August 1978 - 20 March 1994.

The Argus
17 August 1987 - 12 July 1993

The Citizen
7 March 1980 - 4 April 1994.

The Daily News
19 July 1965 - 1 July 1993.

The Friend
11 March 1981 - 14 July 1986.

The Star
15 July 1974 - 12 July 1993.

The Times
8 January 1984.

Transvaler
4 September 1944 - 10 Augustus 1992.

Western Mail
26 December 1983 - 8 January 1984.

# BYLAE

PLEKKE WAAR DIE CRAVENWEEK SEDERT 1964 PLAASGEVIND HET MET ONOORWONNE SPANNE TUSSEN HAKIES:

1964: Oos-Londen (Grens).
1965: Oos-Londen (Wes-Transvaal, Griekwas en Oos-Transvaal).
1966: Pretoria (Vrystaat en SWD).
1967: Kaapstad (Vrystaat, Grens en Natal).
1968: Bloemfontein (Vrystaat, Noord-Transvaal, Griekwas, NWK, Natal en Oos-Transvaal).
1969: Pietermaritzburg (geen span).
1970: Salisbury (Noord-Transvaal, Oos-Transvaal, Natal, OP en Boland).
1971: Kimberley, (Wes-Transvaal, WP en Verre Noord).
1972: Potchefstroom (WP, Transvaalse Vyftiental, Noord-Transvaal en OP).
1973: Stellenbosch (WP, Vrystaat, Stellaland en Noord-Transvaal).
1974: Johannesburg (Stellaland, WP en Transvaal).
1975: Port Elizabeth (OP en Grens).
Pretoria (Noord-Transvaal en Transvaalse Vyftiental).
1976: Kroonstad (OP, Boland en Noord-Vrystaat B).
Wolmaransstad (Transvaal).
1977: Oudtshoorn (OP, Transvaalse Vyftiental, Stellaland en Griekwas).
1978: Middelburg, Transvaal (Vrystaat en Verre Noord).
1979: Oos-Londen (Noord-Vrystaat, Transvaal, Wes-Transvaal en Transvaalse Vyftiental).
1980: Stellenbosch (Wes-Transvaal, Noord-Vrystaat, Vrystaat, Suidoos-Transvaal en Oos-Transvaal).
1981: Worcester (Griekwas, Wes-Transvaal, Transvaal en Noord-Vrystaat).
1982: Windhoek (Oos-Transvaal, Transvaal en Suidoos-Transvaal).
1983: Upington (Vrystaat en Noord-Natal).
1984: Bloemfontein (Transvaal en Suidoos-Transvaal).
1985: Witbank (Vrystaat, Griekwas, Laeveld, NOK en WP).
1986: Graaff-Reinet (Suidoos-Transvaal, Oos-Vrystaat, Transvaalse Vyftiental en Oos-Transvaal).

1987: Paarl (NWK, Suidoos-Transvaal, Boland, OP, Transvaalse Vyftiental en Vrystaat).
1988: Port Elizabeth (WP, OP-Vyftiental en Stellaland).
1989: Johannesburg (Noord-Transvaal, Verre Noord, Transvaal, Griekwas en Vrystaat-Platteland).
1990: Durban (Laeveld, Natal, NOK en Transvaal).
1991: Oos-Londen (Suidoos-Transvaal, Verre Noord, Noord-Transvaal en Boland).
1992: Pretoria (WP, Vaaldriehoek, Boland en Noord-Vrystaat).
1993: Secunda (Noord-Transvaal, NWK en Oos-Transvaal).

HOOFWEDSTRYDE VAN DIE CRAVENWEEK

1964: Grens 12 Natal 8.
1965: Natal 22 Transvaal 11.
1966: Natal 13 OP 11.
1967: Vrystaat 8 WP 3.
1968: Vrystaat 8 Natal 8.
1969: NOK 23 Griekwas 14.
1970: Natal 24 Rhodesië 8.
1971: WP 9 Griekwas 0.
1972: WP 16 Wes-Transvaal 9.
1973: Vrystaat 23, Boland 11.
1974: WP 22 SWD 12.
1975: OP 46 Natal 13.
Noord-Transvaal 20 Transvaal 8 (Transvaalse Cravenweek).
1976: Boland 13 Vrystaat 9.
Transvaal 28 Noord-Transvaal 10 (Transvaalse Cravenweek).
1977: OP 19 WP 17.
1978: Vrystaat 23 WP 8.
1979: Noord-Vrystaat 9 Vrystaat 6.
1980: Vrystaat 16 Transvaal 16.
1981: Transvaal 11 WP 7.
1982: Suidoos-Transvaal 25 Noord-Vrystaat 7.
1983: Vrystaat 12 Suidoos-Transvaal 9.
1984: Transvaal 3 OP 0.
1985: Vrystaat 23 Transvaal 15.
1986: Suidoos-Transvaal 19 WP 12.

1987: Transvaal 22 Natal 22.
1988: WP 16 Vrystaat 3.
1989: Transvaal 16 OP 3.
1990: Natal 18 Noord-Transvaal 8.
1991: Noord-Transvaal 10 Grens 9.
1992: WP 22 Vrystaat 16.
1993: Noord-Transvaal 25 Suidoos-Transvaal 13.

CRAVENWEEKREKORDS

Eindstryde gespeel: Vrystaat (11), WP (10), Transvaal (9), Natal (8), Noord-Transvaal (5), OP (5), Suidoos-Transvaal (4), Grens (2), Griekwas (2), Boland (2), Noord-Vrystaat (2), NOK (1), Wes-Transvaal (1), Rhodesië (1), SWD (1).

Eindstryde gewen: Vrystaat (6 en 1 gelykop), WP (5), Transvaal (4 en 2 gelykop), Natal (4 en 1 gelykop), Noord-Transvaal (3), OP (2), Suidoos-Transvaal (2), Grens (1), NOK (1), Boland (1), Noord-Vrystaat (1).

Meeste oorwinnings: Vrystaat (58), WP (56), OP (54), Noord-Transvaal (53).

Meeste agtereenvolgende seges: 14 - WP (1970-1974).

Grootste oorwinnings: Suidoos-Transvaalse Vyftiental 91, Transkei 3 (1993), Oos-Vrystaat 74, SA-Federasie-platteland 3 (1988).

Meeste punte: Vrystaat (1589), WP (1416), Natal (1346), Oos-Transvaal (1341).

Spanne wat meer as 100 punte op een toernooi aangeteken het: Suidoos-Transvaalse Vyftiental (133; 1993), Verre Noord (108; 1993), Noord-Natal (107; 1990), Vrystaat (101; 1990), OP (100; 1970), WP (100; 1972).

Meeste punte in een wedstryd: 94 - Suidoos-Transvaalse Vyftiental 91, Transkei 3.

Meeste punte deur 'n speler in een wedstryd: 34 - Gerbrand Grobler (Vrystaat teen Suidoos-Transvaal, 1981).

Meeste drieë deur 'n span in een wedstryd: 15 - Suidoos-Transvaalse Vyftiental teen Transkei (1993).

Meeste punte deur 'n speler op een toernooi : 43 - Deon Kriel (Verre Noord, 1993).

Meeste drieë deur 'n speler in een wedstryd: 5 - Jean-Pierre van der Mescht (OP, 1993) teen Wes-Transvaal.

Meeste drieë deur 'n speler op een toernooi : 7 - Jean-Pierre van der Mescht (OP, 1993).

Meeste kere onoorwonne: 9 - Vrystaat (1966, 1967, 1968, 1973, 1978, 1980, 1983, 1985, 1986), 8 - Noord-Transvaal (1968, 1970, 1972, 1973, 1975, 1989, 1991, 1993).

Meeste agtereenvolgende kere onoorwonne: 4 - WP (1971-1974), 3 - Vrystaat (1966-1968), OP (1975-1977), Noord-Vrystaat (1979-1981).

Meeste SA-skolespelers deur 'n unie: 57 - Vrystaat.

Meeste SA-skolespelers deur een skool: 48 - Grey-kollege, Bloemfontein.

Meeste SA-skolespelers deur een provinsie in een jaar: 8 - WP (1974).

Meeste SA-skolespelers deur een skool in een span: 6 - Grey-kollege (1981).

Meeste Cravenweke deur een speler: 4 - Stephen Brink (O-OVS 1989-90, OVS 1991-92), André Venter (Tvl 1988-89, OVS 1990-91).

Provinsie met meeste SA-Skolekapteins: 4 - Oostelike Provinsie (1975, 1977, 1978, 1990), Vrystaat (1980, 1981, 1986, 1988), Suidoos-Transvaal (1982, 1983, 1985, 1991), Westelike Provinsie (1974, 1986, 1989, 1993).

CRAVENWEEKSPELERS WAT SUID-AFRIKA VERTEENWOORDIG HET

| Speler | Week | Prov | Skool |
|---|---|---|---|
| Andrews, M. (Mark) | 1990 | Grens | Selborne, Oos-Londen |
| Atherton, S. (Steve) | 1984 | Natal | Pinetown |
| Bartmann, W.J. (Wahl) | 1980-81 | Tvl | Florida, Roodepoort |
| Bekker, H.J. (Hennie) | 1970 | WP | J.G, Meiring, Bellvil |
| Bezuidenhout, N.S.E. (Nic) | 1966-68 | OTvl | Delmas |
| Bosch, G.R. (Gerald) | 1966-67 | Tvl | Genl Smuts, Vereenigi |
| Botha, H.E. (Naas) | 1975 | NTvl | Hendrik Verwoerd, Pre |
| Breedt, J.C. (Jannie) | 1976 | Tvl | Kempton Park |
| Burger, J.M. (Kobus) | 1981 | WP | Gimnasium, Paarl |
| Burger, M.B. (Thys) | 1972 | Tvl | Helpmekaar, Johannesb |
| Burger, S. (Schalk) | 1973 | WP | Gimnasium, Paarl |
| Carlson, R.A. (Ray) | 1965 | Grens | Selborne, Oos-Londen |
| Claassen, W. (Wynand) | 1968 | OTvl | Middelburg, Tvl |
| Cocks, T.M.D. (Tim) | 1971 | Natal | Westville BH, Durban |
| De Klerk, K.B.H. (Kevin) | 1968-69 | Tvl | The Hill, Johannesbur |
| De Wet, A.E. (André) | 1964 | Grens | Selborne, Oos-Londen |
| Drotské, A.E. (Naka) | 1988-89 | OVS | Grey, Bloemfontein |
| Du Plessis, C.J. (Carel) | 1978 | WP | HJS Paarl |
| Du Plessis, M.J. (Michael) | 1976 | NOK | Gill, Somerset-Oos |
| Du Plessis, W. (Willie) | 1973 | NOK | Gill, Somerset-Oos |
| Du Preez, R.J. (Robert) | 1981 | WTvl | HTS Potchefstroom |
| Ferreira, C. (Christo) | 1978 | NOVS | Gimnasium, Welkom |
| Frederickson, C.A. (Dave) | 1968 | Tvl | HLS Bekker, Magaliesb |
| Froneman, D.C. (Dirk) | 1970-72 | Natal | Sarel Cilliers, Glenc |
| Fuls, H. (Heinrich) | 1988-89 | OVS | Grey, Bloemfontein |
| Geldenhuys, S.B. (Burger) | 1973 | NOVS | HLS Kroonstad |
| Gerber, D.M. (Danie) | 1975-77 | OP | Despatch |
| Hattingh, H. (Drikus) | 1985 | WTvl | Rustenburg |
| Hendricks, P. (Pieter) | 1988 | SOTvl | Standerton |
| Heunis, J.W. (Johan) | 1976 | SWD | Outeniqua, George |
| Hills, W.G. (Willie) | 1980 | NTvl | Tuine, Pretoria |
| Jansen, E. (Eben) | 1971-72 | Gkwas | Griekwastad |
| Jansen, J.S. (Joggie) | 1965-66 | Gkwas | Griekwastad |
| Jennings, M.W. (Mike) | 1964 | Grens | Dale, King Williamst |
| Kebble, G.R. (Guy) | 1983 | WP | Diocesan, Kaapstad |
| Knoetze, F. (Faffa) | 1980 | WP | Tygerberg, Bellville |
| Krantz, E.F.W. (Edrich) | 1971-72 | OVS | Sentraal, Bloemfonte |
| Kritzinger, J.L. (Klippies) | 1967 | OVS | Harrismith |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kruger, R.J. (Ruben) | 1987-88 | OVS | Grey, Bloemfontein |
| Le Roux, A-H. (Ollie) | 1990-91 | OVS | Grey, Bloemfontein |
| Le Roux, H. (Hennie) | 1986 | OP | Graeme, Grahamstad |
| Linee, M. (Thinus) | 1987 | WP-liga | Paulus Joubert, Paarl |
| Louw, R.J. (Rob) | 1972-73 | WP | Wynberg BH, Kaapstad |
| MacDonald, D.A. (Dugald) | 1967 | WP | Diocesan, Kaapstad |
| Malan, E. (Ewoud) | 1971 | SOTvl | Ben Viljoen, Groblersdal |
| Mallett, N.V.H. (Nick) | 1974-75 | OP | St Andrew's Grahamstad |
| Marais, J.H. (Johan) | 1975-76 | NTvl | Menlopark, Pretoria |
| Martens, H.J. (Hentie) | 1989 | Natal | Hilton, Pietermaritzburg |
| Muller, G.H. (Gert) | 1965 | Natal | Port Natal, Durban |
| Müller, H.L. (Helgard) | 1981-82 | OVS | Grey, Bloemfontein |
| Müller, L.J.J. (Lood) | 1977 | Natal | Voortrekker, Pietermaritz-burg |
| Müller, P.G. (Pieter) | 1987-88 | OVS | Grey, Bloemfontein |
| Oosthuizen, O.W. (Ockie) | 1971-72 | OTvl | Volkskool, Heidelberg |
| Pienaar, J.F. (Francois) | 1985 | SOTvl | Patriot, Witbank |
| Potgieter, H.L. (Hermanus) | 1971-72 | OVS | Grey, Bloemfontein |
| Povey, S.A. (Shaun) | 1972 | OP | Grey, Port Elizabeth |
| Ras, W.J. de W. (De Wet) | 1971-72 | OOVS | Harrismith |
| Reece Edwards, H. (Hugh) | 1978 | Natal | Northlands, Durban |
| Reinach, J.C. (Jaco) | 1978-80 | OVS | Grey, Bloemfontein |
| Richter, A. (Adriaan) | 1984 | Tvl | Roodepoort |
| Robertson, I.W. (Ian) | 1968 | Rhod | Prince Edward, Salisbury |
| Rodgers, P.H. (Heinrich) | 1980 | OOVS | Harrismith |
| Rossouw, P.B. (Botha) | 1987 | VNoord | HTS Tom Naude, Pietersburg |
| Schmidt, U.L. (Uli) | 1978 | NTvl | Hendrik Verwoerd, Pretoria |
| Schutte, P.J.N. (Phillip) | 1987 | NTvl | Voortrekkerhoogte,Pretoria |
| Smal, G.P. (Gert) | 1978-79 | NOVS | Kroonstad HTS |
| Small, J. (James) | 1987 | Tvl | Greenside, Johannesburg |
| Smith, D.J. (David) | 1975 | Rhod | Hamilton, Bulawayo |
| Snyman, D.S.L. (Dawie) | 1966-67 | OVS | Grey, Bloemfontein |
| Stofberg, M.T.S. (Theuns) | 1971-72 | OVS | Grey, Bloemfontein |
| Stransky, J. (Joel) | 1984 | Natal | Maritzburg, Pietermaritzburg |
| Strydom, J.J. (Hannes) | 1983 | OP | Pearson, Port Elizabeth |
| Swart, S. (Balie) | 1982 | WP | Gimnasium, Paarl |
| Truscott, J.A. (Andries) | 1986 | OVS | Grey, Bloemfontein |
| Van der Merwe, J.P. (Johan) | 1964-65 | OP | Brandwag, Port Elizabeth |
| Van der Merwe, P.R. (Flippie) | 1974-75 | Gkwas | Diamantveld, Kimberley |
| Van der Walt, A.E. (Andrew) | 1964-65 | Natal | Pietermaritzburg |
| Van der Westhuisen, J.H. (Joost) | 1988 | NTvl | F.H. Odendaal, Pretoria |
| Van Rensburg, J.T. (Theo) | 1984-85 | WTvl | Gimnasium, Potchefstroom |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Veldsman, P.E. (Piet) | 1969 | WP | Tygerberg, Bellville |
| Visagie, G.P. (Gawie) | 1971-72 | Gkwas | HTS Kimberley |
| Visagie, R.G. (Rudie) | 1977 | SOTvl | Rob Ferreira, Witrivier |
| Visser, J. de V. (Div) | 1976 | WP | Voortrekker, Kaapstad |
| Wegner, G.N. (Nico) | 1986 | Laeveld | Nelspruit |
| Williams, A.V. (Avril) | 1980 | SARF | Noorder-Paarl |
| Williams, C.M. (Chester) | 1988 | WP-Liga | Paulus Joubert, Paarl |
| Wolmarans, B.J. (Barry) | 1969-70 | SWD | Oudtshoorn |
| Wright, G.D. (Garth) | 1980-81 | OP | Muir, Uitenhage |

SA-SKOLEKAPTEINS

Bernard Pienaar van die Westelike Provinsie was die heel eerste SA-skolekaptein. Die lys van SA-skolekapteins is:

1974: Bernard Pienaar (WP), 1975: Anton Els (OP), 1876: Willie Oosthuizen (Tvl), 1977: Danie Gerber (OP), 1978: Jan Serfontein (OP), 1979: Derek le Marque (Natal), 1980: Jurie Erwee (OVS), 1981: Conrad de Beer (OVS), 1982: Johan Heidenrich (SOTvl), 1983: Fanus Engelbrecht (SOTvl), 1984: Craig Coyle-Meybery (Grens), 1985: Jaco Espag (SOTvl), 1986: Frankel Engelbrecht (WP), Chet Maherry (OVS), 1987: Brenton Cattrell (Natal), 1988: Ruben Kruger (OVS), 1989: Michael Ehrentraut (WP), 1990: Basil de Coning (OP), 1991: Norman Celliers (SOTvl), 1992: Scott Kemp (Grens), 1993: Corné Kriger (WP).

INDIVIDUELE VERTEENWOORDIGING DEUR SKOLE

Grey-kollege in Bloemfontein is verreweg die belangrikste voedingsbron van SA-skolespelers. Chris Derksen het in 1993 die 48ste speler uit die skool geword wat sy Bokkiekleure verwerf het.

Die volledige lys is:
48: Grey-kollege (OVS).
13: Maritzburg College (Natal).
12: Diocesan College (WP).
10: Paarl Gimnasium (WP)
7: Monument (Tvl)

6: Paul Roos (WP), Despatch (OP), Ermelo (SOTvl), Framesby (OP), Hoër Jongenskool Paarl (WP).

4: HTS Bloemfontein, Sand du Plessis (OVS), Potchefstroomse Volkskool (WTvl), Helpmekaar (Tvl), Queens College (Grens).

3: Selborne College, Dale College (Grens), HSS Hugenote (OTvl), Florida (Tvl), Durban High School (Natal), Menlopark (NTvl), Hoër Landbouskool Kroonstad, Sandvlei (NOVS).

2: King Edward VII, Roodepoort, Die Burger, Linden , HTS Marais Viljoen, Alberton (Tvl), Pearson, Grey High School , Kingswood College, Alexander Road, HTS Daniel Pienaar (OP), D.F. Malan, SA College School, Abbots College (WP), Rob Ferreira, Patriot, Standerton (SOTvl), HTS De Wet Nel, AHS Kroonstad (NOVS), HTS Kimberley, Diamantveld (Griekwas), Klerksdorp, Rustenburg, HTS Potchefstroom, Gimnasium (WTvl), Kearsney College, Glenwood, Durban (Natal), Verwoerdburg, Wonderboom (NTvl).

1: Westering, Muir College, Otto du Plessis, HTS Port Elizabeth, Andre Rabie, Brandwag, Kirkwood, PJ Olivier, St. Andrew's, Nico Malan, Woodridge (OP), FH Odendaal, Eldoraigne, Overkruin, HTS John Vorster, Pretoria-Noord, Langehoven, Voortrekkerhoogte, Hendrik Verwoerd, Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria Boys' High, Brits, Hartbeespoort (NTvl), EG Jansen, Jeppe BH, DF Malan, HTS Vereeniging, Die Fakkel, Jeugland, Jan Viljoen, Vryburger, Vanderbijlpark, St. Johns Greenside, Randburg (Tvl), Hilton College, Michaelhouse, Northlands, Voortrekker, Westville, Estcourt, Carter, St Charles (Natal), Rondebosch BH, Wynberg BH, Tygerberg, Durbanville, Voortrekker, Bosmandam (WP), Dirkie Uys, Hugenote, HTS Drosdy, HLS Boland, Worcester (Boland), Hentie Cilliers, Hoopstad (NOVS), Nelspruit, Middelburg, HTS Witbank, HTS Middelburg (SOTvl), Frikkie Meyer, Schoonspruit (WTvl), Piet Potgieter, Ellisras, Hans Strijdom (VNoord), Wolmaransstad, Lichtenburg, HTS Wolmaransstad (Stellaland), HTS Oudtshoorn, QutenIqua (SWD), John Vorster (OTvl), David Ross, Piet Retief (NOK), Mariental (SWA), Hangklip, Hudson Park (Grens), HTS Ficksburg (OOVS), Hamilton (Rhodesië), HTS Sasolburg (Vdhoek), Sentraal (OVS).

## PROVINSIALE VERTEENWOORDIGING

Die Vrystaat het op die Cravenweek van 1993 sy 57ste SA-Skolespeler opgelewer en loop steeds gemaklik voor op die lys van provinsiale verteenwoordiging.

57: Vrystaat
45: Westelike Provinsie
38: Transvaal
34: Oostelike Provinsie
28: Natal
19: Noord-Transvaal
16: Suidoos-Transvaal
14: Wes-Transvaal
12: Grens, Noord-Vrystaat
5: Boland
4: Griekwaland-Wes, Oos-Transvaal
3; Stellaland, Verre-Noord, Noordoos-Kaapstad
2: Suidwestelike Distrikte
1: Oos-Vrystaat, Suidwes-Afrika, Rhodesië, WP-liga, Vaaldriehoek

## SPELERS WAT SA-SKOLEKLEURE IN RUGBY EN KRIEKET VERWERF HET

Die lys van hierdie spelers is:
1974-5: Malcolm Thompson (Maritzburg College, Natal), Lee Barnard (King Edward VII, Transvaal), 1979: Chris Smit (Grey-kollege, Vrystaat), 1981: Gerbrand Grobler* (Grey-kollege, Vrystaat), 1981-82: Helgard Müller (Grey-kollege, Vrystaat), 1985: Frans Cronje (Grey-kollege, Vrystaat), 1987: Udo Goedeke (Maritzburg College, Natal), 1988: Errol Steward (Westville, Natal), 1991: Greg Miller (Grey, Oostelike Provinsie), 1992: Herchelle Gibbs (Diocesan College, Westelike Provinsie).
* Grobler is die enigste sportman wat sy provinsie (Noord-Transvaal) in krieket en rugby in 'n Curriebekereindstryd verteenwoordig het.

## BROERS WAT VIR DIE SA-SKOLESPAN GESPEEL HET

Agt pare broers het al vir die SA-skolespan uitgedraf. Die lys is:
Willem (1977) en Hendrik Daffue (1980) - Vrystaat
Leon (1978) en Wahl Bartmann (1980-81) - Transvaal
Jan (1978) en Kolie van Genderen (1980) - Transvaal
Udo (1987) en Frank Goedeke (1990) - Natal
Helgard (1981-82) en Pieter Müller (1987-88) - Vrystaat
Brendan (1987) - Transvaal en André Venter (1989) - Transvaal; (1990-91) - Vrystaat
Danie (1989) en Nickie van der Walt (1993) - Suidoos-Transvaal
Buks (1985-86) en Pieta Steenkamp (1990) - Vrystaat

## SA-SKOLESPELERS

Die lys van SA-Skolespelers sedert 1974 is:

**Boland**

De Nobrega, Paul (Worcester) .............................. 1984
Kotze, Christo (Dirkie Uys) .............................. 1977-78
Schickerling, Adriaan (HLS Boland) .............................. 1984
Swart, Hakies (HTS Drostdy) .............................. 1988
Wiggins, Deon (Hugenote) .............................. 1988

**Grens**

Bennet, Richard (Dale College) .............................. 1992
Coyle-Meybery, Craig (Dale College) .............................. 1983-84
Du Plessis, Neil (Selborne College) .............................. 1984
Hall, Stephen (Dale College) .............................. 1991
Heuer, Merrick (Queens College) .............................. 1988
Kemp, Scott (Hudson Park) .............................. 1991-92
Kempson, Robert (Queens College) .............................. 1992
Kleinenberg, Mark (Selborne College) .............................. 1992
Loest, Gary (Queens College) .............................. 1985-86
McAlister, Daniel (Selborne College) .............................. 1991
Smith, Philip (Hangklip) .............................. 1975
Van Rensburg, Charl (Queens College) .............................. 1992

**Griekwaland-Wes**

Bakkes, Luther (Diamantveld) .............................. 1989
Kaplan, Kevin (HTS Kimberley) .............................. 1980
Lightfoot, Wessel (Diamantveld) .............................. 1981

Theron, Danie (HTS Kimberley) .................................... 1980

Natal

Barker, Michael (Durban High School) ........................ 1978
Baronet, Dennis (Glenwood) ........................................ 1985
Beukes, Chris (Durban High School) ........................... 1990
Cattrell, Brenton (Maritzburg College) ....................... 1987
Du Plessis, Pierre (Port Natal) ................................. 1987
Flynn, Etienne (St Charles) ....................................... 1990
Gage, Shaun (Durban High School) ............................. 1984
Glover, Shaun (Maritzburg College) ........................... 1985
Goedeke, Frank (Carter) ............................................ 1990
Goedeke, Udo (Maritzburg College) ............................ 1987
Hankinson, Robert (Michaelhouse) .............................. 1975
Hopkins, Clifford (Kearsney College) .......................... 1979
Jamieson, Craig (Maritzburg College) .......................... 1979
Jankowitz, Anton (Hilton College) .............................. 1989
Le Marque, Derek (Glenwood) ..................................... 1979
Lindsay, Paul (Maritzburg College) ........................... 1975-77
Meyer, Clinton (Maritzburg College) ........................... 1989
Mills, David (Maritzburg College) ............................... 1978
Reid, Grant (Maritzburg College) ................................ 1987
Rich, Rockey (Kearsney College) ................................. 1975
Stewart, Errol (Westville) ........................................... 1987
Stransky, Joel (Maritzburg College) ............................. 1984
Thompson, Jeremy (Maritzburg College) ........................ 1986
Thompson, Malcolm (Maritzburg College) ...................... 1974-75
Van Rooyen, Leon (Estcourt) ...................................... 1987
White, Bruce (Maritzburg College) ............................... 1974-75
Wilson, Warren (Maritzburg College) ............................ 1987
Zaitsman, Neil (Northlands) ....................................... 1985

Noordoos-Kaapland

Du Randt, Pieter (Piet Retief) .................................... 1990
Meiring, F.A. (Gill College) ........................................ 1986
Naude, Dawie (David Ross) ......................................... 1986

Noord-Transvaal

Barnard, Jan-Hendrik (Menlopark) ................................ 1988
Botes, Bennie (Afrikaanse Hoër Seunskool) .................... 1991
Breedt, Johan (Wonderboom) ........................................ 1993
Griesel, Jannie (Verwoerdburg) ..................................... 1987
Grobler, Jacques (FH Odendaal) .................................... 1990
Jordaan, Hennie (Menlopark) ........................................ 1990
Joubert, Wilhelm (Overkruin) ........................................ 1982

Le Roux, Stephan (Brits) .................................... 1993
Müller, Lourens (Hartbeespoort) .............................. 1993
Prinsloo, Jamie (HTS John Vorster) .......................... 1975
Saaijman, Willem (Menlopark) ................................. 1991
Schoeman, Barry (Verwoerdburg) ............................... 1975
Schurmann, Deon (Eldoraigne) ................................. 1984
Temple, Stephen (Pretoria Boys High) ......................... 1993
Van der Linden, Lallie (Pretoria-Noord) ................... 1974-75
Van Heerden, Frans (Langenhoven) ............................. 1975
Van Heerden, Wickus (Voortrekkerhoogte) ...................... 1982
Willemse, Coenie (Hendrik Verwoerd) .......................... 1982
Wolmarans, Jan (Wonderboom) .................................. 1982

**Noord-Vrystaat**

Du Plessis, Charl (HLS Kroonstad) ............................ 1978
Els, Braam (AHS Kroonstad) ................................... 1990
Fourie, Dawie (HLS Kroonstad) ............................. 1978-79
Hendriks, Braam (Sandveld) ................................... 1993
Kasselman, Chris (Sandveld) ............................... 1979-80
Pretorius, Flippie (HTS De Wet Nel) .......................... 1979
Pretorius, Johannes (Hentie Cilliers) ........................ 1984
Rautenbach, Faan (HLS Kroonstad) ............................. 1993
Van Buuren, Albertus (Hoopstad) .............................. 1992
Van Vuuren, Rodney (AHS Kroonstad) ........................... 1983
Viljoen, Gert (HTS De Wet Nel) ............................... 1980
Willemse, Martin (Sandveld) .................................. 1993

**Oostelike Provinsie**

Alcock, Chad (Alexander Road) ................................ 1991
Anderson, Severin (Westering) ................................ 1978
Barrett, Brett (Kingswood College) ........................... 1991
Bezuidenhout, Riaan (Framesby) ............................... 1984
Blignaut, Robert (Muir College) .............................. 1978
Brown, Dick (Pearson) ........................................ 1986
Carswell, Michael (Grey High School) ......................... 1984
Claassen, Andrew (Andrew Rabie) .............................. 1988
Dames, Arno (Framesby) ....................................... 1990
De Coning, Basil (Kingswood College) ......................... 1990
Els, Anton (Otto du Plessis) ................................. 1975
Ferreira, Freddie (Brandwag) .................................. 1980
Fitchet, Christo (Kirkwood) .................................. 1975
Fourie, Andries (Framesby) ................................... 1990
Gerber, Danie (Despatch) .................................. 1975-77
Gerber, Hendrik (Nico Malan) ................................. 1993

Marais, Gertt (Grey-kollege) .......................... 1983
Matthysen, John (Sand du Plessis) .................... 1974-75
McIntyre, Mark (Grey-kollege) ......................... 1989
Müller, Helgard (Grey-kollege) ....................... 1981-82
Müller, Pieter (Grey-kollege) ........................ 1987-88
Nel, Boeta (HTS Bloemfontein) ........................ 1979-80
Nell, Jacques (Grey-kollege) .......................... 1977
Oosthuizen, J.R. (Grey-kollege) ....................... 1992
Pieterse, Koen (Grey-kollege) ......................... 1980
Pretorius, Wynand (Sand du Plessis) .................. 1975-76
Reinach, Jaco (Grey-kollege) ......................... 1979-80
Richter, Jan (Grey-kollege) ........................... 1977
Richter, Toppie (Grey-kollege) ........................ 1977
Sadie, Ian (Grey-kollege) ............................. 1979
Scheepers, Eben (Grey-kollege) ........................ 1983
Smit, Chris (Grey-kollege) ............................ 1979
Sonnekus, Pieter (HTS Bloemfontein) ................... 1980
Steenkamp, Buks (Grey-kollege) ....................... 1985-86
Steenkamp, Pieta (Grey-kollege) ....................... 1990
Stevens, Kees (Grey-kollege) .......................... 1983
Steyn, Christo (HTS Bloemfontein) ..................... 1976
Strydom, Emil-Jan (Grey-kollege) ...................... 1986
Swanepoel, Werner (Grey-kollege) ...................... 1991
Theron, Jannie (Sand du Plessis) ...................... 1987
Theron, Pieter (Grey-kollege) ......................... 1975
Truscott, Andries (Grey-kollege) ...................... 1986
Van der Merwe, Joepie (Grey-kollege) ................. 1979-80
Venter, Hugo (Grey-kollege) ........................... 1991
Venter, André (Grey-kollege) ......................... 1990-91
Weitz, Gerhard (Grey-kollege) ........................ 1974-75

**Westelike Provinsie**

Bolus, Robert (Diocesan College) ..................... 1974-75
Bonthuys, John (Abbots College) ...................... 1974-75
Burger, Kobus (Paarl Gimnasium) ...................... 1980-81
Burton-Moore, Mark (Diocesan College) ................. 1978
Cawood, Mark (Wynberg BH) ............................ 1974-75
Cooper, Barney (Paarl Gimnasium) ...................... 1986
Du Plessis, Carel (Hoër Jongenskool) .................. 1978
Ehrentraut, Michael (Diocesan College) ................ 1989
Engelbrecht, Frankel (Paarl Gimnasium) ................ 1986
Engelbrecht, Johan (Paul Roos) ....................... 1985-86
Feurer, Lee (Diocesan College) ........................ 1988

Van Genderen, Jan (Monument) .................................... 1978
Van Genderen, Kolie (Monument) .................................. 1980
Van Westing, Carl (HTS Marais Viljoen) .......................... 1992
Venske, Herman (Vanderbijlpark) ................................. 1979
Venter, André (Monument) ........................................ 1989
Venter, Brendan (Monument) ................................... 1989-91
Viljoen, Harry (Florida) ..................................... 1976-77
Walker, Robert (St Johns) ....................................... 1981

**Vaaldriehoek**

Krause, Piet (HTS Sasolburg) .................................... 1991

**Verre Noord**

Bannink, Wimpie (Hans Strijdom) ................................. 1992
Coetzee, Jaco (Ellisras) ........................................ 1988
Van der Walt, C.P. (Piet Potgieter) ............................. 1981

**Vrystaat**

Botha, Leon (Grey-kollege) ...................................... 1981
Brink, Stephen (Sentraal) .................................... 1991-92
Coetzee, Jannie (HTS Bloemfontein) .............................. 1982
Craven, Jean (Grey-kollege) ..................................... 1990
Cronje, Frans (Grey-kollege) .................................... 1985
Daffue, Hendrik (Grey-kollege) .................................. 1980
Daffue, Willem (Grey-kollege) ................................... 1977
De Beer, Conrad (Grey-kollege) .................................. 1981
De Haas, Pieter (Grey-kollege) .................................. 1986
Derksen, Chris (Grey-kollege) ................................... 1993
Drotske, Naka (Grey-kollege) .................................... 1989
Du Plessis, Johan (Sand du Plessis) ............................. 1985
Erwee, Jurie (Grey-kollege) ..................................... 1980
Fenwick, Alex (Grey-kollege) ................................. 1990-91
Fenwick, Kobie (Grey-kollege) ................................... 1975
Fourie, Stompie (Grey-kollege) .................................. 1984
Geldenhuys, Jan (Grey-kollege) ............................... 1974-75
Giezing, Kalf (Grey-kollege) .................................... 1983
Gouws, Scheepers (Grey-kollege) ................................. 1981
Grobler, Gerbrand (Grey-kollege) ................................ 1981
Jacobs, Jaco (Grey-kollege) ..................................... 1987
Joubert, Riaan (Grey-kollege) ................................... 1978
Kruger, Ruben (Grey-kollege) ................................. 1987-88
Le Roux, Ollie (Grey-kollege) ................................... 1991
Linde, Nico (Grey-kollege) ...................................... 1990
Maherry, Chett (Grey-kollege) ................................ 1985-86
Marais, Abrie (Grey-kollege) .................................... 1977

Stevenson, Jacques (Ermelo) .......................... 1989
Van der Walt, Danie (Ermelo) .......................... 1989
Van der Walt, Nickie (Ermelo) .......................... 1993
Visagie, Ronnie (Rob Ferreira) .......................... 1983-84

**Suidwes-Afrika**

Van der Merwe, Danie (Mariental) .......................... 1980

**Suidwestelike Distrikte**

Du Preez, Andre (HTS Oudtshoorn) .......................... 1974
Scriba, Hans (Outeniqua) .......................... 1983

**Rhodesië**

Smith, David (Hamilton) .......................... 1974-75

**Transvaal**

Barnard, Lee (King Edward VII) .......................... 1974-75
Bartmann, Leon (Florida) .......................... 1978
Bartmann, Wahl (Florida) .......................... 1981
Bosch, Jan (Helpmekaar) .......................... 1991
Botha, Calla (DF Malan) .......................... 1979
Bronkhorst, Stephan (Randburg) .......................... 1992
Bushney, Marius (Roodepoort) .......................... 1989
Carty, Shane (King Edward VII) .......................... 1974-75
Coetzee, Deon (Helpmekaar) .......................... 1979
De Ru, Ian (HTS Marais Viljoen) .......................... 1989
Du Preez, Fransie (EG Jansen) .......................... 1985
Du Toit, Dawie (Monument) .......................... 1992-93
Du Toit, Dawie (HTS Vereeniging) .......................... 1974-75
Gillingham, Joe (Alberton) .......................... 1992
Hancke, Wim (Linden) .......................... 1974-75
Hammer, Ernest (Fakkel) .......................... 1993
Kloppers, Chris (Die Burger) .......................... 1978
Kruger, Bertus (Die Burger) .......................... 1989
Kruger, Ernst (Jeugland) .......................... 1974-75
Laufs, Gerhard (Alberton) .......................... 1922
Liebenberg, Christo (Roodepoort) .......................... 1986
McCann, Warren (Jeppe BH) .......................... 1985
Nieuwenhuys, Jacques (Monument) .......................... 1984
Nortje, Danie (Jan Viljoen) .......................... 1976
Oberholzer, Lourens (Linden) .......................... 1982
Oosthuizen, Willie (Helpmekaar) .......................... 1976
Small, James (Greenside) .......................... 1987
Swiegers, Gielie (Monument) .......................... 1984
Van der Merwe, Pikkie (Helpmekaar) .......................... 1978
Van der Westhuizen, Richard (Vryburger) .......................... 1976

Gericke, Jaco (HTS Port Elizabeth) .......................... 1988
Hough, Andre (Framesby) .......................... 1988
Human, Gerhard (Despatch) .......................... 1977
Ingles, Warren (Alexander Road) .......................... 1987
Kankowski, Tino (PJ Olivier) .......................... 1977
Knoetze, Frederick (Framesby) .......................... 1982
Le Grange, Anton (Despatch) .......................... 1975
Mallett, Nic (St Andrews) .......................... 1974-75
Miller, Greg (Grey High School) .......................... 1991
O'Neill, Pieter (Despatch) .......................... 1988-98
Richardson, Craig (Despatch) .......................... 1986
Richardson, Michael (Despatch) .......................... 1989
Saayman, Daniel (HTS Daniel Pienaar) .......................... 1992
Serfontein, Jan (Otto du Plessis) .......................... 1976-78
Van der Mescht, Jean-Pierre (HTS Daniel Pienaar) .......................... 1993
Viljoen, Roelof (Framesby) .......................... 1993
Wait, Calyton (Pearson) .......................... 1989
Walters, Clint (Woodridge) .......................... 1993

Oos-Transvaal

Duvenhage, Braam (HSS Hugenote) .......................... 1982
Grobler, Lukas (HSS Hugenote) .......................... 1981
Rossouw, Chris (HSS Hugenote) .......................... 1987
Stoop, Ockert (John Vorster) .......................... 1974-75

Oos-Vrystaat

Prinsloo, Michael (HTS Ficksburg) .......................... 1977

Stellaland

Campher, Fanie (HTS Wolmaransstad) .......................... 1974-75
Nel, Johan (Wolmaransstad) .......................... 1987
Roux, Daan (Lichtenburg) .......................... 1974-75

Suidoos-Transvaal

Burger, Altus (Ermelo) .......................... 1982-83
Celliers, Norman (Ermelo) .......................... 1991
Engelbrecht, Fanus (Rob Ferreira) .......................... 1983
Espag, Jaco (HTS Witbank) .......................... 1984-85
Heidenrich, Johan (Standerton) .......................... 1982
Hendricks, Pieter (Standerton) .......................... 1988
Koen, Barabas (Ermelo) .......................... 1991
Nel, Leon (Nelspruit) .......................... 1982
Nel, Pieter (Patriot) .......................... 1983
Palmer, Shaun (HTS Middelburg) .......................... 1986
Pienaar, Francois (Patriot) .......................... 1985
Rossouw, Francois (Middelburg) .......................... 1986

Genis, James (DF Malan) .............................. 1977
Gibbs, Herchelle (Diocesan College) .................. 1992
Hickson, Andre (Bosmansdam) .......................... 1985
Hugo, Werner (Hoër Jongenskool) ...................... 1993
Koch, Agie (Paul Roos) ............................... 1974-75
Koen, Louis (Paarl Gimnasium) ........................ 1993
Krige, Corne (Hoër Jongenskool) ...................... 1993
Kruger, Warren (SA College School) ................... 1974-75
Kuttel, Peter (Diocesan College) ..................... 1983
Lanning, Andrew (Diocesan College) ................... 1989
Laubscher, Michael (Tygerberg) ....................... 1974-75
Loubser, Pieter (Hoër Jongenskool; Diocesan College) ..... 1975-76
Mentz, Kosie (Paarl Gimnasium) ....................... 1988
Montgomery, Percival (SA College School) ............. 1992-93
North, Andrew (Diocesan College) ..................... 1989
O'Cuinneagen, Dion (Rondebosch BH) ................... 1989-90
Pienaar, Bernard (Paarl Gimnasium) ................... 1974-75
Pienaar, Andries (Hoër Jongenskool) .................. 1975
Rautenbach, George (Paul Roos) ....................... 1974-75
Rossouw, John (Durbanville) .......................... 1977
Searson, Paul (Diocesan College) ..................... 1989
Senekal, Dawie (Abbots College) ...................... 1988
Swart, Johan (Paarl Gimnasium) ....................... 1982
Swart, Justin (Paul Roos) ............................ 1991
Swart, Stefanus (Paarl Gimnasium) .................... 1983
Van der Merwe, Bennie (Hoër Jongenskool) ............. 1989-90
Van der Merwe, Gert (DF Malan) ....................... 1976
Van der Merwe, Jaco (Diocesan College) ............... 1983
Van Hoesslin, David (Diocesan College) ............... 1993
Van Niekerk, Ernst (Paul Roos) ....................... 1986
Vermeulen, Gielie (Paul Roos) ........................ 1983
Visser, De Villiers (Voortrekker) .................... 1976
Visser, Jacques (Paarl Gimnasium) .................... 1982
Visser, Mornay (Paarl Gimnasium) ..................... 1988

WP-Liga

Wiese, Cornel (Paarl Gimnasium) ...................... 1988

Wes-Transvaal

Barnard, Kierie (Volkskool) .......................... 1981
Campher, Connie (HTS Potchefstroom) .................. 1985
Engelbrecht, Andries (Volkskool) ..................... 1981
Erasmus, Kerneels (Frikkie Meyer) .................... 1982
Erlank, Karel (Klerksdorp) ........................... 1979

Koch, Hendrik (Rustenburg) ............................ 1978
Muller, Rudi (Gimnasium) .............................. 1993
Slabbert, Henk (Gimnasium) ............................ 1980
Taute, Jaco (Klerksdorp) .............................. 1989
Thomas, Gray (Volkskool) .............................. 1984
Van Coller, Stephen (Volkskool) ....................... 1981
Van Rooyen, Nico (Rustenburg) ......................... 1981
Van Wyk, Cobus (Schoonspruit) ......................... 1976
Visagie, Johan (HTS Potchefstroom) .................... 1974

# OPSOMMING

Skole het 'n baanbrekersrol vir rugby in Suid-Afrika vertolk. Onder leiding van sy hoof, George Ogilve, was Bishops (vanaf 1874 ook as Diocesan College bekend) die eerste vaandeldraer van hierdie spel. Bishops en Paul Roos Gimnasium en hulle oudskoliere kan as die grondleggers van ons nasionale span se identiteit beskou word.

Die 24 bespreekte skole was nie alleen pioniers in hulle onderskeie provinsies nie, maar behou meestal hulle toonaangewende posisies aldaar. Na die vesting van skolerugby in die provinsies is die idee van 'n skoletoernooi vir die eerste keer in 1928 geopper.

Hoewel die gedagte aan 'n nasionale skoletoernooi dus vroeër al gekoester is, het Jan Preuyt en Piet Malan twee inisiatiewe - die een onbewus van die ander - tydens die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se 75ste Jubiluemfees geloods om 'n nasionale skoletoernooi tot stand te bring.

Dr. D.H. Craven, president van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, het die gedagte gesteun en so 'n toernooi, vernoem na dr. Craven, is in 1964 in Oos-Londen gehou. Die sukses van die Cravenweek het dié Rugbyraad laat besluit om die toernooi 'n jaarlikse instelling te maak. Die toernooi is absoluut uniek en pogings om dit in ander rugbyspelende lande in te voer het tot nog toe misluk.

Die doel van die toernooi was nie 'n kampioenskap nie maar eerder 'n uitstappie wat onthou moes word, wat opvoedkundig van aard sou wees en wat kameraderie sou ontwikkel. 'n Verdere doelstelling was om aan die skolespelers 'n geleentheid te bied om op georganiseerde wyse in provinsiale spanne onderling mee te ding.

In 1965 kom die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging tot stand. Jan Preuyt word as president verkies en bly in dié leiersposisie tot 1988 toe hy deur Louis Terblanche opgevolg word.

Op die speelveld het die Cravenweekspelers aan die wekroep om aanskoulike hardlooprugby te speel, voldoen. In die eerste drie dekades het Vrystaat as die voorste span na vore getree. Veral die provinsie se kwiksilweragterspelers was die gunstelinge onder die skares.

Die SA-skolespan het as uitvloeisel van die Cravenweek vir Hoërskole aan die room van die skolespelers die geleentheid gegun om binnelands en buitelands hul staal te toon.

Die Cravenweek is egter veel meer as net 'n sportgebeurtenis wat binne een week afgehandel word.

Die Cravenweek was sedert sy ontstaan 'n omstrede instelling en het sedertdien omstrede gebly. Verskeie geskilpunte het gedurende die eerste drie dekades van die toernooi op die voorgrond getree omdat dit as belangrike skoolaktiwiteit ook deel van rugby as nasionale spel is wat die speler, ouer, skool en die breër gemeenskap betrek.

Die Cravenweek het as mikrokosmos van dié samelewing nie ontdaan gebly van die politieke, sosiale, kulturele en ekonomiese strominge wat in die land geheers het nie. Die Cravenweek was nie alleen net deel van die strominge nie, maar het ook as rigtingwyser vir die vernuwende tendense in die samelewing gedien. Die Cravenweek en in 'n breër sin sport se opvoedkundige waarde durf verder nie onderskat word nie.

Die Cravenweek speel ook 'n vername rol in die Suid-Afrikaanse rugby-opset. Die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie in 1992 het ook op skolevlak weerklank gevind en nege skolerugbyverenigings het in die veelrassige Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging saamgesmelt. Die samesmelting tesame met die

veranderde politieke klimaat het die internasionale rugbydeure vir Suid-Afrika geopen. Sedert die Springbokke se hertoetrede tot die internasionale forum lewer Cravenweekspelers 'n stewige fondament aan die nasionale span.